D. 1
Biblioteek
U.O.V.S.

Library
U.O.F.S.

BLOEMFONTEIN

Besorg terug op:

Return on:

9 DEC 1976

U0VS - BIBLIOTEEK - 0215513

11107150330322000001 9

DIE VERHOUDING TUSSEN DIE NASIONALE PARTY EN DIE SUID-AFRIKAANSE PARTY, 1924-1929

deur



P. W. COETZER,
B.A. Hons., B.Ed. (U.O.V.S.)

Akademiese verhandeling ter vervulling van die vereistes vir die graad M.A. in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

STUDIELEIER: Prof. dr. M.C.E. van Schoor.

Bloemfontein,
1975.

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

20-08-1976
KLAS No. 329.968 Coe
No. 215513
BIBLIOTEEK

V O O R W O O R D

Die verhouding tussen die Suid-Afrikaanse Party en die Nasionale Party, 1924-1929 is van belang omrede daar tot op die huidige weinig akademiese verhandelings en proefskrifte oor hierdie periode in die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis die lig gesien het.

Die tema van dié verhandeling is nie gerig op formele partygeskiedenis, hetsy van die Nasionale Party, Suid-Afrikaanse Party of Arbeidersparty nie. Daar is bloot getrag om aan die hand van die belangrikste politieke gebeurtenisse van dié tyd die verhoudingsituasie tussen die twee grootste partye, die Suid-Afrikaanse- en die Nasionale Party, uit te lig en te ontleed. Soms het velerlei gebeurtenisse en uitlatings 'n betrokke verhoudingsituasie in die hand gewerk en was dit noodsaaklik om die voorafgaande politieke en geskiedkundige agtergrond redelik volledig te skets ten einde die partyverhouding duidelik te belig, en veral omdat hierdie agtergrond nog nie elders wetenskaplik behandel is nie.

Hoewel daar vrylik van gepubliseerde en ongepubliseerde bronne-materiaal gebruik gemaak is, is veral argivale bronne en periodieke publikasies geraadpleeg. Groot waarde is aan persoonlike korrespondensie geheg, aangesien briewe dikwels die intiem-persoonlike openbaar. Hier is swaar geleun op stof uit veral die versamelings van J.C. Smuts, J.B.M. Hertzog, E.G. Jansen, C.R. Swart, F.H.P. Creswell en G.S. Preller.

Min navorsingsprobleme is ondervind, maar dit is tog jammer dat die dokumente-versameling van die prominente politieke fi-

guur uit hierdie tydperk, naamlik dié van die destydse Minister van Binnelandse Sake, dr. D.F. Malan, nie vir navorsing toeganklik is nie.

Daar is gepoog om die nuusblaaie en periodieke publikasies wat die twee hoofpartye gesteun het in 'n gebalanseerde verhouding te raadpleeg. Vanweë die omvangryke navorsingsmateriaal is soms probleme met die sintese en selektering van die stof ondervind, aangesien daar soveel bydraende faktore, hetsy in die vorm van gebeurtenisse of uitsprake is, wat 'n verhoudingsituasie tussen twee partye kon beïnvloed het.

Hierdie verhandeling is moontlik gemaak deur die goedgunstelike finansiële steun van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Benewens die R.G.N. is ook groot dank aan die Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Bloemfontein, verskuldig vir navorsingsgeleenthede en puik diens ontvang. Die Staatsargiewe se vriendelike en aangename diens en fasiliteite waarvan gebruik gemaak kon word, word met dank aangeprys. Langs dié weg ook 'n besondere woord van dank en waardering aan prof. dr. M.C.E. van Schoor in sy hoedanigheid as studieleier vir sy bekwame leiding, nuttige wenke en aanbevelings waaruit ek vrylik kon put.

Aan my eggenote is ek veel dank verskuldig wat baie opgeoffer het om my studies moontlik te maak en teenoor my ontslape vader vir sy voortdurende besieling. Aan mev. B. Smith wat die finale tikwerk behartig het, baie dankie vir die netjiese eindproduk.

Ten slotte my grootste dank aan die Gewer van alle goeie gawes, vir krag en leiding in die voltooiing van dié verhandeling ontvang.

Desember 1975.

P.W. COETZER.

I N H O U D S O P G A W E

Bladsy

VOORWOORD

INLEIDING 1

HOOFSTUK I : DIE EERSTE UNIALE BEWINDSVERANDERING, 1924 12

HOOFSTUK II : DIE VLAGSTRYD AS VERDELINGSFAKTOR 94

HOOFSTUK III : KONSTITUSIONELE EN KULTURELE VERDELINGSFAKTORE 172

Verwesenliking van groter staatkundige onafhanklikheid - Die afskaffing van Provinsiale Rade - Die taal as verdelingsfaktor - Die Senaatswet

HOOFSTUK IV : DIE NIE-BLANKE VRAAGSTUK AS VERDELINGSFAKTOR 270

Die Naturelle- en Kleurvraagstuk - Die Asiatevraagstuk

HOOFSTUK V : EKONOMIESE ONTWIKKELINGSMAATREëLS 384

Fiskale beleid en Sekondêre Nywerhede - Die Loonwet - Die Staking van 1925 - Die Armblanke en Werkloosheidsvraagstuk - Die Yster- en Staalbedryfswet, 1928 - Die Duitse Handelsverdrag en die Mosambiekse Ooreenkoms - Die 1929-verkiesing - Slotbeskouing

HOOFSTUK VI : DIE 1929-VERKIESING 447

SLOT 548

BIBLIOGRAFIE EN BRONNELYS 554

INLEIDING

Met die stigting van die Nasionale Party in 1914 was dit van die staanspoor reeds duidelik dat hierdie party hoofsaaklik 'n tuiste vir Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners sou bied. Vanaf uniewording in 1910 het daar 'n geleidelike breuk tussen die nasionaal-georiënteerde Suid-Afrikaner en sy Britsgesinde landgenoot ontstaan. Dit was vir die Afrikaner-nasionalis spoedig duidelik dat sy nasionale sentimente nie binne genl. Botha se Suid-Afrikaanse Party tot verwesenliking sou kom nie. Hulle het tot die besef begin kom dat daar 'n breë en diep kloof tussen die Britsgeoriënteerde jingo en die nasionaaldenkende patriot loop.

Die Afrikaner-nasionalis met sy sterk nasiebewussyn, vryheidsdrang en kulturele trots kon hom nie versoen met die Imperialis, Afrikaans- sowel as Engelssprekend, en sy bewondering vir die Britse nasie, kultuur en regeringsvorm nie. Vir die nasionaalgeoriënteerde Afrikaner was die Britsgesinde se verdeeldheid van trou nie slegs onaanvaarbaar nie, maar ook ondenkbaar, onnatuurlik en on-Suid-Afrikaans. Sedert genl. J.B.M. Hertzog, die destydse Minister van Justisie, sy De Wildt-toespraak op 7 Desember 1912 gelewer het, het nasionaaldenkende Suid-Afrikaners besef dat die politieke beginselverskille tussen hulle en hul Britsgesinde volksgenote onoorbrugbaar is. Met Hertzog se uitdagende verklaring, „Die tyd het gekom om Suid-Afrika nie langer te laat regeer deur nie-Afrikaners, deur mense wat nie die ware liefde vir Suid-Afrika het nie ..."[1] is die Nasionale Party gebore as instrument om uitdrukking aan hul Suid-Afrikaanse nasionalisme te

1. D.P. Goosen (red.), Die Triomf van Nasionalisme in Suid-Afrika (1910-1953), Johannesburg, 1953, p.63.

gee. Dié Party sou 'n kragtige besef van nasionale selfstandigheid kweek, en is onomwonde verklaar dat Suid-Afrika se belange te alle tye die swaarste sou weeg. Genl. Hertzog se ideaal van „Suid-Afrika eerste" sou ook vir eens en vir altyd die Nasionale Party se praktiese en idealistiese leuse word.

Die Nasionale Party wat hom in 'n Suid-Afrikaanse nasionalisme gegrondves het, wou 'n gemeenskaplike volk op die basis van die parallelle Engels- en Afrikaanssprekende kulturele strome tot stand bring, en daarby op die grondslag van absolute gelykheid. Die Suid-Afrikaanse Party was teen 1914 nog steeds 'n samestelling van die sogenaamde Botha-Afrikaners en die gematigde Engelssprekendes, terwyl die meer ekstremistiese Engelssprekendes hulle by die Unionisteparty geskaar het. Die Botha-aanhangers wou langs die weg van hul leier se versoenings- of konsiliasiebeleid die twee bevolkingsdele tot één saamsnoer. Vir hulle was die behoud van die Britse bande en van die <u>status quo</u> van wesenlike belang. Derhalwe was dit vir hulle moeilik om die Nasionaliste se strewe na nasionale selfstandigheid praktiese politiek te maak. Dit het egter nie beteken dat die S.A. Party geen behoefte tot groter selfstandigheid nagestreef het nie. Binne beperkte mate sou sommige wel daarvoor te vinde wees, maar die dringendheid en absolute deurvoering van die Nasionale onafhanklikheidsideaal was vir die Suid-Afrikaanse Party onaanvaarbaar en onwenslik. Die Nasionale beleid, met die waarskynlikheid van 'n republikeinse ideaal en die sterk begeerte tot die uitbouing van hul Suid-Afrikaanse nasionalisme, is deur hul politieke teenstanders sonder meer as 'n oplewing van Afrikaner-Nasionalisme vertolk. Die opponente van die Nasionale Party het aanvaar dat daar binne die Afrikaner-

Nasionalisme geen plek vir Engelssprekendes en andersdenkendes sou wees nie. Dit was juis hierdie gemeenskaplike gevoel by die Engelssprekendes dat die Nasionale Party 'n meer Afrikaansgeoriënteerde party was wat die S.A. Party en die Unionisteparty geleidelik nader aan mekaar gebring het en hul samesmelting in 1920 in die hand gewerk het.

Die belangrikste grondwetlike verskil tussen die Suid-Afrikaanse- en Nasionale Party, naamlik die verwesenliking van groter staatkundige onafhanklikheid, het reeds voor die twintigerjare die skeidslyn bepaal. Die republikeinse toekomsideaal, soos die republikeinsgesinde Nasionaliste dit in Artikel 4 van die Nasionale Program van Beginsels vertolk het, was vir baie Nasionaliste die begin en die einde van hul staatkundige ideaal vir Suid-Afrika, terwyl die S.A. Party juis hierin 'n bedreiging vir hul bande met Brittanje en die Ryk gesien het.

Artikel 4 het naamlik bepaal dat die bestaande betrekkinge tussen die Unie en die Verenigde Koninkryk sonder omweg deur die party erken word. Verder het hierdie artikel soos volg gelui: „Daar egter die uiteindelike bestemming en die doel van die volk van die Unie, soals die van ieder ander sigself respekterende nasie, sij volkome vrijheid en soevereine onafhankelikheid moet wees, en daar slegs deur sulke volkome vrijheid en soevereine onafhankelikheid die vriendskappelike verhouding tussen Suidafrika en die Verenigde Koninkrijk kan bestaan sal die Nasionale Partij iedere geleentheid te baat neem en iedere poging aanwend om die bestaande regte en vrijhede van die Unie getrouw te handhaaf en om die langs konstitusionele weg en met die oog op die belange van Suidafrika verder uit te brei totdat Suidafrika als

selfstandige staat, ook in die praktijk in ieder opsig, gelijkstaande is met die Verenigde Koninkrijk en verder uiteindelik sij volkome vrijheid en soevereine onafhankelikheid verkrij.

In ooreenstemming hiermee verklaar hij sig beslis teen enige rigting, optree of politiek wat die strekking het om ons bestaande regte en vrijhede op enigerlei wijse in te kort of daarop inbreuk te maak of om de deur vir die verkrijging van die uiteindelike volkome vrijheid en soevereine onafhanklikheid te sluit, en onderneem hij om sodanige rigting, optree of politiek met alle geoorloofde middele te bestrij."[2]

Die onafhanklikheidskwessie, waarin ook die begeerte na 'n eie vlag, eie gevolmagtigde diplomatieke verteenwoordiging, Uniale burgerskap, 'n outonome buitelandse beleid en ekonomiese selfstandigheid gesetel het, het dus by uitstek sedert en reeds voor 1924 die verhouding tussen die twee groot partye bepaal.

Na die mislukte Vryheidsdeputasie van 1919 smelt die Unioniste-party en die S.A. Party in 1920 teen hul Nasionaaldenkende opponente saam, hoofsaaklik met die idee om Nasionalisme, hul gemeenskaplike bedreiging, gesamentlik aan bande te lê. Die amalgamasie van hierdie twee partye het aan die Suid-Afrikaanse Party 'n geheel nuwe aanskyn gegee. Waar dié party voor 1920 'n samevoeging van gematigde Engelssprekendes en Afrikaanssprekende Botha-ondersteuners was, het die toevoeging van die meer ekstremistiese Unioniste die Suid-Afrikaanse Party 'n meer pro-Britse aanskyn as vroeër gegee. Die S.A. Party moes hom dus weens twee redes konsolideer en hergroepeer: in 1919 is hul leier, genl. Louis

2. De Volkstem, 21.10.19, soos aangehaal in D.J. Kriek, Generaal J.B.M. Hertzog se opvattings oor die verhouding tussen die Afrikaans- en Engelssprekendes na Uniewording, D.Phil., Universiteit van Pretoria, 1971, pp.152-3.

Botha, plotseling oorlede en die begaafde genl. J.C. Smuts het hom opgevolg, en pas 'n jaar later moes die Party 'n minder gematigde element, die Unioniste, in sy geledere opneem.

Vir die Suid-Afrikaanse Party was dit gevolglik 'n heel nuwe aanpassing. Die Unionisteparty kon die nuwe leier veel makliker manipuleer as wat waarskynlik met genl. Botha die geval sou wees. Dat daar sedert die samesmelting met die Unioniste 'n redelike verandering in die Suid-Afrikaanse Party-beleid plaasgevind het, spreek heel duidelik uit die houding wat hierdie party in die twintigerjare in teenstelling met sy beleid van vroeër ingeneem het. Genl. Smuts was nie juis 'n keuse gelaat nie, want die opname van Unioniste het noodwendig meegebring dat hy nie slegs na sy ou volgelinge, maar ook na sy nuwes moes omsien. Albei se belange moes tot eie bevrediging behartig word. Sedert die 1920-verkiesing het die Premier besef dat hy êrens steun sou moes kry ten einde 'n meerderheid te behaal. Om die rede het die Unioniste vir Smuts in die holte van hul hand gehad en moes hy soms teen wil en dank 'n koers insla wat die Unioniste-element sou tevrede stel.

Die partysamesmelting van 1920 het ook sy stempel op die Nasionale Party afgedruk. Waar hereniging met die S.A. Party pas in 1919 oorweging geniet het, is hierdie deur eensklaps en onverwags gesluit. Dit het die gematigdes uit albei partye geskok, sodat die intense begeerte by sommige Nasionaliste en Sappe tot hereniging 'n gevoelige terugslag gekry het. Hierdie herenigingsgedagte het voorheen nog as konsiliasiefaktor tussen die Nasionale - en Suid-Afrikaanse Party gedien. Die feit dat dit tydelik op die agtergrond geskuif is, het die verhoudingsituasie tussen dié twee partye nadelig beïnvloed.

In 1923 het die Nasionale Party en die Arbeidersparty 'n verkiesingsooreenkoms gesluit waarin onderneem is om nie kandidate teenoor mekaar te stel nie en hul onderskeie kandidate teen die Suid-Afrikaanse Party te steun. Aangesien hierdie stap grootliks 'n bondgenootskap teen Smuts en die Suid-Afrikaanse Party was en uit 'n gemeenskaplike begeerte om die Smuts-regering tot 'n val te bring, voortgespruit het, het dit die Pakt en die Suid-Afrikaanse Party onmiddellik in 'n konfliksituasie teenoor mekaar geplaas. Die Smuts-aanhangers het geglo dat die Arbeidersparty en Nasionale Party se beginsels so uiteenlopend was dat dit in die woorde van Smuts 'n „onheilige bondgenootskap"[3] was. Hulle kon nie glo dat die Arbeidersparty bereid sou wees om die Nasionale beginsels te aanvaar nie en het gevoel dat die Arbeiders die Ryksideaal versaak het ter wille van die ooreenkoms en hul hunkering na mag. Gevolglik het binne die S.A. Party 'n vyandigheid en afkeur jeens die Arbeiders ontwikkel wat algaande in intensiteit toegeneem het. As bondgenote van die Arbeiders, sou die Nasionale Party ook onder skoot kom. Die blote feit dat hul met die Arbeiders gemene saak gemaak het, het die Nasionaliste vir die Sappe nog meer onaanvaarbaar gemaak, hoewel laasgenoemde vroeër self die Arbeidersparty met die oog op koalisie genader het.

Gevolglik is die herenigingsideaal nog verder op die agtergrond geskuif. 'n Toenadering tussen die Suid-Afrikaanse Party met sy Unionistiese inslag en die Nasionale Party met sy Arbeidersverbintenis het vergesog blyk te wees.

---

3. F.S. Crafford, Jan Smuts: 'n Biografie, Kaapstad, 1947, pp. 249-50; C.F.J. Muller (red.), Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Kaapstad, 1970, p.362.

Wanneer 'n verhoudingstudie tussen die Nasionale - en Suid-Afrikaanse Party gemaak word, is dit dus van kardinale belang dat ook die gesigspunte van die Unioniste-element binne die S.A. Party, sowel as dié van die Arbeidersparty die aandag moet geniet. Dit het immers in vele opsigte die partyverhouding bepaal en dikwels in 'n bepaalde rigting gestuur. Die Nasionale Party, en veral sy hoofmondstuk, Die Burger, het telkemale op die Unionistiese inslag van die „nuwe" Suid-Afrikaanse Party gewys, en aangetoon in welke mate hul beleid van dié van die suiwer S.A. Party verskil het. Die Cape Times, Engelstalige Kaapse S.A.P.-koerant, het die Unionistiese standpunt deurgaans verdedig en is gevolglik dikwels deur Die Burger gekonfronteer. Die Unioniste-standpunt sou in belangrike sake soos die vlagstryd en die statuskwessie van deurslaggewende belang wees. Dit het die Nasionaliste in die geleentheid gestel om die Unionistiese beinvloeding van die S.A. Party te openbaar en vir partypropoganda aan te wend. Hierdie vyandigheid waarmee die Nasionaliste die Unioniste binne die S.A. Party bejeën het, het die Unioniste-element, tot ekstremisme geneig, teen die Nasionale regering aangevuur. Hul meer ekstremistiese groepie sou hierin die weg aanwys en binne S.A.P.-geledere die weg tot absolute distansiëring en opposisie van die Pakt aandui.

By die bestudering van 'n verhoudingstudie tussen die Nasionale- en Suid-Afrikaanse Party gedurende die eerste bewindstermyn van die Pakt, is dit van ewe groot belang om ook met die rasse-inslag van die twee groot partye rekening te hou. Die meerderheid Afrikaanssprekendes het hul weens hul Nasionale sentiment by die Nasionale Party aangesluit, terwyl die Suid-Afrikaanse Party met sy pro-Britse karakter as tuiste vir die oorgrote groep Engels-

sprekendes gedien het. Daarom sou die Nasionale Party eintlik die Afrikaanssprekende element verteenwoordig en sy ideologieë uitdra, terwyl die Suid-Afrikaanse Party, ondanks sy groep Afrikaanssprekendes en Afrikaanssprekende leier, meer verteenwoordigend van die Engelssprekende gedagtegang was. As in gedagte gehou word dat die Afrikaanssprekende element binne die Suid-Afrikaanse Party in werklikheid grootliks soos die Engelssprekendes gedink en redeneer het, moet 'n mens aanvaar dat die Party die Engelssprekende gedagtegang uitgedra het.

'n Studie van die verhouding tussen die twee groot Suid-Afrikaanse partye kan dus ook geredelik as 'n verhoudingstudie tussen die twee hoofbevolkingsgroepe beskou word, alhoewel die klem in hierdie verhandeling nie op die rasseverhouding as sodanig nie, maar wel op die partyverhouding sal val. Met hierdie feit in gedagte, dien daarop gewys te word dat elke bevolkingsgroep, buite, by en tydens die behartiging van die gesamentlike belange hom bedreig gevoel het. Die bedreiging was ook in die partye met hul rasse-inslag ingeweef en was gerig teen dit wat elke groep as sy bate beskou het, en elke groep het gevoel dat daardie bate vir hom nog dierbaarder en van groter waarde is as hul gesamentlike belange. Die Afrikaner-nasionalis het hom in sy kultuurskap bedreig gevoel, terwyl die Engelssprekende en Britsgesinde Sap hom in die uitlewing van sy Britse ideale en gesigspunte bedreig gevoel het. Laasgenoemde het besef dat die Afrikaner-nasionalis van hom verwag om hierdie, vir hom, as Britsgesinde, nasionale ideale en gesigspunte, nie in Suid-Afrika te verwesenlik en te handhaaf nie. Hy het veral gevoel dat hy dalk sy geestelike erfenis sou moes verruil vir iets waarvan hy die bestaan nog nie eens vermoed het nie en daarom weer het hy gevoel

dat, as hy die Britse erfenis sou los, hy op „niks" sou afstuur nie. Daarom het hy in sy Suid-Afrikaanse omgewing des te meer krampagtig aan die onvervalste Britse insigte vasgeklem. Prof. Coertze beweer tereg: „Dit is meteen die oorsaak en uitleg waarom 'n Engelsman in Suid-Afrika meer 'British' is as 'n Engelsman in Australië en selfs in Engeland."[4]

Ondanks die feit dat die Afrikaner-nasionalis in 1924 jubelend die regering van die land oorgeneem het, moes hy steeds nugterdenkend sy nuwe en groter taak aanpak. Met die regeringsteuels in sy hande, moes hy voortdurend met die S.A.P.-gedagtegang, gekoppel aan sy Britse sentiment en voorkeur, rekening hou. Die Smuts-ondersteuner het nou met steeds toenemende vrees begin besef dat die Afrikaanssprekende nie tevergeefs gestry het nie. Vir die minder gematigde Britsgesinde Sap is die kulturele en grondwetlike suksesse van die Afrikaner-nasionalis as nederlaag vir die Britsgeoriënteerde ideale vertolk. Daarom was dit nie net die doel van die S.A. Party om die Britse bande en -sentimente te behou en uit te bou nie, maar wou hul ook die opkomende Afrikaner-Nasionalisme in sy triomftog vertraag of stuit. Die pro-Britse Sap was vas oortuig dat hierdie Nasionalisme 'n bedreiging vir sy voortbestaan, vir sy nasieskap en vir sy imperialistiese siening was. In die lig hiervan het hy dikwels in gebreke gebly om die sentimente en strewe van die Afrikaner-nasionalis te probeer peil en begrip daarvoor te hê; hy het hom dikwels in sy kokon van Britse voorkeur toegespin.

Dit het insgelyks ook vir 'n groot deel van die Afrikaanssprekende Nasionaliste gegeld wat Britsgesinde S.A.P.-sentimente dikwels

4. Pamflet. L.I. Coertze, Die Ware politieke probleem vandag, Johannesburg, 1941, p.5.

as on-Suid-Afrikaans en onpatrioties afgemaak het, sonder om te probeer verstaan dat hul politieke opponente se sentimente in der waarheid net so sterk deur hul Britse nasionalisme belyn was as wat hul eie nasionale sentimente aan hul Suid-Afrikaanse nasieskap gekoppel was. Dit blyk beslis dat dit die groot oorkoepelende verdelingsfaktor tussen die twee groot Suid-Afrikaanse partye gedurende 1924 tot 1929 was, naamlik die Suid-Afrikaanse Party se gebrek aan 'n kragtige Suid-Afrikaanse nasionale standpunt.

Op die keper beskou, kan ons dus ten slotte daarop wys dat 'n verhoudingstudie tussen die Nasionale - en Suid-Afrikaanse Party in die eerste plek en by uitstek partygerig sal wees, maar dat dit tweedens weens die rasse-inslag van dié partye ook in 'n groot mate 'n verhoudingstudie van die Afrikaanssprekende en Engelssprekende Suid-Afrikaner sal wees. In die derde plek is dit ook so dat die Nasionale Party met sy Afrikaanssprekende inslag en Nasionaalgeoriënteerdheid by uitstek sy Nasionalisme tot volle wasdom wou laat kom. Hierteenoor was die Suid-Afrikaanse Party nie alleen hoofsaaklik Engelssprekend nie, maar was hul ook duidelik sterk Britsgesind en imperialisties. Gevolglik kan die verhoudingsituasie tussen die Nasionale - en Suid-Afrikaanse Party ook as 'n studie van 'n konflik tussen Suid-Afrikaanse nasionalisme en Britsgesinde imperialisme beskou word. Weens die feit dat hierdie Nasionalisme en Imperialisme sulke teenstrydige begrippe verteenwoordig het, is dit logies dat hulle dikwels teenstrydige ideale daarop nagehou en dat 'n verhoudingsituasie daaruit gekristalliseer het wat vir gematigdes binne hierdie partygeledere somtyds ernstige hoofbrekens besorg het.

Dit is 'n haas onmoontlike taak om 'n verhoudingsituasie teen 'n

politieke agtergrond uit te lig sonder om tegelykertyd ook, waar nodig, so oorsigtelik moontlik die agtergrondsituasie en die bepalende faktore rondom die verhouding te skets. Dit is immers die politieke gebeure, politieke uitsprake, politieke vooroordele en politieke geestesgesteldheid wat in die geheel 'n verhoudingstudie sal toelig. Gevolglik is dit soms nodig geag om binne 'n breër raamwerk van politieke gebeure en -uitsprake die verhoudingsituasie te bepaal, want slegs dan sal so 'n studie volkome tot sy reg kom.

HOOFSTUK I

DIE EERSTE UNIALE BEWINDSVERANDERING, 1924

Ná afloop van die 1921-verkiesing was dit reeds duidelik dat die groei van die Nasionale Party sedert 1915 fenomenaal was. Met hierdie verkiesing het die Nasionaliste reeds 46 setels ingepalm teenoor die regeringsparty se 77. Die uitslag van hierdie verkiesing en die feit dat die Suid-Afrikaanse Party 'n hele aantal setels met klein meerderhede behou het, het daarop gedui dat die Nasionale Party besig was om sy posisie te verstewig,[1] en as sodanig 'n bedreiging vir die regering begin inhou het.

Hierdie geleidelike magsontplooiing van die Nasionale Party het Smuts op hierdie tydstip nie ontstel nie, maar dit sou tog namate die stryd feller raak, sy stempel afdruk op die verhoudinsituasie van die regeringsparty en sy Nasionale opponente. Openlike konfrontasies sou nie uitbly nie.

'n Groot aantal faktore het kumulatief meegewerk om die Smuts-regering één van die ongewildstes in die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis te maak. Slegte ekonomiese toestande en die depressie wat ná die oorlog oor die hele wêreld ingetree het, het op 'n deurslaggewende wyse daartoe bygedra dat die Nasionale Party sy aanhang uitgebrei het. Die regering was nie by magte om hierdie probleem behoorlik te hanteer nie, en weens gebrek aan die nodige voorsorg ná afloop van die oorlog, moes die situasie noodwendig versleg. Gevolglik was besuiniging noodsaaklik.

---

1. C. Marais, Die Nasionale Opposisie, 1921-1924, M.A.-verhandeling, U.O.V.S., Bloemfontein, 1970, p.348.

Veral die finansiële administrasie van die regering was uiters kwesbaar en die opposisie kon dit doeltreffend uitbuit tot hul eie voordeel. Gedurende en ná die oorlog was die regering se finansiële beleid gekenmerk deur opportunisme en sorgeloosheid. Die sekondêre nywerheid was in sy beginstadium, landbouprodukte se pryse was laag en wisselvallig, die rollende materiaal op die spoorweë is nie vervang nie, onproduktiewe oorlogslenings het die regering ekonomies geknel en die goudbedryf is deur abnormale na-oorlogse faktore bedreig. Daarmee is die las op die Tesourie se skouers verhoog en dit was soms vir die regering nodig om sy toevlug te neem tot spesiale belastings om die begroting te laat klop, terwyl tekorte uit kapitaalfondse gedelg moes word.

Hierbenewens was werkloosheid algemeen en ontevrede arbeiders het die regering daarvoor blameer. As gevolg van droogtes, plae, swak produktepryse en hoë rentes op geleende geld, het duisende boere hul heenkome na stede gevind om daar die armblankes se getalle te verhoog.

Op die vooraand van die 1924-verkiesing het genl. Smuts alles in sy vermoë gedoen om die posisie van die boere te verbeter, en op 29 Februarie kon hy aan E.H. Walton, Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris in Londen, berig: "We have to take some steps to help those who are reduced to ruination through the effects of the drought and locusts and are introducing legislation providing for the formation of district committees which will recommend the Land Bank how much shall be advanced in each particular case to enable those who are distressed to make a fresh start."[2] 'n Spesiale bedrag geld sou opsy gesit word ten

2. J.C. Smuts-versameling, Band 201. Smuts aan Walton, 29.2.24.

einde die Landbank te finansier. Boere wou egter praktiese, nugter, en meer daadwerklike en onmiddellike oplossings vir hul probleme hê, want dit het steeds moeiliker geword om kop bo water te hou.

Desnieteenstaande het die regering Blanke immigrasie na die Unie aangemoedig en min gedoen om die ongewenste immigrant wat die brood uit die landsburger se mond neem, uit die land te hou.[3] Van nywerheidsbeskerming en die invloei van buitelandse kapitaal, wat volgens genl. Smuts se verkiesingstoesprake nuwe werkgeleenthede sou skep, het niks tereg gekom nie.

Die Randse staking van 1922 sou verder meebring dat die Smuts-administrasie se gewildheid getaan het. Skaars 'n jaar voor hierdie gebeurtenis het die regeringstroepe in Mei 1921 byna 300 godsdienstig-waansinnige Bantoes (die sogenaamde "Isrealite") by Bulhoek, distrik Queenstown, gewond en doodgeskiet. Dit sou spoedig blyk dat die Randse staking van 1922 Smuts se politieke loopbaan veel nadeliger sou tref as wat die Rebellie van 1914 vir Botha benadeel het.

Arbeider en Nasionalis het in genl. Smuts 'n gemeenskaplike vyand gesien, en gevolglik sou dit die eintlike impuls vir die twee partye wees om kragte saam te snoer. Op hierdie wyse sou hul vir Smuts en sy party tot 'n val kon bring. Sedert 1922 het Arbeider en Nasionalis begin besef dat hul sekere ooreenstemmende doelstellings en ideale nahou. D.W. Kruger verklaar dan ook tereg dat "the political results of the great Rand strike were important because it cemented the forces of

3. C. Marais, op. cit., p.352.

Labour and Nationalism".[4] Die Randse staking het dus as stimulus vir die Pakt wat ongeveer 'n jaar later gesluit is, gedien. Dit sou 'n nuwe politieke bedeling met 'n nuwe verhoudingsituasie tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party inlui.

Die regeringsparty het besef dat hul as gevolg van dié staking heelwat steun sou verloor, veral in die stedelike kiesafdelings. Die Nywerheidsversoeningswet (nr. 11 van 1924) is aangeneem, en hiervolgens is vir die voorkoming en beslegting van geskille tussen werknemers en werkgewers deur versoeningsrade en die registrasie van vakbonde voorsiening gemaak. Hierdie Wet het inderdaad 'n baie heilsame uitwerking gehad en sou die verouderde Transvaalwet van 1909 vervang.[5] Alhoewel die regering hierdeur daarin geslaag het om toekomstige stakings te bekamp, sou die Smuts-administrasie as gevolg van sy optrede met die staking self heelwat van sy gewildheid moes inboet.

Baie regeringsondersteuners het die Suid-Afrikaanse Party verlaat om veral by die Arbeidersparty aan te sluit. Wharrie Nelson stel dit duidelik dat "Smuts in the eyes of his Labour and National opponents, was nothing more than a 'bloodhound' and a 'murderer'. Speakers raged about his 'platskiet-politiek'."[6] In die Parlement het genl. Hertzog dramaties met sy

4. D.W. Krüger, The Age of the Generals, Potchefstroom, 1957, p.125.
5. Volksraadsnotule 1924, I, p.154.
6. The Star, 26.6.58. Artikel deur Wharrie Nelson. Met "platskiet-politiek" is nie alleen na die 1914-rebellie en die Randse staking verwys nie, maar ook na die reeds genoemde opstand van Bantoes te Bulhoek, asook die Bondelswarts-opstand in Suidwes, waar inboorlinge geweier het om belasting te betaal en hul gevolglik met bomme uit die lug bestook is. In dié proses is honderd Bondelswartse gedood.

vinger na genl. Smuts beduie en met 'n stem vol emosie geskreeu-sê: "The footsteps of the Prime Minister are dripping in blood!"[7] Die nawerking van die Randse staking sou met die 1924-verkiesing sy tol van die regeringsparty eis. Hierbenewens was die Rebellie van 1914, die Bulhoek-episode en die Bondelswarts-opstand ook nog vars in die geheue van die vyande van die Smuts-bewind.

Uit 'n politieke oogpunt beskou, het die Randse staking belangrike gevolge meegebring. Die Opposisie kon die ontevredenheid van Blanke arbeiders uitbuit en Smuts as vyand van die Kamer van Mynwese en van kapitalisme voorhou. Dit het die Arbeidersparty, veral in die oorwegend Engelssprekende stede, in staat gestel om heelparty nuwe lede te werf. Ook die Nasionale Party het nuwe lede ten koste van die Suid-Afrikaanse Party bygekry. Tielman Roos, Nasionale leier van Transvaal, het saam met Hertzog voorstelle aan die Arbeidersparty gemaak, sodat die klimaat geskep is vir die totstandkoming van die Pakt - die belangrikste enkele faktor in die oorwinning oor Smuts in 1924.[8]

Genl. Smuts is ook verkwalik vir sy poging om die kiesers van Rhodesië in 1922 te oorreed om hul by die Unie aan te sluit. Benewens die feit dat die volk en die Parlement nie in hierdie saak geken is nie, het die Federale Raad van die Nasionale Party op 9 Augustus 1922 met nadruk verklaar dat onder die heersende finansiële druk deur die aanbod op die belastingbetalers van die bestaande Unie 'n geldlas gelê word wat beslis onregverdig

7. Ibid.
8. Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, No. 2, Nov. 1970. Artikel deur C.E.M. O'Dowd.

is.[9] Smuts het immers aan die kiesers die versekering gegee dat "the Union would take over the Colony's railways, public works and Crown lands as well as the debt of nearly £7 million.[10] In opposisiegeledere is aanvaar dat Smuts deur hierdie stap beoog het om sy eie posisie te versterk. Gevolglik het die opposisie hul nie bereid verklaar om 'n fait accompli, wat nie vooraf met die Parlement se goedkeuring aangepak is, te aanvaar nie. Hierdie outokratiese optrede van die Suid-Afrikaanse Premier het tot groot ontevredenheid aanleiding gegee, veral onder die Nasionaalgesinde Afrikaner met sy demokratiese inslag. Hierbenewens was genl. Smuts se moeite tevergeefs. "For Smuts the outcome of the referendum was a severe setback and his opponents recognised it as a sign of his waning influence. He found it more and more difficult to keep going."[11]

Met die Parlementsitting van 1923 het die redakteur van Die Burger die hoop uitgespreek dat dit genl. Smuts se laaste sitting as Premier sou wees. Die redakteur wys daarop dat die regering so baie op sy kerfstok het dat meer as een regeringslid met die volgende algemene verkiesing 'n politieke begrafnis tegemoet gaan.[12] Dit was inderdaad profetiese woorde!

In die wantrouedebat van hierdie sitting is die Smuts-regering nie gespaar nie en talle griewe en klagtes is deur Nasionaliste en Arbeiders opgehaal. Met die stemming oor die mosie was die uitslag 57 daarvoor en 71 daarteen.[13]

Sommige doemprofete het alreeds geglo dat die skrif vir die

---

9. Pamflet P5,57: Voorgestelde inlywing van Suid-Rhodesië. Aanhangsel.
10. D.W. Krüger, op. cit., pp.128-9.
11. Ibid., p.129.
12. Die Burger, 19.1.23 en 23.1.23. Hoofartikels.
13. Ibid., 30.1.23. Verslag van Volksraadsdebat.

regering aan die muur was, en The Friend het die wantrouemosie gesien as bewys dat die regering nie langer die kiesers se vertroue geniet nie. Die redakteur stel dit duidelik dat 'n verandering van regering in dié omstandighede nie onmoontlik is nie.[14] Dit was reeds duidelik dat die winde van verandering nie lank sou uitbly nie.[15]

Die historikus, Eric Walker, beweer dat die voorstel aanvanklik van Tielman Roos gekom het om 'n pakt tussen die Nasionale en Arbeidersparty te vorm.[16] C.R. Swart stel dit duidelik dat kol. Creswell 'n uiters gerespekteerde persoon onder Nasionaliste was en 'n baie vriendskaplike gesindheid tussen Creswell en Hertzog bestaan het wat die vorming van so 'n verbond vergemaklik het.[17] Margaret Creswell verwys ook na hierdie vriendskap in haar biografie oor haar man. In die periode vanaf 1921 tot in Junie 1922, toe Creswell weer sy setel in die Stamford-Hill-tussenverkiesing terug gewen het, het hy en Hertzog 'n lewendige korrespondensie gevoer oor die ongesonde invloed van groot finansiers op die regering. In Oktober 1921 skryf Hertzog onder andere "I cannot but feel that the policy of the Government has led to a wholesome surrender to capatalistic influences."[18]

Dit het Creswell en Hertzog se gemeenskaplike begeerte geword om die Smuts-regering tot 'n val te bring. Dit het as aansporing vir Arbeider en Nasionalis gedien om kragte saam te snoer,

14. The Friend, 25.1.23. Hoofartikel.
15. Die Volksblad, 17.6.74. Artikel deur C.R. Swart.
16. E.A. Walker, A History of Southern Africa, 1962, p.576. Vgl. ook D.F. Malan, Afrikaner-Volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen, Kaapstad, 1961, p.75.
17. C.R. Swart. Mondelinge onderhoud 1974.
18. M. Creswell, An Epoch of Political History of South Africa : in the Life of F.H.P. Creswell, 1956, pp.78-82.

en die werking van die bondgenootskap, wat maande vantevore te berde gebring was, het vorm begin aanneem. Die twee leiers was dit eens dat die stedelike Bantoe 'n wesentlike gevaar vir die Blanke se toekoms was en dat residensiële segregasie die enigste werklike oplossing vir die probleem bied, terwyl hul ook die noodsaaklikheid van eie nywerhede en die terugkeer na die goudstandaard beklemtoon het. Gevolglik het die partye voldoende prikkels tot samewerking gehad. Vir die Nasionale Party was Smuts se Suid-Afrikaanse Party te sterk pro-Brits, vir die Arbeidersparty te sterk pro-kapitalisties.[19]

Op 12 April 1923 het Creswell aan Hertzog onder vier hofies die kern van hul verbond uiteengesit. In die eerste plek het hul ooreengekom dat Smuts se finansiële beleid nie alleen die huidige welvaart van die land 'n ernstige knou toedien nie, maar dat dit ons beskaafde nasie se uiteindelike bestemming ernstig benadeel. Tweedens beskou hy dit as onwenslik om tydens verkiesings regeringskandidate se taak te vergemaklik deur anti-regeringstemme te verdeel. Derdens vrees die Engelssprekende seksie van sy party "that, if your party achieved power you would at once set about trying to 'cut the painter' and establish a republic - the old secession bogey, in fact, of the 1921 election."[20] Creswell het egter die versekering van Hertzog gekry dat die stemme van Engelssprekendes nie ná die verkiesing gebruik sal word om 'n republiek tot stand te bring nie. Die Arbeiderleier wys daarop dat Hertzog dit duidelik gestel het dat hulle in hierdie verband nie van Nasionale of Arbeiderslede

19. F.A. van Jaarsveld, Van Van Riebeeck tot Verwoerd, Voortrekkerpers, 1971, p.239.
20. The Star, 21.4.23; D.W. Krüger, South African Parties and Policies, Kaapstad, 1960, pp.74-5; Pamflet: Die Ooreenkoms tussen die Nasionaliste en Arbeiders : Verlede en Hede, 1907-1924, Mei 1924.

kan verwag om aan bande gelê te word om binne of buite die Parlement sy idees wat hy nahou ten opsigte van 'n republiek, te verkondig nie. Tegelykertyd het Hertzog egter die uitdruklike versekering aan kiesers in die volgende algemene verkiesing gegee dat indien 'n Nasionale regering aan bewind sou kom, geen Nasionale lid sy stem sou gebruik om die bestaande konstitusionele verhouding van Suid-Afrika teenoor die Britse Kroon te versteur nie.

Onder hierdie omstandighede het Hertzog en Creswell eenstemmigheid bereik ten opsigte van die aanbeveling van samewerking tussen hul onderskeie partye. Die samewerking sou laat blyk dat beide die volgende parlement se dringende noodsaaklike taak besef het, naamlik "to devote itself singlemindedly to domestic measures required to promote the prosperity of the country upon lines more congenial to its people than those at present followed".[21] Beide het besef dat daar nog heelwat verskille tussen die twee partye was, en as sodanig moes hul aanvaar dat in die kiesafdeling waar samewerking wel plaasvind, die gekose kandidaat, indien hy verkies sou word, slegs aan sy eie party trou verskuldig was, en dat enige stemme wat deur die ander party-lede op hom uitgebring is, onder hierdie uitdruklike voorwaarde geskied.

Op 19 April kon Hertzog antwoord dat dit die kern van hul onderhandeling korrek opsom en dat hy niks daaraan kan toevoeg nie, behalwe om sy volle goedkeuring daaraan te heg.[22] Die ooreenkoms is teen die einde van 1923 deur die provinsiale kongresse van die Nasionale Party aanvaar, terwyl die Arbeiders-

21. D.W. Krüger, South African Parties and Policies, pp.74-5.
22. M. Creswell, op. cit., pp.97-101.

party dit ook tydens sy jaarlikse kongres in Januarie 1924 bekragtig het. Die Nasionale pers het die Pakt met entoesiasme begroet: "Word hierdie ooreenkoms uitgevoer ... dit die dood beteken van die Smuts-regering en die val van daardie regering beteken die end van die kapitalis se heerskappy in Suid-Afrika."[23]

Generaal Hertzog het hom ook bereid verklaar om Arbeiders in sy kabinet op te neem, aangesien geen staatshoof die reg het om die "medewerking van gerespekteerde volksklasse te weier waar die medewerking aangebied word tot instandhouding van die reëlmatige regering van die land en niks onredeliks vereis nie".[24]

Hieroor was daar in die geledere van die Nasionale Party verdeeldheid. Terwyl E.G. Jansen wel daarvoor te vinde was,[25] was D.F. Malan slegs bereid om een of twee Arbeiders in die kabinet as 'n tydelike maatreël op te neem, dit wil sê totdat 'n suiwer Nasionale regering gevorm kan word.[26] Advokaat Tielman Roos het van die begin af gepleit dat Hertzog minstens drie Arbeiders in die kabinet moes opneem.[27]

Die verkiesingsooreenkoms, gemanifesteer in 'n briefwisseling tussen Hertzog en Creswell sou in April 1923 die seël plaas op die gesamentlike optrede van die Arbeiders en Nasionaliste. Leslie Blackwell maak die opmerking dat hierdie verbintenis "killed Labour as dead as the dodo".[28] Dit het teen 1929 waar blyk te wees.

---

23. Die Burger, 13.1.24. Hoofartikel.
24. E.G. Jansen-versameling, Band 83. Jansen aan ds. Theron, s.d.
25. Die Burger, 13.7.23 en 25.2.24. Briewe van E.G. Jansen.
26. Ibid., 18 en 28.9.23. Toesprake te Riversdal en Oudtshoorn; Vgl. D.F. Malan, op. cit., pp.73-4.
27. Die Burger, 18.4.23. Roos te Ermelo.
28. Leslie Blackwell, Blackwell Remembers, Kaapstad, 1971, p.51.

Hierdie "onheilige bondgenootskap" soos generaal Smuts dit graag genoem het, was daarop uit om die regering se wanadministrasie voor die kiesers aan die lig te bring. Hoewel die regeringspers die verbond as belaglik probeer voorstel het, het dit in werklikheid 'n groot gevaar vir die regering ingehou. Sy basis was die gemeenskaplike ekonomiese belange van albei flanke van die opposisie en bowenal die beskerming van die belange van die Blanke in Suid-Afrika.

Smuts het voorgegee dat hy nie juis bekommerd is oor hierdie bondgenootskap teen sy regering nie "omdat die samestellende dele daarvan teenstrydig was met mekaar". Die Pakt was egter 'n natuurliker struktuur as wat Smuts graag wou erken. Die partye waaruit dit saamgestel was, het met mekaar gewedywer in hul afkeur teenoor die Eerste Minister, wat in die veelbewoë verlede 'plattelandse rebelle en stedelike revolusionêres' platgeskiet het; hulle was verenig deur 'n gemeenskaplike afkeer van die Unioniste, aangesien die Nasionaliste 'n renons gehad het aan die imperialisme, en die Arbeiders aan die kapitalisme, waarmee hulle hierdie here vereenselwig het.[29]

C.R. Swart stel dit duidelik dat beide partye se groot oogmerk was om die regering oor te neem. Ondanks die feit dat die Arbeiders meestal Engelssprekend en anti-republikeins was, het hul Nasionaliste tog gevoel dat die hoofoogmerk moes wees om Smuts gesamentlik uit die kussings te lig en om op daardie manier iets te doen om die destydse posisie te red.[30]

Ná die aanvaarding van die Pakt-ooreenkoms is komitees in die

29. F.S. Crafford, Jan Smuts : 'n biografie, Kaapstad, 1947, p.250.
30. C.R. Swart. Mondelinge onderhoud 1974.

lewe geroep deur beide partye om die toekenning van setels te bespreek. Daar is onder andere besluit dat die Nasionale Party van die 21 Randse setels slegs Krugersdorp, Vrededorp, Fordsburg en Noordoos-Rand sou betwis, terwyl die Arbeiders-party kandidate vir die res van die kiesafdelings in die veld sou stoot.[31]

Binne regeringsgeledere het ontevredenheid intussen begin broei, onder andere oor die gebrek aan 'n nywerheidsbeleid wat aan eie inheemse nywerhede beskerming verleen. Ope rebellie deur majoor E.W. Hunt, L.V. vir Turffontein, het tot sy bedanking gelei.[32] Hy het van die party verskil ten opsigte van die behandeling van die laer grade van die staatsdiens, werkloosheid en die spoorwegmense. Hy sou die tussenverkiesing as onafhanklike kandidaat betwis.[33] Ondanks goeie organisasie van die regeringsparty, het majoor Hunt die Suid-Afrikaanse Party-kandidaat, H. Nourse, as onafhanklike met 716 stemme verslaan.[34] Majoor Hunt se verset teen die Smuts-regering is opgevolg deur dié van twee Natallers, te wete advokaat Graham McNeuston en mnr. E. Saunders.[35]

Dr. Raubenheimer, S.A.P.-L.V. vir Oudtshoorn, sterf en 'n jong advokaat-boer, S.P. le Roux, ontneem in die tussenverkiesing van Maart 1923 die setel van die regeringsparty met 'n meerderheid van 627 stemme.[36]

In die Vrystaat sterf Charlie Fichardt van Ladybrand en in die tussenverkiesing word advokaat C.R. Swart beveg deur

31. Cape Times, 9.4.24.
32. Die Volksblad, 17.6.74. Artikel deur C.R. Swart.
33. The Star, 6.6.23; De Volkstem, 1.8.23.
34. The Star, 29.8.23; Die Burger, 30.8.23.
35. Die Volksblad, 17.6.74. Artikel deur C.R. Swart.
36. Ibid.

generaal Jan Crowter van die S.A. Party. Ondanks intensiewe pogings van 'n span deskundige organiseerders uit Pretoria onder leiding van die vermaarde Louis Esselen en die eertydse gedeporteerde van 1913, H.J. Poutsma, om die setel van die Nasionale Party af te neem en die stroom teen die regering te keer, is advokaat Swart met 'n meerderheid van 512 vir die Volksraad verkies.[37]

Vroeg in die jaar 1924, tydens die parlementsitting, bereik die tyding Volksraadslede dat mnr. Jim van der Merwe, die S.A.P.-lid vir Wakkerstroom, oorlede is. Dit was tydens die tussenverkiesing wat sou volg dat generaal Smuts se lot plotseling beslis sou word. Wakkerstroom was destyds 'n veilige en tradisionele setel van die regering. Om te verseker dat dit behou word, het die Premier, mnr. A.G. Robertson, Transvaalse Administrateur, oorreed om die benoeming vir die Suid-Afrikaanse Party te aanvaar. Weens die feit dat die regeringskandidaat by alle seksies van die gemeenskap besonder gewild en in dié kiesafdeling 'n vooruitstrewende boer met baie invloed was, is algemeen aanvaar dat hy hier baie goed sou vaar. Sy Nasionale teenstander was die bykans onbekende, kreupele oud-stryder, mnr. Andries S. Naude.

Vir die regering was dit 'n groot skok toe Naude die tussenverkiesing met 213 stemme wen.[38] Crafford beweer dat min mense besef het dat hul die doodsklok oor die Suid-Afrikaanse Party-regering hoor lui het. Hy voer aan dat selfs Smuts se kollegas onbewus van die feit was en slegs Smuts geweet het.[39]

37. Ibid.
38. The Star, 7.4.24. In die 1921-verkiesing het die Suid-Afrikaanse Party dié setel naelskraap met 'n meerderheid van 51 behou.
39. F.S. Crafford, op. cit., p.251.

Die Wakkerstroom-tussenverkiesing het die doeltreffendheid van die Pakt as eleksie-instrument onderstreep, want die Arbeidersinvloed was sterk in dié kiesafdeling, veral in die spoorweggeledere van Volksrust. Saam met die vorige tussenverkiesings het dit op 'n swaai weg van die regering gedui.

Smuts was gebelgd oor Wakkerstroom en sy reeks terugslae in die pasafgelope tussenverkiesing. Sonder om sy Kabinet te raadpleeg of sy koukus te pols, het hy op 1 April besluit om te bedank en deur middel van 'n algemene verkiesing die mening van die land te toets. Nominasiedag is vir 22 Mei en verkiesingsdag vir 17 Junie bepaal. Aan Walton stel Smuts dit duidelik: "After the result of the Wakkerstroom election we felt that the challenge of the Pact Parties could not be ignored and that the only thing that we could with dignity do was to state our proposals to Parliament and take a vote on account and prorogue with a view to an early dissolution."[40]

Smuts het dus die Wakkerstroom-verkiesing van belang geag. Hoewel dit in naam maar 'n tussenverkiesing was, het al die omstandighede daaraan 'n besondere betekenis gegee. Ná Wakkerstroom was die regering onseker of hy nog die vertroue van die land geniet. Dit is waar dat hul nog 'n Parlementêre meerderheid gehad het, maar dit was nie genoeg nie. Soos Smuts dit gestel het: "Sonder die volle vertroue van die land is ons nie bereid aan te gaan die sware laste van die Regering te dra nie. Onder al dié omstandighede is die regering van sienswyse, dat die land geraadpleeg moet word so spoedig moontlik, en dat 'n

40. Smuts-versameling, Band 201. Smuts aan Walton, 11.4.24.

nuwe Parlement verkies moet word."[41]

Waardige Volksraadslede het met die aankondiging soos 'n klomp opgesweepte skoolseuns te kere gegaan, maar 'n verbysterde stilte het daar oorkant die vloer onder die S.A. Partylede geheers.[42]

C.R. Swart glo vas dat Smuts oortuig was dat die volk die Pakt sou verwerp en sy party sou bly seun, want die gees waarin Smuts die aankondiging van die verkiesing gedoen het, het geklink na: „Kom, laat ons nou sien of die volk sy regering wil plaas in die hande van 'n klomp wilde en onervare manne."[43]

Die verrigtinge in die Parlement is hierna kortgesny. Ná afhandeling van die nodige geldelike maatreëls, staan genl. Smuts op en vra dat die Raad verdaag. Gevolglik kon die verkiesingstyd begin. Die Opposisieleiers, genl. Hertzog en kol. Creswell, spring ná mekaar op om te praat, maar is soms onhoorbaar onder die opgewonde tussenwerpsels.

Die miljoenêr, sir Abe Bailey, S.A.P.-L.V. vir Krugersdorp, was kenbaar ontsteld toe hy opspring om te praat. Hy verfoei die twee partye van die Pakt en sê hulle laat hom dink aan die grafskrif op 'n graf in Engeland, waarop die oorlede man se vrou laat graveer het:

> "To follow you was my intent
> But God alone know the way you went."[44]

Smuts se skielike en onverwagte besluit word in 'n brief aan

---

41. Volksraadsdebatte, Deel I, kol. 2, p.1345; vgl. W.K. Hancock, The Fields of Force, 1919-1950, Cambridge, 1968, p.161.
42. Die Volksblad, 17.6.74. Artikel deur C.R. Swart.
43. Ibid.
44. Volksraadsdebatte, Deel I, kol. 1, p.1347; Die Burger, 8.4.24. Volksraadsverslag; Die Volksblad, 17.6.74. Artikel deur C.R. Swart.

L.S. Amery verder toegelig: "I have had these knocks and others, and I have come to the conclusion that it could only weaken, still further weaken, my position if I delayed an appeal to the country." Hy stel dit onomwonde dat hy in onsekerheid verkeer oor wat die uitslag van die verkiesing gaan wees, maar hy hoop om te wen; "if not, I shall be strong enough to be a check on the wreckers, I hope."[45]

Ná die regeringsparty se nederlaag te Wakkerstroom, was die stand van partye soos volg:

	Febr. 1921-verkiesing	Ná Wakkerstroom
Suid-Afrikaanse Party	79 setels	71 setels
Nasionale Party	45	47
Arbeidersparty	9	13
Onafhanklikes	1	1
S.A.P.-meerderheid	24	9[46]

Sommige van Smuts se volgelinge was woedend oor Smuts se outokratiese optrede by die uitskryf van hierdie verkiesing. Hulle het hierdie stap van hom as onnodig beskou omdat hy nog 'n gangbare meerderheid gehad het. Hulle klaende proteste het egter geen indruk op hul leier gemaak nie. "He did not believe that the Labourites and the Nationaliste would be able to work together, and imagined that a general election would strengthen his position."[47]

Die Pakt was slaggereed, ondanks die veldtog teen die Nasionale Party wat reeds die vorige jaar deur die Suid-Afrikaanse

45. Smuts-Papers, Vol. 5, pp.224-5. Smuts aan Amery, 7.5.24.
46. Die Burger, 7.4.24. Verkiesingsuitslae. Uiteensetting van die stand van die partye. Pretoria-Noord se uitslag was nog uitstaande.
47. The Star, 26.6.58. Artikel deur Wharrie Nelson.

Party van stapel gestuur is, naamlik dat dié Nasionaliste met rewolusionêre elemente en Bolsjewisme saamspan. Hierdie sterk propagandamiddel van die S.A. Party om Nasionaliste die skrik op die lyf te jaag, is deur die Nasionale Party ten sterkste ontken.[48] Teen 1924 is hierdie onrustigheid en onsekerheid by sommige Nasionaliste oor die kwessie van sosialisme en kommunisme in Arbeidersgeledere egter as gevolg van 'n persverklaring van Hertzog in die kiem gesmoor. Hy het dit duidelik gestel dat die Pakt nie verplig is om vir 'n spesifieke kandidaat te stem nie. Arbeidersetels in 'n Nasionale kabinet is onafhanklik van die Pakt en moet op eie meriete behandel word. Hertzog het verklaar dat daar niks meer in die ooreenkoms met Creswell steek as wat in die gepubliseerde briefwisseling tussen hulle twee meegedeel is nie.[49]

Dit was op 'n vroeë tydstip reeds duidelik welke belangrike rol die pers in hierdie verkiesing sou speel. Albei partye het hierdie verkiesing met dodelike erns bejeën.

Die Suid-Afrikaanse Party het reeds op 10 Maart aan al sy pers-organe 'n omsendbrief gestuur waaruit die ernstige gees waarmee hierdie party die volgende verkiesing sou benader, duidelik spreek. Louis Esselen, sekretaris van die S.A. Party, skryf onder andere aan sy party se persorgane die volgende: "I think you will agree with me that the next general election will be the most important one that has been held in the history of our country, notwithstanding the fact that there prevails considerable apathy. It is only by intensive organization

48. Pamflet: Federale Raad van die Nasionale Party. Wat het die Nasionale Party met die Arbeiders te doen?, s.d.
49. The Star, 18.10.23. Uiteensetting van situasie deur Hertzog op N.P.-kongres te Bloemfontein; Die Burger, 18.10.23. Soortgelyke uiteensetting.

- which is now being set a foot - and by the active co-operation of the Press that this apathy can be overcome." Esselen vra van die pers hul daadwerklike steun in die komende stryd, en wys daarop dat 'n algehele reorganisasie van die Party van stapel gestuur word ten einde in die verkiesing sukses te behaal. Hy is maar te bewus van die belangrike rol wat die pers sal speel in die verkiesingsveldtog in die daarstel van 'n stabiele regering.[50]

Op 9 April vind Hertzog dit reeds in die Parlement nodig om te wys op die verkeerde politieke beriggewing van die Cape Times, wat voorgee dat hy te Parow onder andere sou gesê het: "Their ministers (dié van die regering) would have been branded as murderers and outcasts", en ook "Having made a personal attack on General Smuts, whom he charged with race hatred". Hertzog stel dit duidelik dat hy nie die Premier van rassehaat beskuldig het nie. Daar is wel in die verlede misbruik gemaak van die rassegevoel vir eleksiedoeleindes - iets wat Hertzog verag. Engelssprekendes is in die harnas gejaag teen die Nasionaliste, omdat die regeringsparty merendeels Engelssprekend en die Nasionaliste Afrikanssprekend is. Hy gee sy blydskap te kenne dat hul dié keer na die land gaan sonder daardie eleksiekreet, en hoop dat die S.A. Party in hul propagandastryd eerlik sal wees by die volgende verkiesings.[51]

Vir Smuts sou die stryd om groot beginsels gevoer word; dis vir hom nie 'n stryd vir partybelange of om aan die bewind te kom nie, maar dit gaan om groot beginsels wat deur die volk ver-

50. Eric Louw-versameling, Lêer 134. Omsendbrief van die Sekretaris van die S.A. Party aan hul verskillende persorgane, 10.3.24.
51. Volksraadsdebatte, Deel I, kol. 2, pp.1379-80.

staan moet word en waaroor die volk hul beslissing sal moet gee. Hy doen die beroep: "Laat ons dit in dié gees aanpak. Let us fight like gentlemen, and let us have the atmosphere of a clean fight." Van Hertzog het Smuts 'n uitleg van sy voorgenome industriële segregasie gevra. Die beginsels van die Arbeidersparty en die Nasionaliste is vir hom só uiteenlopend dat hy dit beskryf as "vuur en water wat saamgeset is".[52]

Die totale aantal nominasies vir die 135 setels in die Volksraad was 271 en is soos volg saamgestel:

	Kaap-kolonie	Tvl.	O.V.S.	Natal	Totaal
Suid-Afrikaanse Party	51	50	14	17	132
Nasionale Party	34	31	16	6	87
Arbeidersparty	9	18	1	8	36
Onafhanklikes en Ander	7	5	-	4	16

Slegs 4 setels was onbestrede, te wete die drie Nasionale kiesafdelings - Fauresmith, Frankfort en Boshof, terwyl 'n S.A. Party-kandidaat in die Kaaplandse kiesafdeling, Queenstown, onbestrede verkies is.[53]

Alles het gedui op 'n verbete stryd tussen die Suid-Afrikaanse Party en die Pakt, en omdat die uitslag so in die weegskaal was, het die beroep van partyleiers op 'n "skoon verkiesing" spoedig vergete geraak. Hierdeur sou die verhouding tussen die Suid-Afrikaanse Party en die Nasionale Party inderdaad ernstig geaffekteer word en uiteindelik aanleiding gee tot bitterheid en bitsige, persoonlike aanvalle.

Die betrokke partye het hul verkiesingsveldtogte inderhaas

52. Ibid., pp.1382-84.
53. Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, No. 2, Nov. 1970. Artikel deur C.E.M. O'Dowd.

begin. Genl. Smuts se besluit op 'n algemene verkiesing het sy eie party op die verkeerde voet gevang, terwyl die Pakt daarenteen reeds geruime tyd besig was om hulle besluit tot samewerking by wyse van vergaderings en kongresse te ontleed en te bespreek. O'Dowd stel dit soos volg: "In respect of organization and activity contemporary reports suggest that the Pact had the edge on the S.A.P."[54]

Die Premier se onverwagte aankondiging van 'n eleksie, het 'n groot en moeilike taak op die skouers van die organiseerders van die onderskeie partye geplaas. Dit was die derde Volksraadsverkiesing van die Unie binne 'n periode van vier en 'n half jaar. Smuts skryf op 12 April aan Margaret Gillett in Brittanje dat nog 'n verkiesing op hande is, maar dat die probleem is dat die besigheid twee maande in plaas van 'n week, soos in Brittanje, duur. "And by the time that the end is reached everybody is half or quite dead. But you will know that a little spell of political rest will not be unwelcome to me personally. The indications are that I shall get it."[55]

Goeie organisasie, geweldige entoesiasme en die wil om te wen, het beslis die kanse van die Pakt om die verkiesing te wen, geweldig versterk, terwyl dit van die begin af duidelik was dat dit 'n felle stryd sou wees. 'n Toespraak van maj. G.B. van Zyl op 8 April het Die Burger genoop om skerp te reageer oor die manier waarop die regering die verkiesing gaan veg. Gewigtige sake van die dag en die werk van die regering oor die afgelope jare word òf verswyg òf bykans verswyg, en sy toespraak word bestempel as verdagmakery en swartsmeerdery.[56]

54. Ibid.
55. W.K. Hancock, op. cit., p.161.
56. Die Burger, 9.4.24. Hoofartikel.

Die Burger verwys ook na die openlike poging van die Cape Times om persoonlikhede by die verkiesingstryd in te sleep, en wys op dié blad se ophemeling van Smuts en die swartsmeerdery van Hertzog. Hy sien dit as 'n metode om die regering se gebrek aan beginsels onder persoonlikhede te verberg. Hy waarsku die Cape Times en ander regeringskoerante dat indien hul in die verkiesingstryd persoonlikhede wil betrek, Die Burger maar te bereidwillig sou wees om daaraan deel te neem.[57]

Die regeringspers was nog onseker oor hul kanse. The People's Weekly stel dit so: "Bye-elections are not safe straws with which to test the big wind of a general election. Many an elector will cast his vote at a bye-election against the Government 'just to teach Smuts a lesson; but these same voters act differently when it is a question of putting a new government. The position is one of grave uncertainty and much depends on the working of the pact."[58]

Die redakteur van The People's Weekly probeer ook voornemende ondersteuners van die Pakt afskrik deur te beweer dat 'n Pakt-regering hoogstens twaalf maande sou kon uithou. "The Nationalists, however are not likely to get a clear majority. The best prospect they have is to govern for a period on terms analogous to those on which Ramsay MacDonald is keeping an administration; in other words, General Hertzog would be in office, but Col. Creswell in power."[59]

Die hewigheid van die verkiesingskampanje sou geleidelik toeneem, tot en met die laaste week toe 'n rekord aantal vergaderings deur die partye gehou is. Dwarsdeur die veldtog is

57. Ibid.
58. The People's Weekly, 11.4.24. Hoofartikel.
59. Ibid.

geweldige belangstelling in die meeste dele van die land ontlok en openbare politieke vergaderings is feitlik deurgaans baie goed bygewoon. Gevoelens sou van die begin af hoog loop, terwyl dit ook duidelik was dat die vorming van die Pakt met die Arbeiders die kloof tussen die Nasionaliste en die S.A. Party steeds vergroot het. Hierdie feit is veral daaraan toe te skryf dat ondanks frustrasie met die regering, weens sy onvermoë of onbereidwilligheid om belangrike landsvraagstukke van die tyd op te los, en die Smuts-regering se gewelddadige onderdrukking van opstande, dat beide die Suid-Afrikaanse Party sowel as die Nasionale Party, van oordeel was dat die agterdeur wat beide partye op 'n skrefie oopgehou het vir 'n moontlike hereniging van die twee partye met die vorming van die Pakt, nou toegestoot is. Die elemente in Nasionale en S.A. Partygeledere, hoe gering ookal wat hereniging oorweeg het, het in die verlede tog nog deur die toenadering wat daar van tyd tot tyd was, 'n gesonder onderlinge verhouding tussen die twee partye in die hand gewerk, maar nou dat kragte met die Arbeiders saamgesnoer is, was die herenigingsfaktor van die baan. Ook die S.A. Party se verbintenis met die Unioniste het verhoudinge sedert 1921 vertroebel. Daarenteen het die verkiesingsooreenkoms tussen die twee Paktpartye baie doeltreffend gefunksioneer, en in teenstelling met die verwagtinge van die Suid-Afrikaanse Party, het die Pakt-ondersteuners geen teken van verset teen die verbond geopenbaar nie.

"The burden of the S.A.P. campaign fell heavily on the shoulders of General Smuts, who made extensive tours in all four provinces and addressed about thirty meetings in the two months before election day." Hoewel hy nie Kaapstad self besoek het

nie, het hy die hele noordelike en oostelike gedeeltes van Kaapland besoek. Hierbenewens het hy ook 'n kragtige verkiesingsveldtog in Transvaal en Natal van stapel gestuur. Die enigste van die ander ministers wat ver buite hul eie kiesafdelings aan die verkiesingstryd deelgeneem het, was kol. Denys Reitz, Minister van Lande, wat 'n reeks vergaderings in Noord-Kaapland en Transvaal toegespreek het.[60]

Genl. Smuts het op 23 April sy verkiesingsveldtog met onvermoeide ywer met 'n lang toespraak in sy eie kiesafdeling, Pretoria-Wes begin. Hierdie rede van Smuts was tegelykertyd ook die verkiesingsmanifes van die Suid-Afrikaanse Party en is in pamfletvorm deur die Party versprei. Hy het eerstens 'n verslag van sy rentmeesterskap oor die afgelope drie jaar verstrek, en samesmelting van sy party met die Unionisteparty geloof omdat dit rassehaat in die ban gedoen het en die tweestroombeleid van die Nasionaliste 'n nekslag toegedien het. Die Pakt is as 'n kunsmatige bondgenootskap bestempel, terwyl hy daarop wys hoe Roos deur middel van sesessie die hereniging skongres in 1920 verongeluk het om dit nou op die agtergrond te skuif ten einde Creswell te sus. Die Smuts-regering het daarin geslaag om 'n oorwinning oor die Nasionaliste se sesessie-beleid te behaal, sodat 'n groot aantal N.P.-lede dit reeds laat vaar het, terwyl die oorblywendes besluit het om dit vir vyf jaar op die lange baan te skuif.[61]

Die land is in 1922 met depressie, ineenstorting van pryse, die Randse rewolusie, werkloosheid, droogte en sprinkane getref,

60. Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, No. 2, Nov. 1970. Artikel deur C.E.M. O'Dowd.
61. Pamflet: Die Volk moet Kies, pp.1-7 (uitgegee deur die S.A.P.); Die Burger, 24.4.24. Politieke berig.

maar tog het die Regering gered wat daar te red is. "In die woede van die storm, in die Babel van onenigheid en verdoemenis, kon 'n mens eenvoudig en streng jou plig doen en jou laaste greintjie krag aanwend om die staatskip te probeer red."[62] Daarin het sy regering geslaag, want die finansiële posisie van die land is besig om te verbeter, belastings sal verlig word en die Suid-Afrikaanse pond is reeds meer werd as die Engelse pond sterling; daarby het die Unie daarin geslaag om die begroting te laat klop en inflasie te vermy.

Crafford beweer met reg dat Smuts te oordadig was met sy verkiesingsbeloftes aangesien hy in baie gevalle onderneem het om sekere veranderinge teweeg te bring waarteen hy baie jare lank sterk gekant was.[63] Hierdie ondernemings het besonder snedige aanvalle van Hertzog uitgelok, wat gesê het dat dit kenmerkend van Smuts was om beloftes te maak sonder om ooit die uitvoering daarvan in ag te neem. Die beloftes was inderdaad goed, maar die volk het begin besef dat die makou die eier lê. Hierdie verkiesing is verder gekenmerk deur heelwat persoonlike aanvalle en was dit veral Smuts, Hertzog en D.F. Malan wat kwaai deurgeloop het.

In die Pretoria-toespraak van Smuts het die beloftes weer eens nie uitgebly nie. Die medisynebelasting sou afgeskaf word, terwyl die tabakbelasting verlig of opgehef wou word. Hy het bygevoeg dat salarisse in die staatsdiens nie verder verminder sou word nie. Hy het gehoop om binnekort 'n yster- en staal-industrie te begin, asook die uitbreiding van elektriese krag deur middel van die Elektrisiteitskommissie. Die

62. Pamflet: Die Volk moet Kies, pp.9-11.
63. F.S. Crafford, op. cit., p.252.

katoenbedryf sou uitgebou word, terwyl industrieë in die algemeen tot 'n groter mate deur die regering gesubsideer sou word.[64] 'n Smuts-regering sou vir die Unie nuwe markte en afsetgebiede soek, die landbounywerheid bevorder en landbounedersettings aanmoedig, terwyl hy voorkeur by Engelse markte sou vind vir Suid-Afrikaanse produkte soos wyn, vrugte, suiker en tabak.[65] Oor Britse voorkeur ten opsigte van Suid-Afrikaanse produkte stel hy dit duidelik dat hul in die verlede nie op die steun van die opposisie-partye in die verband kon reken nie. "On the contrary, by violently attacking us in Parliament, they have created the impression that South Africa is divided or indifferent with regard to these preferences. They have helped to jeopardise the acceptance of these preferences by the British Parliament, and have thereby rendered the greatest disservice to our producers. Such is the policy of 'South Africa First'. In actual practice that means Nationalist politics first."[66]

Spoorwegwerke sou nou ontwikkel word, tegniese onderwys bevorder word, 'n nuwe staatsdepartement van Handel en Nywerheid sou deur die regering geskep word, terwyl 'n instelling soortgelyk aan die Landbank vir jong nywerhede tot stand sou kom. Genl. Smuts sou meer aandag gee aan die Indiërvraagstuk, en verklaar hom ook ten gunste van algemene vrouestemreg, indien hul oor die nodige stemkwalifikasies beskik.[67]

Vervolgens gaan Smuts daartoe oor om die Nasionale Party te

64. E.G. Jansen-versameling, Lêer 70. Knipsel oor Genl. Smuts se toespraak te Pretoria, 23.3.24.
65. Times of Natal, 24.4.24. Smuts te Pretoria, vgl. Jansen-versameling, Lêer 70.
66. The Natal Witness, 25.4.24. Smuts te Pretoria.
67. Ibid.

kritiseer, en hy waarsku die kiesers wat van voorneme is om hierdie party aan bewind van sake te plaas. "The country would have a Government, not of sane, shrewd, experienced heads, but a Government of amateurs, faddists and extremists."[68]

Hertzog se tweestroombeleid word as onprakties verwerp, terwyl Smuts nadruklik verklaar dat Hertzog se politieke rekord van die verlede sodanig is dat Suid-Afrika hom nie as Premier kan kies nie, sonder om ontrou aan hulself te wees en die grootste risiko van hulle lewe te loop.[69]

Smuts verwerp die Nasionaal-Arbeider-verbond in sterk taal, want "the Pact is in fact, a conspiracy hatched in darkness and without the previous knowledge and consent of the rank and file of the two parties affected thereby."[70] Hierbenewens kan die Unie nie so 'n gevaarlike leier as genl. Hertzog bekostig nie, en as sulks finansiële herstel en industriële vooruitgang strem nie.[71] Ondanks die Premier se oproep om 'n skoon verkiesingsveldtog, val hy dus vir Hertzog as persoon aan en blaas hiermee die gevoelens tussen sy party en die Pakt aan.

Genl. Smuts het van die opposisie se verkiesingsbeloftes gekritiseer, soos byvoorbeeld Roos se voorneme om op verdediging te besnoei en om meer papiergeld met goud as waarborg te druk. Oordrewe papieromloop sou, aldus Smuts, Suid-Afrika se buitelandse krediet ernstig benadeel. Hertzog se segregasiebeleid het Smuts summier as dwaas verwerp. In hierdie verkiesingsmanifes het Smuts ook die kiesers verseker dat hy ten gunste

68. Ibid.; vgl. Jansen-versameling, Lêer 71. Jansen voor die kiesers van Vryheid, s.d.
69. The Natal Witness, 25.4.24. Smuts te Pretoria.
70. Ibid.
71. Jansen-versameling, Lêer 70. Knipsel: Smuts te Pretoria, 23.4.24.

is van 'n sterk industriële beleid, maar hy het ten opsigte van tariefbeskerming van Suid-Afrikaanse nywerhede nie dieselfde kragtige versekering gegee nie. Waar Hertzog en Creswell „Beskerming" met 'n kapitale B kon belowe was Smuts net bereid om diskriminerende beskerming vir daardie nywerhede wat spesiaal geskik was vir hierdie land, te belowe. Keith Hancock stel dit goed: "On every disputed issue the challengers demanded an answer in the terms of either-or; but the defenders responded in the terms of more-or-less. Such a response was psychologically ineffective. It created the impression of a government which could not or would not take a firm stand on anything."[72]

Inmiddels het Smuts 'n skerp aanval op die Nasionale Party se sogenaamde veldtog van afskeiding van die Britse Ryk gemaak, terwyl hy die Pakt se voorneme om myne swaarder te belas as 'n stap wat tot krisisse sou lei, uit die weg probeer maak het. Die leier van die S.A. Party sien die Pakt as 'n verkiesingset, wat daarop ingestel was om die ware oordeel van die land te verduister. "The Labour leaders favour the Pact because it will enable them to bring the Socialist gospel to the homes on the veld."[73] Die Nasionale leiers is ten gunste van die Pakt omrede dit hul van die nodige stemme sal verseker om aan bewind te kom; dit is tog al wat vir hulle saak maak.[74]

In teenstelling hiermee veg die Suid-Afrikaanse Party 'n skoon verkiesingstryd met grootse, verhewe doelstellings. Die eerste en grootste doelstelling was om weg te kom van die rasse-

72. W.K. Hancock, op. cit., pp.163-4.
73. The Natal Witness, 25.4.24. Smuts te Pretoria; De Volkstem, 24.4.24. Smuts te Pretoria.
74. The Natal Witness, 25.4.24. Smuts te Pretoria.

stryd in ons politiek, en om die rasse-hinderpaal, wat in die verlede die twee groot Blanke rasse in die Unie verdeel het, te vernietig. Tweedens sou hul poog om die sesessiestrewe van die Nasionaliste in die kiem te smoor. In die derde plek het hul ten doel gestel om die land met veiligheid en kredietwaardigheid deur die moeilike jare wat voorlê, te bestuur. Laastens sou hul daarna strewe om die land op industriële gebied uit te bou.[75]

Smuts vermaan kiesers ernstig dat hul keuse gegrond moet wees op breë politieke beleidsake en nie op kleinighede waarmee die volk ontevrede is nie. Alhoewel depressie, droogte, sprinkane en werkloosheid die ekonomie van die land ernstig benadeel het, vaar die staatskip al weer op kalmer waters.

Smuts het hierdie rede van hom afgesluit deur 'n beroep op die kiesers te doen: "Laat in hierdie verkiesing ons strydkreet wees: Die Suid-Afrikaanse nasie eerste en weg met alle party akkordjies en alle seksie- of klassebelange."[76]

Die Premier het die woorde van sy toesprake versigtig gekies en diplomaties aangebied. So het hy byvoorbeeld veral in die Engelssprekende sentra spesiale klem gelê op die gevare wat die N.P.-beginsels soos republikanisme en sesessie inhou, terwyl hy hom sterk ten gunste van die behoud van die Britse konneksie verklaar het. Hy probeer dit as afskrikmiddel gebruik deur te waarsku dat die gevaar van afskeiding van die Britse Ryk nog nie iets van die verlede is nie, en dat die Nasionaliste

75. Jansen-versameling, Lêer 70. Knipsel: Smuts te Pretoria, 24.4.24.
76. Die Volkstem, 24.4.24. Smuts te Pretoria; Pamflet: Toespraak deur Smuts te Pretoria-Wes, 23.4.24 (uitgegee deur die Hoofkantoor van die S.A. Party).

weer daarmee te voorskyn sal kom sodra hul genoeg steun geniet om self te regeer. Met Kemp as Minister van Verdediging kan 'n republiek selfs met geweld uitgeroep word, en sodoende sal "die sleutel van die vesting deur Creswell aan die afskeiers oorhandig word".[77]

Die Suid-Afrikaanse Party het geen illusies meer gehad oor die bedreiging wat die Pakt vir hul ingehou het nie. Gevolglik het die gevoelens tussen die partye hoog geloop weens die feit dat die Smuts-aanhangers hul bedreig gevoel het en dus nie geskroom het om hierdie Pakt aan te val en sterk te veroordeel nie. In teenstelling hiermee was dit so dat die regeringsparty sedert 1921 met groot en soms onoorbrugbare probleme geworstel het en hierdie probleme sou deur hul opponente gretiglik aangegryp word om hul belangrike oogmerk te bereik, naamlik om die regering uit die kussings te lig. Krüger stel dit duidelik dat die Pakt op 'n sterk fondament gebou is. "Although it was apparently based on hatred of a common enemy its real foundation was a common economic interest."[78]

Dit was juis die gebrek aan ekonomiese stabiliteit wat die man op die straat ten opsigte van sy daaglikse brood en botter sou raak. Smuts het die fout gemaak om onder hierdie omstandighede met die vorige verkiesing goue berge aan die volk te beloof. Dit was trouens een van die sake wat deur die Pakt sterk onder die aandag van die kiesers gebring is. Geen wonder dat die voormalige parlementariër van die Suid-Afrikaanse Party, Leslie Blackwell, van die 1924-verkiesing sê: "We were the victims of the post-war depression."[79] Bowendien is Smuts

77. Die Burger, 24.4.24. Smuts te Pretoria.
78. D.W. Krüger, The Age of the Generals, p.131.
79. Leslie Blackwell, op. cit., p.51.

se beloftes dié keer deur die kiesers met 'n korreltjie sout geneem.

Genl. Smuts se privaatsekretaris, E.F.C. Lane, het sy kommer uitgespreek oor die finansiële implikasie wat 'n bewindsoorname deur die Pakt op die Suid-Afrikaanse ekonomie sou hê. So 'n regeringsverandering sou die ekonomiese herstel van die Unie vir 'n tyd lank vertraag, omdat dit finansiële paniek in Suid-Afrika in die hand sou werk. "A change of Government generally means that the financial circles want to know, before investing any money, what the Government is going to do and the Opposition - known as die Pact because there is an agreement between the Nationalists and the Labour to form one Party for election purposes - have properly upset people by the way in which they inflict taxation on many of the mines."[80]

Sake wat deur die opposisiepartye geopper is as redes vir 'n nuwe bewindsverandering, sluit onder andere die volgende in: Die feit dat die regering van sy finansiële beleid 'n hopelose mislukking gemaak het; die gebrek aan 'n behoorlike belastingstelsel. Hier is onder andere verwys na die medisyne - en tabakbelasting, en die feit dat die regering, wat besef dat die belastingheffings 'n groot flater was, nou met die naderende verkiesing 'n beoogde verandering ten opsigte van hierdie belastings in die vooruitsig stel. Verder, die afkeurenswaardige verkwisting van die geld van die belastingbetaler, en "it has failed to tackle at its roots any of the problems facing South Africa, and has merely followed the line of least resistance, resulting in a policy of drift" [81] - beloftes soos byvoorbeeld

80. Smuts-versameling, Band 200. Smuts aan Latham, 22.5.24.
81. Hansard, I, 1924, p.872.

industriële ontwikkeling, oplossing van die werkloosheidsvraagstuk, Asiate- en Naturellekwessie, het slegs beloftes gebly.

E. Saunders, S.A. Party-volksraadslid vir Natalkus, het reeds in 'n debat oor werkloosheid en armoede in Maart 1924 inter alia die volgende te sê gehad oor sy Party se hantering hiervan: "No Government can carry out a fixed policy of that description unless they feel that they have the full support of their party behind them. On this question of industrial development, I have no hesitation in saying that this Government has not. Even in the Cabinet itself they are divided on these matters, and so long as that exists I do not think it is any use to think that you will get over this very serious question of unemployment."[82]

Die Nasionale Party wys ook daarop dat die regering stadig maar seker die Provinsiale Rade laat wurg het deur hul subsidies en binnelandse inkomste te besnoei, waardeur veral opvoeding ernstig benadeel is. Sedert 1913 het die regering 'n beleid van segregasie van Naturelle aanvaar, maar sedertdien nog niks gedoen om daardie beleid ten uitvoer te bring nie, ondanks die feit dat die Naturellevraagstuk by die dag in belangrikheid toeneem. Wanneer industriële of ander probleme opgeduik het, het die regering sy toevlug tot gewapende geweld geneem. "True statemanship should aim at settling trouble of this kind before they have developed to such a stage that force of arms becomes necessary."[83]

'n Nasionalis, G.G. Munnik, verwerp in 'n brief aan die redakteur van The Rand Daily Mail Smuts se aantyging teen die Nasio-

82. Jansen-versameling, Lêer 70. Pamflet: Why the present Government no longer deserves the support of the Electors.
83. Ibid.

nale Party wat sesessie betref. "I deny, sir, that to-day there is any thought of secession in the minds of the National Party. Our views upon independence of action within the Union for Englishmen and Dutchmen alike represent just what Australia and Canada are urging every day, and surely that is a virtue there cannot be a crime in us."[84]

Die sake waarop sprekers van die Regeringsparty klem gelê het, het gewissel en eintlik ook saamgehang met die aard van die betrokke kiesafdeling, naamlik plattelands of stedeliks, oorwegend Engelssprekend of meerderheid Afrikaanssprekend, ensovoorts. So het hul sprekers in Natal, die Oostelike Provinsie, Wes-Kaapland en aan die Rand hul grootliks toegespits op sesessie en republikanisme, terwyl hul die klem op die plattelandse kiesafdelings weer laat val het op Smuts se beloftes van 'n kragtige ekonomiese beleid. In die Kaapse kiesafdelings waar heelwat Naturelle- en Kleurlingkiesers aangetref is, het hul Hertzog se segregasiebeleid onder die vergrootglas geplaas en veral op die gevare gewys indien hierdie beleid ook na die Kleurlinge uitgebrei word. Elders het hul die gevare verbonde aan die segregasiebeleid vir die Witman, en sy ekonomiese welvaart benadruk.

Smuts het die kiesers voor die keuse gestel om hom of Hertzog te aanvaar. Hy het die indruk probeer skep dat hy vir Suid-Afrika absoluut onmisbaar is, soos sy waarskuwing aan die kiesers ook getuig: "As ek val, sal dit nie ek alleen wees wat ten onder sal gaan nie. Julle sal die oordeel oor Suid-Afrika uitspreek."[85]

Maar helaas; Smuts se kop was in die wolke; hulle kon hom

84. The Rand Daily Mail, 28.4.24. Brief van G.G. Munnik.
85. Die Burger, 3.5.24. Smuts te Pretoria.

nie verstaan nie. Daarenteen was die eenvoudige Hertzog besig om 'n taal te praat wat hulle verstaan het - die taal van voedsel en kleding en onderdak. Hy het hom nie bekommer oor die beloftes van die Ryk en oor wêreldvraagstukke nie. Hy het hom slegs oor Suid-Afrika bekommer - oor hulle en oor hul kinders.[86]

Die regeringspers het sy uiterste probeer om die Smuts-regering in die kussings te hou. Soos The People's Weekly dit stel: "A government's sins and errors are apt to be better remembered than its good works, of which the Smuts Cabinet can show a respectable list."[87] Onwillekeurig vra mens jouself af: wat kon verwag word van 'n party en 'n regering wat onderling so verdeeld en besluiteloos was? Die opposisiepartye het geweet wat hul wou hê en het moontlike oplossings vir elke groot probleem aangedui - die nywerheidsprobleem, die Naturellevraagstuk en die Indiërkwessie.

Wanneer 'n mens 'n ontleding van die Suid-Afrikaanse Party se verkiesingsveldtog maak, kry mens die indruk dat hulle na alle waarskynlikheid nie veel stemme sou werf nie. "Opposition to the tenets of other parties, no matter how dangerous they may be, is not likely to win large numbers of converts. The S.A.P. gave the impression of lacking an aggressive and progressive policy for the prosperity of the mass of the people."[88] Smuts was wel oordadig met verkiesingsbeloftes, veral wat nywerheidsontwikkeling betref, maar dit was beloftes wat kiesers reeds vantevore gehoor het. Die gebrek aan eensgesindheid in S.A. Partygeledere, sou ook sy tol eis.

86. F.S. Crafford, op. cit., pp.252-3.
87. The People's Weekly, 9.5.24. Hoofartikel.
88. Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, No. 2, Nov. 1970. Artikel deur C.E.M. O'Dowd.

Dit was veral weens die onbevredigende industriële beleid van Smuts dat J.W. Jagger, Minister van Spoorweë, op 19 Mei as minister bedank het. Genl. Smuts het sy bes probeer om Jagger te oorreed om nie te bedank nie. Pas ses dae vantevore skryf hy nog aan Jagger dat hy hom beskou as "one of the outstanding successes of the Government". Dis duidelik dat Smuts bevrees was vir die uitwerking wat Jagger se bedanking op die verkiesing sou hê. Gevolglik versoek hy sy kabinetslid "to base your action purely on the industrial point, and to make it clear that on every other point there had been wholehearted cooperation and complete sympathy in the Cabinet". Steeds spreek die Generaal die hoop uit dat Jagger nie sal bedank nie. "But if you consider the risk of a future rupture on the industrial issue too serious, I think your announcement might be made at a time when it may possibly prove helpful to some of our stalwarts."[89] Smuts se woorde het heelwaarskynlik daartoe bygedra dat Jagger intussen tot ná die verkiesing as lid van S.A. Party aangebly het.[90] Die skade vir die Suid-Afrikaanse Party was egter reeds gedaan.

Jagger kon hom egter nie versoen met die Regering se nywerheidsbeleid, in teenstelling met sy eie vryhandelsbeleid nie. The People's Weekly skroom nie om Jagger te kritiseer oor hierdie stap nie. "He is retiring from the Ministry because, in his own blunt way of looking at things, he refuses to compromise on a question of principle."[91]

Later, op 4 Junie, laat Walton hom teenoor Smuts uit ten opsigte van die invloed wat Jagger op die verkiesing mag hê.

89. Smuts-versameling, Band 201. Smuts aan Jagger, 13.5.24.
90. The Star, 23.5.1924. Gepubliseerde briefwisseling tussen Smuts en Jagger.
91. The People's Weekly, 30.5.24. Hoofartikel.

Hy beweer dat Jagger in die Spoorwegdepartement 'n gehate persoon is "and that anybody who has in any way suffered from retrenchment will vote for anybody in order to get a knock at the Government".[92] Sy bedankingsbrief is onder meer in die pers gepubliseer, waarin hy sy optrede verklaar: "The Pact parties are throwing doubts on your sincerity in advocating a more vigorous policy of industrial development and the possibility of your being able to carry it out as long as I, with my well known views on free trade ... and attitude with regard to the building of railway locomotives, remain a minister of the Cabinet."[93] Dit was inderdaad water op die meule van die Pakt, wat nou beweer het dat die regering met 'n man soos Jagger in sy geledere, nooit eerlik kon wees nie, terwyl hul nog steeds onderdanig is aan voormalige Unioniste, wat net soos Jagger redeneer. Die S.A. Party se beloftes om die groei van plaaslike sekondêre nywerhede aan te wakker en te bespoedig, het onuitvoerbaar geblyk te wees.

'n Mens wonder wat persoonlike aanvalle in hierdie verkiesing ten grondslag gelê het. Dit wil voorkom of die regeringspers en -politici besef het dat hul kanse om die verkiesing te wen as gevolg van die Pakt, en veral omdat hulle party nie meer kon steun op die werkers by die myne nie, 'n groot terugslag gekry het. Dit het gelei tot persoonlike aanvalle op die ondersteuners van die Pakt. Hul was desperaat om weer aan bewind te kom uit vrees vir sesessie en rassevooroordeel. Aanvalle op die regering spruit tot 'n groot mate voort uit die oorweldigende begeerte by die Pakt om die beheer oor die Unie by die

92. Smuts-versameling, Band 201. Walton aan Smuts, 4.6.24.
93. Cape Times, 23.5.24.

Smuts-regering oor te neem, ten einde hul strewes in die praktyk te kon toepas.

Dit was inderdaad één van die hewigste verkiesingsveldtogte wat ooit in Suid-Afrika geloods is. In baie kiesafdelings het Nasionaliste- en Arbeiderskandidate op dieselfde verhoog verskyn om aldus die ander party te verseker dat hul niks van die Pakt te vrese het nie. Pakt-kandidate het gekonsentreer op die verlede van die Smuts-regering, en hul eie beleid van ekonomiese vooruitgang en die beskerming van Blanke arbeid met behulp van segregasie, as lokaas voor kiesers gehou.

Waar Smuts die Enakskind van die regeringsparty in die eleksieveldtog was, was dit Hertzog wat die prominente figuur van die opposisiepartye in hierdie verkiesingskampanje was. Hy het uitgebreide toere onderneem in die hele Transvaal, terwyl hy 'n reeks vergaderings in Natal, die Oranje-Vrystaat en Noord-Kaapland toegespreek het. In die proses het hy ongeveer vyf-en-twintig vergaderings toegespreek. Op 'n vergadering op 3 Mei 1924 in sy eie kiesafdeling, Smithfield, het Hertzog sy verkiesingsmanifes voor die Suid-Afrikaanse kiesers gelê. Hy belowe, inter alia, die ontwikkeling en beskerming van Suid-Afrikaanse nywerhede, die oplossing van probleme soos armoede, werkloosheid en die naturellevraagstuk. Sy toespraak was deurtrek met verwysings na die swak rekord van die regering. Landbou sou op wetenskaplike wyse bevorder word, onderwys sal beskerm word, die wenslikheid van 'n staatsbank sal ondersoek word, terwyl die belastingstelsel wetenskaplik gereorganiseer sal word. Smuts se verkiesingsmanifes het hy opgesom as 'n verdagmaking en opruiing van die gemoedere. "Die egoïstiese

verwaandheid wat straal uit haas elke lyn van sy pas verskene manifes is niks meer as wat ons reeds vir jare lank van hom gewoon is."[94]

Hertzog wys daarop dat Smuts met 'n meerderheid van 8 in 'n netelige posisie verkeer. In 1921 het hy nie die vertroue van die kiesers geniet nie en die oorwinning is behaal deur valse voorstellinge en misleidende beloftes. Smuts wakker rassegevoel aan om vyandskap te bring en toenadering te verhoed, om sodoende weer premier te word. Die Premier se histeriese aanval op die Pakt, skryf hy toe aan Smuts se motief van eiebelang. Alhoewel sy program van beginsels nie so lywig is as dié van die S.A. Party nie, is dit egter bestem om uitgevoer te word.[95]

Naas Hertzog was Tielman Roos, leier van die Nasionale Party in Transvaal, die mees prominente figuur in die verkiesing. In Pretoria en in baie plattelandse setels het hy groot gehore getrek. In Johannesburg en aan die Rand het hy verskeie vergaderings toegespreek as steun vir Arbeiderkandidate. Hier het hy onder ander 'n beroep op die kiesers gedoen: "If the present national policy continues for another five years, it will be impossible ever to have a large white population. If you don't wish to save yourselves, save your children."[96] Hy het die Nasionaliste se progressiewe nywerheidsbeleid en segregasiebeleid geskilder as beleid waarlangs die Suid-Afrikaner kon verseker dat die Blanke arbeider teen Naturellekompetisie beskerm kon word, asook teen die bose invloed van kapitaliste in die Smuts-regering. Hy beweer "the only issue before South

94. C.R. Swart-versameling, Lêer 3/3/1/1/1. Toespraak te Smithfield, 3.5.24; Jansen-versameling, Lêer 70. Pamflet: Hertzog se Smithfield-toespraak, 3.5.24.
95. Jansen-versameling, Lêer 70. Pamflet: Hertzog se Smithfield-toespraak, 3.5.24.
96. W.K. Hancock, op. cit., p.162.

Africa is the economic issue".[97]

Dit blyk dus dat die segregasiestandpunt die belangrikste faktor was in die samewerking tussen die Arbeiders en die Nasionaliste - geheel die ekonomiese beleid het daarop berus. Die enigste werklik belangrike Arbeider-figuur in die verkiesingsveldtog was hul leier, kol. F.H.P. Creswell, wat vergaderings in Johannesburg, Pretoria, Kaapstad, Kimberley, Oos-Londen, Durban en Pietermaritzburg toegespreek het. In sy redevoerings het Creswell sesessie as 'n holruggeryde saak bestempel wat slegs vir partypolitieke gewin deur die regeringsparty lewendig gehou is.[98] Hy het dit betreur dat Smuts rassehaat aanblaas deur Engelssprekendes teen die Afrikaner aan te hits, en hy stel dit dat die Pakt vrede en die einde van rassehaat beteken.[99] Hy vestig kiesers se aandag op die ontberings en depressie gedurende Smuts se bewind, en stel as alternatief voor die segregasiebeleid van die Pakt "which would preserve the birthright of the white children of South Africa".[100] Arbeiderkandidate elders het Creswell se toesprake en uitlatings as riglyn gebruik vir hul eie toesprake.

Vele ander kandidate het hul in hierdie stryd nie gespaar nie, en 'n man soos genl. Kemp het nie minder as veertig vergaderings in Transvaal gehou nie.[101] Dit was spoedig duidelik dat die Rand een van die verkiesingsbrandpunte sou wees.

Geesdrif het oral hoog geloop, veral in die geledere van die opposisie. Geweldpleging en oproer het nie uitgebly nie. 'n

97. Cape Times, 4.6.24. Roos te Potchefstroom.
98. Die Burger, 1.5.24. Creswell te Durban.
99. The Guardian, 8.5.24. Creswell te Brakpan.
100. Cape Times, 23.5.24. Creswell te Brakpan.
101. Die Burger, 19.6.1924. Brief van Smuts.

Maand voor eleksiedag is S.A. Party-vergaderings aan die Rand en Kaapstad in wanorde uiteen. Vroeg in Junie het Smuts 'n vergadering te Pietermaritzburg toegespreek en Arbeiderslede probeer waarsku teen die Pakt: "And you will have been the donkey to pull the Nationalists out of the mud. You will have General Hertzog with his record as Prime Minister and General Kemp with his record as Minister for Defence. You will be the donkey."[102] Dis uitlatings soos hierdie, wat daarop gemik was om onmin in Paktgeledere te veroorsaak, asook persoonlike aanvalle op opposisielede, wat kwade gevoelens gewek en die verhouding tussen die Nasionale- en die Suid-Afrikaanse Party steeds laat verswak het.

C.M. van den Heever stel dit duidelik dat 'n regering nog selde so onpopulêr as dié van Smuts was, en op Smuts se eleksietoer het hy dit terdeë besef.[103] Alhoewel dit slegs 'n klein element van die bevolking was wat deel gehad het aan hierdie openlike verset teen die Premier, was dit nogtans 'n bewys van die ongewildheid van die regering by sommige kiesers.

Op 28 Mei het Genl. Smuts en Jagger besoek gebring aan die Vrystaatse hoofstad, en albei is die geleentheid om toesprake te lewer, misgun. The People's Weekly spreek sy misnoeë uit: "If this is the goal to which the Pact is leading us, then all we can say is, 'God Help South Africa!'"[104] Op Uniedag misluk Smuts se poging weer eens om 'n vergadering in Durban toe te spreek.[105] Die opposisiepers was van mening dat sodanige optrede vanuit die geledere van die Pakt met die verkiesing

---

102. The Star, 3.6.24. Smuts te Pietermaritzburg.
103. C.M. van den Heever, Generaal J.B.M. Hertzog, Johannesburg, 1943, p.456.
104. The People's Weekly, 30.5.24. Hoofartikel.
105. Die Burger, 2.6.24. Smuts te Durban; Cape Times, 2.6.24. Smuts te Durban; The Star, 2.6.24. Smuts te Durban.

self terug boemerang na die Pakt-partye.[106]

Hertzog sowel as Creswell, het hul sterk uitgespreek teen die opbreek van politieke vergaderings, en albei het 'n beroep op hul partye gedoen om hul van sodanige optrede te distansieer. Tommy Boydell het die wanordelike vergaderings bestempel as 'n tasbare uitdrukking van verontwaardiging en gebelgdheid aan die kant van die volk as gevolg van Smuts se dade in die afgelope drie jaar en voorheen.[107] Ds. B.R. Hattingh en W.B. Madeley was oortuig dat die vergaderings deur huurlinge van die Suid-Afrikaanse Party opgebreek is ten einde die Pakt in 'n swak lig te stel.[108]

Aan die Rand was die meeste vergaderings tot 'n meerdere of mindere mate rumoerig, terwyl sommige in absolute wanorde plaasgevind het. So moes kol. H. Mentz, Minister van Verdediging en kandidaat vir Zoutpansberg, van 'n oproerige skare in Benoni en Alberton ontsnap.[109]

Ook by Denver en Froyeville is vergaderings in wanorde uiteen. Suidwaarts by die Kaapse Skiereiland was sprekers feitlik onhoorbaar op ongedissiplineerde vergaderings. In die sterk Arbeidervesting, Soutrivier, is sprekers met vrot tamaties bestook.[110] Jagger en C.W.A. Coulter, die onderskeie kandidate vir Kaapstad-Sentraal en Tuine, het self kwaai deurgeloop onder die Pakt-ondersteuners op openbare vergaderings.

Hierdie wanordelikhede het noodwendig vanuit albei politieke

106. The People's Weekly, 30.5.24. Hoofartikel.
107. Die Burger, 7.6.24. Brief van Boydell aan The Guardian.
108. Ibid., 2.6.24. Hattingh te Krugersdorp; Ibid., 12.6.24. Madeley te Benoni.
109. Die Burger, 29.5.24. Politieke berig.
110. Cape Times, 13.6.24.

U.O.V.S.—U.O.F.S. BLOEMFONTEIN BIBLIOTEEK-LIBRARY
215513

kampe kommentaar ontlok. Genl. Smuts het hierdie ongedissiplineerde optrede bestempel as klinkklare bewys "that the Red flag has come to South Africa", en ook as 'n voorsmakie van die toestand waartoe die Unie verlaag sal word onder 'n Pakt-bewind.[111] Ook die opposisiepers het hul misnoeë te kenne gegee oor die optrede van die kiesers by vergaderings. Die Burger was oortuig dat klein groepies oproermakers vir die wanorde verantwoordelik was, en dat dit elke burger se plig is om hulle te beveg, aangesien dit iets is wat elke regskape burger, elkeen wat voel vir die eer van sy land en volk, met afkeer en skaamte moet vervul. Alhoewel die redakteur 'n beroep op die volk doen om hul te beheer, bestempel hy die rumoerigheid as 'n natuurlike reaksie teen 'n ongewilde regering.[112] Ons Vaderland bepleit ook beter gedrag, maar wys ook op die Regering se ongewildheid wat sulke optrede in die hand werk.[113]

Gedurende die verkiesingsveldtog het die Bantoe hul grootliks aan die kant van die Smuts-regering geskaar. Die kern van Umteteli wa Bantu se kommentaar was dat die Smuts-regering swak is, maar dat die Pakt nog swakker sal wees. Dié koerant se raad aan Bantoe-kiesers was om die Pakt op grond van hul segregasiebeleid te beveg, maar tegelykertyd adviseer hul ook vir Smuts om sy beleid ten opsigte van die Bantoe openbaar te maak.[114] The African Voice se kommentaar was soortgelyk. Die regering se optrede by Bulhoek en die Bondelswarts-episode is skerp veroordeel, maar in dieselfde asem waarsku hul dat 'n alternatiewe regering vir dié van Smuts rampspoedig sou wees.[115] Die Sekre-

111. The People's Weekly, 6.6.24. Hoofartikel.
112. Die Burger, 26.5.24, 30.5.24, 4.6.24. Hoofartikels.
113. Ons Vaderland, 3.6.24. Hoofartikel.
114. Cape Times, 6.5.24. Aangehaal uit Umteteli wa Bantu.
115. Ibid., 21.4.24. Aangehaal uit The African Voice.

taris van die African National Congress het dit egter op hom geneem om Nie-Blanke leiers in Kaapstad wat pro-regering was, per telegram te versoek om teen die Smuts-regering te stem.[116]

Die Pakt was vasberade om die Kleurlingstem na hul kant oor te haal, en het hul verseker dat Blank sowel as Kleurling deur die toepassing van segregasie beskerm sou word, terwyl die Kleurlingstemreg ook na die Noorde uitgebrei sou word. Die Smuts-aanhangers het op hul beurt Kleurlingkiesers gewaarsku dat segregasie deur die Pakt ook na hulle uitgebrei sal word. Die Provinsiale Raadslid en leier van die African People's Organization, dr. A. Abdurahman, het 'n verkiesingstoer ter ondersteuning van die S.A. Party-kandidate deur Kaapland onderneem. Hy waarsku die Kleurlingkiesers dat die Nasionaliste en Arbeiders net een gemeenskaplike beleid het, en dit is segregasie. Op die 23ste Mei verklaar hy te Riversdal dat die A.P.O. onder geen omstandighede met die Smuts-regering tevrede is nie, maar hul besef dat Smuts 'n groter vriend van die Bruinmense is as die Pakt.[117] Abdurahman is op 15 Junie egter by 'n drietal geleenthede te Kaapstad deur sy eie mense uitgejou.[118] 'n Week vantevore het 'n groep Kleurlingkiesers in die Kaapse stadsaal 'n besluit aanvaar om in die komende verkiesing teen die regering te stem, waardeur bewys is dat Kleurlingkiesers nog verdeeld was ten opsigte van die verkiesing.[119]

Kort na afloop van die toer van Abdurahman het twaalf Nasionaliste uit die kiesafdeling, Losberg, uit die Nasionale Party bedank weens hul oortuiging dat die Nasionaliste Arbeidersbe-

116. Die Burger, 17.6.24. Politieke berig.
117. The Star, 24.5.24. Abdurahman te Riversdal.
118. Die Burger, 17.6.24. Politieke berig.
119. Cape Times, 11.6.24.

ginsels aanvaar het. Die vreugde van die regeringspers hieroor het geen perke gehad nie, en die Rand Daily Mail het selfs van 'n skeuring in Pakt-geledere gepraat.[120]

Die regeringsparty se oogmerk was duidelik om die Pakt se onmoontlike samestelling en aard in duidelike, onomwonde taal aan die kiesers voor te lê. Smuts het verklaar dat die samestellende dele daarvan teenstrydig was met mekaar.[121] Die regeringspers het ook nie geskroom om kritiek uit te spreek nie. Die Volkstem noem dit die "Pakmekaar",[122] terwyl The Star dit bestempel as " ... this loveless alliance between the Nationalist and Labour parties".[123]

Dit was spoedig duidelik dat die opposisieparty veral die toenemende armblanke- en werkloosheidsvraagstuk, asook die swak finansiële- en nywerheidsbeleid van die regering sou oopvlek voor die kiesers. Die "Pakmekaar" was inderdaad 'n "steunmekaar", en wat meer is, "it proved the possibility of the two language groups working together as long as outside upsetting influences were absent".[124] Weens die groot stroom Blankes wat hul in stede gaan vestig het en die gevolglike gebrek aan werksgeleenthede en ongelyke kompetisie met die Nie-Blanke, het die regering homself in 'n onbenydenswaardige posisie bevind. Die Parlementêre debatte van veral 1923 en 1924 is aldus gekenmerk deur die botsende menings van kabinetslede insake belangrike aspekte, soos byvoorbeeld nywerheidsbeskerming en Naturellebeleid.[125]

---

120. Rand Daily Mail, 27.5.24 en 11.6.24. Hoofartikels en politieke berigte.
121. F.S. Crafford, op. cit., p.250.
122. Die Volkstem, 5.6.24. Politieke berig.
123. The Star, 11.6.24. Hoofartikel.
124. D.W. Krüger, The Age of the Generals, p.131.
125. Volksraadsdebatte, Deel I, kol. 8-15 en kol. 87-93.

Te midde van hierdie politieke magsverskuiwing, wat onafwendbaar en seker was, was die vermaarde Jan Smuts 'n onsekere, ergerlike, oorwerkte man, met 'n swak gesondheid en senuwees wat breekpunt bereik het. Sy gees was egter steeds onverskrokke, want Smuts was „nog steeds uitdagend en verwaand".[126] Smuts met sy uitstaande intellek het klaarblyklik besef dat hy besig was om 'n onmoontlike stryd te voer, maar steeds het hy besield, hoopvol en strydlustig aan die verkiesingsveldtog deelgeneem. In 'n toespraak te Johannesburg beskryf hy die Pakt as die mees outokratiese, mees diktatoriale, mees beginsellose, onsedelikste, vuil, onnatuurlikste en onderduimste daad in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika. Dit was gebore uit haat, in die donker en in skande.[127]

Wanneer sulke harde woorde in 'n verkiesing oor en weer geslinger word, moet dit noodwendig die verhouding tussen twee partye ernstig benadeel. Dit het inderdaad dan ook gebeur. Hierdie verkiesing was egter ook merkwaardig weens die bitterheid van die aanvalle op Smuts. Hy is voorgestel as die beliggaming van die bose. Hy was die doelwit van die opposisie se venyn en die skyf van hul snedige woorde. In Bezuidenhoutsvallei het 'n aantal Arbeiders 'n saal binnegestap met 'n banier versier met die leuse: "No more Smuts - Use Pact Soap!"[128]

Dit het genl. Smuts egter net meer vasberade gemaak om alles in die stryd te werp, en in die proses hom heeltemal te oor-eis. Sy brief aan Abe Bailey impliseer die erns waarmee die Premier die verkiesing aangepak het: "We must strain every

126. F.S. Crafford, op. cit., p.251.
127. Die Burger, 18.4.24. Smuts te Johannesburg; Pamflet: Die Volk moet kies, pp.30-1.
128. F.S. Crafford, op. cit., p.252.

nerve to win, for any defeat will mean a set-back for the country even more than for our party."[129]

Teen die begin van Junie 1924 was dit reeds duidelik dat die gety besig was om te draai. Jare van minagting van die Afrikaanse gevoel, het die Nasionaliste gesê, sou hom so wreek, en al het genl. Smuts nog ná sy vergadering te Bloemfontein hom optimisties oor die komende uitslag uitgespreek, was die skrif reeds teen die muur.[130]

Gedurende Mei het hy aan nege stakers en twee leiers van die Bulhoek-episode wat nog in die tronk was, amnestie verleen en vrygelaat. Sy doel hiermee was ooglopend om voor die verkiesing vir sy party steun te wen. Op 28 Mei verskyn 'n publikasie van die Transvaal Strike Legal Defence Committee, The Story of a Crime, waardeur Smuts se daad sy trefkrag verloor. In hierdie werk word die stakingsgeskiedenis breedvoerig beskryf, die regering skerp aangeval en daarvan beskuldig dat hul met die mynmagnate ten koste van die Blanke arbeiders, saamgewerk het.[131]

Die Suid-Afrikaanse Party se selfvertroue het sodanig getaan dat daar selfs twyfel bestaan het of die Premier in staat sou wees om sy setel te behou teen sy Arbeider-opponent, G.A. Hay. Gevolglik is 'n sekere P.J. Botes omgekoop om as onafhanklike Nasionalis te staan, om sodoende die stemme teen Smuts te verdeel. Die Pakt se ooreenkoms was dat die Nasionaliste nie in hierdie kiesafdeling 'n kandidaat sou stel nie.

Hierdie daad moes Smuts en sy ander kandidate beslis heelwat steun gekos het, want 'n fotostatiese afdruk van Botes se brief,

---

129. Smuts-versameling, Band 201. Smuts aan Bailey, 24.4.24.
130. C.M. van den Heever, op. cit., p.456.
131. Die Burger, 19.5.24. Hoofartikel.

waarin hy alles erken, is in Ons Vaderland gepubliseer.[132] Hoewel die organiserende sekretaris van die Suid-Afrikaanse Party, Louis Esselen, aandadigheid aan Botes se benoeming ontken het, is 'n politieke bom inderdaad in Pretoria en aan die Rand gelos. Esselen se verklaring was vir sy party waardeloos, want 'n paar dae voor die verkiesing het E.J. Browning, die voorsitter van genl. Smuts se verkiesingskomitee in Pretoria-Wes, uit die Party bedank en 'n skriftelike verklaring uitgereik waarin hy te kenne gee dat hy weens sekere ongerymdhede nie langer lid van die Suid-Afrikaanse Party kan bly nie. Koerante soos Die Weste, Ons Vaderland en The Pact Bulletin het soveel voorrang aan hierdie nuus verleen dat hul dit deur middel van spesiale uitgawes uitgebasuin het.[133] Dit het klaarblyklik in 'n groot mate die deurslag gegee in die verkiesing in Pretoria-Wes.

Die uitgeslape Tielman Roos het sy kaarte reg gespeel om die posisie van die Regering verder te verswak. Kort vantevore het 'n brief van Smuts aan 'n onder-offisier op Robertshoogte in Ons Vaderland verskyn, waarin Smuts hom bedank vir sy goeie organisasiewerk in die verkiesing van 1921. Wat egter veral opslae veroorsaak het, was Smuts se verdere woorde waar hy dit onomwonde stel dat hy geen party-organiseerder van die Pakt op Robertshoogte sou toelaat terwyl mevrou Smuts daar besig is om vir haar gade stemme te werf nie.[134]

Uit korrespondensie blyk dit dat heelwat regeringslede hul bedenkinge gehad het oor hul kanse in die verkiesing en dat hul hul nie 'n situasie kon voorstel met die opposisie aan bewind nie.

---

132. Ons Vaderland, 13.6.24. Politieke berig.
133. Ibid. Gepubliseerde briewe van Browning en Botes; Die Burger, 12.6.24.
134. Ons Vaderland, 9.5.24. Brief en meegaande verklaring van Roos oor die egtheid daarvan.

Blanch Thorne druk die gevoel van baie partygenote uit as sy aan Smuts skryf: "What a terrible thing it would be for this country and the world generally if you were not returned - the man that we all admire and look up to!!"[135]

Aangesien dit die hoofdoel van die Pakt was om die Smuts-regering te verslaan, het Nasionaliste en Arbeiders velerlei propaganda gewy aan hewige aanvalle op die administratiewe beleid van genl. Smuts. In die woorde van genl. Hertzog: "We are fighting a great fight - a fight against governmental impotence, maladministration, and sinister influences in the government of the country."[136] Die Pakt se gemeenskaplike ekonomiese doelstellings lei daartoe dat hul gepleit het vir die beskerming van Blanke arbeid en vir die uitskakeling van die kapitalistiese invloed. Dit kon slegs bereik word met behulp van 'n beleid van voorrang aan beskaafde arbeid en 'n beleid van segregasie.

Die Suid-Afrikaanse Party het sy propaganda grootliks gewy aan 'n aanvalstaktiek op die Pakt, en meer spesifiek die sesessie-ideaal van die Nasionale Party, sowel as hul segregasiebeleid, waaraan albei Paktpartye verbind is. Hierdie aanhoudende gehamer op sesessie - iets wat die Nasionaliste op grond van hul ooreenkoms met die Arbeiders tydelik laat vaar het - het Nasionale leiers geïrriteer en ontstel. In 'n onderhoud met The Star ontken genl. Kemp ten sterkste dat hul die sesessie-ideaal sal forseer, en roep ook uit: "I have had enough ... For God's sake let us have peace!" Dié koerant noem hom dan ook ewe sarkasties "die apostel van vrede".[137] Hertzog glo weer dat Smuts

135. Smuts-versameling, Band 201. Thorne aan Smuts, 18.3.24.
136. Swart-versameling, Lêer 3/3/1/1/1, Kopie van Hertzog se toespraak te Johannesburg, 4.6.24.
137. Jansen-versameling, Lêer 70. Knipsel; The Star, 16.5.24. Politieke berig.

se doel met sesessie die opwekking van die rassegevoel is. Hy wys op Smuts se insinuasies dat die Nasionaliste met die Arbeiders hul voorberei vir die regte geleentheid vir sesessie. Hertzog wys op die valsheid daarvan en bestempel Smuts se woorde hieroor as ongelooflik, so ongelooflik dat Creswell vir genl. Smuts onlangs gevra het of hy besef dat hy drie-kwart van die Afrikaanssprekende Afrikaners beskuldig as leuenaars.[138]

In oorwegend Nasionale kiesafdelings het sprekers van die Suid-Afrikaanse Party probeer om die vrees vir die Arbeiderspary se sosialistiese beginsels op te wek. Smuts het naamlik die Arbeidersparty as 'n sosialistiese party, wat slegs met die Nasionale Party wou saamwerk om die regering te verslaan, bestempel. Hy wys daarop dat die Nasionale Party nou die Arbeiders help om hul gevaarlike sosialistiese leer na die platteland te versprei, waar dit ook die Bantoe kon bereik.[139] Die Regeringskandidaat vir Ceres, J.G. du Toit, het sy toehoorders op 'n vergadering gewaarsku dat sosialiste, kommuniste en Bolsjewiste agter die Arbeidersparty skuil.[140] In plattelandse kiesafdelings waar die Suid-Afrikaanse Party deur Arbeiders geopponeer is, het eersgenoemde telkens gewys op sesessie en republikanisme as Nasionale doelstellings, en die feit beklemtoon dat 'n stem vir die Pakt, 'n stem vir sesessie van die Britse Ryk is.

Die Suid-Afrikaanse Party het in sy propaganda-veldtog laat deurskemer dat hul bewus is van die potensiële krag van die Pakt. Beide kandidate en die pers het dit veroordeel as 'n politieke noodmaatreël en op die oopvlek van die wyduiteenlopende

138. Swart-versameling, Lêer 3/3/1/1/1. Kopie van Hertzog se toespraak te Johannesburg, 4.6.24.
139. Rand Daily Mail, 4.4.24. Verslag van Smuts se boodskap aan die Suid-Afrikaanse kiesers.
140. Cape Times, 17.5.24.

beginsels van die twee partye van die Pakt gekonsentreer. So is daar onder andere beoog om die Pakt-partye teen mekaar bang te praat. Die Cape Times van 19 April 1924 berig die volgende: "The Nationalists would snap their fingers at them (Arbeiders-party) after they had climbed into office on their backs." Dit moes dien as waarskuwing aan die Arbeiders teen die Nasionaliste. Twee dae later skryf dieselfde Cape Times die volgende: "We should judge that the Nationalists may find the influence of the Labour Party upon its politics so far reaching that it will see cause to regret its folly in hoisting such an Old Man of the Sea upon its shoulders." Dit is weer bedoel as waarskuwing aan die Nasionaliste teen die Arbeiders.[141] In 'n onderhoud met 'n verteenwoordiger van The Star verklaar genl. Smuts dat die Pakt self eintlik die groot strydpunt van die algemene verkiesing is.[142]

Sedert 1920 is die tendens om sesessie en rasisme as verkiesingstrydpunte op die voorgrond te plaas, reeds deur die Suid-Afrikaanse Party openbaar. Die kiesers is gewaarsku teen die republikeinse sentiment van die Nasionale Party en gemaan om versigtig te wees om hul nie in hierdie verband te laat mislei nie. Nasionale leiers het kort voor die verkiesing weer eens die versekering gegee dat 'n republiek nie op die Unie afgedwing sou word indien hul aan bewind sou kom nie. Dit sou net langs konstitusionele weg geskied. Die republikeinse ideaal word dus net tydelik op die langebaan geskuif. In die woorde van Tielman Roos: "The principle of a Republic would always be a principle of the National Party."[143]

---

141. Die Burger, 22.4.24. Hoofartikel. Aangehaal uit Cape Times.
142. The Star, 7.6.24. Onderhoud met Smuts.
143. Pamflet P27,12: Secession - The Leading Documents.

Op 14 Junie klaar genl. Hertzog die houding van sy party verder op: "There are undoubtedly men ... who hold that a republican form of government would be the best form of government for South Africa ... but that is a very different thing from saying that we are now going to advocate at these elections that a republic should be restablished in South Africa." Voortgaande het hy daarop gewys dat daar 'n verskil is tussen soewereine onafhanklikheid en sesessie: "Being under the British crown has nothing to do with sovereign independence. It has only to do with the form. The question of secession would mean something so hostile to the feelings of a great many citizens of South Africa that nobody would be justified in raising a question of that kind to-day ... The nation of South Africa does not consist of Dutchspeaking or of English-speaking people only. It consists of both."[144]

Meeste van die vooraanstaande Nasionale sprekers was dieselfde mening toegedaan. Beide dr. D.F. Malan[145] en Tielman Roos[146] het verklaar dat sesessie nie deel vorm van die Nasionale program nie. Vroeg in die verkiesingstryd het C.W. Malan op Hermanus verklaar dat sesessie nie prysgegee is nie, maar dat propaganda tydelik weens die ooreenkoms met die Arbeidersparty gestaak is. Hy het bygevoeg dat die Nasionale Party in elk geval nie onafhanklikheid teen die sin van die Britse bevolking sou afdwing nie.[147]

Beide die Suid-Afrikaanse Party en die Nasionale Party was

144. Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, No. 2, Nov. 1970, pp.64-5. Artikel deur C.E.M. O'Dowd.
145. Cape Times, 21.5.24. Malan te Clanwilliam.
146. The Star, 30.5.24. Roos te Bethal.
147. Die Burger, 15.4.24. Politieke berig; Cape Times, 15.4.24. Politieke berig.

ten gunste van die behoud van die band met Brittanje, maar in die geval van eersgenoemde se verkiesingspropaganda is die stelling gemaak dat hierdie bande deur 'n Nasionale Pakt-regering verbreek sou word, terwyl laasgenoemde wou verhoed dat Ryksbelange voorkeur bo ons eie Suid-Afrikaanse belange sou geniet. Regeringslede het gewaarsku dat sesessie nie dood is nie en 'n werklikheid is waarmee kiesers gekonfronteer word.

Die twee partyleiers was die belangrikste segsmanne. In hierdie verband verklaar Hertzog op 4 Junie aan die Rand dat hul die graagste van alle lande goeie betrekkinge met Brittanje wil behou, maar dat Ryksbelange nie voorkeur mag geniet bo Suid-Afrikaanse belange nie.[148] Ongeveer twee weke vantevore laat Smuts hom soos volg uit in verband hiermee: "I look upon our connection with the British Empire as something which is fundamental in this country ... Sovereign independence means secession from the British Empire and the British Crown."[149] Hy wil nie sien dat mense aan die bewind kom as hy nie weet hoe hulle hul mag gaan gebruik nie.[150]

Creswell beweer op Kimberley dat die Smuts-party sesessie gebruik as instrument om die twee rasse in die land teen mekaar op te sweep. Hy beskou die Sappe dus as die werklike afskeiders in Suid-Afrika.[151] J.W. Jagger praat in Kaapstad op 6 Junie vir Smuts na as hy beweer: "The Union of South Africa with the British Empire was vital to the future of South Africa and far and away in my opinion more important than the economic issue, because if this secession were due to be carried out

148. Swart-versameling, Lêer 3/3/1/1/1. Hertzog te Johannesburg, 4.6.24.
149. Cape Times, 26.5.24. Smuts te Oos-Londen.
150. Die Burger, 26.5.24. Smuts te Oos-Londen.
151. Ibid.

without the support of the English speaking people of the country there would be civil war undoubtedly ... sovereign independence means complete separation from the British Empire and there's no use disguising it."[152]

'n Vraagstuk ten nouste verbonde aan sesessie was die kwessie van rasseverwydering. Dit was veral die regeringsparty wat dit as propagandamiddel in die verkiesing gebruik het. Soos Hertzog dit stel: "It has so much become the ordinary stock-in-trade of party politicians in their opposition to the National Party, that these gentlemen and their organs may well claim, as they seem to do, a prescriptive right to its use." Hul aanklag van rasisme is eintlik 'n tweesnydende swaard. Die sesessiestrewe van die Nasionale Party word summier deur die S.A. Party as rasisme verdoem. Onder die voorwendsel enersyds dat hul rasisme bestry, probeer hul andersyds om rassehaat te laat vlamvat. Die onderliggende motief is duidelik die stembus. Hertzog vervolg: "How methodically these high-moraled, and of course devoutly loyal people set about the execution of their self-imposed task, is best appreciated by watching and noting with what clockwork regularity and musical cadence their hue and cry of racialism and republic rings out on the ear, the moment the election appears in sight."[153] Sprekers van die regeringsparty het die Nasionale Party se beleid van rasse-afsydigheid vergelyk met hul eie beleid van samewerking tussen die twee wit rasse in die Unie. Smuts het by verskeie geleenthede daarop aanspraak gemaak dat sy eie party se samesmelting met die Unionisteparty bewys is van hul strewe na politieke rasseharmonie, terwyl hy

152. Cape Times, 7.6.24. Politieke berig.
153. The South African Nation, 12.4.24. Artikel deur J.B.M. Hertzog, Racial Feeling and its Abuse.

beweer dat Hertzog daarop uit was om die rasse in Suid-Afrika te verdeel en om die land op rassegrondslag te bestuur.[154] Hertzog gee die teendeel te kenne as hy beklemtoon dat die ware fondament van die Nasionale Party hul strewe na absolute gelykheid vir Boer en Brit is. Smuts se uitlatings sien hy as 'n poging om politieke voordeel te benut.[155] Die Premier se verkiesingsmanifes bestempel die Nasionale Party as 'n party van rassehaters en Hertzog laat hom sterk hieroor uit, naamlik dat dit die mees lasterlike taal is wat 'n Hollandssprekende teenoor 'n ander Hollandssprekende kan gebruik.[156]

Die strewe na rasse-eenheid was soms sterk aanwesig by politici. Op 15 Mei laat Burton hom te Touwsrivier soos volg uit: "The most vital thing for the country's future is happiness, the fulfilment of the policy of full co-operation between the races so that we might irrespective of origin grow into one great united nation."[157]

Dit was ook die argument wat Pakt-sprekers teen Smuts en sy volgelinge gebruik het, wat, soos hul beweer het, hul uiterste bes gedoen het om die rassegevoel van die Engelssprekendes op te wek, vandaar dat hul die sesessievraagstuk weer laat herlewe het. Dr. Malan het op 22 April te Kaapstad die beskuldiging van rassehaat teen die Nasionale Party verwerp en dit bestempel as 'n skandelike leuen en kwaadwillige laster teen die volk. Die misbruik van Smuts om rassehaat aan te wakker, bestempel dr. Malan as onderling vernietigend.[158]

---

154. Cape Times, 14.6.24. Smuts te Johannesburg.
155. Swart-versameling, Lêer 3/3/1/1/1. Hertzog te Johannesburg, 4.6.24.
156. Jansen-versameling, Lêer 70. Knipsel.
157. Cape Times, 16.5.24. Politieke berig.
158. Die Burger, 23.4.24. Politieke berig.

Hieruit spreek dit reeds duidelik dat die belangrikste saak in die verkiesingsveldtog van die pro-S.A. Party-pers sesessie en rasisme was. Dit beslaan veertien hoofberigte in The Star, elf in die Cape Times, terwyl die weeklikse koerant, The People's Weekly in vier hoofartikels hierna verwys. 'n Tipiese hoofartikel hieroor was dié van The People's Weekly van 30 Mei, waarin onder andere die volgende gesê word oor sesessie: "Whatever the leaders of the Nationalist Party may say, 99 per cent. of their country followers are out and out Secessionists. Like the leopard, the rank and file have not changed their spots... It is an empty promise which they have given to Labour not to go to the vote on the question of Secession in the House during the life of the next Parliament." Dit is bloot 'n tydelike maatreël van die Nasionale Party.[159] The Star se hoofartikel van 7 Junie verwys na sesessie as die grootste vraagstuk van die dag. Die Nasionale Party het sedert 1914 vir verkiesingsgewin na die spesifieke saak verwys as van geen besondere belang, naamlik die vraagstuk of Suid-Afrika as 'n Staat binne of buite die Britse Statebond sou ontwikkel. Rondom hierdie belangrike beginselsaak berus alle ander vraagstukke, soos byvoorbeeld die ekonomiese vraagstuk wat Hertzog so graag beklemtoon.[160]

Die opposisiepers het ook die rassevraagstuk as verkiesingspropaganda gebruik. In 'n reeks van agt hoofberigte het Die Burger Genl. Smuts en sy party daarvan beskuldig dat hul die sesessiekreet en ander "goggas" gebruik ten einde rassehaat op te wek. Ons Vaderland het op die vooraand van die verkiesing 'n beroep op kiesers gedoen om 'n post mortem begrafnis te hou

159. The People's Weekly, 30.5.24. Hoofartikel.
160. The Star, 7.6.24. Hoofartikel.

van dit wat oorgebly het van rassehaat.[161] Ons moet aanvaar dat die pogings van die Suid-Afrikaanse Party om vrees vir die Nasionalistiese republikeinse ideaal en rasse-oorheersing by kiesers aan te wakker, die lojaliteit van sy Engelssprekende ondersteuners beslis versterk het. In die proses kon hul egter nie hul hoofdoel bereik nie, naamlik om Engelssprekende ondersteuners uit Arbeiderspartygeledere hierdeur vir die Pakt af te skrik en hul na hul kant oor te haal nie.

Die hoofverkiesingstaktiek van die twee partygroepe het eintlik hierop berus: Die Pakt was daarop uit om die wanadministrasie van die regering aan die lig te bring, terwyl die Suid-Afrikaanse Party alles in die werk gestel het om 'n wig tussen die twee partye van die Pakt te dryf. Op 22 April verklaar Genl. Hertzog op Vryheid dat hy bereid is om Genl. Smuts uit te daag bloot op grond van sy rekord van die verlede,[162] terwyl hy op verkiesingsdag in 'n finale boodskap aan die kiesers hom soos volg uitlaat: "As julle tevrede is met die dade van die Regering in die verlede dink na en stuur hulle terug; so nie sê dan, Tot hiertoe en nie verder nie, en kies 'n nuwe span."[163] Oor die algemeen is Paktleiers geesdriftig ontvang, wat 'n bewys was van die kiesers se ontevredenheid met die regering en 'n groeiende vertroue in die verkiesingsbondgenootskap tussen Creswell en Hertzog.

Smuts se fiskale beleid is openlik gekritiseer en bewerings is gemaak dat die Regering beïnvloed en regeer word deur die kapitaliste, finansiers, monopoliste en mynmagnate. In die spotprente van Die Burger en Ons Vaderland is daar dikwels op sub-

161. Ons Vaderland, 13.6.24.
162. Cape Times, 23.4.24. Hertzog te Vryheid.
163. Die Burger, 17.6.24.

tiele wyse die draak gesteek met die S.A. Party by wyse van die vet sigaarrokende Hoggenheimers (kapitaliste) as heersende oor die regeringsparty. Andersins is Smuts weer as hulpeloos in die hand en in die mag van die vuis van die kapitalis voorgestel.[164]

Genl. Hertzog het klem gelê op die noodsaaklikheid vir die skepping van 'n ministeriële portefeulje van arbeid gekoördineer met die ander ministeriële departemente. Opposisiesprekers het klem gelê op die toenemende armoede en werkloosheid. Hul beskou dit as voortspruitende uit die Regering se aanmoediging van goedkoop, onbeskaafde arbeid en die onvermoë van 'n onbekwame regering. Dr. Malan wys op duisende jeugdiges wat deur ons strate loop, "unable to find employment".[165] Soos Hertzog, belowe hy die implementering van 'n beleid van beskaafde arbeid ten einde armoede te verlig en blanke arbeid te beskerm. Hertzog glo dat segregasie onmiddellike aandag verg en "beskaafde arbeid sal dus moet beskerm word teen die drang van die onbeskaafde arbeid binne die witman se gebied. Wat die naturel betref, sal binne sy gebied nie minder sorg gedra word vir sy bestaan en ontwikkeling nie".[166]

Die opposisiepartye het uit die staanspoor die wanbestuur van die regering as belangrike rede vir hul ontslag deur die kiesers aangevoor. Smuts en sy partygenote het op 'n wyse, wat nie altyd doeltreffend was nie, gepoog om hul administratiewe rekord te verdedig. Oor die algemeen was hul tog versigtig ten opsigte van hul administratiewe prestasies. Patrick Duncan was

164. Ibid., 30.4.24.
165. Cape Times, 12.5.24. Malan te Calvinia.
166. Jansen-versameling, Lêer 70. Pamflet: Hertzog se toespraak te Smithfield, 3.5.24. (Uitgegee deur die Federale Raad van die Nasionale Party.)

van die weiniges wat die administratiewe rekord van die regering bestempel het as sprekende van groei en ontwikkeling.[167]

Wat die Randse staking betref, verklaar Genl. Smuts op 15 Mei te Koster dat hy alles in sy vermoë gedoen het om 'n vreedsame oplossing te vind, maar dat hy uiteindelik noodgedwonge sy plig moes uitvoer, hoe pynlik dit ook al was. Hy het Suid-Afrika van rewolusie gered.[168] Genl. Hertzog verklaar later die teendeel, naamlik dat Smuts die Unie in werklikheid na rewolusie gedryf het.[169] In 'n hoofartikel van 17 April waarsku die Cape Times teen die versoeking om op grond van die huidige rekord van die bestaande regering ten opsigte van kleiner sake te oordeel, in plaas daarvan om op grond van die belangrike oorweginge rakende dié aspekte wat in die beste permanente belang van die land as geheel is, hul oordeel te grond.[170]

Ten slotte is daar in die verkiesingspropaganda aan die Kleurvraagstuk baie prominensie verleen. Die Pakt se oplossing was geleë in segregasie, en om langs hierdie weg die Witman te bevry van die gevoel van gevaar en die Swartman te laat voel dat die Blankes dit met hulle opreg bedoel. Hul oogmerk was dus samewerking met die Witman en die uiteindelike uitbreiding van politieke regte aan Gekleurdes dwarsdeur die Unie, terwyl Asiate gerepatrieer sou word. Die Kleurvraagstuk is grotendeels as 'n ekonomiese kwessie beskou, en die implementering van segregasie as 'n wyse waarop Blanke arbeid beskerm kon word.

Op Smithfield helder genl. Hertzog hierdie beleid op: "As uitgangspunt vir die oplossing moet geld die handhawing van die

167. Cape Times, 16.5.24.
168. Ibid.
169. Swart-versameling, Lêer 3/3/1/1/1. Hertzog te Johannesburg, 4.6.24.
170. Cape Times, 17.4.24. Hoofartikel.

bestaan van die Europese bevolking en van die Europese beskawing, en om dit te verseker moet sorg gedra word dat daar in ons staatsdiens en in ons industriële lewe plek sal wees vir ons seuns en dogters om 'n bestaan te kan maak."[171] Hierop is kwaai deur Paktsprekers gehamer. Die emosionele wekroep om Blanke Suid-Afrika te red, was deel van die Paktpropaganda, maar het nie soveel prominensie geniet soos gedurende die 1929-verkiesingsveldtog nie. Mnr. A.J. Werth het 'n gehoor meegedeel dat elke stem vir die S.A. Party die swart Suid-Afrikaanse kompound sou bevorder, terwyl 'n stem vir die Nasionale Party 'n stem is vir die bevordering van die Blanke beskawing in Suid-Afrika.[172]

'n Soortgelyke oproep kom van die kant van Die Burger op 31 Mei. Sonder planne of dade het die regering in die Blankes se stryd teen die halfbeskaafde en onbeskaafde Naturelle opsy gaan staan. Dit is hierdie dinge wat sal lei tot die ondergang van die Blanke ras en Westerse beskawing. As weg tot redding word segregasie voorgehou.[173] Smuts word vryelik gekritiseer oor sy beleid om "sake te laat ontwikkel". Hierdie passiewe, negatiewe houding kon die Pakt nie aanvaar nie. Dr. Malan maak die bewering dat die S.A. Party in 1913 'n segregasiebeleid neergelê het, maar in gebreke gebly het om dit ten uitvoer te bring aangesien hul amalgamasie met die Unioniste hul genoop het om segregasie nou te opponeer.[174]

Meeste van die propaganda van die Suid-Afrikaanse Party was gemik op 'n aanval op Hertzog se segregasiebeleid, wat in die

171. Swart-versameling, Lêer 3/3/1/1/1. Hertzog te Johannesburg, 4.6.24.
172. Cape Times, 28.5.24. Werth te Bezuidenhout.
173. Die Burger, 31.5.24. Hoofartikel.
174. Cape Times, 11.6.24.

eerste plek as vaag en onprakties verwerp is. Genl. Smuts waarsku: "It would bring about the greatest commotion ever seen in the history of South Africa ... it will bring the business of this country to a complete deadlock, and ... it will produce such a sense of injury, injustice and oppression in the minds of the natives as will not be easily effected again."[175] Smuts beskryf Hertzog as 'n politieke fanatikus, wat die land in die verdoemenis gaan inhelp met sy segregasiebeleid.[176] Wat sy eie Naturellebeleid betref, was Smuts maar bra vaag. By sommige geleenthede het hy van Naturelle gepraat as onskendbare trust en belowe dat hy nooit hul bestaande regte hul sal ontneem nie; by ander geleenthede het hy weer die feit benadruk dat hy ook ten gunste van 'n segregasiebeleid is. Die historikus, Keith Hancock, klaar die saak soos volg op: "Segregation was not a precisely defined programme but a slogan with as many meanings as anybody could want. It meant one thing in one place, another thing in another place."[177] Walton laat hom teenoor Smuts in 'n brief baie sterk uit oor segregasie: "The segregation of natives is far more dangerous, and I believe it to be impossible. Even the attempt, however, to carry it out would be dangerous."[178]

Later sê die Premier egter dat dit die regering se beleid is om voorsiening te maak vir Naturelle-selfregering in hul reserwes deur Naturellerade. Deur die Stadsgebiedewet is Naturelle reeds in hul eie woongebiede gesegregeer.[179] Op 28 Mei verklaar Genl. Smuts te Cradock dat niemand weet wat segregasie is nie.

175. Jansen-versameling, Lêer 70. Knipsel.
176. The Natal Witness, 25.4.24. Smuts te Pretoria.
177. W.K. Hancock, op. cit., p.163.
178. Smuts-versameling, Band 201. Walton aan Smuts, 21.5.24.
179. Pamflet: Die Volk moet Kies, pp.22-5.

Van die Witman sal die Naturel dan geen reg kry en sal mishandel word en die land sal in onrus bly. Die Pakt sal so die land ruïneer.[180] Die Cape Times beaam dit en gaan verder: "The principle is nothing more than a word swollen with the wind of meaningless utterance ... industrial segregation is a crazy impossibility in the Union."[181]

Patrick Duncan borduur hierop voort en verklaar dat daar altyd 'n lawaai is wanneer die Afbakeningskommissie grond wat geskik vir Blankes is, aan Naturelle toewys. Genl. Hertzog se denkbeeld van Naturellegebiede sal die vraagstuk tienmaal moeiliker maak en ook geen oplossing verskaf nie.[182] Hoe kon die industrie dit oorleef sonder die Swartman se arbeid? Hoe sou die Boere daarsonder klaarkom? Op hierdie retoriese vrae is dit beswaarlik nodig om te antwoord, want geeneen het vir 'n oomblik geglo dat mynbestuurders en Boere hul Bantoe-arbeiders sou verloor nie. Regeringsprekers, Smuts ingesluit, was nie by magte om segregasie volkome af te kam en vrees daarvoor in te boesem nie, omdat dit verskillend op verskillende plekke geïnterpreteer is.

Dit spreek byna vanself dat die regering die Bantoekiesers se steun sou probeer werf teen segregasie. In Durban het Smuts hul gewaarsku dat hul hul politieke regte sou verloor indien die Pakt aan bewind sou kom.[183]

Heel dikwels was dit egter ook vir die regeringsparty nodig om kiesers te laat verstaan dat hul self ten gunste van segregasie is. So het kolonel Stallard op 9 Mei te Roodepoort in antwoord

---

180. Die Burger, 29.5.24. Smuts te Cradock.
181. Cape Times, 12.6.24. Hoofartikel.
182. Die Burger, 12.6.24. Politieke berig.
183. Cape Times, 2.6.24. Politieke berig.

op 'n tussenwerpsel uitgeroep: "Bless me, General Hertzog has not got a monopoly of segregation!"[184] Vier dae later het Genl. Smuts beklemtoon dat sy party ook segregasie steun en wil uitvoer, soos die Naturellewet van 1923 getuig, maar Hertzog se beleid bestempel hy as baie meer verreikend.[185] Dit kan egter met reg aanvaar word, soos die Nasionale Party ook beweer het, dat die regeringsparty eintlik geen klinkklare Naturellebeleid gehad het nie.

Die Pakt het egter duidelik tussen die Naturel en Kleurling onderskei. Die Kleurling is uit die Blanke gevorm en moes as sulks midde die Europese gemeenskap tot ontwikkeling kom. Hertzog glo dat samewerking tussen die Witman en die Bruinman dus onvermydelik was.[186] Kleurlinge moes op gelyke basis as Blankes behandel word ten opsigte van onderwys, handel en fabriekswese; sosiale gelykheid is vir albei egter nie ten goede aanvaarbaar nie. Hy is ten gunste daarvan dat Kleurlinge, sodra segregasie toegepas word, deur 'n sekere aantal lede in die Parlement verteenwoordig word.[187]

Regeringslede het nie altyd eenders gedink oor hul Kleurlingbeleid nie. Stuttaford verklaar op 4 Junie te Kaapstad: "The right of every coloured man to raise himself in the standard of civilization and when he has reached the standard of the white man to take his part in the government of the country forms an important plank in the S.A.P. programme."[188] In Pretoria het

184. W.K. Hancock, op. cit., p.163; Die Burger, 12.5.24. Politieke berig; The Star, 10.5.24. Politieke berig.
185. Cape Times, 14.5.24. Politieke berig.
186. Ibid., 9.4.24. Politieke berig.
187. Ons Vaderland, 17.5.24. Politieke berig; W.B. de Villiers-versameling, Lêer 8. Inligtingstukke; Die Burger, 9.4.24. Politieke berig.
188. Cape Times, 5.6.24. Politieke berig.

Genl. Smuts egter verwys na die feit dat indien Hertzog die eleksie wen die kleurslagboom vir Kleurlinge in die Unie totaal sou verdwyn.[189]

Die Asiatevraagstuk het onder sekere mense, veral die Natallers en Transvalers groeiende onrus veroorsaak. Die Pakt-sprekers het aan kiesers 'n waarskuwing gerig ten opsigte van die steeds groeiende Asiatebevolking in Suid-Afrika. Op 26 April verklaar adv. Tielman Roos te Potchefstroom dat dit die politiek van die Nasionale Party in Transvaal is dat Asiate gerepatrieer moet word en volle vergoeding aan hulle uitbetaal moet word.[190] Op 7 Mei rig hy weer te Springs 'n waarskuwing aan kiesers: "If the present national policy continues for another five years, it will be impossible ever to have a large white population."[191] Tommy Boydell gaan selfs verder en maan Natalse kiesers dat Natal die gevaar loop om 'n Asiatiese kamp van Indië te word.[192]

Die Suid-Afrikaanse Party het ten opsigte van Asiate in 'n groot mate dieselfde standpunt as Roos gehuldig, ondanks die feit dat die Indiese regering sy ontevredenheid uitgespreek het met die Stadsgebiedewet.[193] Op 19 Mei verklaar Genl. Smuts te Potchefstroom dat die aanwesigheid van Indiërs beskadigend is vir ons stede en vernietigend vir die Blanke bevolking. Met verwysing na Roos se pleidooi vir repatriasie en skadevergoeding aan Indiërs, beweer Smuts dat die Indiërs geweldige eise sal kan stel indien repatriasie afgedwing word. Bowendien sal die Indiese Regering hul weer terugstuur. Tog voel Smuts ook dat daar

189. Die Burger, 24.4.24. Politieke berig.
190. Ibid., 28.4.24. Politieke berig.
191. W.K. Hancock, op. cit., p.162.
192. Cape Times, 30.5.24. Politieke berig.
193. Jansen-versameling, Lêer 107. Indiese onderkoning aan Uniale Goewerneur-generaal, 14.3.24.

bestaande regte is wat erken moet word, regte wat nie sonder vergoeding weggeneem kan word nie. Hy verklaar homself ten gunste van die repatriasie van Asiate, en beweer dat hul dit so spoedig moontlik ten uitvoer sal bring.[194]

Wat die hele Kleurvraagstuk as propagandamiddel betref, is dit duidelik dat die Pakt beslis gunstiger reaksie by kiesers ontlok het. Deur die klem te laat val op die behoud van die Blanke en Westerse beskawing en die praktiese toepassing van 'n segregasiebeleid, het hul heelwat kiesers na hul kant oorgehaal. Deur in gebreke te bly om 'n definitiewe, praktiese beleid ten opsigte van die Kleurgroepe daar te stel, het Smuts heelwat steun moes inboet. Die Suid-Afrikaanse Party het reeds in die praktyk die kans gehad om sy idees te implementeer en in die proses is nie veel positiefs gedoen nie. Dit het geblyk dat die regering oor die Kleurvraagstuk nie volkome uitsluitsel gehad het nie, en ook dat daar nie eensgesindheid was in hul geledere ten opsigte van sodanige beleid nie. Alhoewel Hertzog se segregasiebeleid inderdaad nog vaag en onprakties was, het die kieserspubliek dit onnodig geag om 'n beleid wat op hul beskerming gemik is, van naderby te ontleed.

Die geesdrif waarmee die Pakt die verkiesing benader het, het vir die regering gevaar voorspel. Vanaf die 12de Junie het Die Burger daagliks vetgedrukte geraamde slagspreuke gepubliseer ten einde lesers na die stembus op te roep. 'n Wengees en 'n verantwoordelikheidsin is ingeskerp. Hulle is gewaarsku om nie hul opponente te onderskat nie en om vroegtydig oorkant moontlike vol riviere te kom. Op verkiesingsdag is onder andere

194. Die Burger, 20.5.24. Politieke berig.

die volgende slagspreuke in dié koerant gebruik: "Die beste mosie van wantroue teen die Smutsregering is U stem op 17 Junie" en "Wie vandag tuis bly, pleeg hoogverraad teenoor sy volk".[195]

Smuts was as realis, intellektualis en versiende staatsman terdeë bewus van die faktore wat sy kanse in die verkiesing sou benadeel, maar tog het hy nog optimis gebly, soos sy brief aan Strakosch getuig: "It will go hard with me this time. The things I am proud of will count most against me. My deadly sins are: the pricking of the Secession bubble in 1921 and the scotching of the Revolution in 1922. Since then I have had to retrench, economise and deflate. You do not reap a harvest of appreciation for these things in South Africa. However, there is a great deal of horse sense, and of loyalty left in this land. And I shall put up as strenous a fight as possible. I should say the chances are even, the rest is good fortune. May it come my way again."[196]

Die simpatie van die Britte in Brittanje was grootliks by Smuts. Gilbert Murray verseker Smuts hiervan en van hul morele steun. "It will be a serious thing for the Empire and for all good causes if the one sound Prime Minister in the world is defeated."[197] Tog kom Walton, Suid-Afrika se Hoë Kommissaris, tot die gevolgtrekking dat Britte minder belangstelling in die Suid-Afrikaanse verkiesing toon as wat hy verwag het hulle sou hê.[198] Hankey verseker Smuts van die volgende, naamlik dat of hy die verkiesing wen of verloor, die toekoms van die Unie as Dominium

195. Ibid., 17.6.24.
196. Smuts-versameling, Band 201. Smuts aan Strakosch, 7.5.24.
197. Ibid., Band 200. Murray aan Smuts, 15.4.24.
198. Ibid., Band 201. Walton aan Smuts, 4.6.24.

grootliks in die hande van Smuts lê.[199]

Die uitslag van hierdie verkiesing was voortdurend in die weegskaal. Smuts skryf aan die Gillett-familie: "What will come of this election I do not know. ... There are many hopeful signs, but also there are signs to the contrary."[200] Die Engelse pers was dit egter eens dat Smuts, die wêreldstaatsman nie kon verloor nie; die publiek sal hom nooit verwerp nie.[201] Dit was miskien net die rede vir sy nederlaag, naamlik dat die kiesers iemand verlang het vir wie Suid-Afrika van groter betekenis was as die Britse Ryk. 'n Brood-en-botter-beleid was immers belangriker as die Volkerebond. Smuts se privaatsekretaris is redelik in die kol met sy voorspelling aan Latham: "As it is a considerable likelihood - judging by to-day's feelings - exists (sic.) that the South African Party may be in a small minority."[202] Desondanks was daar, in die oë van Genl. Smuts, sekere faktore wat hul in die verkiesing kon benadeel. Walton is deur sy Premier hiervan verwittig. "One thing which will hamper us very much is the absence of large numbers of supporters who are holidaying in Europe and judging by the crowded ships that leave here every mail I think we shall find the absence of so many a severe handicap to us."[203] Of die afwesigheid van hierdie „toeriste" 'n verskil aan die uitslag van die verkiesing sou maak, is egter hoogs te betwyfel.

The Star het egter geen illusies ten opsigte van die sterkte van die opposisie gehad nie, want op die vooraand van die ver-

199. Ibid., Band 200. Hankey aan Smuts, 22.5.24.
200. Ibid., Band 201. Smuts aan Gilletts, 2.5.24.
201. O. Pirow, James Barry Munnik Hertzog, Parow, 1957, p.98.
202. Smuts-versameling, Band 200, Privaatsekretaris van Smuts aan Latham, 22.5.24.
203. Ibid., Band 201. Smuts aan Walton, 11.4.24.

kiesing het hul 'n dringende oproep tot alle regeringsondersteuners gedoen om almal te stem, aangesien hul in sommige kiesafdelings 'n verbete stryd verwag. Tog glo hul, volgens 'n meningsopname, dat die Suid-Afrikaanse Party die verkiesing met 'n meerderheid van 11 setels kon wen.[204] Genl. Smuts waarsku die Pakt te Volksrust dat hul nie in die waan moet verkeer dat die sukses in Wakkerstroom met hierdie eleksie weer herhaal sal word nie.[205] In 'n personderhoud verklaar Smuts dat hy effens bekommerd is oor die Rand, maar dat hy meen dat sy party se kanse oor die res van die land goed is.[206] In 'n hoofartikel kort voor die verkiesing laat The People's Weekly hom só uit oor die moontlike uitslag van die verkiesing: "The probability is that we will get a Government composed of Nationalists and Labourites with a very small lead over the S.A. Party."[207] Dus wissel die menings van regeringskant van hoopvolle optimisme tot negatiewe pessimisme. Die invloedryke regeringspers soos The Star en Rand Daily Mail het alles in die werk gestel om die gevare en ondeugde van die Pakt in spesiale kolomme oop te vlek en aan die kiesers as propagandamiddel voor te hou.

Die Pakt kon die verkiesing vol vertroue tegemoet gaan, want die volk was ontevrede met die Smuts-regering. Die kiesers het besef dat daar baie myle tussen doen en sê lê. "As Hertzog hul buike sou vul, sou sy eenvoudige brood-en-botter-politiek hulle volkome bevredig. Wanneer Smuts met konings en prinse aangesit het, het hulle verklaar, het hulle nie eens die krummels ontvang wat van die tafel afgeval het nie."[208] Omstreeks 1920 is aan

204. The Star, 16.6.24. Verkiesingsoorsig.
205. Die Burger, 6.6.24. Politieke berig; The Star, 6.6.24. Politieke berig.
206. The Star, 14.6.24. Politieke berig.
207. The People's Weekly, 13.6.24. Hoofartikel.
208. F.S. Crafford, op. cit., p.252.

Genl. Hertzog die vraag gestel wanneer hy reken die Nasionale Party aan bewind sou kom, waarop hy profeties geantwoord het: "Enige tyd vanaf 1924."[209] Die Burger beweer dat die Smuts-regering uitgedien is en verdien om deur die volk verwerp te word.[210] Sedert die Pakt-ooreenkoms, is die twee partye geesdriftig deur sy persorgane gesteun, en veral tydens die paar weke wat die eleksie vooraf gegaan het, is die kiesers in vurige taal versoek om op stemdag 'n nuwe regering, die Pakt, 'n kans te gee.

Ná 'n bittere veldtog het die volk op 17 Junie na die stembus gestroom. Die twee hooftaalgroepe het die onderlinge stryd van baie jare vergeet; die gevaar van Bolsjewisme, sesessie, 'n onbekwame regering, finansiële chaos en die algemene skoktaktiek van die Suid-Afrikaanse Party, het in vele opsigte nie in vrugbare aarde geval nie. 'n Geleidelike maar nietemin duidelike omskepping in die volk se geesteshouding het die regeringsparty en Smuts se ondergang voorafgegaan. Die Pakt se beloftes van 'n veiliger toekoms vir die Blanke arbeider en die daarstel van 'n nuwe regering, wat alles in die werk sal stel om die ekonomiese posisie van die Unie te verbeter, het uiteindelik die deurslag gegee.

Die sensasiewekkende uitslag van die verkiesing het veral die Engelssprekende wêreld diep verbaas. Die regering is 'n gevoelige nederlaag toegedien en die Pakt was 'n skitterende sukses. Voortaan sou Hertzog die lakens uitdeel.

Die posisie van die verskillende partye met die ontbinding van die Parlement was soos volg:

---

209. C.M. van den Heever, op. cit., p.441.
210. Die Burger, 8.4.24 en 12.6.24.

Suid-Afrikaanse Party	72
Nasionale Party	47
Arbeidersparty	13
Onafhanklikes	2

Die uitslag van die algemene verkiesing van 1924 was:

	N.P.	Arbeiders	S.A.P.	Onafhanklikes
Kaap	20	2	28	1
Transvaal	26	12	12	0
O.V.S.	16	1	0	0
Natal	1	3	13	0
	63	18	53	1

Smuts se vroeëre voorspelling dat die Rand sy party se doodsteek kon wees, is inderdaad bewaarheid, want die totale stemme aan die Pakt in Transvaal was 58 773[211] in vergelyking met 49 026 wat die twee partye in 1921 op hul getrek het.[212] Die Pakt het 'n algehele meerderheid van 27 setels geniet. Die Nasionale Party het 16 winste getoon, waarvan die meeste platteland se setels in Transvaal en die Kaap was, terwyl die Arbeidersparty 5 setels aan die Rand bykomend gewen het. Die totale verlies van die regeringsparty was 19 setels.

Genl. Smuts is deur 'n Arbeider, George Hay, in sy kiesafdeling, Pretoria-Wes verslaan. Hierbenewens is drie van sy ministers ook verslaan, te wete F.S. Malan in Malmesbury, H. Burton te Ladismith, en Kol. H. Mentz te Soutpansberg.

Die totale aantal stemme wat in die verkiesing uitgebring is, was soos volg:

---

211. Die Staatskoerant, 27.6.24 gee hierdie getal aan as 59 495.
212. The Star, 21.6.24. Verkiesingsuitslae.

	Nasionale Party	S.A.P.	Arbeiders-party	Onafhanklikes
Kaapland	52 607	78 780	11 707	8 238
Transvaal	37 460	48 647	22 035	948
O.V.S.	19 410	8 086	1 436	-
Natal	3 428	15 283	6 917	1 260
	112 905	150 796	42 095	10 446

Totale aantal stemme uitgebring: 316 242

Totale aantal stemgeregtigdes in betwiste kiesafdelings: 401 836

Stempersentasie: 78,7%[213]

Die rede vir die klein verskil in stemme tussen die Pakt aan die een kant en die S.A. Party en Onafhanklikes aan die ander kant in vergelyking met die groot verskil in setels, is daaraan toe te skryf dat die Suid-Afrikaanse Party meer as die helfte van sy setels in die Kaapprovinsie verower het, waar die kiesafdelings 'n abnormale kwota kiesers per setel gehad het omdat die aantal kiesers volgens die Blanke stemgeregtigdes bereken is en die Nie-Blankes nie in berekening gebring is nie. Die vestings van die regeringsparty was ook hoofsaaklik in die stedelike gebiede waar die kiesafdelings belaai is.[214]

Die totale aantal stemgeregtigdes in onbetwiste kiesafdelings was 11 300. As 'n berekening van die stemverdeling in die onbetwiste kiesafdelings ten opsigte van die twee betrokke partye gemaak word, lyk die statistiek so:

---

213. Die Staatskoerant, 27.6.24.
214. The Round Table, Vol. 56, September 1924.

	Nasionale Party	S.A.P.	Arbeiders-party	Onafhanklikes
Totale uitgebragte stemme:	112 905	150 796	42 095	10 446
Berekende stemtotaal vir die onbewiste kiesafdelings:	4 453	2 242	-	-
Totaal:	117 358	153 038	42 095	10 446
Persentasie stemme:	36,34	47,39	13,04	3,23

As hierdie persentasies vergelyk word met dié van 1921, word bevind dat die aantal stemme vir die Suid-Afrikaanse Party met ongeveer 5% gedaal het, dié van die Arbeidersparty met bykans 3% gestyg het, terwyl die Nasionale Party basies konstant gebly het. Aldus het 'n relatief klein stemverandering 'n rewolusionêre verandering ten opsigte van die magsbalans teweeggebring.[215] Indien die aantal setels wat deur die Nasionale Party en Suid-Afrikaanse Party verower is in verhouding was met die aantal uitgebragte stemme op hul verenig, sou die Nasionale Party slegs 49 setels kon verower teenoor die Regeringsparty se 64.

Die volgende tabel illustreer op welke nadelige wyse die delimitasie die Suid-Afrikaanse Party getref het, omdat hy meer as 50% van sy setels in Kaapland verower het:

	Aantal kiesers	Aantal Parlementêre setels	Provinsiale kwota
Kaapprovinsie	197 039	51	3 863
Transvaal	141 248	50	2 824
O.V.S.	49 043	17	2 884
Natal	34 600	17	2 034[216]

215. Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, No. 2, Nov.1970, p.73.
216. Verslag van die Vierde Delimitasiekommissie, Buitengewone Staatskoerant, 27.7.23, pp.2-3.

"The ratio between the Cape and the Transvaal was thus 100:73. The reason for the Cape's high provincial quota was that the allocation of seats to the four provinces was based on the European male adult population. For this purpose the non-European voters in the Cape Province, numbering 41 086 were not taken into account."[217]

Die volgende tabel is 'n aanduiding van die verhouding ten opsigte van gelaaide en ontlaaide setels tussen die drie mededingende partye:

	Gelaaide setels			Ontlaaide setels		
	S.A.P.	N.P.	Arbeiders	S.A.P.	N.P.	Arbeiders
Kaapprovinsie	19	3	2	9	17	-
Transvaal	8	4	11	4	22	1
Vrystaat	-	6	1	-	10	-
Natal	5	1	3	8	-	-
Totaal:	32	14	17	21	49	1[218]

Dit is gevolglik duidelik dat die Nasionale Party, met sy groot aanhang in die plattelandse kiesafdelings, geweldig gebaat het by die stelsel van belading en ontlading van kiesafdelings en met vlag en wimpel uit die stryd kon tree. Hierteenoor was die Arbeidersparty, bondgenoot van die Nasionaliste, egter by uitstek aangewese op steun van die stedelike kiesers, en as sodanig ook soos die Suid-Afrikaanse Party ten nadele beïnvloed deur dié stelsel.

Die S.A. Party-pers was verbyster en tegelykertyd skepties oor

217. Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, No. 2, Nov. 1970, p.74.
218. Verslag van die Vierde Delimitasiekommissie, Buitengewone Staatskoerant, 27.7.23.

die uitslag van die verkiesing. The People's Weekly het reeds voor die uitslag die volgende stelling gemaak: "A country will always get a Government it deserves, and it is possible that by undisciplined actions in the past, and the want of political principles at the present, we have deserved a Nationalist Government."[219] 'n Week later was hierdie koerant se kommentaar ten opsigte van die verkiesing: "... They will find it difficult to carry on the Government of the country ... What will men and parties not do to satisfy a real deep hatred such as they feel for gen. Smuts."[220]

Die regeringspers kon die nederlaag van Genl. Smuts teen 'n Arbeider nie sluk nie. The Cape Times bestempel die oorwinning van Hay en sy bataljons in Pretoria-Wes as 'n klad op Suid-Afrika se skoon naam.[221] The People's Weekly probeer die nederlaag verklein: "The defeat of Genl. Smuts is but an episode, it is more honourable than many a victory won in this election."[222] In 'n hoofartikel van The Star skryf die redakteur die uitslag toe aan seksionele en persoonlike oorsake wat syns insiens van geen besondere betekenis is nie.[223] Die Burger was verheug oor die algemene uitslae en het sout ingevryf in die wonde van Genl. Smuts: "Die Uebermensch van die S.A.P., wat homself as onmisbaar beskou vir Suid-Afrika, is deur sy eie kiesafdeling verwerp."[224]

Hoewel die deursnee ondersteuner van die Suid-Afrikaanse Party en hul persorgane ernstige bedenkings gehad het oor die vermoë

---

219. The People's Weekly, 13.6.24. Hoofartikel.
220. Ibid., 20.6.24. Hoofartikel.
221. Cape Times, 18.6.24. Hoofartikel.
222. The People's Weekly, 20.6.24. Hoofartikel.
223. The Star, 18.6.24. Hoofartikel
224. Die Burger, 18.6.24. Hoofartikel.

van die nuwe regering, was daar sommige wat gevoel het dat hul 'n billike kans gegun moes word. Violet Carruthers skryf aan Smuts: "These people have settled in for a time and like all newcomers they must be given a fair run for their money."[225] The Natal Witness het aangevoer dat daar in die paar jaar voor 1924 'n politieke grondverskuiwing in Suid-Afrika plaasgevind het, terwyl die redakteur erken het dat die uitslae 'n onomstootlike bewys is dat die vertroue in die Premier en sy party verflou het. Genl. Smuts se besluit op 'n vroeë eleksie, word as 'n groot fout van sy kant bestempel.[226] Die regeringsparty was inderdaad nie goed genoeg voorberei vir 'n verkiesing nie en die volk het slegs sy minder positiewe dade onthou. Gevolglik het dit aan die Pakt die geleentheid gebied om in troebel waters vis te vang. Indien Smuts die volle termyn van vyf jaar laat verloop het, kon hul baie vermag het om nuwe steun te verwerf. Die algemene toestand in die Unie en in die wêreld was stadig maar seker besig om te verbeter, soos wat die onmiddellike sukses van die Paktregering getuig. Die Burger het agting vir die beslissing van die volk geëis, en het die tirades van S.A. Party-koerante bestempel as 'n gemis aan grasie om 'n nederlaag te dra - 'n mening wat ook deur die Sunday Times toegedaan was.[227] Ons Land noem die toestand nou geskep "politiek immoreel", terwyl The Cape Times glo dat die landsbestuur van Genl. Hertzog 'n verandering ten kwade sal wees.[228]

Punch het 'n spotprent van Genl. Smuts geplaas waarin hy met

225. Smuts-versameling, Band 200. Carruthers aan Smuts, 14.8.24.
226. Die Burger, 20.6.24. Aangehaal uit The Natal Witness, 20.6.24.
227. Ibid., 25.6.24. Hoofartikel; Sunday Times, 22.6.24. Hoofartikel.
228. Die Burger, 25.6.24. Hoofartikel. Aangehaal uit Ons Land en Cape Times.

'n krieketkolf van die paaltjies wegstap, terwyl John Bull hom gelukwens en sê dat hy weer vir ander toetse gebruik sal word.[229] Dit vertolk eintlik die opinie van die Engelssprekende wêreld ten opsigte van Smuts en die nederlaag hom toegedien.

Genl. Smuts moes hom neerlê by hierdie beslissing. Aan Wallers skryf hy op 24 Junie: "It is clear that the country had made up its mind to have a change and to give the others a chance. No effort, however, heroic, could overcome the brute force of this great and settled conviction."[230] Dieselfde dag skryf hy aan Margaret Gillett: "It will take me some time to adjust myself to the new situation", en oor die komende Parlementsitting is sy kommentaar: "I am sure there will be some fun. I wish the new team well. But I have my doubts and fears."[231]

Die voormalige Premier moes hierdie nederlaag beslis ook ernstig ter harte geneem het, soos Margaret Gillett ook aan hom te kenne gee: "I am sure that however glad you may be to have a rest from cares of office, it must be a queer sensation to be thrown out, and however well I can understand how it comes about, I can still feel sore on your behalf."[232] Tog was Smuts van opinie dat hul nie te sleg gevaar het nie. Alhoewel hul swak gevaar het, is die posisie in die land heel goed. Meer as 48% van die kiesers het vir sy party gestem, en met die steun van die helfte van die land in die praktyk, kan selfs 'n minderheid die harte verbly.[233]

---

229. Smuts-versameling, Band 200. A.A. Kidwell aan Smuts, 12.8.24.
230. Ibid., Band 201. Smuts aan Wallers, 24.6.24.
231. Ibid., Band 200. Smuts aan M.C. Gillett, 24.6.24; Smuts-Papers, Volume V, p.228.
232. Smuts-versameling, Band 200. M.C. Gillett aan Smuts, 17.7.24.
233. Smuts-Papers, Volume V, p.229.

Aan Cohn erken Smuts dat veertien jaar 'n te lang ononderbroke tydperk vir een regering is om aan bewind te bly. Hy blameer nie die volk nie, en skryf dit ook nie toe aan wispelturigheid of ligsinnigheid nie. Tog is hy oortuig daarvan dat alles op die lange duur sal regkom.[234] Hulle sal aan die vertroue vashou sonder om te wankel.

E.H. Walton, Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris in Londen, speel oop kaarte met Smuts: "I don't know that it is a bad thing for the country. That sort of thing rouses people to take an interest in the management of their own affairs. Some of your men were getting slack, and the departments will be better for having a few new men full of the 'new broom' spirit."[235]

Gert Claassen, L.V. vir Standerton, het onder andere sy setel aan Smuts aangebied. Nadat hy dit aanvaar het, het Hertzog en sy party besluit om hom nie te opponeer nie, en is Smuts onbestrede verkies. Op Hertzog se aandrang by die Transvaalse Nasionale Party is op sodanige stap besluit. Alhoewel sommige Nasionaliste gevoel het dat dit 'n verkeerde stap was omdat hul in Standerton 'n kans gehad het om 'n oorwinning te behaal, het Die Burger hierdie houding verdedig. Hy bestempel dit as bewys van die Nasionale Party dat hy landsbelange bo partybelange stel deur Genl. Smuts se verdienste te erken.[236]

Die uitslag van hierdie verkiesing was inderdaad die einde van 'n tydperk. Dit sou ook die verhoudingsituasie tussen die twee groot Suid-Afrikaanse politieke partye noodwendig affekteer. Die noue en geweldige sterk band met die Imperiale regering sou ge-

234. Smuts-versameling, Band 244. Smuts aan Cohn, 24.6.24.
235. Ibid., Band 203. Walton aan Smuts, 7.1.25.
236. Die Burger, 24.6.24. Hoofartikel.

leidelik verswak, juis omdat die Pakt-regering al meer sou neig tot 'n praktiese beleid van "Suid-Afrika eerste". Besluite sou nie meer so verband hou met die implikasie wat dit in die moederkolonie sou hê nie; wette sou nie meer gemeet word aan die aanvaarbaarheid en uitwerking, al dan nie, wat sodanige wetgewing in Brittanje sou hê nie; industriële ontwikkeling sou nie meer op die lange baan geskuif word weens die konkurrensie of botsing wat dit met die Britte sou meebring nie. Crafford stel dit baie duidelik: "Die val van Smuts het (minstens tydelik) die einde van die Britse heerskappy in Suid-Afrika aangedui en die begin van Afrikaner-emansipasie, veral op ekonomiese gebied. Dit het die einde van die invoertydperk aangedui en Suid-Afrikaanse industrialisme ingelui."[237] Dit het tegelykertyd ook aan die Nasionale Party die geleentheid gebied om hul doelstellings (altans, sommige daarvan) in die praktyk ten uitvoer te bring, en dit was juis in die praktiese implementering daarvan dat konfliksituasies geskep is - situasies waardeur veral die rassegevoel tot so 'n mate opgesweep is dat die verhouding tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party ernstig benadeel is.

Genl. Hertzog was baie tevrede met die uitslag en het die sukses van die Pakt toegeskryf aan 'n algemene, ware volksbegeerte na 'n ander regering. Daar was te veel geweldpleging van die regering en die land is nie meer in belang van die volk as geheel regeer nie. Behalwe dat Hertzog tevrede was dat die verkiesingsooreenkoms stiptelik nagekom is, het hy die uitspraak van die volk ook vertolk as 'n begeerte van die twee hoofrassegroepe, om as verenigde volk saam te woon. Samewerking met die Arbeiders is noodsaaklik en die Pakt sal voortduur, mekaar ondersteun en

237. F.S. Crafford, op. cit., p.253.

die land regeer op 'n wyse wat weer die nodige harmonie en welvaart kan bring.[238] Vir Hertzog was die uitslag van hierdie verkiesing 'n groot persoonlike en politieke triomf. Crafford sien Hertzog se sege in 'n ander lig: "Dit moet erken word dat sy sukses in 'n sekere sin aan sy beperkings te danke was. Anders as Smuts, was hy volkome tevrede met 'n beperkte politieke toekoms in 'n uitsluitlik Suid-Afrikaanse omgewing."[239]

Smuts en van sy partygenote het hul bedenkinge gehad oor die duur van die Pakt. Strakosch laat hom só hieroor uit teenoor Smuts: "Their ideals must be as the poles apart, and I cannot help feeling they will not blend in actual practice."[240] Aan Crewe skryf Smuts op 25 Junie: "I only hope the Pact will form their coalition government because that will make our work easier in many ways. A purely Nationalist government will be an appeal to many unthinking Saps to go over and save them from Labour; and a Pact government will on the contrary send many good sensible Nats our way."[241]

Weens die gebrek aan 'n volstrekte meerderheid, het Hertzog die Arbeiders genader en verneem of hul bereid is om in sy kabinet opgeneem te word. Gevolglik sou die opponente van kapitalisme 'n verenigde front vorm. Op 29 Junie, tydens 'n spesiale kongres van Arbeiders in Johannesburg, is besluit om hierdie gebaar van Hertzog te aanvaar, ondanks aanvanklike teenkanting. So is Smuts se wens om 'n Nasionale-Arbeiderkoalisie vervul, en twee Arbeiderlede is in die Kabinet opgeneem, te wete

238. The Friend, 21.6.24. Onderhoud met Hertzog; Die Burger, 20.6.24. Politieke berig.
239. F.S. Crafford, op. cit., p.253.
240. Smuts-versameling, Band 201. Strakosch aan Smuts, 1.7.24.
241. Smuts-Papers, Volume V, pp.229-30.

F.H.P. Creswell (Minister van Verdediging en Arbeid) en T.O. Boydell (Minister van Pos- en Telegraafwese en Openbare Werke). Die res van die kabinet, wat Genl. Hertzog op 30 Junie aangekondig het, is soos volg saamgestel:

Genl. J.B.M. Hertzog	:	Eerste Minister en Minister van Naturellesake
Adv. T.J. de V. Roos	:	Minister van Justisie
Dr. D.F. Malan	:	Minister van Binnelandse Sake, Onderwys en Volksgesondheid
N.C. Havenga	:	Minister van Finansies
C.W. Malan	:	Minister van Spoorweë en Hawens
Adv. F.W. Beyers	:	Minister van Mynwese en Nywerheid
Genl. J.C.G. Kemp	:	Minister van Landbou
P.G.W. Grobler	:	Minister van Lande.

In die geledere van die Natallers was daar ontevredenheid dat hul provinsiale leier, adv. E.G. Jansen, die enigste provinsiale leier was wat nie in die kabinet opgeneem is nie. Op versoek van die nuwe premier het Jansen nie daarop aangedring nie, sodat Transvaal sy aantal kabinetslede volgens sy aantal volksraadslede kon kry. Hertzog het hom die speakersamp aangebied en onderneem om hom later in die kabinet op te neem. 'n Engelssprekende, Jim Hathorn, skryf onder andere aan Jansen: "I quite agree with the 'Mercury' that Natal would be far more suitably represented in the Ministry by you than by Boydell who to my mind is not a man with any very stable convictions."[242] Die ontevrede Natallers moes berus in Genl. Hertzog se versekering dat sy besluit onvermydelik was.

---

242. Jansen-versameling, Lêer 70. Hathorn aan Jansen, 3.7.24.

Die bondgenootskap tussen die Nasionale- en Arbeidersparty het die Suid-Afrikaanse Party se kanse aansienlik verswak, en Smuts sou spoedig besef dat sy voorspellings nie vervul sou word nie. Hertzog het gekom om te bly. Die doeltreffende funksionering van die Pakt is reeds met die verkiesing gedemonstreer en sou beslis vir die volgende paar jaar nie uitbly nie. Die twee Pakt-partye sou egter nog steeds afsonderlik bly voortbestaan, elk met sy eie program van beginsels en partyorganisasie.

Hertzog se keuse van sy kabinet het oral gunstige kommentaar ontlok. Die Rand Daily Mail sê dat die bekendmaking van die kabinet geen skok veroorsaak het nie en spreek die hoop uit dat hul 'n billike kans gegun sal word. Die Natal Mercury beweer dat die samestelling van die kabinet die vasberadenheid van Natal sal versterk om die voortsetting van die stelsel van Provinsiale Rade te handhaaf. Die Volkstem se redakteur wonder wat die uitwerking van die opname van 'n paar Sosialiste in die kabinet gaan wees.[243] The South African Nation was die mening toegedaan dat die nuwe regering se potensiaal tot debattering goed, alhoewel nie briljant, is nie.[244] The People's Weekly lewer soos volg kommentaar: "General Hertzog appears to have both chosen and placed his Ministers with a wise discretion."[245] The Star lug die opinie dat die nuwe Premier deur die toekenning van portefeuljes alle uittarting vermy het, wat die geval sou gewees het as Verdediging aan Kemp en Mynwese aan Boydell toegesê gewees het.[246]

---

243. Die Burger, 2.7.24. Aangehaal uit Rand Daily Mail, Natal Mercury en Die Volkstem.
244. The South African Nation, 5.7.24. Hoofartikel.
245. The People's Weekly, 4.7.24. Hoofartikel.
246. The Star, 30.6.24. Hoofartikel.

Hertzog het dus, nie alleen deur die opname van die twee Engelssprekende Arbeiderslede in sy kabinet nie, maar ook deur 'n tegemoetkomende samestelling van die kabinet, die weg gebaan vir 'n beter rasseverhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekende. Sy tweestroompolitiek kon nou in die praktyk tot vervulling kom. Hierdie versoenende houding van Hertzog kon miskien ook na afloop van die bittere verkiesingstryd van 1924 daartoe bydra om die verhouding tussen die Nasionaliste en die Suid-Afrikaanse Party te verbeter.

Uit hierdie atmosfeer het die wekroep tot hereniging, veral vanuit Nasionale geledere, opgestyg. Genl. Hertzog, sowel as Tielman Roos, het die volk uitgenooi om by die Nasionale Party aan te sluit en die belange van die boer en die werker teen dié van die kapitaliste te beskerm.[247] Ook van die kant van die Suid-Afrikaanse Party word hierdie kreet gehoor. Een van Smuts se ondersteuners, J. Schoeman, skryf op 20 Junie aan hom: "En tog kom ek tot die slotsom dat die vurig, gewenste oomblik nader, wanneer deur re-groepeering die groter Hereniging soos U dit genoem het sal plaas vind. Dis my nederige opinie dat die sielkundige moment naby is."[248]

Opposisiekoerante verwerp hereniging egter as ongewens en onprakties, terwyl dit ook beskou word as 'n poging van Nasionaliste om hul posisie te verstewig en hul onafhanklik van die Arbeidersparty te maak.[249] Die Nasionale Party het nogtans ten koste van die Suid-Afrikaanse Party gegroei.

Teen hierdie agtergrond is die nuwe Hertzog-kabinet ingesweer.

---

247. Ons Vaderland, 20.6.24. Brief van Roos; Die Burger, 11.7.24. Bedankingswoord van Hertzog.
248. Smuts-versameling, Band 201. Schoeman aan Smuts, 20.6.24.
249. The Round Table, Volume 56, September 1924.

Te midde van teleurstelling en skeptisisme moes die nuwe oppositieparty homself konsolideer, terwyl die nuutgekose regering met hoopvolle verwagting 'n nuwe hoofstuk in die volksgeskiedenis kon betree. Vir die groot meerderheid Engelssprekendes was dit maar 'n bitter pil om te sluk dat die Nasionaliste, van wie se strewe hul meestal net 'n eensydige beeld gehad het, in samewerking met 'n groep Engelse nogal, die leisels van die regering moes oorneem. Binne die geledere van die Engelssprekende S.A. Party-lid het die vrees begin posvat dat alles wat vir hul dierbaar is, hul nou ontneem sou word. Van die begin van hierdie bewindsoorname af was die Engelssprekende Smuts-ondersteuners gevolglik op hul hoede ten einde dit wat vir hul as pro-Britse element van betekenis en eiendomlik was met krag en mag te behou. Die onsigbare band wat hul aan die moederkolonie verbind het, moes ten alle koste behoue bly, en die aantasting daarvan sou die sterkste gevoelens denkbaar opwek. Hiervan was Genl. Hertzog maar te bewus. Vandaar dat hy na afloop van die verkiesing by 'n onthaal wat ter viering van die oorwinning vir hom te Pretoria aangebied is, verklaar: "Ek voel dat dit Groot-Brittanje behoort te wees en altyd, wat my en die Regering betref, ons eerste en beste vriend sal wees."[250] Hierdie vrees vir anti-Britse optrede is ook deur sommige Afrikaanssprekende Smuts-ondersteuners uitgespreek.

Tog het die Nasionaliste, met die soet smaak van oorwinning in die mond, in die bewindsoorname die geleentheid gesien om dit wat vir hul op hul beurt dierbaar en noodsaaklik was vir die Afrikanernasietrots en -volkseie in die praktyk te implimenteer. Vir jare moes hul toesien hoe die regering in gebreke

250. C.M. van den Heever, op. cit., p.460.

gebly het om Suid-Afrika en sy belange eerste te stel. Nou was dit hul beurt om eise te stel, om te dikteer en om nie slegs in die teorie te spekuleer nie, maar om in die praktyk te skep. Veral ten opsigte van nywerheidswetgewing het die Arbeidersparty ook die idee van "Suid-Afrika eerste" nagehou en sou hul met die Nasionaliste 'n verenigde front teen die opposisie van Smuts vorm. Smuts en sy party sou dus nie altyd geneë wees om die koffie te drink soos die kan hom skink nie.

Hieruit spreek dit duidelik dat, te midde van die nuwe reoriëntasie van partye, die Suid-Afrikaanse Party, as verteenwoordiger en handhawer van die pro-Britse, in botsing sou kom met die Nasionale Party, as verteenwoordigend van die pro-Nasionale en pro-Afrikaanse element. Die verhoudingsituasie van die twee groot partye sou in 'n groot mate deur die afwyking of handhawing of implimentering van hierdie strewe bepaal word. Die klimaat vir 'n politieke konfrontasie is geskep. By die bogenoemde byeenkoms te Pretoria het Hertzog verder duidelik te kenne gegee hoe hy die verhouding met Brittanje sien: "Engeland moet, op grond van historiese en strategiese redes, 'n vriend van Suid-Afrika wees, maar vriendskap wat op onderhorigheid opgebou is, is geen vriendskap nie, maar die kweekgrond vir griewe."[251]

Eintlik sou die stryd tussen die twee groot partye dus gaan om regte, maar omdat dit wat elke party as sy geboorte- en eiendomlike reg beskou het, so hemelsbreed van mekaar verskil het, sou veral die handhawing en uitbouing van "regte" nie alleen die verhouding tussen die Nasionale- en Suid-Afrikaanse Party bepaal nie, maar ook tot 'n groot mate lei tot die opwelling van rassegevoelens waardeur hierdie partyverhouding ernstig versteur is.

---

251. Ibid.

HOOFSTUK II

DIE VLAGSTRYD AS VERDELINGSFAKTOR

Die oorwinning van Hertzogisme by die stembus het nie alleen 'n geweldige verandering in die Suid-Afrikaanse politiek teweeggebring nie, maar sou tegelykertyd ook sekere kulturele en konstitusionele verdelingsfaktore tussen die twee hoofpartye baie sterker na vore bring. Dit impliseer nie dat sodanige verdelingsfaktore nie vroeër reeds bestaan het nie. Met genl. Hertzog as premier, en deur baie Britsgesinde Suid-Afrikaners as anti-Brits en rassisties beskou, sou die regering vanaf sy bewindsaanvaarding aan baie ernstige kritiek en teenspraak onderworpe wees. Vir diegene wat aan Brittanje lojaal wou bly, sou dit onder die nuwe bedeling 'n doelgerigte taak wees om vir die behoud van alle Ryksbande te veg. Genl. Hertzog se politieke verlede het hom as nuwe Premier skerp onder die soeklig geplaas, sodat bestaande en nuwe verdelingsfaktore deur die opposisie oopgevlek sou word om Hertzog as vyand van die Ryk aan die volk voor te hou.

Van die kant van die Engelse pers is 'n veldtog van verkleinering en aftakeling teen die nuwe Pakt-regering met sy nasionale inslag geloods. Dit het die pro-Britse S.A.P.-ondersteuner se hart in toenemende mate laat verhard teenoor ideale wat met die Hertzog se begrip van "Suid-Afrika eerste" gekoppel is. Tegelykertyd het dit die Nasionale Afrikaner se militante neiging verskerp en dié Afrikaner het in 'n gees van vasberadenheid hom ten doel gestel om die volksvreemde jingoïsme met wortel en tak uit te roei, veral nou dat die Afrikaner ook met staatsmag beklee is. Die Afrikaner-Nasionalis, vroeër huiwerig en soms selfs

bang om hul ideale in die openbaar te verdedig, het nou met sy eie mense aan bewind, veel meer vrymoedigheid gehad om hulle taal en volkstrewe deur te voer, en indien nodig, daarvoor te veg. Ideale wat vroeër onwerklik en onmoontlik gelyk het, was nou ewe skielik binne hul bereik.

Die Suid-Afrikaanse premier en sy mede volksleiers het maar te goed geweet waarheen die meerderheid nasionaal-georiënteerde Suid-Afrikaners wou, maar bewus van die realiteit van die politieke opset in die Unie het die verantwoordelike volksleiers besef dat die wiel na onafhanklikheid nie te vinnig vorentoe gedraai moet word nie. Die Nasionalis sou egter nie bereid wees om lank te wag vir die erkenning van sy kulturele-en taalregte nie. Daarom het die Afrikaanse verenigingslewe nou op kragdadige manier opgetree en Engelssprekendes in strawwe woorde vermaan. Die hede en die toekoms moes kompenseer vir 'n verlede van verkleinering. Dit sou nie die pro-Britse Sap op die pad van Suid-Afrika forseer nie, want hulle het dikwels, en dit was veral in Natal die geval, soos steeks perde in hul ekstremisme bly vassteek. Gevolglik het die gevoel tussen die twee hoofpartye en -rassegroepe weens kulturele en konstitusionele verdelingsfaktore so in bitterheid toegeneem dat die Unie se vooruitgang beslis daardeur aan bande gelê is.

Sedert 1924 het daar dus verskeie verdelingsfaktore tussen die Nasionale- en Suid-Afrikaanse Party na vore getree. Hierdie verdelingsfaktore het feitlik deurgaans 'n rassistiese inslag gehad en het sentimente by beide partye opgewek waardeur die partyverhouding soms ernstig versteur is. Genl. Hertzog het sekere kulturele en politieke ideale nagestreef waaraan hy simboliese

vergestalting wou gee. Te midde van hierdie begeertes wat die Premier wou verwesenlik, is hy dikwels gelei en beïnvloed deur sy oorkoepelende strewe na rasseharmonie en volkseenheid tussen die twee Blanke taalgroepe in Suid-Afrika. In sake soos die verkryging van 'n Unievlag, die republikeinse ideaal en die moontlike afskaffing van provinsiale rade was Hertzog in 'n groot mate huiwerig en selfs afsydig ten opsigte van die deurvoering en propagering daarvan. Hy het besef dat vraagstukke soos hierdie met die allergrootste sorg en omsigtigheid hanteer moes word ten einde Engelssprekendes en Britsgesindes nie van Nasionaaldenkendes te vervreem nie.

Genl. Hertzog moes egter ook gedurig rekening hou met die ekstremistiese en vasberade element binne die Nasionale Party vir wie bewindsaanvaarding ook die spoedig moontlike verwesenliking van lang gekoesterde ideale geïmpliseer het. Dit sou selfs vir hom as Premier soms moeilik wees om hierdie vloedgolf van nasionalisme wat die land deurspoel het, tydelik te demp. In besluite rakende verdelingsfaktore kon sowel genl. Hertzog as genl. Smuts hul nie altyd deur hul persoonlike gevoelens alleen laat lei nie, maar moes dikwels die partygevoel probeer peil om aan die hand hiervan tot 'n besluit te kom of 'n bepaalde beleid te volg. Dit blyk dat Hertzog en Smuts respektiewelik nie altyd akkoord gegaan het met die republikeinse en Natalse gees in hul onderskeie partye nie, maar tog hierdie standpunte by die neem van besluite in ag moes neem.

Die twee grootste konstitusionele verdelingsfaktore tussen die twee hoofpartye gedurende die eerste Pakt-termyn was die vlagstryd en die republikeinse ideaal. Dit was tot 'n groot mate die

strewe na 'n onafhanklike Unievlag wat vanaf veral 1925 tot 1927 'n groot wig tussen die Nasionalis en S.A.P.-ondersteuner ingedryf het. Die vlagstryd was die grootste enkele faktor wat latere versoening tussen die Suid-Afrikaanse- en Arbeidersparty onmoontlik gemaak het daar dit selfs 'n skeuring in Arbeidersgeledere teweeg gebring het en die bondgenootskap tussen die twee regerende partye algaande op 'n losser grondslag geplaas het.

Reeds sedert 1902 het die nasionaal-georiënteerde Suid-Afrikaners die besef begin ontwikkel dat hul buite die grense van 'n gemeenskaplike nasionaliteit gestaan het en dat die status quo gehandhaaf sou word vir solank as wat die vlagposisie nie tot die meerderheid se bevrediging opgelos kon word nie.[1] Dit was 'n gevoel wat algaande gegroei het en in 'n groot mate tot die Afrikaanssprekendes beperk was.

Volgens The Economist het Afrikaner-nasionalisme gedurende die oorlogsjare en die daaropvolgende jare sy werklike beslag gekry. Alhoewel sesessie as sodanig nie juis hul hoofdoel was nie, het hul meer en meer in terme van hul Afrikanerskap begin dink. Tegelykertyd het die Afrikaner ook van 'n Afrikaner-outonomie begin droom wat beswaarlik van sesessie onderskei kan word. So het 'n denkrigting ontstaan waardeur 'n neiging tot ignorering of weiering van Engelssprekende Afrikaners se eise openbaar is. Genl. Smuts is voorgehou as renegaat wat homself aan die Engelse verkoop het. Daarom verbaas dit hierdie blad geensins dat 'n nasionale element besig is om op te groei wat Suid-Afrika - waarvan hul deur verraderlike renegate soos Smuts en Botha beroof is - as

---

1. Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, 1926, Vol. 7, C.4068.

hul eksklusiewe eiendom beskou.[2] Sinoniem met hierdie ontluikende en steeds groeiende Afrikaner-nasionalisme was die Afrikaner se begeerte na 'n eie, nasionale vlag as simbool van hul soewerein onafhanklike status. Daarom het die Nasionaliste in die Pakt se bewindsoorname van 1924 onder andere die geleentheid gesien om hul eie onderskeidende vlag te bekom.

Hoewel genl. Hertzog aanvanklik volkome bereid was om die Britse vlag vir Suid-Afrika te aanvaar,[3] het hy sedert 1924 daadwerklike pogings begin aanwend om 'n eie nasionale vlag te bekom. Hierin is hy heelhartig deur sy bekwame Minister van Binnelandse Sake, dr. D.F. Malan, wat vir die indien van die vlagwetsontwerp verantwoordelik sou wees, gesteun. Vir hulle was 'n eie kenmerkende nasionale vlag die algemeen erkende simbool van nasieskap, en in die geval van 'n vrye en internasionaal erkende volk onontbeerlik. Vir die Nasionale en Arbeiderspartyregering was die verkryging van 'n eie vlag daarom 'n saak van eer en plig.[4]

Hierteenoor was die standpunt van die opposisieleier, genl. Smuts, van meet af aan dat die tyd en omstandighede sedert die Pakt-oorname nog nie ryp was vir 'n eie nasionale vlag nie. Die Suid-Afrikaanse Party wou dus om hierdie rede die <u>status quo</u> handhaaf.

Die vlagstryd kan as 'n botsing van ideale beskou word; ideale wat om die twee begrippe nasionalisme en imperialistiese jingoisme gesentreer het. Aan die hand hiervan moet die vlagkwessie nie soseer as 'n stryd tussen Afrikaans- en Engelssprekendes

2. <u>The Economist</u>, 21.1.28. Nationalism and South Africa's future.
3. <u>De Volkstem</u>, 24.9.15.
4. D.F. Malan, <u>Afrikaner Volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen</u>, Kaapstad, 1961, p.102.

gesien word nie, maar as 'n stryd tussen die nasionaalgesinde Suid-Afrikaner en sy mede-landgenoot wat nog 'n verdeelde trou gehandhaaf het.

Die regering het die standpunt ingeneem dat die twee hooftaalgroepe en hoofpartye benewens taalverdeeldheid ook geen trou aan dieselfde vlag gehad het nie. Die Engelssprekende en pro-Britse Suid-Afrikaner was bevoorreg in die sin dat sy vlag, of dan die vlag waaraan hy voorkeur gegee het, oor die Unie gewapper het. Met die Afrikaner-Nasionalis was dit anders gesteld. So het dr. N.J. van der Merwe, L.V. vir Winburg, die Nasionale Party se gevoel aangaande die Union Jack vertolk: "Die Union Jack staan vir ons, en ook vir my as Vrystater, nie as die simbool van alles wat die beste in die Britse nasie is nie, maar as 'n simbool van 'n Eeu van Onreg."[5]

Baie Afrikaners het hul reeds sedert uniewording weens die gebrek aan 'n eie vlag vreemdelinge in hul eie land gevoel. Die Union Jack was 'n lewende vlag van 'n land waarmee die Unie op vrywillige grondslag verbonde was.[6] Dit is wel so dat die gebrek aan 'n eie vlag orals in Suid-Afrika gevoel is, maar die volk was verdeeld oor die manier waarop dit verkry kon word.[7]

Reeds in September 1924 het dr. D.F. Malan 'n eie nasionale vlag vir Suid-Afrika as simbool van ons gemeenskaplike nasieskap bepleit, veral omrede dit Afrikaans- en Engelssprekendes in een nasie sou bind. Die Burger het die gedagte geesdriftig toegejuig, maar The Natal Witness waarsku egter dat hul maar te bewus daarvan

---

5. G.D. Scholtz, Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe, 1888-1940, Johannesburg, 1944, p.60.
6. Senaatsdebatte, Kol. 1083.
7. Volksraadsdebatte, Deel 9, Kol. 4454.

is dat die Nasionale Party vir 'n klompie jare absolute onafhanklikheid nastrewe. "They cannot complain, therefore, if loyal South Africans suspect that, there may be something, behind this eagerness for 'our own flag' as the symbol of 'South African citizenship'." Die vlagontwerp moes egter van so 'n aard wees dat die Unie se verbintenis met die Britse Ryk daardeur gesimboliseer word.[8]

Die regering het besef dat die vlagvraagstuk 'n saak vir die volk was. Daarom het dr. Malan in Julie 1925 verklaar dat die regering dit van allergrootste belang ag dat elke poging aangewend moet word om die volste mate van samewerking te verkry oor die prosedure wat gevolg moet word, sowel as met die uiteindelike keuse.[9]

Die regering wou graag aan die volk 'n vlag gee wat nie langs politieke partylyne gekies is nie; gevolglik was onderlinge partysamesprekings noodsaaklik. 'n Mens kan aanvaar dat dr. Malan nie met sy voorgenome wetsontwerp sou voortgaan indien hy nie die Arbeidersparty se steun daarvoor gehad het nie. Gelukkig was die Arbeiders van oordeel dat dit 'n vraagstuk is wat wel een of ander tyd aangepak moes word en hoe gouer dit afgehandel word, hoe beter.[10] Hierbenewens was die Arbeiders van oordeel dat die wetsontwerp geen element van onreg teenoor enige volksdeel bevat het nie, terwyl dit 'n lang vertraagde reg aan 'n ander volksdeel verleen het.[11] Die opposisie het die houding van die Arbeidersparty bestempel as 'n poging om die slappe gees wat daar in die binnekringe van dié party geheers het weer op te hef.[12]

8. The Natal Witness, 30.9.24. Hoofartikel.
9. Die Burger, 22.7.25.
10. Volksraadsdebatte, Deel 9, Kol.4864.
11. Ibid.
12. Ibid., Kol.4839.

Die Premier kon nie die geweldige teenkanting teen die vlag-wetsontwerp wat hy van sy mede-Afrikaners ondervind het, begryp nie.[13] Die vlagstryd sou egter nie slegs 'n botsing tussen die twee hoofpartye meebring nie, maar ook tussen twee Kabinetslede, dr. D.F. Malan en adv. Tielman Roos, Minister van Justisie. Vir Roos was dit van geen besondere belang of die vlagvraagstuk opgelos word of nie, hy het gevoel dat dit onnodig was om daaroor so 'n groot bohaai te maak.[14]

Die opposisie het genl. Hertzog verkwalik dat hy nie by die 1924-verkiesing sy voorgenome indiening van hierdie wetsontwerp aan die kiesers voorgehou het nie. Nathan, S.A.P.-L.V. vir Von Brandis, was oortuig dat indien dit wel gedoen sou wees, die Pakt nie op die regeringsbanke sou sit nie.[15]

Die besware van die Suid-Afrikaanse Party teen 'n nasionale vlag kom kortliks hierop neer: hoewel hul 'n nasionale simbool in die Unie wou hê, maak die politieke gevolge wat daaruit sou voortvloei dit onmoontlik. Die motivering hiertoe was nie genoegsame rede om die Suid-Afrikaanse volk in twee te skeur nie. Dit sou die vooruitgang van die land in gevaar stel. Suid-Afrika sou twintig jaar agteruitgesit word, baie mense sou die Unie verlaat en buitelandse kapitaal sou onttrek word. Generaal Smuts het nadruklik verklaar dat die vlag niks met die status te doen het nie, en dat samewerking van die twee rassegroepe buitendien van kardinale belang was, miskien selfs belangriker as die Unie se hoër status.[16] Die bepalings van die vlagwetsontwerp is deur

13. C.M. van den Heever, Generaal J.B.M. Hertzog, Johannesburg, 1943, p.463.
14. Die Burger, 18.11.1926; A. Barlow, Almost in Confidence, Kaapstad, 1952, p.57.
15. Volksraadsdebatte, Deel 7, Kol. 4589; Ibid., Deel 9, Kol. 4655; Ibid., Kol. 4569; Ibid., Kol. 6172.
16. Volksraadsdebatte, Deel 9, Kol. 4053; Ibid., Kol. 4576.

die opposisie nie as nasionaal, maar wel seksioneel beskou.[17]

Die grootste enkele faktor wat hierdie vlagstryd sou beïnvloed was die vasberadenheid en dikwels kleinsielige onwrikbaarheid van nie alleen die ekstremiste in beide politieke kampe nie, maar ook van hulle leiers. Aangevuur deur hul idealistiese strewes en soms misplaaste politieke eergevoel het hul vooraf standpunt ingeneem en wou hulle soms nie 'n duim wyk ten einde 'n vreedsame oplossing te vind waarlangs volkseenheid en rasseharmonie bereik kon word nie.

Die Volksraadsdebatte was derhalwe gekenmerk deur bitsige persoonlike aanvalle waardeur party- en rassehaat opgewek is. Beroepe om partygevoel opsy te skuif, het op dowe ore geval. Dit beweeg die opposisieleier om in 1925 te verklaar dat dit een van die ongelukke van Suid-Afrika is dat hul in hul jeug dit nog nie eens is oor fundamentele sake nie.[18]

Dit was veral genl. Smuts, dr. D.F. Malan en kol. Creswell wat onder kritici moes deurloop. Rassehaat is aangeblaas en die vlagwet is misbruik om aan persoonlike gevoelens uiting te gee. Malan is veral verkwalik dat hy klaarblyklik die vlagkwessie wou gebruik om die bande tussen die Unie en die Britse Ryk te verbreek.[19] Dit loop uit op die beskuldiging van sen. Langenhoven in die Senaat teen die Suid-Afrikaanse „Britte", naamlik dat hul Britse jingos is wat nie bereid is om aan Suid-Afrika 'n hoër staatkundige posisie te verleen nie.[20]

Daar was veral vier Britse organisasies in die land wat stand-

17. Ibid., Kol. 4566.
18. Ibid., Kol. 4572.
19. D.W. Kruger, The Age of the Generals, Johannesburg, 1958, p.144.
20. Senaatsdebatte, Kol. 966.

punt ingeneem het ten opsigte van die vlagvraagstuk: Die gematigde British Empire Service League het die Vlagwetsontwerp ondersteun mits die vlag vir albei seksies van die bevolking aanneemlik sou wees. Die meer ekstremistiese Empire Group wou hulle eie vlag hê of so nie moes die wetsontwerp teruggetrek word. In Durban het hul mense aangemoedig om die Union Jack te laat wapper.[21] 'n Soortgelyke organisasie was die Sons of England (S.O.E.), die eintlike slagaar van die Engelse kritiek wat veral in die pers hewig uitgevaar het teen 'n vlag sonder die Union Jack.[22] Die Unity League of South Africa wou eenheid van provinsies, vlae en volk skep.[23]

Tielman Roos, Minister van Justisie, se optrede om die S.O.E. in 1926 as politieke organisasie te verklaar weens hul optrede teen die vlagwetsontwerp en die regering, en Roos se omsendbrief aan lede van die polisiemag waarin hulle verbied word om deel te hê aan die organisasie se bedrywighede, het in S.A.P.-kringe opslae gemaak. Die president van die S.O.E. het hul aanhangers in die polisiekorps aangeraai om te bedank.[24] Hierdie optrede van adv. Roos sou die rasse- en partygevoel geweldig aanblaas en die deurvoering van die vlagwetsontwerp aansienlik bemoeilik. Mnr. Arthur Barlow, Arbeider-L.V., het Roos se aanval op die S.O.E. as ongegrond bestempel aangesien dit geen politieke liggaam was nie. Hy het die regering versoek om sy bevel aan die polisiemag te herroep.[25]

In Februarie 1925 het die Minister van Binnelandse Sake vir die

21. Volksraadsdebatte, Deel 9, Kol. 4590; Die Burger, 23.3.27.
22. G.D. Scholtz, op. cit., p.58.
23. Die Burger, 3.6.1926.
24. Ibid., 1.11.26.
25. Ibid., 3.11.26.

eerste keer die Suid-Afrikaanse Nasionaliteits- en Vlagwetsontwerp ingedien wat voorsiening vir 'n nasionale vlag gemaak het. Die wetsontwerp is egter kort daarna weer teruggetrek, "in die hoop", aldus dr. Malan se verklaring, "dat ná onderlinge beraadslaging (dit wil sê met die opposisie) ... dit moontlik sal wees om die wetsontwerp by die aanstaande sitting so gewysig in te dien dat dit die beskrywing van die Suid-Afrikaanse vlag sal bevat waarvan die ontwerp die keuse van die hele volk deur hul erkende leiers sal wees".[26] By die aanvanklike indiening van die wetsontwerp is daar geensins na die Union Jack verwys nie. "English-speaking South Africans and the Labour Party bitterly opposed this omission."[27] Dit was as gevolg van die opposisieleier, genl. Smuts, se onderhandelings met die Premier dat besluit is om die Vlagwet se indiening met 'n jaar uit te stel.[28]

Smuts het die versekering gegee dat hy die beginsel van 'n eie vlag aanvaar en dat hy tevrede is dat vlagontwerpe intussen gevra word en 'n gesamentlike kommissie uit alle partye benoem word ten einde 'n keuse te doen. Dr. Malan glo dat genl. Smuts nie besig was met 'n partypolitieke spel nie, alhoewel hy as opposisieleier 'n natuurlike afkeer gehad het van enige krediet wat die regering vir die vlag kon verkry. Gevolglik was dit Smuts se begeerte om in so 'n groot mate as wat moontlik is, in daardie krediet deel te hê.[29]

Reeds gedurende die resestydperk het diepgaande verskille tussen die Nasionale en die S.A.P.-standpunt duidelik geword. Uit

26. G.D. Scholtz, op. cit., p.56. Vgl. ook J. van der Poel, Selections from the Smuts Papers, V. (Hierna bloot na Smuts Papers verwys), Hertzog aan Smuts, 10.11.25.
27. M. Kentridge, I Recall, Johannesburg, 1959, p.153.
28. M.C.E. van Schoor, „Jou Vlag, Suid-Afrika", in Die Taalgenoot, Mei 1957.
29. D.F. Malan, op. cit., p.104.

dr. Malan se korrespondensie met genl. Smuts was dit vir hom duidelik dat laasgenoemde maar bra halfhartig sou meewerk.[30] Hierbenewens was Engelse S.A.P.-koerante weinig ingenome met 'n eie vlag, en dit was duidelik dat hulle slegs tevrede sou wees met 'n ontwerp waarin die Union Jack heel prominent sou wees. Dr. Malan se voorstel om die keuse in die eerste instansie in die hande van 'n eksperte-kommissie te laat, wou Smuts nie aanvaar nie. Smuts se teenvoorstel was om die keuse aan 'n onoffisiële konferensie van partyverteenwoordigers te laat, wat dan 'n klein kommissie van deskundiges sou kon raadpleeg. Die betrekking van die partypolitieke element was beslis 'n gevaarlike stap, maar weens taktiese redes het dr. Malan dit so aanvaar.

Daar is dus op 'n tegniese komitee (verantwoordelik vir die ontwerpe self) en 'n politieke komitee (verantwoordelik vir die keuse van die vlag) besluit. Genl. Smuts wou geen kans waag nie. Proff. Blommaert van Stellenbosch en Walker van Kaapstad is deur Hertzog as lede van die tegniese komitee aan Smuts voorgestel, maar genl. Smuts skryf aan Thomas Smartt, S.A.P.-lid vir Fort Beaufort, of hy op hoogte is van Walker se siening aangaande hierdie belangrike saak en vervolg: "It might be advisable for you to have a talk casually with him and see whether he is sound as I don't want to move in the dark in so important a matter."[31] Smuts het sy eie vertolking aan die Nasionaliste se haas met die Vlagwet gegee: "The Nationalists seem in a mood to hurry this matter on, which makes me think that they may contemplate a general election in 1927 (after passing the flag next session). ... We shall have

30. Die Burger, 29.1.27. Dr. Malan oor die vlagstryd.
31. Smuts Papers, v. Smuts aan Smartt, 12.11.25, J.C. Smuts-versameling, Band 203. Smuts aan Smartt, 12.11.25.

to deal very warily with this question which presents difficulties and troubles of a delicate nature."[32]

Gedurende 1925 is ook 'n ander aspek van die vlagvraagstuk vir die S.A. Party deur een van Smuts se ondersteuners aan hom openbaar. Hy skryf onder meer: "Die distrikte het dit altyd gehad dat die S.A.P. te veel omgang had met Engelse en dus hulle steun aan die Nasionaliste gegee. Die Pakt egter, met sy toesprake en boodskappe, is besig om die politieke voordeel van die Nasionaliste te dood, maar as die S.A.P. gaan veg teen die Nationaliteit en Vlag ontwerp word hulle weer 'n kans gegee om hulle te rehabiliteer op die gebied in die buitewyke en also meer dan een setel vir hulle te red."[33]

Met die parlementsitting van 1926 het dr. Malan opnuut 'n vlagwetsontwerp voor die Volksraad gelê. Na afloop van die eerste lesing is dit na 'n Gekose Komitee verwys. Sowel die partye as rassegroepe is hierop redelik eweredig verteenwoordig.[34] Albei groepe was oortuig van die wenslikheid van 'n Suid-Afrikaanse vlag en daar het 'n vriendskaplike gees binne hierdie gekose komitee geheers.[35] Daar is ooreengekom dat die Komitee in ooreenstemming en nie met 'n meerderheid van stemme sou besluit nie.

Die Gekose Komitee moes besluit aangaande die vraag of die Union Jack, òf die republikeinse vlae, òf albei by die ontwerp ingesluit moes word, of so nie, op 'n geheel nuwe ontwerp. Dit

32. Ibid.
33. Smuts-versameling, Band 202. J.J. McCord aan Smuts, 13.3.25.
34. Drs. N.J. van der Merwe en D.F. Malan en Willie Rood van die N.P.; Patric Duncan, Joël Krige en sen. Charles Smith van die S.A.P.; en Sampson en Reyburn van die Arbeidersparty.
35. Die Volkstem, 11.5.26.

is in hierdie opsig waar die sluimerende partypolitieke oorwegings hul weer eens sou laat geld. Die Nasionaliste was ten gunste van laasgenoemde oplossing, maar die Sappe wou die Union Jack en die twee republikeinse vlae as deel van die ontwerp hê. Gevolglik is 'n dooie punt bereik.

Rasse-oorwegings het in hierdie verband dikwels party-oorwegings bepaal. Uiteindelike S.A.P.-besluite insake die vlag het nie noodwendig die opinie van Afrikaanssprekende partylede vertolk nie. So het Joël Krige aan dr. Malan te kenne gegee dat hy ook vir 'n "skoon" vlag was, maar dat hy nie teen die gevoel van die Engelssprekendes kon ingaan nie.[36]

Nog 'n Nasionale voorstel in die vorm van 'n amendement wou dat die Union Jack saam met die Nasionale vlag by alle geleenthede ontplooi moet word (die sogenaamde tweestok-voorstel) om daardeur spesifiek uitdrukking aan die Britse konneksie te gee. Hiermee wou die S.A.P.-lede egter nie inval nie, en met die vooruitsig op verdere skikkings maar skraal, is berig dat geen algemene ooreenstemming tussen die partye bereik is nie. "This was the beginning of the long-drawn fight which lasted for nearly two years, brought the country perilously near the verge of civil strife, and marked the beginning of the split in the Labour Party."[37]

Ná die Paas-vakansie het die komitee sy samesprekings voortgesit en vir die Nasionale lede was dit duidelik dat die stemming totaal verander het. Die S.A.P.-lede wou niks minder hê as die Union Jack in 'n dominerende posisie in die vlag self nie, hoewel

36. D.F. Malan, op. cit., p.108.
37. J.G.McQuade, "How South Africa got its National Flag", in H. Reitz en H. Oost (reds.), Die Nasionale Boek. 'n Geskiedenis van die ontstaan en groei van die Nasionale Party van Suid-Afrika, Johannesburg, 1931, p.173.

hul bereid was om ook die republikeinse vlae op te neem. Dit het gelyk asof 'n dooie punt bereik is en verdere onderhandelings nutteloos was. Intussen het die pers angstig op nuus van die komitee gewag, en die S.A.P.-lede het daarop aangedring dat die feit verswyg moet word dat hulle die insluiting van die Union Jack as voorvereiste gestel het.[38] Hulle was blykbaar bevrees dat van hul partygenote wat die Nasionale standpunt oor die vlag gedeel het, hieroor ontevrede sou wees.

Die ontwerp wat uiteindelik die meeste inslag gevind het, was dié van prof. Eric Walker van Kaapstad. Dit was baseer op die ou baan-indeling van die Vierkleur. Die S.A.P.-beswaar was egter die afwesigheid van die Union Jack. Reuse protesvergaderings en optogte is veral deur die S.A. Party se "elektriese battery",[39] die Sons of England (S.O.E.), gehou. Die Walker-vlag is as 'n "Jazz-flag", "a spectrum on the spree" en "a poly-chromatic monstrosity"[40] beskryf. Anti-vlaggroepe het hul saamgesnoer in 'n South African Flag Vigilance Society met 'n waaksaamheidskomitee as sentrale bestuur. In hierdie dae het dr. Malan reeds tot die oortuiging gekom dat sonder die insluiting van die Union Jack 'n bevredigende oplossing van die vlagvraagstuk vir alle Afrikaners, Engels- sowel as Afrikaanssprekend, heeltemal onmoontlik was. Dit was vir hom ook duidelik dat daar in die S.A.P.-geledere 'n uiterste en onversoenlike seksie was wat genoeg beslistheid en krag besit het om die gematigde elemente te oorweldig.[41]

Genl. Smuts het die hef in die hande gehad en hy het deeglik

38. D.F. Malan, op. cit., p.109.
39. G.D. Scholtz, op. cit., p.58.
40. P. Kapp, „Ons Nasie se grondbrief", in Die Taalgenoot, Augustus 1967.
41. D.F. Malan, op. cit., p.109.

besef dat hy die Engelse rassegevoel binne sy party, sowel as binne die Arbeidersparty kon opwek. Hy moes dit egter op so 'n wyse doen dat hy aan sy ekstremiste kon kapituleer sonder om sy Afrikaanssprekende volgelinge binne die Nasionale kamp te jaag.

Sowel die N.P.- as die Arbeiderspartykoukusse[42] was ten gunste van die Walker-ontwerp.[43] Dr. Malan se tweestok-idee is eenparig deur die Kabinet aanvaar. Intussen was daar egter magte aan die werk ten einde 'n vreedsame oplossing te vind. Om die rede het minister Roos, sowel as sy Premier (wat op pad na die Imperiale Konferensie en op soek na 'n omskrywing van die Unie se soewereine onafhanklikheid was) hul vir uitstel van die vlagkwessie beywer. Hulle is gesteun deur die Arbeidersparty wat op 'n oplossing uit 'n ander oord gehoop het. Dr. Malan was egter bevrees dat daar soveel klem op rasse-sentiment gelê kon word dat dit die opposisie sou bevoordeel. Dus was hy gekant teen uitstel.

Tussen 10 en 20 Mei 1926 het die spanning in die Parlement opgelaai, aangevuur deur 'n storm van protes vanaf die Engelstalige pers en Natalse ekstremiste teen die voorgenome Walkervlag. Die Nasionale koerante het ewe heftig hierop reageer en onmin tussen die Pakt-partye en die Opposisieparty het by die dag toegeneem. Daar is van opposisiekant aangevoer dat die Walker-ontwerp die sentiment en tradisies van albei bevolkingsdele opsy geskuif het, en dat die Nasionaliste daarop uit was om tweedrag te saai in S.A.P.-geledere en die verbintenis met Groot-Brittanje wou verwyder.[44] Die Volkstem het egter die Walker-vlag gesteun.[45]

42. Met die uitsondering van George Hay.
43. Volksraadsdebatte, Deel 7, Kol. 4561.
44. The Pretoria News, 20 en 21.5.26; Eastern Province Herald, 21.5.26; Die Volkstem, 21.5.26; Rand Daily Mail, 11.5.26; Cape Times, 20.5.26.
45. Die Volkstem, 21.5.26.

Veral in Natal is die pers oorstroom met protesbriewe en Natalse ekstremiste het gevoel dat hul deur Smuts en die S.A.P. in die steek gelaat is.[46] Op 14 Mei skryf genl. Smuts aan Charles Crewe, voormalige S.A.P.-L.V. vir Oos-Londen: "The decision of the Pact to eliminate all reference to the Union Jack in our flag is bound to be taken up as a racial challenge and to lead to great bitterness over the whole country. ... And the poison on the Nationalist party is distinctly in its tail, where the racial animosity although usually suppressed is very bitter indeed."[47]

Op 20 Mei het dr. Malan die Suid-Afrikaanse Nasionaliteits- en Vlagwetsontwerp ingedien. Genl. Smuts het die tyd hiervoor nie ryp geag nie en vir 'n paar jaar uitstel gevra, terwyl die Arbeiderslede se toesprake van verwarring getuig het.[48] In 'n skitterende toespraak het dr. Malan verduidelik: "In settling the flag question, we settle the race question, we facilitate the settling of all other problems and questions in South Africa."[49]

Dit was ook duidelik dat dr. Malan nou sy geduld met die Engelssprekende Sappe begin verloor het. "The agitation for the inclusion of the Union Jack comes down to nothing else than a point blank refusal on the part of our English-speaking compatriots to make allowances for the feelings of Dutch-speaking South Africans."[50] Die feit dat genl. Smuts reeds in 1910 en weer in 1919 met die S.A. Party-kongres in Pretoria 'n "skoon vlag" (sonder

46. Ibid., 30.10.26.
47. Smuts-versameling, Band 205. Smuts aan Crewe, 14.5.26.
48. Volksraadsdebatte, Deel 7, Kol. 4278.
49. D.W. Krüger, South African Parties and Policies, Kaapstad, 1960, p.127.
50. Die Weste, 28.5.26. Hoofartikel.

die Union Jack of republikeinse vlae) vir Suid-Afrika voorgestaan het, terwyl hy nou enige vlag sonder die Britse vlag as deel daarvan verwerp het, is deur Nasionaliste as Unionistiese beïnvloeding sedert 1920 vertolk en as sodanig verklaar. Smuts is verkwalik dat hy mooi kon praat oor die sentiment van die Engelse, maar dat hy geen tyd en g'n ordentlike woord meer besit vir die sentiment en die liefde van die mense uit wie hy voortgekom het nie.[51] Genl. Smuts se veranderde sienswyse aangaande 'n "skoon vlag" is deur die Pakt skerp veroordeel. Gustav Preller, die redakteur van Die Weste skryf: "We stand aghast at such an unashamed display of unmitigated political humbug and hypocrisy."[52]

Genl. Smuts het die politieke skyf van die Pakt geword en die redakteur van Die Weste beweer onder andere: "Genl. Smuts has once more mistaken his quarry in counselling his followers to degrade this matter to a mere party-issue. He has done so a number of times, but is is quite clear that he has done it once too often."[53] Vir die redakteur van Die Weste, strek die saak wat genl. Smuts en sy party betref, egter nog verder. Hy voer aan dat dit nog altyd die oogmerk van die S.A. Party was en is om 'n wig tussen die Nasionaliste en hul bondgenote, die Arbeiders, in te dryf, en veral genl. Smuts het so-iets probeer bewerkstellig.[54]

Die onwrikbare, vasberade Nasionaliste was ook te blameer vir die steeds verslegtende partyverhouding en die onvermoë van die onderskeie partye om oor die vlag tot 'n vergelyk te kom. Veral dr. Malan wou nie 'n duim skiet gee nie. Daar moet egter toegegee word dat Malan in 'n moeilike posisie was, want aan die een kant

51. Ibid., 25.5.26. Hoofartikel.
52. Ibid., 1.6.26. Hoofartikel; Forward, 11.6.26. Politieke berig.
53. Die Weste, 11.6.26. Hoofartikel.
54. Ibid., 25.6.26. Hoofartikel.

was daar die meestal Engelssprekende S.A.P.-ekstremiste wat die insluiting van die Union Jack as voorvereiste vir 'n vlagskikking gestel het, terwyl hy ook sy eie "vlagswaaiers" en besliste ondersteuners van 'n "skoon vlag" in ag moes neem.

In 1926 was die groot verdelingsfaktor tussen die twee hoofpartye rakende die vlag ongetwyfeld die kwessie van die insluiting van die Union Jack al dan nie. Amery, Britse Koloniale Sekretaris, skryf byvoorbeeld aan genl. Smuts: "To eliminate the Union Jack is therefore not only to eliminate the Imperial connection but also to ignore their existence as a factor in the national life of South Africa."[55] Baie Nasionaliste se houding was: Liewer sonder 'n vlag, as 'n vlag wat slegs pynlike herinneringe bring.[56] Dit was die onbenydenswaardige taak van dr. Malan om êrens tussen hierdie twee uiterste pole 'n bevredigende oplossing te vind. Rassegevoelens was besig om toe te neem en teen die einde van 1926 en in die loop van 1927 veral tot en met die vlagskikking, sou die verhouding tussen die Nasionale- en Suid-Afrikaanse Party ernstige kommer baar by die meer gematigdes in albei groepe.

Minister Piet Grobler se mening dat dit 'n belediging sou wees om die Union Jack en die Vierkleur op dieselfde vlag te hê,[57] het genl. Smuts ontstem en genoop om te verklaar: "We are getting very near the edge of the volcano when you hear language like that."[58] Mnr. J.H. Wessels, L.V. vir Frankfort, het verklaar dat hy die Union Jack op die landsvlag sal aanvaar indien 'n afbeelding van die Vrouemonument as teenstelling ook daarop verskyn.[59]

55. Smuts-versameling, Band 204. Amery aan Smuts, 29.6.26.
56. G.D. Scholtz, op. cit., p.60.
57. Die Weste, 18.6.26. Hoofartikel.
58. The Star, 2.9.26. Smuts te Port Elizabeth
59. Rand Daily Mail, 9.8.26. Wessels te Frankfort.

Afgesien van heraldiese probleme sou die insluiting van die Union Jack en die Vierkleur op die nasionale vlag nie eenheid meebring nie. Die twee vlae verskil aansienlik: Die Union Jack is die vlag van Engeland sowel as die dominiums, terwyl die Vierkleur slegs 'n Suid-Afrikaanse oorsprong het. Ook die historiese simboliek verskil, want waar een vlag eeue van geskiedenis versimboliseer, dek die ander slegs 'n kort tydperk. Die Union Jack is 'n „lewende" vlag, terwyl die Vierkleur „dood" is. Die Nasionaliste het ook aangevoer dat die simboliek van die Union Jack vir die twee rassegroepe verskillend is, aangesien dit vir een simbool is van 'n grootse en glansryke verlede, terwyl dit vir die ander sinoniem is met vernedering en lyding. Uit die opposisie-oogpunt kon ondersteuners van die insluiting van die Union Jack en die Vierkleur in die vlag egter aanvoer dat Afrikaners soos genl. Smuts, ondanks hul lyding gedurende die Anglo-Boereoorlog en daarna, gereed is om die Union Jack as deel van hul vlag te aanvaar. Daarenteen sou 'n nuwe "skoon" nasionale vlag heelwaarskynlik ook nie met veel liefde bejeën word nie en sou 'n groot groep dit nie eens kon respekteer nie.[60]

Weens die aandrang van die drie partyleiers en Roos en deur bemiddeling van minister C.W. Malan het dr. Malan voorwaardelik besluit om die wetsontwerp weer 'n jaar uit te stel. Hertzog moes egter met die volgende sitting aankondig dat die ontwerp weer ingedien sou word, terwyl die Arbeidersparty die regering getrou moes ondersteun om die maatreël onveranderd deur te laat.[61] Genl. Smuts het egter in die waan verkeer dat die hele vlagstryd nou

60. The Round Table, Vol. 64, September 1926.
61. Die Burger, 30.1.57. Dr. Malan oor die vlagstryd; D.F. Malan, op. cit., p.109.

laat vaar sou word.[62]

Diegene wat met hoopvolle verwagting op ooreenstemming gewag het, moes in die loop van 1926 hulpeloos toekyk hoe een van die hewigste politieke twiste in Suid-Afrika ontbrand. Dwarsdeur die Unie is vergaderings gehou, vlae geswaai en komitees en organisasies is in die lewe geroep om die Union Jack te beskerm. Baie Nasionaliste was bitter teleurgesteld dat die Vlagwet nie deurgeloods is nie, terwyl die Arbeidersparty verklaar het dat die terugtrekking van die wetsontwerp meer kwaad as goed sou doen.[63] Die hoofbestuursgroep van die Arbeidersparty het hul ten gunste van die tweestok-voorstel en 'n "skoon vlag" vir die Unie verklaar, en is hierin vuriglik deur minister Roos ondersteun. Roos het onder andere verklaar: "I am absolutely at one with the Council on the point that we should carefully avoid anything that may revive racialism in South Africa, and I am happy to state that the result has been achieved in the countryside."[64] Die opposisie het die tweestok-idee egter ook verwerp. Die Cape Times was net so onversoenlik soos die party wat hy ondersteun het en verklaar: "Shifts and evasions are useless, and the National Council's resolution is as shifty and as evasive as any resolution can be."[65] Ene Cohn skryf aan genl. Smuts dat die tweestok-voorstel aanneemlik kon wees, maar "the Government forgot that the English section will not accept a flag at the hands of a party which still retains article 4 in its Constitution."[66]

---

62. Smuts-versameling, Band 205. Smuts aan sy vrou, 23.5.26.
63. Die Burger, 10 en 11.11.26.
64. J.G.McQuade, „How South Africa got its National Flag", in H. Reitz en H. Oost (reds.), op. cit., p.181.
65. Cape Times, s.d., soos aangehaal in H. Reitz en H. Oost, op. cit., p.183.
66. Smuts-versameling, Band 204. Cohn aan Smuts, 9.7.26.

Minister Tielman Roos het nie geskroom om te verklaar dat die vlag hom "koud laat" nie.[67] Saam met 'n groep van die Arbeiders (die Councilliete) was Roos daarop uit om die Vlagwet te verongeluk. Die opposisie het dadelik in Roos 'n waardevolle bondgenoot ontdek en sy "staatsmanswysheid" is geroem.

'n Vlagkommissie is ondertussen onder leiding van sir William Campbell as voorsitter benoem, maar vanweë die geweldige rasseonmin en Campbell se steun vir 'n "skoon vlag" kon hul weinig bereik. Smuts het dit as 'n "onmoontlike kommissie met 'n onmoontlike opdrag" bestempel.[68] Die poging van dr. Malan om die vlaggeskil te besleg is hoofsaaklik deur die toedoen van die S.A. Party verongeluk. Die Party het agter die skerms spesiale pogings aangewend, soms met dreigemente en sosiale boikot, om persone was as komiteelede genader is, aanname van lidmaatskap te weerhou. Prof. Eric Walker en J.H. Hofmeyr, Transvaalse administrateur, was twee persone wat geweier het om in die komitee te dien.

Te midde van die S.A.P.-veldtog van haat en verguising teen sir William Campbell, het die Minister van Binnelandse Sake begin besef dat Smuts se verwerping van 'n kroon op die vlag daarop dui dat geen toegewing die opposisie teen die vlagwetsontwerp sou bevredig nie.[69]

Voor die Premier vir die Rykskonferensie na Londen vertrek het, het hy hom reeds bereid verklaar om 'n kroon in die vlagwetsontwerp in te sluit. Hierdeur wou genl. Hertzog wys dat hul voortaan

---

67. Die Weste, 6.7.26. Hoofartikel; The Star, 18.8.26. Roos te Beaufort-Wes; Dagblad, 28.9.26; The Star, 14.11.26. Roos te Mafeking; Ibid., 17.11.26; Die Burger, 18.11.26; Rand Daily Mail, 18.11.26. Roos te Vryburg; The Star, 18.11.26. Roos te Kuruman.
68. Die Volkstem, 20.10.26. Smuts te Mafeking. Vgl. Die Burger, 21.10.26.
69. Volksraadsdebatte, Deel 9, Kol. 6051.

tevrede sou wees om saam met die Engelssprekende Suid-Afrikaners onder die Britse kroon te leef. Dit misluk egter as die S.A.P.-pers dit aanvanklik as 'n basis verwelkom, maar weer kortom spring en dit verwerp, "It did not satisfy the Union Jack extremists, who regarded each concession by their Afrikander citizens either with deep suspicion or as a sign of weakness."[70] Tog is die redakteur van The Friend vol lof vir hierdie gebaar van die Premier om die belange van sy land eerste te stel. In die lig hiervan aanvaar hy die voorstel, maar vra dat genl. Hertzog self die kwessie moes hanteer aangesien dr. Malan nie die gevoelens en sentimente van die Suid-Afrikaanse volk begryp nie.[71] Hierdie gunstige reaksie van The Friend het valse hoop op 'n moontlike vlagskikking laat opvlam. Minister Roos verklaar dat The Friend hierdeur getoon het dat hy meer verstand en staatsmansbeleid as sy leier het.[72]

Met sy vertrek na die buiteland het die Premier sy volk in 'n afskeidsboodskap die regeringsbesluit meegedeel, naamlik om die vlag ná die vlagwetsontwerp se aanname deur die Parlement aan die volk by wyse van 'n referendum voor te lê.

The Star was van mening dat die voorstel van redelikheid getuig, maar dat die Nasionaliste nog nie 'n oplossing bied wat bevredig nie.[73] The Natal Mercury glo dat die Premier bloot met so 'n voorstel gekom het om die guns van die openbare mening in Brittanje te wen. Genl. Hertzog word bestempel as 'n "rubberstempel vir Tielman Roos", en die redakteur kom tot die gevolgtrekking

70. J.G. McQuade, „How South Africa got its National Flag", in H. Reitz en H. Oost (reds.), op. cit., p.181.
71. The Friend, 18.9.26.
72. Dagblad, 28.9.26. Roos te Bloemfontein.
73. The Star, 18.9.26. Hoofartikel.

dat dit nie eers 'n redelike olyftak is wat die Premier na sy Engelse medeburgers uithou nie, maar 'n groen takkie van 'n baie suur appelboom.[74] Vir die Pretoria News impliseer dit dat die volk moes kies tussen die Pakt-vlag of geen vlag.[75]

Die redakteur van The Star openbaar 'n ander aspek van die saak: „The Government's intention is to try to manoeuvre its opponents into a false position and then to accuse them of a complete lack of local patriotism or national feeling."[76] Genl. Smuts self het dit as onbillik en onverstandig verwerp omdat die volk gevra word om vir of teen 'n bepaalde ontwerp te stem.[77] Vir hom is dit "not a square deal".[78] Mnr. G.B. van Zyl, Sap-L.V. vir Kaapstad Hawe, het in die Volksraad beweer dat die regering deur die volkstemming sy verantwoordelikheid en 'n groot landsvraag probeer ontduik deur dit na 'n referendum te verwys.[79] Dus sou van hierdie voorstel van die Premier niks tereg kom nie. Die feit dat dr. Malan egter bereid was om uitvoering aan hierdie voorstelle van sy Premier te gee, was water op die meule van die opposisie. Dit word as "sterfbed-berou" vertolk en dat Malan nie die man van staal is wat hulle gedink het hy is nie. Die Burger het die voorstelle vir 'n kroon op die vlag of 'n referendum daaroor teengestaan.[80]

Die Rand Daily Mail het aangaande die referendum-voorstel erken dat "nothing could be more reasonable than the decision of the Prime Minister ... It is a magnificent gesture." Vervolgens

74. The Natal Mercury, 18.9.26. Hoofartikel.
75. Pretoria News, 18.9.26. Hoofartikel.
76. The Star, 21.9.26. Hoofartikel.
77. Volksraadsdebatte, Deel 9, Kol. 4582-3.
78. Rand Daily Mail, 18.9.26. Smuts te Kaapstad.
79. Volksraadsdebatte, Deel 9, Kol. 4939.
80. The Friend, 22.9.26. Hoofartikel. Vgl. ook The Star, 21.9.26. Hoofartikel.

argumenteer hierdie redakteur, aldus Die Weste, op Smutsiaanse wyse dat die referendum nie 'n oplossing bied nie.[81] "The plain truth of the matter is, that the South African Party would be reduced to utter and absolute political bankruptcy the moment they dared to let go this flag agitation."[82]

Wat die Nasionale Party egter ten nadele gestrek het, was die feit dat hul nie die vlagvraagstuk as 'n verenigde front benader en probeer deurvoer het nie. Hieraan kon die Party as sodanig nie veel doen nie, want die gebrek aan 'n gemeenskaplike siening was dikwels te wyte aan persoonlike vetes en vooroordele wat onderlinge verdeeldheid in die hand gewerk het.

In hierdie dae het welbedoelde oproepe soos dié van mnr. J.B.H. Reitz op dowe ore geval.[83] Hy skryf onder meer aan The Friend: "Don't let us be small-minded and quibble about what should or should not be reflected in our flag. Let us all take the broad view and feel proud that we have progressed so far that we, as a Union, have a flag of our own at all. There is nothing to prevent those of us who love the flags under which we were brought up from continuing to cherish and honour those flags and the traditions for which they stand, or stood."[84]

Die Nasionaalgesinde volksgroep was teen Mei 1926 op advies van hulle leiers nog redelik kalm aangaande die verkryging van hul eie vlag en het hul van demonstrasie en konfrontasie weerhou.

---

81. Rand Daily Mail, soos aangehaal in Die Weste, 21.9.26. Hoofartikel.
82. Die Weste, 21.9.26. Hoofartikel.
83. Seun van pres. F.W. Reitz, oud-president en oud-S.A.P.-voorman in Bloemfontein. Hy is ook die broer van kol. Denys Reitz, L.V. en Dr. Hjalmar Reitz, Nasionale L.V. vir Reitz.
84. The Friend, 16.5.26. Brief van Reitz.

So gretig was hulle om 'n vreedsame oplossing te vind dat hulle niks wou sê of doen wat 'n ooreenkoms kon benadeel nie. Die Suid-Afrikaanse Party se "veragtelike verwerping" van al hul toegewings het egter 'n gevoel van sombere gebelgdheid en wanhoop by Nasionaliste ontketen. Dit sou rassevrede en partyharmonie baie nadelig beïnvloed. Namate die jaar 1926 gevorder het, het die Nasionaliste uit hul dop begin kruip en 'n meer positiewe en besliste standpunt begin inneem. Minister C.W. Malan plaas die volle blaam vir die anti-vlag-agitasie op die skouers van die Engelse pers.[85] In September beweer minister Tommy Boydell: "I should say that 20 per cent. of the feeling on the flag question is based on honest patriotic sentiment, but I am satisfied that the other 80 per cent. is due to the exploitation of the subject by the South African Party."[86] Wat die Pakt-ondersteuners, en veral die Nasionaliste, se bloed laat kook het, was die wyse waarop hul leier se konsiliasievoorstelle voor sy vertrek na Londen summier verwerp en afgetakel is.

In Desember 1926 kon Creswell aan sy vrou skryf: "The Flag Bill is not to be dropped but is to be gone on with. This is a defeat to our friend Roos."[87] Creswell se Arbeidersparty was verdeeld oor die deurvoering van die vlagwetsontwerp. Kentridge Arbeider-L.V. vir Troyeville, het verklaar "that, if no agreement can be attained on the flag-question the Bill may perhaps be dropped".[88] Genl. Smuts wou steeds die Pakt 'n knou toedien en waarsku in Port Elizabeth die Arbeiders teen verdere steun vir

85. Cape Times, 4.8.26. Malan te Vryburg.
86. The Star, 11.9.26. Boydell te Malvern.
87. F.H.P. Creswell-versameling, Band 3. Creswell aan sy vrou, 17.12.26.
88. Die Weste, 6.7.26. Hoofartikel.

die tweestok-voorstel en 'n "skoon vlag". "This act will entail on them punishment which they cannot at present foresee."[89]

Gedurende die laaste vier maande van 1926 het beide hoofpartye klem gelê op hul opponente se aanblasing en uitbuiting van die rassegevoelens. The Round Table van September skets die politieke situasie onder meer so: "Political parties are still very largely distinguished by their respective attitudes towards the British Commonwealth, racial feeling is by no means dead, and a tragic history has left abiding effects in passions that slumber for a while but are stirred easily into fierce action."[90]

Op 25 September beweer genl. Smuts onder meer: "After only two years of Pact Government, the racialism which the South African Party policy had all but diminated had reappeared ... This recrudescence of racialism was due solely to the policies carried out by the Pact Government ... Dr. Malan, by his truculent speeches, had done more than any other man in the country to rekindle the old fires of race feeling."[91] Opposisiesprekers het aangevoer dat die vlagkwessie sesessie en rassehaat beteken.[92] Nasionaliste het dit egter verwerp as "die holste, die mees skynheiligste agitasie wat die Sappe nog ooit aangevat het". Die S.A. Party se vlag-agitasie het volgens die redakteur van Die Weste slegs ten doel om die ooreenkoms by die publiek in diskrediet te probeer bring, en om self weer aan die bewind te kom. Vandaar die krag van genl. Smuts se beroep op sommige mense: die vlag is sesessie, en sesessie is bloed en trane en materiële teëspoed![93]

89. The Star, 1.9.26. Smuts te Port Elizabeth.
90. The Round Table, Vol. 64, September 1926.
91. Rand Daily Mail, 25.9.26. Smuts te Bloemfontein.
92. Die Weste, 14.9.26. Hoofartikel.
93. Ibid.

Genl. Hertzog het die Natallers gewaarsku dat die rigting wat ingeslaan word 'n slag vir die Unie sal beteken, maar ook die band met die Ryk in gevaar sal stel. Die verhouding tot die Ryk moet opreg en blywend wees, en die vlag moet die sinnebeeld van ons onafhanklike, nasionale status wees. Die regering wil die verhouding tot die Ryk met die Union Jack as simbool voorstel, en het as sodanig verder as enige vorige regering gegaan deur kragtens wet die Ryksband met die Unie te erken. Dit is 'n bewys van die holheid van die argument dat die daarstelling van 'n Unievlag 'n bewys is van die wens tot afskeiding.[94]

Kol. Denys Reitz, S.A.P.-L.V. vir Port Elizabeth Sentraal, het met sy uitlatings heelwat rasse-onmin veroorsaak. So het hy op 10 September te Parktown Noord beweer dat baie politici wat nou die Union Jack wil afskaf gedurende die Anglo-Boereoorlog in die voue van dieselfde vlag skuiling gesoek het.[95] Hy het homself ook die onmin van baie Afrikaners en Pakt-ondersteuners op die hals gehaal met sy bewering dat die vlagwetsontwerp nie die implimentering van 'n eie vlag vir die Unie ten doel het nie, maar dit slegs as middel wil aanwend om die Union Jack af te skaf.[96] Vroeër het kolonel Creswell, leier van die Arbeidersparty, alreeds gemaan dat die groot liefde van Engelssprekendes (en sekerlik ook Engelsgeoriënteerde Afrikaanssprekendes) vir die Union Jack nie tot 'n verontagsaming van die ideale van andere moes lei nie.[97] The Round Table het ook verklaar dat daar 'n redelike aantal Engelssprekende Suid-Afrikaners, selfs buite die Arbeiders-

94. The Star, 7.9.26; Die Burger, 7.9.26; Rand Daily Mail, 7.9.26; Dagblad, 7.9.26; Hertzog te Kaapstad; G.S. Preller-versameling, Lêer 174. Knipsels.
95. The Star, 11.9.26. Reitz te Parktown North.
96. Ibid., 27.8.26. Reitz te Randfontein.
97. Preller-versameling, Band 174. Knipsel, 17.5.26.

party is, wat bereid mag wees om 'n ooreenkoms sonder die Union Jack te aanvaar "but placed beyond all doubt the acceptance of the Commonwealth, provided that such a compromise would help the cause of a united front in face of our common problems."[98]

Hierdie rassegevoel sou uiteraard, volgens die partysamestelling ook partywrywing in die hand werk. Dit was nie slegs beperk tot die twee groot partye nie, maar ook die Arbeidersparty is teen wil en dank by die geskil ingesleep. Weens laasgenoemde se verbintenis met die Nasionaliste, sou hul botsings met die S.A. Party noodwendig ook die verhoudingsituasie tussen die twee hoofpartye beïnvloed. Op hulself aangewys, sou die Arbeidersparty nooit die vlag-agitasie op tou gesit net nie, en The Economist voer aan dat die basis van die Pakt-ooreenkoms dit bewys. "But once it was raised the Labour craft found itself taken in tow, partly because its captain thought of himself as admiral leading a final assault on the citadel of racialism; partly because all the good things of office were in the Nationalist ship ahead; partly, perhaps, from a hope that the currents and the winds might not, after all, be too sharply divergent in direction."[99] Genl. Smuts het ook die Arbeiders en Nasionaliste teen mekaar probeer afspeel, en hy het die feit dat die Vlagwet weer in 1927 deur die Nasionaliste voorgelê sal word as "a demonstration of most brutal and cold-blooded disloyalty by the Nationalists to the Labour Party" bestempel.[100]

Op die vooraand van 1927 hou die Londense kwartaalblad, Round

---

98. The Round Table, Vol. 64, September 1926.
99. The Economist, 21.1.28. Nationalism and South-Africa's future.
100. The Star, 29.5.26. Smuts te Kaapstad. Vgl. ook Die Volksblad, 25.10.26. Smuts te Pietersburg.

Table, nabetragting van 1926 en die Suid-Afrikaanse vlagvraagstuk. Volgens die blad blyk dit dat daar elemente binne die S.A. Party is wat partypolitieke voordeel uit die vlagvraagstuk wil haal, ongeag die feit dat die Union Jack in die proses self benadeel word. Die eerlike en openhartige besprekinge in die Parlement oor hierdie aangeleentheid was nie 'n voorbeeld wat in alle kringe nagevolg is nie "and much was said that revealed not only inability to appreciate the Nationalist standpoint, but the absence of any disposition to try."[101]

Die Weste raak 'n ander rasse-aspek aan deur daarop te wys dat die vlag-agitasie teen 'n "skoon nasionale vlag" deur die opposisiepers geïnspireer is. Volgens hulle kennis is alle opposisieredakteurs van oorsee ingevoer, en dit is één van die on-Suid-Afrikaanse instansies in Suid-Afrika. Indien die Engelse pers in Suid-Afrika sy eie Suid-Afrikaans gebore redakteurs kon oplewer en die Engelse Kerke in die Unie sy eie Suid-Afrikaans gebore predikante kon oplei, "we could not have half the silly pother these imported people now raise." Die redakteur wys ook op die Brits-geïnspireerde Sons of England se agitasie teen 'n "skoon vlag" en voer aan dat "neither the South African Party, nor the Sons of England are going to prevent the sons of South Africa from chosing their own flag".[102]

Gedurende die Premier se bywoning van die Rykskonferensie van 1926 het minister Tielman Roos in sy plek as Eerste Minister waargeneem. Van hierdie interim het Roos opnuut gebruik gemaak om Malan se vlagwetsontwerp met koudheid en onverskilligheid af te

101. Die Weste, 5.10.26. Hoofartikel; The Round Table, Vol. 64, September 1926.
102. Die Weste, 22.10.26. Hoofartikel.

maak. Roos sowel as Campbell, voorsitter van die Vlagkommissie, het op die uitstel van dié wetsontwerp aangedring, maar dr. Malan was onwrikbaar. Genl. Hertzog sou met sy terugkeer hieroor uitsluitsel moes gee. Toe die Premier egter by sy terugkeer aan dr. Malan sy voorneme geopper het om die vlagwetsontwerp in die lig van die Unie se nuutverworwe status terug te trek, het laasgenoemde sy bedanking as enigste alternatief in die geval van so 'n besluit voorgehou. Dit loop uit op Hertzog se sienswyse dat hulle nou moes oorweeg om die Britse vlag ook 'n plek in die nasionale vlag te gee. Dr. Malan was egter steeds nie daarvoor te vinde nie.[103]

Gys Hofmeyr, kampvegter vir hereniging, skryf met versiendheid aan genl. Smuts dat sedert die Balfour-verklaring daar minder rede vir teenkanting teen die insluiting van die Union Jack op 'n nasionale vlag behoort te wees, veral nou dat Suid-Afrika permanent binne die Britse Ryk sou bly. Daar was nou geen regverdiging daarvoor om 'n vlag sonder die Britse vlag op 'n bevolkingsdeel af te forseer nie. 'n Geforseerde vlag sal nooit 'n nasionale vlag word nie, maar slegs 'n partyvlag bly, en dit kan uiters gevaarlik wees.[104]

Genl. Hertzog het nou die hef in die hande gehad. Hy kon in 1927 aankondig, indien hy wou, dat hy die vlagwetsontwerp laat vaar, en in die glorie van die nuutverworwe status sou die grootste gedeelte van die volk daarin berus het. Dit sou moontlik die weg ooplaat vir belangrike politieke veranderinge en rasse- en partyversoening. 'n Vasberade Minister van Binnelandse Sake,

103. E.A. Walker, A History of South Africa, London, 1957, p.613.
104. Smuts Papers, V. Hofmeyr aan Smuts, 6.12.26.

gesteun deur 'n ewe gedetermineerde groep ekstremistiese Nasionaliste, sou die Premier egter van so 'n stap weerhou.

Die Engelstalige opposisiepers het die geleentheid aangegryp en 'n sielkundige veldtog van stapel begin stuur, waarin hulle die hoop uitgespreek het dat die Premier uit erkentlikheid teenoor Brittanje vir hul nuwe status en ook ter wille van rassehar-monie in Suid-Afrika sy invloed sou gebruik om die vlagstryd te laat vaar. So vra die redakteur van die Rand Daily Mail: "Is he big enough to make the sign?"[105] Genl. Smuts stel dit ook duidelik dat dit niks sal help om oor vrede te praat na afloop van die Rykskonferensie nie, tensy die vlagkwessie "behoorlik gereël" word.[106]

Reeds aan die einde van 1926 het sir Ernest Chappel met 'n Unioniste-deputasie genl. Hertzog genader om die vlagwetsontwerp te laat vaar en volgens dr. Malan was Hertzog gewillig om dit te doen, aangesien hy en Havenga so onder die indruk van die Rykskonferensie was dat hulle die prys wou betaal met die oog op 'n koalisie met die Sappe. Dr. Malan se houding sou sy kaarte egter deurmekaar krap, want die deurvoering van so 'n besluit kon die Nasionale Party uitmekaar skeur.[107]

Die Engelssprekendes het die versoenende toesprake van die Eerste Minister met vreugde aangehoor, maar dit was nie genoeg nie; hulle wou ook daadwerklike optrede van die Eerste Minister sien. Daarom het hulle vol verwagting gehoop dat genl. Hertzog en sy kollegas met hul nuwe idee van vryheid binne die Ryk 'n onpartydige houding ten opsigte van die vlag sou inneem en nie

105. Rand Daily Mail, 13.1.27. Hoofartikel.
106. Die Volkstem, 14.1.27. Smuts te Charl Cilliers.
107. Die Burger, 26.9.34. Malan te Heilbron.

die Engelse gevoelens in die land as oppervlakkig sou beskou nie.[108] Volgens The Round Table het die Nasionale Party 'n unieke geleentheid gehad om finale en oortuigende bewys van hul algehele opregtheid te lewer.[109]

Toe dr. Malan egter gedreig het om te bedank en Hertzog besef het hoe sterk Malan oor die saak voel, het die Premier besluit om tog met die vlagwetsontwerp voort te gaan.[110] Intussen het Campbell as voorsitter van die Vlagkommissie bedank en is hy deur prof. Blommaert opgevolg.

Dit was in 1927 se Provinsiale Raadsverkiesings duidelik dat die vlagkwessie deur die opposisie as propagandapunt gebruik sou word. So the die Cape Argus op die verkiesingsdag in Kaapland die hele verkiesing as bloot 'n keuse tussen die Union Jack en "That Flag" van dr. Malan voorgestel. Die uitslae het getoon dat die Arbeiders se stemme in die stedelike kiesafdelings merkbaar gedaal het.[111]

In Natal het kol. Blaney reeds in Januarie namens die S.A. Party aangekondig dat hul vasberade is om die vlagvraagstuk één van sy party se hoofpropagandamiddels in die komende provinsiale verkiesing te maak. Die redakteur van The Natal Witness waarsku dat hul hierdeur 'n baie gevaarlike weg betree wat buite Natal rampspoedige gevolge mag hê.[112] 'n Hoogsvoldane redakteur van die Cape Times kon op 18 Februarie aankondig: "Natal has slain the Labour Party with a lusty killing. The cause, of course, is the Flag Bill, which has stirred Natal to its depths. The answer

108. F.J. Human, Die Totstandkoming van die Unievlag, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1960, p.77-8.
109. The Round Table, Vol. 64, September 1926.
110. Die Burger, 1.2.57. Dr. Malan oor die vlagstryd.
111. Ibid., 22.2.27. Onderhoud met J.H. Conradie, L.V.
112. The Natal Witness, 26.1.27. Hoofartikel.

Natal has given will be given by other communities in South Africa where English-speaking people predominate."[113]

In Transvaal het die Rand Daily Mail aangevoer dat genl. Hertzog op die advies van dr. Malan en kol. Creswell besluit het op 'n nie-amptelike referendum oor die vlag met die provinsiale verkiesings as toets. Hy beweer verder: "Local affairs of the greatest importance have been sacrificed in order that the Government may obtain a mandate to proceed with its Bill and plunge South Africa into further embittered agitation."[114]

Die Nasionaliste het geglo dat hierdie provinsiale verkiesing van 1927 doelbewus deur die S.A. Party ter wille van partypolitieke gewin 'n vlag-kleur gegee is. Die S.A. Party was die mening toegedaan dat die Premier die vlagvraagstuk ná sy suksesvolle bywoning van die 1926-Rykskonferensie en die gepaardgaande verhoogde status ter wille van rassevrede en volkseenheid tydelik moes terugtrek; laasgenoemde party wys daarop dat Hertzog tog verkies het om die Provinsiale Raadsverkiesings te gebruik as toetssteen vir sy voorgenome vlagwet.

Die Provinsiale Raadsverkiesings het dus in 'n aansienlike mate daartoe bygedra om die gevoel tussen die twee hoofpartye aan te blaas, terwyl dit ook duidelik was dat die S.A. Party die Arbeidersparty erg verkwalik het oor hul aandeel in die vlagstryd en daarop uit sou wees om hierdie party as politieke faktor aan flarde te skeur. Te midde van hierdie steeds verslegtende verhouding tussen die twee groot partye het dit voorgekom asof 'n vlagoplossing vir 'n geruime tyd onmoontlik sou wees.

Die Kabinetsverskille aangaande die vlagvraagstuk het op hierdie

113. Cape Times, 18.2.27. Hoofartikel.
114. Rand Daily Mail, 15.2.27. Hoofartikel.

tydstip die onderlinge vertroue in Nasionale geledere ondermyn. Alhoewel min van die verskille tussen genl. Hertzog en dr. Malan na buite bekend geraak het, het Sir Thomas Smartt tog later in die Volksraad aan Hertzog en Havenga gevra of dit nie so is dat hul ná die 1926-Rykskonferensie die vlagwetsontwerp wou laat vaar nie, maar dat dr. Malan gedreig het om in so 'n geval te bedank. Hertzog het aangevoer dat hy ontgogel was deur die eis van die Empire Group dat die Union Jack op die nasionale vlag moes kom, terwyl die Engelse koerante blykbaar deur hul kritiek die Afrikaanssprekendes uitgedaag het. Dus kon die regering hom nie tot uitstel laat lei nie.[115]

Gedurende Februarie 1927 het 'n afvaardiging van die Waaksaamheidskomitee onderhoude met genl. Hertzog en dr. Malan gevoer en sekere voorstelle vir die insluiting van die Union Jack voorgelê. Op die inisiatief van dr. Malan is 'n konferensie tussen leiers van hierdie komitee en die regering se vlagkommissie vir 2 April te Kaapstad belê.[116] Die uitslag van hierdie konferensie was dat die twee partye eenstemmigheid oor die wenslikheid van 'n eie nasionale vlag bereik het, asook om die saak deur vreedsame ooreenkoms te besleg. Die konferensie het die groen kruisvlag van St. George aanbeveel, dog die Vigilance Society het dit verwerp en dit duidelik gestel dat hul slegs met die Union Jack op die vlag tevrede sou wees. Die Nasionaalgesindes was ook oor die algemeen nie met die St.-George ontwerp tevrede nie omdat dit vir hulle te Rooms was.[117]

Dit was al meer duidelik dat die S.A. Party slegs tot 'n vlag-

115. Volksraadsdebatte, Deel 9, Kol. 6233.
116. P. Kapp, „Ons Nasie se Grondbrief", in Die Taalgenoot, Augustus 1967.
117. Ibid.

skikking sou toestem indien die Union Jack deel sou vorm van die nasionale vlag. Die organisasie en protesveldtogte van die voorstanders van die opname van die Britse vlag was doelgerig en puik. So het hul op 24 April in Johannesburg The Co-ordinating Council of the Patriotic Societies of South Africa gestig om hul vir 'n prominente plek vir die Union Jack op die nasionale vlag te beywer.

Gedurende die eerste twee jaar van die vlagstryd het die Afrikaanssprekende Nasionaalgesinde deel van die bevolking die stilswye bewaar omdat hulle gevoel het dat die Nasionale Party namens hulle praat. In Mei 1927 het daar egter van hulkant 'n besliste stem opgegaan dat die regering nie meer toegewings moet maak nie, maar moet deurdruk met die skepping van 'n eie Suid-Afrikaanse vlag. 'n Organisasie bekend as Ons Eie Vlag is gevolglik gestig.[118] McQuade voer met reg aan dat die Afrikaanssprekendes "had gone the limit in concession to meet the objections of their fellow citizens; the time had come to act".[119]

'n Briefskrywer aan dr. N.J. van der Merwe, Nasionale L.V. vir Winburg, vertolk die gevoel van sommige Afrikaanssprekende Nasionaliste in 1927 as hy onder andere sê: "As ons 'n vlag moet kry, wat nie suiwer Afrikaans is nie, en 'n deel van die Engelse vlag bevat, dan bly ons liewers daar sonder, dan liewers die Engelse vlag aan die paal, dan weet ons ten minste waar ons is en ons vyandskap is openlik. Ek wil met g'n Engelsman saam maak nie. Ek was nog altyd vierkantig teen hom van die eerste dag af en sy vlag was my nog altoos soos 'n rooilap vir 'n kwaai bul."[120]

---

118. Ibid.
119. J.G. McQuade, „How South Africa got its National Flag", in H. Reitz en H. Oost (reds.), op. cit., p.185.
120. N.J. van der Merwe-versameling, Band 2. J.G. Barnard aan van der Merwe, 22.4.27.

As teenstelling hierteenoor was organisasies soos die Empire Group ewe vasberade, en die sekretaris van die Johannesburgse tak, mnr. Huscham, skryf aan Smuts dat hul op 'n vergadering op 4 Mei besluit het "to fight to the utmost to oppose any Flag Bill which does not support the Union Jack as it stands to-day; or a flag that does not contain the Union Jack in its entirety as an integral part in the top left-hand corner".[121]

'n Bloemfonteinse argitek, P. Masey, het selfs sover gegaan om teenoor Smuts te beweer dat 'n groot groep van die Bloemfonteinse spoorwegarbeiders, en veral Arbeider-ondersteuners, insluiting van die Union Jack op die vlag ondersteun, en tog swygsaam is uit vrees vir viktimisasie.[122] Onder die skuilnaam "United" skryf dieselfde Masey aan The Friend: "It is under the Union Jack that the British in South Africa have a Dutch Prime Minister", en "It was under the Union Jack that ten million pounds sterling was given to the ex-Republicans to re-establish their farms many destroyed as a war measure by the British, but many also destroyed by General de Wet himself, as he states in his own book 'The Three Years' War'."[123] Dit was sulke argumente, tiperend van 'n eng Britse gees, wat die Afrikaner-Nasionalis die rooi doek laat sien het en gevoelens tot 'n emosionele hoogtepunt gedryf het. Vir die Nasionalis was die lyding van die Anglo-Boereoorlog 'n teer saak en dit moes allermins in die vlagstryd as argument aangewend word.

Algaande het die vasberadenheid en onversetlikheid in partyge-

121. Smuts-versameling, Band 206. Huscham aan Smuts, 10.5.27.
122. Ibid., Masey aan Smuts, 13.5.27.
123. The Friend, 10.5.27. Brief van „United". Vgl. ook Smuts-versameling, Band 206. Masey aan Smuts, 13.5.27.

ledere toegeneem. Op 'n vergadering van die Patriotic Societies in Bloemfontein gedurende Mei 1927 het hul onder andere aangevoer: "The Union Jack is not a sign of bondage, but a sign of freedom as witness the fact that we have always had ex-Republican Dutchmen for our Prime Ministers."[124] Martin Phillips, ere-sekretaris van die Patriotic Societies of South Africa, eis op 9 Junie namens sy organisasie dat 'n kwart van die nasionale vlag aan die Union Jack afgestaan word. "If not carried out there is sure to be an amount of feeling displayed such as this country will not recover from for many a day."[125] 'n Versiende Smuts skryf aan Cohn: "Sentiment, like one's pocket, is a very touchy matter, and with the Flag Bill now and the financial setback in prospect next year there may be much more change than we have seen hitherto."[126] 'n Briefskrywer aan The Natal Advertiser beweer dat Suid-Afrika 'n Britse land is en vir hom volg dit logies dat inwoners van die land òf Britte òf vreemdelinge moet wees. "If British, then why not one flag, one language, and one Constitution and the greatest freedom in the world."[127]

Vere Stent, voormalige redakteur van The Pretoria News en by uitstek 'n Engelse rasis, beweer dat die Goewerneur-generaal sal weier om die Vlagwet te onderteken as 'n groot meerderheid nie in die referendum behaal word om te bevestig "that the country really wants this smeerlap of Malan's (flag), pardon the vulgarity but 'Onse Vaderland' calls the Union Jack a Vadok."[128] Uitlatings soos hierdie laat Smuts aan 'n briefskrywer skryf: "The policy of the Government is bound in the end to do it much harm.

---

124. Smuts-versameling, Band 206. Sekretaris van Patriotic Societies aan Smuts, 21.5.27.
125. Ibid. Phillips aan Smuts, 9.6.27.
126. Ibid. Smuts aan Cohn, 5.5.27.
127. The Natal Advertiser, 27.5.26. Brief van „Regulus".
128. Smuts-versameling, Band 206. Stent aan Smuts, 25.5.27.

But what I fear much more is that it may prove disastrous to the good relation between the races, as the extrimists of both sides will gradually get control and make the position of moderate sane South Africans most difficult indeed."[129]

By die aanvang van die Volksraadsitting van 1927 was daar egter minder vooruitsigte op eenstemmigheid as tevore. Die spanning tussen die partye het breekpunt bereik. Genl. Hertzog is bevoordeel deur sy aandeel in die verkryging van die Balfour-verklaring en die nuwe aansien wat hy as Premier geniet het. Hy het die sleutel tot rasse- en partyversoening in sy hande gehad, soos genl. Smuts ook te kenne gee: "Hertzog gave us a couple of days ago a rare exhibition of what a Prime Minister should not be. When I consider what chances they have had and squandered away one after another I am amazed beyond word. The fervour with which the English people literally embraced him on his return from London is rapidly turning into gall and bitterness. I am doing my best to keep feelings calm and moderate, as it is not in our interests to discuss the forthcoming Flag Bill in an explosive atmosphere ... But the policy of the Pact seems to be to rend and tear asunder what even God has united."[130]

Dit was duidelik dat die vlagstryd nou tot 'n punt moes kom, soos dr. F.C. Kolbe[131] ook aan genl. Smuts te kenne gee: "Postponement will not improve matters."[132] Desnieteenstaande is gevoelens so opgesweep dat 'n vlag-ooreenkoms byna onmoontlik gelyk het. Smuts kom tot die gevolgtrekking "that the atmosphere for

129. Ibid. Smuts aan Weinthal, 27.5.27.
130. Ibid. Smuts aan Crewe, 18.3.27.
131. Predikant by die St. Mary's Katedraal in Kaapstad en 'n gereelde korrespondent van Smuts.
132. Smuts-versameling, Band 206. Kolbe aan Smuts, 21.3.27.

the settlement of this question has become so bad that any decent solution is for the moment out of the question, and that we had better wait for more auspicious times for the realisation of an ideal so good and great".[133]

Op 16 Mei 1927 is die vlagwetsontwerp weer eens deur dr. Malan by die Volksraad ingedien. Hiervolgens sou die groen kruisvlag van St. George in rooi en wit boorsel gekwartileer die vlag van Suid-Afrika wees. Gedurende die tweede lesingsdebat is die saak na 'n Gekose Komitee verwys, en baie Suid-Afrikaners het hul hoop op hierdie komitee gevestig om tot 'n bevredigende oplossing te kom. The Friend laat hom hieroor so uit: "Our hope was that South Africans of both races in a matter of this kind would be big enough to rise above sectional prejudices and to allow their imagination to visualise a South African nation in fact."[134] Die volk het asem opgehou, want "one false step in this matter, and the country may quite easily be plunged into a period of strife which will undo all the good of the past twenty years of reconciliation."[135]

Voor 'n oorwegend studentegehoor te Stellenbosch het dr. N.J. van der Merwe, L.V. vir Winburg, gewys op 'n pas afgelope vergadering te Kaapstad waar die geroep opgegaan het: "We want a flag by consent and not by force." Hy vra die vraag op welke wyse die Union Jack in Suid-Afrika gekom het - deur toestemming of geweld? Die enigste mag of geweld wat sy volk nou wou gebruik was die wil van die Afrikaanse volk. F.S. Malan se bewering dat dit 'n partyvlag sal wees, verwerp hy omdat die volk in 'n referendum daar-

133. Ibid. Smuts aan Kolbe, 22.3.27.
134. The Friend, 17.4.26. Hoofartikel.
135. Rand Daily Mail, 4.4.27. Hoofartikel.

oor sou beslis.[136] Dit was duidelik dat 'n baie gevaarlike toestand van spanning en onwrikbare vasbeslotenheid rasse- en partywrywing tot 'n hoogtepunt gevoer het.

Dit ly geen twyfel dat Hertzog sowel as Smuts deeglik bewus was van die plofbare situasie in die land nie, en dat die vlagkwessie na dese uiters versigtig hanteer moes word. Smuts het die gevoel in die Parlement so opgesom: "The English South Africans looking upon the business as an outrage on their deepest feelings, the Nats exulting over the expulsion of the hated Union Jack."[137] Die opposisieleier beweer aan die hand van Hertzog se houding in die Parlement dat gevoelens handuit kan ruk en dat hulle al hul kragte sou moes inspan ten einde dit te verhoed. Hy skryf aan sy vrou dat die "Nat politiek is waarlik een vloek vir die land geword."[138] Die Nasionaliste sal nou hul bes doen om die gematigde Afrikaanssprekendes na hul kant oor te haal, terwyl Natal spoedig van sesessie sal praat, en daarom voel Smuts dat indien hul nie versigtig is nie hierdie situasie deur die beinvloeding van ekstremiste 'n ernstige wending kan neem.[139] Volgens Smuts is die Pakt so beskonke deur hul eie magslus dat hul nie besef dat hul die volk se geduld tot die absoluut uiterste beproef nie.[140]

'n Briefskrywer aan Smuts se raak siening van hierdie geweldige opwelling en uitbuiting van rassegevoel tot dusver tydens die vlagstryd ondervind, lui soos volg: "If the past has taught us

---

136. Die Burger, 21.5.27. Van der Merwe te Stellenbosch.
137. Smuts-versameling, Band 206. Smuts aan Gilletts, 17.5.27.
138. Ibid. Smuts aan sy vrou, 28.5.27.
139. Ibid. Smuts aan Stent, 30.5.27.
140. Ibid. Smuts aan Frank Theron, 31.5.27.

one thing then it is the necessity for finding points of racial agreement and avoiding racial differences as much as possible. To arouse each others racial sentiments into hostility off and on only delays the attainment of a spirit of S.A. national unity so much longer on each occasion. We have tremendous problems to solve as a nation and, whilst we are indulging in racial fights over this bone, it is being picked bare by lost opportunities and by those who profit by advancing their own interests under cover of the dust raised by our racial squabbles."[141] Die bevordering van eie belange geld egter nie alleen vir die Pakt nie, maar eweneens ook vir die Suid-Afrikaanse Party.

'n Heidelbergse bewonderaar van Smuts het sy eie bepaalde siening van die Pakt-oogmerk met die vlagstryd: "The Government are moving with the sole aim of stirring up feeling in the backveld, so that the Nats there will not cool off when their pockets are touched by the socialistic legislation which is being put through; and that the Labourites are selling their souls and supporting the bill renowing that thereby they may be able to hang on a little longer."[142]

F.V. Engelenburg bepleit uitstel van die vlagstryd aangesien die publiek so deurmekaar gemaak is dat hul ten ene male 'n rustige oordeel oor die mees ideale ontwerp verloor het.[143] The Round Table was ook die mening toegedaan dat 'n onbepaalde uitstel van die vlagwetsontwerp die beste uitweg sou wees. Dit kon minstens twee gunstige resultate meebring: "It might bring the Nationalists to realise how deeply-rooted is the sentiment for

141. Ibid., Band 205. D.J. du Plessis aan Smuts, 31.5.27.
142. Ibid., Band 206. G.W. van Zyl aan Smuts, 18.5.27.
143. Ibid., Band 205. Engelenburg aan Smuts, 20.5.27.

the Union Jack among most English South Africans, and how free that sentiment is, in the vast majority of minds, from any taint of desire to dominate. Nationalists must, in time, realise that the 'past' in that sense cannot be ignored." Dit kan andersyds egter ook vir die Engelssprekende Suid-Afrikaners die geleentheid skep om 'n beter insig as tans in die ware, opregte oogmerke van die Nasionaliste te kry.[144]

Joan Boardman, 'n gereelde briefskrywer aan Smuts, was verontrus oor die reaksie op die voorgenome vlagwetsontwerp en skryf op 20 Mei aan Smuts dat 'n groepie persone in Johannesburg, 'n soort Jameson-inval in gedagte het. Hul is besig om vas te stel welke persone bereid sal wees om die noordelike deel van Transvaal en Natal te verdedig indien Malan se vlag gehys word![145]

Die Parlementêre Gekose Komitee kon egter tot geen vergelyk kom nie, maar het met 'n nuwe vlagvoorstel vorendag gekom, naamlik 'n vlag met drie horisontale bane Oranje, wit en blou - met 'n skild in die middel. Die skild se vier kwartiere het bestaan uit die Union Jack, die twee republikeinse vlae en vier sterre op 'n blou agtergrond. Afrikaanssprekendes het dié vlag met groot geesdrif begroet. Die Engelssprekendes was die vlag simpatiekgesind maar was ontevrede oor die min ruimte wat aan die Union Jack afgestaan is. The Friend kom tot die gevolgtrekking dat die S.A. Party te veel klem lê op die belangrikheid van die insluiting van die Union Jack as simbool van die Imperiale konneksie.[146]

Natal was soos gewoonlik weer op die voorgrond met sy heftige

144. The Round Table, Vol. 64, September 1926.
145. Smuts-versameling, Band 205. Boardman aan Smuts, 20.5.27.
146. The Friend, 11.5.26. Hoofartikel.

uitlatings teen 'n vlagskikking waar die Union Jack nie prominent of groot genoeg is nie. Dit verbaas die redakteur van The Friend dat ook van die Natalse Skotte oor die grootte of opname van die Britse vlag as deel van 'n Suid-Afrikaanse vlag protesteer. Dit is moeilik verstaanbaar waarom die Skotte vir Suid-Afrika wat hulle as hul eie land aangeneem het 'n reg of 'n voorreg ontsê wat aan hul eie land toegesê is.[147]

Genl. Smuts het onomwonde verklaar dat sy party nie die skildvlag sou aanvaar nie. "Its chief significance was that of a tombstone - a grave of the flag on it."[148] Die opposisieleier het in hierdie dae heftig te velde getrek teen die Arbeidersparty en hul aandeel aan die vlagstryd wat hy as "politieke selfmoord" afgemaak het. "As die Arbeider-ministers die pinkie verroer het dan was daar nooit 'n vlagkwessie nie."[149]

The South Africa Nation spreek sy verbasing uit dat genl. Smuts sowel as F.S. Malan wat hul vroeër (1921 en 1919 onderskeidelik) ten gunste van twee vlae vir die Unie uitgespreek het dit nou, in die woorde van F.S. Malan as "the old two-stream policy all over again" verwerp het.[150]

Die Sappe het beweer dat die Union Jack in die skild 'n dooie vlag is en as sodanig nie 'n integrale deel van die nasionale embleem vorm nie. Dit is as 'n "coffin flag" en 'n "postage stamp flag" bestempel.[151] Genl. Smuts het die gedagte van 'n referendum bestempel as "like a boil - it brought everything to a head".

147. Ibid.
148. Rand Daily Mail, 6.8.27. Smuts te Parys. Vgl. The Natal Witness, 8.8.27. Smuts te Potchefstroom.
149. Die Volkstem, 26.8.27. Smuts voor S.A.P.-klub, Pretoria; Rand Daily Mail, 26.8.27.
150. The South African Nation, 27.8.27.
151. J.G. McQuade, „How South Africa got its National Flag", in H. Reitz en H. Oost (reds.), op. cit., p.187.

Hy spreek die hoop uit dat dit al die gif sal uitwerk wat inwerk op die Suid-Afrikaanse politieke stelsel.[152] Nasionaliste het Smuts ook verkwalik oor sy opdrag aan 'n Durbanse gehoor aangaande die verwagte referendum: "Do your job as you did it in 1914!"[153] Ons Vaderland kom tot die gevolgtrekking dat die opposisieleier dus sy volgelinge tot geweld aanmoedig, want dit was wat in 1914 tydens die Rebellie gebeur het.[154]

Vanuit die S.A.P.-kamp het daar stemme begin opgaan dat die skildvlag aanvaar moes word. Een briefskrywer aan die Rand Daily Mail beweer dat die opposisie nou alle blaam moes aanvaar indien die vraagstuk nie opgelos word nie.[155] 'n Ander korrespondent beweer weer dat die meeste Afrikaans- en Engelssprekendes tevrede is met die skildvlag, maar "that the opposition immediately cudgel their brains to find a weakness, and a supposed weakness having being found, they distort it until it assures tremendous proportions, and eventually cause further and fiercer bitter feeling."[156] 'n Ander briefskrywer, "S.A.P.-more or less", bestempel dit as 'n redelike en aanvaarbare poging om albei partye tevrede te stel, en dat die S.A.P.-persorgane wat dit net wil aftakel hulle aan onredelikheid skuldig maak.[157] Selfs die Manchester Guardian het dit as "a sensible proposal" bestempel.[158] In 'n brief van "Englishwoman" aan die Rand Daily Mail wys sy daarop dat die meerderheid Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika groothartig genoeg is om ondanks die verlede die Union Jack op

152. The Star, 10.9.27. Smuts te Durban.
153. The Natal Witness, 10.9.27. Smuts te Durban.
154. Ons Vaderland, 14.10.27. Hoofartikel.
155. Rand Daily Mail, 21.6.27. Brief van Ernest Leyard.
156. Ibid. Brief van J.E. Rhodes.
157. Ibid. Brief van „S.A.P.-more or less".
158. Manchester Guardian, soos aangehaal in Rand Daily Mail, 21.6.27.

hul vlag te aanvaar en te respekteer, maar dat die groot Engelssprekende element dit nie met ope arms verwelkom nie, maar met vyandiggesindheid en afkeur verwerp omdat hul 'n groter en definitiewer Union Jack op die vlag verlang - iets wat sy afkeur. Sy kom tot die slotsom: "I am afraid our English South Africans of jingo tendencies, who make such a fuss about the flag, are neither fair nor honest. What they want and what they demand is in effect that the British stock shall dominate."[159]

Aan die hand hiervan maak minister Tommy Boydell die afleiding dat die opposisie nooit werklik 'n vlagoplossing wou hê nie, aangesien hul die vlagvraagstuk wil gebruik om weer aan die bewind te kom.[160] In Arbeidersgeledere was daar onenigheid aangaande die wenslikheid om met die vlagwetsontwerp voort te gaan. Waar Boydell die mening toegedaan was dat Afrikaanssprekende sentimente nie behoorlik in ag geneem word nie, het George Hay, Arbeider-L.V. vir Pretoria-Wes, aangevoer dat Engelssprekendes se reg tot 'n kwart van die vlag deur die Nasionaliste ignoreer is en dat die Afrikaanssprekendes hul keuse op die res van die land wou afdwing.[161]

Intussen het Genl. Hertzog, onder invloed van Tielman Roos en sy volgelinge, en teen die wens van dr. Malan, besluit om 'n mosie in die Volksraad te laat aanneem wat bepaal dat die vlag soos in die wetsontwerp uiteengesit die nasionale vlag van Suid-Afrika is, en dat die band van Suid-Afrika met die Britse Gemenebes deur die Union Jack versimboliseer word. Dr. Malan het hierdie besluit teësinnig aanvaar, maar was tevrede toe beide genl. Hertzog

159. Rand Daily Mail, 24.9.27. Brief van „Englishwoman".
160. The Natal Advertiser, 11.7.27. Onderhoud met Boydell.
161. The Natal Mercury, 1.8.27. Onderhoud met Hay.

en genl. Smuts in die Volksraad verklaar het dat die regering van die dag sal bepaal waar en wanneer die Union Jack moes wapper.

Die vlagwetsontwerp is deur die Volksraad goedgekeur maar is in die Senaat waar die S.A.-Party die meerderheid gehad het, afgestem. Die Senaat het voorkeur gegee aan genl. Smuts se ontwerp wat deur hom aan die Gekose Komitee voorgelê is. Dit was 'n vlag wat deur 'n wit kruis in vier kwarte verdeel is met die Union Jack, die twee republikeinse vlae en vier wit sterre op 'n blou veld in elke kwartier. Prof. M.C.E. van Schoor merk tereg op: "Vanuit 'n estetiese oogpunt gesien, het dit nie eers genl. Smuts se eie ondersteuners bevredig nie."[162] Dit is ook as 'n heraldiese gedrog bestempel wat Suid-Afrika in die oë van die wêreld bespotlik sou maak.[163] Selfs mev. Smuts moes erken dat die Senaatsvlag "effens te ingewikkeld" is.[164] 'n S.A.P.-ondersteuner verklaar vroeg in Oktober dat "one felt at the time that it was suggested by the Senate that it was seized upon as a sentimental, more than a practical, solution of the problem."[165]

Terwyl hierdie Senaatsvlag onder bespreking was, het genl. Smuts heftig teen genl. Kemp uitgevaar weens sy verwysing na die Union Jack as 'n "scab flag". Smuts sweep rassegevoelens op deur daarop te wys dat dieselfde genl. Kemp in 'n Duitse uniform gesit

---

162. M.C.E. van Schoor, „Jou vlag, Suid-Afrika", in Die Taalgenoot, Mei 1957.
163. P. Kapp, „Ons Nasie se Grondbrief", in Die Taalgenoot, Augustus 1967.
164. Rand Daily Mail, 14.9.27. Mev. J.C. Smuts te Johannesburg voor S.A.P.-vroueklub.
165. Ibid., 1.10.27. Brief van Adolf Davis. Mnr. Davis, K.C., was 'n voormalige S.A.P.-L.P.R. vir Pretoria-Sentraal en tydens die vlagstryd het hy as lid van die S.A.P. se Uitvoerende Bestuur in Transvaal 'n leidende rol in die veldtog vir die insluiting van die Union Jack in die vlag gespeel.

het toe hul vir die Union Jack geveg het. In die stoele van die magtiges verwerp Kemp die Union Jack as a "symbol of unjustice and oppression".[166] Smuts het op hierdie tydstip ook die idee by sy volgelinge tuisgebring dat Hertzog die gevaar van die voortgesette volharding in die deurvoering van die vlagwet besef het, maar dat dr. Malan geen wapenstilstand en geen vrede wou hê nie en tot die einde wou veg.[167]

Hoewel Smuts se party-opsweping die Engelsgeoriënteerde S.A. Party-lede se bloed laat kook het, het Smuts se uitsprake van die verlede hom vir die Nasionalis as 'n wolf in skaapsklere gebrandmerk. Dieselfde genl. Smuts wat in 1927 verklaar dat "the bulk of Dutch people in South Africa had nothing but gratitude for what the Union Jack stood for",[168] het in 1919 die volgende hieroor te sê gehad: "The Union Jack hurt some people and a change would come with our own flag."[169]

Reeds tydens die Senaatsdebat oor die vlagwetsontwerp het die versoenende houding van sen. N.J. de Wet die hoop op 'n moontlike vlagskikking tussen die twee hoofpartye laat opvlam. Hy het naamlik erken dat die regering reeds baie toegegee het en dat hy vir die tweede lesing sou stem, waarna hy 'n gekose komitee sou voorstel wat na 'n sitting van slegs 'n paar uur 'n oplossing moes probeer vind. Hy het die hoop uitgespreek dat hulle sonder 'n referendum tot 'n oplossing kon kom.[170] 'n Gees van optimisme ten opsigte van 'n vlagooreenkoms het die land dus skielik beetgepak,[171] maar spoedig het die Natalse ekstremiste met vurige

166. The Star, 10.9.27. Smuts te Durban.
167. Die Volkstem, 20.8.27. Smuts te Rustenburg.
168. The South African Nation, 17.9.27.
169. De Volkstem, 2.12.19. Smuts te Ventersdorp.
170. Senaatsdebatte, Kol. 936.
171. Vgl. Die Burger, 27.6.27.

toesprake die regeringsvoorstel verwerp en die Senaatslede van die opposisie motiveer om hul Senaatsvlag aan te neem. Die Volksraad het egter die Senaatsvlag summier en in skerp taal verwerp.[172] Die vroeëre optimisme het vervaag en 'n sombere pessimisme het by die hoopvolle ondersteuners van 'n vreedsame vlagoplossing ingetree. 'n Gesamentlike sitting van die twee Huise is vir Oktober belê waarna die volk deur middel van 'n referendum oor die vlagwetsontwerp sou beslis.[173]

Alfred Cohn, lid van die S.A.P.-Uitvoerende Komitee aan die Witwatersrand, wys Smuts daarop dat sowel min. Havenga as min. Roos erken het dat daar 'n opwelling van republikanisme sal wees indien die vlagwetsontwerp nie deurgevoer word nie; daarom is dit 'n party- of seksionele saak. Roos het volgens die briefskrywer self erken dat hul party 'n samevoeging is van vyandiggesinde seksies wat bymekaar gebring is deur hul gemeenskaplike haat vir Smuts. Dit is duidelik dat die S.A. Party hul oor die kabinetsgeskille verheug het, want die briefskrywer sê verder: "Naturally, he (Roos) has very little love for the confused and confusing mentality of Hertzog, and his outspokenness as regards the Cape Ministers is quite refreshing."[174]

Dit was gedurende die reses van 1927 dat die gemoedere in albei partye soms so hoog geloop het dat die volk en hul leiers by tye die ergste gevrees het. 'n Verkiesingsgees het die land beetgepak en Parlementslede het die Unie deurkruis om vergaderings oor die komende volkstemming te hou en om die regering se skildvlag te verwerp of te verwelkom. 'n Kenmerk van veral

172. L.E. Neame, General Hertzog. Prime Minister of the Union of South Africa since 1924, London, 1938, p.250.
173. Ibid.
174. Smuts-versameling, Band 205. Cohn aan Smuts, 25.8.27.

Genl. Smuts se vergaderings was die blatante weiering van sommige gehore om hom aan te hoor en die gepaardgaande geweldpleging tydens die vergaderinge. Reeds op 17 September kon die opposisieleier te Randgate nie sy toespraak voltooi nie en het die skare met tussenposes handgemeen geraak.[175] Smuts het die vlagreferendum as "oneerlik" afgemaak.[176]

Wat geweldpleging betref, het genl. Smuts se Bloemhof-vergadering egter die kroon gespan. Benewens onbeheerde geweldpleging deur Nasionaliste, is die Union Jack van die verhoog geskeur en vertrap. Smuts het daarna verwys as 'n "infamous bloody assault".[177] The South Africa Nation verklaar enersyds: "We strongly deprecate such unworthy tactics and urge a greater tolerance, even under severe provocation", dog wys andersyds ook daarop dat daar sekere voorregte is waarop 'n spreker op die verhoog kan reken, maar indien hy dit misbruik, sou hy 'n verdiende straf vir homself op die hals haal. 'n Beroep word dus op Paktondersteuners gedoen om ondanks provokasie wat daartoe mag aanleiding gee, hul van geweldpleging te weerhou.[178] Ons Vaderland wys daarop dat die Sappe die oggend voor die vergadering die Nasionaliste uitgedaag het "om hul velle te waag" en toe begroet is met "stokslage en bottels".[179] Mnr. Frank Joubert, organiserende sekretaris van die S.A. Party in Kaapland, het op die jeugkongres van sy party in Kaapstad partygevoelens opgesweep met sy weergawe van wat onder andere te Bloemhof gebeur het: "A gang of drunken hooligans, after freely imbibing imported liquor,

175. Rand Daily Mail, 17.9.27. Smuts te Randgate.
176. Ibid., 29.9.27. Smuts te Kensington.
177. Ibid., 3.10.27. Hoofartikel.
178. The South African Nation, 1.10.27.
179. Ons Vaderland, 7.10.27. Stead te Wolmaranstad; Ibid., 9.10.27. Verslag van Korrespondent.

shouted 'South Africa First', kicked South African women, mounted the platform and proclaimed a great Nationalist victory."[180]

Genl. Smuts se onversetlike houding en uitlatings in hierdie tyd het die Nasionalistiese bloed laat kook. Sy verwysing na genl. Hertzog se "abdikasie van staatsmanskap"[181] het die Paktondersteuners geensins aangestaan nie. Die opposisie was op hul beurt weer hoogs verontwaardig oor die behandeling wat hul leier veral op Bloemhof te beurt geval het en hul Engelse pers het 'n beroep op die regering gedoen om ondersoek in te stel na die insidente te Bloemhof, want hulle was oortuig dat wat daar plaasgevind het, vooraf gereël is.[182] Ook die Arbeiderspary het die wind van voor gekry en sy vergaderings in Durban is deur wanorde gekenmerk. Sprekers kon slegs praat as hul sterk magte rondom vergadersale gehad het.[183] Kolonel Stallard het tereg opgemerk: "Never has there been such a roaring of lions", terwyl die meerderheid Natallers 'n byna histeriese kreet aangehef het dat hul op sekere regte geregtig is en dus op 'n kwart van die vlag kon aanspraak maak.[184]

Sir Charles Crewe, voormalige S.A.P.-L.V. vir Oos-Londen, het Smuts gemaan om met sy Senaatsvlag te volhard: "The Senate Flag represents the limit of the British view of a satisfactory compromise. Any modification of the Senate Flag would be a concession which would be accompanied by loss of dignity to the Party. And I am sure that there would be a break away from the S.A.-Party at the next general election."[185] L.S. Amery, nou Britse

180. Cape Times, 11.10.27. Joubert te Kaapstad.
181. The Friend, 8.10.27. Smuts te Bloemfontein.
182. Rand Daily Mail, 3.10.27. Smuts te Bloemhof.
183. T. Boydell, My Luck's Still In, Kaapstad, 1948, p.72.
184. G.H. Calpin, There are no South Africans, London, 1941, p.129.
185. Smuts-versameling, Band 205. Crewe aan Smuts, 16.9.27.

Dominiale Sekretaris, het Smuts in die resestyd aangemoedig om die tweestok-voorstel gunstig te oorweeg, indien hy net vir Hertzog daarmee saam kon oorreed om die Union Jack te beskou, nie as simbool van hul uiterlike verbintenis nie, maar as die simbool van Suid-Afrika se eie eis om as Britse nasie en self-regerende staat binne die Statebond erken te word. Die tweestok-idee is vir Amery baie aanvaarbaar omdat dit aan een groep die volle erkenning van die Union Jack as gereelde amptelike vlag gee, terwyl dit vir 'n ander seksie die volle erkenning van 'n ander tipe vlag sal meebring, sodat elkeen dan in 'n mate daarop aanspraak kon maak dat hul eis aanvaar is.[186]

In die Nasionale-kamp het twee belangrike ontwikkelinge in die resestyd plaasgevind. Die provinsiale kongresse van die Nasionale Party het hulle almal teen verdere toegewings deur die regering uitgespreek en die organisasie Ons Eie Vlag het met mening vir die voorgestelde vlag propaganda gemaak. Genl.Hertzog het dit onomwonde gestel dat sy party geen verdere toegewings of amendamente ten opsigte van die Vlagwet sou toelaat nie. Indien die opposisie egter by die komende sitting tot 'n ooreenkoms bereid sou wees, sal die regering die vlagreferendum laat vaar.[187]

Wat egter verwarring veroorsaak en tot onderlinge wrywing binne Nasionale geledere gelei het, was die onverantwoordelike en onnodige uitlatings van advokaat Tielman Roos, N.P.-leier in Transvaal. Hy het in 'n onderhoud met die Pretoria News verklaar dat die regering bereid sou wees om 'n ontwerp te ontvang om die skild en tegelykertyd ook die vlae daarop te vergroot. Roos het onder

186. Ibid. Amery aan Smuts, 21.9.27.
187. Rand Daily Mail, 5.10.27. Hertzog te Bloemfontein. Vgl. Ibid., 1.10.27. Hertzog te Pretoria.

andere verklaar: "I have never regarded the size as being either a fixed quantity, a matter of principle, or even a point settled in the Nationality and Flag Bill, and I believe that the Government would accept any reasonable proposal in this regard."[188] Dr. D.F. Malan het as verantwoordelike minister skerp hierop reageer in 'n brief aan die Eerste Minister. Malan het nie alleen aangevoer dat Roos vir Hertzog weerspreek het nie, maar ook dat hy verwarring tot voordeel van die opposisie veroorsaak. Die ergste vir Malan is dat sulke optrede die fondamente van samewerking en gesamentlike verantwoordelikheid diep tref - iets waarsonder ministeriële regering onmoontlik word. Dr. Malan het dit duidelik gestel dat hy onder sulke omstandighede nie kans sien om sy verantwoordelikhede en opdragte na te kom nie.[189] Die Kabinetsitting het nie veel opgelewer nie, behalwe dat Roos hom bereid verklaar het om te bedank as die Kabinet 'n mosie van wantroue in hom sou aanneem.

Desnieteenstaande was Roos die man om die aanvoorwerk te doen vir die deurvoer van die vlagwet. Op profetiese wyse het hy ten opsigte van die vlagwetsontwerp en 'n moontlike ooreenkoms verklaar: "The test is not a test of the Government but a test of the people. Failure if the proposals are not carried will be the failure not of the Government which has confidence in the people, but of the people which will show that it has no confidence in itself."[190] Selfs genl. Smuts het ten opsigte van die Roos-onderhoud met die Pretoria News gesê: "Put these things in

188. Ibid., 1.10.27. Brief van Adolf Davies; Cape Times, 8.10.27. Smuts te Bloemfontein; The South African Nation, 8.10.27. Artikel deur Tielman Roos.
189. D.F. Malan, op. cit., pp.131-2.
190. The South African Nation, 8.10.27. Artikel deur Roos.

the Flag Bill."[191] Die probleem was egter dat van Smuts se partygenote se oë so hipnoties vasgenael was op die Union Jack dat 'n vergelyk tussen die twee hoofpartye nog slegs 'n toekomsideaal gebly het. So het kol. Stallard op Roos se tegemoetkomendheid reageer: "Mr. Roos's idea of having the Union Jack as the Imperial flag and another flag as a domestic flag was a misconception." Roos het bloot argumenteer en geen daadwerklike voorstel gemaak nie.[192]

Die vroue van die Women's Flag Committees het benewens die feit dat hulle nie van Roos notisie wou neem nie, tog gereken dat hy opreg is. Hul beswaar teen die skildvlag "is that the Union Jack is still on a shield, not an integral part of the flag."[193]

In Brittanje het die Liverpool Post saam met ander Britse persorgane die ontwikkeling van die vlagstryd met afwagting "dopgehou" en beweer: "It is indeed, highly probable that the controversy over the flag proposal has awakened all sorts of sleeping issues among a people who have not yet, apparently, attained complete solidarity of national sentiment. Sober-minded observers on the spot have become alarmed at the flood of passion which is sweeping over the Union, and which threatens to rekindle racial antipathies which, it was hoped, had subsided for ever."[194]

Intussen het Patric Duncan, Smuts se regterhand, in Suid-Afrika 'n beroep op die Pakt en die opposisie gedoen om hul onderhandelings oor die vlag te hervat en 'n referendum hieroor te probeer vermy. Hy het Roos se houding as bewys voorgehou dat daar in

191. Cape Times, 8.10.27. Smuts te Bloemfontein.
192. Rand Daily Mail, 6.10.27. Stallard te Nigel.
193. Ibid., 5.10.27.
194. Liverpool Post, 15.10.27.

regeringsgeledere tekens is dat 'n vlagoplossing wel moontlik is. Duncan waarsku dat daar nog geen bloed gevloei het nie, maar dat daar dinge gebeur het wat die volk laat dink dat hul nie ver daarvandaan is nie.[195] Genl. Smuts skryf op 4 Oktober aan die Gilletts dat baie persone as noodmaatreël vergaderings met rewolwers gewapen bywoon en "there is a great deterioration of tone all round".[196]

Tog was dit binne S.A.P.-geledere duidelik dat hierdie party ook ernstig verskil het ten opsigte van 'n vlagooreenkoms. Die Natalse vuurvreter, Heaton Nicholls, L.V. vir Zoeloeland, het aangevoer dat die vlagveldtog andermaal die ware kleure van Nasionale leiers openbaar het "who once aimed definitely at secession, but had since veiled the demand by means of ambiguities". Die aanname van die regeringsvlag sal aan die wêreld toon dat Suid-Afrika op ernstige wyse besig is om sy bande met Brittanje te verslap.[197] Sir Abe Bailey het op die vooraand van die Oktober-parlementsitting oor die vlagwet onder meer gesê: "Both races, Dutch and English, not knowing the meaning of the word defeat would never sleep, and a future bloody conflict would be provoked as certain as to-morrow's sun will rise."[198]

Die Premier kritiseer genl. Smuts en die Unioniste, onder andere die Sons of England, oor hul pogings om die Union Jack in die nuwe vlag te laat oorheers, en beweer dat jingoïstiese doelstellinge om Suid-Afrika ondergeskik aan Brittanje te stel slegs verdere verdeeldheid en onenigheid tussen die partye in die hand

195. Rand Daily Mail, 11.10.27. Duncan te Johannesburg; Die Burger, 12.10.27.
196. Smuts-versameling, Band 206. Smuts aan Gilletts, 4.10.27.
197. The Natal Witness, 11.10.27. Nicholls te Greytown.
198. Rand Daily Mail, 14.10.27. Onderhoud van Bailey met The Star.

werk.[199]

Dit het dus alom begin lyk asof die meer gematigde volks- en partyleiers 'n referendum oor die vlagkwessie gevrees het, veral weens die wending wat so 'n volkstemming deur die toedoen van die heethoofde en vuurvreters in hul onderskeie partye kon neem. Gevolglik het dit ook baie waarskynlik begin lyk dat nieteenstaande die felle stryd oor die vlag die ondenkbare "onmoontlike" vlagoplossing 'n werklikheid kon word. Die S.A. Party het besef dat indien die vlagreferendum se antwoord vir die vlagwetsontwerp "nee" sou wees, dit vir die regering nie die einde van die vlagstryd sou beteken nie.[200] Genl. Smuts het ook namens sy party verklaar: "Ons sal deur geen parlement, geen referendum, geen meerderheid gebonde word nie."[201]

G.H. Wilson van die Cape Times het Smuts aangeraai om te werk vir 'n vlagoplossing op die basis van Roos se memorandum, en indien die Nasionaliste dit sou verwerp - wat baie waarskynlik is - sou dit nie net die S.A. Party aansienlik versterk nie, maar ook die Engelssprekende mening dwarsdeur Suid-Afrika konsolideer. Hy wys Smuts daarop dat daar 'n groepie Engelssprekendes in sy party is wat nou ten alle koste 'n vlagooreenkoms wil hê.[202]

By die S.A.P.-kongres van 11 Oktober te Pretoria is 'n besluit aangeneem dat hul party alles in die werk moes stel ten einde "tot 'n vlagooreenkoms te geraak" om sodoende 'n referendum te

199. The Friend, 5.10.27. Hertzog te Bloemfontein.
200. Die Burger, 12.10.27. Duncan te Johannesburg; Rand Daily Mail, 11.10.27.
201. Ons Vaderland, 14.10.27. Hoofartikel; The Natal Witness, 10.9.27. Smuts te Durban.
202. Smuts-versameling, Band 206. Wilson aan Smuts, 7.10.27.

vermy.[203] Smuts het hom tot samesprekings oor die vlag bereid verklaar, want met 'n volkstemming het "die Regering ligsinniglik ingestap in 'n plek waar dapper mense sou vrees om te tree".[204]

Kolonel H. Mentz, voormalige Minister van Verdediging en nou voorsitter van die S.A. Party in Transvaal, het verklaar dat 'n referendum vir hulle 'n laaste en onverkieslike uitweg is. Hy is hoopvol dat 'n ooreenkoms bereik kan word, want "the dividing line between the two parties is exceedingly narrow, and I can see nothing in the way of a reasonable solution".[205] W.H. Pitcher, voormalige president van die S.O.E., het genl. Hertzog se rasse-antagonisme op die pas afgelope N.P.-kongres in die Vrystaat skerp veroordeel en kom tot die gevolgtrekking dat Hertzog en sy party nie van Engelssprekendes hou nie (hulle selfs moontlik haat) soos die geval in 1899 was. Die Afrikaanssprekende Nasionalis wil Suid-Afrika domineer en wil as sodanig sy eie vlag hê.[206]

Op 17 Oktober het die Buitengewone Gesamentlike Sitting van die Parlement begin. Genl. Smuts het die vraag gestel of die verskillende partye nie tot 'n ooreenkoms kon kom nie,[207] terwyl dr. Malan vasbeslote was om die wetsontwerp onveranderd deur te voer.[208] Patric Duncan wou dat die sitting moes verdaag om die vlagvraagstuk van albei kante te oorweeg. Hy het geglo dat dit onverstandig sal wees om dit te probeer deurforseer, aangesien dit tot gevolg kan hê dat die volk later in 'n referendum daaroor

203. Rand Daily Mail, 12.10.27. S.A.P.-kongres te Pretoria.
204. Die Burger, 12.10.27. Smuts te S.A.P.-kongres te Pretoria.
205. Cape Times, 17.10.27. Onderhoud met Mentz.
206. Ibid., 19.10.27. Pitcher te Estcourt.
207. Volksraadsdebatte, Deel 10, Kol. 49.
208. Ibid., Kol. 72-3.

moet beslis.[209] Duncan se voorstel het genl. Hertzog meer bereid tot onderhandelinge met Smuts gemaak.

Van oral oor die land het instellings en organisasies nou op die twee hooffigure in hierdie vlagdrama, genls. Hertzog en Smuts, 'n beroep gedoen om ter wille van rassevrede en volkseenheid 'n vreedsame oplossing vir die vlaggeskil te vind. Dit is onder andere deur Die Kerkbode en die gemeenskap van Bloemhof bepleit. Dit inspireer Smuts om op 22 Oktober aan te voer: "The races agree much better than appears from politics. I am afraid that politics seem to create differences which really do not exist."[210] Die volgende dag skryf genl. Smuts aan Louis Esselen, S.A.P.-sekretaris, dat dit lyk asof hy en Hertzog tot 'n vergelyk gaan kom. Hy wys daarop dat daar praatjies van onenigheid in regeringsgeledere is, iets wat hy nie ernstig opneem nie.[211] Dat daar op dié tydstip ernstige verdeeldheid in N.P.-geledere was, ly geen twyfel nie. Teenoor sy vrou noem Smuts die feit dat wilde gerugte die ronde doen dat die regering besig is om "uitmekaar te bars". Smuts voeg daaraan toe dat hy gedeeltes van sy informasie van familielede van Tielman Roos kry en dat dit lyk asof daar "waarheid in sit".[212]

Tielman Roos se vrugbare brein was intussen aan die werk, en deur sy bemiddeling het die Goewerneur-generaal, graaf Athlone, voorgestel dat genls. Hertzog en Smuts samesprekings voer oor 'n vreedsame vlagoplossing. Die probleem wat oorbrug moes word, was dat die S.A. Party teen die skildvlag was, terwyl die Nasio-

209. L. Blackwell, African Occasions, London, 1938, p.136.
210. Cape Times, 22.10.27. Smuts te Darling.
211. L. Esselen-versameling, Band I. Smuts aan Esselen, 23.10.27.
212. Smuts-versameling, Band 206. Smuts aan sy vrou, 22.10.27.

nale Party oorwegend teen verdere toegewings gekant was. "A meeting was arranged, and while the discussions were in progress Mr. Roos with the co-operation of Mr. Patric Duncan and Mr. C.P. Robinson, on the one hand, Dr. Colin Steyn and Mr. Arthur Barlow on the other, drew and discussed forms and designs for submission to their respective leaders."[213] Dit lei tot die vlagontwerp soos ons dit vandag ken. Opvallend in hierdie onderhandelinge was die uitskakeling en afwesigheid van dr. Malan, die verantwoordelike Minister. Miskien het die Premier dit gedoen juis omdat die Engelssprekende Sappe 'n geweldige gevoel van vyandigheid teen dr. Malan opgebou het, vanweë sy onwrikbare houding in verband met die deurvoer van die vlagwetsontwerp. Dit blyk ook dat min. Roos, wat nie langs dieselfde vuur as dr. Malan gesit het nie, doelbewus sy kollega deur hierdie slim set op die agtergrond geskuif het.[214] Tog wil dit voorkom asof Roos, soos baie ander politici, nou die vlagstryd deur 'n vreedsame ooreenkoms beëindig wou sien.

Binne die Kabinet self het ernstige verdeeldheid geheers en dr. Malan het geweier om sy leier se voorstel vir 'n Union Jack van twee maal die grootte van die Republikeinse vlae te aanvaar, omdat hul hier nie met territoriale belange, maar wel met sentiment te doen gehad het. So 'n stap sou volgens Malan op kapitulasie neerkom. Toe Hertzog dreig om te bedank, het Malan hom verweer met sy antwoord dat die Afrikaanssprekendes nie hierdie voorstel sou aanvaar nie en dat aangesien dit 'n prerogatief van die Premier was om die vlagbeleid van sy Kabinet neer te lê, dit

213. J.G. McQuade, „How South Africa got its National Flag", in H. Reitz en H. Oost (reds.), op. cit., p.187.
214. Vgl. Smuts-versameling, Band 206. G.H. Wilson aan Smuts, 7.10.27.

sy (Malan) se plig was om sy bedanking in te dien, iets wat Madeley beaam het. Dit het dus daarop uitgeloop dat Hertzog die voorstel tot 'n vergrote Union Jack laat vaar het en op 'n nuwe grondslag met Smuts onderhandel het.[215]

Op 24 Oktober kon genl. Smuts sy vrou inlig dat hy en Hertzog tot 'n vergelyk gekom het en dat albei koukusse die vlagooreenkoms goedgekeur het. Die Union Jack is "geregeld tot bevrediging van ons Engelse vriende". Die opposisieleier wys daarop dat dit nie 'n mooi vlag is nie, en lê dié feit voor die deur van Hertzog. "As dit suiwer een partysaak was sou ek die Pakt soos die Gadarene swyne in die see sien daal het. Maar die volk is een ander saak."[216] Aan A.B. Gillett sê hy dat die aanname van die Union Jack as een van hul landsvlae nie alleen Britse sentiment bevredig nie, maar "avoids the racial domination which seemed to be the underlying Nat. motive in their original proposals."[217]

Die skild in die wit baan van die oranje-wit-blou vlag het bloot vir drie vlaggies met 'n breedte van nie meer as 'n derde van die breedte van die wit baan plek gemaak. Die eerste sou wees die Union Jack, in die middel die Vrystaatse vlag en aan die onderkant die Transvaalse Vierkleur - aldrie van gelyke grootte. Die bepaling insake die hys van die Union Jack as simbool van die Uniale lidmaatskap van die Britse Gemenebes het gebly. Dié wetsontwerp is dus, dienooreenkomstig gewysig, algemeen aangeneem en in die Senaat was daar ook geen beswaar nie.

Die invloedryke Rand Daily Mail en Cape Times het vir Tielman

215. D.F. Malan, op. cit., pp.134-6; F.J. Human, op. cit., pp.115-6.
216. Smuts-versameling, Band 206. Smuts aan sy vrou, 24.10.27.
217. Ibid. Smuts aan Gilletts, 27.10.27.

Roos uitgesonder vir sy konsiliasie, grootmoedigheid en staatsmanskap.[218] Die Burger wys daarop dat daar nêrens in die Engelse pers 'n verwysing is na en erkenning is vir die verreikende toegewings van die regering nie. Smuts se versoek dat tradisies eerbiedig moet word, vertolk die redakteur as bedoelende dat tradisies so voorgestel word dat die Union Jack die ander twee vlae oorheers.[219] Die Burger het op 26 Oktober beweer dat die vlag die toets deurstaan het en dus aanvaar kon word.[220] Genl. Smuts het die vlagooreenkoms as "peace with honour" bestempel.[221]

In werklikheid was die verskil tussen die skild en die strikkie (soos die finale groepering van die klein vlaggies genoem is) op die vlag soos "Tweedledum and Tweedledee".[222] Dit het egter die oorgrote meerderheid van die volk tevrede gestel, want 'n moontlike dooie punt ten opsigte van 'n vlagoplossing is uit die weg geruim en as sodanig is geweldige spanning en rasse-bitterheid teengewerk. Daarmee het 'n lang en bittere stryd ten einde geloop en het Suid-Afrika 'n eie vlag gekry om die betekenis van die Rykskonferensie van 1926 tot uitdrukking te bring. Hoewel dr. Malan graag 'n skoon vlag sonder enige koppeling aan die Union Jack wou hê, het hy hierdie uiteindelike beslissing aanvaar in die wete dat hiermee 'n betekenisvolle stap op die pad na volkome selfstandigheid bereik is. Die Burger beweer dat taalgelykheid, onafhanklikheid en die nasionale vlag nou die drie hoeksteene van 'n verenigde Suid-Afrika geword het.[223] The Friend

218. Rand Daily Mail en Cape Times, soos aangehaal in Die Burger, 24.10.27. Hoofartikel.
219. Die Burger, 24.10.27. Hoofartikel.
220. Ibid., 26.10.27. Hoofartikel.
221. The Friend, 27.10.27. Smuts in die Parlement.
222. J.G. McQuade, „How South Africa got its National Flag", in H. Reitz en H. Oost (reds.), op. cit., p.187.
223. Die Burger, 27.10.27. Hoofartikel.

het met genl. Smuts saamgestem dat by die oplossing van die vlag-vraagstuk 'n totaal ander atmosfeer en houding tussen die twee hoofpartye sal intree, aangesien die onderlinge twis tussen die twee groot seksies van die volk nou beëindig sou word. Smuts voorsien dat die vlagkwessie die laaste groot rassevraagstuk in Suid-Afrika sal wees en dat die land dus die toekoms te midde van 'n beter atmosfeer tussen die rasse en partye binnegaan.[224]

Selfs die Sons of England het besluit om in hierdie ooreenkoms te berus.[225] In 'n brief aan Die Volkstem wys ene Venter van Fouriesburg daarop dat dit opmerklik is dat genl. Hertzog aangeval word oor die vlagooreenkoms en genl. Smuts nie. Hy wys diegene wat op 'n referendum aandring daarop dat die S.A. Party met die laaste algemene verkiesing meer stemme as die Nasionale Party getrek het.[226] 'n Briefskrywer van Kestell maak die bewering dat die feit dat die Union Jack en die republikeinse vlag op gelyke voet geplaas is 'n weeropheffing van die republikeinse vlae is. Dit is vir hom van oneindig groot betekenis omdat die opposisie deur die aanname van die vlag ook die Unie se soewereine onafhanklikheid erken het. Aan Unioniste rig hy die waarskuwing dat hulle moet verstaan dat hulle in ons land onder ander omstandighede as in Engeland leef en dat die volk van Suid-Afrika nie sal duld dat die Union Jack 'n lewendige bestanddeel van die nasionale vlag word nie, aangesien die Unie nou op gelyke voet met Engeland staan.[227]

The Pretoria News het die nasionale vlag as "the ugliest design

224. The Friend, 27.10.27.
225. Die Burger, 27.10.27.
226. Die Volkstem, 30.11.27. Brief van H.C. Venter.
227. Ibid. Brief van M.H. Raath.

in this long-drawn-out-drama" bestempel en gesê: "the general disposition will be to look upon it in sorrow, not in anger".[228] J.H. Hofmeyr, Transvaalse administrateur, was nie slegs die mening toegedaan dat daar nuwe hoop vir Suid-Afrika was om die verdeeldheid tussen die twee party- en rassegroepe uit die weg te ruim nie, maar ook hoop vir die verdere oplossing van ander belangrike vraagstukke. The Star het die ooreenkoms aanvaar, maar nie die ontwerp nie. The Natal Advertiser verklaar: "It completely satisfies no one, is one of its outstanding merits." Patric Duncan het egter die vlagooreenkoms as van net so groot historiese waarde as die Vrede van Vereeniging bestempel.[229] The Round Table skryf: "That both sides were able at the last moment to make the sacrifices involved in coming to a settlement is a tribute to the strength of that spirit of unity which, young as it is, can in times of stress prevail over our many and distracting political divisions."[230]

Dit het spoedig duidelik geword dat daar ook 'n groepie in volksgeledere was wat ontevrede met die skikking was. In Nasionale geledere het dit veral gegaan om die opname van die Union Jack as deel van die vlag. Ons Koerant stel dit so: „In 1921 het Genl. Smuts gesê dat die nuwe Suid-Afrikaanse vlag niks van die Union Jack moet inhê nie; in 1926 het genl. Hertzog gesê dat die nuwe Suid-Afrikaanse vlag die Union Jack nie moet inhê nie: in 1927 stem hulle altwee daarin toe dat dit 'n integrerende deel van die nuwe vlag sal uitmaak."[231] M.P. Wessels van Excelsior het met wrewel aangevoer dat die grootte van die Union Jack nie

228. The Pretoria News, soos aangehaal in The Friend, 27.10.27.
229. The Friend, 27.10.27. Menings oor die vlagooreenkoms.
230. The Round Table, Vol. 70, Maart 1928.
231. Ons Koerant, 31.10.27. Hoofartikel.

saak maak nie, en dat dit net so 'n volmaakte Union Jack is soos dié een wat aan die Afrikaanse vrou en kind die bitterste lyding veroorsaak het. Hy doen 'n beroep op elke N.P.-tak in die Vrystaat om 'n spesiale kongres byeen te roep om daar hul griewe teen die vlag te lug.[232] "Vrystater No. 3" van Senekal glo dat die regering met die vlagskikking meer tegemoetkomend teenoor die "Sons of England en Co." as teenoor die "Sons of the Soil" was.[233] Adv. Oswald Pirow, Nasionale L.V. vir Soutpansberg, het onomwonde verklaar: "To me the household flag brings no enthusiasm; it leaves me cold, and I hope for the sake of peace in the Party that the majority will not take the same view." Hy beweer dat hul hantering van die Vlagwet 'n duidelike bewys daarvan is dat die regering en die Ministers uit voeling met die volk geraak het.[234]

Dit blyk dat daar meer Nasionaliste as Sappe was wat met die vlagooreenkoms ontevrede was. The Round Table skryf dit in 'n sekere mate aan die skielikheid van die vlagoplossing toe, asook die gebrek aan tyd en geleentheid vir Ministers om die gedagtegang van hul volgelinge vir hierdie verandering voor te berei.[235] Tog was die ontevredenes op hierdie tydstip slegs stemme toepende in die woestyn, want die meerderheid van die Suid-Afrikaanse volk was tevrede en het gejuig oor die feit dat die rasse-onmin en partywrywing van die afgelope twee jaar nou verminder en selfs uitgeskakel kon word.

Hierdie feit het daartoe aanleiding gegee dat politici versigtige voelers in die rigting van hereniging en 'n gevolglike re-

232. Die Volkstem, 26.11.27. Brief van M.P. Wessels.
233. Die Volksblad, 2.12.27. Brief van „Vrystater No. 3".
234. Cape Times, 23.12.27. Pirow te Johannesburg.
235. The Round Table, Vol. 70, Maart 1928.

oriëntasie van partye begin uitsteek het. Die herenigingspogings was daarop gemik om die Nasionaliste en die oud-Sappe van voor 1920 in een party bymekaar te bring. Soos Roos dit stel: "There was a chance now for all well-meaning and well-thinking Afrikanders to work for economic prosperity, and for re-grouping of parties."[236] Dit wil voorkom asof Roos met "Afrikanders" veral Afrikaanssprekendes in gedagte gehad het. Roos het verklaar dat hy hom sou beywer vir die wysiging of verwydering van Artikel 4 uit die N.P.-konstitusie om sodoende die weg vir amalgamasie van partye te baan.[237]

Dr. Malan het die moontlikheid van hereniging verwerp en verklaar dat hy nie kan sien waarom die bevredigende vlagoplossing nou juis aanleiding moet wees waarom die regering en opposisie mekaar skielik om die nek moes val en waarom hul bondgenote wat met groot getrouheid en opoffering die Nasionaliste in die stryd bygestaan het, die rug moes draai nie.[238] Ook Patric Duncan, oud-Unionis, het sterk standpunt teen hierdie herenigingspogings ingeneem: "That is a line the country has got to get off. It is the old racial line. They will never be happy until South Africa is divided on racial lines, English on one side and Dutch on the other side. In that desire I believe they are crying for the moon. The unity of races is one of the cardinal lines of policy of the South African Party."[239] Genl. Smuts het aangevoer dat hy "toenadering" voorstaan op voorwaarde dat dit 'n beter verstandhouding tussen die bestaande partye sou teweeg bring, maar hy het dit beklemtoon dat hy nooit sal toestem tot die uitskakeling van

236. Cape Times, 7.11.27. Roos te Johannesburg.
237. Ibid.
238. Die Burger, 17.11.27. Malan te Malmesbury.
239. Cape Times, 3.11.27. Duncan te Kaapstad.

die Unioniste en 'n partygroepering op suiwer rassegrondslag nie.[240]

Hoewel dr. Malan op 'n vergadering by die Strand gesê het dat Suid-Afrika op 'n keerpunt staan en dat krediet vir die vlagooreenkoms aan aldrie partye toekom,[241] het sy bewering dat "die Nasionale vlag oor ons waai, terwyl die Union Jack tussen ons en Engeland waai",[242] heftige teenkanting en reaksie uitgelok, iets wat afbreuk gedoen het aan die aangename gees waarmee die vlagoplossing aanvaar is. Dit verbaas 'n mens geensins dat Roos een van die eerste persone was om negatief hierop te reageer nie. Hy het dit duidelik gestel dat die Vlagwet bepaal dat die Union Jack een van die twee vlae van Suid-Afrika is.[243] Die feit dat die Cape Argus dadelik vir Roos vir 'n onderhoud genader het, is bewys dat die Engelse pers hom en dr. Malan met mekaar wou konfronteer en 'n skeuring in Nasionale geledere sou verwelkom. Die feit dat Roos ten hemele deur die Engelse pers geprys is en Malan afgetakel is, was nie alleen teen Malan as persoon gemik nie, maar teen die Nasionale Party as sodanig. Roos en Malan was die Premier se regter- en linkerhand. 'n Openlike botsing tussen hierdie twee manne sou gewis die Nasionale Party tot in sy fondamente skud.

Die Cape Times het egter die teenwoordigheid van gees behou en sy mede-persorgane gewaarsku: "Nothing more fatal to the true interests of South Africa could happen than a split in the Hertzog Ministry over the Flag settlement. The inevitable result

240. The Friend, 21.11.27. Smuts te Pretoria.
241. Die Burger, 26.10.27. Malan te Strand. Vgl. The Friend, 27.10.27.
242. Ons Vaderland, 1.11.27. Onderhoud met Malan.
243. Cape Argus, 2.11.27. Onderhoud met Roos.

would be a flare up of Republican sentiment."[244] Roos het na diegene wat die Vlagwet interpreteer het soos dit hulle pas as die "dowes, blindes en senieles" verwys, waarop die Cape Times teen die einde van November toegee: "There can be no compromise between these two opinions, which may well provide the line of division between political Parties that so many foresee as the inevitable outcome of probably the near future. The issue is between a South African nation united and a South Africa that is held back from nationhood because it is still disunited."[245]

Roos het oënskynlik ongesteurd voortgegaan en daarop gewys dat die volk hul nie op die vlagsimbool moes blindstaar nie, maar die werklikheid agter die simbool moes raaksien, die werklikheid waarvan die vlag slegs die uiterlike teken is, naamlik ons onafhanklikheid. Ons Vaderland het die opposisie 'n onnodige steek gegee deur te beweer dat hul in die vlaggeskil 'n kafferpak weg het, maar hul gelukkig vir die volk se gemoedsrus soos gespeende kinders daaronder gedra het.[246]

Dit ly geen twyfel dat L.S. Amery, Britse Dominale Sekretaris, se besoek aan Suid-Afrika gedurende Oktober veel daartoe bygedra het om veral die Natalse S.A.P.-ekstremiste ten opsigte van die vlagwending te kalmeer nie.

Volgens Zuid-Afrika, maandblad vir die kulturele en ekonomiese betrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika, het Amery op die gedagtewêreld van "veel Engelsche Afrikaners grooten invloed gehad op die lijn van zijn gedachten ligt het tweevlaggenstelsel, dat tot nu toe door de Z.A.-partij sterk was bestreden en door de

244. Cape Times, 3.11.27. Hoofartikel.
245. Ibid., 28.11.27. Hoofartikel.
246. Ons Vaderland, 29.11.27. Hoofartikel.

Nationalisten vooropgesteld". Hy wys ook daarop dat die vlagooreenkoms nie almal bevredig nie. "Het is zelfs de vraag of deze regeling niet een scheur in meer dan een partij sal brengen. Onder de Nationalisten is er geen blijdschap en de Durbansche burgemeester weigerde een dankstond te houden. Toch legt de meerderheid er zich bij neer, zij het noode."[247]

Amery het op die vlagooreenkoms gereageer deur aan Smuts te skryf dat die regte weg gekies is, want 'n referendum wat Smuts sou wen en uit 'n S.A. Party-oogpunt meer waarde sou hê, sou heelwaarskynlik die verhouding tussen Suid-Afrika en die Britse Ryk ernstig geskaad het.[248] Genl. Smuts sien dit so: "It has cost two years of hard fighting to make them realise that something is due to genuine British sentiment, and in the end they have had to give in."[249]

Eric Louw, Suid-Afrikaanse handelskommissaris in New York, was vas oortuig dat die regering 'n "hopelose gemors van hierdie saak" gemaak het. Die vlag sal soos 'n "patchwork quilt" uitsien, en hy hoop van harte dat die regering hom nie sal dwing om so 'n "heraldiese montrositiet hier uit te hang nie", aangesien "Broadway" daarmee sal gekskeer. Louw beweer dat die sogenaamde Nasionale Party dit so bewerk het dat die Union Jack nou ook 'n Suid-Afrikaanse vlag is. "Selfs Jannie Smuts sou dit nie gewaag het om sulke wetgewing in te dien nie. Konsiliasie is nou weer in volle gang - ons sal 'gee' en die Jingo element sal 'neem'."[250] Vroeg in 1927 het Eric Louw reeds in sy en sy vrou se dagboek

247. Zuid-Afrika, November 1927. Overzicht Het geschil over de Vlag.
248. Smuts-versameling, Band 205. Amery aan Smuts, 31.10.27.
249. Ibid., Band 206. Smuts aan Gilletts, 29.10.27.
250. J.S. Smit-versameling, Band 18. Louw aan Smit, 27.10.27.

geskrywe dat hul bang is vir te veel konsiliasie. Hul skryf onder meer: „Ons het groot vertroue in Hertzog - maar ons vrees ander invloede."[251]

Daar was drie dinge in die vlag wat Eric Louw teen die bors gestuit het: Die feit dat die Union Jack in die Wet eerste genoem word en daardeur volgens wetlike interpretasie voorrang kry; die bepaling dat die Union Jack by buitelandse kantore moet waai, waardeur die hele effek van die Imperiale konferensie se besluite verydel word; en die mag wat aan toekomstige regerings gegee word om te bepaal dat die Union Jack in elke dorp van die Unie kan waai.[252] Louw was uiters teleurgesteld met die wending van die vlagstryd in 1927 en skryf reeds Junie in sy dagboek: „Die Sappe het ons geklop - dit help nou nie om doekies daarom te draai nie. Ons Regering het hom uiters swak betoon - en ek is diep diep teleurgestel!"[253]

Die opposisieleier het rustig die ontevredenheid van Nasionaliste aangehoor en vir sy vrou geskryf dat daar vir hom 'n graf gegrawe is, maar dat die Nasionaliste die één na die ander daarin geval het, almal, behalwe hyself.[254]

Die volk het geleidelik begin vooruitsien na die eerste amptelike hysing van die nasionale vlag op Uniedag 1928, maar ongeveer twee weke voor dit kon plaasvind het mnr. Geo. Hodge, voorsitter van die Empire Group, 'n brief in die Natal Mercury laat publiseer waarin hy dit onomwonde stel dat daar maar een vlag in Natal

---

251. E.H. Louw: Daboek, 5.1.27, soos aangehaal in P.F. van der Schyff, Eric Louw in die Suid-Afrikaanse Politiek tot 1948, D.Litt., Potchefstroomse Universiteit, 1974, p.243.
252. N.J. van der Merwe-versameling, Band 2. Louw aan Van der Merwe, 29.1.28.
253. E.H. Louw: Dagboek, 23.6.27, soos aangehaal in P.F. van der Schyff, op. cit., p.245.
254. Smuts-versameling, Band 206. Smuts aan sy vrou, 30.10.27.

welkom is; die ander mag daar onder sekere voorwaardes geduld word. In hulle harte het die Natallers nooit daarin toegestem om hul oorspronklike eise aan die begin van die vlagrusie te laat vaar nie. Hulle is egter bereid om die verstandhouding deur die Natalse Parlementslede aangegaan, te eerbiedig maar steeds met die gevoel dat die ooreenkoms op hulle afgedwing word.[255] Dit beweeg Smuts om 'n beroep op sy party te doen: "Let us abide by that settlement even if we are not met by the Government in the most whole-hearted way and even if that spirit of generosity is absent. Let us do the big thing."[256] Smuts het maar te goed besef welke reaksie die Natallers se houding in die res van die land onder die Nasionale ekstremiste en vuurvreters kon hê, en dit is duidelik dat hy 'n opwelling van die ou rassegevoel en onversoenbaarheid tussen die partye gevrees het. Die krakie in sy eie party moes ook ten alle koste nie 'n skeur word nie.

Met die amptelike hysing van die Unievlag op 31 Mei 1928 is die stempel op die vlagooreenkoms geplaas. Die feesvieringe het op nie-politieke grondslag plaasgevind en omdat dr. Malan die skyf van baie aanvalle was, het hy besluit om nie as spreker op te tree nie. By dié geleentheid het genl. Smuts verklaar dat die feit dat ons aparte rasse is sal maak dat ons voortdurend die neiging tot misverstand, tot verdeling en tot die eng rassegevoel van die verlede sal ervaar. Daar is egter iets groters wat as 'n suurdesem dwarsdeur ons geskiedenis werk. Dit is die drang van die nuwe gees, die hoop, die aspirasie van die toekoms, die begeerte om wat onaangenaam in die verlede was volkome te vergeet.

255. Natal Advertiser, 17.5.28, soos aangehaal in Die Burger, 18.5.28.
256. Cape Times, 28.5.28. Smuts te Seepunt.

Wat hom betref, is die kleinste dinge in die vlag vir hom die grootste, naamlik die klein vlae wat in die middel is. Vir die meeste lewende Afrikaners is hulle die hart van die vlag. Saam met Smuts het Hertzog en Athlone rassevrede en volkseenheid bepleit.[257] Dit het voorgekom asof die polsslag van 'n nuwe gees in die boesem van die volk aanwesig is.

Op 7 Junie het mnr. Hodge egter weer van hom laat hoor en 'n beroep op die Britse Natallers gedoen om saam te staan en 'n nuwe Natalse Party te vorm waarin hy die kiem van die Brits-Suid-Afrikaanse Party vir die hele Unie sien. Hodge meen dat deur die jongste Uniedag die kloof tussen die rasse wyer en dieper geword het. Hy voorspel dat die nuwe vlag die kloof nog dieper en totaal onoorbrugbaar sal maak. Hodge het beweer dat die grootste fout wat die oud-Unioniste gemaak het, was om hulle deur die S.A. Party te laat opsluk. Daardeur het die Britte hul politieke invloed verloor en in sienswyse en in ideale die diensknegte van 'n ander volk geword. Hy stel 'n hergroepering van partye op rasselyne voor, hoewel hy twee jaar vantevore 'n "warme" voorstander van konsiliasie was.[258]

Op 20 Junie spreek genl. Smuts sy ontevredenheid uit dat die Vlagwet nie ook op Suidwes-Afrika van toepassing is nie en gee sy voorneme te kenne om dié wet sodanig te wysig.[259]

Wat in hierdie tyd opnuut partywrywing veroorsaak het, was die voortdurende toe-eiening van lof vir die vlagskikking deur die onderskeie hoofpartye en die kritiek wat daarmee gepaard gegaan het. So beweer Smuts onder andere: "The Government in two years

257. Pamflet: Toesprake gelewer by die offisiële ontplooiing van die vlae van die Unie.
258. Die Burger, 8.6.28. Hodge te Durban.
259. The Star, 21.6.28. Smuts te Johannesburg.

had not only landed itself in mess after mess, but had been endangering the welfare of the country."[260] Nog 'n saak wat onenigheid veroorsaak het, was die toepassing van die Vlagwet en die opposisie het die regering gekritiseer weens die feit dat die Union Jack nie op alle "vernaamste geboue" en ook by staatsbegrafnisse wapper nie.[261] Op 20 Julie het dr. Malan egter die versekering gegee dat hy die Union Jack oral saam met die nasionale vlag wil laat wapper en dat hy bereid is om g'n enkele woord meer oor die vlag te spreek as genl. Smuts dit ook sal doen nie.[262]

Genl. Hertzog het gemaan dat indien hul 'n groot volk wil word elkeen in die land wat hom 'n Afrikaner[263] noem, die vlag as sy eie moes aanneem. Dit is vir hom verblydend dat Engels - sowel as Afrikaanssprekendes tans besig is om 'n eie Afrikaanse gees te skep.[264] Hierdie oproep van die Premier is egter deur die optrede van veral die Empire Group in Natal verduister, want gedurende Desember telegrafeer hul voorsitter, Hodge, aan die S.A.P.-kongres in Bloemfontein, waarin hulle vra of dié party die vlagvraagstuk as afgehandel beskou, aangesien hul die vlagooreenkoms as 'n prysgawe van Britse ideale vertolk. "The difference in interpretation of the settlement by the present parties, it is considered, will lead to the Union Jack being made the shuttlecock of political parties."[265] Smuts het hierdie groepie egter

260. Ibid., 25.6.28.
261. Vgl. Die Volkstem, 30.6.28. Smuts te Zeerust.
262. Ibid., 20.7.28. Politieke berig.
263. Met „Afrikaner" bedoel Hertzog Afrikaans- sowel as Engelssprekende Suid-Afrikaners wat hul land eerste stel.
264. Die Volksblad, 24.7.28. Hertzog te Heilbron; Ons Vaderland, 27.7.28.
265. The Natal Witness, 8.12.28. Boodskap van Empire Group aan S.A.P.-kongres.

as 'n klein onbenullige element binne sy party beskou en hul ontevredenheid nie te ernstig opgeneem nie.

Wanneer 'n mens die vlaggeskil van meer as twee jaar in oënskou neem, blyk dit dat dr. Malan wat die vlagwetsontwerp oorspronklik ingedien het en destyds in die Parlement daarvoor voorbrand gemaak het, hopeloos mislei is deur die mooi woorde en vriendelike ontvangs wat sy regering in die eerste jaar van hul termyn te beurt geval het. Malan was waarskynlik onder die indruk dat die Engelssprekende sentiment veel verder op die pad na Suid-Afrikaanse nasiebewustheid was as wat inderdaad die geval was. Ook kol. Creswell, op wie se advies Malan gereageer het, het hom klaarblyklik met sy rasgenote se sentiment misgis.

Die feit dat dr. Malan die wetsontwerp hanteer het en dikwels so onwrikbaar teenoor die Engelssprekende S.A.P.-sentiment standpunt ingeneem het, het hom uiters onpopulêr onder Sappe, en veral by hul ekstremiste gemaak. Tot en met die koalisie in 1933 en ook daarna sou Malan vir die Sappe simbool van konserwatiewe, onwrikbare Nasionale Afrikanerskap bly. Daarom was samesmelting tussen die twee hoofpartye met Malan in die Nasionale geledere vir baie Sappe onaanvaarbaar en ondenkbaar. Die teendeel was wel ook waar, naamlik dat dr. Malan vir baie Afrikaner-Nasionaliste 'n verpersoonliking van beginselvastheid en koersvastheid, en as sodanig beeld van ware Afrikanerskap geword het.

The Economist kom na afloop van hierdie vlaggeskil tot die gevolgtrekking dat die ou tipe Nasionalisme gedoem is tot onwerklikheid, reaksionêr is en dat dit deur omstandighede tot 'n remskoen en as onderdrukkend afgemaak sal word. Nou sal die nuwe basis van partyverdeling vraagstukke in ag moet begin neem wat vir die

belangrike dominium wat vanaf Kaapstad tot Uganda begin vorm aanneem van die allergrootste belang is. "The full African outlook will come, no doubt. But a narrowly conceived Afrikanderism can delay it unduly, even disastrously. The real duty of the English South African to-day is to give to Afrikanderism of the old sort no excuse. Now that the explosive Flag Question is settled, that should be easier than it has been in the past. For the vitality of Afrikaner seperatism is derived from blunders and blindness on the English side to an extent which is all too little grasped in practical politics even to-day."[266]

Hierbenewens kon die regering nou sy onverdeelde aandag aan die ekonomiese ontwikkeling van die land en aan die oplossing van die Nie-Blanke vraagstukke gee. Die feit dat sommige Nasionaliste die vlagooreenkoms as 'n Nasionale oorwinning bestempel het en dat die weg tot sesessie gevolglik oop was, het Sappe ontstem en die andersins verbeterde partyverhouding geskaad. Volgens The Economist gebruik die Nasionaliste, wat op 'n vlagoorwinning geroem het hierdie argumente slegs om hul eie ontevredenheid oor die Union Jack as een van die Suid-Afrikaanse vlae te verberg. Hy beweer verder dat die blote feit dat daar Nasionaliste is wat so voel, 'n aanduiding is van wat Nasionalisme werklik is. Die blad kom tot die gevolgtrekking dat die party (Nasionaliste) voor die krisis van sy lot te staan gekom het. "It has now to choose between the two paths, the one that of a separatist Afrikanderism, the other that of a more comprehensive national policy framed primarily to a appeal to South Africans in general and to Afrikander interests so far as they can be preserved in a general

266. The Economist, 21.1.28. Nationalism and South Africa's Future.

policy."[267]

Die afloop van die vlagstryd het ook getoon dat die Nasionale Party nie die sterk liggaam was wat sy ondersteuners gedink het nie. Hul het begin weifel en daar was besliste tekens van onderlinge verdeeldheid. Benewens dr. Malan en adv. Roos wat nie kon klaarkom nie, was die verhouding tussen die Premier en hierdie twee Ministers ook nie ná afloop van die vlaggeskil na wense nie. Sekere Nasionaliste soos Roos het gereken dat kapitulasie en toegewings onder omstandighede die beste sou wees, terwyl mense soos dr. Malan dit sterk teengestaan het. Dit het noodwendig tot vervreemding en wantroue gelei - 'n krakie in die N.P.-geledere wat ses jaar later met koalisie sou oopbars. Die feit dat genl. Hertzog en Smuts in die vlagkwessie tot 'n vergelyk kon kom, het die gedagte laat posvat dat hul ook oor ander kardinale vraagstukke ooreenstemming kon bereik. Die leiers van die twee groot partye en baie van hul volgelinge is deur die vlagoplossing nader aan mekaar gebring.

Baie Afrikaners, soos dr. N.J. van der Merwe, Nasionale L.V. vir Winburg, was onrustig oor die rede waarom genl. Smuts so maklik gehendsop het en bereid was om die kleiner Union Jack te aanvaar.[268] Vir die Arbeidersparty het die vlagstryd oor die periode van twee jaar 'n geleidelike skeuring meegebring, met die Councilliete (Hoofbestuursgroep) van John Cristie aan die een kant en Creswell se Creswelliete aan die ander kant. In die toekoms sou dit slegs laasgenoemde groepie wees op wie se steun die Nasionale Party in die praktyk kon staatmaak. Die aandeel wat die Arbeidersparty in die vlagstryd gehad het en die houding

267. Ibid.
268. G.D. Scholtz, op. cit., p.70.

wat hulle ingeneem het, het die S.A. Party sterk gemotiveer om tydens die 1929-algemene verkiesing die Arbeiders hieroor te pletter te loop. Veral in Natal is aan Arbeidersetels groot aandag gegee. Hierdie gevoel van spanning tussen die S.A.P.- en Arbeidersparty sou geweldpleging en wanorde gedurende die 1929-verkiesing in die hand werk, en noodwendig ook vir die S.A. Party 'n konfrontasie met die Nasionaliste, die bondgenote van die Arbeiders, meebring. Gedurende hierdie verkiesing sou die Arbeidersparty ingevolge die vlagkwessie heelwat steun verloor.

Dr. Malan is gedurende die 1929-verkiesingsveldtog deur die Natallers verwyt omdat die Vlagwet nie op die Natalse platteland streng toegepas word nie. Malan het hom egter verweer deur daarop te wys dat Natalse Volksraadslede aanvanklik tot die neerhaal van die Union Jack in sekere sentra in Noord-Natal toegestem het in ruil vir verdere konsessies vir Durban en Pietermaritzburg. Later het die S.A.P.-groepie blykbaar koue voete gekry en op hul eie beloftes teruggegaan. Die regering het aan die hand hiervan besluit om alle verantwoordelikheid in verband met hierdie saak op hom te neem.[269] Tog het die S.A. Party in sy propagandaveldtog dié saak tot vervelens ter wille van die opwekking van rasse-sentiment opgerakel.[270]

Die Burger was gedurende die 1929-verkiesing billik ontstoke oor die S.A.P.-voorneme om indien hul weer aan bewind kom 'n nuwe vlagstryd te ontketen. Die hele grondslag van die Vlagwet sal volgens die redakteur deur 'n S.A.P.-regering geskend word, want "in elke dorp waar ook maar 'n klompie mense gevind" kan word om te eis dat ook die Union Jack amptelik moet wapper, wil die S.A.

269. Die Burger, 16.2.29. Politieke berig.
270. The Natal Mercury, 4.6.29.

Party dit doen. In byna elke dorp van Suid-Afrika sal 'n stryd ontbrand oor die vraag of hy albei vlae wil hys of slegs die Nasionale Vlag. Die redakteur kom tot die gevolgtrekking: "En waartoe hierdie heropening van die stryd? Enkel en alleen in 'n poging om op die snaar van Engelse rassegevoelens stemme te werf."[271] Vir dr. Malan bewys Smuts daardeur nogmaals dat hy nie 'n vriend van vrede in Suid-Afrika is nie.[272]

Die redakteur van Die Volksblad beweer dat "die jingo dit nie ontsien om die vir hom sogenaamd heilige vlagdoek weer as verkiesingslap te misbruik nie".[273] Min. F.W. Beyers betreur die feit dat genl. Smuts na Herschel is om die Nie-Blankes te vertel dat die Unievlag nie die vlag is wat die groot Koning aan hulle geskenk het nie. Beyers beskou dit as 'n tragedie dat die Nie-Blankes aangepor word om die vlag wat Smuts en sy partygenote help tot stand bring het, te haat.[274]

Hieruit spreek dit duidelik op welke wyse die twee groot partye gedurende die 1929-verkiesing nog gepoog het om partypolitieke gewin uit die vlagstryd te haal. Saam met die Nie-Blanke vraagstuk en die Duitse handelsverdrag het hierdie vlagstryd van 1929 dus daartoe meegehelp om rassegevoelens op te wek en wanordelikhede te veroorsaak, en as sodanig ernstige partywrywing in die hand te werk.

Vir die verhouding van die twee groot Suid-Afrikaanse partye was die vlagstryd dus van groot betekenis. Saam met die betekenisvolle besluite van die Rykskonferensie van 1926 was dit die

271. Die Burger, 21.2.29. Hoofartikel.
272. Ibid., 13.4.29. Malan te Hanover.
273. Die Volksblad, 13.4.29. Hoofartikel.
274. The Friend, 23.5.29. Beyers te Carnarvon. Vgl. ook Die Burger, 12.4.29. Smuts te Herschel.

begin van 'n proses waardeur Suid-Afrika van Britse bande van sentiment losgemaak is. Weens die feit dat dit die eerste stap in daardie rigting was, het dit met veel pyn vir en heftige verset van die kant van pro-Engelse en Engelssprekende S.A.P.-volgelinge in Suid-Afrika gepaard gegaan. Selfs nie eers in die oorlogsjare van 1939 tot 1945 is Britse sentiment in Suid-Afrika tot so 'n emosionele hoogtepunt gevoer as tydens die vlagstryd nie. Britse sentiment was, met die uitsondering miskien van die oorlogsjare, ook nooit weer daarna so goed georganiseer nie. Rassewrywing sou nooit weer dieselfde hoogtemoment in Suid-Afrika bereik nie.

Terselfdertyd het die vlagstryd 'n sluimerende volksgevoel by die Engelssprekende Suid-Afrikaner en pro-Britse Afrikaanssprekende S.A.P.-lid wakker gemaak. Dié stryd het hulle tot selfondersoek gebring en dit het weer by hulle die bewussyn laat posvat dat hulle seuns en dogters van Suid-Afrika is. Hierbenewens het die vlaggeskil ook bewys dat gemeenskaplike vaderlandsliefde op daardie tydstip nog baie swak was. 'n Eie vlag het egter die middel tot die versterking en opbou van daardie eenheidsgevoel verskaf. 'n Mens kan dus enersyds tot die slotsom kom dat die vlagstryd tydelik party- en rassegevoelens versteur het, maar andersyds het die uiteindelike oplossing daarvan en die geleidelike aanvaarding van die nasionale vlag as uiterlike simbool van 'n Suid-Afrikaanse nasieskap die rasse- en partygroepe nader aan mekaar gebring en volkseenheid bevorder.

HOOFSTUK III

KONSTITUSIONELE EN KULTURELE VERDELINGSFAKTORE

DIE STRYD OM SOEWEREINE ONAFHANKLIKHEID

Naas sy godsdienssin was die Afrikaner se vryheidsin sedert die agtiende eeu deel van sy lewe. Met die jare het sy diepingewortelde vryheidsin steeds gegroei, en in die proses ontkiem daar 'n eie volksbewussyn met 'n eie, Suid-Afrikaanse vaderlandsliefde waarin 'n drang na 'n eie staat wat vry is van vreemde heerskappy, lewe. So vas was die Afrikaner aan hierdie ideaal geanker dat hy selfs bereid was om die magtige Brittanje in 1899 die stryd aan te sê. Met die Vrede van Vereeniging moes Boererepublikanisme vir Britse imperialisme plek maak. 'n Deel van die Afrikanerdom het die hoop op die herstel van hul republikeinse status op die toekoms gevestig.

Hoewel hul deur gemeenskaplike optrede vir die Vrystaat en Transvaal selfbestuur verkry het, is dit slegs 'n verdere stap op die pad na 'n republiek beskou. Uniewording was vir hulle slegs van betekenis in die sin dat 'n nuwe staatkundige eenheid geskep is waarbinne republikanisme tot ontplooiing kon kom. Die republikeinse strewe sou egter eers na die stigting van die Nasionale Party in 1914 sterk begin opwel. Genl. Hertzog se bekende woorde "Suid-Afrika eerste!", en sy uitlating dat imperialisme vir hom net goed is in soverre dit vir Suid-Afrika dienstig is, het die onafhanklikheidsgees van baie Afrikaners geprikkel. Die Nasionale Party het dit op hom geneem om die Afrikaner se vryheidstrewe verder uit te bou. Die Eerste Wêreldoorlog het nie alleen diepe verskille tussen die gestigte Nasionale- en die

S.A. Party blootgelê nie, maar het tegelykertyd ook 'n kragtige stimulus aan die republikeinse strewe gegee. Vir genls. Botha en Smuts was Britse lojaliteit en versterking van die Ryksbande belangriker as Hertzog se strewe na groter onafhanklikheid. Die Rebellie was nie alleen 'n gewapende protes teen die inval in Duitswes nie, maar tegelykertyd ook 'n republikeinse beweging, gebore uit die Nasionaalgesinde Afrikaner se diepgewortelde vryheidsin.

Volgens genl. Hertzog het genl. Botha se verklaring in 1917 dat Suid-Afrika nie volle vryheid van regering het nie as 'n geweldige stimulus vir republikanisme gedien. Die Nasionale Party was so geskok oor dié verklaring van Botha dat hul summier besluit het om hul vir soewereine onafhanklikheid te beywer.[1] Dit was dus sedert 1917 reeds duidelik dat die republikeinse stryd in Suid-Afrika in wese 'n stryd tussen die politieke partye, en wel 'n stryd tussen die Nasionale Party en die S.A. Party sou wees.

Lloyd George, Britse premier, se verklaring van 1917 dat die kleiner volke soos Suid-Afrika oor die reg beskik om sy eie nasionale toekoms te bepaal, het nuwe betekenis aan die Afrikaner-Nasionalis se vryheidstrewe gegee. In dieselfde jaar het die Federale Raad besluit dat die Nasionale Party die bestaande regte en vryhede van die Unie sou handhaaf en verder uitbrei tot hy volkome vryheid en soewereine onafhanklikheid sou besit.[2] Hul sou dus openlik 'n republiek propageer, dog slegs langs die weg van geleidelike en ordelike grondwetlike ontwikkeling. Die Afri-

1. Die Burger, 4.6.24.
2. M.P.A. Malan, Die Nasionale Party van Suid-Afrika: Sy Stryd en sy prestasies 1914-1964, Elsiesrivier, 1964, p.96.

kaner-Nasionalis was nou vasberade om langs konstitusionele weg sy republikeinse onafhanklikheid te verseker en sy instrument sou die Nasionale Party wees.

Die botsende, onversoenbare opvattinge oor die onafhanklikheidskwessie het reeds op 'n vroeë tydstip van die partypolitieke stryd in die Volksraad tot uiting gekom. Die sogenaamde Merriman-mosie van 19 Junie 1917 is deur beide die S.A. Party en die Unioniste-opposisie heelhartig gesteun. Merriman het aangevoer dat republikanisme in stryd met die beste belange van die volk is; dat 'n voortsetting van hierdie ideaal onvermydelik tot noodlottige verdeeldhede sou lei en tot die uiteindelike ruïnasie van die Europese rasse in "Suid-Afrika".[3] Genl. Hertzog het in antwoord op die mosie verklaar dat hy oortuig is dat republikanisme die beste regeringsvorm vir Suid-Afrika is, dat die volk dit verkies en dat hul uiteindelik hul vryheid sou verkry.[4]

Die Merriman-mosie, sowel as genl. Botha se uitlating, het die republikeinse beweging soos 'n sneeubal laat groei. Dit het tot 'n beweging gelei om 'n afvaardiging wat as die Vryheidsdeputasie van 1919 bekend staan, oorsee te stuur om Suid-Afrika se vryheid van die vredemakers by Versailles te gaan eis. Lloyd George kon nie aan die versoeke van hierdie onafhanklikheidsdeputasie voldoen nie, maar het onder meer erken dat "as one of the Dominions of the British Commonwealth the South African people control their own national destiny in the fullest sense".[5]

3. M.C.E. van Schoor en J.J. van Rooyen, Republieke en Republikeine, Johannesburg, 1960, p.179.
4. Pamflet: Buitelandse Sake IV. Opgestel deur J.J. Haywood.
5. M.C.E. van Schoor en J.J. van Rooyen, op. cit., pp.183-4; D.J. Kriek, Generaal J.B.M. Hertzog se opvattings oor die verhouding tussen die Afrikaans en Engelssprekendes na Uniewording, D.Phil., Universiteit van Pretoria, 1971, p.150.

Oënskynlik het die Vryheidsdeputasie met leë hande teruggekeer, maar teen die agtergrond van die Nasionale Party se vryheidstryd het die Nasionalis tog wel iets konkreets in Lloyd George se woorde gelees wat sy eie republikeinse aspirasies sou voed.

Genl. Hertzog het dikwels hierna sy argumente ten gunste van 'n republiek met Lloyd George se uitlatings gestaaf.[6] D.J. Kriek[7] beweer tereg dat genl. Hertzog ná 1919 al meer op artikel 4 van die N.P. se Program van Beginsels teruggeval het. Hierdie artikel het bepaal dat die bestaande betrekkings tussen die Unie en die Verenigde Koninkryk sonder omweg deur die Party erken word. Die artikel het verder soos volg gelui:

"Daar egter die uiteindelike bestemming en die doel van die volk van die Unie, soals die van ieder ander sigself respekterende nasie, sy volkome vrijheid en soewereine onafhanklikheid moet wees, en daar slegs deur sulke volkome vrijheid en soewereine onafhanklikheid die vriendskappelike verhouding tussen Suidafrika en die Verenigde Koninkryk kan bestaan sal die Nasionale Party iedere geleentheid te baat neem en iedere poging aanwend om die bestaande regte en vrijhede van die Unie getrouw te handhaaf en om langs konstitusionele weg en met die oog op die belange van Suidafrika verder uit te brei totdat Suidafrika als selfstandige staat, ook in die praktyk in ieder opsig, gelijkstaande is met die Verenigde Koninkryk en verder uiteindelik sij volkome vrijheid en soewereine onafhanklikheid verkrij."[8]

Uit hierdie artikel blyk dat op grond van die Nasionale Party

6. Vgl. De Volkstem, 21.10.19; Die Burger, 14 en 17.5.24; Pamflet: H.J. Steyn, Die Status van die Unie getoets aan die beginsels van Suid-Afrikaanse Nasionalisme, Potchefstroom, 1929, p.11.
7. D.J. Kriek, op. cit., p.152.
8. De Volkstem, 21.10.19.

se beginsel onderskeid tussen onafhanklikheid in elke opsig gelykstaande aan dié van Groot Brittanje en algehele vryheid en soewereine onafhanklikheid gemaak word.

Artikel 4 sou vir die S.A. Party sinoniem word met die Nasionale strewe na 'n republiek en sesessie van die Britse Ryk, en was as sodanig 'n bedreiging vir hul eie diepgaande en hoogs belangrike bande met die Britse Ryk. Dit ly geen twyfel dat juis hierdie artikel 'n belangrike struikelblok in die weg van hereniging en versoening tussen die Nasionale- en S.A. Party in 1919 en selfs later was nie. Hoe dit ook al sy, die Nasionaliste se onafhanklikheidstrewe was vir hul belangriker as versoening met die Sappe. Daarom het sesessie vir die S.A. Party 'n politieke skelwoord geword. Op grond van die Nasionale Party se aanspraak op hul reg tot sesessie het die herenigingsamesprekings tussen hierdie twee partye in September 1919 'n dooie punt bereik.

In 1920 het genl. Smuts aangevoer dat die dominiums die volste mate van vryheid binne die Britse Ryk het, maar hy beklemtoon dat die vryheid binne die Britse Ryk geleë is. As genl. Hertzog dus ten gunste van 'n soewereine onafhanklikheid binne die Britse Ryk was, was daar reeds sedert 1920 geen verskil oor hierdie kwessie tussen hom en genl. Smuts nie. Hertzog het dit egter met veragting verwerp en verklaar dat hy 'n voorstander van soewereine onafhanklikheid buite die Britse Ryk is.[9]

Met die Volksraadsverkiesing van 1920 verwerf die Nasionale Party die meeste setels en nadat 'n samesmeltingspoging met die Nasionaliste misluk, sou genl. Smuts se party met die Unioniste saamsmelt. Die Unioniste sou aan die S.A. Party 'n nog groter

9. Pamflet: Buitelandse Sake IV. Opgestel deur J.J. Haywood.

anti-republikeinse, pro-Britse karakter as voorheen gee, en die byna logiese gevolg was dat die sesessie- en republikeinse strydpunt 'n deurslaggewende faktor in die verkiesingsveldtog van 1921 geword het. Dit het al duideliker geword dat die onafhanklikheidskwessie en die gepaardgaande sesessiestrewe suiwer 'n partypolitieke vraagstuk tussen die twee groot partye sou word. Reeds tydens hierdie verkiesing het die Nasionaliste hul sesessiereg verdedig, terwyl hul opponente aangevoer het dat 'n republiek die Unie uit die Ryk sou dwing.

Ondanks die maklike oorwinning van die Suid-Afrikaanse Party met die 1921-verkiesing het die Nasionaliste dit slegs as 'n tydelike terugslag vertolk. Hierdie konstitusionele verdelingsfaktor tussen die twee groot partye sou weldra sterker na vore tree en die party- sowel as die rasseverhouding ernstig versteur.

Nasionale Partylede is intussen toegelaat om vrylik propaganda vir 'n republiek te maak. Met die oog op die volgende verkiesing, sluit die Arbeidersparty met die Nasionale Party in 1923 'n verkiesingsooreenkoms. Die basis vir samewerking tussen die twee Pakt-partye was bykans dieselfde as dié wat die Nasionaliste in 1920 aan die S.A. Party voorgehou het. Die prys wat die Nasionale Party hiervoor moes betaal was dat hulle die versekering moes gee dat hulle gedurende die ampstermyn van die regering nie hul stem of posisie vir die verbreking van die Britse konneksie sou gebruik nie. Op grond hiervan kon The Round Table later, naamlik in 1927, aanvoer dat "until the present Nationalist-Labour combination took office there was no material difference between the Nationalist and South African

parties except on the question of national ideals".[10]

Teen hierdie agtergrond moet die verhouding tussen die Nasionale- en Suid-Afrikaanse Party gedurende 1924 tot 1929 ten opsigte van die Nasionale Party se strewe na sesessie en 'n republiek ontleed word.

Met die 1924-Volksraadsverkiesing het genl. Smuts op 23 April te Pretoria-Wes beweer dat die S.A. Party-Unionistiese samesmelting 'n einde aan rassehaat in Suid-Afrika gemaak het. Die verhouding tussen Suid-Afrika en die Gemenebes van Nasies was een van die belangrikste geskilpunte tussen genl. Hertzog en die Nasionale Party aan die een kant, en genl. Smuts en die S.A. Party aan die ander kant. Genl. Smuts het dit as taak van sy party gestel om die sesessiebeweging van die Nasionale Party te vernietig, want "sesessie het die fundamentele plank van hulle platform geword" en "op daardie vraag het hulle ons aanbod van hereniging op die Bloemfonteinse Konferensie met minagting verwerp".[11]

Die sesessievraagstuk is gedurende die propagandastryd van die 1924-verkiesing telkens opgehaal en te Pretoria-Wes het genl. Smuts beweer dat Hertzog sedert 1920 ten einde sy party-vure ná sy reeks nederlae aan die brand te hou, hom aan die hoof van 'n veldtog van afskeiding van die Britse Ryk geplaas het. Hertzog se rasende, tierende propaganda het volgens Smuts hartstogte deur die hele land tot 'n hoogtepunt gevoer. Smuts vra die kiesers: "Wat sou gebeur het as ons die uitdaging nie aangeneem het nie, as ons hierdie politiek toegelaat het om sy wilde vaart te gaan tot die ondergang van Suid-Afrika, tot die opbreking van

10. The Round Table, Vol. 66, Maart 1927.
11. Pamflet: Buitelandse Sake IV. Opgestel deur J.J. Haywood.

sy volk in rasse-partye miskien tot burgeroorlog en oorlog met die Britse Ryk?" Smuts het aangevoer dat sy party by die vorige verkiesing 'n oorwinning oor die Nasionale sesessie-beleid behaal het, met die gevolg dat verskeie Nasionaliste dié beleid reeds laat vaar het of besluit het om dit vir vyf jaar uit te stel.[12] Hertzog het destyds in 1920 in sy verkiesingsmanifes bevestig dat sy party vir onmiddellike afskeiding van die Unie staan en dat die uitoefening van die sesessiereg op die breë basis van die volkswil moes geskied.[13] Genl. Hertzog het Smuts egter in 1924 opnuut verseker dat sy party beslis nie sesessie laat vaar het nie.[14] Veral die meer ekstremistiese republikeine en Britsgesinde monargiste se gevoelens is gedurende die verkiesing hierdeur tot 'n hoogtepunt gevoer.

As premier het genl. Smuts gedurende die verkiesingsveldtog op sy gewone oordeelkundige manier te werk gegaan om die Nasionale vryheidstrewe tot voordeel van sy party aan te wend. In talle van sy toesprake, veral in die stedelike Engelssprekende sentra het Smuts kiesers teen die gevare van sesessie en republikanisme gewaarsku. Ook in Natal, die Oostelike Provinsie, Wes-Kaapland en aan die Rand het die regeringsprekers en Smuts hulle op hierdie propagandamiddels toegespits omdat hulle geweet het dat argumente wat om hierdie aspekte geweef was daar in vrugbare aarde sou val, en te midde van die gepaardgaande rassegevoel tot die S.A. Party se voordeel sou ontkiem. Hy maan kiesers dat die Nasionale Party bloot tydelik sesessie op die agter-

12. S.A.P.-pamflet 1924, p.28, soos aangehaal in Pamflet: Buitelandse Sake IV. Opgestel deur J.J. Haywood; Die Burger, 24.4.24; Die Volk moet kies, Pamflet uitgegee deur die S.A. Party, pp.1-7.
13. Hertzog se verkiesingsmanifes, 1920, soos aangehaal in Pamflet: Buitelandse Sake IV. Opgestel deur J.J. Haywood.
14. Die Burger, 14.5.24. Hertzog te Upington.

grond geskuif het, en dit weer sal ophaal sodra hul as enkele party fungeer. Met republikeine soos Kemp, wat Minister van Verdediging kon word, loop hulle die risiko dat 'n republiek selfs op gewelddadige wyse tot stand gebring kon word.[15] Dit was bewerings soos hierdie wat Nasionaliste se bloed laat kook het.

Hierdie drogbeelde wat Smuts aan die Nasionaliste se sesessie-ideaal gekoppel het, het meegebring dat 'n gees van vyandskap en kwade gevoel weldra die verkiesingsveldtog tussen die twee groot partye sou kenmerk. Vir die Nasionalis was dit ondenkbaar dat Smuts ondanks hul duidelike program van beginsels insake sesessie hom nog tot sulke bangmaakstories vir partypolitieke voordeel kon wend. Die Party het immers onomwonde verklaar "dat dit nie die bedoeling is van die republikeins-gesinde gedeelte van die volk om op enige ander wyse dan langs konstitusionele weg sy ideaal tot verwesenliking te bring nie, en wel met inagneming van die gevoelens en simpatie sowel van die Engelssprekende as van die Hollandssprekende burgers van die land".[16]

Genl. Smuts het gevolglik teen 1924 vir baie Suid-Afrikaanse imperialiste die handhawer en beskermer van hul Britse sentimente en bande geword, en daarom verbaas dit geensins dat sir Maurice Hankey, Britse Koloniale Sekretaris, in hierdie dae aan Smuts skryf dat, wat ookal die uitslag van die verkiesing mag wees, die Unie se toekoms as dominium grootliks in die hande van Smuts lê.[17]

Nasionaliste het openlik hul ontevredenheid met Smuts se seses-

15. Ibid., 24.4.24. Smuts te Pretoria-Wes.
16. Pamflet. H.J. Steyn, op. cit., p.8.
17. J.C. Smuts-versameling, Band 200. Hankey aan Smuts, 22.5.24.

sionistiese aantygings teen hulle te kenne gegee. 'n Sekere Munnik, 'n Nasionalis, skryf aan die Rand Daily Mail: dat hy ten sterkste die bewerings ontken dat daar enige sprake van sesessie by die Nasionale Party is. "Our views upon independence of action within the Union for Englishmen and Dutchmen alike represent just what Australia and Canada are urging every day, and surely what is a virtue there cannot be a crime in us."[18] Die feit was egter dat die Nasionale Party sesessie ter wille van hulle verkiesingsbondgenote laat vaar het, en die S.A. Party se voortdurende verwysing na sesessie as afskrikmiddel teen die Nasionaliste, het die partyverhouding tussen die twee hoofpartye geskaad. Die Nasionaalgesinde republikeine moes reeds nie baie gelukkig gevoel het oor die tydelike opsegging van die sesessie-ideaal nie. Dit ly daarom geen twyfel dat die opdieping van die sesessiestrewe uit die graf van die 1921-verkiesing ten einde dit as politieke speelbal teen hulle te gebruik, die Nasionale Party-ondersteuners geensins aangestaan het nie. Tog wou Smuts en sy partygenote verseker dat sesessie nie by wyse van verrassing 'n onwelkome werklikheid word nie en het hulle Suid-Afrikaners steeds daarteen op hul hoede gestel.

Genl. Kemp, Nasionale Party-Volksraadslid vir Wolmaransstad, het Smuts se beweringe teen hom ten opsigte van die forsering van die sesessie-ideaal in sterk bewoorde taal verwerp. Genl. Hertzog het op sy beurt die kiesers daarop gewys dat hulle hul nie veel aan Smuts se sesessie-aantygings moes steur nie, aangesien dit bloot op die opwek van rassegeval gemik was. Hertzog wys daarop dat Smuts selfs valslik beweer dat die Nasionaliste

18. The Star, 16.5.24. Onderhoud met Kemp.

en Arbeiders hul net vir die regte geleentheid vir sesessie voorberei. Geen wonder dat kol. Creswell, leier van die Arbeiders, onlangs vir Smuts gevra het of hy besef dat hy met sulke bewerings drie-kwart van die Afrikaanssprekendes as leuenaars beskuldig.[19]

Nasionale leiers het op die vooraand van die 1924-verkiesing opnuut die versekering gegee dat 'n republiek slegs op grondwetlike wyse tot stand gebring sou word. Die republikeinse beginsel sou egter altyd 'n ideaal van die Nasionale Party bly.[20] Genl. Hertzog het dit beklemtoon dat daar 'n onderskeid tussen sesessie en soewereine onafhanklikheid gemaak moes word. Die blote feit dat die Unie onder die Britse kroon was, het niks te make met soewereine onafhanklikheid nie, maar slegs met die vorm daarvan. Die sesessievraagstuk sou tans soveel antagonisme van 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse bevolking opwek dat geeneen met reg so 'n vraagstuk sou aanpak nie. Hertzog wys daarop dat die Suid-Afrikaanse gemeenskap nie uit Afrikaans- of Engelssprekendes alleen bestaan nie, maar uit albei.[21] Die meeste Nasionale Partyleiers soos D.F. Malan en Tielman Roos het hierdie beginsel onderskryf.[22]

Hoewel albei hoofpartye dit duidelik gestel het dat hul ten gunste van die behoud van die Britse konneksie was, het die Nasionaliste telkens die feit beklemtoon dat Ryksbelange nie voorkeur bo Suid-Afrikaanse belange mag geniet nie. Hierdie vasbe-

19. C.R. Swart-versameling, Lêer 3/3/1/1/1. Kopie van Hertzog se toespraak te Johannesburg, 4.6.24.
20. Vgl. Pamflet. Secession - The Leading Documents; C.E.M. O'Dowd, "The Election of 1924", in S.A. Historiese Joernaal, Nr. 2, Nov. 1970.
21. C.E.M. O'Dowd, op. cit. in S.A. Historiese Joernaal, Nov. 1970.
22. Vgl. Cape Times, 21.5.24. Malan te Clanwilliam; The Star, 30.5.24. Roos te Bethal.

rade, onversetlike houding wat Nasionaliste ingeneem het ten opsigte van die praktiese deurvoering van die beginsel van "Suid-Afrika eerste", het Britsgesinde Sappe geïrriteer en by hulle oordrewe pro-Britse sentimente wakker gemaak. Dit blyk dat baie Sappe, Afrikaans- sowel as Engelssprekendes, ook geleidelik bewus begin word het van 'n Suid-Afrikaanse gees en nasieskap, maar dat hulle binne die S.A. Party dié onderliggende bewussyn nie openlik gewys het nie, uit vrees vir die reaksie van hul minder gematigde partygenote. Veral buite Natal was dit klaarblyklik die geval, maar Natal self sou hom oor die jare heen moeilik losmaak van die "moederland" en het dit moeilik gevind om in terme van Suid-Afrika as sy permanente en enigste tuiste te dink. In die Oostelike Provinsie en aan die Rand was dit in 'n mindere mate die geval. Dié mense se verknogtheid aan Brittanje en hulle klaarblyklike weiering en onwil om Suid-Afrika as hul permanente tuiste te aanvaar, het Nasionaliste teen die bors gestuit.

Vir die Brits-georiënteerde Suid-Afrikaner het dit eweneens nie aangestaan dat die Nasionaliste openlik 'n beleid van "Suid-Afrika eerste" verkondig het nie, want dit sou onnodig Britse gevoelens kwets. Die Ryk was vir hulle van te groot belang om enige risiko hoegenaamd te loop deur die verhouding met Brittanje te versteur. In die verband verklaar genl. Smuts op 26 Mei: "I look upon our connection with the British Empire as something which is fundamental in this country." Vir hom beteken soewereine onafhanklikheid sesessie van die Britse Ryk en die Britse kroon.[23] Sy party mag nie toesien dat mense aan die bewind kom

23. Cape Times, 26.5.24. Smuts te Oos-Londen.

as hulle nie weet hoe hulle hul mag gaan gebruik nie.[24] Genl. Hertzog antwoord ongeveer 'n week later hierop dat hulle die graagste van alle lande met Brittanje goeie betrekkinge wou handhaaf, maar dat Suid-Afrikaanse belange van groter belang as Ryksbelange is.[25]

Creswell was die belangrikse segsman van die Arbeidersparty en het die S.A. Party en Smuts daarvan beskuldig dat hulle sesessie gebruik om rassegevoelens aan te blaas, sodat die S.A. Party as die werklike afskeiders in Suid-Afrika beskou moes word.[26] Op die vooraand van die verkiesing het J.W. Jagger, S.A. Party-Volksraadslid vir Kaapstad Sentraal, opnuut die belangrikheid van die Britse Ryk vir die toekoms van Suid-Afrika beklemtoon. Bande met die Ryk was vir hom selfs belangriker as die ekonomiese vraagstuk en hy waarsku Nasionaliste dat burgeroorlog hul voorland sou wees as hulle dit sou durf waag om sonder die Engelssprekende steun sesessie deur te voer.[27] The Star huldig dieselfde mening as Jagger,[28] terwyl The People's Weekly beweer het dat 99 persent van die Nasionaliste uit en uit sesessioniste was.[29]

Nege jaar na die stigting van die Nasionale Party word hulle op 17 Junie saam met die Arbeidersparty deur die kiesers aan bewind geplaas. Nasionaliste het gejubel, want nou kon die beleid van "Suid-Afrika eerste" in die praktyk deur 'n Nasionale regering ten uitvoer gebring word. Smuts se waarskuwing teen sesessie het nie veel vrugte afgewerp nie, soos die historikus,

---

24. Die Burger, 26.5.24.
25. Swart-versameling, Lêer 3/3/1/1/1. Hertzog te Johannesburg, 4.6.24.
26. Die Burger, 26.5.24. Creswell te Kimberley.
27. Cape Times, 7.6.24. Jagger te Kaapstad.
28. The Star, 7.6.24. Hoofartikel.
29. The People's Weekly, 30.5.24. Hoofartikel.

Hancock, dit stel: "Unfortunately for them, clause 3 of the Nationalist-Labour pact contained a convincing answer to that argument."[30] Teenoor die stralende Nasionaliste het die verstomde Sappe gestaan, nie alleen lamgeslaan deur die uitslag nie, maar in vertwyfeling oor hul lot in die hande van 'n oorwegend sesessionistiese regering. G.H. Calpin skets die posisie van die Britsgesinde S.A. Party-aanhangers so: "They watched the South African moon recede from the British sun. And as they watched, their wrath rose and knew no bounds."[31]

Weens die feit dat die Nasionale Party egter nie 'n voorstander vir die onmiddellike afskeiding van die Britse Ryk was nie, kon die uitslag van die 1924-verkiesing beslis nie as 'n afdoende uitspraak oor die onafhanklikheidsvraagstuk vertolk word nie. Uit hoofde van die Pakt-ooreenkoms met die Arbeiders was 'n republiek of sesessie binne die volgende vyf jaar buite die kwessie, maar niks kon Hertzog verhinder om "die regte en vryhede van die Unie langs konstitusionele weg uit te brei, totdat Suid-Afrika as 'n selfstandige staat in elke opsig teoreties en praktries gelykstaande is met die Verenigde Koninkryk".[32]

Met die bewindsaanvaarding van die Pakt in Junie 1924 het genl. Hertzog besef dat hy met twee bevolkingsgroepe met teenstrydige ideale te doen het, en dat hy as staatsman die twee uiteenlopende elemente nie alleen in ag moes neem nie, maar ook met mekaar moes probeer versoen. Daar was enersyds die Afrikaner-Nasionalis wat benewens hulle strewe na gelyke behandeling deur

30. W.K. Hancock, Smuts: The Fields of Force 1919-1950, Cambridge, 1968, p.163.
31. G.H. Calpin, There are no South Africans, London, 1941, p.127.
32. Pamflet. H.J. Steyn, op. cit., p.6.

die regeringsinstansies 'n onafhanklike republiek wou hê; andersyds was daar die Britsgeoriënteerde Suid-Afrikaner wat op staatkundige gebied die ryksideaal bo alles gestel het. Dit sou die nuwe premier se onbenydenswaardige taak wees om hierdie twee beginsel-ideale met mekaar te probeer versoen.

Genl. Hertzog het besef dat die Unie nie 'n republiek kon wees en tegelykertyd nog al die dominiale verpligtinge teenoor Engeland nakom nie. Die samestelling van die Britse Ryk was van so 'n aard dat lidmaatskap daarvan onderhorigheid aan Groot-Brittanje beteken het. Die Premier was egter vasberade om die twee uiterste pole te versoen. Dit sou 'n moeilike taak wees, want die Britse monargisme en die Suid-Afrikaanse republikanisme het soos vuur en water teenoor mekaar gestaan. Gevolglik wou Hertzog die karakter van die Britse Ryk sodanig verander dat Brittanje nie meer 'n super-staat sou wees nie, maar saam met sy dominiums 'n gelykheid van state sou vorm.

Die probleem was egter dat die Suid-Afrikaanse Party elke poging tot groter staatkundige onafhanklikheid as sesessie van die Britse Ryk en verslapping van die bande met Brittanje vertolk het. Veral Natal en die Oostelike Provinsie, met hul oordrewe pro-Britse inslag was daarop bedag om die Suid-Afrikaanse onafhanklikheidstrewe met hand en tand te beveg, en ook hiermee sou Hertzog moes rekening hou.

Die Hertzog-regering was egter in die eerste plek verantwoordelikheid teenoor hul eie party-volgelinge verskuldig, en as sodanig sou hulle hul ten doel stel om die grondwetlike posisie van die Unie tot hul ondersteuners se bevrediging op te los. Die Nasionaliste kon nou met erns Hertzog se beleid van "Suid-Afrika

eerste" in die praktyk toepas; ook wat hul nasionale en internasionale status betref.

Die Pakt-ooreenkoms tussen die Nasionale- en Arbeidersparty moes nou prakties toegepas word en die bepaling dat die Nasionaliste nie die kwessie van sesessie van die Britse Ryk gedurende hul vyf jaar-termyn sou ophaal, indien hul gesamentlik aan bewind sou kom nie, moes streng nagekom word. Hieraan kon maklik voldoen word vanweë die breë volkswilgedagte wat die Nasionaliste se beleid insake afskeiding gekenmerk het.[33] Buite die Parlement kon enige Nasionalis onbeperk afskeiding bepleit. "His (Hertzog) agreement with Creswell had excluded complete secession, but it did not exclude the policy of full constitutional equality with Great Britain. The Union's membership of the League of Nations and its signature of the Treaty of Versailles, which had been stressed by Botha and Smuts as proof of the higher status of South Africa, had not satisfied a single Nationalist." Hertzog wou deur middel van 'n formele en geskrewe dokument die versekering hê dat die dominiums se ou minderwaardige status iets van die verlede is.[34]

Genl. Hertzog was die mening toegedaan dat Suid-Afrika reeds 'n soewerein onafhanklike staat was en as sodanig oor die reg van afskeiding van die Britse Ryk beskik het. Weens die uiteenlopende menings en standpunte aangaande die konstitusionele posisie van Suid-Afrika en die ander dominiums wou genl. Hertzog eens en vir altyd duidelikheid aangaande die grondwetlike posisie van die Unie en die ander dominiums verkry.

33. Vgl. Ons Vaderland, 16.11.26. Roos te Johannesburg, 4.10.23.
34. D.W. Krüger, The Age of the Generals, Dagbreek Boekhandel, 1958, p.142.

In April 1925 verklaar genl. Hertzog in die Volksraad aangaande ons status dat dit vir hom nie daaroor gaan om ons verhoogde status te verkry nie aangesien hulle dit reeds verkry het. Die enigste verskil tussen sy standpunt en dié van die opposisie is dat laasgenoemde van die standpunt uitgegaan het dat hulle daarin moes berus. Die Opposisieleier se verweer was dat die Britse Gemenebes vir hom 'n kombinasie is waar niemand meer is as die ander nie en waar geen oppergesag bestaan nie. Hy beskou dit as 'n samekoms van gelykes onder één soewerein wat vergader om aangeleenthede van gemeenskaplike belang te bespreek.[35] Smuts moes in 'n groot mate gelyk gegee word en sy standpunt kon deur sy volgelinge ingesien en onderskryf word, maar die Afrikaner-Nasionalis wou hierdie gelyke status duidelik omskryf hê. Hulle wou dit nie slegs ervaar nie, maar dit ook op 'n dokument vergestalt sien sodat die gesag daarvan na buite bekend kon word.

Genl. Hertzog se opvatting was dat intieme samewerking binne die Britse Gemenebes alleen verseker sou word as die beginsel van elke dominium se nasionale onafhanklikheid openhartig erken word. Genl. Smuts was oortuig dat so-iets die einde van die Britse Ryk sou beteken, en die Engelse pers in Suid-Afrika het vas geglo dat die Rykskonferensie nooit daartoe sou kom om die dominium tot dieselfde status as Brittanje te verhef nie.[36]

Genl. Hertzog was versigtig in die hantering van die onafhanklikheidsvraagstuk en het sy uiterste bes gedoen om as premier nie die Britsgesindes in Suid-Afrika te verskrik nie. Tielman Roos, Minister van Justisie, het egter genl. Hertzog se kaarte deurmekaar gekrap met sy uitlatings oor sesessie, sodat die

35. Pamflet. H.J. Steyn, op. cit., pp.18-9.
36. F.A. van Jaarsveld en G.D. Scholtz, Die Republiek van Suid-Afrika: agtergrond, ontstaan en toekoms, Johannesburg, 1966, p.163.

opposisie die teenstrydige uitlatings van Hertzog en Roos vir partypolitieke voordeel aangewend het. Op 12 Mei 1925 skryf genl. Smuts aan sy party-sekretaris, Louis Esselen, dat genl. Hertzog se uitlating dat sesessie tot 'n nasionale ramp sou lei, maar met 'n knippie sout geneem moes word. "He (Hertzog) made serious conditions and reservations which detract from the value of that declaration. And besides, the decision does not lie with Hertzog but with Roos in a matter of this kind, and we must watch whether the two voices will not continue, Hertzog talking 'konsiliasie', while Roos talks 'secessie'."[37] Roos, Transvaalse Nasionale leier, se uitgesprokenheid ten opsigte van sesessie het Hertzog se opregte pogings tot versoening bemoeilik en nie alleen die opposisie nie, maar ook die Nasionale Party verwar. Rasse- en partyversoening, wat die hoofoogmerk van die Premier was, is hierdeur aansienlik vertraag.

Die besoek van die Prins van Wallis aan Suid-Afrika gedurende 1925 was egter ten opsigte van die sesessievraagstuk van besondere betekenis. The Round Table beweer onder meer: "There has been a cordiality and depth of feeling which has overcome racial and political differences. It is not too much to say that no public event since the establishment of the Union has called forth such unity of feeling and expression as the Prince's visit." Hierin het nie net die volk nie, maar ook die regering 'n aktiewe, positiewe bydrae gelewer. Die vraag word uitgespreek of die Prins se besoek die vraagstuk ten opsigte van die Britse konneksie as 'n politieke twispunt tussen die partye sou verwyder. Die nuwe regering was so besig met administratiewe verpligtinge, nuwe wets-

37. L. Esselen-versameling, Band 1. Smuts aan Esselen, 12.5.25; Smuts-versameling, Band 203. Smuts aan Esselen, 12.5.25.

ontwerpe en ander sake wat hul aandag vereis dat die sesessie-vraagstuk in 'n groot mate op die agtergrond geskuif is, en "there has been a distinct disposition among the more moderate leaders to leave in abeyance a question which tends more than any other to embitter political divisions."[38]

In die Volksraad het die Premier nadruklik verklaar dat sesessie van die Britse Ryk 'n nasionale ramp sou wees, dat hy geen voorneme het om dit te propageer nie en dat hy ten gunste van die behoud van die Britse konneksie was. Hertzog waarsku: "The policy of the late Government had been to seek to establish a superiority or dominance over the Dutch people based on the British connection, and should that happen again secession would inevitably become the watchword of those over whom the dominance was sought to be established." Solank sy regering die beleid van "Suid-Afrika eerste" in die praktyk toepas, sal die Nasionaliste nie sesessie as praktiese politiek beskou nie.[39]

Dieselfde oggend waarop die Premier sy bogenoemde sesessie-toespraak gelewer het, het Die Burger 'n brief van die N.P.-organiseerder in Transvaal geplaas, waarin hy namens sy party aanvoer dat artikel 4 van die Nasionale Party se beginsels nie verander sou word nie. The Round Table voer met reg aan: "The publication of this letter, evidently aimed to anticipate the Prime Minister's statement, and the fact that the statement itself was followed by a bitter attack by the Prime Minister on General Smuts, made it difficult for the Opposition to accept his words as indicating a definite change in the Nationalist outlook."[40]

---

38. The Round Table, Vol. 60, September 1925.
39. Ibid.
40. Ibid.

Dit ly dus geen twyfel dat die opposisie, alhoewel beïndruk en waarderend ten opsigte van Hertzog se rede, in die lig van die "Transvaalse verklaring" nie die Premier se woorde as vertolkend van die breë Nasionale gevoel kon aanvaar nie.

J.S. Smit, Uniale Hoë Kommissaris in Londen, was teen Junie 1925 begerig dat hul die Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris se status aldaar tot ambassadeur moes verhoog, maar Hertzog het geglo dat dit nog nie die gewenste tyd daarvoor is nie. Hy skryf aan Smit: "Ongelukkig is dit 'n feit dat Vreemde Mogendhede, b.v. Frankryk en Amerika - nog nie gereed is om ons status te erken nie, en om 'n versoek aan hulle te doen rig, soos deur U aan die hand gegee, sou ons blootstel aan 'n weiering wat sou gelykstaan met 'n internasionale trugset." Hertzog wys Smit ook daarop "dat ons gevaar loop dat ons hier ons mense die ons goedgesind is, b.v. die arbeiders, vrees mag aanja, wanneer ons op hierdie tydstip sonder dat daar openlike rede toe bestaan, daartoe gaan aandring." Sodra Vreemde Moondhede hul vrye internasionale status erken, sal die kwessie van diplomatieke onderhoud en verteenwoordiging self sy oplossing vind.[41]

Smit skryf aan genl. Hertzog dat die Britse regering geforseer word om die Suid-Afrikaanse regering nie as onderhewig aan hulle te beskou nie, maar as geheel en al onafhanklik. Hy benadruk die feit dat Kanada in hul stryd vir die erkenning van hul status 'n enorme bron van sterkte is.[42] Die Britse regering het aan domi-

41. J.S. Smit-versameling, Band 7. Hertzog aan Smit, 1.6.25.
42. Hier verwys Smit na die feit dat alle kommunikasie aan die Kanadese regering tegelykertyd ook aan die Kanadese Hoë Kommissaris in Londen gestuur moes word. Reeds in 1924 het Kanada geweier om die Britse gesant in Washington toe te laat om die Visseryverdrag tussen Kanada en die Verenigde State mede te onderteken, iets wat in imperialistiese kringe heelwat opskudding verwek het.

niale Hoë Kommissarisse die privileges van 'n eerste klas ambassadeur toegeken, maar "ons vind egter dat dit mooi klink op papier, maar dat die 'Corps diplomatique' by offisiele (sic) geleenthede privileges het, wat ons in naam, maar nie in der daad het nie." Op hul versoek het kol. L.M.S. Amery, Britse Koloniale Sekretaris, beloof om die hele kwessie herfstyd te ondersoek en te korrigeer.[43]

Sir Frederic de Waal, S.A. Party-ondersteuner en administrateur van die Kaapprovinsie, het in Augustus in 'n onderhoud met 'n Londense koerant, South Africa, beweer dat die Unie nou dieselfde mate van vryheid as Kanada en Australië het om sy eie beleid uit te voer, sonder inagneming van buite, ooreenkomstig die wil van die bevolking van die Unie.[44]

Ook gedurende Oktober met die Vrystaatse N.P.-kongres te Bloemfontein het die verskil tussen die Premier en die Minister van Justisie, Roos, aangaande sesessie sterk na vore getree - 'n aspek wat die opposisiepers, andermaal sou uitbuit. The Star skets die situasie op die kongres onder meer so: "From the attitude of the gathering it is clear that Mr. Roos talked down his silver-tongued rival, General Hertzog, whose recent repudiation of secession still echoes faintly even in Bloemfontein, did not interrupt the flow of Roosian eloquence. The Labour section of the Pact conveniently forgot the famous letter in which Colonel Creswell declined to be associated with republicanism rampant."[45] Die opposisiepers wou dus die sesessievraagstuk gebruik om 'n wig tussen die twee Pakt-partye in te dryf. Tydens boge-

43. Smit-versameling, Band 7. Smit aan Hertzog, 29.7.25.
44. Die Burger, 26.8.25. Onderhoud met South Africa.
45. The Star, 22.10.25. Hoofartikel. Vgl. T. Boydell-versameling, Band 21. Knipsels.

noemde kongres het Roos aangevoer dat die onafhanklikheidsideaal alleen die Nasionale Party aan mekaar verbind het en 'n suksesvolle toekoms verseker, 'n mening wat die redakteur van The Star as 'n stem van die partypolitikus afmaak. "Mr. Roos stands not so much for the national good as the Nationalist good." Met Suid-Afrika eerste word nie sesessie geïmpliseer nie, en dit is juis hieroor dat baie Suid-Afrikaners met Roos verskil het.[46]

Intussen het sir Charles Crewe, vriend van Smuts, geswore imperialis en oud S.A. Party-Volksraadslid vir Oos-Londen, die Britse koning meegedeel dat sake in Suid-Afrika 'n ernstige wending neem en dat Suid-Afrika oor 'n jaar of twee 'n republiek sou wees.[47]

Die sluiting van die Locarno-verdrag op 16 Oktober 1925 sou ook in Suid-Afrika weerklank vind en dominiale status raak. Genl. Smuts skryf aan Chamberlain, latere Britse premier: "I am afraid the Dominions will keep out of this Pact and will look upon this as a precedent to disinterest them selves in future more and more in the foreign policy of Great Britain ... It seems to me almost inevitable that Locarno should weaken the case for a united Empire foreign policy and this is a matter which requires most careful watching."[48] Groot-Brittanje het die onderhandelinge alleen aangeknoop en alleen die verdrag onderteken. Die dominiums sou nie hierdeur affekteer word nie, en hul onafhanklike status is as sodanig onderskryf. Crafford was met reg van mening dat die triomf van Hertzogisme en die Locarno-verdrag 'n gevaar vir die samehorigheid van die Ryk ingehou het.[49]

46. Ibid.
47. Smit-versameling, Band 7. Smit aan Hertzog, 22.10.25.
48. J. van der Poel, Selections from the Smuts Papers, V. (Hierna slegs na Smuts Papers verwys). Smuts aan Chamberlain, 21.10.25.
49. F.S. Crafford, Jan Smuts: 'n Biografie, Kaapstad, 1947, p.275.

Van Smuts se ondersteuners was nie tevrede met sy houding oor die Locarno-verdrag nie en C.E. Nixon, 'n Kaapse S.A. Party-ondersteuner, spreek die vrees uit dat Smuts se toespraak tot heelwat misverstand en onenigheid selfs in eie party sou lei. Hy hoop dat Smuts iets sou doen "to undo the harm your attitude will cause to British prestige and to mitigate any possible encouragement which, unintentionally enough, you will be giving to the Secessionists in this our country."[50]

Nog dieselfde jaar is daar in Brittanje 'n afsonderlike Ministerie van Dominiale Sake in die lewe geroep. Algaande sou die dominiums tot soewerein onafhanklike state, gelyk in status met Groot Brittanje ontwikkel.

Die Nasionale Party het hul sedert 1924 onvermoeid beywer om groter staatkundige onafhanklikheid te bekom; en die koorsagtige haas waarmee die Nasionale Party dié ideaal aangepak het, het die S.A. Party nie aangestaan nie. Die S.A. Party het dit as voorspel tot sesessie en 'n onafhanklike republiek vertolk, sodat hul die Nasionale Party in sy stryd om gelyke status met die moederkolonie, kragdadig ge-opponeer het.

Ook in Engeland het hierdie konstitusionele stryd nie ongesiens verby gegaan nie en die Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris, J.S. Smit, skryf op 8 Februarie 1926, aan minister Piet Grobler dat dit verblydend is dat hulle die Engelse reguit vertel wat Suid-Afrika van hul soewereine regte dink. "Dit mag lyk dat julle onnodig die Engelse aantas, maar ons mense moet nooit vergeet nie dat enige van daardie uitlatings 'n goeie effek het hier op die Regering, dit werk soos 'n briek om hulle 'closer Union' en andere

50. Smuts-versameling, Band 202. Nixon aan Smuts, 12.11.25.

imperialistiese planne. Hoe meer ons in Suid-Afrika 'n ding by sy naam noem hoe versigtiger die Regering hier moet handel en hoe meer hulle rekenskap moet hou met ons gesindheid."[51]

Die Suid-Afrikaanse premier se eerste mikpunt was die Rykskonferensie van 1926 waar hy die strewe van die Nasionale Party sou verteenwoordig. Voor sy vertrek na Londen het genl. Hertzog in Maart 1926 'n groot gehoor te Stellenbosch toegespreek, en daarop aangedring dat Suid-Afrika en Brittanje absoluut gelyke status moes hê. 'n Formele verklaring moes bevestig dat Suid-Afrika geensins aan Brittanje onderhorig is nie. D.W. Krüger merk tereg op: "In his passion for logic he was nearer to the hearts of his countrymen than Smuts who was quite content with that which had already been achieved in practice. Hertzog's followers could not forget that the Republics had once lost their independence through a formal act and it needed a similar signal event to convince them of the restoration of freedom."[52]

Dié Stellenbosch-rede van Hertzog het veral in Engelssprekende S.A. Party-geledere opslae gemaak. Die Engelse pers het dit beskou as 'n verderflike rigting wat ingeslaan word, terwyl die regeringspers dit toegejuig het. Te midde van die emosie-belaaide vlaggeskil het hierdie stryd om staatkundige erkenning die Nasionale Party en die S.A. Party lynreg teenoor mekaar geplaas. Vir die Britsgesinde S.A. Party-ondersteuner was dit ondenkbaar dat Suid-Afrika en Engeland gelyke status kon hê en die idee is met sarkastiese misnoeë verwerp. Die opposisie het die Nasionaliste se onafhanklikheidstrewe aan die voorgenome vlagwetsontwerp gekoppel, sodat Patric Duncan, S.A. Party-Volksraadslid vir Yeoville,

51. Smit-versameling, Band 15. Smit aan Grobler, 8.2.26.
52. D.W. Krüger, op. cit., p.142.

in Junie 1926 beweer het dat die regering 'n Suid-Afrikaanse vlag verlang om daarmee aan te toon dat die Unie 'n vrye en onafhanklike nasie is wat probeer om 'n konstitusionele toestand wat nie bestaan nie, te verteenwoordig!53

Te midde van 'n groeiende verset onder Britsgesinde S.A. Party-ondersteuners het minister Roos te Yeoville verklaar dat hy van geen beweging in Suid-Afrika weet wat daarop uit is om dié onafhanklikheid wat die opposisie vrees, te verkry nie. Hul sou 'n groter mate van onafhanklikheid verkry, nie deur sesessie nie, maar wel deur natuurlike ontwikkeling.54 Smuts skryf in hierdie tyd aan Levi, redakteur van Die Volkstem, dat hy van mening is dat die komende Rykskonferensie 'n "wash out" gaan wees en dat dit nie die moeite werd gaan wees nie.55

Op 17 Augustus reageer genl. Smuts skerp op Hertzog se Stellenbosch-toespraak deur te waarsku dat die beoogde Ryksverklaring van Hertzog die verbrokkeling van die Ryk sou meebring.56 Die Opposisieleier het Hertzog se beskouinge oor die konstitusionele posisie verwerp en as sodanig nie alleen sy onversoenlikheid nie, maar ook sy onstabiele politieke oortuigings weerspieël, want op 23 Junie 1920, op die vooraand van die Rykskonferensie van 1921, het dieselfde genl. Smuts in die Volksraad verklaar "dat die dinge reggemaak moes word, tensy hulle die Britse Ryk opgebreek wou sien".57 Hierdie manteldraaiery van Smuts het Nasionaliste gegrief en 'n gees van afkeur en verset teenoor Smuts en sy party ontlok.

---

53. J.G. Strijdom-versameling, Band 104. Aantekeninge.
54. Rand Daily Mail, 29.7.26. Roos te Yeoville.
55. Smuts-versameling, Band 205. Smuts aan Levi, 7.4.26.
56. Die Volkstem, 18.8.26. Smuts te Johannesburg; Rand Daily Mail, 18.8.26; Die Volksblad, 18.8.26.
57. Strijdom-versameling, Band 104. Aantekeninge; D.W. Krüger, South African Parties and Policies, Kaapstad, 1960, p.148.

Benewens internasionale erkenning van Suid-Afrika se soewereine status wou genl. Hertzog ook vir genl. Smuts en die onnasionale elemente in Suid-Afrika wat hul die reg van afskeiding ontsê, oortuig dat Suid-Afrika wel daardie reg het. Die Nasionaliste het met die "oorlog-deursien-politiek" 'n bittere les geleer en was fel en uitgesproke in hul kritiek teen die "onnasionale" S.A. Party. Tielman Roos beweer op De Rust dat daar nog mense is wat die woord "nasionaal" haat, bloot omdat hulle geen verstand het nie.[58]

Sulke kras uitlatings het die opposisie se koors laat styg en gemoedere opgesweep. 'n Ontevrede briefskrywer skryf aan The Cape Argus en vra 'n duidelike omskrywing van die betekenis wat die premier aan "onafhanklikheid" heg. In 'n sarkastiese toon verwys hy na Hertzog se bewering dat sesessie dood is weens 'n onafhanklikheid wat oornag, sonder dat iemand daarvan bewus is, ingetree het. Hy vra: "Is it really true that both parties have all this time been fighting shadows - that three elections have been fought out on a question that did not exist?" Hy verwys na lord Milner, voormalige Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, se uitlating in 1919 dat Brittanje en sy dominiums nou vennote is, en as sodanig, in hul vennootskap, nie onafhanklik is nie. Weer vra hy: "Which is superior in status - to be equal partner in a huge concern that covers the whole world, or sole proprietor of a small business in a side street?"[59]

Te midde van die groeiende onenigheid tussen die S.A.- en Nasionale Party moes Smuts en Hertzog ekstremistiese elemente in partygeledere kalmeer. S.G. Millin, biograaf van Smuts, skryf

58. Rand Daily Mail, 19.8.26. Roos te De Rust.
59. The Cape Argus, 13.9.26. Brief van D.E. McCoursland.

met betrekking tot sy konsiliasiebeleid in hierdie tyd aan hom en verklaar dat die Afrikaanssprekendes met 'n filosofiese benadering Smuts volg, terwyl dié met 'n sentimentele benadering Hertzog aanhang.[60] So 'n veralgemening hou nie stand nie, tensy sentiment en nasionalisme sinoniem sou wees. Millin se uitlating is egter tiperend van die destydse gedagtegang van sommige S.A.P.-lede.

In 'n gees van afwagting het die Rykskonferensie op 25 Oktober 1926 met sy werksaamhede begin. Die kwessie van tussen-imperiale verhoudinge is na 'n komitee onder voorsitterskap van lord Balfour, voormalige Britse premier, verwys. Genl. Hertzog was 'n komiteelid en het 'n belangrike aandeel gehad in die opstel van die verslag, wat as die Balfour-verklaring bekend gestaan het, en soos volg gelui het: "Great Britain and the self-governing Dominions are autonomous communities of equal status united by the common bond of the Crown. They stand in no subordination to one another in national or international affairs but are freely associated as members of the British Commonwealth of Nations."[61] Vir genl. Hertzog was dit 'n persoonlike triomf, want hiermee het hy 'n lang gekoesterde ideaal verwerklik.

Die politieke atmosfeer in Suid-Afrika het eensklaps 'n nuwe aansig gekry. Die Londense Daily Telegraph stel die posisie so: "Genl. Hertzog will return to a political situation in South Africa that with dramatic abruptness has changed almost beyond recognition."[62] The Round Table het die politieke uitwerking van die Rykskonferensie as "little short of revolutionary"[63] bestempel.

60. Smuts-versameling, Band 205. Millin aan Smuts, 1.10.26.
61. Oswald Pirow, James Barry Munnik Hertzog, Kaapstad, 1957, p.117.
62. Daily Telegraph, soos aangehaal in The Star, 4.12.26.
63. The Round Table, Vol. 66, Maart 1927.

Die gees van blydskap in Nasionale geledere is met 'n mate van tevredenheid deur die opposisie bespeur, en laasgenoemde was die mening toegedaan dat republikanisme en sesessie as verdelingsfaktor en rasse-barometer tussen die twee groot partye nou finaal iets van die verlede was, veral as Hertzog die vlagwetsontwerp sou laat vaar. Terselfdertyd het dit vir die Smuts-volgelinge ook nog die versekering gegee dat die Britse konneksie ongeskonde gebly het.

Die Premier het op 20 Desember te Pretoria die Britsgesinde S.A. Party-ondersteuners gerus gestel dat dit vir die Unie van absoluut geen belang is om uit die Britse Ryk te tree nie, want "in geen ander weg kan ons Nasionale Vryheid groter mag en waarborg geniet as binne die Britse Ryk op die basis soos dit vandag bestaan".[64] Soortgelyke verklarings deur genl. Hertzog en sy dankbare, erkentlike en kameraadskaplike houding teenoor Brittanje in die erkenning van hul status is deur baie Sappe met waardering en agting ontvang. 'n Versoeningsgees het swaar in die lug gehang. Die Premier het met die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners aan sy voete 'n unieke geleentheid gehad om sy lewensideaal, naamlik die skepping van 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse nasie, in die praktyk ten uitvoer te bring.

Die noodlot het egter in die vorm van die Nasionaliteits- en Vlagwetsontwerp tussen die held van die 1926-Rykskonferensie en sy strewe na Suid-Afrikaanse nasieskap buite rasseverband gestaan. Ongelukkig was die vlagstryd nog nie afgeloop nie, want "the fear of a federal empire, the group unity, which General Smuts had advocated, was no longer present".[65]

---

64. Pamflet. H.J. Steyn, op. cit., p.46. Vgl. Pamflet A.C. Cilliers, Genl. Hertzog en Hereniging, Stellenbosch, 1940, p.24; The Round Table, Vol. 66, Maart 1927.
65. G.H. Calpin, op. cit., p.140.

G.H. Calpin beweer tereg dat geen nuwe beginsel in die Balfour-verklaring vervat is nie. "It was the statement of it which gave rise to such satisfaction in the Nationalist's mind. It was a mind nurtured in the Calvinist tradition and the letter of the law, and nourished in legal rather than in philosophic atmosphere." Smuts waarsku dus sy party-aanhangers dat hulle teenoor iets nuuts te staan gekom het; iets waar die juridiese wetenskap nie gegeld het nie. Gevolglik moes hul daaroor nie te veel verskil nie.[66]

Die opposisiepers sowel as sommige opposisieleiers het egter daarop gewys dat genl. Smuts na afloop van die vorige Rykskonferensie reeds aangevoer het dat hul soewerein onafhanklik is. Boonzaier, spotprenttekenaar van Die Burger het egter, aldus The People's Weekly, hul status met 'n bobbejaan, "Adonious", wat met 'n ketting om sy nek aan 'n paal (die Britse Ryk) vas was, vergelyk. "These cartoons of Boonzaier's gained for the Nationalists more votes than all General Hertzog's obscure and involved speeches or Mr. Tielman Roos fireworks. We take it that 'Adonious' has now returned from the latest Imperial Conference, fat and sleek, with Genl. Hertzog holding the leading string!"[67] Joël Krige, S.A. Party-Volksraadslid vir Caledon, het na afloop van die 1926-Rykskonferensie aangetoon met welke minagting dieselfde hoër status gedurende die Smuts-bewind deur die Nasionaliste verwerp is. Nasionaliste het dit destyds bestempel, as 'n poging om republikanisme teen te werk; voor sy vertrek na die pas afgelope Rykskonferensie het genl. Hertzog egter die realiteit van die hoër status erken. Krige wou ook die republikeinse groep

66. Ibid, pp.140-1. Vgl. The Round Table, Vol. 71, Junie 1928.
67. The People's Weekly, 26.11.26. Hoofartikel.

binne die Nasionale Party tot aksie aanspoor met sy uitlating dat die republikeinse ideaal van die Party aan die Arbeiderspar-ty verkoop is.[68]

Sowel genl. Hertzog as Tielman Roos, waarnemende Premier, het hul voorneme om artikel 4 van die Beginsels van die Nasionale Party te behou, te kenne gegee, al sou dit miskien maar net 'n aandenking van die verlede wees. J.S. Marwick, vuurvreter S.A. Party-Volksraadslid vir Illovo, het na aanleiding hiervan vir Hertzog as 'n "almoster" bestempel. Met uniewording was hy amper 'n staatsman maar nie heeltemal nie; ná die Wêreldoorlog was hy feitlik vir sesessie, maar tog nie volkome nie, terwyl hy nou so te sê oorreed is om artikel 4 te laat vaar, dog nie geheel en al nie.[69]

Ondanks die opposisiekritiek op die behoud van artikel 4, het Roos op 1 Desember verklaar dat die republikeinse kwessie, se-sessie en konstitusionele vraagstukke nou tot die verlede be-hoort, terwyl artikel 4 gewysig kon word sodat dit bloot sou lees dat die Nasionale Party hul voortaan sou beywer om die pas ver-kreë onafhanklikheid te behou.[70] The Natal Mercury lewer gunstige kommentaar op Roos se uitlatings te Springs: "It is most impro-bable that the conservative elements, which are the backbone of the Nationalist and South Africa parties, will tolerate much longer the false and unnatural lines of cleavage by which the various political groups are at present divided."[71] The Star was van mening dat hierdie Roos-toespraak 'n belangrike uitwerking

68. The Star, 23.11.26. Krige te Pietersburg.
69. Rand Daily Mail, 25.11.26. Roos te Balfour; Ibid. Onderhoud met Marwick.
70. Ibid., 2.12.26. Roos te Springs; Die Burger, 4.12.26.
71. The Natal Mercury, 3.12.26. Hoofartikel, soos aangehaal in The Star, 3.12.26.

op die posisie van politieke partye in Suid-Afrika sou hê,[72] terwyl The Friend geen rede vir die voortsetting van die Pakt gesien het nie en die prysgawe van sesessie beskou het as die verwydering van die belangrikste verdelingsfaktor tussen die Nasionale- en Suid-Afrikaanse Party.[73] Die Londense Daily Telegraph het Roos ook lof toegeswaai. Die waarnemende Premier het niks ongesê gelaat wat die seël kon plaas op die volmaaktheid van sy verbasende en baie welkome frontverandering, waarvan die uitwerking op die Suid-Afrikaanse situasie rewolusionêr was. "It means laying a ghost which for years have haunted Union politics, and must greatly strengthen the position of General Hertzog."[74]

The South African Nation, weeklikse Nasionale Engelstalige koerant, wys ook op die onwenslikheid van die behoud van artikel 4 en sê verder: "Since sovereign independence is now attainable within the British Empire, the Nationalists must not only emphasise the new independence but also the desirability of co-operating with other parts of the British Empire wherever this can be done to mutual advantage." Dié koerant doen andersyds 'n beroep op die S.A. Party om nie die betekenis van die Balfour-verklaring vir Suid-Afrika te probeer verklein nie. Op hulle rus die medeverantwoordelikheid om aan die wêreld te toon dat daar vir 'n onafhanklike Suid-Afrika 'n plek in die Britse Ryk is. "They can discharge this obligation best by loyally co-operating with the Nationalists in the attempt to carry our status into effect and not, as has not infrequently happened in the past, by opposing every such attempt by calling it secession, and by trying to stir up racial feeling over it." Dit berus nou by die Suid-

72. The Star, 4.12.26. Perskommentaar.
73. The Friend, soos aangehaal in The Star, 4.12.26.
74. Daily Telegraph, soos aangehaal in The Star, 4.12.26.

Afrikaanse Party om te bepaal of sesessie 'n natuurlike dood sal sterwe, al dan nie.[75]

G.H. Calpin beweer dat die Balfour-verklaring vir genl. Hertzog slegs betekenis gehad het in die mate dat dit hul onafhanklikheid noukeurig en afdoende bevestig het. Met generaal Smuts was dit anders gesteld. "It was the expression of the tradition of the English way of life, which has no definition; and General Smuts interpreted a South African British point of view which the South African British could not interpret for themselves or for anyone else." Vir Calpin was daar nie slegs by Hertzog, maar ook by Smuts se sentiment 'n leemte, want "the limit of their contribution stopped at a patriotism vehemently and vociferously expressed, genuine enough, in all conscience, but devoid of those finer attributes which are regarded as the contribution of the British to the world. As a result the Afrikaners saw only the British Jingo - there was only the British Jingo to see - and acted accordingly. It tended to magnify racial groupings, classification on the basis of race - a division which is quite foreign to the tradition which allows men of different races to think more of social attitudes than of the constitution of their blood."[76]

Hoewel Ons Vaderland sy algehele tevredenheid met die nuwe status te kenne gegee het, het die redakteur nie nagelaat om die Opposisieleier so 'n venynige stekie te gee nie. Hy beweer dat die Nasionale Party-leiers met Smuts afgereken het; hy is ontwapen en al wat hy oorgehou het, is die Union Jack.[77] Dr. D.F.

75. Nation, soos aangehaal in The Star, 3.12.26.
76. G.H. Calpin, op. cit., p.143.
77. Ons Vaderland, 3.12.26. Hoofartikel.

Malan het vir hom die gramskap van die S.A. Party op die hals gehaal met sy onnodige uitlating dat sesessie soos uiteengesit in artikel 4 van die N.P.-beginsels nie dui op sesessie van die Britse kroon nie, maar wel van die Britse regering.[78]

Die Suid-Afrikaanse Party het andersyds in sommige kringe ook met onrus en kommer van die versoenende gees in Suid-Afrika kennis geneem. Hulle voormanne en pers het steeds op hul hoede gebly. Gys Hofmeyr, voormalige administrateur van Suidwes-Afrika, skryf op 6 Desember aan genl. Smuts: "The Nationalist party leaders, having been swept into the maelstroom of imperialism by the inevitable course of events, may try political expedients to justify their conduct to some bewildered sections of their followers and in an endeavour to score party advantage out of the new situation. Roos spoke perhaps too soon and too emphatically and on reflection will try to extricate himself by abusing the opposition for an imaginary attitude. I see he already predicts that the opposition will be responsible for any friction which may eventuate in consequence of what he regards to be an entirely new constitutional position and there is an echo of the same sentiment in today's issue of Die Burger. The declaration was perhaps intended to reconcile Labour on the flag question and thus save the Pact ..."[79]

Die Opposisieleier was self verontrus oor die politieke wending in Suid-Afrika en skryf aan F.S. Malan, voormalige minister en voormalige S.A. Party-Volksraadslid vir Malmesbury, dat dit lyk asof hulle Engelssprekende vriende heeltemal hul koppe verloor het oor genl. Hertzog in hul blydskap dat hy nou die "Empaaier-

78. The Star, 4.12.26. Malan te Uitenhage.
79. Smuts Papers, V. Hofmeyr aan Smuts, 6.12.26.

geloof" aangeneem het, en dat hulle alle rede het om versigtig te wees. Hertzog mag bloot weens selfingenomendheid mooi woorde gebruik en die S.A. Party moet maar met welwillendheid die loop van sake afwag. Knelvrae vir Smuts is of Hertzog bereid is om die vlag te laat vaar en gewillig is om met die Arbeiders te breek. Die houding van Hertzog mag ook net 'n slim skuif wees om die provinsiale verkiesings te wen en hy vra Malan om sy invloed te gebruik om hul Engelssprekende vriende te kalmeer. "Daar is geen die minste rede tot al die uitbundigheid."[80]

The People's Weekly praat in dieselfde trant en voer aan dat Groot-Brittanje sedert die Boere-oorlog voortdurend die een toegewing na die ander gemaak het. Nasionaliste het hierdie toegewings as 'n bewys van swakheid vertolk en luidkeels om meer konsessies geroep. Die redakteur wonder of die Afrikaanssprekendes alweer die ou fout begaan, naamlik om te veel te vra en te min te gee. Kan die Britsgesinde S.A. Party-ondersteuners aanvaar dat die Nasionale Party in die toekoms tevrede sal wees met hul status, of gaan hulle die nuutbekomde soewereine onafhanklikheid gebruik as instrument vir die verkryging van 'n Suid-Afrikaanse republiek, of vir sesessie van die Britse Ryk? Indien die Nasionaliste artikel 4 van hul grondbeginsels sou skrap, sal hul die algehele samewerking van die Suid-Afrikaanse Party verkry en spoedig één volk wees.[81]

Die Suid-Afrikaanse Party, pro-Brits en uiters lojaal teenoor Groot-Brittanje, sou uit hul pad gaan om die konsolidasie van die Britse Ryk te verseker. Vir hulle was die Britse Imperiale beleid

80. F.S. Malan-versameling, Band 1. Smuts aan Malan, 21.12.26; Smuts Papers, V. Smuts aan Malan, 21.12.26; Smuts-versameling, Band 205. Smuts aan Malan, 21.12.26.
81. The People's Weekly, 26.11.26. Hoofartikel.

die magtigste faktor in die beskawing van die wêreld. Genl. Hertzog het verseker dat die Ryk as sodanig ongeskonde gelaat is en vandaar sommige van die S.A. Party-lede se waardering en welwillendheid teenoor die Premier.

Genl. Smuts bestempel dit as 'n "amusante tyd", en skryf op 13 Desember aan Margaret Gillett, Britse vriendin, dat Hertzog in werklikheid dieselfde status verkry het as dit waarteen Nasionaliste ses jaar vantevore soveel kapsie gemaak het. "Of course, psycologically it makes a great difference to them who has done it; the thing itself does not seem to matter so much. It is all a matter of personal rivalries - to such a pass our politics has come."[82]

Op 16 Desember laat genl. Smuts hom soos volg uit oor die nuwe staatkundige posisie van Suid-Afrika: "Nou is ons een, genl. Hertzog het nou gedoen wat niemand ooit kon doen nie. Hy het die Nattes binne die Britse Ryk gebring."[83] Ons Vaderland het teengekap en stel dit duidelik dat Hertzog nie sy eie uiteensetting van die "hoër status" met hom saam gebring het nie, maar die duidelike verklaring van die Rykskonferensie.[84]

G.H. Wilson, redaksielid van die Cape Times, was ontevrede dat Hertzog met soveel lofbetuiginge oorlaai word en skryf aan Smuts: "The art of stealing clothes has not yet disappeared. Hertzog has now recanted, and has adopted precisely the position which you always urged as necessary for South Africa. But undoubtedly to my mind it does compel a new orientation in our politics."[85]

---

82. Smuts Papers, V. Smuts aan M.C. Gillett, 13.12.26; Smuts-versameling, Band 205. Smuts aan M.C. Gillett, 13.12.26.
83. Pamflet. Buitelandse Sake IV. Opgestel deur J.J. Haywood.
84. Ons Vaderland, 20.12.26, soos aangehaal in Die Volksblad, 20.12.26.
85. Smuts-versameling, Band 205. Wilson aan Smuts, 15.12.26.

Die Volksblad spreek sy goedkeuring uit met die nuwe status en die feit dat die volk as geheel dit aanvaar, dog die stryd tussen die twee groot partye duur voort, aangesien albei hul die eer vir die status toe-eien. Die redakteur bestempel dit as 'n nuttelose stryd, aangesien almal met die status quo tevrede is en die eenheid van die Suid-Afrikaanse volk voor die buitewêreld baie belangriker is.[86]

Genl. Hertzog het aangevoer dat hul moes oorweeg om hul partyverdeling te hersien, aangesien die toekomstige partystryd nie op rasseverskille gegrond sou wees nie. Omdat die vryheid ook aan die Engelssprekende gegee is, is die rassestryd verby en is 'n werklike nasie gebore. In die toekoms sou die partyverdeling op ekonomiese grondslag wees. Klasie Havenga, Minister van Finansies, was van mening dat die Britse wyse van toestemming tot die dominiums se onafhanklike status 'n gees van toegeneentheid jeens Brittanje geskep het.[87] 'n Effens gefrustreerde Smuts skryf aan Margaret Gillett dat daar in Suid-Afrika groot politieke onsekerheid heers weens Hertzog se verwerping van sesessie en die seën wat hy oor die Britse Ryk uitgespreek het. "The English people are inclined to fall round his neck in a fit of generous emotion. What it will all lead to no one can foresee at present."[88]

The Round Table was van mening dat daar op papier weinig of geen verskil tussen die S.A. Party en die Nasionale Party was nie, dog in die praktyk was daar twee ernstige struikelblokke. Daar was eerstens die herinnering aan die onlangse politieke verdeeld-

86. Die Volksblad, 14.12.26. Hoofartikel.
87. Ibid., 21.12.26.
88. Smuts-versameling, Band 205. Smuts aan M.C. Gillett, 29.12.26.

heid, iets waarby albei partye se politieke leiers so diep betrokke was dat dit 'n onmiddellike hereniging bykans onmoontlik maak. Die ander groot verdelingsfaktor tussen die twee partye was die bondgenootskap tussen die Arbeiders en die Nasionaliste, iets wat, aldus minister Roos, in elk geval behoue moes bly. Dit sou 'n onmiddellike hergroepering tussen die twee hoofpartye absoluut onmoontlik maak, maar "a whole-hearted acceptance by the Nationalist party of the attitude towards the British Commonwealth which is now proclaimed by its leaders will set in motion forces which will in time bring about a disintegration of the two main parties and a new orientation of our political advance. What is more important is that it will remove a source of division which for nearly half a century has perplexed and embittered South African politics."[89]

Die jaar 1927 is dus met politieke onsekerheid tegemoet gegaan en die Suid-Afrikaanse Party was hoopvol dat genl. Hertzog nou ook die Nasionaliteits- en Vlagwetsontwerp as politieke en rasseverdelingsfaktor uit die weg sou ruim deur dit te laat vaar. Gys Hofmeyr, groot voorstander van hereniging, skryf aan Smuts: "It would seem a thousand pities that just at this juncture the flag issue is there to queer the pitch and it would be a great advantage if that weapon could be blunted or smashed by, say, a declaration to the effect that now that the secession issue is dead and buried for good and all the flag question should be left in abeyance in order to give time for a calmer and more rational consideration."[90]

Ook The Round Table wys op die ongelukkige sameloop van omstan-

89. The Round Table, Vol. 66, Maart 1927.
90. Smuts Papers, V. Hofmeyr aan Smuts, 6.12.26.

dighede dat die vlagstryd moontlik te midde van die nuutverkreë status voortgesit sou word. Die uitstekende gesindheid tussen die volk van Suid-Afrika onderling is absoluut verblydend, en indien hul vir 'n paar jaar in hierdie gees kon voortgaan kon die politieke aanskyn in Suid-Afrika totaal verander. "We might have got away from the racial issue which has created a wrong dividing line among political parties and prevented the great social and economic problems from receiving that attention which they need. But the flag question has put back the clock again." Dit het weer agterdog by 'n groot groep Engelssprekende Sappe opgewek, en vertolk hulle die vlagstryd, miskien onredelik maar nie onnatuurlik nie, as 'n verbloemde sesessiebeweging. Die Britsgesindes verbind hul daarom op afgunstige wyse weens hulle ras en tradisie aan hul vlag as simbolies van die mees lewende element in hul nasionale erfenis. Dit spreek vanself dat Suid-Afrika met sy nuwe status oor sy eie vlag moet beskik, maar met die loop wat sake nou neem sal hulle nie daardeur 'n instrument tot volkseenheid of gemeenskaplike nasionaliteit verwerf nie, maar slegs 'n voortdurende bron van onenigheid en 'n herlewing van 'n verdeeldheid wat almal in Suid-Afrika sou wou uitskakel.[91]

Die opposisiepers en die hele Suid-Afrikaanse volk het in afwagting op Hertzog se verklaring aangaande die uiteinde van die vlagstryd gesit en wag. 'n Hoopvolle Rand Daily Mail vra: "Will Genl. Hertzog make the sign?"[92] Vir die Premier was daar twee keuses: hy kon die vlagwetsontwerp laat vaar ten koste van sy eie ekstremistiese-republikeinse vlag-aanhangers; of hy kon voortgaan met die wetsontwerp en sy nuwe "aanhang" onder baie S.A. Party-

91. The Round Table, Vol. 68, September 1927.
92. Rand Daily Mail, 13.1.27. Hoofartikel.

lede daarmee inboet en opnuut 'n rassestryd ontketen. Nie alleen dr. D.F. Malan en sy vlag-ondersteuners se onwrikbare houding aangaande die vlag het genl. Hertzog op die laasgenoemde uitweg laat besluit nie, maar dit blyk ook dat die Generaal van mening was dat die Britsgesinde S.A. Party-volgelinge in die lig van die nuwe status van die Unie meer geneë sou wees om 'n eie nasionale vlag en nasionaliteit te aanvaar. Hierin sou die Premoer hom misreken en opnuut die ou party- en rasseverskille oopkloof. Hy het die Engelssprekende S.A. Party-lede se gevoelens jeens Brittanje onderskat, soos D.W. Krüger, dit stel: "The Nationalists did not understand British sentimental attachment to the Mother Country. They did not appreciate Natal's many affinities with Britain, the fact that many South Africans had been born there and still had close cultural and family ties with 'the old country'. They did not stop to think that these people had not had time to identify themselves completely with their new home-land."[93] Daarom is dit verstaanbaar dat Natal selfs met sesessie gedreig het.

Kolonel Amery, Britse Dominiale Sekretaris, skryf in Januarie aan genl. Smuts dat die dominiale status van die Rykskonferensie van 1926 basies gegrond is op dit wat hulle albei in gedagte gehad het. Amery wys daarop hoe Hertzog se gesindheid verander het nadat hy besef het dat hy nie met agterdog of teenkanting ontvang is nie.[94] In hierdie verband is dit belangrik om daarop te wys dat Hertzog sy hele saak voor die tussen-Imperiale Komitee van die 1926-Rykskonferensie gebaseer het op 'n memorandum wat Smuts in 1921 opgestel het. Genl. Hertzog het hierdie doku-

93. D.W. Krüger, The Age of the Generals, p.144.
94. Smuts Papers, V. Amery aan Smuts, 24.1.27; Smuts-versameling, Band 205. Amery aan Smuts, 24.1.27.

ment tussen genl. Smuts se aantekeninge gevind toe hy hom in 1924 as premier opgevolg het. Hertzog het die tussen-Imperiale Komitee ook duidelik laat verstaan dat hy Smuts se argumente gebruik.[95] Genl. Smuts kon dus enersyds ontevrede voel weens die feit dat sy opvolger, genl. Hertzog, soveel lof toegeswaai is vir sy aandeel in die nuutverworwe status, maar andersyds was Hertzog wel die man wat die moed van sy oortuiging gehad het om die teorie in die praktyk te omskep.

Hoewel die indruk gewek word dat die Opposisieleier ontevrede met die nuwe status van die Unie was, is dit nie die geval nie. Genl. Smuts skryf op 22 Februarie 1927 aan lord Amery dat hy baie tevrede met die resultate van die Rykskonferensie van 1926 is. "The ghost of the republic is - for the present at any rate - laid, and there is the reality of the appearances of a more cordial acceptance of the Imperial position in quarters where before there was nothing but indifference or downright hostility." Vir partypolitieke gewin word die status van Suid-Afrika egter deur die Unie-regering veel hoër aangeslaan as wat die werklike geval is. Daarom waarsku Smuts: "It would be most mischievous to let the impression take root either in South Africa or Canada that a radical transformation of the Empire has been brought about, and that the Empire in fact has ceased to exist except as a mere collective name." Hy raai vir Amery aan dat hulle namens die Britse regering hieroor 'n duidelike verklaring moes uitreik, aangesien dit afskeidingsneigings sou teenwerk.[96]

---

95. C.M. van den Heever, Generaal J.B.M. Hertzog, Johannesburg, 1943, p.485. Vgl. D.W. Krüger, South African Parties and Policies, pp.146 en 152; Smuts Papers, V. Voetnoot, p.342; H. Duncan Hall, "The Genesis of the Balfour declaration of 1926", in die Journal of Commonwealth Political Studies, Vol. 1, No. 3, November 1962.
96. Smuts-versameling, Band 206. Smuts aan Amery, 22.2.27; Smuts Papers, V. Smuts aan Amery, 22.2.27.

Met "afskeidingsbewegings" het Smuts klaarblyklik nie bloot op sesessionistiese republikanisme in Suid-Afrika gesinspeel nie, maar die afskeidingsbeweging in Natal, gestimuleer deur die Empire Group van Suid-Afrika, moes Smuts ook ontstem het. Die Empire Group het op 21 Maart 'n besluit geneem om aan die hand van die Balfour-verklaring te eis dat hulle by wyse van volkstemming of afsonderlike provinsiale besluite uitspraak oor die besluite van die Rykskonferensie moes lewer. Verder is besluit "That, failing acceptance of one or other of these courses of procedure the members of Parliament representing Natal be requested to vote against the resolution adumbrated by the Prime Minister, and to claim the freedom of this Province to take such action and make such representations to the British Government and Parliament for its protection and security as a British State with the indisputable status of British citizenship as Natal may deem fit in the circumstances."[97]

Hoewel Smuts hierdie groep later gerepudieer het, het dit die Afrikaner-Nasionalis andermaal tot die werklikheid aangaande veral die Natalse pro-Britse S.A. Party-groep teruggebring. Met die opwelling van die nasionale gevoel wat gepaard gegaan het met die besluite van die 1926-Rykskonferensie, het die houding van die Empire Group en hul geesgenote die Nasionaaldenkende Afrikaner met afkeur en wrewel vervul. Die vertolking en implementering van die nuwe Suid-Afrikaanse status, tesame met die hervatting van die emosiebelaaide vlagstryd met sy rasse-inslag, het meteens weer 'n plofbare situasie op politieke vlak in Suid-Afrika geskep.

---

97. E.G. Jansen-versameling, Band 2. Besluite van Empire Group van Suid-Afrika, 21.3.27.

Op 8 Maart het Hertzog inter alia in die Volksraad verklaar dat die Unie die reg het om neutraal te bly in oorlogstyd, maar dat dit in 'n groot mate 'n akademiese saak is. Smuts het skerp hierop reageer en Hertzog daarop gewys dat dit 'n saak is waaroor gladnie geargumenteer moes word nie aangesien dit nie in die Balfour-verslag vermeld is nie. Hierbenewens voel die Opposisieleier dat die Huis hom nie op hierdie terrein moes waag nie, want watter abstrakte reg tot neutraliteit Suid-Afrika ookal mag hê, sal konkrete feite en openbare mening in die laaste instansie die deurslag gee.[98]

Op 16 Maart het die belangrike status-debat sy hoogtepunt bereik en het die gemoedere tussen die partye hoog geloop. Die hooffigure in hierdie drama was genls. Hertzog en Smuts. Veral die Premier het hom aan persoonlike aanvalle skuldig gemaak en sy belangrikste skyf was die Opposisieleier. Genl. Hertzog beweer onder meer aangaande Smuts, "that his denial of the importance of what was done by the Imperial Conference is a mere subterfuge, to save him from the dilemma in which he has been placed by the policy of his party in the past, and by the speech which he made to his constituents three months ago". Hertzog het ook verwys na Smuts se memorandum van 1921 wat hy in sy kantoor gevind het en wat nooit deur sy voorganger voor die Rykskonferensie van daardie jaar gelê is nie. Om die een of ander rede was hy te bang om dit te doen. Die Regeringsleier het dit duidelik gestel dat die verklaring wat hy van die Rykskonferensie verlang het in geen opsig van dié van Smuts in 1921 verskil het nie. Waar Smuts ses maande vantevore beweer het dat Hertzog se voorgenome verkla-

98. Smuts Papers, V. Voetnootaantekening, p.367. Vgl. Volksraadsdebatte, Vol. 10. Kol. 1839-60, 2154-8.

ring wat hy van die Rykskonferensie wil eis tot die skeuring van die Britse Ryk sou lei, het die Opposisieleier sedert Hertzog se terugkoms van die konferensie aangevoer dat die Suid-Afrikaanse premier nou tot die Smuts-standpunt oorgehaal is! Hertzog het sy beginselvastheid op daardie tydstip bewys deur te verklaar dat hy nog steeds die standpunt van sy De Wildt-toespraak huldig, naamlik dat die Britse Ryk vir hulle alleen nuttig is in die mate wat dit vir die volk en land van Suid-Afrika nuttig is.[99]

Die Premier het Smuts gekritiseer oor laasgenoemde se bewering dat hy die Ryk beskou as 'n lemoen wat hy kon uitsuig om dit daarna weg te gooi. Hertzog ontken dat hy so 'n uitlating gemaak het ten sterkste en beskou dit as 'n daad van ondenkbare gemeenheid.[100]

Die Opposisieleier het op sy beurt genl. Hertzog se toespraak as betreurenswaardig bestempel en was dit hom as premier onwaardig. Hy het egter aan Hertzog volle krediet vir die Balfour-verklaring gegee, maar klem gelê op die feit dat dit nie slegs Hertzog se werk was nie. Op geen tydstip was Smuts voorstander daarvan dat Brittanje binne die Ryk as superstaat sou fungeer nie en hy was altyd ondersteuner van dominiale onafhanklikheid binne die Ryk. Dit moet goed verstaan word dat die Balfour-verklaring geen rewolusionêre verandering binne die Ryk teweeg gebring het nie. "Let people understand this is the evolution which has been going on for a number of years, and to which expression, perhaps final expression, perhaps not, but to which formal expression has at last been given."[101]

---

99. D.W. Krüger, South African Parties and Policies, pp.147-50.
100. Smuts Papers, V. Voetnootaantekening, p.349.
101. Ibid.

Die waarde van die Balfour-verklaring is vir Smuts geleë in die feit dat dit 'n duidelike erkenning van fundamentele feite en bestaande praktyke is, en as sodanig alle onsekerheid en agterdog uit die weg ruim. Hy kritiseer genl. Hertzog oor sy uitlating "that the Empire signified to us nothing more than a mere name indicating our common adhesion, together with other peoples, to the Crown." Smuts haal die Kanadese premier, McKenzie King, aan wat Hertzog as 'n staatsman bestempel wat daarop uit is om Imperiale eenheid te bevorder. Genl. Smuts spreek die hoop uit dat dit wel die geval sal wees. Waar die S.A. Party en die Nasionaliste vir jare deur die grondwetlike vraagstuk verdeel was, is dit tans die ideaal van alle partye om as 'n geheel saam te werk om te verseker dat hulle nie langer op rasse-grondslag verdeeld sal staan nie. "There is no doubt that there remains this stumblingblock on our future path - the profound differences in our attitude to the Empire questions generally." Hy is oortuig dat hierdie verskille nou uit die weg geruim is.[102] Hy skryf egter aan sy vrou dat Hertzog "soos gewoonlik heelmaal sy kop verloor en geskree en te kere gegaan het voor een rasende".[103]

Dit was nou reeds duidelik dat die verbeterde partyverhouding van die einde van 1926 as uitvloeisel van Hertzog se houding teenoor die Britse Ryk vinnig aan die versleg was. Die verhouding tussen twee partye word grootliks bepaal deur hul onderskeie leiers en die gesindheid wat daardie leiers teenoor die ander party openbaar, werk dikwels soos 'n suurdeeg deur sy volgelinge. Waar Hertzog sowel as Smuts ná die Rykskonferensie die sleutel tot partyharmonie en selfs 'n nuwe partyverdeling op nie-rasse-

102. D.W. Krüger, South African Parties and Policies, pp.150-8.
103. Smuts Papers, V. Smuts aan sy vrou, 18.3.27.

grondslag in hul hande gehad het en die Suid-Afrikaanse volk tot 'n eenheid kon smee, het hulle verkies om dit nie te gebruik nie. Die volk was wel oor hulle sentiment nog verdeeld, maar 'n mens kry die indruk dat die volk op partypolitieke gebied nie so verdeeld was soos hulle politieke leiers nie. Die versoeningsgeleentheid is deur beide groot partye negeer, deels weens omstandighede wat hul daartoe gedwing het, maar aan die ander kant ook omdat hulle leiers hierop nie geestelik voorbereid of daarvoor gereed was nie.

Op 20 Maart skryf 'n sub-redakteur van 'n koerant, ene E.M. O'Dowd, aan Smuts na aanleiding van die status-debat dat Engelssprekende Suid-Afrikaners genl. Hertzog om sentimentele redes teenstaan, maar nie in staat is om daadwerklik teen sy beleid te reageer nie. "And as among young South Africans of the direct British tradition jingoism is dead and the old Imperialism is detested, they are less and less able to rely on an inherited prejudice." Dit skryf hy veral toe aan die feit dat Engelstalige koerante nie hulle regmatige deel doen om byvoorbeeld aan die lesers die feit tuis te bring dat Hertzog geen grond het om te beweer dat die konstitusionele basis van die Unie verander het nie. Hy bepleit 'n S.A. Party-tydskrif op die patroon van die Nasionale Party-orgaan, Nation.[104]

Gedurende Junie 1927 is as uitvloeisel van die Balfour-verklaring 'n Departement van Buitelandse Sake in die lewe geroep waarvan genl. Hertzog as premier ook die verantwoordelike minister sou wees. Dié Departement was belas met alle konsulêre en diplomatieke verteenwoordiging, maar die eerste drie buitelandse gesan-

104. Ibid. O'Dowd aan Smuts, 20.3.27.

te sou eers in 1929 aangewys word. Hoewel dit 'n logiese uitvloeisel van die 1926-Balfour-verklaring was, het die Britsgesinde S.A. Party-ondersteuners met onrus van hierdie nuwe verwikkeling kennis geneem. Hulle het dit as slegs 'n verdere Nasionalistiese stap na sesessie vertolk, terwyl die meerderheid Nasionaliste hulle hieroor verheug het weens die feit dat dit al meer simboliese vergestalting aan hul nuutverworwe status gegee het.

Sedert Augustus 1927 het kolonel L.M.S. Amery, Britse Dominiale Sekretaris, 'n besoek aan Suid-Afrika gebring wat veel daartoe sou bydra om die gemoedere van die Brits-georiënteerde Sappe aangaande die vertolking van die Balfour-verklaring en hul status, te kalmeer. In Natal het hy volgens die Nederlandse blad, Zuid-Afrika, nadruklik verklaar "dat de kracht van het Rijk bestaat in de zelfstandigheid en de kracht der samenstellende vrije volken en dat in Zuid-Afrika ieder het belang van Zuid-Afrika in de eerste plaats had te behartigen". Weens die feit dat Amery in sy amptelike hoedanigheid 'n Britse gesaghebbende hieroor was, moes die Britsgesinde S.A. Partylede dit teen wil en dank as sodanig aanvaar "en zijn woord, zoo duidelijk en onverwacht deed zijn werk".[105] Amery het onomwonde verklaar dat Engeland in geen opsig meer vryheid as Suid-Afrika besit nie,[106] 'n verklaring wat deur vele jingoïstiese S.A. Party-aanhangers met gemengde gevoelens aangehoor is. Calpin beweer tereg: "Such equality seems to bestow, and indeed did bestow, upon the Afrikaner Nationalists a new sense of power which might in the future jettison a connection upon which the Britishers, unable as it were to stand on their own

105. Zuid-Afrika, No. 11, November 1927.
106. Die Volksblad, 25.8.27. Amery te Bloemfontein.

feet, relied for that feeling of security so much a part of colonial and dominion society."[107]

Op 26 Augustus spreek genl. Smuts die S.A. Party-klub in Pretoria toe en spreek sy kommer uit dat Nasionale Party-leiers soos Roos dreig om, indien hulle nie hul sin met die vlag kon kry nie, weer tot sesessie terug te keer. Die Opposisieleier is bevrees dat Suid-Afrika 'n ongelukkige tydperk tegemoet gaan, en dat dit sy party se taak sal wees om onderlinge rassevertroue en eenheid in Suid-Afrika te bewerkstellig.[108] Ondanks Amery se heldere uiteensetting van Suid-Afrika se status was Smuts die mening toegedaan dat dr. D.F. Malan 'n fout begaan om te redeneer dat Suid-Afrika in 'n Britse oorlogstryd neutraal kon bly. Die Britse vloot is ook vir Suid-Afrika se beskerming daar, en daarom sou Suid-Afrika ook moes meewerk vir die beskerming van Brittanje, en die Unie kon slegs besluit hoe groot sy aandeel sou wees.[109]

Die Burger het bogenoemde toespraak as 'n voorbeeld van onvergelyklike kleinsieligheid en roekelose onverantwoordelikheid bestempel. Waar Smuts vroeër die onwilligheid van die Empire Group om hul nuwe status te aanvaar, repudieer het, het hy met voorbedagte rade die status-kwessie weer 'n partypolitieke twispunt gemaak en selfs Amery se heldere uiteensetting van Suid-Afrika se status gerepudieer. Tans verkondig genl. Smuts presies wat die Empire Group verkondig het, want hy ontken nie alleen Suid-Afrika se reg tot neutraliteit in die geval van 'n oorlog waarin Brittanje betrokke mag wees nie, maar ontken ook dat hulle die reg

107. G.H. Calpin, op. cit., p.141.
108. Die Volkstem, 26.8.27. Smuts voor S.A.P.-klub te Pretoria.
109. Rand Daily Mail, 10.9.27. Smuts te Durban; The Star, 10.9.27; Die Burger, 12.9.27. Hoofartikel.

het om hul eie verdrae te sluit en sê dat so-iets in stryd met die Balfour-verklaring is. Dit is kensketsend vir Smuts se agting vir die waarheid, want die Balfour-verklaring wy 'n hele hoofstuk aan die dominiale reg van die sluit van verdrae en die reg word trouens onomwonde erken. Smuts se repudiasie van dié verklaring het blykbaar 'n plank in sy partypolieke platform geword, en die S.A. Party se leier het in 'n lakei van Durban se Empire Group ontaard.[110] Selfs die Manchester Guardian kom tot die gevolgtrekking dat genl. Smuts te ver gegaan het deur te sê: "If Britain is in trouble every rifle on the veld must ring out to help her."[111] The South African Nation beweer dat sy hele toespraak 'n bitter smaak in die mond nalaat, "a taste of pettiness, of personal pique, and of reckless irresponsibility".[112]

In Oktober hou die Kaaplandse Nasionale Party sy kongres en die Kaaplandse leier, dr. D.F. Malan verklaar by dié geleentheid dat dit ironies is dat Afrikaanssprekende Suid-Afrika wat tevore nie in Britse vryheid geglo het nie, dit tans as 'n werklikheid aanvaar, terwyl daar Britte is wat geen geloof in Britse vryheid het nie. Net soos die Opposisieleier los en vas met die verkryging van 'n eie nasionale vlag gespeel het, speel hy ook los en vas met hul onafhanklikheid. Smuts se hedendaagse houding ten opsigte van oorlog en vredesluiting verskil radikaal met sy toespraak van 4 Desember 1920. Gemeenskaplike vaderlandsliefde maak 'n volk, maar die treurspel in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse volk was altyd dat hul 'n verdeelde siel daarop nagehou het. Die een deel van die volk was hartstogtelik geheg aan Suid-Afrika as

110. Die Burger, 12.9.26. Hoofartikel; The South African Nation, 17.9.27.
111. Manchester Guardian, soos aangehaal in Rand Daily Mail, 13.9.27.
112. The South African Nation, 17.9.26.

vaderland, en die ander deel het 'n verdeelde lojaliteit gehad.[113]

Minister Roos wys daarop dat die onafhanklikheid wat hul met die Rykskonferensie verkry het nie net die woorde van genl. Hertzog is nie, aangesien die grondslag deur S.A. Party-leiers gelê is. Hy beskou dit as gebiedend noodsaaklik dat hulle van die bitterheid in hul politieke lewe moes afsien, en stel dus voor dat die wysiging of weglating van artikel 4 van die N.P.-grondwet in heroorweging geneem moes word.[114] Op taktiese wyse was Roos besig om 'n gees van toenadering teenoor die opposisieparty te skep.

In Oktober 1927 is die Suid-Afrikaanse Nasionaliteits- en Vlagwet deur die Parlement aanvaar. Benewens die aanvaarding van 'n eie nasionale vlag as simbool van hul staatkundige soewereiniteit, het hierdie Wet ook vir Unie-burgerskap naas Britse onderdaanskap voorsiening gemaak. Die feit dat Kanada reeds in 1921 'n wet vir Kanadese nasionaliteit aanvaar het, het Britsgesinde S.A. Party-ondersteuners meer geneë gemaak om Suid-Afrikaanse nasionaliteit soos in dié Wet beliggaam, te aanvaar. Dié Wet het daarvoor voorsiening gemaak dat 'n Britse onderdaan wat hier gebore is of die land binnekom ná twee jaar 'n Unieburger kon word, terwyl 'n persoon wat in die Unie deur naturalisasie Britse onderdaan word ná drie jaar 'n Unieburger kon word. "Union nationality therefore does not supersede the status of the Union citizen as a British subject, which he has by virtue of his allegiance to the Crown, but is something superimposed upon it in respect of his Dominion citizenship. These clauses of the Bill were adopted in both Houses with some criticism but without serious division of opinion."[115]

113. Die Burger, 8.10.27. Malan voor Kaaplandse N.P.-Kongres.
114. Die Volksblad, 24.10.27. Roos te Malmesbury. Vgl. Sunday Times, 6.11.27. Roos te Johannesburg.
115. The Round Table, Vol. 68. Sept. 1927.

Die probleem was egter grootliks geleë in die deurvoer van die vlagwetsontwerp self.

'n Briefskrywer van Stellenbosch skryf aan The South African Nation en wys daarop dat hulle telkens daarop attent gemaak word deur persone soos Amery dat Suid-Afrika sy eie bestemming kon uitwerk, maar omdat hulle deel vorm van die groot geheel van die Ryk, eis hul vennootskap in daardie verband 'n sekere mate van verantwoordelikheid. Wat hierdie verantwoordelikheid behels moet geraai word, aangesien definitiewe opheldérende verklarings deur Amery vermy word. Hoever strek die perke van dominiale verpligtinge teenoor Brittanje? "If every constituent member of the Empire is free to declare war or conclude peace as her interests dictate, there would in this respect be nothing special in the household of this family of states."[116] Die uitvloeisel van hierdie onsekerheid aangaande die vertolking van die nuwe statusposisie van dominiums het tot misverstand en onenigheid ten opsigte van sake soos oorlogsneutraliteit en beheer oor buitelandse sake tussen veral die Nasionale Party en die S.A. Party gelei.

Waar die herenigingsgedagte na afloop van die 1926-Rykskonferensie sterk op die voorgrond getree het, was dit ná die vlagskikking weer eens die geval. Tielman Roos het aangevoer dat kardinale verdelingsfaktore soos die vlagstrewe en onafhanklikheidsideaal nou tot die verlede behoort en dat "formele samesprekings van gelykdenkende en vriendskaplik gesinde persone van albei partye moet plaasvind". Hulle moes die voordeel uit die vrienskaplike atmosfeer ten volle benut.[117]

Die tydelike politieke rustigheid is allerweë verwelkom. A.J.

116. The South African Nation, 1.10.27. Brief van "L.C.S."
117. Die Burger, 8.11.27. Roos te Pretoria.

Werth, administrateur van Suidwes-Afrika, bestempel dit as 'n "onnatuurlike liefde en vrede". Hoelank dit sal voortduur weet niemand nie, maar "die jong Turke word ongeduldig en die onweerswolke begin te pak".[118] Op 22 Desember het advokaat Pirow, Nasionale L.V. vir Soutpansberg, te Johannesburg verklaar dat die inskakeling van die S.A. Party by die Nasionale Party die party sou verswak. Die sterkste Nasionale Party-ondersteuners sou hul aan die N.P. onttrek en die party sou dus sy karakter en gees verloor. Die opname van Unioniste in so 'n bondgenootskap sal die republikeinse ideaal wat Nasionaliste altyd met hulle sal saamdra, 'n finale nekslag toedien. Pirow bestempel 'n republiek binne die Ryk nie alleen as misleidend nie, maar ook as onmoontlik. Die verklaring van die onlangse Rykskonferensie gee aan Suid-Afrika die reg tot sesessie; dit word uitdruklik neergelê dat hulle 'n vrye samevoeging van state is, vrylik saamgevoeg en vry tot sesessie.[119]

Die "Jong Turke" het inderdaad hul stemme begin dik maak en die politieke kalmte en rus versteur. Vir die S.A. Party was dit duidelik dat die Nasionale Party verdeeld was ten opsigte van die verwesenliking van groter staatkundige onafhanklikheid en dat die hoofleiers in Nasionale Party-geledere in 'n mate uit voeling met hulle volgelinge geraak het - 'n toestand wat hereniging bemoeilik het en wat die opposisie tot hul eie voordeel kon uitbuit. Vir die Premier moes uitlatings soos dié van Pirow nie alleen 'n bitter pil gewees het om te sluk nie, maar sou dit ook party-eenheid binne die Nasionale Party en Hertzog se gesagsposisie benadeel.

---

118. Smit-versameling, Band 17. Werth aan J.S. Smit, 17.11.27.
119. Cape Times, 23.12.27. Pirow te Johannesburg.

Genl. Hertzog het op 12 Januarie 1928 verklaar dat 'n republiek nie praktiese politiek van sy party is nie, en alhoewel dit sy oortuiging was dat die meerderheid van die bevolking dit nie wou hê nie, kon dit 'n werklikheid word indien albei rasgroepe dit sou verlang.[120]

Die meeste pro-Britse S.A. Party-ondersteuners het dit steeds as vanselfsprekend aanvaar dat indien Groot-Brittanje in 'n oorlog betrek word, Suid-Afrika ook daartoe sou toetree. Die Afrikaner-Nasionalis het nie teen oorlogsdeelname beswaar gehad nie, so lank as wat Suid-Afrika se deelname persoonlik en nie territoriaal was nie, met ander woorde solank slegs Britse vrywilligers en nie die volk as geheel daarby betrek word nie. Die Nasionaliste was bevrees dat Suid-Afrika weens sy bande met Groot-Brittanje en die res van die Ryk by wêreldsake betrek sou word.

Weens die vlagstryd wat die politieke toneel in 1927 so oorheers het, is die Volksraadsdebat oor die Balfour-verslag tot Maart 1928 oorgehou. Die Premier het die aanname van die verslag voorgestel en The Round Table beweer: "It was good to have his frank admission, following on his approving quotation of Mr. Amery's opinion that 'full equality of status ... does not mean equality of stature', that for a long time to come the main burden of foreign policy must lie, where it has always lain, upon Great Britain." Wat egter by sy opponente aan Hertzog se toespraak afbreuk gedoen het, was sy nadruklike verklaring dat 'n dominium of Brittanje self in 'n oorlog waarin 'n lid van die Ryk betrokke sou raak, nie alleen passief kon bly nie "but that it had a right to claim neutrality in the sense of being in a legal state of non-belligerency and to have that condition recognised

120. Die Volkstem, 13.1.28. Hertzog te Lydenburg.

by all the world."

Tydens hierdie debat het die ware verskil tussen die Engelssprekende S.A. Party-aanhanger en die Afrikaner-Nasionalis sterk na vore gekom. Die Engelssprekende se filosofie was: "Let be. Meddle not with jurisdictions. It if works, let it work and see what will come of it. Given the right spirit, all will be well on the night." Hierteenoor staan die Afrikaner teen die agtergrond van sy voorvaders - die Hollanders, 'n nasie bekend vir sy wetlike gefundeerdheid en polemiese teologie; die Franse Calviniste, van alle volke die mees logiese; en die Wes-Duitsers, 'n hoogs skematiese volk. Saam met sy eie gedwonge ondervinding in die Republieke waar hy sy wetlike vryhede in die konvensies bepaal het of in die Kaapkolonie waar hy na oplossings vir die indeskresies van die Afrikanerbond gesoek het, het die Afrikaner-Nasionalis se wetlike benadering teenoor politieke probleme geleidelik gegroei om later tot volle wasdom te kom. "He wants the substance, no man more so; but he also has an appetite for parchments which the average Englishman finds it hard to share."[121]

Genl. Smuts het 'n duidelike Britse- of Rykstandpunt ingeneem en Hertzog grootliks ondersteun, dog ten opsigte van neutraliteit gewaarsku dat die ou stelsel van staats-isolasie en die teorie dat die sterkste regeer, iets van die verlede is. Die internasionale stelsel wat tans in die Volkerebond en die Britse Ryk na vore tree, behels geen verpligtings nie, maar vrye bespreking, samespreking en oorlegpleging. Waar een groep bekommerd en in 'n mate verveeld was by die bespreking van akademiese neutraliteit, was die ander seksie ontstel oor Smuts se verwysing na 'n toekomstige gemeenskaplike Imperiale beleid en dat die tyd van onaf-

121. The Round Table, Vol. 71, Junie 1928.

hanklike state soos aan hulle bekend, besig was om verby te gaan. Smuts het ook op die gevaar van verskillende dominiale buitelandse beleide gewys en op welke wyse die Ryk dan sou versplinter. Koördinering van buitelandse beleid kon by Rykskonferensies neergelê word.[122]

Dit blyk dat die Opposisieleier bekommerd was oor die neutraliteitskwessie wat so skielik op die voorgrond getree het, en hy skryf aan N. Levi, redakteur van Die Volkstem, dat hy vrees dat die Nattes neutraliteit 'n twispunt gaan maak om so die pot vir hulle aan die kook te hou. Hertzog beweeg op 'n baie gevaarlike terrein, aangesien dié saak deur die Imperiale konferensie en nie deur die afsonderlike dominiums behandel moes word nie.[123] The Friend spreek die hoop uit dat dit nie 'n twispunt vir die partye sal word nie en dat die saak nou agterweë gelaat sal word. Hy vertrou dat die Nasionale Party-ekstremiste die saak nie sal aangryp om hul volgelinge daarmee op te sweep nie.[124]

Smuts se standpunt ten opsigte van neutraliteit is deur Amery onderskryf en hy voeg daaraan toe: "He (the dominium) may allow the policeman to chase the pickpocket without joining in the chase, or he may through his government decide to take no active measures against the King's foreign enemies. But he is not entitled to assert a neutrality which would interfere with the policeman in the discharge of his duties, or prevent other fellow citizens joining in the chase."[125]

Genl. Hertzog het geglo dat 'n erkenning van die dominiums se neutraliteitsreg as waarborg sal dien dat die dominiums nie tot

122. Ibid. Vgl. The Friend, 10.3.28. Hoofartikel.
123. Smuts-Papers, V. Smuts aan Levi, 15.3.28.
124. The Friend, 16.3.28. Hoofartikel.
125. Smuts-versameling, Band 207. Amery aan Smuts, 1.5.28.

enige dwase stryd sal toetree nie. Daar moet duidelik tussen die reg tot neutraliteit en die wenslikheid van deelname of nie-deelname onderskei word. Deelname moet aan die hand van die omstandighede van die saak bepaal word. "The right to neutrality is uninalienable and will not depend upon any special set of circumstances."[126]

J.S. Smit skryf op 21 Julie in Londen: "Ons Nattes skreeuw die hardste vir ons onafhanklike status en ons is die swakste en mees onwillige om van ons regte onder die status gebruik te maak en uit te voer. Ek as H.K. is kamastag ambassaderiale status gegee, maar word nooit gebruik, onderrig of geraadpleeg."[127]

Reeds teen Augustus was dit bekend dat die Nasionale Party van voorneme was om artikel 4 van hul grondwet te wysig, iets wat die republikeinse aanhangers binne die Party onmiddellik aktiveer het. Tydens die Transvaalse Nasionale Party-kongres het ds. B.R. Hattingh, Nasionale L.V. vir Krugersdorp, aangevoer dat Suid-Afrika nog nie die absolute onafhanklike status ontvang het waarna die Nasionaliste strewe nie. Die ware doelstelling van die ou artikel 4 was beslis 'n republiek. Daar is tans nog 'n ketting wat hul aan die Britse Ryk verbind en hy sien uit na die dag dat hierdie ketting verbreek word en hulle absoluut vry van die Britse Ryk sal wees. Op 'n vraag aan ds. Hattingh, die voorsitter, wat sou gebeur indien hulle 'n wet aanneem om 'n republiek uit te roep en die Britse koning dit sou veto, het hy geantwoord dat hy ook hul koning is. Suid-Afrika het hom tydens die Rykskonferensie as sodanig aanvaar, maar nou kan hulle met hom maak wat hulle wil. Die kongres het hul ten gunste van die aanname van die nuwe

126. Hertzog-versameling, Band 61. Hertzog se privaatsekretaris aan mnr. Dryburgh, 17.4.28.
127. Smit-versameling, Band 2. Dagboekinskrywing, 21.7.28.

artikel 4 uitgespreek.[128]

Die nuwe artikel 4 het volgens The Star soos volg gelui: "In agreeing with the resolution of the Imperial Conference, the National party expresses itself as definitely opposed to any attempts, actions or policy which might tend to restrict our freedom and existing rights. The party undertakes to fight against any such attempt with all the legitimate means in its power."[129]

Hoewel die uitlatings van ds. Hattingh en sy geesgenote die ekstremistiese S.A. Party-groep moes ontstel, verwys Smuts na hierdie Nasionale Party-kongres as 'n kongres "full of personal touches rather than national policy". Hy kom tot die gevolgtrekking dat daar geen groot vraagstukke was wat nog op 'n oplossing gewag het nie. Genl. Smuts het ook verwys na Hertzog se uitlating dat hulle nie ondergeskik was aan die Britse koning nie, maar wel aan die Britse kroon. Smuts sou graag wou weet wat die verskil tussen die koning en die kroon is.[130]

Dr. N.J. van der Merwe, die oortuigde republikein en N.P.-Volksraadslid vir Winburg, het op 12 September 'n beroep op die Nasionale Party gedoen om uit die maalstroom van die Europese politieke twiste te bly, maar solank hulle die kroon van Engeland as Britse onderdane huldig, sou dit nie moontlik wees nie. "Suid-Afrika is soos 'n vroeë perske, aan die een kant saf en aan die ander kliphard." Hy bepleit 'n republiek maar beskou die tyd nie as ryp om te probeer om van Engeland los te breek nie. Ten opsigte van die wysiging van artikel 4 verklaar van der Merwe dat solank as dit duidelik verstaan word dat die verandering van daar-

128. The Star, 9.8.28. Hattingh te Pretoria.
129. Ibid.
130. Ibid., 14.8.28. Smuts te Bethlehem.

die artikel hom nie bind om koöperatiewe imperialisme te handhaaf en aan die Britse kroon verknog te bly nie, hy gewillig is om daarvoor te stem.[131]

Die Premier het dit nodig gevind om die republikeine binne sy eie party tereg te wys en ds. L.P. Vorster skryf aan dr. van der Merwe of hy reken dat daar nou twee seksies binne die Nasionale Party gaan kom. Vorster voel dat hulle as enersdenkes (uitgesproke republikeine) meer voeling met mekaar moet hou en desnoods gesamentlik tot aksie moet oorgaan. Die saadjie vir die stigting van die Republikeinse Bond van 1930 was reeds gelê.[132] Op 'n vraag aan minister Tielman Roos of hy reken dat diegene wat op 'n republiek aandring verkeerd is, het hy geantwoord dat hulle in 'n mate verkeerd is, maar dat hy hul strewe ten volle begryp. Hierdie mense dien ook 'n nuttige doel in die sin "that they supply the driving force to the Government in giving practical effect to our own theoretical rights."[133]

Manne soos ds. L.P. Vorster en dr. N.J. van der Merwe het vir genl. Hertzog of sy Ministers nie 'n duim gewyk in hul strewe na 'n republiek nie. Vorster het nie gehuiwer om te beweer dat wat genl. Hertzog se opinie ookal ten opsigte van 'n republiek mag wees, dit steeds die begeerte van die Nasionale Party bly. Generaal Hertzog het nooit in sy persoonlike hoedanigheid 'n republiek bepleit nie,[134] maar hy het ook nooit hierdie erkende doelstelling van die Nasionale Party repudieer nie, en in 1920 as

131. Die Volksblad, 13.9.28. Van der Merwe te Brandfort.
132. N.J. van der Merwe-versameling, Band 2. Vorster aan Van der Merwe, 25.9.28.
133. Rand Daily Mail, 3.10.28. Roos te Standerton.
134. Adv. C.R. Swart het hierdie feit ook beklemtoon. Vgl. C.R. Swart. Mondelinge onderhoud, 1974.

voorsitter van die Federale Raad 'n verklaring gemik op die skepping van 'n republiek mede-onderteken. Vorster beweer verder: "One of the great weaknesses of our party is that so many of its members advocate principles and ideals which are not in our constitution and so give rise to well-founded ridicule on the part of our opponents."[135]

Die opposisie kon rustig hierdie onderlinge verskil in Nasionale Party-geledere in oënskou neem, en dit blyk dat die republikeine se bedrywighede hul nie juis ontstel het nie, want hulle het maar te goed besef dat die Suid-Afrikaners oor die jare geneig was om die leier in die eerste plek na te volg en nie altyd die saak nie. Die Premier het 'n standpunt ingeneem wat onder die omstandighede nie alleen as korrek beskou kon word nie, maar wat inderdaad ook sy opponente bevredig het; daarom was daar vir hulle in die nabye toekoms niks te vrees nie. Op 5 Oktober het N.J. van der Merwe die S.A. Party verder gerus gestel toe hy verklaar het: "Ek is tevrede om die suurdeeg van die republikeinisme maar vir eers rustig te laat deurwerk."[136]

Roos het ook onomwonde verklaar dat sy party tevrede is met die huidige status en dat algehele onafhanklikheid nie hul ideaal vir die oomblik is nie.[137] Genl. Hertzog het Roos gesteun en daaraan toegevoeg dat die Rykskonferensie ook daarmee akkoord gegaan het dat die dominiums hul eie binnelandse sowel as buitelandse sake kon beheer, en dat hulle nou net so vry is as voor die Anglo-Boere-oorlog.[138] Op Robertson het dr. D.F. Malan op 7 Oktober verklaar dat sesessie alleen denkbaar is wanneer dit groter veiligheid en

135. Rand Daily Mail, 4.10.28.
136. Die Volksblad, 6.10.28. Onderhoud met Van der Merwe.
137. The Friend, 12.10.28. Roos te Johannesburg.
138. Die Volksblad, 15.10.28, Hertzog te Fouriesburg, The Cape Times, 16.10.28.

vryheid gee, maar dat afskeiding tans alleen minder vryheid en veiligheid gee; daarom is hul oortuig dat daar 'n einde aan die sogenaamde afskeidingsbeweging gekom het.[139]

Op die Vrystaatse Nasionale Party-kongres op 17 en 18 Oktober te Winburg is Artikel 4 van die Program van Beginsels geskrap en deur die volgende vervang: "Die Nasionale Party aanvaar die verklaring deur die Imperiale Konferensie by sy sitting van 1926 afgelê en stel sig tot doel: Die handhawing van ons soewereine onafhanklikheid daardeur erken, en die uitoefening van staatsfunksies op eie gesag. In ooreenstemming hiermee verklaar die Nasionale Party sig beslis teen enige rigting, optree of politiek wat die strekking het om ons vryhede op enigerlei wyse in te kort of daarop inbreuk te maak en onderneem om sodanige rigting, optree of politiek met alle geoorloofde middele te bestry."[140] Hierdie verandering in die Konstitusie van die Nasionale Party het 'n mate van versoening met die S.A. Party verseker en sou die partyverhouding voordelig beïnvloed. Binne Nasionale Partygeledere was daar egter 'n groepie ontevredenes wat gevoel het dat "solang Domienium-status bestaan sal die Engelse Afrikaner hom as reël in die eerste plek 'British subject' en in die tweede plek eers 'Suidafrikaanse burger' gevoel. Die Britse burgerskap gee hom 'n voorsprong, en het op die Hollandse Afrikaner net die teenoorgestelde uitwerking."[141] Hulle was ontevrede dat daar nie spesifiek vir 'n republiek as einddoel binne hierdie artikel voorsiening gemaak is nie. Met sy strewe na 'n versoening het Hertzog klaarblyklik gereken dat hy van die Engelsgesinde S.A.

139. Pamflet. Is dr. Malan 'n eerlike republikein? Uitgegee deur die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party, 1935.
140. Pamflet. Nasionale Party Kongres 1928. Wysigings in die Konstitusie. Uitgegee deur die N.P. van die O.V.S.
141. Pamflet. H.J. Steyn, op. cit., p.60.

Party-aanhangers na hulle kant kon oorhaal.

Die Opposisieleier het geen versoenende houding openbaar nie en Hertzog skerp aangeval oor sy manteldraaiery. Hertzog het twee verkiesings oor die sesessievraagstuk gevoer en vroeër beweer dat Suid-Afrika nie vry kon wees solank as wat dié land onder die Britse Ryk gestaan het nie; vandag is hy tevrede met dieselfde tipe vryheid wat hy verwerp het.[142] Desnieteenstaande kom genl. Smuts in Januarie 1929 tot die gevolgtrekking dat daar 'n "goeie gevoel" tussen die partye bestaan, en dit is vir hom verblydend dat hul tans saamstem oor die Ryksverband. Hy verwys ook na die sielsdrang by die volk tot samewerking, maar spreek sy afkeur uit oor Hertzog se gesindheid, naamlik dat hy liewers met kommuniste as Sappe sou saamwerk. Smuts waarsku dat 'n mens nie só met die volk se gevoelens moes speel nie.[143]

Teen die agtergrond van die Afrikaner-Nasionalis se onafhanklikheidstrewe gesien, is dit verstaanbaar dat hulle hul soewereine onafhanklikheid in die praktyk sou wou toepas. Dit het reeds in 1927 in 'n mate gebeur met die aanvaarding van die Nasionaliteits- en Vlagwetsontwerp, asook met die skepping van 'n selfstandige Suid-Afrikaanse Departement van Buitelandse Sake. In die loop van 1928 het Suid-Afrika ook sy ekonomiese onafhanklikheid gedemonstreer deur selfstandig 'n handelsverdrag met Duitsland te sluit - iets wat in Nasionale geledere algemene byval gevind het, maar wat deur die opposisie as 'n verdere stappie in die rigting van sesessie van die Britse Ryk aangegryp is. Gedurende die verkiesingstryd van 1929 is hierdie verdrag telkens opgerakel en hewig debatteer. Smuts en sy volgelinge het

142. Rand Daily Mail, 19.10.28. Smuts te Pretoria.
143. The Cape Times, 16.1.29. Smuts te Bethal; Die Volkstem, 15.1.29.

die verdrag gesien as aanduiding dat die regering besig is om almeer anti-Brits te word, terwyl dit vir baie Nasionaliste as prikkel tot groter selfstandigheid sou dien.[144]

Met sy eerste verkiesingstoespraak op 30 April 1929 het genl. Smuts gesê dat die gees van grootpratery ten opsigte van die Nasionliste se sesessiebeleid hul beslis tot oneer strek. Sesessie van die Ryk word verwerp en die status, soos omskryf tydens die Rykskonferensie, word deur hom as voldoende aanvaar. Die Duitse handelsverdrag is deur Smuts verwerp omdat dit in teenstelling met die S.A. Party-beleid van Britse voorkeur was en 'n onnodige las op hul buitelandse markte geplaas het.[145]

Intussen is daar in Natal klaarblyklike "nie-politieke" vergaderings deur die S.A. Party belê waar rassegevoelens sterk opgesweep is. Veral die regering se gedragslyn insake die Duitse handelsverdrag en die Senaat[146] het onder skoot gekom. Briefskrywers het in Natalse koerante hul afkeur uitgespreek oor die bedekte wyse waarop die S.A. Party vergadering gehou het, "to regate non-party people with savoury morsels of S.A.P. propaganda cunningly administered".[147] Die Duitse handelsverdrag was vir die meerderheid Natallers, steeds hunkerende na Britse gesag, die aansporing om opnuut Natal se afskeiding van die Unie te bepleit. Dit was veral die Natal Mercury wat hom hieraan skuldig gemaak het, sodat sy susterskoerant, die Natal Advertiser, dit op 14 Maart reeds nodig geag het om hom te kapittel oor sy positiewe

144. Vgl. Hoofstuk 6.
145. Smuts Papers, V. Smuts se verkiesingstoespraak te Pretoria, 30.4.29.
146. Die regering het die Duitse handelsverdrag goedgekeur sonder om dit deur die Senaat, waar die opposisie nog 'n meerderheid gehad het, te laat bekragtig.
147. Die Burger, 26.3.29. Aanhaling.

houding ten opsigte van afskeiding. Hy bestempel die Natal Mercury se praatjies oor sesessie van die Unie as kinderagtig, selfsugtig en lafhartig. Nie alleen getuig dit van 'n gevoel van heldhaftigheid in histerie nie, maar die histerie is daarop bereken om wat Natal tans die meeste nodig het, uit te wis, naamlik die vriendskap en samewerking van die tienduisende Afrikaans- en Engelssprekendes elders in die Unie wat net so getrou soos hulle in Natal is, maar wat hul nie individueel of groepsgewys aanmatig as die enigste mense in die Ryk wat vir sulke dinge omgee nie.[148]

Die Natalse Devolusiebeweging wat geleidelik besig was om momentum te kry, het as teenreaksie 'n republikeinse oplewing ten gevolg gehad wat republikeinse Nasionaliste reeds aan 'n Republikeinse Bond as koördinerende liggaam binne die Nasionale Party laat dink het. Op so 'n wyse sou hulle hul gemeenskaplike ideaal met groter vrug kon bepleit. Die teenreaksie by die Nasionaliste het die ekstremistiese S.A. Party-ondersteuners en in besonder die Natalse Devolustioniste opnuut gestimuleer om hul pro-Britse en sesessionistiese ideale van Britse aanhanklikheid te verdedig en aan te blaas.

Benewens hul ekonomiese onafhanklikheid het die status van Uniale Hoë Kommissarisse in 1929 vir die Nasionaliste 'n wesenlike probleem geword. Met die neerlegging van die Hoë Kommissarisskap in Brittanje het mnr. Eric Louw sy ontevredenheid met die status van 'n Hoë Kommissaris in Londen betuig: "The High Commissioner was not on the level of even the smallest of European states." Louw het daaraan toegevoeg: "It is no good evading the issue by

148. Ibid., 29.3.29. Aangehaal uit Natal Advertiser.

dealing with questions of form or title. It is a matter simply of recognising that in effect the High Commissioner here, as representative of one of the Dominions, is entitled to exactly the same position and the same consideration as the representative of any other State."[149] P.F. van der Schyff stel dit duidelik dat Louw kaalvuis ingeklim en prontuit verklaar het dat die status van die Hoë Kommissaris nie bevredigend was nie, 'n geval van "neither fish nor foul nor good red herring".[150] Daarom is daar in die Unie daartoe oorgegaan om gevolmagtigde ministers en buitengewone gesante te benoem. Die eerste sodanige gevolmagtigde gesante is in Washington, Den Haag en Rome geplaas, onder wie advokaat Eric Louw as die eerste gesant in Washington aangewys is.

South Africa kontrasteer Eric Louw en Charles te Water, nuwe Uniale Hoë Kommissaris in Londen en beweer dat dit verblydend is om Te Water, vry van rassevooroordeel en diep bewus van die omvang, voorregte en waardigheid van sy belangrike amp, in Londen aan te tref. "It is reassuring to have Mr. te Water show a proper concern for 'the tradition of good sportmanship and straight dealing' which, at more points than one in the Union, has been a trifle obscured of late by a distinctly unsportsmanlike disregard of the Constitution's content, even of honourable obligations. The biassed treatment of the Services, the attitude towards the Empire, the ruthless handling of the Native, and the lack of consideration for the British community have constituted a policy which leaves something to be desired; and criticism has been justi-

149. Irish Independent, 16.10.29. Onderhoud met Louw; South Africa, 18.10.29. A Better tone.

150. E.H. Louw-versameling, Band 2: Chief Points in Speech ..., October 10th 1929, p.7, soos aangehaal in P.F. van der Schyff, Eric H. Louw in die Suid-Afrikaanse Politiek tot 1948, D.Litt., P.U. vir C.H.O., 1974, p.268.

fied. The traditions have suffered, and in the great world, as here in London, South Africa has lost prestige. The German Trade Treaty was scarcely a gesture in the best spirit of sportmanship." Wat die bewering aangaande die somtydse onderhorigheid van Uniale ministers of gesante aan Britse ambassadeurs of ministers betref, het Eric Louw skerp gereageer, en dit as pure onsin afgemaak en aangevoer dat Uniale ministers in die toekoms algeheel onafhanklik sou wees.[151]

Die Burger wys op die S.A. Party se doelgerigte pogings om misverstand aangaande die posisie van hierdie gesante te ontketen. Die Sappe het voortdurend daarop gewys dat gesante by vreemde lande geakkrediteer is deur die Britse koning. Hiermee gaan Die Burger akkoord, maar wys daarop dat die feit in gedagte gehou moet word dat die koning hierdie funksie in sy hoedanigheid as koning van Suid-Afrika behartig het, en daarom mag die indruk nie geskep word dat die gesant wat die koning vir die Unie benoem het ondergeskik is aan die gesant wat die koning op advies van sy Britse ministers vir Brittanje benoem het nie. Langs hierdie weg sou 'n Suid-Afrikaanse gesant geen afsonderlike status by 'n vreemde land geniet nie, iets wat regstreeks in stryd met die 1926-verklaring sou wees. Samewerking met die Britse Ryk is noodsaaklik, maar Suid-Afrika mag nie toelaat dat vrywillige samewerking misbruik word om die land se soewereine onafhanklikheid te vernietig nie.[152]

Verskeie Britse- en opposisiekoerante was verheug oor Hertzog se "afranseling van die ekstremistiese republikeine" binne sy party en het gunstig hierop reageer.[153] Genl. Hertzog het dit egter

151. South Africa, 18.10.29. A Better Tone; E.H. Louw-versameling, Lêer 27. Statement to Argus representative, Oktober 1929.
152. Die Burger, 23.9.29. Hoofartikel.
153. Vgl. South Africa, 18.10.29.

in November duidelik gestel dat hy nie in Bloemfontein 'n aanval op republikanisme gemaak het soos wat die opposisie wou voorgee nie. Hy het bloot die kongres se aandag op twee belangrike besluite van die kongres gevestig. Die Bloemfontein-kongres van die Nasionale Party het hom ten gunste van 'n republikeinse regeringsvorm en afskeiding van die Britse Ryk uitgespreek, waarop Hertzog die kongres gemaan het dat die tyd daarvoor nog nie ryp was nie. Tegelykertyd het hy daarop gewys dat die aanstelling van 'n Afrikaner as Goewerneur-generaal tans probleme sou skep, aangesien die Brits-georiënteerdes dit as eerste stap tot afskeiding van die Britse Ryk en republiekwording sou vertolk.[154]

Dit blyk steeds dat die deursnee S.A. Party-ondersteuner Suid-Afrika se status en die implimentering daarvan uit 'n Britse- en Ryksoogpunt benader het. Hy was soms selfs bereid om die statusposisie van die Unie so te plooi dat dit by sy Brits-georiënteerde sentimente en voorkeure sou aanpas. Hiermee het hy nie bedoel om oneerlik te wees nie, maar hy was in sy hart en siel oortuig dat so 'n Brits-oorkoepelende riglyn slegs in die beste belang van Suid-Afrika sou wees. Hierbenewens het so 'n Britse onderhorigheid of noodwendige skakeling strelend op die S.A. Party-ondersteuners se Britse sentimente ingewerk. Dit alles was vir die Afrikaner-Nasionalis vreemd en onverstaanbaar. Vir hom was sy vryheidsideaal deel van sy volksaard en ontwikkeling; hy kon hom nie indink in die posisie van die Britsgesinde S.A. Party nie, en hy het die S.A. Party-ondersteuner se optrede as on-Suid-Afrikaans, onpatrioties, onwaardig aan hul voorouers en onaanvaarbaar verwerp. Daarom kon die Nasionalis hom nie met

154. Die Volksblad, 7.11.29. Hertzog te Vereeniging.

die Britse imperialisme vereenselwig nie en sou hy met Suid-Afrikaanse nasionalisme as grondslag sy toekomspad uitstippel.

Wat die republikeinse ideaal as sodanig betref, wil dit voorkom asof genl. Hertzog met sy uitlatings ná afloop van die 1926-Rykskonferensie heelparty van sy politieke volgelinge beweeg het om die idee van 'n republiek te laat vaar. 'n Groot groep Nasionaliste was, in die lig van die geweldige aanhang wat Hertzog onder sy mense geniet het en aan die hand van sy verklaarde beleid aangaande Suid-Afrika se nuwe status, bereid om die republikeinse ideaal te laat vaar as dit nie vir die sentimentbelaaide vlagstryd was wat op 'n oplossing gewag het nie. Met die versoeningsgees wat aan die einde van 1926 geheers het, kon die twee groot partye in die afwesigheid van 'n vlagkwessie die strydbyl oor 'n republiek begrawe het. Dit moet egter toegegee word dat benewens die vlagstryd as verdelingsfaktor die aard van die Pakt en die S.A. Party ook 'n vergelyk bemoeilik het. Die Pakt as ooreenkoms het uit twee partye, die Nasionale- en die Arbeidersparty, bestaan, terwyl die S.A. Party Unioniste in hul party self gehad het. Die Nasionale Party het 'n groepie ondersteuners gehad wat nie maklik oorreed sou word om van hul Arbeidersbondgenootskap afstand te doen nie en dié twee uiterste pole, Arbeiders en Unioniste, sou beslis nie bereid wees om mekaar die hand te reik nie. Selfs al sou bloot die twee hoofpartye 'n versoening kon bewerkstellig, was die kloof tussen die Nasionale Party en die oud-Unionisteparty klaarblyklik onoorbrugbaar. Dit blyk ook dat die S.A. Party slegs tot 'n versoening met die Nasionale Party bereid was indien die Nasionaliste hul ooreenkoms met die Arbeidersparty sou verbreek.

Wanneer die onafhanklikheidstryd vanaf 1924 tot 1929 in sy geheel in oënskou geneem word kom 'n mens tot die slotsom dat dit in 'n groot mate gegaan het om 'n stryd tussen die Afrikaanssprekende en nasionaaldenkende element binne die Nasionale Party en die Engelssprekende en Brits-georiënteerde element binne die S.A. Party. Dit was dus inderdaad 'n stryd tussen die twee groot Suid-Afrikaanse partye. Dit blyk verder dat die politieke geskil om die verwesenliking van groter staatkundige onafhanklikheid in wese ook 'n stryd tussen nasionalisme en imperialisme was, want die Nasionale Party se vryheidsideaal was 'n inherente deel van sy nasionalisme, terwyl die S.A. Party se Britse verbondenheid en voorkeur getuienis van hul Britse imperialisme was. Rondom hierdie twee begrippe, nasionalisme en imperialisme, het die Nasionale- en S.A. Party hul staatkundige posisie en sesessie van die Britse Ryk benader. Met sy imperialistiese gees as rigsnoer wou die S.A. Party ten alle koste verseker dat sy Britse verbintenis ongeskonde bly, en daarteenoor sou die Nasionale Party uit hoofde van sy nasionale- of Suid-Afrika-eerste-benadering voortdurend daarna streef om Suid-Afrika se staatkundige onafhanklikheid so omvattend as moontlik te maak. Sy ekstremistiese element wou nog verder gaan en hierdie onafhanklikheid uiteindelik in 'n volwaardige republikeinse vorm klee. Rondom 1929 het dit dus geblyk dat hierdie konstitusionele verdelingsfaktor 'n bykans onoorbrugbare kloof tussen die twee hoofpartye gevorm het. Noodwendig sou dit stremmend op die partye se toekomstige verhoudinge inwerk.

Ten slotte kan daarop gewys word dat die Balfour-verklaring van 1926 kripties van aard en nie 'n wet was nie, sodat dit steeds

nie die nasionale sentiment bevredig het nie. As gevolg van die druk wat tydens die 1930-Rykskonferensie uitgeoefen is, het die Britse parlement in 1931 die Statuut van Westminister aangeneem waardeur die beskouing van die Balfour-verklaring wetties vasgelê is. Die Statuswet van 1934 het in Suid-Afrika die bepalings van die Statuut van Westminister oorgeneem en bykomende bepalinge ten opsigte van Suid-Afrika se staatkundige posisie daaraan toegevoeg.

DIE AFSKAFFING VAN PROVINSIALE RADE

Die instelling van Provinsiale Rade in 1910 was bloot 'n uitvloeisel van Natal se onwilligheid om nie daarsonder tot 'n Unie van Suid-Afrika toe te tree nie. Die gedagte was nie dat die Provinsiale Rade permanente instellinge sou word nie. Met uniewording in 1910 is daar onder die Suid-Afrika Wet bepaal dat die Provinsiale Rade summier afgeskaf kon word. Hoewel daar sedert 1910 geleidelik 'n begeerte by sommige Suid-Afrikaners vir die afskaffing van Provinsiale Rade gegroei het, was politici huiwerig om dit praktiese politiek te maak uit vrees vir die reaksie wat dit veral in Natal, bastion van die Engelssprekendes in Suid-Afrika, kon ontlok.

Veral buite Natal het daar by Suid-Afrikaners die gevoel begin posvat dat daar 'n wyse bewerkstellig moes word waarop doeltreffende regeringskontrole oor provinsies, en veral oor hul finansies, uitgeoefen kon word. Dit moes egter op so 'n wyse geskied dat dit nie die doeltreffendheid van die provinsiale administrasies sou benadeel nie. Reeds onder die bewind van genl. Louis Botha is 'n kommissie van ondersoek na Provinsiale Rade in die

algemeen ingestel. Die kommissie se aanbevelings het in hoofsaak op die afskaffing van Provinsiale Rade neergekom. Die regering wou dit egter nie aanvaar nie en het die Finansiële Verhoudingswet van 1913, waardeur provinsies se geldsake gereël is, in 1917 met 'n geringe wysiging vir drie jaar verleng.

Vervolgens het die provinsiale aangeleenthede elke jaar, naamlik in 1920, 1921 en in 1922 die onderwerp gevorm van wysigingswette, in die reël as gevolg van konferensies gehou deur die Administrateurs en Uitvoerende Komitees van die provinsies met of sonder verteenwoordigers van die regering van die dag. In 1922 is die Baxter-kommissie deur die S.A. Party regering van genl. Smuts benoem om na Provinsiale Rade ondersoek in te stel. Die aanbevelings van dié kommissie het tot die benoeming van 'n klein komitee aanleiding gegee wat na die verpligtinge van die staat in verband met die koste van onderwys en opvoeding van Blanke kinders in die algemeen, moes ondersoek instel. Die verslae van die kommissie was gedeeltelik vir 'n verdere wysigingswet, naamlik dié van 1924, verantwoordelik.[155]

Hieruit blyk dus dat die S.A. Party die moontlike afskaffing van Provinsiale Rade oorweeg het, dog gehuiwer het om dit praktiese politiek te maak. Reeds in 1923 het The Round Table in verband met Provinsiale Rade in Suid-Afrika verklaar: "The experiment has failed politically and financially ... The system has given us all the evils of party government with none of its advantages."[156]

Hoewel daar voor 1924 stemme vir die afskaffing van Provinsiale Rade opgegaan het, moes alle partye voortdurend met die gevoel van

155. Vgl. Die Burger, 11.7.29.
156. The Round Table, Nr. 52, September 1923.

Natal hieroor rekening hou. Soos Vickers dit stel: "During the first two decades of Union, the Provincial system was increasingly seen in Natal as a vital bastion against Afrikanerdom while amongst Afrikaner Nationalists it was viewed as an obstacle to national unity."[157]

Gedurende die begin van 1924 het verskeie aangeleenthede die noodsaaklikheid van 'n oplossing van die provinsiale kwessie beklemtoon. Die Konferensie in Januarie tussen die Unie-regering en die provinsiale Uitvoerende Komitees oor die aanbevelings van die Provinsiale Finansiële Kommissie het weens gebrek aan eensgesindheid op 'n dooie punt uitgeloop. In Maart 1924 is 'n Finansiële Verhoudingswetsontwerp voor die parlement gelê, aangesien die regering nie sy weg oopgesien het om die aanbevelings van die Provinsiale Finansiële Komitee te aanvaar nie. Met hierdie wetsontwerp wou die regering nie alleen provinsiale tekorte opspoor nie, maar dit ook binne 'n sekere tyd uitwis terwyl 'n eenvormige salarisskaal vir onderwysers dwarsdeur die Unie aanbeveel is.

Smuts se verkiesingsaankondiging op 7 April is sterk beïnvloed deur die regering se onvermoë om die provinsiale finansies doeltreffend te hanteer. "A further contributory factor has been the desperate financial plight of the Cape Province in particular and in the intricate party machinations which have been going on in Provincial Council circles in consequence."[158]

Met die 1924-verkiesing moes die partye oor die provinsiale kwessie standpunt inneem en reeds voor die werklike verkiesingsveldtog was dit duidelik dat die Pakt nie baie geesdriftige onder-

157. B.C. Vickers, Natal and the Provincial Councils, 1929-32, M.A.-verhandeling, Universiteit van Natal, Desember 1970, p.9.
158. The Round Table, Nr. 55, Junie 1924.

steuners van die voortsetting van die Provinsiale Rade was nie.[159] Tog sou die Pakt-leiers in hul uitlatings hieroor versigtig wees aangesien 'n sterk standpunt teen die afskaffing van Provinsiale Rade veral in Natal vir die Pakt heelwat steun kon kos.

Gedurende die 1924-verkiesing het die moontlike afskaffing van provinsiale rade egter weinig aandag geniet. Reeds voor die verkiesing het die S.A. Party sy mislukking tot die oplossing van die geldelike probleme van die provinsies erken. Na afloop van die verkiesing het sowel die S.A. Party as die Nasionale Party nog in die duister verkeer aangaande doeltreffende maatreëls waarmee die finansiële probleme van provinsies in die reine gebring kon word.

Die groot probleem waarmee Provinsiale Rade geworstel het, was dus finansieël van aard. Die Provinsiale Administrasie is belas met die uitvoering van sekere dienste, waaronder laer onderwys verreweg die belangrikste was. Wanneer die sentrale regering uitsluitlik en grotendeels vir die finansies sorg, was Provinsiale Rade tot spandabelrigheid geneig. Indien die provinsies uit provinsiale belastings hul fondse moes verhaal, is luidkeels protesteer en het Provinsiale Rade in ongewildheid toegeneem. Wanneer verkiesings genader het, het, het Provinsiale Rade dikwels op sy uitgawes besnoei en laer onderwys benadeel.

Benewens die geldelike aspek, het die utopiese verwagting dat Provinsiale Rade buite die partypolitiek moes fungeer, reeds met die eerste sitting van die Provinsiale Rade slegs 'n illusie blyk te wees. Partypolitiek het sedertdien in Provinsiale Rade steeds sterker geword. Sodoende het die Provinsiale Rade "provinsiale

159. Vgl. Ibid.

parlementjies" geword. Veral in Transvaal en Kaapland het Provinsiale Rade weens die aard van die rade se samestelling 'n sterk partypolitieke inslag gekry.[160]

Wat die geldelike aspek van Provinsiale Rade betref, was die grootliks S.A. Party-georiënteerde Natal die groot sondebok, soos The Round Table dit stel: "In Natal the usual party lines are not followed in the Provincial Council, but the peculiar position of Natal in regard to Union made that province even more hostile to any reduction of taxing powers than the Nationalist controlled Transvaal and Free State." Dit was blykbaar ook die rede waarom die konferensie van Januarie 1924 misluk het.[161]

As oplossing vir die geldelike probleme van die provinsies is die instelling van provinsiale beheer oor grondbelasting oorweeg; dog 'n dooie punt is tussen die Nasionale- en S.A. Party hieroor bereik. Doeltreffende finansiële kontrole deur die Unieregering oor die provinsiale finansies is deur albei partye as van uiterste belang beskou. Die Pakt het belowe om 'n radikale hantering van die provinsiale stelsel te vermy en om verhoogde provinsiale subsidies in te stel.

Met die laaste en kort parlementêre sessie van 1924 het die Pakt-regering aangekondig dat hulle die kwessie van provinsiale finansies na die sitting van 1925 sou oordra. The Round Table kom tot die gevolgtrekking: "Even so the Government showed at this early date unmistakable nervousness about the matter."[162] Teen die einde van 1924 het die Pakt-regering besluit om die Baxter-verslag van die Smuts-regering met sekere wysigings te aan-

160. Die Burger, 11.7.29.
161. The Round Table, Nr. 55, Junie 1924.
162. Ibid., Nr. 58, Maart 1925.

vaar. Daardeur het die nuwe regering 'n verslag aanvaar wat hul as opposisie heftig teengestaan het. Dit het vir die opposisie die geleentheid gebied om die regering hieroor skerp te kritiseer.

Dit ly geen twyfel dat die eertydse Smuts-regering se besnoeiing van subsidies, sowel as dreigemente van verhoogde provinsiale belastings, uiters ongewild en een van die redes vir die val van dié regering was nie. Die Pakt was gevolglik versigtig om nie in dieselfde slaggat te trap nie en as uitvloeisel van samesprekings tussen Pakt-ministers en die provinsiale owerhede is die Provinsiale Subsidiewet in Maart 1925 aanvaar. Hiervolgens is provinsiale subsidies op die pro-rata grondslag van die aantal leerlinge in elke provinsie vasgestel. Dit het die praktiese probleem veroorsaak dat die Parlement een-vyfde van die land se totale inkomste aan die provinsies, wat inderwaarheid nie onder direkte parlementêre kontrole was nie, toegesê het. Van hulle totale uitgawes kon die provinsies maar net vir ongeveer 80-85% selfvoorsienend wees. 'n Britse blad kom tot die gevolgtrekking: "There can be no doubt that the pretensions and paraphernalia of Provincial Councils are now more than ever out of proportion to their real authority and responsibility."[163]

Die politieke aanskyn van Provinsiale Rade en hulle onvermoë om hul geldsake doeltreffend en selfstandig te hanteer, het teen 1925 gevolglik by heelwat prominente volksleiers die moontlikheid van die afskaffing van Provinsiale Rade wakker gemaak. In die Volksraadsitting van 1925 was dit duidelik dat daar binne die geledere van die Nasionale Party sowel as dié van die S.A. Party

163. Vgl. Ibid., Nr. 61, Desember 1925.

'n groep Volksraadslede was wat gevoel het dat Provinsiale Rade hulle laaste kans op voortbestaan gegun sou word. Genl. Smuts het in die Volksraad onder meer die historiese agtergrond van Provinsiale Rade tydens die Nasionale Konvensie toegelig: "Our idea was that the Provincial Councils should be entrusted with a number of important functions, essentially of a non-party character. The basic idea we had was that party politics would not become a prominent idea of the provincial system."[164]

Die Transvaalse administrateur, mnr. J.H. Hofmeyr, wat reeds gedurende die S.A. Party-bewind van genl. Smuts as administrateur aangestel is, het in 1925 twee redes vir die ondoeltreffendheid van die Provinsiale Rade aangevoer, naamlik dat die stelsel op 'n blote ooreenkoms berus en as sodanig tot onstabiliteit geneig is, terwyl die administratiewe funksies nie één en onverdeeld is nie. Drie jaar later kom hy as S.A.P.-ondersteuner tot die gevolgtrekking dat die posisie van Provinsiale Rade steeds versleg "the logic of administrative necessity seems to postulate either the resumption by the central power of the disjointed members on which the province still retain a more or less precarious hold, or a new and more stable definition of provincial powers. And since this country has already advanced so far along the path that leads away from federalism, I believe that the time will come when the provincial system will no longer form a part of the administrative fabric of this country."[165]

Dit was egter eers teen 1928 dat die regering 'n radikale wysing of afskaffing van provinsiale rade as praktiese politiek verkondig het. Op die vooraand van die administrateurskongres van

164. Ibid.
165. Ibid., Nr. 71, Junie 1928. Vgl. Ibid., Nr. 73, Desember 1928.

Augustus 1928 te Pretoria het genl. Hertzog aangevoer dat die Provinsiale Rade se dae bykans getel is: "When they come to us with another request to tax for them, we may tell them that if we can tax we can also administer. The time is coming when Provincial Councils will be no more." Ondanks uiters vrygewige subsidies, het minister Havenga by dieselfde geleentheid verklaar dat die Natalse Provinsiale Raad hul alweer tot die staatskis gewend het. Havenga sê hieroor onder meer: "If Councils are to have power they must learn to face that position when they get into difficulties, and do their duty ... A body spending public money should also shred the responsibility of raising the funds necessary."[166]

The Round Table beveel teen die einde van 1928 die afskaffing van Provinsiale Rade aan. "Lack of real sense of responsibility and excess of party spirit have been, in the two larger provinces at least, fatal weaknesses." Die blote afskaffing van Provinsiale Rade sou egter nog nie die probleme oplos nie. Daar moes tegelykertyd 'n doeltreffende plaasvervanger vir Provinsiale Rade gevind word.[167]

Op 22 November het genl. Smuts in sy eie kiesafdeling, Standerton, beweer dat daar iets aan Provinsiale Rade haper. Daar moes oorweging geskenk word aan die moontlikheid om Provinsiale Rade met 'n beter stelsel te vervang. Selfs in die Vrystaat en in Natal het mense almeer daaraan begin dink om Provinsiale Rade met iets beters te vervang. Hierbenewens was Smuts van mening dat die stelsel van Provinsiale Rade 'n baie duur stelsel is.[168]

166. Ibid., Nr. 73, Desember 1928. Vgl. Cape Times, 28.7.28. Hertzog te Harrismith.
167. The Round Table, Nr. 73, Desember 1928.
168. Cape Times, 23.11.28. Smuts te Standerton.

Hoewel genl. Smuts die Opposisieleier was, moet sy houding ten opsigte van Provinsiale Rade nie as die algemene gevoel van die S.A. Party vertolk word nie. Baie S.A. Party-ondersteuners was bloot ten gunste van provinsiale hervormings en groter magte aan Provinsiale Rade. Hierdie roepstem is veral vanuit Natal gehoor waar die Provinsiale Raadslede, met die uitsondering van één lid, almal S.A. Party-ondersteuners was. Die redes vir die houding van die Natallers was voor die hand liggend. Natal was oorwegend Britsgesind, geografies geïsoleerd en sensitief vir verandering aan hul individualiteit. Hulle het steeds aan hul Provinsiale Raad vasgeklou, in die hoop dat dit mettertyd tot 'n staatsparlement in 'n federale Suid-Afrika sou groei. Sedert die Pakt-oorname in 1924 het hierdie ideaal vervaag, terwyl die Natalse S.A. Party-ondersteuners se agterdog en wantroue jeens die Pakt as gevolg van die vlagstryd versterk is. Die Natallers het hul derhalwe almeer deur 'n klaarblyklike sterk, verenigde Pakt-regering bedreig gevoel. Hulle Provinsiale Raad was vir baie Natalse S.A. Party-lede 'n bastion van hoop; 'n vesting waar Britse imperialisme nog die kroon gespan het; 'n weg waarlangs hul individualiteit en Britse karakter ongeskonde kon bly; 'n liggaam waardeur hul die Britse bande kon bestendig en uitbou; dit was hul Brittanje in die kleine.

Geen wonder dus dat Natal vir 'n tydperk heelwat meer Brits as Groot-Brittanje geraak het. "Its determination not to be swamped by the rising tide of what is regarded as anti-British sesessionist nationalism was intensified, and the Provincial Council stood out more than ever as the palladium of its distinctiveness."[169]

169. The Round Table, Nr. 84, September 1931.

Gesien teen hierdie agtergrond, is dit verstaanbaar dat pogings van die Pakt-regering om Provinsiale Rade se gesag in te kort of Rade in die ban te doen, of blote uitlatings van regeringskant met sodanige strekking, geweldige teenkanting uit Natal ontvang het. Dit sou uiteraard die pro-Britse Nataller teenoor die Nasionaalgesinde Suid-Afrikaner in 'n konfliksituasie plaas.

Dit was juis die Natalse S.A. Party-ondersteuners se vrees vir die afskaffing van Provinsiale Rade wat gedurende Maart 1929 'n sesessiebeweging in Natal sy beslag laat kry het. Die ondersteuners hiervan wou groter magte vir Provinsiale Rade hê, selfregering vir Natal verkry of die Unie in 'n federale staat verander. Die S.A. Party-Volksraadslid vir Zoeloeland, G.H. Nicholls, sou in dié sesessiebeweging die leidende rol neem.

Die Natal Mercury het die groot voorstander van Home Rule of devolusie, dit wil sê groter magte aan Provinsiale Rade, binne die Unie geword. Afskeiding van die Unie is slegs as uiterste maatreël beskou. Die saak het 'n ernstiger wending geneem toe Stuart Helps, groot teenstander van republikeinse nasionalisme, beklemtoon het dat Home Rule goed is, maar hy wou weet hoe dit sonder afskeiding vooraf vermag sou word.[170]

In Junie het die Pakt die mandaat van die Suid-Afrikaanse kiesers verkry om vir 'n verdere vyf jaar die septer van die regering oor Suid-Afrika te swaai. Die feit dat die Pakt-regering met sy nasionalistiese inslag die land vir nog 'n termyn sou regeer, het die Natalse S.A.P.-ondersteuners se politieke onmag en frustrasie laat toeneem. Veral die feit dat Pakt-ministers almeer tot die afskaffing van Provinsiale Rade geneë was en sentralisasie

170. Natal Mercury, 26.3.29. Brief van Helps.

voorgestaan het, het die Natalse devolusiebeweging in krag laat toeneem.

In Julie 1929 het dr. D.F. Malan, Minister van Binnelandse Sake, 'n oplossing van die provinsiale vraagstuk bepleit. Hy sê onder meer: "If we do not arrive at the stage of actually abolishing the provincial councils, we shall try to improve some of the anomalies existing at present."[171]

Dit was egter dr. Malan se toespraak van 4 September tydens die Kaaplandse N.P.-kongres te Ceres, wat in opposisiekringe sterk weerklank gevind het. Malan het beweer dat die provinsiale stelsel nie so doeltreffend funksioneer nie en deeglik ondersoek moes word ten einde te bepaal of dit "onder 'n ander reëling moontlik sou wees om die volksbelange op 'n meer ekonomiese wyse baie meer effektief te behartig". Hy beklemtoon die erns daarvan dat die provinsiale stelsel onder sekere omstandighede vir die opbou van 'n groot Suid-Afrikaanse nasie 'n positiewe gevaar kan oplewer. Dan volg sy uitlating waaroor Natalse opposisielede hom baie sou verkwalik: "Uit die aard van die saak is die gevaar alreeds groot dat onder die Provinsiale stelsel een of ander provinsie mag verkies om homself te isoleer en wat sy gees betref af te skei van die res van die volk. Veral is die gevaar groot, waar, soos in die geval van Natal, geografiese grense grotendeels saamval met rasse- en politieke skeidslyne."[172]

Dr. Malan se Ceres-toespraak was van besondere belang, aangesien hy die stelling gemaak het dat Suid-Afrika nooit 'n volwaar-

171. Natal Advertiser, 8.7.29.
172. Die Burger, 4.9.29, soos aangehaal in A.J. Fick, Die Ontstaan van die Dominiumparty van Suid-Afrika, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1972, p.22. Vgl. Natal Mercury, 4.9.29.

dige nasie sou word alvorens Provinsiale Rade afgeskaf word en 'n enkele staatsdepartement in Pretoria hul funksies sou oorneem.

Nicholls se kommentaar op Malan se Ceres-toespraak was dat die Unie wat Malan in die vooruitsig gestel het, nie die Unie was wat Natallers voorstaan nie. Hy bestempel dr. Malan se oplossing vir die provinsiale kwessie as "the surrender of the English-speaking to Afrikanerdom", en "Krugerism with the Dutch Reformed Church ruling".[173]

Die regering se neiging tot sentralisasie het die Natalse S.A. Party-ondersteuners met hul federalistiese inslag ontstem, en hulle het Malan se gewraakte uitlating as finale bewys vir die Nasionale Party se ideaal vir die skepping van 'n Afrikaanssprekende diktatorskap beskou. Hulle was oortuig dat Malan die provinsies wou vernietig en die uitvoerende gesag in Pretoria wou setel omdat hy oortuig was dat Blanke Suid-Afrika slegs langs dié weg 'n Suid-Afrikaanse nasie sou word.[174]

Op 9 September berig Die Burger dat die Vrystaatse Provinsiale Raad met genl. Hertzog en minister Havenga samesprekings gevoer het en dat dit blyk dat Provinsiale Rade se dae getel is. Hertzog het onder meer verklaar dat indien een Provinsiale Raad verbrou en sy bestaan nie langer regverdig nie, al die Provinsiale Rade afgeskaf sou word. In verantwoordelike kringe is die mening uitgespreek dat die komende Provinsiale Raadsverkiesing van 1930 die laaste van sy soort sou wees.[175]

'n Dag later berig Die Burger in 'n hoofartikel dat die Unie

173. G.H. Nicholls, South Africa in My Time, London, 1967, p.199.
174. Ibid., pp.198-9.
175. Die Burger, 9.9.29. Hertzog te Bloemfontein. Vgl. Natal Witness, 10.9.29.

die Provinsiale Raadstelsel ontgroei het en dat dit "nie aan die vereistes kon voldoen nie". Die redakteur is egter ook die mening toegedaan dat Suid-Afrika geografies vir 'n gesentraliseerde administrasie ongeskik is. Hy waarsku dat die afskaffing van Provinsiale Rade allesbehalwe eenvoudig is en dat daar duidelik bepaal moes word "hoe die provinsiale administrasies in die toekoms uitgevoer moes word".[176]

Minister A.P.J. Fourie glo egter dat gebrek aan eenheid van beleid die Provinsiale Raadstelsel benadeel, iets wat met sentralisasie oorbrug kon word. Daar bestaan 'n algemene strewe in Suid-Afrika na die afskaffing van die Provinsiale Rade en dit is net 'n kwessie van tyd voordat dit 'n voldonge feit sal wees.[177]

By die Transvaalse Nasionale Party-kongres gedurende Oktober was dit duidelik dat die Nasionale Party oor die afskaffing van Provinsiale Rade verdeeld was. Sowel senator T.C. Visser as mnr. P.C. de Villiers, Volksraadslid vir Klerksdorp, het teen die gevaar van die afskaffing van Provinsiale Rade gewaarsku. Mnr. S.P. Bekker, L.U.K., het onder meer gesê: "Dit is maklik om dinge af te skaf, maar dit is moeilik om iets wat beter is in die plek daarvan te stel."[178]

Met die Natalse Nasionale Party-kongres te Dundee het die Natalse Nasionaliste hulle ten gunste van die afskaffing van Provinsiale Rade uitgespreek omrede Afrikaans in Natal in onderwyssake geen simpatie geniet nie. Gevolglik wou hulle sien dat die Unie-regering onderwys behartig.[179]

---

176. Die Burger, 10.9.29. Hoofartikel.
177. Ibid., 18.9.29. Onderhoud met Fourie.
178. Ibid., 7.10.29.
179. Ibid., 17.10.29.

Tydens die Vrystaatse Nasionale Party-kongres wat ook gedurende Oktober plaasgevind het, is die probleem in verband met Provinsiale Rade weer aangeroer. Genl. Hertzog sê by dié geleentheid volgens die Natal Witness onder meer: "Everything will now depend on whether the councils serve the purposes with which they have been created. They can only continue to exist if they have the courage to tax the people." Minister Havenga het hierop voortgebou: "It is becoming impossible to secure a fair relationship between the provinces. There is a growing feeling that the provincial system has passed its day. I cannot close my eyes to the general feeling in favour of abolition." Ook tydens dié kongres blyk dit dat die afgevaardigdes verskillende opinies oor die afskaffing van Provinsiale Rade daarop nagehou het.[180]

In Natal het die uitlatings van die Nasionale Party-leiers oor die moontlike afskaffing van die Provinsiale Rade geweldige teenkanting en reaksie vanuit die S.A. Party-kamp ontlok. Heaton Nicholls, S.A. Party-Volksraadslid vir Zoeloeland, voer aan dat dit vir Natal met sy oorheersend Engelssprekende bevolking voorgekom het asof die regering nie alleen daarop uit was om Provinsiale Rade nie, maar ook plaaslike besture af te skaf.[181]

Ten einde die onduidelikheid oor die provinsiale vraagstuk op te klaar, het Kingston Russel, redakteur van die Natal Mercury, 'n spesiale onderhoud met Havenga en genl. Hertzog hieroor aangevra. Russel was tevrede nadat hy ingelig is dat die regering hoegenaamd geen voorneme het om wetgewing vir die afskaffing van Provinsiale Rade in te dien nie. Russel, in teenstelling met Nicholls, was vas oortuig dat die provinsiale vraagstuk alleen

180. Natal Witness, 18.10.29, soos aangehaal in B.C. Vickers, op. cit., p.16. Vgl. Die Burger, 18.10.29.
181. G.H. Nicholls, op. cit., p.198.

op 'n nie-partypolitieke grondslag opgelos kon word "after an impartial examination of the problem by a body representative of all shades of political thought".[182]

Nicholls, wat die leidende rol in die Natalse Devolusiebeweging sou speel, het die uitbreiding van die magte van Provinsiale Rade bepleit. In teenstelling met die voorstanders van sentralisasie, het Nicholls aangevoer dat "the Union was too big, and interests too diverse for it to be possible for its different sections fully to understand one another. Thus, decentralisation and extended powers for the Provincial Councils were urgently needed reforms".[183]

Sommige Natalse koerante het Nicholls egter teengestaan en op 9 September het die Natal Witness 'n hoofartikel onder die opskrif "Where is Mr. Nicholls heading?" geplaas. Dié koerant beweer dat daar nog 'n geruime tyd in Natal 'n niksbeduidende minderheid in die S.A. Party-geledere sal wees wat aan die ideaal van die terugkeer na die dae voor uniewording sal vasklou. Sessie is hulle wagwoord en as Nicholls ook afskeiding beoog ..., dan moet sy aanspraak op leierskap van die S.A. Party in Natal onmiddellik bestry word. Indien Nicholls hom verbeel dat hy die meerderheid van die Natalse publiek met hom tot 'n logiese volvoering van sy idee sal saamsleep, dan het die tyd aangebreek om hom te ontnugter. Die feit is dat minister Havenga en genl. Hertzog angstig is om Natal te versoen, en waarom moes Natallers dié houding moedswillig afkeur?[184]

182. Natal Mercury, soos aangehaal in B.C. Vickers, op. cit., p.18. Vgl. Natal Mercury, 14.11.29.
183. Natal Mercury, 14.11.29.
184. The Natal Witness, 9.9.29 en 12.9.29, soos aangehaal in Die Burger, 13.9.29.

Briewe aan die Natal Witness het gewissel van pleidooie vir die afskeiding van Natal van die res van die Unie tot eise vir die onmiddellike bedanking van Nicholls as leier van die S.A. Party in Natal.[185] Majoor G.R. Richards, S.A. Party-Volksraadslid vir Durban Greyville en geesgenoot van Nicholls, het aangevoer dat die regering daarop uit is om provinsiale grense uit te wis en Provinsiale Rade in die ban te doen. Die blote feit dat die Natallers grotendeels Engelssprekend, lojaal aan die Ryk en die Britse Kroon en voorstanders van die uitbreiding van die magte van Provinsiale Rade is, word deur die regering van die dag as 'n oortreding beskou. Die regering se oogmerk is dus om Natal, soos die inwoners van die provinsie dit vir drie geslagte ken, sy bestaan te ontsê.[186]

In dieselfde uitgawe van die Natal Witness het senator W.E. Thrash, Natalse senator, dit duidelik gestel dat hy Nicholls se pleidooi vir die uitbreiding van die magte van Provinsiale Rade heelhartig steun. Natallers sou nooit instem dat Natal die "footstool of the Afrikaner rampart" gemaak word nie. Daarom beskou hy 'n uitbreiding van magte en verantwoordelikheid aan Provinsiale Rade as van die grootste belang.[187]

Die houding van die Natalse devolusioniste in hul pleidooie vir die behoud en desentralisasie van die Provinsiale Rade en die gevolglike uitbreiding van provinsiale magte, sou hierdie groepie nie alleen met die Nasionale Party konfronteer nie, maar ook binne S.A. Party onenigheid veroorsaak. In Natal het daar vir die S.A. Party 'n potensieël gevaarlike toestand ontwikkel. In die

185. Natal Witness, September-November 1929. Briewe.
186. Ibid., 14.9.29.
187. Ibid. Brief van Thrash.

briewekolomme van die Natal Witness en die Natal Mercury het verskeie stemme vir Home Rule, devolusie en noodwendige afskeiding opgeklink.[188]

Hoewel Russel van genl. Hertzog en minister Havenga die versekering verkry het dat die regering nie van voorneme was om wetgewing in te dien met die afskaffing van Provinsiale Rade as oogmerk nie, was dit teen die einde van 1929 reeds duidelik dat die regering met geweldige teenkanting vanuit Natal gekonfronteer sou word indien hulle enige stappe in die rigting van die afskaffing van Provinsiale Rade sou neem.

DIE TAAL AS KULTURELE VERDELINGSFAKTOR

Sedert die Vrede van Vereeniging in Mei 1902 is 'n doelbewuste poging aangewend om die Afrikaans- en Hollandssprekendes in Suid-Afrika te verengels. Dié poging om sy taal en kulturele erfenis te onderdruk, het die Afrikaanssprekende, wat grootliks nasionaaldenkend was, gestimuleer om vir die behoud van sy kultuurgoedere te veg. Met die sitting van die Nasionale Konvensie in 1909 is bepaal dat "de engelse alsmede de hollandse talen zijn officiële talen van de Unie".[189] Die besluit is in artikel 137[190] van die Grondwet verskans en kon slegs met 'n tweederde-meerderheid van albei kamers van die Parlement in 'n gesamentlike sitting gewysig word. In 1918 is artikel 137 ook wel deur die parlement in dié sin aangevul dat "Hollands" voortaan vir alle staatsake ook Afrikaans sal insluit, behalwe "in gevallen van wetsontwerpen en wetten van het Parlement en van Officiële doku-

188. Vgl. Ibid., 11.9.29; Natal Mercury, 13.9.29.
189. A.J.H. van der Walt, e.a., op. cit., p.472.
190. Behalwe dat artikel 137 Engels en Hollands as amptelike landstale vasgelê het, moes alle amptelike stukke van die regering of parlement naas Engels van Nederlands (Hoogholands) gebruik maak.

menten van een van de Huizen van de Parlement".[191] Dit het die Afrikaanssprekende ondersteuners van die Nasionale Party egter nie bevredig nie, want hulle wou ook toesien dat die voorbehoud van 1918, ten opsigte van Afrikaans, geskrap word. Terwyl die meerderheid Afrikaners sedert die stigting van die Nasionale Party in opposisie gestaan het, kon hulle slegs vir hul taalregte agiteer, maar was nie in die posisie om in die praktyk veel te vermag nie.

Met die Pakt-bewindsoorname van 1924 het Afrikaanssprekendes gevolglik ook die gulde geleentheid gesien om hul taal en kultuurgoedere teen miskenning te beskerm. Die blote feit dat daar binne S.A. Party-geledere, onder andere ook hul leier, 'n redelike aantal Afrikaanssprekendes was, sou meebring dat hierdie party nie 'n volkome negatiewe houding teenoor die erkenning van Afrikaans as amptelike taal kon inneem nie. Die feit dat die taalgevoel nie by die Afrikaanssprekende S.A. Party-ondersteuner so sterk aanwesig was as by die Nasionaliste nie, was egter nie 'n bewys dat eersgenoemde hul taal verloën het nie, maar hulle was nie so begaan oor hul taalregte as hul politieke opponente nie. Hulle het gevoel dat Afrikaans nog nie as eie aparte taal naas 'n wêreldtaal soos Engels kon staan nie.

In November 1924 het Eric Louw, N.P.-Volksraadslid vir Beaufort-Wes, in die skoolraad voorgestel dat notules beurtelings in Afrikaans en Engels gehou word, iets waartoe die raad nie op daardie stadium bereid was nie. Wat opvallend in hierdie taalstryd was, was die feit dat Louw se voorstel heftige teenkanting van mede-Afrikaanssprekendes soos J.H.E. Vivier en J.P. Verster ontlok het,

191. C.F. Albertyn (red.), e.a., Ensiklopedie van die Wêreld, I, Stellenbosch, 1971, p.193.

maar dat die Engelssprekende dr. Symington vir Louw in sy houding oor gelykberegting van Afrikaans en Engels heelhartig gesteun het.[192]

Die beriggie oor dié taalvete in Die Burger[193] het tot 'n pennestryd in dié koerant se "briewekolomme" gelei. J.P. Verster, 'n stadsraadslid van Beaufort-Wes, het Louw se versoek as onbillik bestempel omdat die Engelse en Wesleyaanse predikante nie Afrikaans kon verstaan nie.[194] Die Burger het in 'n hoofartikel skerp reageer en dit as griewend bestempel dat dit wel nodig was om so 'n taalstryd soos dié van Beaufort-Wes te voer.[195] Dié koerant neem hieroor baie sterk standpunt in: "As daar sprake is van hoflikheid, dan is dit duidelik die plig van die eentalige om die tweetalige ten opsigte van die verkryging van sy taalregte geen hindernis in die weg te lê nie. Maar wat gebeur nou? Die eentalige leer nie die twede taal aan nie en, as die tweetalige aanspraak maak op gelyke regte vir sy moedertaal, dan word gesê dat dit beledigend is vir eersgenoemde!"[196]

Advokaat Louw is oor die hele Suid-Afrika geloof vir sy manmoedige stryd in belang van die Afrikaanse taal.[197] Beaufort-Wes se taalstryd het oor geheel Suid-Afrika weerklank gevind en veral die Afrikaanssprekende N.P.-ondersteuner se taalbewustheid ingeskerp. Die Britsgesinde S.A.P.-aanhanger was op sy beurt gegrief oor Afrikaanssprekende Nasionaliste se pogings om Afrikaans op eentalige Engelssprekendes af te dwing. Gevolglik is daar op 'n

192. Vgl. P.F. van der Schyff, op. cit., pp.187-8.
193. Die Burger, 10.11.24, soos aangehaal in P.F. van der Schyff, op. cit., p.188.
194. Vgl. Die Burger, 22.11.24, soos aangehaal in P.F. van der Schyff, op. cit., p.188.
195. Die Burger, 16.11.24. Hoofartikel.
196. Ibid.
197. Vgl. P.F. van der Schyff, op. cit., pp.188-9.

vroeë tydstip van die Pakt-bewind 'n rasse-klimaat geskep wat baie nadelig op partypolitieke en rasseverhoudinge sou inwerk.

In Februarie 1925 het daar andermaal 'n taalbom gebars. Dié keer was die Minister van Landbou, genl. Kemp, daarvoor verantwoordelik. Dit het naamlik aan die lig gekom dat Kemp 'n departementele omsendbrief uitgestuur het waarin amptenare versoek is om weekliks om die beurt Afrikaans en Engels in hul amptelike korrespondensie te gebruik. Kemp was hoogs verontwaardig oor die feit dat die inhoud van hierdie brief onder die aandag van die pers gebring is. Hy het vasgestel dat 'n amptenaar in sy departement, ene O.T. Harrison, 'n Engelssprekende, die pers oor die omsendbrief ingelig het. Gevolglik het Kemp vir Harrison summier ontslaan.

Vir die opposisiepers was die Harrison-episode water op hulle meule en The Pretoria News verklaar onder meer: "So far as we have been able to learn, however, this is the first case that has occurred of a member of the Public Service having been dismissed for communicating information to the Press." Harrison self skryf onder meer aan genl. Smuts: "One wonders whether this rule will be enforced on those who are unable to correspond in English, and whether the Minister himself will observe this rule he has'nt up to the present."[198]

Die Harrison-insident het by sommige S.A. Party-ondersteuners die indruk gewek dat die Nasionale Party in die binnekringe van die staatsdepartemente nie alleen besig was om die Engelse taal te ondermyn nie, maar ook om die bande met die Britse Ryk algaande losser te maak. Die Engelse taal sou die beginpunt wees waarlangs

198. The Pretoria News, 10.3.25. Politieke berig. Vgl. Smuts-versameling, Band 202. Harrison aan Smuts, 2.3.25.

die Afrikaanssprekende Nasionalis die Engelssprekende van sy land van herkoms wou vervreem. Die Engelse taal moes geleidelik afgewater word om vir Afrikaans plek te maak. Ongelukkig het die Harrison-insident ook die saadjie van agterdog by die S.A. Party gesaai teen opregte oogmerke van die regering om met wedersydse erkenning van albei taalgroepe se taal- en kulturele regte, die twee taalgroepe te versoen en tot één nasie saam te smee. Die agterdog waarmee regeringspogings tot rasseversoening bejeën is, het daartoe gelei dat ook die partyverhouding tussen die twee groot politieke party hierdeur geskaad is.

Teen 1925 het die regering die tyd as ryp beskou om wetgewing vir die amptelike erkenning van Afrikaans en die wysiging van artikel 137 van die Grondwet, in te dien. Dr. D.F. Malan, Minister van Binnelandse Sake, sou vir die indiening van die wetgewing verantwoordelik wees. Daar is ooreengekom om dié saak na 'n gekose komitee van albei huise van die Parlement te verwys. Die komitee het spoedig eenparig rapporteer dat Afrikaans genoegsaam ontwikkel het om as 'n administratiewe en wetlike medium te dien.

Advokaat C.R. Swart, destydse N.P.-Volksraadslid vir Ladybrand, wys daarop dat daar tydens die onderlinge beraadslaginge 'n belangrike en interessante taalkundig-staatkundige verskilpunt ontstaan het. Kragtens die bepaling van die Grondwet dat artikel 137 slegs met 'n meerderheid van twee-derdes by 'n gesamentlike sitting van die Huise gewysig kon word, het die regering die standpunt ingeneem dat Afrikaans 'n eie, selfstandige taal is en as sodanig erken moes word. Die Pakt kon egter nie op 'n twee-derde-meerderheid reken nie. "Die opposisie onthou Afrikaans se

eiewaardigheid en herbou dit as 'n vorm of dialek van Nederlands. Dan is 'n gewone meerderheid genoeg, maar dit wil die opposisie nie en eis 'n gesamentlike sitting met die voorgeskrewe meerderheid. Hulle wil nie aan daardie staatkundige voorbehoud torring nie, want dit beskerm nie alleen die Engelse taal nie, maar ook die nie-blanke stemreg wat toentertyd nog in Kaapland bestaan het. As ons dit met gewone meerderheid verander, sal ons verplig wees om hul argument dat Afrikaans nie 'n eie aparte taal is nie te aanvaar. En dit wil ons nie", aldus advokaat C.R. Swart.[199]

C.J. Langenhoven, die bekende Afrikaanse skrywer en Nasionale Party-senator, was die leidende figuur in die Gekose Komitee en het met sy redenasievermoë enige ongunstige getuienis aan repies geskeur. "Die uitslag het toe gekom deurdat die voorstanders onderneem het om die prosedure van 'n tweederde-meerderheid te volg as die teenstanders die beginsel sal ondersteun met hul stemme - al was dit nie met hul standpunt oor Afrikaans as taal nie."[200]

Dit loop op 'n gesamentlike sitting van die twee Huise uit, waartydens die maatreël sonder enige teenstand aanvaar is. Vir die Afrikaanssprekende Nasionaliste was dit 'n mylpaal in hul politieke geskiedenis, want dit sou nie alleen die taal wat hul die naaste aan die hart gelê het amptelik erken nie, maar dit sou ook as stukrag vir die kulturele ontwikkelingsgang van die Afrikaanse taal dien. Die amptelike erkenning van hul taal sou aan die Afrikaanssprekende en nasionaaldenkende Suid-Afrikaner die paspoort verskaf waarmee hy sy taal onbelemmerd kon beoefen en uitbou tot groter rypheid.

Met die praktiese implimentering van hierdie Wet het daar egter

199. C.R. Swart, "Die goue dag toe Afrikaans erken is", in Die Volksblad, 7.11.74.
200. Ibid.

party-onenigheid ontstaan. Die Afrikaanssprekende Nasionalis het nou vir die Afrikaanse taal met 'n groot mate van reg alle regte van die Engelse taal toegeëien, maar hulle het soms te oorhaastig en onverstandig hul taalregte probeer deurvoer, sodat die opposisie dit as kritiek teen hul hoofde kon slinger. So het die Engelssprekende spoedig gevoel dat daar 'n neiging in skole en hoër opvoedkundige inrigtings is om die Engelse taal se rykdom van kultuurskatte te ignoreer.[201] Tegelykertyd het eentalige Engelssprekendes gebelgd gevoel oor die wyse waarop Afrikaans op die voorgrond gestoot is. So kon baie eentaliges nie 'n begrotingsrede in Afrikaans volg nie. Soos Calpin die Engelstaliges, wat grootliks S.A. Party-ondersteuners was, se destydse posisie stel: "As it is he has no case at all against the legitimate claim of the Afrikaner to cultural autonomy, even though those claims artificially stimulated against the certain fears of final disintegration of that culture if left to fend for itself."[202]

Genl. Smuts borduur hierop voort en verklaar op 9 September 1927: "No sooner had the Pact come into power than they began to drive full steam ahead on this language question with results that are lamentable. There has been no fairness and no wisdom."[203] Genl. Hertzog reageer skerp hierop deur te verklaar dat die Nasionaliste skaam voel dat genl. Smuts 'n Afrikaner is.[204] So 'n gesindheid teenoor hulle leier het die S.A. Party se emosies teen die Nasionale Party en sy uitgesproke leier nadelig beïnvloed. Die Afrikaanssprekende Nasionaliste het op hul beurt gevoel dat

201. G.H. Calpin, op. cit., p.136.
202. Ibid., p.137.
203. The Star, 10.9.27. Smuts te Durban.
204. Cape Times, 10.10.27. Politieke berig.

Smuts met sy voortdurende beskerming van die Engelse taal sy eie taal verloën.

Baie Nasionaliste was ontstem oor die jingoistiese en anti-Afrikaanse gees wat sommige Engelssprekende S.A. Party-ondersteuners openbaar het. Advokaat Eric Louw, gevolmagtigde gesant van die Unie in Washington, kon egter teen 1930 op die geleidelike bewuswording van die Engelssprekende Afrikaner sedert 1924 wys dat die enigste basis vir rassevrede 'n wedersydse erkenning van en respek vir mekaar se taalregte, nasionale aspirasies, tradisies, ensovoorts is, en daardeur is 'n nuwe tydperk ingelei.[205]

Die Nasionale Party was gedurende genl. Smuts se bewind uiters ontevrede oor die S.A. Party se ooglopende begunstiging van Engelssprekendes by staatsdiensaanstellings. Gedurende die laaste vier jaar van die S.A. Party-bewind is slegs 1760 Afrikaanssprekendes teenoor 3071 Engelssprekendes as staatsamptenare aangestel en Die Burger kon met reg beswaar maak teen 'n staatsdiens wat vir tagtig persent Engelssprekend is.[206]

Waar die Nasionale Party hom sedert sy stigting daadwerklik vir tweetaligheid in die staatsdiens beywer het, het die S.A. Party-beleid van die Smuts-regering die Nasionalis dwars in die krop gesteek. Ná die Pakt-bewindsoorname het baie Nasionale Party-ondersteuners gevoel dat die "onreg" wat hulle aangedoen is in die reine gebring moes word. Meer Afrikaanssprekendes moes in die staatsdiens aangestel word ten einde 'n meer gelyke verdeling van die twee taalgroepe aldaar te hê. Kortom: die Afrikaanssprekende se agterstand moes ingehaal word.[207]

---

205. Louw-versameling, Lêer 28. Toespraak van Louw, s.d., maar waarskynlik 19.2.30.
206. Die Burger, 6.6.29. Hoofartikel.
207. Vgl. Ibid.

Spoedig ná die Pakt-bewindsoorname is 'n nuwe Staatsdienskommissie benoem om sleutelposte in die regeringsdepartemente met tweetalige amptenare te vul. Sulke amptenare was dikwels en meestal Afrikaanssprekend omdat baie eentalige Engelssprekendes weens die regering se eis om tweetaligheid nie bevordering ontvang het nie. Dr. Malan en sy kollegas was oortuig dat hulle die volste reg gehad het om by nuwe staatdsiensaanstellings meer Afrikaanssprekendes te betrek, en dat hulle as sodanig in die gees van artikel 137 van die Grondwet opgetree het. Die opposisie het egter volgehou dat artikel 137 nie tweetaligheid in die staatsdiens verplig het nie en dat eentalige Engelssprekende amptenare nie daardeur ten opsigte van bevordering gekortwiek kon word nie. Artikel 137 het vir die S.A. Party slegs beteken dat die gebruik van enigeen van die ampstale toelaatbaar is en nie dat albei as absolute vereiste vir staatsamptenare voorgehou word nie.[208]

Binne die regeringsdepartemente is daar egter voortgegaan om vakante poste geleidelik deur tweetalige amptenare te vul. Engelssprekendes is dikwels weens hul gebrek aan tweetaligheid afgewys. Dit impliseer egter nie dat die regering absoluut daarop gestaan het dat 'n staatsamptenaar tweetalig moes wees nie, maar dat hul voorkeur aan tweetalige persone gegee het. In Maart 1925 was daar byvoorbeeld nog 3800 uit 'n totaal van 13000 amptenare wat net Engels gepraat het. Die probleem was dat baie amptenare direk uit Engeland of ná 'n baie kort verblyf in Suid-Afrika voor 1924 reeds in die staatsdiens opgeneem is en dus nog eentalig was.[209] Vir diesulkes was die tweetaligheidsvoorkeur 'n moeilike

208. Vgl. A.J.H. van der Walt, e.a., op. cit., pp.511-2.
209. Ibid., p.512.

probleem om te oorbrug. Vir baie Engelssprekendes in S.A. Party-geledere was dit moeilik om in te sien hoe 'n jong taal soos Afrikaans naas 'n kultuurtyke wêreldtaal soos Engels geplaas kon word.

Opposisiekoerante het heftig teen die regering se tweetaligheids-beleid te velde getrek. The People's Weekly het die saak selfs verder gevoer en in 1927 beweer dat ministers nie alleen begerig is om baantjies vir boeties te skep nie, maar ook dat aanstellings in departemente gemaak word as beloning vir dienste aan die Nasionale Party gelewer. Die redakteur waarsku: "If the present state of affairs continues, and politicians are allowed to appoint friends and close relations and reward their political helpers, then we may expect the civil servants to work only for a section of the people, and this will lead, eventually, to a complete change in the personnel of our Government Service with the election to power of a new party. It is more than regrettable, in fact, it is becoming a calamity to the Country, that Ministers should lower the dignity of their high office by such unfair appointments." Die redakteur bepleit 'n stelsel waarvolgens ministers slegs in direkte samewerking met die Staatsdienskommissie aanstellings in hul departemente kon maak.[210]

Benewens die opposisiepers, het veral genl. Smuts hom vir 'n "skoon staatsdiens" beywer en die regering se "jobs for pals"-beleid skerp gekritiseer.[211] Dit wil voorkom asof dit hoofsaaklik minister Kemp se departement, Landbou, was wat hul aan partypolitieke aanstellings skuldig gemaak het.[212]

---

210. The People's Weekly, 6.3.27. Hoofartikel.
211. Die Burger, 6.6.29. Hoofartikel.
212. Vgl. Smuts-versameling, Band 202. Owen Scorgie aan Smuts, 29.1.25; Jansen-versameling, Band 36. B. Green aan Jansen, 21.3.25.

Toe dr. Malan en genl. Kemp deur die opposisie aangeval is oor die aanstelling van 'n familielid van Malan as dip-inspekteur,[213] het dr. Malan verklaar dat hy hom nie deur die geblaf van keffers sou verhinder om sy seun in die staatsdiens te plaas nie; dit impliseer egter nie dat hy sy seun gaan voortrek nie. In die lig van die opposisie-beskuldigings wys hy daarop dat drie van Smuts se swaers en sy dogter voor 1924 in die staatsdiens opgeneem is. Vanaf 1924 tot 1928 het die Pakt 55 meer Engels- as Afrikaanssprekendes in die staatsdiens aangestel en teen 1930 was die Afrikaanssprekendes met slegs 134 meer as hul Engelssprekende landgenote in die meerderheid. Malan stel dit egter duidelik dat daar nie slegs meer Afrikaanssprekende applikante was nie, maar dat die Afrikaanssprekendes 'n groter deel van die bevolking as die Engelssprekendes uitmaak. Deurdat die S.A. Party veertien jaar regeer het, kon vanaf 1924 tot 1930 slegs 1207 Afrikaanssprekendes teenoor 3148 Engelssprekendes promosie ontvang. Duncan het aangevoer dat die regering die Engelssprekendes wat voor 1910 in die staatsdiens was 'n onreg aandoen deur van hulle te verwag om die tweede landstaal aan te leer. Dr. Malan het dit egter verwerp met sy verweer dat veertien Engelssprekende eentalige amptenare onder die Nasionale regering promosie ontvang het.[214] Dr. Malan het reeds binne drie jaar slegs 12 meer Afrikaanssprekendes as Engelssprekendes aangestel het, terwyl 1069 Engelssprekendes teenoor 464 Afrikaanssprekendes bevorder is.[215]

Voor 1924 was die Suid-Afrikaanse Party se beleid ten opsigte van staatsdiensaanstellings klaarblyklik daarop gemik om aan die

213. Vgl. The People's Weekly, 6.3.27. Hoofartikel.
214. Die Burger, 11.3.31. Malan in die Volksraad; Ibid., 6.6.29. Hoofartikel.
215. Hertzog-versameling, Band 61. Staatsaanstellings. Statistieke van dr. Malan.

hand van hul meerdere ervaring Engelssprekende amptenare aan te stel, dog dit wil tog voorkom asof hulle vóór 1924 die Engelssprekendes doelbewus bevoordeel het. Die Pakt-regering het dus in die lig hiervan uit sy pad gegaan om meer Afrikaanssprekendes aan te stel ten einde die onbillike bevoordeling van Engelstaliges onder die S.A.P.-bewind teen te werk. Met die groot aantal Engelssprekendes in S.A. Party-geledere, is dit verstaanbaar dat die Pakt-beleid hulle nie sou aanstaan nie en dat dit vir hulle 'n bron van groot kommer geword het. Die venynige aanvalle op die regering het partygevoelens laat versleg, aangesien die Afrikaner-Nasionalis steeds gevoel het dat hulle inderwaarheid presies gedoen het wat hul voorgangers in hul regeringstyd gedoen het. Die opposisie-kritiek het gevolglik weinig uitwerking op die regeringsbeleid in die praktyk gehad.

Sedert die erkenning van Afrikaans as amptelike taal is verskeie maatreëls deur die Pakt-regering getref ten einde Afrikaans te bevoordeel en te bevorder. So het die regering 'n bedrag van R50 000 vir 'n Afrikaanse woordeboek gestem; spesiale onderwysers aangestel ten einde tweetaligheid op die spoorweë te bevorder; in 1928 R1 miljoen vir die oorplasing van Afrikaners uit Angola na Suidwes-Afrika goedgekeur; die begroting in 1924 vir die eerste keer in Afrikaans gelees, en die Bybelvertaling in Afrikaans met regeringsteun bespoedig.[216] Hierdie stappe het die Engelsgesinde S.A. Party ontstel en is deur baie vertolk as poging om die bande met die Engelse taal en die verbintenis met die Britse Ryk af te skud. Uiteraard sou dit die verhouding tussen die twee hoofpartye sterk beïnvloed. Vir die Afrikaner-Nasionalis was dit

216. D.P. Goosen (red.), Die Triomf van Nasionalisme in Suid-Afrika, (1910-1935), Johannesburg, 1953, pp.76-7.

heuglike oomblikke en prestasies wat in 'n aansienlike mate hul status sou verhoog. Die Afrikaner-Nasionalis het inderdaad 'n geestelike herrysenis ondergaan; 'n herrysenis wat die Britsgesinde S.A. Party-lid nie altyd met genoegdoening aanskou het nie.

DIE SENAATSWET

Gedurende 1926 is die Wet op Myne en Bedrywe van 1911 so gewysig dat bevoegdheidsertifikate vir geskoolde werk slegs aan Blankes of Kaapse Kleurlinge uitgereik kon word. Met hierdie maatreël is beoog om aan Blanke arbeid die wetlike beskerming te verleen wat hom deur die hofbeslissing van 1923 ontneem is. Dié maatreël, die sogenaamde Kleurslagboomwet, is vir die eerste keer in 1925 ingedien, maar deur die S.A. Party bitter bestry wat 'n meerderheid in die Senaat gehad het. Slegs nadat die regering sy toevlug tot 'n gesamentlike sitting van albei huise geneem het, is die maatreël op die wetboek geplaas.

Die stryd om die Kleurslagboomwet het 'n belangrike grondwetlike probleem openbaar. Die praktyk het geleer dat 'n Senaat wat nog onder 'n vorige bewind saamgestel is, 'n regering se werksaamhede onnodig kon vertraag of selfs 'n dooie punt veroorsaak. Die S.A. Party het sy opposisiemeerderheid in die Senaat gebruik om die regering te verhinder om belangrike wetgewing deur te voer. Dit het dikwels tot onnodige partywrywing aanleiding gegee. Die regering het gemeen dit beteken dat die "dooie hand van die verlede" in werklikheid beheer uitoefen. Gevolglik is die Grondwet in 1926 sodanig gewysig dat die Senaat binne drie maande ná 'n algemene verkiesing ontbind en met 'n nuwe Hoërhuis vervang kon word. Dit sou toekomstige party-botsings uit die weg ruim, dog

die probleem was dat die Pakt-regering nog steeds tot met die volgende verkiesing met die teenstand van die Senaat moes rekening hou.[217] Minister Tielman Roos het hom egter onomwonde ten gunste van die algehele afskaffing van die Senaat, 'n onnodige liggaam, verklaar, iets waarin hy deur die Arbeidersparty gesteun is.[218]

Uit hierdie hoofstuk blyk dus in welke mate sekere grondwetlike en kulturele geskilpunte tussen die Nasionale- en Suid-Afrikaanse Party die twee partye teenoormekaar gestel het. Die Afrikaanssprekende het hoofsaaklik binne die Nasionale Party 'n tuiste gevind, terwyl die Engelssprekende hom grotendeels aan die kant van die S.A. Party geskaar het. Weens die taalsamestelling van dié twee partye het die Nasionale Party dus die stempel van Afrikaner-Nasionalisme gedra en sou hulle die beginsel van Suid-Afrika eerste in alle opsigte probeer deurvoer. Hierteenoor het die S.A. Party 'n pro-Britse beleid voorgestaan, waarbinne hul alles in hulle vermoë sou doen om die Britse bande en Britse kroon ongeskonde te bly behou. Binne die Nasionale Party kon die pro-Britse S.A. Party-ondersteuner nie sy Britsgeoriënteerde beleid ten uitvoer bring nie; binne die S.A. Party kon die patriotiese Nasionale Party-aanhanger nie sy strewe om sy vaderland in alle opsigte eerste te stel, ten volle uitleef nie. Daarom was die ondersteuners van die twee hoofpartye gedurende 1924 tot 1929 feitlik deurgaans nie in staat om hul politieke teenstanders se politieke sentimente ten volle te begryp nie. Vir die Nasionale Party-volgeling was dit onmoontlik om hom vry te maak van sy Suid-Afrikaansgerigte denke; vir die S.A. Party-lid was dit ondenkbaar dat hy

217. A.J.H. van der Walt, e.a., op. cit., pp.512-3.
218. Dagblad, 12.6.26. Roos te Bethlehem.

hom sou moes losser maak van die magtige Brittanje en die grootse Britse Ryk. Die S.A. Party se pro-Britse voorkeur en die Nasionale Party se nasionaalgeoriënteerde Suid-Afrikaansgerigtheid sou gevolglik die konstitusionele en kulturele verdelingsfaktore bepaal. Weens die feit dat hierdie twee teenstellende denkrigtings, Britse Imperialisme en Afrikaner-Nasionalisme, in 'n groot mate onversoenbaar was, het dit politieke verdeeldheid en wantroue in die hand gewerk, en as sodanig die partyverhouding tussen die twee groot Suid-Afrikaanse partye versteur.

HOOFSTUK IV

DIE NIE-BLANKE VRAAGSTUK AS VERDELINGSFAKTOR

DIE NATURELLE- EN KLEURLINGVRAAGSTUK

Die oorwinning van die Pakt in 1924 het vir genl. Hertzog ook die sleutel tot die oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk gebied. Hy was oortuig dat die kardinale belangrikheid van hierdie vraagstuk algehele partysamewerking in die hand sou werk. Dit was noodsaaklik dat samewerking van die Suid-Afrikaanse Party verkry sou word, aangesien artikel 35 (verskanste artikel) wat die stemregkwalifikasies van Nie-Blankes in die Kaapprovinsie omskryf het, sekere beperkinge bevat het, asook artikel 147 (nieverskans) wat die Unie met die probleem van grondreservering vir die Naturelle belas het. Met uniewording is daar egter geen ander beperkings op die bewindhebbers gelê ten einde sy eie Nie-Blanke beleid te bepaal nie.

Die Botha-regering het reeds die beginsel van territoriale segregasie voorgestaan, maar dit was die Minister van Naturellesake, genl. Hertzog, wat die beginsel in 1913 in die praktyk met die opstel van die Nie-Blanke grondwet toegepas het. As tussentydse maatreël is 'n kommissie benoem wat ondersoek moes instel na die aankoop van verdere grond vir Bantoes. Vanweë die Eerste Wêreldoorlog kon die Beaumont-kommissie, wat die verdere aankoop van grond vir Bantoes moes ondersoek, eers in 1916 verslag lewer en loop die kommissie se bevindinge op die Naturellesake-Administrasiewetsontwerp van 1917 uit. Verdere grondtoekenning is egter op die lange baan geskuif. Dit is gedoen omrede hierdie wetsontwerp met sy segregasie-inslag uitgestel is en die feit dat dit hierna

nog na verdere komitees vir finale aanbevelings verwys is.[1]

Reeds voor die Pakt-bewindsoorname van 1924 het genl. Hertzog hom oor sy voorgenome oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk uitgelaat. So vroeg as 1913 verklaar hy: "Laten wy niet de gehele Unie voor ons nemen, doch een deel afstaan aan de naturellen onder toezicht der Unie-regering."[2] Hertzog stel dit in 1921 duidelik dat daar tussen die Bantoe en die Kleurling onderskei moes word en dat hul nie op gelyke voet behandel kon word nie. Hy bepleit gebieds-, nywerheids- en staatkundige segregasie vir die Naturel.[3]

G.D. Scholtz voer aan dat genl. Hertzog vanaf 1911 tot 1924 twee oogmerke met die Nie-Blanke vraagstuk gehad het, naamlik gebiedskeiding met voldoende grond vir die Nie-Blankes; en dat die Bantoe van die Kaapprovinsie nie gelyke politieke regte met die Blankes sou geniet nie, maar dat hulle op 'n aparte kieserslys geplaas sou word met hulle eie parlementêre verteenwoordigers. Hertzog het groter klem op die eerste aspek as die tweede gelê. Scholtz wys daarop dat sedert Hertzog in 1924 aan bewind gekom het, 'n aksentverskuiwing in sy toesprake plaasgevind het, en dat hy tot 1936 selde na gebiedskeiding verwys het, maar voortdurend klem gelê het op die gevaar wat die Nie-Blanke stemreg vir die Blanke inhou.[4]

Sedert 1924 en ook tydens die verkiesingsveldtog van daardie

1. Vgl. B.S. van As, "Enkele beskouings oor die Naturellebeleid van generaal J.B.M. Hertzog", soos in Hertzog-Annale, Nr. 9, Desember 1965.
2. De Volkstem, 21.1.13. Hertzog te Pretoria, soos aangehaal in G.D. Scholtz, 'n Swart Suid-Afrika?, Johannesburg, 1964, pp.50-1.
3. Die Burger, 14.10.21. Hertzog in Bloemfontein. Vgl. ook Ibid., 9.4.24. Hertzog te Stellenbosch.
4. G.D. Scholtz, op. cit., pp.51-2.

jaar het Hertzog opnuut die beginsel van gebiedsegregasie benadruk[5] en omdat hierdie beleid ook vantevore deur genl. Botha, die eerste S.A. Party-leier, voorgehou is, blyk dit dat Hertzog nie veel probleme in die deurvoering van die beleid van segregasie voorsien het nie. "After all, he (Smuts), himself had proclaimed the principle of 'parallel institutions' and had embodied that principle in legislation. In doing so, he had won applause not only in South Africa but also in Great Britain."[6]

Daar bestaan geen twyfel dat genl. Hertzog uit sy pad sou gaan om opposisiesteun vir sy Nie-Blanke beleid te wen nie. Ten einde hierdie ideaal te kon bereik, was dit van belang om vir die Kaapse Nie-Blanke kiesers 'n aanvaarbare alternatiewe oplossing in die plek van hul bestaande stemreg aan te bied, want slegs langs hierdie weg kon hy die S.A. Party se steun wen. Hancock stel dit duidelik dat "the policy of differentiation remained highly respectable throughout the 1920's both in political and in academic circles. Differences of opinion, when they arose, were not so much upon the point of principle as upon the problems of education."[7]

In Junie 1924 sou Hertzog as Premier ook die portefeulje van Naturellesake behartig. Genl. Hertzog het nie gehuiwer om die Nie-Blanke vraagstuk onmiddellik aan te pak nie. Geleidelik het hy sy beleid begin formuleer. Reeds met die verkiesingsveldtog het hy sy ongeduld met die laissez-faire-houding van die Smuts-bewind betuig en dit duidelik gestel dat daar nie langer gesloer kon word met die oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk nie. Die

5. Vgl. Die Burger, 9.4.24. Hertzog te Stellenbosch.
6. W.K. Hancock, Smuts: The Fields of Force, 1919-50, Cambridge, 1968, p.210.
7. Ibid., p.211.

Blanke beskawing moes gehandhaaf word en beskaafde arbeid beskerm word.[8]

Op 25 Junie skryf 'n Bantoe, I. Makappa, Sekretaris van die Presbeteriaanse sendingkerk te Uitenhage, aan Hertzog in 'n bemoedigende trant: "We believe in race purity and your segregation policy if carried into effect will place our people in favourable position of development. We have no doubt that you will be able to execute your policy ... We have full confidence in you; and beg to assure you of our loyal support as subject race."[9] Dit blyk dat bemoedigende briewe soos hierdie vir genl. Hertzog aangevuur het om die oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk dadelik aan te pak. In 1924 het die Premier laat blyk dat hy 'n Kleurslagboomwet in die vooruitsig stel "restoring in a more explicit form the restrictions of non-Europeans in the north that had been declared ultra vires. It also readjusted the incidence of native taxation in such a way as to relieve the urban native in the north, but to increase the burden on all in the south, and to leave natives everywhere, in practice, dependent in large degree for funds for their own advancement on such portion of the proceeds of native taxation as had not been devoted to the general governance of the Union."[10] Genl. Hertzog het dus in 1924 die Nie-Blanke vraagstuk met die uiterste versigtigheid hanteer ten einde die opposisie nie negatief daarop in te stel nie.

Die verskyning van die werk van Edgar Brookes, The History of Native Policy in South Africa, in 1924, waarin vir segregasie voorbrand gemaak is, het die beleid van Hertzog enersyds gunstig

8. Volksblad-versameling, Lêer 1. Inligtingstukke.
9. J.B.M. Hertzog-versameling, Band 35. Makappa aan Hertzog, 25.6.24.
10. The Round Table, Nr. 87, Junie 1932.

en andersyds ongunstig beïnvloed. The Star beskou hierdie boek as "a clever piece of propaganda, and something more. He evades crucial points and he looks some of his difficulties in the face only in order to pass them by". Brookes se stelsel van semi-segregasie sal nie bestaande probleme van kontak tussen Blankes en Bantoes oplos nie, maar veel eerder nuwe probleme vir nywerheidsgebiede en die Bantoes self skep. Die redakteur kom tot die slotsom dat die verskil tussen die destydse Rhodes Glen Grey-beleid en die semi-segregasiebeleid van Hertzog - indien hy so 'n beleid het - geleë is in die feit dat in eersgenoemde geval die beleid uitgevoer is "and in the latter the alleged author is still beating the air".[11]

Die Burger, het 'n sterk pleidooi vir 'n nie-partypolitieke benadering tot die Nie-Blanke vraagstuk gelewer omdat dié vraagstuk 'n suiwer nasionale karakter het. Sodra dit tot 'n saak van partypolitiek verlaag word, is 'n oplossing wat tot permanente heil van die land en volk sal wees, uitgesluit. Genl. Smuts word vir sy partypolitieke benadering van die vraagstuk gedurende die onlangse verkiesing verwyt. Op 2 Junie 1920 het Smuts nog verklaar dat segregasie die wet van die land is en dat dit gladnie die bedoeling is om daarvan af te wyk nie, dog op 23 April 1924 sê hy te Pretoria-Wes in sy manifes-toespraak: "Ek vrees genl. Hertzog gaan die land laat skipbreuk ly met sy segregasiestokperdjie."[12] Daarmee het Smuts die Nie-Blanke vraagstuk binne die partypolitieke arena gesleep.

Voor die Sinode van die N.G. Kerk van die Kaap het dr. C.T. Loram, lid van die Kommissie vir Naturellesake, op 5 November 1924

11. The Star, 18.10.24. Hoofartikel.
12. Die Burger, 7.11.24. Hoofartikel.

tereg in sy lesings verklaar dat die hoofgedagte van die Nie-Blanke politiek van die verskillende Suid-Afrikaanse regerings nog altyd dieselfde was, naamlik segregasie het die grondtoon daarvan gevorm. "Die luide proteste van enkele polietisie, wat nie van 'n enkele punt uit hulle karige program afstand wil doen nie, kan daaraan niks verander nie. Die volk is voor segregasie."[13]

The Friend voel dat die Nie-Blanke vraagstuk geen onmiddellike gevaar vir die Blankes inhou nie, maar dat weens die Nie-Blankes se geweldige bevolkingsgroei daar nie te lank met die vraagstuk gesloer moet word nie. Die redakteur is vol lof vir prof. Brookes se werk en wys veral op die feit dat "it proceeds upon the sound principle of line upon line, precept upon precept ... Above all, he is concerned not so much about pulling down as about building up".[14] Dit blyk dat Smuts se idee van 'n Nasionale Konvensie sy beslag in Brookes se werk oor die Nie-Blanke vraagstuk gehad het.

Die opposisie het hul ontevredenheid uitgespreek oor die feit dat die Premier die portefeulje van Naturellesake behartig en as sodanig die doeltreffende funksionering van die departement gekortwiek het. Hul bepleit 'n reorganisasie van die Departement van Naturellesake, aangesien die ontwikkeling van Bantoe in hul eie gebiede feitlik tot stilstand gekom het.[15]

Teen die einde van 1924 het die opposisie ook vir genl. Hertzog oor sy onderhandelings met Sekgoma van Betsjoeanaland verkwalik. Aangesien die moontlike inlywing van Betsjoeanaland by die Unie sonder Britse kennisname bespreek is, het die Cape Argus 'n skerp

13. Ibid.
14. The Friend, 10.11.24. Hoofartikel.
15. The Star, 14.11.24. Hoofartikel.

aanval op die regering gemaak vanweë die ignorering van amptelike etiket deur die Imperiale regering nie in die saak te ken nie.[16] The Natal Witness raak 'n ander aspek van die saak aan: "The Native Department of the Union has enough hay on its fork just now without burdening itself with another 150 000 natives, who, there is not the slightest doubt, would prove most unwilling subjects."[17]

Gedurende 1925 sou genl. Hertzog se Nie-Blanke beleid al in 'n mate beslag kry, maar tegelykertyd sou dit ook vir hom duidelik word dat die opposisie moeilik oorgehaal sou word om sy voorgenome Nie-Blanke wette te steun. Dit het reeds in Februarie 1925 geblyk toe die regering die Kleurslagboomwetsontwerp vir die eerste keer ingedien het. Die oogmerk met die wetsontwerp was om die Wet op Myne en Bedrywe van 1911 so te wysig dat bevoegdheidsertifikate vir geskoolde werk alleen aan Blankes en Kaapse Kleurlinge uitgereik kon word. Minister F.W. Beyers, Minister van Mynwese en Nywerheid, het hierdie Wet op grond van die feit dat selfbehoud die eerste wet van die natuur is, geregverdig.

Genl. Smuts het skerp hierop reageer en aangevoer dat dit die nywerheidskleurslagboom vir die eerste keer statutêr gemaak het. Dit dui vir hom op "encircling a white oligarchy with a ring fence", terwyl die Wet sonder die beloofde onderhandeling met die Naturellesake Kommissie van 1920 of met die Nie-Blankes self ter tafel gelê is. Smuts voel "this is not honest dealing ... It will recoil on us".[18] Smuts was ook ten gunste daarvan dat die Asiate nie deur die Kleurslagboomwet geraak sou word nie,

16. The Cape Argus, soos aangehaal in The Natal Witness, 29.12.24. Hoofartikel.
17. The Natal Witness, 29.12.24. Hoofartikel.
18. The Round Table, Nr. 60, September 1925.

aangesien dit nie alleen 'n stigma aan die Indiërs sou laat kleef nie, maar ook omdat hul probleem verskillend van aard was.[19]

Hertzog het 'n versoenende houding ingeneem en Smuts se morele besware teen die Kleurslagboomwetsontwerp aanvaar en voorgestel dat hul die saak op nie-partypolitieke grondslag deur wedersydse onderhandelings besleg. Binne die aangewese gekose komitee kon hul egter slegs mondelinge veranderings aan die wetsontwerp wat reeds sy tweede lesing deurloop het, voorstel.[20] Die Burger het genl. Smuts se toespraak tydens die tweede lesingsdebat as aanmoediging tot opruiing onder Bantoes bestempel,[21] terwyl die Cape Times toegee dat waarskuwende toesprake soos dié van Smuts deur Nie-Blanke agitators misbruik kon word, "but a civilisation which should suppress the voice of warning, because its words may be misinterpreted, would sign its own death warrant, especially in South Africa".[22]

Vanuit opposisiegeledere is genl. Hertzog en minister Beyers veral oor hul miskenning van die Transkeise Naturelleraad skerp gekritiseer. Die werksaamhede van die gekose komitee sou op 'n dooie punt uitloop. Die Speaker se voorstel "that it is the duty of the Committee to investigate and report on the question as to how and to what extent that principle (of the Bill) should be put into operation", is deur die meerderheid Pakt-komiteelede verwerp. Nadat enkele lede van die Naturellesake Kommissie oor die

19. Smuts Papers, V. Voetnootaantekening, p.244; J.G. Strijdomversameling, Band 147. Die Naturelle- en Kleurlingpolitiek van die Nasionale Party en die standpunt wat deur die S.A.P. ingeneem word.
20. The Round Table, Nr. 60, Sept. 1925; Cape Times, 27.3.25. Hoofartikel.
21. Die Burger, soos aangehaal in die Cape Times, 22.4.25. Hoofartikel.
22. Cape Times, 22.4.25. Hoofartikel.

herbewoording van die wetsontwerp geraadpleeg is, het minister Beyers namens die Komitee bekend gemaak dat hul nie bereid is om "eindelose getuienis aan te hoor nie". Op 19 Junie is die derde lesingstadium afgehandel, dog die Senaat keur dit met 17 stemme teenoor 13 af.[23]

In die Senaat het senator Watkins, lid van Kaapland, die Kleurslagboomwetsontwerp as 'n verkragting van die regte van die Kaapprovinsie bestempel. Hoewel die wetsontwerp nie op die Kaapprovinsie van toepassing is nie, verlang hul 'n duidelike wetsklousule waardeur die toepassing van die Wet in Kaapland verbied word. In Kaapland besef hulle hul verantwoordelikheid teenoor die Nie-Blanke om hom op te hef. Senator Stuart, benoemde Vrystaatse lid, het beweer dat alhoewel die kreet met hierdie wetsontwerp selfbehoud was, hy daarin die ondergang van die Blanke sien.[24] Senator C.J. Langenhoven, Kaaplandse N.P.-lid, het hierop geantwoord dat die regering bloot langs wettige kanale dit probeer tot stand bring wat die Smuts-regering onwettiglik gedoen het.[25]

In hierdie dae skryf genl. Smuts aan sy gewese privaatsekretaris, E.F.C. Lane: "In parliament the Pact is making a sad mess of things. We've passed through the assembly a colour bar bill which will set the Native and Asiatic population by the ears, and a minimum wage bill which is as bad as anything they have in Australia.[26] The Labour wing is driving the Pact on to the rocks, and although it may take some years for the public to realize the inwardness of all that is happening, in the end their

---

23. The Round Table, Nr. 60, September 1925. Vgl. Cape Times, 24.3.25. Hoofartikel.
24. Die Burger, 3.7.25.
25. Ibid., 14.7.25.
26. Die Loonwet, Wet nr. 27 van 1925, het vir die vasstelling van lone van ongeskoolde arbeiders voorsiening gemaak, en het aan die hand hiervan tussen "beskaafde" en "onbeskaafde" arbeid onderskei. Sien Hoofstuk 5.

eyes will surely be opened and they will be rid of the Pact government."[27]

Die Natal Witness het ook die Kleurslagboomwetsontwerp verwerp en verklaar: "What he (Hertzog) and his Government have done is to proclaim to the natives that, no matter how advanced or skilful they may become, industrially, they are eternally barred in virtue solely of their colour, from ever ranking as 'civilised'. That is the cardinal error of his policy."[28]

Op sy Transkeise reis in Augustus het die Premier sy Kleurslagboomwetsontwerp verdedig en aangevoer dat die Nie-Blankes die eerste sou wees om daaronder te ly indien Kleurslagboom verwyder sou word. Blankes word hiervolgens nie toegelaat om in Nie-Blanke gebiede sonder 'n lisensie handel te dryf nie en hy beskou dit nie as onregverdig dat sekere beroepe vir Blankes reserveer word nie. Deur die Kleurslagboom word die Nie-Blankes ook in staat gestel om hul rassesuiwerheid te behou.[29]

Umteteli wa Bantu het op 31 Oktober heftige kritiek op die voorgenome Kleurslagboomwet gelewer: "No such unnatural interference with the human rights of a virile and advancing people could be permanent; nor is our Legislature strong enough to withstand the storm of world protest that the passing of such a measure would evoke."[30] Ondanks die Nie-Blanke besware teen en opposisiekritiek op die Kleurslagboomwetsontwerp, sou die Premier in 1926 sy toevlug tot 'n gesamentlike sitting van albei huise neem om die maatreël deur te voer en as wet te bekragtig.

---

27. Smuts Papers, V. Smuts aan E.F.C. Lane, 1.7.25.
28. The Natal Witness, 21.8.25. Hoofartikel.
29. Cape Times, 24.8.25. Hertzog te Ugie.
30. Umteteli wa Bantu, 31.10.25. Hoofartikel.

Vóór die aanname van die Kleurslagboomwet in Mei 1926 het verskeie Naturelleleiers daarteen beswaar gemaak. So het H.W. Taberer, 'n Bantoe, op 4 Mei aan Smuts geskryf dat hul goeie gesindheid teenoor die Blankes deur hierdie Wet 'n radikale verandering ondergaan het. Hy versoek Smuts om alles moontlik te doen om aanname daarvan te verhoed.[31]

Tydens die debat in die Volksraad het genl. Hertzog heftig teen Smuts en 'n aartsbiskop wat 'n "memorie" aan hom gestuur het te velde getrek. Smuts skryf hieroor aan sy vrou dat Hertzog hom weer te buite gegaan het en dat dit lyk asof hy nie by sy volle sinne is nie.[32] Aan Crewe skryf Smuts: "Hertzog's attack on the English churches and missionaries was in shocking bad taste",[33] terwyl sy Britse vriende, die Gilletts, van Smuts moes hoor: "Politics is getting very bitter and unpleasant, and the racial temperature is once more rising".[34]

Ná die aanname van die Kleurslagboomwetsontwerp het genl. Smuts te Port Elizabeth verklaar, dat die Wet baie daartoe bygedra het om die Nie-Blankes se vertroue in die Blanke te skaad. Dit is betreurenswaardig vir die Blanke dat 'n man bloot op grond van sy velkleur daarvan weerhou word om sekere tipes werk te verrig. Die Nie-Blanke word onder die indruk gebring dat die Blanke sy ontwikkeling wil vertraag, sodat dit te midde van die Nie-Blankes se gees van agterdog vir Hertzog of enigiemand anders uiters moeilik sal wees om die Nie-Blanke vraagstuk bevredigend te hanteer.[35]

31. Smuts-versameling, Band 204. Taberer aan Smuts, 4.5.26.
32. Smuts Papers, V. Smuts aan sy vrou, 12.5.26; Smuts-versameling, Band 205. Smuts aan sy vrou, 12.5.26.
33. Smuts Papers, V. Smuts aan Crewe, 14.5.26; Smuts-versameling, Band 205. Smuts aan Crewe, 14.5.26.
34. Smuts-versameling, Band 205. Smuts aan Gilletts, 14.5.26.
35. Rand Daily Mail, 1.9.26. Smuts te Port Elizabeth; The Star, 1.9.26. Smuts te Port Elizabeth.

Op Humansdorp het Smuts beweer "that the day the white man became unjust in his actions towards the native or coloured man, that day he became apprehensive of the future of civilisation in South Africa". Genl. Hertzog het volgens Smuts met sy optrede 'n oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk bemoeilik. Vervolgens het Smuts aangevoer dat hy maar versigtig is om iets oor die Nie-Blanke vraagstuk te sê aangesien die Pakt-regering uit hul pad sou gaan om die teenoorgestelde van dit wat hy bepleit ten uitvoer te bring.[36]

Dit ly geen twyfel dat die onenigheid oor die aanname van die Kleurslagboomwetsontwerp onmin tussen die twee hoofpartye veroorsaak het nie. Dit blyk egter dat die Kleurslagboomwetsontwerp in 'n kalme en bedaarde gees tussen die twee hoofpartye bespreek is. Dit het nie gepaard gegaan met die emosionele opwelling en geweldige rasse-vooroordeel waarmee die vlagstryd, die republikeinse ideaal en ander konstitusionele en kulturele verskille betwis is nie. Gevolglik sou die partyverhouding geensins so ernstig as in genoemde gevalle versteur word nie, dog persoonlike uitlatings en miskenning van die gemeenskaplike strewe om die Nie-Blanke vraagstuk, en dus ook die Kleurslagboomwetsontwerp, buite die partypolitieke arena te hou, het gemoedere soms laat opvlam.

Wat genl. Hertzog se segregasieplanne betref, was dit reeds vroeg in 1925 duidelik dat die Premier veral met die Natalse S.A. Party-lede gekonfronteer sou word in sy voorgenome beleid van territoriale segregasie. Hierin het die S.A. Party-L.V. vir Illovo, J.S. Marwick, 'n leidende rol gespeel en in die Natal

36. Rand Daily Mail, 3.9.26. Smuts te Humansdorp.

Mercury daarop gewys dat die Beaumont-kommissie aangetoon het dat Natal by verre die grootste persentasie grond, naamlik 43,1 persent aan sy Nie-Blankes afgestaan het, teenoor die 9,4 persent, 15,2 persent en 1,5 persent respektiewelik van die Kaapprovinsie, Transvaal en die Vrystaat. Hierbenewens stroom Nie-Blankes van die Vrystaat en Kaapprovinsie oor die Natalse grens die provinsie binne, sodat Marwick die Natallers maan: "Unless we protest now and right vigorously, we shall deserve whatever fate General Hertzog sees fit to award to us." Die strydkreet van Natal moes wees: "Hands off Natal! Not a single acre more from Natal for Native area!"[37]

Een van die belangrikste leemtes in die segregasiebeleid blyk dus, met die uitsondering van Natal, die gebrek aan genoegsame grondgebied vir die steeds groeiende Nie-Blanke-bevolking te wees. Die London Times wys tereg daarop dat die segregasiebeleid nie uitsluitlik van die Nasionale Party kom nie, maar dat genl. Botha reeds die grondslag daarvoor ná uniewording gelê het. Dié koerant toon ook aan hoe die Beaumont-kommissie slegs 13 persent van Suid-Afrika vir 4½ miljoen Nie-Blankes opsy sit, teenoor 87 persent vir 1½ miljoen Blankes.[38]

Dit was duidelik dat daar nie met die Nie-Blanke vraagstuk gesloer kon word nie en Howard Pim, Johannesburgse rekenmeester en bekende welsynwerker onder Nie-Blankes op die Rand, skryf op 22 Januarie aan die Premier: "I feel strongly that we have reached a very critical point in the relations of Europeans and Natives in South Africa and we cannot afford to take any action that may

37. The Natal Mercury, 15.1.25. Artikel deur Marwick. Vgl. Cape Times, 22.1.25.
38. London Times, 16.1.25. Imperial and Foreign News.

imperil the security of the basis of goodwill on which all satisfactory and permanent relations between the two races must rest. Indeed, it greatly needs strengthening."[39]

Met die besoek van die Naturellesake-kommissie aan Natal teen die einde van Januarie 1925 het die Natallers voet by stuk gehou dat hulle hul deel in die afstaan van Nie-Blanke grondgebied gedoen het en dat ander provinsies ook nou hul deel moes bydra. Hieroor het alle partye in Natal volmondig saamgestem[40] - iets wat die partyverhouding aldaar tydelik gunstig sou beïnvloed.

Klaarblyklik het Hertzog die steun van sommige invloedryke Nie-Blanke leiers geniet met sy voorgenome segregasiebeleid, al was dit maar bra wispelturige steun. Die ekstremistiese, Clemens Kadalie, sekretaris van die I.C.U., het in die Waaihoek-lokasie in Bloemfontein te kenne gegee dat genl. Hertzog goedhartiger as genl. Smuts is, omdat eersgenoemde 'n "vrede-man" is en Smuts as soldaat baie lief vir oorlog is. "Ons is bly dat die Nasionaliste gewen het, omdat die S.A.P. Engelse was, en 'n Engelsman is 'n huigelaar. 'n Engelsman is nie te vertrou, selfs nie in die hel nie."[41]

Teen die einde van Maart verklaar genl. Hertzog dat hy met gebiedsegregasie en die toekenning van Nie-Blanke grond op dieselfde grondslag as die S.A. Party voortbou. Hierdie verklaring en die Opposisieleier se gematigde waarskuwing teen die verandering van die Kaapse Kleurstem, beweeg die redakteur van die Cape Times tot die uitspraak dat die twee leiers 'n navolgingswaardige voor-

39. Hertzog-versameling, Band 35. Pim aan Hertzog, 22.1.25.
40. Cape Times, 22.1.25. Naturellesakekommissie te Newcastle.
41. Hertzog-versameling, Band 35. C.J. van R. Smit aan Hertzog, 25.3.25.

beeld vir hul volksgenote gestel het. Genl. Smuts het met oortuiging in die Volksraad verklaar dat hul slegs met behulp van 'n Nasionale Konvensie die Kaapse Kleurstemvraagstuk na behore kon oplos. Die leiers van die twee hoofpartye het op 25 Maart erken dat hul nog met die Nie-Blanke vraagstuk in die duister tas. Aan die hand hiervan beweer die Cape Times: "Their admission should be sufficient to stamp anyone who attempts to make party capital out of the native question in future as a dangerous mischief-maker. And from a non-party attempt to treat this as a national question - above politics - may come a new humility, a strict questioning of preconceived ideas, a really national resolve to build for the whole of South Africa - not white only but black too - the foundations of a future house of concord and mutual advancement."[42]

Wat Naturelle-oproer betref, was daar 'n redelike mate van eensgesindheid tussen die twee hoofpartye oor die ferme hantering van hierdie oorwegend kommunisties-geïnspireerde onluste. Ná die oproerigheid by die Waaihoek-lokasie in Bloemfontein openbaar die Cape Times 'n mooi gesindheid hieroor as hy sê: "God forbid that any political party should be tempted to attempt to exploit such occurences as that at Bloemfontein for party purposes." Dog hy voeg daaraan toe: "But the highest duty of any party in South Africa is to test any measure affecting the natives proposed by the Government of the day by the criterion of the lasting relations between white and black." Enige Suid-Afrikaanse regering moet die Nie-Blankes met soveel eerlikheid en regverdigheid behandel dat die swak invloed van die agitator magte-

42. Cape Times, 27.3.25. Hoofartikel.

loos teenoor hul lojaliteit sal staan.[43]

Die gemeenskaplike strewe na daadwerklike optrede teen Nie-Blanke agitators en -oproerigheid het die onderlinge versoenings-gees tussen die Nasionale- en S.A. Party gunstig beïnvloed. Op 23 April het die Sons of England (S.O.E.) deur middel van hul sekretaris aan Hertzog 'n telegram gestuur, wat soos volg lui: "My society desire support Government in taking steps to prevent inflammatory speeches by Bunting[44] whereby deluded Natives are being incited to defy the laws of the Union we consider this a menace to the peace and prosperity of South Africa and consider strong and immediate action."[45]

De Volkstem wys daarop dat genl. Hertzog in die Volksraad 'n beroep op genl. Smuts gedoen het om die regering te help om 'n uitvoerbare oplossing vir die Nie-Blanke vraagstuk te vind, iets waartoe Smuts hom bereid verklaar het. Genl. Hertzog het die onlangse verkiesing gewen omdat die volk gemeen het dat hy die oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk in sy sak ronddra, terwyl hy tans erken dat dit nie die geval is nie. De Volkstem voel dat die regering in die lig van die beskamende omstandighede geen bevredigende oplossing anders as langs die weg van breë patriotiese samewerking van alle bestaande politieke partye kon bereik nie. Dit is egter moeilik om te sê of die partye in staat sou wees om hul bokant dié soort van oorwegings te verhef. "En as onverhoop mag blyk dat die ellendige party-stelsel in die weg staan aan 'n vir die witman bestaanbare oplossing, dan kan wel-

43. Ibid., 22.4.25. Hoofartikel.
44. Kommunistiese agitator wat veral onder die Bantoes aktief bedrywig was.
45. Hertzog-versameling, Band 35. Telegram: Sekretaris van S.O.E. aan Hertzog, 23.4.25.

haas nog die dag aanbreek dat 'n groot, georganiseerde witmansmening oor die hele land die saak self onderhande neem."[46]

Op 18 Junie het dr. D.F. Malan, Minister van Binnelandse Sake, die Maleiers in die Kaapstadse stadsaal toegespreek en onder meer gesê dat die politiek van die Pakt-regering is om die Slamse nie as Asiate nie, maar as Suid-Afrikaners te beskou. Die regering sou altyd poog om aan die Slamse 'n hoër status as tans te gee, naamlik gelyke regte met die Blanke man.[47]

Gedurende die Volksraadsitting van Julie het die Premier aangekondig dat hy in 1926 sy Naturellewetsontwerp aan die Parlement sou voorlê. Die uitbreiding van die Kleurlingstemreg oor die hele Unie was deel van die wetsontwerp, en is beskou as iets wat deur tydsomstandighede genoodsaak is. De Volkstem kan die Afrikaner-gedagtegang van veral die Kaaplanders wat 'n indiwidu met 'n bietjie Blanke bloed summier as gelyke van die Witman wil aanmerk, nie verstaan nie. Die blad verwys onder meer na advokaat C.F. Stallard, S.A. Party-Volksraadslid vir Roodepoort, se onlangse verwerping van Rhodes se gelykstellingsidee en die aanvaarding van segregasie. Die redakteur bepleit die oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk buite die partypolitieke arena, terwyl hy glo dat die uitbreiding van Kleurstemreg tot die drie noordelike provinsies geen oplossing sou bied nie, maar die saak slegs sou vererger. Daarom beveel hy aan dat die Kaapse Nie-Blankes

46. De Volkstem, 13.5.25. Hoofartikel.
47. Pamflet. Dr. Malan se Kleurlingbeleid vanaf 1921-1932. Uitgegee deur Unie-Volkspers; Pamflet. Die Kleurlingstemreg en die Grondwet. Uitgegee deur die Bond vir Burgerregte; Pamflet. Die Herenigde Party se beleid? Volgens sy leier, Dr. D.F. Malan. Uitgegee deur die Verenigde Party; Pamflet. Dr. Malan en die Kleurlinge. Oorgeneem uit die Baanbreker, 11.3.38; Pamflet. Ontmoet die Nasionale Party - leidraad tot Gesuiwerde Nasionalisme; L.M. Thompson, The Cape Coloured Franschise, p.25; Die Burger, 18.6.25.

se stemreg behoue bly en dat die Nie-Blankes in die noordelike provinsies 'n soort seggenskap in die reëling van hul eie sake binne hul eie reserwes deur benoemde regeringsamptenare verkry.[48]

The Natal Witness beweer teen Augustus dat die Nie-Blankes steeds meer ontevrede met Hertzog se Nie-Blanke wetsontwerp begin raak. Hy bestempel die Premier se optrede teenoor die Nie-Blankes as gematig en glo nie dat hy teenoor hulle vyandiggesind is nie, "but he has become so obsessed with his policy of native segregation as the sole penacea for all the ills that afflict the country, that he is inclined to regard every aspect of the position from the segregation angle". Hoewel die Pakt nie volkome besef wat "beskaafde arbeid" beteken nie, hou hulle vol dat sodanige beleid deel van hul segregasiebeleid vorm. Die koerant voel dat die Premier deur die Nie-Blanke vraagstuk 'n groot geleentheid gebied word en spreek die hoop uit dat hy dit wyslik tot voordeel van die land as geheel sou aanwend, en nie maar alleen om sy eie voorafbeplande idees ten uitvoer te bring nie. Indien hy soos 'n staatsman en nie slegs as 'n partyleier sou optree nie, sou hy Suid-Afrika 'n groot guns bewys.[49]

Dit kom soms voor asof genl. Hertzog met die vooruitsigte op die indiening van die Nie-Blanke wetsontwerpe in die volgende jaar, gedurende die laaste paar maande van 1925 party- en rasseonmin tot 'n minimum wou beperk, of selfs uitskakel. So het hy op 22 Augustus te Elliot in dankbaarheid gewag gemaak van die feit dat hy nog nooit so 'n goeie onderlinge gesindheid tussen die twee Blanke bevolkingsgroepe (en gevolglik ook tussen die

48. De Volkstem, 12.8.25. Hoofartikel.
49. The Natal Witness, 21.8.25. Hoofartikel.

partye) as tans ondervind het nie.[50] Die Premier het klaarblyklik met vreugde hiervan kennis geneem, aangesien 'n gesonde partyverhouding as fondament vir die deurvoering van sy Nie-Blanke wetsontwerpe kon dien.

Genl. Hertzog se probleme insake die Nie-Blanke kwessie is vergroot toe sy Minister van Justisie en leier van die Transvaalse Nasionale Party, Tielman Roos, aan die kiesers van Scheerpoort gesê het dat hy onderneem om uit die Nasionale Party te bedank indien die regering sou toelaat dat 'n Nie-Blanke parlementêre verteenwoordiging verkry; of indien die regering sou toelaat dat Blankes wat die Nie-Blankes verteenwoordig in die Parlement stem; of indien hulle die Nie-Blanke stemreg na Transvaal sou uitbrei.[51] Dit beweeg genl. Smuts om aan F.S. Malan, voormalige L.V. en oud-S.A.P.-minister te skryf: "Ek twyfel of die land ryp is vir 'n oplossing van die naturelle vraagstuk, soos deur Hertzog bedoel; en die houding van Tielman Roos bevestig my twyfel."[52]

Dit is jammer dat Roos so 'n standpunt ingeneem het juis op 'n tydstip toe dit wou voorkom asof 'n oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk deur partysamewerking dalk moontlik sou wees. Roos moet hieroor egter nie te kras veroordeel word nie, aangesien hy nie slegs na die mond van sy Transvaalse volgelinge gepraat het nie, maar klaarblyklik ook uit innerlike oortuiging. Die Burger betreur Roos se uitlatings oor die kwessie en skryf dit grootliks aan die "gedrang van die verkiesingstryd" in die tussenverkiesing by Pretoria-Suid toe. Daar moet teen 'n partypolitieke twis gewaak word; aangesien dit tot gevolg het dat die Nie-Blankes hul

50. Cape Times, 24.8.25. Hertzog te Elliot.
51. Hertzog-versameling, Band 128. Knipsel uit Ons Vaderland, s.d.; Die Burger, 12.9.25. Hoofartikel.
52. Smuts Papers, V. Smuts aan Malan, 11.9.25.

respek vir alle Blankes verloor, dog dit impliseer nie dat 'n besondere sienswyse daardeur verwaarloos sal word nie.[53]

Tydens 'n vergadering van die S.A. Party se uitvoerende komitee te Kaapstad op 11 September het die Hertzog-voorstelle rakende die Nie-Blankes en die Premier se samesprekings met die opposisie ter sprake gekom. In die loop van die bespreking is drie sake benadruk: Dat die S.A. Party versigtigheidshalwe Hertzog se voorstelle op skrif moes kry, aangesien Hertzog maklik met die opposisie se kalwers kon ploeg, terwyl 'n skriftelike bevestiging ook nuttig sou wees indien daar misverstand sou ontstaan oor wat werklik plaasgevind het. In die lig van die teenstrydige S.A.P.-opinies, veral tussen Transvaal en die Kaapprovinsie, moes hul met versigtigheid toesien dat, alhoewel hul die Nie-Blanke vraagstuk nie as 'n party-saak wou hanteer nie, dit nie binne S.A.P.-geledere 'n skeuring sou veroorsaak nie. Daarom word dit as wenslik beskou om 'n deur oop te hou en om nie die hele S.A. Party onvoorwaardelik deur 'n ooreenkoms met genl. Hertzog te bind nie.[54]

Genl. Hertzog het saam met N.C. Havenga, Minister van Finansies, 'n uitgebreide toer deur die Transkei onderneem ten einde eerstehandse kennis aangaande die Nie-Blankes op te doen.[55] Die Naturelle-kerkkommissie het intussen 'n verslag uitgebring waarin onder meer beweer is dat "the natives of South Africa are in fact beginning to think in terms of a common nationality" as onvermydelike uitvloeisel van die beskawingsproses. Dit sou die

---

53. Die Burger, 12.9.25. Hoofartikel.
54. Smuts Papers, V. Malan aan Smuts, 11.9.25; Smuts-versameling, Band 202. Malan aan Smuts, 11.9.25.
55. Vgl. J.S. Smit-versameling, Band 11. Havenga aan Smit, 14.9.25; De Volkstem, 12.8.25. Hoofartikel.

taak van die administrasie wees om hierdie gevoelsuitinge langs die regte kanale te lei.[56]

Die Nasionale Party-mondstuk, Ons Vaderland, onderskei in 'n hoofartikel op 22 September tussen twee gedagterigtings aangaande die Nie-Blanke vraagstuk. Eerstens verwys hy na die S.A. Party se "laat-maar-loop-beleid", waaruit die gebrek aan 'n oplossing duidelik spreek, terwyl hul die segregasie-politiek nogtans met hand en tand bestry. Hierteenoor was daar die "weg van hoop", naamlik die Nie-Blanke staatkunde bekend as die segregasiepolitiek. Minister Roos se standpunt aangaande die uitbreiding van die Nie-Blanke stemreg na die noorde ag die blad "as 'n onveranderlike voorwaarde vir iedere bestaanbare naturelle-politiek, met opsig tot Transvaal sowel as die Vrystaat". Die Unionistiese koerante het Hertzog en Roos se beleid as teenstellend probeer voorstel, maar Ons Vaderland glo dat ook genl. Hertzog die twee voorwaardes van Roos as conditiones sine qua non van enige Nie-Blanke politiek vir die noordelike provinsies erken.[57]

Uit die oogpunt van veral die Afrikaner-Nasionalis is twee baie ernstige gevare in verband met die Nie-Blanke vraagstuk aan die volk voorgehou. Eerstens het 'n groep kommuniste en sosialiste, soos Bunting, Andrews, Glass, e.a. met die gedagte na vore getree dat die Nie-Blanke as die ware proletariaat van Suid-Afrika aangemerk moes word, ten einde hulle vir hul kommunistiese ideale te eksploiteer. Hierbenewens was daar die wesenlike gevaar dat die Nie-Blanke stemreg binne afsienbare tyd in die Kaapprovinsie in alle kiesafdelings oor die Blanke stem die oorhand sou kry, en dat die verpligting aan hierdie lede opgelê sou word om dieself-

56. Cape Times, 17.9.25. Hoofartikel.
57. Ons Vaderland, 22.9.25. Hoofartikel.

de stemreg na die noordelike provinsies uit te brei. Met inagneming hiervan beskou Ons Vaderland die Nie-Blanke vraagstuk as die belangrikste vraagstuk in Suid-Afrika en kan die regering met reg van die opposisie verwag om buite die partypolitiek 'n gemeenskaplike oplossing te probeer vind.[58]

Wat Nasionaliste sedert die dood van genl. Botha in 1919 merkbaar ontstel het, was die sarkastiese manier waarop genl. Smuts na segregasie verwys het. Dikwels het Smuts spottenderwys gevra: "Wat op aarde bedoel julle tog daarmee?", of: "Wil julle die boere dan hul grond afneem en dit aan die kaffers gee?"[59] Dit is deur die Nasionale Party as 'n vertrapping van die ou Botha-Hertzog-ideale aangaande Nie-Blankes vertolk en moes gewis ook by die meer gematigde S.A. Partylede 'n mate van kommer gewek het.

Ons Vaderland het sterk standpunt ingeneem dat daar binne die Nie-Blanke vraagstuk tussen die Bantoe en Kleurling onderskei moes word, aangesien laasgenoemde "op 'n veel hoër plan van beskawing en ontwikkeling as die naturel staan". Die Kleurling se goeie gesindheid moes gewen word, want indien hulle belange agterweë gelaat word, sou dit hulle in die arms van die Bantoes dryf. Dit sou tot gevolg hê dat die Kleurlinge op grond van hul meerdere ontwikkeling byna almal potensiële leiers en agitators sou word.[60]

Waar dit vroeër voorgekom het asof genl. Hertzog met sy segregasiebeleid heelparty Nie-Blanke leiers se steun geniet het, het die teendeel teen die einde van 1925 geblyk. So het daar op 17 Oktober in die Umteteli wa Bantu 'n brief van Z.R. Mahabane, voorsitter van die African National Congress, onder die hofie, Die

58. Ibid. Vgl. Ibid., 25.9.25. Hoofartikel.
59. Ibid., 25.9.25. Hoofartikel.
60. Ibid.

Politieke Toestand en die Bantoe, verskyn. Hierin probeer Mahabane sy rasgenote tot positiewe optrede aktiveer en verwerp hy Hertzog se "beskaafde arbeidsbeleid". Die politiek sal volgens hom in 1926 sy hoogtepunt bereik met die Premier se voorgenome indiening van sy Nie-Blanke wetgewing. "Die arme stemlose Bantoe word, as't ware, in 'n dwarrelwind weggedra; hulle word soos 'n lam ter slagting gelei." Hy moedig Nie-Blankes aan om die erfenis van hul vaders terug te neem.[61] Soortgelyke opruiery en aanhitsing het 'n positiewe uitwerking op die verhouding tussen die twee Blanke hoofpartygroepe gehad, want 'n gemeenskaplike besef het posgevat dat ekstremiste soos Mahabane in die mond geruk moes word. Blankes het ook begin besef dat hul moes saamstaan om die Nie-Blanke vraagstuk, wat soos 'n swaard bo hul hoofde gehang het, gesamentlik op te los.

Daar moet egter ook daarop gewys word dat daar binne die geledere van die S.A. Party 'n meer liberale groep was wat die teenstand teen die Pakt se segregasiebeleid aangeblaas het. Hierdie groep, meestal oud-Unioniste, het hulle dikwels deur die Nie-Blanke standpunt laat lei, terwyl ander in hul gemoed oortuig was dat 'n gelykstellingsbeleid in die Rhodes-tradisie die enigste logiese en regverdige oplossing vir die Nie-Blanke kwessie gebied het. Met hierdie feit voor oë, het die redakteur van die Umteteli wa Bantu hom soos volg oor segregasie uitgelaat: "We cannot discover in General Hertzog's scheme any evidence of the intention to benefit the Native people, and we find comfort only in the belief that the proposals will be vigorously opposed and that the essential two-thirds majority of members of both Houses

61. Umteteli wa Bantu, 17.10.25. Brief van Mahabane.

of Parliament will not be obtained."[62]

Op 7 November het 'n spesiale komitee van die Hoofbestuur van die Transvaalse Nasionale Party 'n aantal belangrike besluite aangaande die Nie-Blanke vraagstuk geneem, wat vir kennisname aan hul nasionale leier oorhandig is. Hulle strewe onder andere 'n eenvormige Nie-Blanke beleid na, die inlywing van die protektorate by die Unie en aanvaar segregasie as grondbeginsel. Segregasie word onder vier hoof-onderverdelings verdeel, te wete territoriale-, maatskaplike-, industriële- en staatkundige segregasie. Eers ná die inlywing van die protektorate kon hul met gebiedsegregasie voortgaan, terwyl maatskaplike segregasie vir die behoud van die Blanke van belang geag word. Nywerheidsegregasie is noodsaaklik omdat dit die armblanke- en werkloosheidsvraagstuk kon oplos. Bedrywe waarvoor 'n bekwaamheidsertifikaat benodig word of toetrede tot die drankhandel, moes nie vir Bantoes of Asiate beskore wees nie. Nie-Blankes moes nie stemreg vir die Volksraad, Provinsiale en stadsrade besit nie, terwyl Nie-Blanke stemreg in die Kaapkolonie ingekort en nie na die noorde uitgebrei moes word nie. Regstreekse verteenwoordiging van Nie-Blankes in die Volksraad word selfs in raadgewende hoedanigheid teengestaan. Die Kleurlingvraagstuk moes agterweë gelaat word totdat die Bantoevraagstuk bevredigend opgelos is.[63]

Dat genl. Hertzog hom hoofsaaklik by die politieke regte van die Nie-Blankes bepaal het, het geblyk uit die toespraak wat hy op 13 November 1925 te Smithfield gehou het, waarin hy sy voorstelle vir die oplossing van dié vraagstuk uiteengesit het. Die grootste gedeelte van die toespraak het hy aan die kiesreg gewy.

62. Ibid., 31.10.25. Hoofartikel.
63. Die Volksblad, 10.11.25.

Al wat die Premier oor gebiedskeiding verklaar het, was dat aan die wet van 1913 uitvoering gegee moes word deur meer grond aan die Bantoe beskikbaar te stel.[64] Dit was reeds duidelik dat Hertzog gebiedskeiding almeer op die agtergrond geskuif het, sodat G.D. Scholtz, verklaar: "Genl. Hertzog se strewe om die Bantoe-vraagstuk op te los het 'n stryd oor die kiesreg geword en niks meer nie. Daarin lê dan ook die kiem van die mislukking van sy beleid."[65]

In sy Smithfield-toespraak het Hertzog daarop gewys dat die Nie-Blanke in Kaapland reeds die stemreg besit en op dieselfde regte en voorregte as die Blankes oor die hele Unie aanspraak maak. Weens die feit dat dit die ondergang van die Blanke beskawing sou meebring, kon die ander provinsies nie aan die eis toegee nie, want selfs in Kaapland sou die Nie-Blanke kiesers oor vyftig jaar die meerderheid hê. Aan die Nie-Blanke eis om politieke regte sou hul moes toegee, maar dan slegs langs die weg van rasseskeiding. Enige voorstel vir 'n oplossing van die vraagstuk moes vir twee-derdes van die volk aanneemlik wees. As oplossing het hy voorgestel dat meer grond vir die Nie-Blankes beskikbaar gestel word en dat hulle opgelei word om binne hulle eie gebiede hul eie sake te behartig. Hertzog wou ook hê dat plaaslike en algemene Bantoerade gestig en 'n jaarlikse Bantoeraad vir die hele Unie ingestel word, waardeur hul sou leer om hulself te regeer. In die plek van die Kaaplandse stemreg beveel Hertzog 'n ander soort verteenwoordiging in die Parlement aan, en wel deur sewe Blankes vir die behartiging van Nie-Blanke

---

64. Die Burger, 14.11.25, soos aangehaal in G.D. Scholtz, op. cit., p.52.
65. G.D. Scholtz, op. cit., p.52.

belange oor die hele Unie aan te stel. Die Kleurlinge kon nie gesegregeer word nie, want dit is N.P.-beleid om hulle ekonomies, industriëel en polities naas die Blanke op te neem. Die Kleurling behoort ook verteenwoordigingsreg in die noordelike provinsies te kry.[66]

Genl. Hertzog het andermaal die dringende noodsaaklikheid van 'n oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk beklemtoon en daarop gewys dat 'n toestand van onsekerheid tot 'n onbevredigende gemoedstoestand by die Blanke, Kleurling en Bantoe lei.[67]

In opposisiegeledere was die kommentaar op Hertzog se toespraak oor die algemeen redelik gunstig. Die Cape Argus het gevoel dat detail-besonderhede ontbreek en dat dit aan die hand daarvan moeilik is om 'n oordeel oor sy toespraak uit te spreek. Die redakteur wys op die houding van Roos en die Transvaalse Nasionale Party en die gevolglike verwarring wat daar by die publiek ingetree het "who have a right to know whether so momentous a proposal is put forward as that of a united Cabinet and Party". Territoriale segregasie as kardinale deel van die segregasiebeleid sou in 'n groot mate die sukses daarvan bepaal en by gebrek aan gedetailleerde besonderhede is dit moeilik om die skema te kritiseer.[68] Die Rand Daily Mail het gewag gemaak van Natal se weiering om verdere grond vir Nie-Blankes beskikbaar te stel en minister Roos se verklaring dat "it was felt by many that too much land had been set aside for native occupation", iets wat noodwendig die implimentering van gebiedsegregasie gaan bemoei-

66. A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid, A.L. Geyer, D.W. Krüger, Geskiedenis van Suid-Afrika, Kaapstad, 1965, p.516.
67. Die Volksblad-versameling, Band 1. Inligtingstukke; Die Burger, 14.11.25. Hertzog te Smithfield; The Natal Witness, 16.11.25. Hertzog te Smithfield.
68. Cape Argus, 14.11.25. Hoofartikel. Vgl. De Volkstem, 16.11.25. Hoofartikel.

lik.[69] The Star raak ook dieselfde aspek aan.[70] Die Natal Advertiser sien die saak so: "The great problem in South Africa is the world's problem. It is the problem of house room ... You cannot build huts upon votes, nor grow mealies nor raise stock. It is land he (the Native) will want."[71]

Wat die uitbreiding van die Nie-Blanke stem na die noordelike provinsies betref, het die opposisiekoerante veral klem gelê op die feit dat die Premier en sy Minister van Justisie teenstellende idees daarop nagehou het.[72] Die Cape Argus het gevoel dat indien die Kleurlingstem nie op dieselfde grondslag as dié van die Blankes toegeken sou word nie, dit in stryd met genl. Hertzog se verklaarde beleid van industriële, ekonomiese en politieke gelykheid met die Kleurling sou wees.[73] The Star was van mening dat die Premier se beleid van uitbreiding van die Kleurlingstemreg na die res van die Unie in ooreenstemming met die ideale van die meeste Kaaplanders is.[74] De Volkstem het daarop gewys dat die Premier ook 'n groot weldaad aan die Blankes voorgehou het, naamlik dat Kaapland van die kombersstem verlos kon word en dat die res van die Unie bevry kon word van die "incubus hoe die demoraliserende Kaaplandse euwel sig een-dag oor die ganse vasteland sou versprei".[75]

Majoor G.B. van Zyl, S.A.P.-L.V. vir Kaapstad Hawe, het die Kleurlinge van Claremont 'n dag ná Hertzog se Smithfield-toespraak toegespreek en aan hulle die vraag gestel of hulle die

69. Rand Daily Mail, 14.11.25. Hoofartikel.
70. The Star, 14.11.25. Hoofartikel.
71. The Natal Advertiser, 14.11.25. Hoofartikel.
72. Cape Argus, 14.11.25. Hoofartikel; De Volkstem, 16.11.25. Hoofartikel; The Natal Witness, 17.11.25. Hoofartikel; Rand Daily Mail, 14.11.25. Hoofartikel.
73. Cape Argus, 14.11.25. Hoofartikel.
74. The Star, 14.11.25. Hoofartikel.
75. De Volkstem, 14.11.25.

voordele van die segregasieskema ten koste van die Bantoe gaan aanvaar. Hy is oortuig dat hulle by die Bantoe gaan staan en sê vervolgens: "Why should the native with education be deprived of the franchise just because his skin is black, when uneducated Europeans are retaining the franchise? I for one will not agree to that. There should be equality for all, certainly industrially and politically." Onder die Smuts-regering was Nie-Blankes ten minste seker daarvan dat geen bestaande regte hulle ontneem sou word nie.[76] Uitlatings soos hierdie het afbreuk gedoen aan die goeie gesindheid tussen die twee hoofpartye. Hierdeur het majoor van Zyl die Nie-Blanke vraagstuk weer eens binne die party-politieke arena gesleep, deur Kleurlinge tot verset teen Hertzog se beoogde wetsontwerpe aan te moedig.

Die voorgenome daarstelling van Bantoerade is oor die algemeen gunstig deur die opposisiekoerante ontvang, maar daar is daarop gewys dat dit in ooreenstemming is met beginsels wat reeds toegepas word.[77] The Star was die mening toegedaan dat Bantoerade in 'n mate die politieke aspirasies van die Bantoe bevredig, maar die leemte is geleë in die feit dat die Bantoeverteenwoordigers in hul stemreg slegs tot Bantoesake beperk is.[78] Die Rand Daily Mail vat die opposisie se mening hieroor mooi saam: "The extension of the Council system can hardly fail to be generally approved. It is a continuance of the policy initiated by General Smuts and accepted by Parliament."[79]

The Star glo dat Hertzog aan die land 'n weg tot segregasie

---

76. Cape Argus, 14.11.25. Van Zyl te Claremont.
77. Ibid. Hoofartikel.
78. The Star, 14.11.25. Hoofartikel.
79. Rand Daily Mail, 14.11.25. Hoofartikel.

sonder ekonomiese wanorde voorhou, dog sy toespraak, bewonderenswaardig in sekere opsigte, het inderwaarheid weinig opgelewer wat so 'n onderneming regverdig.[80] Die Cape Times doen 'n beroep op sy lesers om die gees van staatsmanskap waarmee genl. Hertzog die Nie-Blanke vraagstuk benader as sodanig te aanvaar. Die redakteur spreek sy tevredenheid uit oor die beoogde beskikbaarstelling van meer grond aan Nie-Blankes, plaaslike selfbestuur en aanmoediging tot beter opvoeding van regeringskant. "Then, when the plan in its full content is submitted to the judgement of the country the Prime Minister may be assured that it would receive the fairest consideration without regard to party."[81] Die Rand Daily Mail glo dat 'n oplossing vir die Nie-Blanke vraagstuk onder die Premier se leiding bereik kon word, maar beskou dit as noodsaaklik dat alles moontlik gedoen moes word om die Nie-Blankes se steun te werf.[82]

De Volkstem beveel as modus operandi aan dat die politieke partye nou eenstemmigheid oor die beste oplossing vir die Nie-Blanke probleem moes kry, "vervolgens sal gemaneuwreer moet word om vir 'n ewentuele definitiewe skema minstens 'n twee-derde meerderheid in die Parlement te vind". Wat die redakteur egter ontstel, is die feit dat "eie Nasionaliste nog só min drang na samehorigheid besit dat hul party-organisasie asnog gebaseer is op provinsiale selfstandigheid onder 'n federale vernisjie!"[83] In die geheel gesien, vereenselwig The Friend hom met genl. Hertzog se segregasie-standpunt insake die Bantoe.[84] Die Rand Daily Mail betreur

80. The Star, 14.11.25 Hoofartikel.
81. Cape Times, 14.11.25. Hoofartikel.
82. Rand Daily Mail, 14.11.25. Hoofartikel.
83. De Volkstem, 14.11.25. Hoofartikel.
84. The Friend, soos aangehaal in Die Burger, 16.11.25.

die feit dat genl. Hertzog hom net by politieke segregasie bepaal sonder om die arbeidsvraagstuk aan te raak.[85]

Vanaf Natal is 'n negatiewe klank uit opposisiegeledere gehoor. Die Natal Advertiser was van mening dat die veiligheid van die Blankes twee noodsaaklike eise stel, naamlik gestadigde vermeerdering van die Blankes se getalle deur immigrasie; en 'n wyse, liberale houding teenoor die Bantoe wie se arbeidskrag so noodsaaklik vir die groei en vooruitgang in Suid-Afrika is. Hy kom tot die slotsom dat "so far as the supremacy of the white man and the white man's standard in South Africa is concerned General Hertzog's counsels seem to us the counsels of despair."[86] Die Natal Witness was van opinie dat die houding van die Transvaalse Nasionaliste in teenstelling met dié van Arthur Barlow, Arbeider-L.V. vir Bloemfontein-Noord, die lang verwagte skeuring in Pakt-geledere kon bring. Genl. Hertzog se aankondiging van sy Nie-Blanke beleid te Smithfield dui op 'n nuwe stryd. "It means a split in the parties, a split in the Provinces, and perhaps even in the Union." Dit blyk dat die blad onrustig is oor wat moontlik voor die Smithfield-rede reeds agter die skerms tussen die twee partye plaasgevind het.[87] Dit was egter onmoontlik om op daardie tydstip te kon bepaal wat die opposisie deur die Nie-Blanke voorstelle van Hertzog kon wen, indien hul wel party-politieke voordeel daaruit kon haal.

In sy eie politieke kamp is genl. Hertzog se Nie-Blanke beleid deur die meeste van sy volgelinge gunstig ontvang. Die Londense kwartaalblad, The Round Table, beweer vroeg in 1926 tereg: "It

85. Rand Daily Mail, soos aangehaal in Die Burger, 16.11.25.
86. The Natal Advertiser, 14.11.25. Hoofartikel.
87. The Natal Witness, 17.11.25. Hoofartikel.

is difficult to see how his (Hertzog se) party can repudiate it, and remain under his leadership."[88] Ons Vaderland, Nasionale Party-mondstuk in Transvaal, het egter volgehou dat hulle nie vir uitbreiding van die Nie-Blanke stemreg na Transvaal te vinde is nie. Die Volksblad openbaar 'n mooi gesindheid deur te sê dat wanneer hulle aan hul besware teen Hertzog se Nie-Blanke skema dink, hulle hulself die vraag moes afvra: "Wat het 'n volk al ooit in hierdie wêreld gekry sonder opoffering?"[89] Die Burger het aangevoer dat die Premier as staatsman wat die politiek benede hom ag, gepraat het, en dat besware alleen in die uitspreek van negatiewe kritiek teen die Hertzog-voorstelle hulle niks verder op die pad na 'n oplossing sou bring nie. Indien besware wel geopper word, moes 'n alternatiewe oplossing aan die hand gedoen word.[90]

The South African Nation voel dat Suid-Afrika nog nooit so 'n groot behoefte gehad het aan staatsmanne wat bereid is om hulle land se welvaart bo partypolitieke voordeel te plaas nie. "But the procedure of a party measure has definitely to be eschewed in this case. Or else the Premier's assurance to the country, and his invitation to the Opposition both become meaningless if not definitely political trickery." Die blad wys met reg op die besondere rol wat genls. Hertzog en Smuts met hul groot persoonlike aanhang in die daarstel van 'n aanvaarbare en suksesvolle oplossing vir die Nie-Blanke vraagstuk kon speel. "The country expects both to wield that influence for all that it is worth, in the interests not of any particular party, but of the welfare of the country as a whole. It is the supreme test of statesman-

88. The Round Table, Nr. 62, Maart 1926.
89. Die Volksblad, 19.11.25. Hoofartikel.
90. Die Burger, 14.11.25. Hoofartikel.

ship. Will both rise to the occasion?"[91]

Met minister Roos en die Transvaalse regeringsondersteuners se houding bekend, kon die opposisie natuurlik daarop aandring dat hy dit as voorvereiste vir 'n oplossing stel dat die kabinet in die geheel sy goedkeuring aan die Nie-Blanke vraagstuk heg, maar in so 'n geval kon die Nasionale Party hul opponente daarvan beskuldig dat hul die Nie-Blanke kwessie 'n politieke speelbal maak. Genl. Smuts en sy pers het reeds van die Premier duidelikheid gevra of die idees wat genl. Hertzog daarop nahou, ook dié van sy party is.[92]

Op 16 November skryf 'n briefskrywer insake Hertzog se Smithfield-toespraak aan Smuts: "Hertzog in this matter as in that other crucial matter of secession seems to me to have reformed the crudeness of his thoughts and his practices and whenever we can I think we should seek to co-operate in a manner which is consistent with honour and principle."[93] Die opposisievrees dat die Nie-Blankes nie tevrede met die oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk sou wees nie blyk gegrond te wees, want F.M. Xulu, voorsitter van die Bantoe-Waaksaamheidsvereniging in Durban, skryf aan Smuts: "We are greatly disappointed at General Hertzog's backward Native Policy which is bound to fail if it ever passes in Parliament."[94] The Friend wys daarop dat die Nie-Blanke-persorgane dit duidelik gestel het dat generaal Hertzog se Nie-Blanke skema hul nie bevredig nie. "The Native people are not going to throw away their Cape franchise unless they get something substantial in return for it."[95]

---

91. The South African Nation, 21.11.25. Notes of the Week.
92. Cape Times, 19.11.25. Hoofartikel.
93. Smuts-versameling, Band 202. Goch aan Smuts, 16.11.25.
94. Ibid., Band 203. Xulu aan Smuts, 16.11.25.
95. The Friend, 25.11.25. Hoofartikel.

Genl. Smuts het te Sandspruit Hertzog se Smithfield-rede as die Premier se eie persoonlike siening bestempel, en daarom sal hy (Smuts) hom nie daaroor moeg maak nie. Hy waarsku sy Party daarteen. Ons Vaderland glo vir geen oomblik dat die opposisie eengesind oor die Nie-Blanke vraagstuk is nie. Indien enige persoon met 'n goeie oplossing vir die Nie-Blanke kwessie vorendag kom, dan kom dit nie daarop aan wie se oplossing dit is nie, en kan selfs die opposisie help om dit te verbeter. Smuts se houding hieroor toon andermaal hoe "hol en waardeloos al die pretensies van die teenwoordige 'South African Party' is. Hulle staar hul stokblind op die Empaaier; en verder as die Empaaier is daar vir hulle niks. Dit is hul enigste politiek." Die Sappe het met die herenigingskwessie en die armblankevraagstuk dieselfde holle onopregtheid openbaar, aldus genl. Hertzog.[96]

Die Volksblad voer aan dat Smuts probeer het om die volk bang te maak en 'n verwarring te bring. "Waar hy afgekeur het, het hy niks in die plek gestel nie, waar hy afgebreek het, het hy alles so deurmekaar gelaat en sonder om weer één steen bo die ander te sit, het hy die mense verlaat." Ná hierdie Smuts-toespraake laat die Nasionaliste alle hoop vaar dat genl. Smuts die Nie-Blanke vraagstuk op nie-partypolitieke basis gaan benader.[97] Die houding wat die Opposisieleier en majoor van Zyl oor Hertzog se Smithfield-toespraak ingeneem het, was beslis nie in die gees van die Premier se oproep om die uitskakeling van partypolitiek in die hantering van die Nie-Blanke vraagstuk nie. Die Burger beweer op 25 November dat genl. Smuts ernstige gevaar loop om onbewustelik deur sy enkele losse opmerkings die volk in die war

96. Ons Vaderland, 20.11.25. Hoofartikel.
97. Die Volksblad, 28.11.25. Hoofartikel.

te stuur en 'n ongunstige atmosfeer te skep vir die besadigde bespreking van genl. Hertzog se Nie-Blanke voorstelle.[98]

'n Mens vra jouself af of die opposisie werklik in staat was om in hierdie saak, waar die inisiatief vir 'n oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk vanuit Nasionale Party-geledere gekom het buite partyverband 'n oplossing na te streef op die basis soos deur die Nasionale Party neergelê. Dit blyk dat die opposisie nie daarvoor te vinde was nie.

Die Nie-Blanke vraagstuk het ook deur die toedoen van die Nasionale Party nou 'n politieke kleur gekry, want minister Roos het hom teen die sewe Blankes as Nie-Blanke verteenwoordigers in die Volksraad uitgespreek, aangesien hulle almal Unioniste sou wees. The Friend spreek skerp kritiek hierteen uit: "One can hardly conceive a more politically wicked attempt to drag not only the political, but the White racial issue into the Native question than this statement by the Minister of Justice." Dit is alleen omrede van hulle ras dat minister Roos so bitter teenoor die Unioniste voel, want Roos het die nare gewoonte om Suid-Afrikaanse vraagstukke aan 'n rassetoets te onderwerp. Roos bestempel nie alleen alle Unioniste nie, maar ook alle Engelssprekende Suid-Afrikaners as vyande van Suid-Afrika. Die redakteur beweer verder: "Mr. Roos brings all his political animosity into play in considering this vital matter of the Natives." Roos wil nie die Kaapse Kleurlingstem na die Noordelike provinsies uitbrei nie en wil die Kaapse Bantoestem afgeskaf hê, maar stel niks in die plek daarvan nie.[99] Ook Roos se verwysing na genl. Smuts as "a curse to South Africa"[100] aan die hand van sy uitla-

98. Die Burger, 25.11.25. Hoofartikel.
99. The Friend, 25.11.25. Hoofartikel.
100. Cape Times, 27.11.25. Hoofartikel.

tings oor die Nie-Blanke vraagstuk het heelwat onmin tussen die Nasionale- en S.A. Party veroorsaak.

Die Volksblad bestempel dit as uiters kinderagtig van die Engelse pers om minister Roos gedurig aan te val sodra hy iets in verband met die Nie-Blanke vraagstuk sê wat nie met genl. Hertzog se oplossing strook nie. Die Premier het sy Nie-Blanke stelsel immers aan almal vir verbetering of wysiging voorgelê.[101] Die kritiek van Roos teen die Nie-Blanke verteenwoordigers op grond van hulle waarskynlike Unionistiese oortuigings was nie alleen ongevraagd nie, maar in die tydsomstandighede ook uiters onwenslik. Dit sou nie net sy leier se strewe na 'n oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk bemoeilik nie, maar tegelykertyd ook die opposisie, en veral sy Unionistiese element, negatief teenoor Hertzog se Nie-Blanke ideale instel, aangesien die Unioniste-element by voorbaat reeds verwerp is.

The South African Nation verklaar dat genl. Hertzog te Smithfield met sy houding oor die Nie-Blanke kwessie alle provinsialisme laat vaar het. "If on the Native question our judgement is to be based on the Cape view or the Transvaal view or the Natal view, then the Union of South Africa is a political anachronism. It will be solved only by scrapping all past prejudices, pettiness and provincialisms, and creating de novo a South African policy."[102]

Professor Edgar Brookes, Bantoe-kenner en skrywer, het op drie oënskynlik geringe onduidelikhede in Hertzog se uiteensetting van die Nie-Blanke vraagstuk te Smithfield gewys wat baie malik tot

101. Die Volksblad, 26.11.25. Hoofartikel.
102. The South African Nation, 28.11.25. Reflections on Gen. Hertzog's Great Speech.

'n dooie punt in die oplossing van hierdie kwessie kon lei: Die bepaling van die magte van die sewe Blankes as Nie-Blanke verteenwoordigers in die Volksraad; die posisie van die Bantoe-stemgeregtigdes in Kaapland wat reeds op die kiesersrol is en wat miskien sou verkies om steeds daarop te bly; en die metode waarvolgens die Kleurlingstem op Kaaplandse basis in Transvaal ingestel moes word.[103]

Te midde van herhaalde oproepe uit albei politieke kampe op genls. Hertzog en Smuts om in belang van die dringendheid van die Nie-Blanke vraagstuk as bedreiging vir die Blanke voortbestaan hierdie vraagstuk op nie-politieke basis te probeer oplos, het albei leiers binne eie geledere probleme ondervind wat hul sekerlik van stappe tot 'n oplossing weerhou het. Die Premier moes met die Transvaalse groep binne sy party rekening hou, en kon nie hul teenstand teen die uitbreiding van die Kleurling of Nie-Blanke stemreg na die noorde ignoreer nie. In opposisiegeledere kon Smuts probleme ondervind van veral die S.A. Partygroep in Natal en aan die Rand indien hy sou weier om met Hertzog se segregasieplanne saam te werk. Vir die oomblik was genl. Smuts tevrede om hom en sy volgelinge nie oorhaastig in onderhandelinge oor die Nie-Blanke vraagstuk te laat betrek nie. Hy stel dit so: "I see nothing but darkness before me, and unless I see clear light I shall not walk a step."[104]

Louis W. Hiemstra, subredakteur van Die Burger, skryf aan Gustav Preller aangaande Smuts se houding oor die Nie-Blanke vraagstuk: "Deur die Hertzog-plan te bestry, openbaar Smuts hom nie alleen as 'n kleinsielige politikus nie, maar as 'n positief

103. Cape Times, 28.11.25. Hoofartikel.
104. The Star, 30.11.25. Smuts te Witrivier.

gevaarlike en gemene demagoog ... Dit lyk asof Smuts die Nasionale Party wil breek oor die naturelle- en kleurlingstemreg; en as hy daarin slaag, dan is dit klaarpraat met die toekoms van ons nasionalisme, van die Afrikanervolk, en dan is tegelykertyd alle hoop om die naturellevraagstuk op te los en Suid-Afrika te red, vervloë."[105]

Vir Die Burger kom dit voor asof die werwing van Transvaalse stemme vir die S.A. Party vir genl. Smuts van groter belang is as die oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk.[106] Prof. Brookes het na Smuts se houding sedert die Smithfield-toespraak van 13 November as "lafhartig, onpatrioties en onwaardig" verwys. Ons Vaderland wys op genl. Smuts se weiering om die Hertzog-voorstelle insake Nie-Blankes te bespreek, tensy minister Roos eers "uitgeskop" word of sou verklaar dat hy al sy leier se voorstelle steun. Insgelyks erken Smuts ook dat dit geen partysaak is nie, maar 'n nasionale vraagstuk, en tog verlang hy van genl. Hertzog 'n party-oplossing.[107]

Tussen Desember 1925 en Januarie 1926 het genls. Hertzog en Smuts 'n lewendige korrespondensie met mekaar oor die oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk gevoer. Hieruit blyk dit dat Hertzog vir Smuts met die Parlementsitting van 1925 genader het ten einde gesamentlik en buite die partypolitiek 'n oplossing vir Nie-Blanke kwessie te probeer vind. Op 1 Desember wys die Premier vir Smuts daarop dat laasgenoemde nog nie op sy oproep reageer het nie. Genl. Hertzog stel Smuts weer eens voor die dringendheid en belangrikheid van dié vraagstuk, en wys daarop dat

105. Preller-versameling, Band 141. Hiemstra aan Preller, 27.11.25.
106. Die Burger, 1.12.25. Hoofartikel.
107. Ons Vaderland, 1.12.25. Hoofartikel.

dit 'n kwessie is "waar die volk daarna uitsien dat ons onsself sal vergeet als partyleiers om als volksmanne te kan optree en handel".[108] Hertzog het Smuts ook van 'n kopie van sy Smithfield-toespraak voorsien. Op 14 Desember antwoord Smuts dat hy sy vriende hieroor geraadpleeg het en "kom ons tot die mening dat die ontwerpe behelsend als een geheel die naturelle voorstelle van die regering eers ter tafel van die huis moet geleg word alvorens een raadpleging met nut kan plaats vind in een of ander vorm; en jy seker gesien het dat ek te Bloemfontein een Nationale Conventie voor die doel aan die hand het gegee."[109]

Uit hierdie skrywe van genl. Smuts lei Hertzog af dat tot tyd en wyl hy as Premier met alle besonderhede van sy voorgestelde oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk voor die Volksraad verskyn, Smuts weier om hom hulp te verleen tot 'n oplossing, of om die saak buite die partypolitiek te hou. Genl. Hertzog bring dit onder die Opposisieleier se aandag dat hy onder die Smuts-regering in afwagting op voorstelle oor die oplossing van die Nie-Blanke kwessie, hom bereid verklaar het om Smuts hulp te verleen. Daarom is Smuts se eis dat hy eers sy voorstelle voor die Volksraad ter tafel moes lê alvorens hy sou meewerk, vir die Premier 'n teleurstelling. Genl. Hertzog maak beswaar en sê: "Jou weigering tref my des te meer as iets vreemd, omdat jou voorstel van 'n Nasionale Konvensie getuig, dat ook jy besef die dringende noodsaaklikheid van 'n oplossing sowel as die groot erns van die saak; en ek dink jy sal my dit toegee, dat om met dieselfde adem waarmee 'n weiering tot medewerking geskied, 'n Nasionale Konven-

108. Hertzog-versameling, Band 35. Hertzog aan Smuts, 1.12.25; Smuts-versameling, Band 202. Hertzog aan Smuts, 1.12.25; Smuts Papers, V. Hertzog aan Smuts, 1.12.25.
109. Smuts Papers, V. Smuts aan Hertzog, 14.12.25.

sie voor te stel, 'n bietjie inkonsekwent is, en noueliks berekend kon die voorstel as ernstig gemeent te doen beskou." Hertzog wys Smuts daarop dat die verantwoordelikheid tot samewerking nou by hom (Smuts) berus en dat Smuts nie van hom kon verwag om weer sy versoek te herhaal nie.[110]

Dit blyk dat die toon en inhoud van Hertzog se brief Smuts nie aangestaan het nie. Genl. Smuts beskou die trant van die brief as betreurenswaardig vir enige vorm van medewerking. Die Opposisieleier stel dit duidelik dat bereidwilligheid tot samewerking van sy kant altyd bestaan het, maar dat hy met sommige van Hertzog se Smithfield-voorstelle rakende Nie-Blankes nie akkoord kon gaan nie. Om onnodige verdeeldheid te vermy, stel hy dus voor dat die hele Nie-Blanke vraagstuk na 'n Nasionale Konvensie verwys word ten einde 'n bevredigende oplossing te probeer vind. As medewerking van sy kant die aanname van die Hertzog-voorstelle in die geheel beteken, sien hy sy weg nie daartoe oop nie. Indien medewerking van Smuts se kant af beteken dat 'n oplossing langs 'n ander weg gevind moes word, dan voel hy dat dit langs die weg van 'n Nasionale Konvensie moes geskied.[111]

Genl. Hertzog het op 16 Januarie sy versoek aan genl. Smuts in 'n brief toegelig. Die Premier se versoek bevat twee voorstelle, naamlik dat die Nie-Blanke vraagstuk buite die arena van partye en partygetwis gehou moes word; en dat Smuts en van sy partylede met Hertzog moes saamwerk in 'n poging om 'n bevredigende oplossing van die vraagstuk te probeer verkry. Genl. Hertzog was onte-

110. Hertzog-versameling, Band 35. Hertzog aan Smuts, 18.12.25; Smuts Papers, V. Hertzog aan Smuts, 18.12.25; Smuts-versameling, Band 202. Hertzog aan Smuts, 18.12.25.

111. Hertzog-versameling, Band 35. Smuts aan Hertzog, 29.12.25; Smuts Papers, V. Smuts aan Hertzog, 29.12.25; Smuts-versameling, Band 203. Smuts aan Hertzog, 29.12.25.

vrede omdat Smuts die aspekte van die Smithfield-voorstelle wat hy nie kon aanvaar nie, nie duidelik aantoon, of iets in die plek daarvan stel nie. Die Eerste Minister klaar die saak vir die Opposisieleier so op: "Ek eis geensins van jou dat jy enige beginsel of voorstel van my sal onderskryf waar jy van my verskil. Inteendeel die strekking van my versoek dat waar jy van my verskil, ons gesamentlik sal raadpleeg en soek om 'n betere oplossing te vind wat in plaas kan gestel word van wat deur my aan die hand gegee is." Hertzog kon geen gegronde rede sien waarom Smuts nie oor die Nie-Blanke vraagstuk wou saamwerk nie, en voer aan dat die hoofrede waarom hy vir Smuts om samewerking genader het, gegrond is op sy strewe om 'n partystryd oor so 'n gewigtige volksaak te vermy. Benewens onbeantwoorde vrae oor sekere punte van prosedure en onduidelikhede aangaande Smuts se voorgestelde Nasionale Konvensie, was dit Hertzog se oortuiging dat so 'n konvensie vir enige poging om die saak buite die partypolitiek te hou, uiters noodlottig kon wees.[112]

Hierop het genl. Smuts in 'n brief aan genl. Hertzog baie skerp reageer en Hertzog se "onlangse brief" as vol verdraaiings en valse voorstelle ten opsigte van sy houding voorgestel. Die toon van Hertzog se brief is vir Smuts nie alleen ongerymd nie, maar ook byna onverklaarbaar. Gevolglik vra hy Hertzog om hom van enige verdere private gesprekke en korrespondensie in verband met die Nie-Blanke vraagstuk te verskoon, aangesien hy in die toekoms sy sienswyse oor Hertzog se voorstelle en wetsontwerpe hieroor in die openbaar sou uitspreek. Smuts se houding was dat hy die saak egter nie vanuit 'n partypolitieke oogpunt sou benader nie, en

112. Hertzog-versameling, Band 35. Hertzog aan Smuts, 16.1.26; Smuts Papers, V. Hertzog aan Smuts, 16.1.26.

samewerking wat hy in die toekoms aan Hertzog kon verleen, sou hy liewers in die openbaar doen.[113]

Die feit dat genl. Smuts nie enige aanduiding van Hertzog se "verdraaiing" of "valse voorstellings" gegee het nie, word deur Hertzog vertolk as verontskuldiging vir Smuts se onwilligheid om aan sy versoek tot samewerking vir die oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk te voldoen. Hertzog spreek ook sy spyt uit dat die Opposisieleier nie 'n minder beledigende "uitvlug" kon vind nie.[114]

Smuts se finale antwoord hierop op 26 Januarie was kort en saaklik: "Ek is bereid om saam te werk maar nie op die basis van jou Smithfield voorstelle nie. Ek is bereid om saam te werk by wyse van 'n Nasionale Konvensie of dergelike konstitusionele masjienerie, maar nie by wyse van private onderhandse besprekinge nie wat so maklik verdraai kan word en in 'n verkeerde lig gestel kan word. Die Naturelle kwessie is te belangrik om behandel te word op 'n wyse wat blootgestel is aan verwarring en misverstand, en behoort op konstitusionele weë uitgepluis te word."[115]

Uit hierdie korrespondensie blyk duidelik dat die Opposisie-leier reeds in 1925 huiwerig was om met Hertzog saam te werk ten einde 'n oplossing vir die Nie-Blanke vraagstuk te probeer vind. Dit kan waarskynlik aan twee redes toegeskryf word, naamlik die feit dat Hertzog nie bereid was om Smuts se Konvensie-idee as weg tot 'n gemeenskaplike oplossing te aanvaar nie, terwyl hy ook gevrees het dat waar die inisiatief vir 'n oplossing van die

113. Hertzog-versameling, Band 35. Smuts aan Hertzog, 21.1.26.
114. Ibid. Hertzog aan Smuts, 23.1.26; Smuts Papers, V. Hertzog aan Smuts, 23.1.26.
115. Hertzog-versameling, Band 35. Smuts aan Hertzog, 26.1.26.

Nie-Blanke kwessie van sy politieke opponent gekom het, hy al die eer vir 'n moontlike oplossing daarvan sou kry. In 'n skrywe van Februarie 1926 aan Levi raak Smuts 'n ander aspek van die saak aan: "Die Kaffer wetgewing wat kom oorskadu alles. Ek het geweier om daar iets mee te doen hê totdat ek die wette op die tafel van die Huis het. Anders word ek nog verantwoordelik gehou vir die gemors. Want een gemors sal dit seker wees."[116] Smuts was klaarblyklik ook bevrees dat Hertzog langs hierdie weg sy politieke aanhang kon vergroot. Genl. Smuts gee steeds sy besware teen sekere aspekte van die Premier se Nie-Blanke beleid te kenne, sonder om daardie besware na behore aan te toon of iets in die plek daarvan te stel.

Genl. Hertzog was waarskynlik oortuig daarvan dat die Opposisieleier sy samewerking in die oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk sou aanbied, sonder om hom aan enige voorwaardes of besluite van Hertzog te verbind, iets wat Hertzog seer sekerlik in daardie lig sou aanvaar. Dit wil voorkom asof Smuts se verskonings wat hy aanbied waardeur hy tot samewerking verhinder word, nie stand hou nie. Sy blote samewerking sou hom uiteraard onder geen verpligting of aanvaarding van die Hertzog-voorstelle insake Nie-Blankes plaas nie. Tog wil dit voorkom asof daar van die Premier se kant af ook 'n mate van gebrek aan inskiklikheid was, aangesien hy Smuts se Konvensie-gedagte kon aanvaar, bloot om as platform vir samewerking te dien. Binne so 'n Konvensie-gedagte kon daar wel op nie-partypolitieke grondslag oor die Nie-Blankes besin word. Ter wille van sy segregasie-ideaal kon Hertzog hierdie risiko geloop het, en in die geslote kring van die vergadering

116. Smuts-versameling, Band 205. Smuts aan Levi, 17.2.26.

kon hy sy politieke opponente op die meriete van sy beleid gewys het.

Feit van die saak is dat die twee leiers van die hoofpartye se poging tot samewerking oor die Nie-Blanke vraagstuk vroeg in 1926 misluk het. Hulle laaste briewe aan mekaar getuig van 'n bytende en verwytende toon. Dit is duidelik dat genls. Hertzog en Smuts se persoonlike verhouding hierdeur verswak het. Wanneer in gedagte gehou word dat die persoonlike houding en gesindheid van partyleiers teenoor hul politieke opponente gewoonlik soos 'n suurdeeg deur hulle partye versprei het, is dit verstaanbaar waarom hierdie vertroebelde persoonlike verhouding ook die partyverhouding tussen die Nasionale- en Suid-Afrikaanse Party ten nadele sou beïnvloed. 'n Gesamentlike, nie-partypolitieke oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk het dus aan die hand hiervan in 1926 onmoontlik blyk te wees.

Tydens hierdie ongeveer twee-maandelange korrespondensie tussen genls. Hertzog en Smuts oor die Nie-Blanke kwessie het die volk steeds bly hoop op 'n bevredigende oplossing. The Friend beweer dat die S.A. Party almeer ten gunste van 'n nasionale oplossing van die vraagstuk is,[117] dog dat dit slegs op die basis van 'n nasionale konvensie bo die partypolitiek verhef kon word.[118] Gebiedsegregasie bly vir Die Burger steeds een van die grootste probleme wat oorbrug moes word en hy stel dit duidelik dat indien hulle nie gereed is om enige opofferinge te maak nie, hul maar net sowel alle pogings tot 'n redelike en bestendige Nie-Blanke beleid moes laat vaar.[119]

---

117. The Friend, 9.12.25. Hoofartikel.
118. Ibid., 10.12.25. Hoofartikel.
119. Die Burger, 9.12.25. Hoofartikel.

Op 5 Februarie skryf genl. Smuts aan sy vrou aangaande die Nie-Blanke vraagstuk soos volg: "Die arme regering is met blindheid geslaan en sal die land nog in die treurigste gevolge van hulle kortsichtige politiek dompel."[120] Genl. Smuts was selfs skrikkerig om Suid-Afrika te verlaat om Amerika te besoek. Hy skryf aan sy vrou: "Ek is bang ons kry een algemene electie aanstaande jaar oor Hertzog's Naturelle politiek, en dit kan dus een beetje gevaarlik wees hierdie jaar lang afwezig te wees uit die land."[121]

Patric Duncan, Smuts se regterhand, gee aan laasgenoemde te kenne dat hul ten alle koste moes verhoed dat daar enige meningsverskil oor die oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk tussen partylede onderling ontstaan, aangesien partybelange, veral in die lig van die komende provinsiale verkiesing, daaronder sou ly.[122]

Gedurende Maart het die Senaat andermaal die Kleurslagboomwetsontwerp verwerp en die saak sou voor 'n gesamentlike vergadering van albei Huise dien. Met die segregasiewetsontwerpe heelwaarskynlik volgende op die Nasionale Party se wetgewende program, skryf Smuts aan Margaret Gillett: "This will become a most unhappy country with policies such as these. And yet for the moment these policies are popular and the Nat-Labour Pact is no doubt scoring heavily and entrenching themselves in public opinion. I feel profoundly unhappy over it all, and I am not free of blame either."[123]

---

120. Smuts-versameling, Band 205. Smuts aan sy vrou, 5.2.26.
121. Smuts Papers, V. Smuts aan sy vrou, 25.2.26.
122. Smuts-versameling, Band 204. Duncan aan Smuts, 8.3.26.
123. Smuts Papers, V. Smuts aan M.C. Gillett, 25.3.26.

Genl. Smuts was bekommerd oor die houding wat C.F. Stallard, S.A. Party-Volksraadslid vir Roodepoort, aangaande die Nie-Blanke vraagstuk ingeneem het. Stallard was 'n openlike voorstander van segregasie. Smuts voer aan dat die S.A. Party in 'n netelige posisie geplaas kon word indien Stallard tot voorsitter van die Randse S.A. Party verkies word en sou volhard met sy idees aangaande die Nie-Blanke kwessie. Smuts sê onder meer: "Stallard honestly takes a very much stronger line on the segregation ideas than the rest of us do, and I see the elements of a clash which might be most inopportune, and bad for the party."[124]

Teenoor Crewe beweer Smuts op 14 Mei dat die Nie-Blanke kwessie nie alleen vir die Nasionaliste, maar ook vir die S.A. Party geweldige probleme inhou omdat die noorde en die suide verskillende benaderings daarteenoor het. Hy glo dat die feit dat die Nie-Blanke stem in twaalf Kaaplandse setels van deurslaggewende belang is, die hoofrede is waarom die Premier besluit het om die Nie-Blanke stem in Kaapland af te skaf.[125]

Tegelykertyd skryf Smuts op 12 April ook aan Louis Esselen, organiserende sekretaris van die S.A. Party, dat die Premier op Malmesbury aangekondig het dat hy nie die Nie-Blanke stem na die noordelike provinsies sou uitbrei nie, aangesien hul dit daar so sterk teengestaan het. Indien Hertzog nie die Nie-Blanke stem na die noorde sou uitbrei nie, sou sy voorstelle eensydig wees. Dit sou ook daartoe lei dat die uitbreiding van die Kleurlingstem na die noorde laat vaar word, sodat slegs 'n herorganisering in

124. Ibid., Smuts aan Esselen, 12.4.26.
125. Ibid. Smuts aan Crewe, 14.5.26; Smuts-versameling, Band 205. Smuts aan Crewe, 14.5.26.

Kaapland sou plaasvind, waarvolgens Nie-Blankes in aparte kies-afdelings naas die Blankes en Kleurlinge sou stem. Smuts voeg daaraan toe: "This would be a pure electioneering dodge, and would be resolutely fought by us ... The delay in producing this Bill seems to show that Hertzog has been having very great difficulties with his Party over the whole matter."[126]

Genl. Smuts was nou oortuig dat 'n doeltreffende Blanke immigrasiebeleid 'n gedeeltelike oplossing vir die Nie-Blanke vraagstuk sou bied, in plaas van genl. Hertzog se "negatiewe beleid".[127]

Die Premier het intussen vier afsonderlike wetsontwerpe opgestel wat die kern van sy Nie-Blanke-beleid beliggaam het, en dit op 2 Junie 1926 in die Volksraad ter tafel gelê met die gedagte om hul gesamentlik deur te loods. Hy was van mening dat die wetsontwerpe 'n eenheid gevorm het. Twee van die wetsontwerpe het, volgens die Zuid-Afrika Wet van 1909, 'n tweederde-meerderheid van stemme tydens die derde lesing in 'n gesamentlike sitting van albei Huise vereis.

Op 23 Julie is die vier wetsontwerpe in die Buitengewone Staatskoerant, nr. 1570, gepubliseer en is 'n nuwe fase met betrekking tot die Nie-Blanke beleid in Suid-Afrika ingelui. Die vier wetsontwerpe van 1926 was die Wetsontwerp op Volksraadsverteenwoordiging van Naturelle; die Unie-Naturelleraadswetsontwerp; die Naturellegrondwysigingswetsontwerp en die Kleurlingregte-Wetsontwerp.[128]

Op 29 Junie skryf Smuts aan Crewe dat hy oortuig is dat Hertzog

126. Smuts-versameling, Band 205. Smuts aan Esselen, 12.4.26; L. Esselen-versameling, Band 1. Smuts aan Esselen, 12.4.26.
127. Esselen-versameling, Band 1. Smuts aan Esselen, 23.4.26.
128. Vgl. B.S. van As, op. cit., in Hertzog-Annale, nr. 9, Desember 1956. Sien ook Smuts Papers, V. Smuts aan Gilletts, 30.6.26.

se Nie-Blanke wetsontwerpe sou misluk. "The crux seems to me to be the deletion of the existing Natives' names from the voters rolls which I trust our party will sternly oppose. If Hertzog fails to carry this point by a two-thirds majority at a joint session he is certain to drop his whole scheme. I must honestly confess that apart from all party considerations I personally feel no sympathy to the solution of the Native question and must, on the contrary, create only great confusion. However, it would be wise for us to avoid the party aspect as much as possible and discuss the question in an impartial spirit. The press has bestowed a great deal of praise on Hertzog's courage, and we must proceed warily."[129]

In 'n brief aan Margaret Gillett borduur Smuts verder daarop voort: In plaas daarvan dat Hertzog aan Nie-Blankes bykomende grond gee om in hul dringende behoeftes te voorsien, sit hy lappe grond opsy vir ope kompetisie tussen Wit en Swart. Met hul sewe Nie-Blanke verteenwoordigers het Nie-Blankes nie veel van 'n kans om hul idees aan die Blankes oor te dra nie. "It is all a very bad business and bound to embitter the Natives still more. On this great question I fear the Nationalist influence is thoroughly reactionary and bad for the future of the country."[130]

In Augustus 1926 het die Opposisieleier aan die S.A. Party-Volksraadslede 'n lywige memorandum aangaande Hertzog se Nie-Blanke wetsontwerpe gestuur, en dit is in September onder lede versprei. Genl. Smuts se memorandum se toon en inhoud was krities, dikwels geregverdig, dog soms afbrekend. So het Smuts

129. Smuts Papers, V. Smuts aan Crewe, 29.6.26.
130. Ibid. Smuts aan M.C. Gillett, 30.6.26; Smuts-versameling, Band 205. Smuts aan M.C. Gillett, 30.6.26.

beweer dat die Nie-Blanke wetsontwerp 'n uitvloeisel van die Premier se persoonlike beleid was en nie dié van sy kollegas en party nie. Hy voer aan "It deals only with general principles and does not go into criticism of ideals, nor does it give more than my own opinions and my advice to the party ..."[131]

Genl. Smuts het elkeen van die vier wetsontwerpe afsonderlik gekritiseer. Die Naturellegrond-wysigingswetontwerp maak, aldus Smuts, geringe veranderings aan die grense van die Beaumont-komitee se Nie-Blanke gebiede. Daar word egter nie beoog om dit bykomende Nie-Blanke gebiede waarin veral Bantoe soos in die 1913-wet grond kon bekom, te maak nie; dit is oopgestelde gebiede vir ope kompetisie tussen Blanke en Nie-Blanke en gevolglik in direkte teenstelling met die oogmerke van die 1913-wet. Die 1913-wet wou bykomende grond uitsluitlik vir Nie-Blankes daarstel, sodat die beoogde wetgewing van Hertzog inderdaad segregasie oorboord gooi, ondanks die beperkings wat daar wel op die aankoop van Nie-Blanke grondgebied bestaan. Hierbenewens voel Smuts "that it once more opens the door to mixed white and Native landholdings on a large scale, both inside and outside the released areas, against which the act of 1913 was passed; and that it imposes a ferocious licensing system for farm squatters and labour tenants, which will force farmers to get rid of them, and which will drive them mostly to the towns where the Native influx is already reaching dangerous dimensions."[132]

Wat die Wetsontwerp op Volksraadsverteenwoordiging van Naturelle betref, het genl. Smuts die volgende skerp kritiek daarteen

131. Smuts Papers, V. Smuts se memorandum, p.306. Vgl. The Star, 27.9.26.
132. Smuts Papers, V. Memorandum van Smuts, pp.306-11. Vgl. The Star, 27.9.26.

uitgespreek: "General Hertzog's repeated statements that he is above all anxious to get rid of the Native vote at the Cape, and in order to achieve this end he is even prepared to embark on a Native policy for whole of the Union the results of which no man can foresee ... It cannot be statemanship to take a step which not only violates the intention of the South Africa Act, but it also calculated to upset the Native mind more than any other step ever taken in our history."[133]

Die Kleurlingregte-Wetsontwerp was ook vir die Opposisieleier onaanvaarbaar, en hy beweer met reg dat dit onbillik is dat die ander drie provinsies naas Kaapland net geregtig sou wees om een verteenwoordiger vir die Volksraad aan te wys om hul belange te behartig. "He will have the same rights and powers in parliament as the representatives of the European voters." Daarnaas het genl. Smuts ook daarop gewys dat die Premier geweer het dat die Kleurlinge as volksgroep deur die Blanke opgeneem sou word. Hertzog het onder meer gesê: "For the first time in the history of the Union a statute lays down unequivocally the principal of political equality as between the European and Coloured population." Dit is vir Smuts ironies dat die Wet eintlik 'n Kleurling wat voor die aanvaarding van die wetgewing gebore is as 'n Kleurling klassifiseer, terwyl 'n Kleurling wat daarna gebore is as 'n Bantoe sou deurgaan, mits die Parlement hom spesifiek Gekleurd verklaar! Smuts verklaar: "These childish conditions are really quite impossible. Equally childish is it to suppose that parliament will be bothered to give serious attention to long lists of people who apply to be declared Coloured people! The white

133. B.S. van As, op. cit., in Hertzog-Annale, nr. 9, Desember 1956. Vgl. ook Smuts Papers, V. Smuts se memorandum, p.317. Vgl. The Star, 27.9.26.

people of the Union will have honestly and frankly to make up their minds whether they confer the superior white status on all Coloured people without distinction now and thereafter throughout the Union, or whether the risks of such a policy are too grave and whether it is wise to wait and see whether miscegenation is or is not on the wane in the Union."[134]

Die Opposisieleier kom tot die slotsom dat die aangewese weg is om 'n Nasionale Konvensie byeen te roep of 'n sterk kommissie van ondersoek aangaande die voorgenome wetsontwerpe op Naturelle- en Kleurlingverteenwoordiging in die Parlement saam te stel.[135]

Dit blyk dat heelwat van Smuts se argumente teen die Nie-Blanke wette geregverdig was. Dit was egter nie onoorkomelike probleme nie, en dit kon seer sekerlik deur onderlinge oorlegpleging en met alternatiewe oplossings uit die weg geruin word, indien die opposisie wel daartoe bereid was. Dit was immers Hertzog se uitnodiging aan die hele Suid-Afrika om gesamentlik aan 'n oplossing te werk en geskikter voorstelle aan die hand te doen. Met hierdie uitnodiging van Hertzog tot wedersydse samewerking in gedagte, het baie Pakt-ondersteuners gevoel dat die hand van vriendskap en samewerking wat hul leier ten opsigte van die Nie-Blanke vraagstuk na genl. Smuts en die S.A. Party uitgesteek het, geïgnoreer is. Die idee is by baie lede van die Pakt geskep dat die opposisie nie in 'n gemeenskaplike, nie-partypolitieke oplossing belangstel nie. Dit het die partyverhouding te midde van die emosie-belaaide vlagstryd ernstig benadeel.

---

134. Smuts Papers, V. Smuts se memorandum, pp.318-20. Vgl. The Star, 27.9.26.
135. Smuts Papers, V. Smuts se memorandum, p.322; The Star, 27.9.26.

F.S. Malan, oud-S.A.P.-minister, skryf op 21 Augustus aan Smuts dat hy ten gunste van algemene stemreg vir die hele Unie, met 'n spesiale "beskawingstoets" vir Nie-Blankes is.[136] 'n S.A.P.-senator van die Vrystaat, H.G. Stuart, skryf aan Louis Esselen: "I am convinced the time has come for a definite statement of policy; I feel sure that unless we come forward with a definite alternative policy, Genl. Hertzog's scheme however grotesque and dangerous and ill-advised will gain tremendous strength." Soos F.S. Malan bepleit hy ook gelyke regte vir die beskaafdes. Segregasie is vir hom slegs as tydelike maatreël vir die barbaarse Nie-Blanke element noodsaaklik.[137]

Die Burger het die Smuts-memorandum oor die Nie-Blanke vraagstuk as tekenend van Smuts se "laat-maar-loop-beleid" bestempel, want hy gee niks aan die hand nie, dog verklaar dat hul nie oor die vooruitsigte vir die volgende geslag bekommerd hoef te wees nie. Die blad is ook teen die afskaffing van die Kaapse Nie-Blanke stemregstelsel en voel dat dit slegs gedoen kon word indien iets positiefs in die plek daarvan gestel word.[138] Dr. D.F. Malan het verklaar dat dit 'n mees teleurstellende memorandum van die kant van 'n verantwoordelike staatsman is. Indien dit al is wat hy tot die oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk kon bydra, dan is dit in Suid-Afrika se belang dat hy nooit weer Eerste Minister word nie. Genl. Smuts is te bang om met 'n beter voorstel as Hertzog vorendag te kom, en probeer om die volk se steun te verwerf deur vir elke ras en seksie van die bevolking iets anders voor te hou.[139] In aansluiting by dr. Malan het

136. Smuts-versameling, Band 205. Malan aan Smuts, 21.8.26; Smuts Papers, V. Malan aan Smuts, 21.8.26.
137. Smuts-versameling, Band 205. Stuart aan Esselen, 31.8.26.
138. Die Burger, 30.9.26. Hoofartikel.
139. Ibid. Malan te Calvinia.

Die Burger beweer dat Smuts se kritiek heeltemal in die gees van partypolitiek staan. Hy gee selfs voor dat Blankes gevaar loop om na aanleiding van Hertzog se beleid op die Kleurlingkiesers-lys te beland! As 'n mens die regskundige kant van genl. Smuts se betoog nagaan, kan jy verstaan waarom hy die balie verlaat en politiek omhels het. En as jy die politieke argumente van genl. Smuts beskou, word dit meer as duidelik waarom hy in die laaste tyd oorgeswaai het tot wysbegeerte, aldus Die Burger.[140]

Teen die einde van 1926, ná genl. Hertzog se bywoning van die Rykskonferensie en die Balfour-verklaring, het die Premier se "nuwe houding" en Suid-Afrika se nuwe status baie mense binne en buite die land laat glo dat die Nie-Blanke vraagstuk nou suksesvol van stapel gestuur kon word. Teenoor J.S. Smit, Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris in Londen, het L.S. Amery, Britse Dominiale Sekretaris, in die Smuts-gees opgemerk dat Blanke immigrasie die aangewese weg is waarlangs die Blanke voortbestaan verseker kon word.[141] The Round Table verwag ook teen 1927 'n meer gematigde beleid van die regering: "The result of the Imperial Conference, the success which has attended direct negotiation with India over the status of Indians, the increasing contact of South Africa and South Africans with the outer world, the example of other native policies in other parts of Africa, and perhaps the increasing influence of all that Geneva stands for; these and similar influences will certainly do much to modernise the whole South African outlook and free it from the suffocation fears and prejudices in which it is still entangled."[142]

---

140. Ibid., 13.10.26.
141. J.S. Smit-versameling, Band 8. Smit aan Hertzog, 16.12.26.
142. The Round Table, Nr. 66, Maart 1927.

Generaal Hertzog het sedert die 1926-Volksraadsitting Suid-Afrika 'n jaar tyd gegee om oor die Nie-Blanke vraagstuk te besin en teen 20 Desember berig Die Volksblad dat daar tot op datum weinig opbouende kritiek ten gunste van dié kwessie ontvang is. Van genl. Smuts is net kleinsielige kritiek ontvang, terwyl Engelssprekende kerkleiers agterdogtig is en bevooroordeeld teenoor die Nasionale Party staan.[143]

Amery skryf op 24 Januarie 1927 aan genl. Smuts dat hy heelwat gesprekke met Hertzog oor sy Nie-Blanke beleid gehad het. Hieroor sê Amery onder meer: "It is the biggest thing before him and I do not see how you can get a reasonable policy on party lines when each leader is to some extent at the mercy of the extremer wing of his own party."[144]

Dit blyk dat sommige Vrystaters, net soos die Transvalers, ongeneë was om aan die Nie-Blankes binne hul provinsie stemreg te gee. 'n Kieser skryf aan dr. N.J. van der Merwe, Nasionale L.V. vir Winburg, dat hy Nie-Blanke stemreg nooit sou toelaat nie. Hy beweer dat die groot gevaar vir hul saak tans die groot vertroue is wat hul partylede in genl. Hertzog het, en dat hulle as sodanig nie vir hulself kon dink nie.[145]

Op 23 Maart 1927 het genl. Hertzog sy vier Nie-Blanke wetsontwerpe by die Volksraad ingedien. Hy het die lede versoek om die maatreëls op nie-partypolitieke grondslag te beoordeel en om konstruktiewe kritiek uit te oefen. In April is hierdie wetsontwerpe egter na 'n gekose komitee, waarop die Premier en genl. Smuts ook sitting gehad het, verwys. Getuienis van Blankes en

143. Die Volksblad, 20.12.26. Hoofartikel.
144. Smuts-versameling, Band 205. Amery aan Smuts, 24.1.27.
145. N.J. van der Merwe-versameling, Band 2. J.P. Muller aan Van der Merwe, 24.1.27.

Nie-Blankes is aangehoor en die Nie-Blankes het hoofsaaklik die uitbreiding van die Nie-Blanke stemreg na die drie noordelike provinsies versoek.[146]

Die gedagte was dat die Nie-Blanke wetsontwerpe met die 1928-sitting weer ingedien sou word. Te midde van die tierende vlagstryd en partyverskille oor die oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk, skryf genl. Smuts in Junie 1927 aan sy Britse vriende, die Gilletts, dat hy maande in Hertzog se komitee oor sy verspotte Nie-Blanke wette gedien het. Hy skryf: "I have my hands full to keep the peace. Is it not a funny country? Only last December Hertzog came back from London all concilliation and soft soap, and the English hung round his neck - and now!"[147] Hy skryf op 5 Mei aan sy vrou: "They (die wetsontwerpe) are a frightful mess and one despairs of making anything coherent or beneficial of them. Still the attempt has to be made. There is grave danger that Hertzog's policy will mark a new departure in the alienation between white and black South Africa."[148]

Gedurende 1927 sou daar dus nie veel positiefs uit die Nie-Blanke wetsontwerpe voortvloei nie. Dit kan grootliks aan die allesoorheersende vlagstryd toegeskryf word, 'n faktor wat op sigself die party- en rasseverhouding in Suid-Afrika ernstig versteur het. Die partypolitieke situasie binne en buite die Suid-Afrikaanse parlement het dus 'n objektiewe en eerlike benadering tot die Nie-Blanke kwessie feitlik prakties onmoontlik gemaak. Binne partygeledere is genls. Smuts en Hertzog steeds met hul suidelik en noordelike en gematigde en liberale partypolitieke

146. Vgl. B.S. van As, op. cit., soos in Hertzog-Annale, Nr. 9, Desember 1956.
147. Smuts-versameling, Band 206. Smuts aan Gilletts, 8.6.27.
148. Smuts Papers, V. Smuts aan sy vrou, 5.5.27.

menings gekonfronteer. Smuts se Kaaplandse liberale groep het uit hul pad gegaan om die byna tradisionele Kaapse kiesstelsel ongeskonde te bly behou, en Smuts, met sy meer konserwatiewe benadering, het noodgedwonge die sterk liberale groep se idees ter harte geneem. Hertzog kon ook nie die Transvaalse- en in 'n mindere mate die Vrystaatse-N.P.-uitkyk ten opsigte van die uitbreiding van die Kleurling- en Bantoestemreg na die noordelike provinsies negeer nie. Vanweë die houding van die Kaapse liberaliste sowel as die noordelike provinsies kon Hertzog dus nie genoeg steun vir sy voorgenome wette verkry nie.

In die loop van 1927 is ook twee wetsontwerpe rakende die Naturelle gepromulgeer, te wete die Ontugwet, wat " ... ontug tussen blankes en naturelle en ander handelinge in verband daarmee ... belet;"[149] en die Naturelle-Administrasiewet wat ondermeer die uiteenlopende praktyke wat in die verskillende provinsies in swang was in 'n eenvormige stelsel omskep het.[150] Aangesien die hoofpartye hieroor nie grootliks verskil het nie, het die aanname daarvan weinig invloed op die partyverhouding gehad.

Met die aanvang van die Parlementsitting op 25 Januarie 1928 skryf die Opposisieleier aan die Gilletts aangaande die komende sitting: "Hertzog has his Native Bills which raise vast and profound issues on which I fear our people may be tempted to take the more shortsighted selfish line. People have commended Hertzog for his courage in this matter; but I fear his only courage has been to an opening for popular passion and prejudice such

149. B.S. van As, "Aanvullende opmerkings by 'Enkele Beskouings oor die Naturellebeleid van wyle Generaal J.B.M. Hertzog'", in Hertzog-Annale, Nr. 11, Desember 1958.
150. W.W.M. Eiselen, "Generaal Hertzog se Bantoebeleid en die uitbouing daarvan deur sy opvolgers", in Hertzog-Annale, Nr. 20, Desember 1967.

as other leaders have hitherto wisely avoided. The whole business will be very critical and dangerous."[151]

Soms wil dit voorkom asof genl. Smuts in 'n mate die Premier sy verhoogde aansien as staatsman beny het. Onwillekeurig doem die vraag ook by 'n mens op of genl. Smuts se dikwels onwillige en afsydige houding teenoor Hertzog en sy party sedert die 1926-Rykskonferensie nie in hierdie lig beoordeel moet word nie? Noodwendig sou so 'n houding die verhouding tussen die twee volksleiers en dus ook tussen hul onderskeie partye ernstig beïnvloed. Dit blyk wel in 'n mate die geval te wees, dog telkens styg die groot staatsman, Smuts, wel bo die mens, Smuts, uit. So stel hy dit op 9 Februarie aan Esselen dat hulle hul bes moes probeer om vir Hertzog in verband met die Nie-Blanke vraagstuk uit die gemors te help. Die S.A. Party moes hul van onnodige kritiek en skerp party-aanvalle weerhou. Hy spreek die hoop uit dat sy party 'n gematigde houding ten opsigte van die Nie-Blanke kwessie sal inneem.[152]

Genl. Smuts skryf aan lord Buxton, voormalige Suid-Afrikaanse goewerneur-generaal, dat hy die Nie-Blanke wetsontwerpe in 'n paar gesprekke met die Premier ontleed het. Wat die saak geweldig bemoeilik, is die feit dat genl. Hertzog die Nie-Blanke probleem slegs vanuit 'n Blanke oogpunt benader.[153] Smuts spreek ook die vrees uit dat die Nie-Blanke vraagstuk as politieke propaganda-middel in die 1929-verkiesing gebruik kon word, aangesien Hertzog onwrikbaar by sy standpunt bly dat die bestaande Kaapse Nie-Blanke regte verander moes word.[154]

---

151. Smuts-versameling, Band 207. Smuts aan Gilletts, 25.1.28.
152. Esselen-versameling, Band 1. Smuts aan Esselen, 9.2.28.
153. Smuts-versameling, Band 206. Smuts aan Buxton, 18.2.28.
154. Smuts Papers, V. Smuts aan M.C. Gillett, 18.2.28.

In Februarie en Maart 1928 het 'n reeks gesprekke tussen die Premier en die Opposisieleier oor die Nie-Blanke vraagstuk plaasgevind, en laasgenoemde druk hom soos volg teenoor Esselen uit: "You can imagine how great the difficulties are",[155] dog 'n rukkie later skryf hy dat "a certain amount of daylight is being seen and it is not impossible that some form of agreement may yet be reached. But it is too early to say definitely."[156]

Hierdie reeks gesprekke tussen die twee generaals was van belang in die sin dat albei later ooreengekom het om hul onderskeie gedagterigtings aan hulle partylede wat op die gekose komitee oor die Nie-Blanke wetsontwerpe sitting gehad het, oor te dra. Die private gesprekke sou dus noodwendig binne die gekose komitee weerklank vind, na buite bekend word en die partyverhouding beinvloed. Die standpunte wat die twee leiers onderling ingeneem het, was van groot belang, want die oorgrote meerderheid van hulle volgelinge sou daardie standpunte aanhang en navolg. Baie Suid-Afrikaners het hulle leiers blindelings gevolg en hul standpunte ipso facto as korrek aanvaar, sonder om deeglik daaroor te besin.

Ten einde die verhoudingsituasie tussen die twee hoofpartye na aanleiding van die Nie-Blanke vraagstuk behoorlik te kan ontleed, is dit noodsaaklik om op hoogte van die twee leiers se botsende standpunte te kom, soos dit in Smuts se aantekeninge[157] oor sy samesprekings met Hertzog uiteengesit is. Genl. Hertzog wou dat die Nie-Blankes in die noordelike provinsies vyf Blankes vir die Senaat as verteenwoordigers moes aanwys, terwyl die Kaapse Nie-Blanke stemgeregtigdes twee Blanke verteenwoordigers vir die

155. Esselen-versameling, Band 1. Smuts aan Esselen, 24.2.28.
156. Ibid. Smuts aan Esselen, 5.3.28.
157. Smuts Papers, V. Smuts se aantekeninge oor sy gesprekke met Hertzog rakende die Naturellevraagstuk, 13.2.28-12.3.28.

Volksraad sou verkies. Dit sou meebring dat algemene stemreg vir Nie-Blankes oor die hele Unie sou geld. Genl. Smuts wou ook algemene stemreg toeken, maar het daarop aangedring dat daar baie streng beskawingstoetse moes wees. Later is Hertzog egter die mening toegedaan dat die noordelike provinsies nog nie ryp vir 'n oplossing van die probleem van algemene stemreg is nie.

Dit blyk dat Smuts ook vanuit 'n partypolitieke oogpunt geredeneer het toe hy op grond van die feit dat Hertzog te kenne gegee het dat die Nie-Blanke stem in twaalf Kaapse kiesafdelings met die vorige verkiesing die bepalende faktor was, aangevoer het dat slegs twee setels vir die Kaapse Nie-Blankes beslis ontoereikend is. Nadat Hertzog hom tot vyf Nie-Blanke verteenwoordigers (Blankes) vir die noordelike provinsies in die Senaat bereid verklaar het, het Smuts volgehou dat dit steeds onbillik en onaanvaarbaar is. Hy stel dit so: "It would create a very bad state of mind among the Natives, and in years to come, the Natives might be completely alienated from the Whites." Die Premier was huiwerig om te veel Nie-Blanke verteenwoordigers sitting op die Senaat te gee, aangesien 'n Nie-Blanke blok, wat die partybalans kon bepaal, gevorm kon word. Smuts wou egter die Kaapse Nie-Blanke setels volgens hulle aantal stemgeregtigdes toeken. Hy wou dat Nie-Blanke stemgeregtigdes wat reeds saam met Blankes gestem het, dit voortaan steeds doen. "The new register would then be built up consisting of new voters, and as the quota of voters was reached for one or more seperate Native members, seperate Native constituencies would be created at the Cape, until the maximum number was reached."[158]

158. Ibid.

Genl. Smuts het dit egter as vereiste gestel dat oorlegpleging met Nie-Blanke leiers moes plaasvind, en dat ook kerkleiers in die saak geken sou word. Alhoewel hy 'n Nasionale Konvensie as oplossing in gedagte het, staan die idee daarvan baie van sy vriende en partygenote nie aan nie.

Wat die Kleurlingvraagstuk betref, het genl. Smuts sy bedenkinge daarteen uitgespreek. Hy vrees dat juis die maatreëls hieroor in 'n volgende geslag nuwe politieke probleme kon skep. Smuts is van mening dat daar tussen die Bantoe en die Kleurling onderskei moes word en dat dit nie 'n wyse stap sou wees om almal met die Blankes gelyk te stel nie. Indien Nie-Blankes die nuwe beskawingstoetse slaag, moes Bantoes op Bantoekieserslyste en Kleurlinge, soos voorheen, op Blanke kieserslyste geplaas word. Hiermee het Hertzog later akkoord gegaan.

Hertzog se wetsontwerp rakende gebiedsegregasie is deur Smuts as te ingewikkeld afgemaak. Die Premier het geglo dat daar baie in Smuts se benadering steek dat algemene stemreg oor die hele Unie ingestel moes word, maar in plaas van die noordelike provinsies by die Kaapse stelsel te laat aanpas, sou dit 'n beter oplossing wees om die manlike stemreg van die Noorde in die Kaap toe te pas. "The result then would be that the whites would have manhood suffrage all over South Africa, but for the Natives there would be franchise based on qualifications plus an education and civilization test." Dit beskou Smuts as van soveel belang dat dit die hele Nie-Blanke skema kon laat platval, aangesien baie Blankes en Nie-Blankes dit nie sou aanvaar nie.[159]

Smuts het dit duidelik gestel dat die Blankes bereid moes wees

159. Ibid.

om persoonlike opofferings te maak. Die Arbeiders-, Nasionale-sowel as sy eie S.A. Party mag nie van die idee hou nie, maar hy glo dat onderskeidende kwalifikasies ongewens is "and manhood suffrage for the whites together with a high qualification basis for the rest would prove unacceptable and jeopardize the solution of the Native question."[160]

Hertzog het ten slotte daarop gewys dat 'n oplossing vir territoriale segregasie en die beskikbaarstelling van grond gevind moes word; dat dit nog te vroeg is om 'n Nasionale Konvensie hieroor byeen te roep; dat 'n maksimum van vyf lede die Kaapse Nie-Blankes in die Volksraad sou verteenwoordig en dat vyf senatore uiteindelik na die Nie-Blanke belange sou omsien; en dat algemene stemreg met dieselfde beskawings- en opvoedkundige toetse vir Blank en Nie-Blank sou geld.

Op 2 Maart het dr. Malan erken dat dit sy persoonlike begeerte is om aan die Kleurling- en Maleiervrou stemreg te gee en dat die Kleurlinge saam met die Blankes op die kieserslys geplaas word.[161]

Voor 'n Kleurlinggehoor in Kaapstad verklaar genl. Smuts dat hy gelyke regte vir alle beskaafde mense voorstaan, en dat die regering nie sy posisie moes misbruik om onderskeid tussen rasse te maak nie. Die Kleurslagboomwet is vir die regering 'n smet en baie afkeurenswaardig. Die toon van sy toespraak dui daarop dat dit ook vir die ore van die Kaapse liberaliste bedoel was.[162]

Genl. Smuts gee intussen aan die Gilletts te kenne dat dit sy idee is om Hertzog se Nie-Blanke wetsontwerpe so af te water dat

160. Ibid.
161. Pamflet. Die Kleurlingstemreg en die Grondwet; Volksraadsdebatte, 2.3.28, Kol. 1882-3; Pamflet. Dr. Malan en die Kleurlinge.
162. Die Burger, 12.4.28. Smuts te Kaapstad.

verandering minimaal sou wees. Hy beweer verder: "The temper of South Africa just now is by no means pro-native, and friends of the native who look ahead are afraid that unless some way is found to settle matters now, worse will befall in future."[163]

Op 16 April gee The Friend te kenne dat die Nie-Blanke vraagstuk 'n nuwe tydvak betree. Nie-Blankes raak almeer rasbewus en dit is belangrik dat te midde van hul ontwikkelingsproses hinderlike wetgewing soos die Kleurslagboomwet verwyder moes word. Die Nie-Blanke konferensie van die A.N.C. en die I.C.U. het besluit om met die Blankes vir 'n oplossing van die vraagstuk saam te werk en op Suid-Afrika vir hul konstitusionele regte te vertrou.[164]

In die Volksraad is aangekondig dat die gekose komitee, weens die omvang van die ondersoek na die Nie-Blanke wetsontwerpe, geen besluite geneem het nie en dat die komitee verder op die saak ingaan.[165]

Die Opposisieleier se uitlatings het intussen die Nasionaliste gegrief en by sommige die indruk geskep dat Smuts doelbewus daarop uit is om 'n moontlike oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk teen te werk. Teen die einde van Junie verklaar genl. Smuts onder meer: "There is no such thing as a native problem, as General Hertzog understands it. He thinks that you can put things right by passing laws. The remedy does not lie in legislation. The difficulty is that there is agitation among the natives and dissatisfaction is being created and developed. It is in combating this that the native problem will be soved. There is nothing in their false boast that they are solving the native question."[166]

163. Smuts-versameling, Band 207. Smuts aan Gilletts, 16.3.28.
164. The Friend, 16.4.28.
165. B.S. van As, "Enkele beskouings ...", in Hertzog-Annale, Nr. 9, Desember 1956.
166. The Star, 25.6.28.

Hertzog het egter op Heilbron te kenne gegee dat hy vasberade is om sy wetsontwerpe deur te voer, en dat hy steeds daarna sou bly strewe totdat dit aangeneem is.[167]

Op 8 Augustus skryf die Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris in Londen, J.S. Smit, aan genl. Hertzog dat die Suid-Afrikaanse goewerneur-generaal, lord Athlone, aldaar beweer het dat Smuts dit met Hertzog oor sy Nie-Blanke politiek eens is, "but I am afraid General Smuts' party will not allow him to support General Hertzog".[168] Dis egter op grond van die persoonlike onmin tussen die twee leiers te betwyfel of die beweerde eensgesindheid wel die geval was.

Dit het steeds geblyk dat minister Roos en die Transvaalse Nasionale Party teen die uitbreiding van die politieke regte van Nie-Blankes na die noordelike provinsies was, dog Roos beweer dat hul nie ten gunste van die uitskakeling van die Nie-Blanke stem in Kaapland was nie.[169] Minister Roos het opposisiebewerings in die Rand Daily Mail en Sunday Times ontken dat sy en genl. Hertzog se verskille oor die Nie-Blanke kwessie tot 'n Kabinetskrisis of 'n spesiale Kabinetsvergadering gelei het. Hy en die Premier verskil inderdaad geensins aangaande die Nie-Blanke vraagstuk nie. Hy is gewillig om by 'n volksbesluit oor die uitbreiding van die Nie-Blanke stem na die noordelike provinsies te berus.[170] Roos het 'n waarskuwing gerig dat indien 'n oplossing nie nou vir die Nie-Blanke kwessie gevind kon word nie, dit baie maklik die uitstaande propagandamiddel by die volgende

167. Die Burger, 24.7.28. Hertzog te Heilbron.
168. J.S. Smit-versameling, Band 10. Smit aan Hertzog, 8.8.28.
169. The Star, 28.9.28. Roos te Bloemfontein.
170. Rand Daily Mail, 3.10.28. Roos te Standerton. Vgl. The Friend, 12.10.28. Roos te Johannesburg.

algemene verkiesing kon word.[171] Die Nie-Blanke vraagstuk het almeer 'n politieke speelbal geword. Dit wil ook voorkom asof die opposisiepers doelbewus daarop uit was om onmin tussen die Nasionaliste onderling te veroorsaak. Roos se openbaring dat die bewerings oor Kabinetsonenigheid blote opposisieversinsels was, het vir die opposisie die gramskap van die Nasionaliste op die hals gehaal.

Generaal Smuts het baie skerp reageer op Roos se uitlating te Johannesburg dat die Nie-Blanke vraagstuk met die volgende algemene verkiesing die belangrikste twispunt kon word, en daarna as "a devilish proposal" verwys. Enige persoon wat so-iets by die partypolitiek wou insleep moes as 'n vyand van Suid-Afrika beskou word.[172] Die voortekens was daar dat die 1929-verkiesing 'n "Black Peril Election"[173] kon word. Genl. Smuts het reeds aan die Gilletts geskryf "The Nats are determined to alter the present system, and with the growing colour prejudices I am afraid of a General Election on this issue."[174]

Op die vooraand van die 1929-verkiesing laat Smuts teenoor sir Charles Crewe, oud-S.A. Party-L.V. vir Oos-Londen, blyk dat hy nie meer die Nie-Blanke vraagstuk as politieke verkiesingstwispunt vrees nie en dat die S.A. Party met sy argumente teen Hertzog se Nie-Blanke wette die Pakt sou verslaan. Die ontevredenheid onder die Nasionale Party van Transvaal oor die uitbreiding van die Nie-Blanke stemreg na die noordelike provinsies sou die S.A. Party ook bevoordeel.[175]

---

171. The Friend, 12.10.28. Roos te Johannesburg.
172. Rand Daily Mail, 19.10.28. Smuts te Pretoria
173. W.K. Hancock, op. cit., p.217.
174. Smuts-versameling, Band 207. Smuts aan Gilletts, 18.2.28.
175. Smuts Papers, V. Smuts aan Crewe, 15.2.29.

So vroeg as 4 Januarie 1929 het die Premier die Suid-Afrikaanse Party daarvan beskuldig dat hul kongresbesluit van 'n maand gelede daarop dui dat die opposisie daarop uit is om die Nie-Blanke kwessie 'n politieke verkiesingstwispunt te maak. Die Gekose Komitee waarop albei leiers van die hoofpartye sitting gehad het, het vroeg in Desember 1928 verdaag tot Januarie 1929. Wat die Nasionale Party nou ontstel het, was die feit dat die S.A. Party ondanks die voortgesette funksionering van die kommissie om oor die Nie-Blanke vraagstuk te besin, hulle hul nogtans ten gunste van "die handhawing van bestaande regte" uitgespreek het. Die S.A. Party beskou die tyd nie as ryp om aan politieke regte van Nie-Blankes te peuter nie. Deur so 'n rigting in te slaan, is die Nie-Blanke gemoedere in beroering gebring.[176]

Die Nasionale Party het gevolglik aangevoer dat die besluit van die S.A.P.-kongres 'n partypolitieke besluit was, en as sodanig het baie Pakt-ondersteuners dit ook as 'n besluit vertolk waardeur die S.A. Party hul nie meer tot verdere samesprekings oor die Premier se Nie-Blanke wette bereid verklaar het nie. The Friend waarsku dat Suid-Afrika op 'n ramp afstuur as die partye die Nie-Blanke kwessie 'n partypolitieke speelbal sou maak, dog dit beteken nie dat 'n party ter wille van eensgesindheid 'n saak wat hy afkeur, moes steun nie.[177] Hoewel die regering voorgegee het dat genl. Smuts se kongresbesluit partypolitieke bevoordeling in die komende verkiesing as oogmerk gehad het, blyk dit nie die geval te wees nie. Die Opposisieleier het klaarblyklik nie die gevolge van so 'n kongresbesluit vooruitgesien nie, dog 'n versiende staatsman soos genl. Smuts behoort nie op die voor-

176. Pamflet. Genl. Hertzog se Bolmakiesie, Uitgegee deur die Federale Raad van die Nasionale Party.
177. The Friend, 7.1.29. Hoofartikel.

aand van 'n belangrike verkiesing en in die lig van die gewigtige Nie-Blanke vraagstuk, in so 'n slaggat te getrap het nie.

Genl. Hertzog het gegrief gevoel oor hierdie onverwagte terugslag vir sy Nie-Blanke wetgewing en verklaar onder meer te Pretoria dat die "Sap-Unionistiese Kafferpolitiek" van die Kaap op die Bloemfonteinse kongres geseëvier het. Hertzog sê verder: "Die Kaapse Sap-Unioniste met hul verderflike kafferpolitiek mag seëvier op 'n Sap-kongres, maar ek het nog vertroue genoeg in die gesonde verstand en in die vaderlandsliefde van die Afrikaanse bevolking, om te voel, dat die politiek van die Unioniste nie die politiek van Suid-Afrika gaan wees nie."[178]

J.S. Marwick en G.H. Nicholls, die onderskeie S.A. Party-Volksraadslede vir Illovo en Zoeloeland, het teen die helfte van Januarie reeds die verkiesingsveldtog in Natal van stapel gestuur, en in hul toesprake het die Nie-Blanke vraagstuk sterk figureer. Nicholls het die Premier oor sy Nie-Blanke wetsontwerpe aangeval en van "skitterende leuenagtigheid" beskuldig, terwyl die samewerking wat Hertzog met die S.A. Party oor dié wetsontwerpe gesoek het, as niks anders as 'n blote voorwendsel vir die deurvoering van sy segregasiebeleid beskou is nie. Indien enige persoon in hulle private lewe soos die Nasionaliste sou handel, sou elke fatsoenlike mens hulle vermy en verafsku.[179] Dit was dus vroeg in 1929 duidelik welke afmetings die Nie-Blanke kwessie as politieke partytwispunt in die komende verkiesing sou aanneem.

Die opposisiepers het steeds volgehou dat die regering die Nie-Blanke vraagstuk binne die partypolitiek betrek het. The Peo-

178. Ons Vaderland, 5.1.29. Hertzog te Pretoria; Pamflet. J.J. Haywood, Naturellesake: Segregasie-wetsontwerp; Pamflet. Binnelandse Sake: Gemengde Huwelike; Pamflet. J.J. Haywood, Grondverskaffing aan Naturelle: Die twee beleide.
179. Die Burger, 16.1.29.

ple's Weekly stel dit so: "Like a drowning man, the Government is willing to catch at any straw to save itself from a defeat which it has long merited at the hands of a people who have had their every sense of justice and fairplay outraged by acts dictated by racial and partisan prejudice."[180]

Die Nasionale Party het sy hele betoog teen die opposisie se hantering van die Nie-Blanke vraagstuk rondom genl. Smuts se Ermelo-toespraak van 17 Januarie gebou. Vir die Afrikaner-Nasionalis en die gematigde Smuts-aanhanger was die Opposisieleier se toespraak te Ermelo 'n geweldige skok. Soos 'n Rhodes van ouds, het genl. Smuts van die groot ontwikkeling van Britse kolonies in Afrika gewag gemaak en gesê: "Let us cultivate feelings of friendship over this African continent, so that one day we may have a British confederation of African states ... a great African Dominion stretching unbroken throughout Africa ... That is the cardinal point in my policy."[181] Later het genl. Smuts ontken dat hy die woorde "African Dominion"[182] gebruik het, dog hy is die volgende dag deur die Cape Times[183] so rapporteer. Ook in die Parlement het die Opposisieleier later sekere koerantverslae van sy Ermelo-toespraak, soos ander andere dié van die Cape Times en Die Volkstem, in sekere opsigte as foutief weerlê. Die Speaker, advokaat E.G. Jansen, glo egter nie dat Smuts veel daarmee bereik het nie, want hoewel Smuts se klaarblyklike, werklike toespraak heelwat van die koerantverslae verskil, bly die strekking daarvan nog dieselfde.[184] Dit ly geen twyfel dat genl.

180. The People's Weekly, 11.1.29. Hoofartikel.
181. W.K. Hancock, op. cit., p.218. Vgl. Cape Times, 18.1.29.
182. Ibid.
183. Cape Times, 18.1.29. Smuts te Ermelo.
184. E.G. Jansen-versameling, Lêer 62. Dagboekinskrywing, 12.2.29.

Smuts met sy Ermelo-toespraak in die hande van sy politieke opponente gespeel het nie, en dit sou spoedig duidelik word dat hy daardeur 'n partypolitieke instrument in die regering se hande geplaas het waarmee hulle kon verseker dat die 1929-verkiesing vir hulle suksesvol sou afloop.

Op 22 Januarie berig Die Burger reeds dat die Transvaalse Nasionale Party besef dat die kwessie van 'n Witmansland of 'n verbasterde Suid-Afrika met die komende verkiesing "op die spel staan".[185] Veral ná genl. Smuts se Ermelo-toespraak het die Nie-Blanke vraagstuk almeer op die voorgrond getree. Die Volkstem het van opposisiekant beweer dat die regering te veel vir die Kleurlinge doen en nog van plan is om te doen,[186] waarop Die Burger skerp reageer deur te beweer dat die S.A. Party-politiek tans in 'n aansienlike mate daarop gemik is om die grootste aantal kiesers te bedrieg.

Die Burger verwys onder meer na 'n vergadering van majoor G.B. van Zyl, S.A. Party-Volksraadslid vir Kaapstad Hawe, waartydens hy teen die regering oor sy bevoordeling van die Blankes met sy beskaafde arbeidsbeleid uitgevaar het. Kleurlinge word mislei, verwaarloos en verdruk en die regering sou hul verpletter as hy kon. Die redakteur vestig die aandag op die opposisie se teenstellende bewerings, iets wat verstaanbaar is as in gedagte gehou word dat die woorde in die geval van Die Volkstem aan Blanke kiesers gerig is in 'n provinsie waar die Kleurling geen stemreg het nie, terwyl die woorde van Van Zyl tot Kleurlingkiesers gerig is.[187]

---

185. Die Burger, 22.1.29.
186. Die Volkstem, 21.1.29. Hoofartikel.
187. Die Burger, 25.1.29. Hoofartikel.

Die Premier en twee van sy provinsiale leiers, advokaat Roos en dr. Malan, het besluit om in die vorm van 'n Swart Manifes op die Opposisieleier se Ermelo-toespraak te reageer. Hierin is genl. Smuts verdoem as die man wat homself voorhou as die apostel van 'n swart Nie-Blanke staat wat van die Kaap tot by Egipte sou strek.[188] Die vrees is uitgespreek dat Suid-Afrika nou tot 'n Kafferdom bestem is.[189] Die drie leiers stel dit duidelik: "If South Africa must really be handed over to the native, then let the white man know it, in order that we may prepare ourselves by the needful measures of safety, even though it means seeking a home elsewhere."[190]

Die Burger het aan die hand hiervan verklaar dat dit nou vir hom duidelik is waarom die Opposisieleier enige samewerking met betrekking tot die oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk, waar die wysiging van die Kaapse Nie-Blanke stem op die spel is, weier. Die koerant het ook deur middel van 'n tabel probeer aantoon hoe die bevolkings van die Afrika-lande wat binne 'n Smuts-federasie betrek sou word daar uitsien? Op hierdie wyse is die kiesers op die oormag van die Nie-Blankes binne so 'n federasie gewys.[191]

Nie minder as drie van die tien artikels van die Pakt regering se amptelike verkiesingsprogram het na die Nie-Blanke vraagstuk verwys, en dit was duidelik dat Smuts se Ermelo-toespraak die inhoud daarvan beïnvloed het. Die drie artikels het soos volg gelui: Die Pakt wou Suid-Afrika se toekoms as witmansland met 'n Blanke beskawing verseker; die leer van die S.A. Party soos deur

188. Cape Times, 29.1.29.
189. J.G. Strijdom-versameling, Band 147. Knipsel, 28.1.29.
190. Rand Daily Mail, 29.1.29.
191. Die Burger, 29.1.29.

genl. Smuts op Ermelo aangekondig met die inkorporasie of federasie van die Unie met die Britse Naturellegebiede van Oos- en Noordoos-Afrika, word verwerp; en 'n oplossing van hul Naturellevraagstuk langs die weg van politieke en territoriale segregasie op die basis van genl. Hertzog se Naturellewetsontwerpe word voorgestaan.[192]

Die Nasionaliste het die Opposisieleier se Ermelo-toespraak in die loop van die verkiesinstryd met vrug teen Smuts en sy party gebruik. Genl. Smuts is veroordeel as 'n "man wat homself uitgee as die apostel van 'n swart 'kafferstaat', waarvan Suid-Afrika so 'n ondergeskikte samestellende deel sal vorm dat sy haar eie naam nie meer sal ken nie." Smuts het gelyke regte vir almal voorgestaan en die Nasionale Party het aangevoer dat die voortgesette bestaan of die ondergang van die Blanke en sy beskawing in Suid-Afrika op die spel was.[193]

Hierdie "Swart Manifes" het in die verste uithoeke van Suid-Afrika weerklank gevind en sou in die komende verkiesing vele onsekere kiesers na die Nasionale Party oorhaal. Tegelykertyd sou die inhoud van die manifes 'n geweldige sterk teenreaksie by die opposisie ontlok, waardeur die gespanne verhouding tussen die twee groot partye vroeg in 1929 reeds ernstige afmetings aangeneem het. In opposisiegeledere was daar diepe verontwaardiging oor die toon en inhoud van die "Swart Manifes". Dit is deur hul leier as onwaar en misleidend bestempel.

Ná die emosie-belaaide vlagstryd en Duitse handelsverdrag het die hoofpartye en rassegroepe nie veel nodig gehad om weer eens emosioneel opgesweep te raak nie, en daarvoor sou hulle politieke

192. Jansen-versameling, Lêer 71. Verkiesingsprogram van die Nasionale Party.
193. F.S. Crafford, op. cit., p.279.

leiers sorg. Te midde van die grootskaalse ontevredenheid in sy eie politieke kamp, het genl. Smuts die moeilike taak gehad om die S.A. Party-ekstremiste se gemoedere sodanig te beteuel dat hy darem nog op 'n plattelandse aanhang kon staatmaak.

In 'n onderhoud met die Cape Times het generaal Smuts die Nasionaliste se "Swart Manifes" bestempel as 'n hersenskim en nog 'n wanhopige poging van die Nasionale leiers om die Naturel-levraagstuk as hul belangrikste verkiesingskreet te gebruik. Sy verslag van die Ermelo-toespraak deur die Cape Times was volgens Smuts nie 'n woordelike opname nie, maar wel 'n vrye, en "dit is treurig om te dink dat die N.P. in Suid-Afrika so bankrot aan beleid en staatsmanswysheid is dat hy sy toevlug tot sulke kwaad-verwekkende en beledigende middele moet neem ten einde sy leiers in staat te stel om met die verkiesing te verskyn voor die land wat meer as genoeg gehad het van hulle en al hul draaie."[194]

Die Burger lewer soos volg kommentaar op genl. Smuts se aanvalle op sy eie pers oor hul beriggewing van sy Ermelo-toespraak: "Genl. Smuts staan betrap op 'n lompe en skandelike poging om van die gevolge van sy toespraak weg te hardloop deur growwe aantygings te maak teen die verslaggewers van twee groot blaaie van sy eie party."[195]

The Friend bestempel die aantygings van die "Swart Manifes" as "a miserable political untruth". Die redakteur vervolg in dieselfde trant as hy sê: "Nor do we believe that General Hertzog or mr. Roos or Dr. Malan believes that any intelligent Nationalist will believe them in this matter. The people who constituted this untutored portion of the electorate do not think for

194. Die Burger, 30.1.29.
195. Ibid.

themselves ... If General Hertzog says that General Smuts is in favour of a Kaffir State this type of Nationalist will accept the statements without question. This is the depth of political degradation to which Nationalist leaders have allowed themselves to be pulled down in their search for a political slogan for the general election."[196] J.H. Hofmeyr, Transvaalse administrateur, het die "Swart Manifes" as "mephitic vapour - something poisonous, pestilential, noxious and deadly"[197] bestempel. Daar bestaan geen twyfel dat genl. Smuts se Ermelo-toespraak op 'n uiters geleë tydstip vir die Nasionale Party gehou is nie. 'n Vroulike briefskrywer skryf aan genl. Smuts aangaande die "Swart Manifes" van die Nasionaliste: "That is their weapon and they will exploit it to the full. But it may break in their hands yet."[198]

Die opposisiepers het heftig teen die "Swart Manifes" te velde getrek en dit met veragting verwerp. The People's Weekly bestempel dit as geen wonder dat genl. Smuts die feit dat die Premier en twee Ministers van die Kroon hul handtekeninge onderaan só 'n dokument geplaas het, as 'n verregaande vernedering vir hul openbare lewe en rampspoedig vir hul toekoms bestempel het nie.[199]

Genl. Smuts, bewus van die implikasies wat die "Swart Manifes" vir hom kon hê, skryf aan Esselen en vra van hom 'n woordelike verslag van sy Ermelo-toespraak. Hy stel dit aan Esselen dat hy nie meer sy presiese woorde kon onthou nie, maar dat hy sekerlik nooit van 'n enkele Dominium van Afrika-State binne die Ryk ge-

---

196. The Friend, 30.1.29. Hoofartikel.
197. The People's Weekly, 17.5.29. Hoofartikel.
198. Smuts-versameling, Band 209. Mev. Van Zyl aan Smuts, 30.1.29.
199. The People's Weekly, 1.2.29. Hoofartikel.

droom het nie.[200] Hoewel hy voorgee dat hy weet dat die Manifes platgeval het, wou hy geen kanse waag nie. Smuts beoog om as amendement tot Hertzog se Nie-Blanke wette 'n Nasionale Konvensie voor te stel en dit hieroor met die Nasionaliste uit te spook.[201]

Die Cape Argus probeer die saak vir Smuts in die reine bring deur aan te voer dat hy in sy Ermelo-toespraak bloot na die toekomstige moontlikheid van 'n federasie van Britse dominiums in Afrika verwys het.[202] Hierteenoor hou Die Burger vol dat Smuts spesifiek verklaar het dat dit die fundamentele punt in sy beleid is, en hy bestempel die Ermelo-rede as 'n brutale aanval op die voortbestaan van Blanke Suid-Afrika.[203]

Op 18 Februarie het The Friend die S.A. Party gewaarsku dat dit verkeerde partypolitieke taktiek sou wees indien hulle sou glo dat teenstand teen Hertzog se voorgenome Nie-Blanke wetsontwerpe, bloot met die oog daarop om te opponeer en sonder om iets positiefs in die plek daarvan te stel, hulle in die komende verkiesing niks sou help nie. Hy sal liefs sien dat die opposisie deur middel van Hertzog se wetsontwerpe 'n oplossing vir die saak probeer vind, eerder as om dit bloot te opponeer. Die redakteur vrees ook dat Hertzog, indien hy sou besef dat die partye met sy Nie-Blanke wetsontwerpe as uitgangspunt 'n oplossing nastreef, kon reken dat hy in dié saak so sterk staan dat hy van die beste klousules in die wetsontwerpe kon wysig ten einde 'n sekere element binne sy party tevrede te stel.[204]

---

200. Esselen-versameling, Band 1. Smuts aan Esselen, s.d.
201. Ibid. Smuts aan Esselen, 6.2.29.
202. Cape Argus, soos aangehaal in Die Burger, 24.1.29. Hoofartikel.
203. Die Burger, 24.1.29. Hoofartikel.
204. The Friend, 18.2.29. Hoofartikel.

Vir die redakteur van Die Burger was daar nog een kans om die Nie-Blanke vraagstuk uit die verkiesingstryd te hou, naamlik dat die Suid-Afrikaanse Party in die komende Parlementsitting met die Nasionale Party moes saamwerk ten einde 'n aanneemlike wysiging van die bestaande stelsel te vind. Weens die feit dat die S.A. Party deur die Unioniste gedryf word, betwyfel hy egter so 'n moontlikheid.[205] Die redakteur van The Friend het 'n ander oplossing gehad ten einde die Nie-Blanke kwessie uit die party-politiek te hou. Hy is oortuig dat indien die Premier 'n verklaring sou uitreik dat dit steeds sy ideaal is om die vraagstuk nie 'n politieke sneeubal te maak nie, ook genl. Smuts en sy party daarby sou inval.[206]

Op 19 Februarie kry die Nie-Blanke vraagstuk nog 'n ander kleur toe die Opposisieleier teen die sluiting van die Suid-Afrikaanse regering se Londense immigrasiekantoor beswaar maak. Blanke immigrasie bied vir genl. Smuts nie alleen die sleutel tot 'n oplossing vir die Nie-Blanke probleem nie, maar sou eweneens tot 'n oplossing van die armblankevraagstuk meehelp. Aangesien één van die Unie se grootste gebreke sy beperkte markte vanweë sy geringe Blanke bevolking is sou meer Britse geskoolde arbeiders in die behoefte kon voorsien. Die opposisie se beleid van staatsondersteunde immigrasie, en veral Britse immigrasie is egter deur die Pakt-ondersteuners as 'n poging van die S.A. Party-ondersteuners gesien om hul stemkrag aan te vul. Die regeringsbeleid was daarop gemik om immigrasie agterweë te hou tot tyd en wyl die armblankevraagstuk iets van die verlede is. Smuts se pleidooi om langs die weg van grootskaalse Blanke immigrasie die Nie-

205. Die Burger, 18.1.29.
206. The Friend, 12.2.29. Hoofartikel.

Blanke vraagstuk op te los, is gevolglik deur die Pakt as 'n blote partypolitieke poging van die opposisie tot wyer steun vertolk. In die lig hiervan het die Pakt staatsondersteunde Blanke immigrasie opponeer.[207]

Die Burger het die opposisie se beleid van staatsondersteunde immigrasie verwerp as 'n blote middel om die S.A. Party in staat te stel om die gelykstellingsbeginsel en algemene Nie-Blanke stemreg oor die hele Unie in te stel. Die redakteur wys daarop dat indien die toename in die aantal Nie-Blanke kiesers in die toekoms dieselfde sou wees as gedurende die afgelope negentien jaar, hulle oor vyftig jaar verder ver oor die 100 000 Nie-Blanke kiesers sou hê! Hy kom dus tot die gevolgtrekking dat dit onmoontlik is om deur middel van Blanke immigrasie die Blankes se getalle sodanig te verhoog dat dit enigsins gelykstaande aan dié van die Nie-Blankes sou wees.[208] Die feit dat Kaapland oor meer as een-derde van die aantal Volksraadslede beskik het, het vir hierdie provinsie die gevaar ingehou dat die Nie-Blankes hier spoedig die oorhand kon kry.

Die Cape Times het volgens Die Burger begin ongeduldig raak met sy S.A.P.-leier en -party se passiewe beleid van "laissez-faire, laissez-passer", aangesien voortdurende uitstel van die Nie-Blanke probleem die eie seggenskap in die uiteindelike oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk sou verklein. Die Nasionale Party-standpunt was egter dat die Sappe so onder Unionistiese invloed gestaan het dat die tyd vir 'n oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk vir hulle nooit ryp sou wees nie, aangesien die S.A. Party met sy Unionistiese inslag absolute gelykstelling

207. Die Burger, 20.2.29.
208. Ibid., 10.5.29. Hoofartikel.

nagestreef het.[209]

Genl. Hertzog het in Februarie 1929, ooreenkomstig die bepalings van die Grondwet, 'n gesamentlike sitting van die twee Huise van die Parlement laat byeenroep, en daar twee wetsontwerpe ingedien, naamlik die Wet op Naturelleverteenwoordiging en Kleurlingkiesreg. Albei wetsontwerpe is verongeluk. Vir die eerste kon by die derde lesing nie 'n twee-derde meerderheid gevind word nie weens die S.A. Party-teenstand. Gevolglik het genl. Hertzog dit onnodig gevind om 'n twee-derde meerderheid te probeer verkry vir die Kleurlingkiesreg-wetsontwerp en dit teruggetrek. Wat Hertzog ontevrede gestem het, was dat Smuts baie van sy voorstelle reeds in hul vorige privaat gesprekke gedurende Februarie en Maart 1928 aanvaar het.[210]

Tydens die gesamentlike sitting het die opposisie elke klousule van die wetsontwerp beveg, maar geen alternatiewe beleid voorgehou nie. Soos Hancock dit stel: "Smuts protested that he and his party were not bound finally or irrevocably to the Cape basis, but he insisted that the franchise was only one part of an extremely complex economic-political-racial situation. He thought it foolish to rush into partial decisions; instead, he proposed patient consultation with the Natives and the calling of 'a National Convention or Commission' to explore the ends and means of a comprehensive national policy."[211] Hertzog het Smuts en sy volgelinge geluk gewens met die bekwame wyse waarop hulle in die Volksraad debatteer het sonder om eintlik enigiets te sê. Die Premier het sy vasberadenheid te kenne gegee om die Kaapse stemreg

209. Ibid., 14.2.29. Hoofartikel.
210. Smuts Papers, V., voetnoot, aangehaal uit C.M. Tatz, Shadow and Substance in South Africa, pp.60-1.
211. W.K. Hancock, op. cit., p.216.

te wysig. Die opposisie se hoof-oogmerk met die Nie-Blanke vraagstuk is, volgens Hertzog, die skepping van gelyke regte en "if that day dawns, hands up as well".[212]

Met die besprekings van die Nie-Blanke vraagstuk in die Parlement het gemoedere soms hoog geloop. Die Premier se waarskuwing dat Suid-Afrika in 'n "Kafferoseaan" sou verdrink as die Smuts-beleid aanvaar word, is deur die Opposisieleier as aanstootlike taal beskou. Genl. Smuts het die regering daarvan beskuldig dat die oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk by hulle nie so swaar geweeg het as hul motief om dit as verkiesingsinstrument te gebruik nie.[213]

The Friend kom tot die gevolgtrekking dat die twee hoofpartye aangaande die Nie-Blanke kwessie grootliks verskil ten opsigte van die aard van optrede. Hy beweer: "General Hertzog is for a beginning to be made with the political side; General Smuts declares that the economic relations between European and Bantu are even more important than the political relations and that both should be approached together."[214] Die groot probleem was dat genl. Hertzog wou hê dat sy Nie-Blanke wetsontwerpe die beginpunt moes wees van 'n oplossing vir die Nie-Blanke probleem, terwyl genl. Smuts sy Nasionale Konvensie as basis vir 'n oplossing voorgehou het. Albei was in 'n groot mate onwrikbaar in hul oortuiging dat sy eie oplossing die mees korrekte was, en in hulle vasberadenheid om dit te bewys, sou hulle nie alleen tydens die Parlementsitting nie, maar ook in die verkiesingstryd wat sou volg, die voortou neem in 'n veldtog van verdagmakery en opsweping.

---

212. Ibid.
213. Volksraadsdebatte, 1929, Kol. 655-6.
214. The Friend, 20.2.29.

Die Burger reageer op die mislukking van Hertzog se twee Nie-Blanke wetsontwerpe deur die Premier aan te raai om die volk te vra om daaroor te oordeel,[215] terwyl The Friend die oogmerk van die wetsontwerpe as 'n stap "prompted by a fear complex"[216] bestempel. Genl. Smuts was die mening toegedaan dat sy party met die verwerping van die Premier se Nie-Blanke wetsontwerpe 'n groot slag geslaan het, en hy betwyfel dit of die Nasionale Party na dese in staat sou wees om enige partypolitieke voordele uit die Nie-Blanke vraagstuk te trek.[217]

Dit was 'n oordeelsfout van Smuts, want vanaf Januarie tot Junie 1929 het die Nasionaliste hulle by uitstek op die Nie-Blanke vraagstuk toegespits. So is beweer dat indien genl. Smuts sy sin sou kry, Blanke Suid-Afrika verswelg sou word deur die swart Noorde, en indien hul nie heeltemal verswelg word nie, sou dit soos 'n geweldige pikswart Afrika-hond met 'n klein wit kolletjie op die punt van sy stert lyk.[218] Die spotprenttekenaars van veral Die Burger en Ons Vaderland het hierdie tema met groot vrug teen die opposisie gebruik. 'n Spotprent wat veral uiters suksesvol was, was die een wat 'n week voor die verkiesing in Die Burger verskyn het, waar 'n ou lid van die S.A. Party met verontwaardiging na 'n plakkaat, klaarblyklik deur die S.A. Party opgerig, kyk, waarop staan: "S tem vir die S wart A frika P arty".[219] Die opposisie was hoogs verontwaardig oor die strydmetodes van hul opponente, en in die proses het 'n politieke magstryd ontstaan waarin emosies telkens sou handuit ruk en geen genade wedersyds betoon is nie.

---

215. Die Burger, 21.2.29.
216. The Friend, 2.4.29.
217. Smuts Papers, V. Smuts aan Mentz, 6.3.29.
218. W.K. Hancock, op. cit., pp.218-9.
219. Die Burger, 5.6.29. Spotprent.

Wat die opposisie klaarblyklik ook heelwat stemme met die 1929-verkiesing gekos het, was die sogenaamde Kaapse S.A. Party-manifes. Hierdie manifes is onder andere deur J.W. Jagger, voormalige minister en S.A. Party-L.V. vir Kaapstad Sentraal, en H. Burton, nog 'n oud-S.A. Party-minister en twaalf ander leidende Kaapse S.A. Party-ondersteuners opgestel. Die manifes was tiperend van die houding en geestesgesteldheid van die Kaapse liberale groep binne die S.A. Party, en hulle voer onder meer aan dat volle burgerregte nie aan beskaafde Bantoe-manne onthou kon word nie, aangesien dit 'n uitdaging aan al die Nie-Blanke rasse van Afrika sou wees.[220]

Die Kaapstadse manifes het ongetwyfeld vir die S.A. Party op 'n uiters ongeleë tydstip gekom. Genl. Smuts sou later sy gematigde ondersteuners moes gerusstel dat sy party nie gelyke regte vir almal voorgestaan het nie,[221] hoewel hy twaalf dae voor dié uitlating nog sy Kaapse liberale vriende verseker het dat hy gelyke regte vir alle beskaafdes voorstaan.[222] Die Cape Times was die mening toegedaan dat dit miskien wyser van die Kaapse liberaliste sou wees indien hulle hul manifes tot na afloop van die verkiesing sou terug hou.[223]

Vir 'n aantal jare was dit reeds die Nasionale Party se strewe om hul ondersteuners uit die geledere van die gematigde S.A. Party-lede aan te vul. Dit was inderdaad baie Nasionale Party-ondersteuners se oortuiging dat die gematigde S.A. Party-groep weens oorwegend gemeenskaplike ideale by die Nasionale Party

220. The Star, 18.3.29. Verklaring van Kaapse groep; Die Volkstem, 18.3.29; Die Burger, 15.5.29. Hoofartikel; Ibid., 19.3.29. Hoofartikel.
221. Die Volkstem, 11.5.29. Smuts te Standerton.
222. Die Burger, 30.4.29. Hoofartikel.
223. Ibid., 22.3.29. Hoofartikel.

tuishoort. Om dié rede sou die Nasionale Party in die Nie-Blanke vraagstuk die geleentheid sien om hul gematigde opponente die skrik op die lyf te probeer jaag. So het die redakteur van Die Burger byvoorbeeld beweer dat "uitstel mos al is wat nodig is om die Unionistiese ideaal van politieke gelykstelling in die praktyk toegepas te kry."[224]

'n Boere-kongres van Bethulie en omliggende dorpe, waarop albei hoofpartye sterk verteenwoordig was, het hul reeds op 1 April ten gunste van die Premier se Nie-Blanke beleid uitgespreek. Hieruit maak Die Burger die gevolgtrekking dat min S.A. Party-ondersteuners op die platteland genl. Smuts se Nie-Blanke beleid ondersteun het.[225] Hierteenoor het die meerderheid S.A. Party-ondersteuners in die stede 'n meer liberale houding ten opsigte van die Nie-Blanke vraagstuk ingeneem, soos wat die Kaapse S.A. Party-manifes ook getuig. Genl. Smuts, anders as wat hy wou voorgee, het dus in 'n moeilike posisie verkeer. Dit was sy onbenydenswaardige taak om die gematigdes, sowel as die ekstremiste binne sy partygeledere te sus. Die Nasionale Party se doelbewuste pogings van verdagmakery tussen die twee flanke van die opposisie, het Smuts se taak aansienlik bemoeilik, en het 'n gespanne verhouding tussen die leidende figure van die twee hoofpartye tot gevolg gehad.

Teenoor die Gilletts beweer Smuts op 4 April dat die S.A. Party ondanks die verwerping van Hertzog se Nie-Blanke beleid steeds met groot probleme opgesaal is. Hy sê onder meer: "One can only pray that people will more and more appreciate that this is not

224. Ibid., 30.3.29. Hoofartikel.
225. Ibid., 3.4.29. Hoofartikel. Vgl. Ibid., 18.4.29. Brief van L.J. du Plessis.

a road for shortcuts and that patience and far-sightedness are essential to any solutions of the problems that face us. A Fabian policy is on the whole the wisest in so dangerous a situation. But I sometimes despair of the Native question. It seems to me that it is demanding too much of human nature to ask black and white to be just and fair and generous to each other."[226]

Op dieselfde dag het 'n voormalige S.A. Party-minister, senator F.S. Malan, te Malmesbury verklaar dat hy van opinie is dat daar geen kleurlyn in die kiesreg behoort te wees nie.[227] Die Nasionaliste het senator Malan se woorde as bewys van die S.A. Party se Unionistiese inslag voorgehou, want die Sappe wou niks doen wat hulle ideaal van uiteindelike absolute gelykstelling sou bemoeilik nie.

Dit wil ook voorkom asof die opposisie, en veral genl. Smuts, soms doelbewuste teenstand teen genl. Hertzog se Nie-Blanke beleid by die Nie-Blankes self probeer opwek het. So het die Opposisieleier te Sterkspruit 'n groep Nie-Blankes toegespreek en hulle daarop gewys dat hul kiesreg hul grootste voorreg is, en dat hulle, wanneer hulle dit uitoefen, moes onthou wie hul vriende is.[228]

Wat beslis baie teen genl. Smuts getel is, was sy negatiewe "laat-maar-loop-beleid" ten opsigte van die Nie-Blanke vraagstuk. Veral vir die plattelander was dit 'n saak van wesentlike belang wat dringende aandag geverg het. In Noordoos-Kaapland het die Opposisieleier verklaar dat die land gerus maar nog veertien jaar met die Nie-Blanke kwessie kon wag, en dat tien verkiesings

226. Smuts-versameling, Band 209. Smuts aan Gilletts, 4.4.29.
227. Ons Land, 6.4.29; Cape Times, 5.4.29; Cape Argus, 5.4.29; Die Burger, 5.4.29.
228. Die Volkstem, 11.4.29; Cape Times, 11.4.29.

hulle nie nader aan 'n oplossing sou bring nie.[229]

The Friend het egter uit sy pad gegaan om te bewys dat die S.A. Party die Nie-Blanke vraagstuk in 'n ernstige lig beskou en die redakteur verklaar onder meer: "It is useless for General Hertzog to suggest to intelligent South Africans that General Smuts and the South African Party are not as alive as he is to the present position, to its serious potentialities and of its grave implications." Hertzog kon sy grootheid bewys deur die hele Nie-Blanke probleem vir goedkeuring aan die mense wat so intiem daarby betrokke is, voor te lê, naamlik die Nie-Blankes self.[230]

Sowel Patric Duncan, S.A. Party-L.V. vir Yeoville, as sy partyleier het oorlegpleging met Nie-Blanke leiers as voorvereiste vir die oplossing van die Nie-Blanke probleem gesien. Die Burger hou hierdie situasie só aan die volk voor: "Die witman met die hoed in die hand voor die naturel, waar hy nogal seker is van 'n afjak - dit is die skandelike vernederende posisie waarin die aanname van die S.A.P. se konvensie-voorstel Suid-Afrika sal doen beland."[231]

Dwarsdeur die verkiesingsveldtog het die Opposisieleier se Ermelo-rede soos 'n swaard bo sy hoof gehang. Dié toespraak het vir genl. Smuts in 'n ongemaklike situasie geplaas, veral nadat mnr. J.P. Jooste, voorsitter van die Transvaalse S.A. Party, daarop gewys het dat Smuts so vroeg as 1907 reeds sy federasiegedagte van Britse state in Afrika as ideaal voorgehou het.[232]

229. Die Burger, 12.4.29. Smuts te Barkly-Oos; Ibid., 16.4.29. Smuts te Dordrecht.
230. The Friend, 19.4.29. Hoofartikel.
231. Die Burger, 17.4.29. Hoofartikel.
232. Ibid., 3.5.29. Hoofartikel.

Bowendien het Mnr. Joël Krige, S.A. Party-L.V. vir Caledon, vroeg in 1929 in die Volksraad te kenne gegee dat elkeen daarvan bewus is dat dit tot heil van Suid-Afrika sou strek indien die land 'n Federale Parlement van Afrika sou hê - iets wat vir Suid-Afrika net soveel heil sou inhou as wat die geval met Australië en sy federasie was.[233]

Die Burger kon met vrug daarop wys dat die S.A. Party inderdaad met hul Nie-Blanke Politiek in die duister getas het. Hulle bontspringery hieroor is in die vorm van drie fases aan die volk voorgehou: 'n Jaar gelede was die S.A. Party ten gunste van gelyke regte vir alle mense; waarna hulle 'n tweede fase deurloop waartydens hulle voorgee dat hul bereid is om met die Nasionaliste ten opsigte van segregasie saam te werk; derdens, hou hulle 'n S.A. Party-kongres waar besluit is om die status quo ten opsigte van die Nie-Blanke vraagstuk te handhaaf; twee maande later hou hulle 'n Nasionale Konvensie as oplossing voor, met die uitdruklike vereiste dat die teenwoordigheid van Nie-Blankes 'n absolute vereiste is; tans beweer hulle dat die Konvensie-idee nie noodwendig die saak sou oplos nie, maar dat 'n gesonde immigrasiepolitiek die ware en mees blywende oplossing vir die Nie-Blanke vraagstuk is.[234]

Die Burger het daarop gewys dat genl. Hertzog reeds sedert 1924 gepoog het om die Nie-Blanke kwessie op te los, maar dat die opposisie se weiering daartoe sy ywerige pogings laat skipbreuk ly het. Met die S.A. Party-kongres van Desember 1928 is die Pakt skromelik deur die S.A. Party in die steek gelaat, en daarbenewens word die Nasionaliste nou verwyt dat hulle die Nie-Blanke

233. Volksraadsdebatte, 29.1.29.
234. Die Burger, 10.5.29. Hoofartikel.

probleem binne die partypolitieke arena gesleep het.[235] The Friend beweer egter die teendeel: "For purely party reasons he (Hertzog) has decided to make this a national question - a question that calls for the coolest and sanest statemanship - a political party football. This is not patriotism. This is not placing the interests of South Africa first." Die redakteur verwerp Hertzog se bewering dat sy Nie-Blanke beleid dieselfde as dié van generaal Botha is, aangesien Botha nie ten gunste van Nie-Blanke verteenwoordiging in 'n Blanke Volksraad was nie. Hy het 'n Nie-Blanke parlement voorgestaan wat bloot aanbevelings aan die Blanke Parlement kon maak. Die verskil tussen genls. Hertzog en Smuts was die verskil tussen 'n partypolitikus en 'n staatsman. "General Hertzog is using the Native question for party purposes. General Smuts is looking at it from the point of view of the first interests of South Africa."[236]

Dit was duidelik dat die S.A. Party nie oor 'n duidelik afgebakende Nie-Blanke beleid as teenvoeter vir dié van die Nasionale Party beskik het nie, sodat weersprekings in S.A. Party-geledere vry algemeen voorgekom het - iets wat die beeld van die party sou skaad. Genl. Smuts het byvoorbeeld die Premier se bereidwilligheid om aan die noordelike provinsies twee Blanke senatore, deur die Bantoe verkies, toe te staan, as 'n gevaar vir die Blanke beskawing bestempel.[237] Maar sy eie partygenote het in hul Kaapse S.A. Party-manifes verklaar dat dit 'n uitdaging aan alle Nie-Blanke rasse in Suid-Afrika sou wees indien hulle volle burgerregte ontsê sou word.[238]

235. Ibid. Wat die kiesers behoort te weet.
236. The Friend, 13.5.29. Hoofartikel.
237. Die Burger, 14.5.29. Hoofartikel.
238. Ibid., 15.5.29. Hoofartikel.

Op die vooraand van die verkiesing het albei partye uit hul pad gegaan om soveel partypolitieke gewin as moontlik uit die Nie-Blanke vraagstuk te haal. Op 23 Mei het Duncan te Steynsburg verklaar: "There were still a number of differences between the parties, but these were as nothing as compared with those that had been settled, and the Nationalist Party found themselves without a great election cry until Mr. Tielman Roos suggested that they should go to the country on the Native question." Ses dae later praat genl. Smuts te Bethal in dieselfde trant.[239]

Vir genl. Kemp, Minister van Landbou, was dit heel verstaanbaar waarom die opposisie so vir die Kaapse Nie-Blanke stem gespook het, want hy het die afleiding kon maak dat "kombers- en kleurling-stemme" aan die S.A. Party nie minder as 22 van sy 28 Kaaplandse setels besorg het nie![240]

Op 26 Mei het genl. Hertzog verklaar dat die Nie-Blanke vraagstuk al sedert die Milner-verslag van 1905 'n politieke vraagstuk geword het, en The Friend vertolk dit as 'n erkenning van die Nasionale Party dat hulle die Opposisieleier verkeerdelik daarvan beskuldig het dat hy die Nie-Blanke vraagstuk 'n politieke speelbal gemaak het.[241] Ook wedersydse persoonlike aanvalle het die partyverhouding tussen die Nasionale- en S.A. Party nadelig beïnvloed. So het die opposisie Hertzog as "almost hysterical in his disregard for facts in his attacks on his opponents"[242] bestempel, terwyl 'n ander opposisie-persorgaan die Premier van kranksinnigheid beskuldig het.[243]

---

239. The Friend, 25.5.29; Ibid.,30.5.29.
240. Ons Vaderland, 28.5.29. Hoofartikel.
241. The Friend, 30.5.29. Hoofartikel.
242. The People's Weekly, 17.5.29. Hoofartikel.
243. Cape Argus, 30.5.29. Hoofartikel.

Die uitslag van die 1929-verkiesing het die Nasionale Party se posisie aansienlik versterk. In vergelyking met 1924 het die partye soos volg gevaar:

	Nasionale Party	S.A. Party	Arbeiders	Onafhanklikes
1924	63	53	18	1
1929	78	61	8	1

244

Dit ly geen twyfel dat die S.A. Party se nederlaag by die stembus op 12 Junie grootliks toegeskryf kan word aan hul onvermoë om 'n aanvaarbare alternatief vir die Premier se Nie-Blanke beleid daar te stel. 'n Briefskrywer aan The Friend vat die rede vir die S.A. Party-nederlaag mooi saam as hy aanvoer dat 'n Nasionale Konvensie agter geslote deure die volk die reg tot aktiewe deelname ontneem. Die Nasionale Party-sprekers het die land deurreis en kon met duidelike argumente oor die Nie-Blanke vraagstuk die volk se vertroue wen, terwyl die S.A. Party die teendeel gedoen het. Hy beweer: "The whole party is in the position of the angry Transvaal parrot in Gould's famous cartoon. In answer to every question put by 'Joe' the indignant bird would only say 'Convention'."[245]

Weens die feit dat die Nie-Blanke vraagstuk die spil was waarom die 1929-verkiesing gedraai het, kan aanvaar word dat die wanordelike vergaderings, beledigende aanmerkings, onderlinge rassewrywing

244. D.P. Goosen (red.), Die Triomf van Nasionalisme in Suid-Afrika (1910-1953). Insluitende 'n volksalbum van nasionale kampvegters in die algemene verkiesingstryd, 1953, Johannesburg, 1953, p.73.
245. The Friend, 10.6.29. Brief van James Rose-Innes.

en versteurde partyverhouding grootliks aan die verskillende partypolitieke vertolkings van die Suid-Afrikaanse Party en die Nasionale Party aangaande die Nie-Blanke vraagstuk toegeskryf kan word.

Genls. Hertzog en Smuts, albei begerig om op hul eie manier die Naturellevraagstuk te hanteer, het in partypolitieke verdagmakery teenoor mekaar sy opponent se beleid met felle kritiek verwerp. Die twee leiers sou ook met hulle soms skerp en venynige kritiek hul geesgenote tot sterker en heftiger optrede aanspoor, en as sodanig partywrywing in die hand werk.

Die S.A. Party-lid vir Kliprivier, H.E.K. Anderson, het die gevoel van baie Suid-Afrikaners egter raak vertolk toe hy verklaar het: "It was a scandalous position for the two dominating races to be indulging in a fierce dog-fight over the Natives of this country while they sat in their millions watching the spectacle."[246]

DIE ASIATEVRAAGSTUK

Die Asiatevraagstuk was 'n probleem van 'n heel ander aard as die Naturelle- en Kleurvraagstuk, aangesien die Asiate nooit werklik as permanente inwoners van die land beskou is nie. Waar die Bantoe en Kleurling met reg op sy grond- en geboortereg op 'n deel van Suid-Afrika kon aandring, is die Indiër egter bloot as tydelike inwoner gesien.

Die Indiërverligtingswet van 1914 wat uit die onderhandelinge tussen die destydse Minister van Justisie, genl. Smuts, en die Suid-Afrikaanse Indiërleier, Ghandi, se samesprekings voortge-

246. Ibid., 9.5.29. Anderson te Van Reenen.

vloei het, het die Indiërvraagstuk in Suid-Afrika nie opgelos nie. Dit het nie tot die kern van die probleem deurgedring nie. Die persoonlike belasting van R6 van Natalse Asiate is volgens dié Wet afgeskaf en toegang van Indiërvroue tot die Unie is vergemaklik. Indiërs wou egter volle burgerregte hê. Die Indiërs was steeds ontevrede en die Blankes, veral in Natal en in 'n mindere mate in Transvaal, het volgehou met 'n veldtog teen Indiërmededinging op handelsgebied.[247]

Teen die agtergrond van die groot probleme waarmee die twee hoofpartye vanaf 1924 tot 1929 geworstel het, soos byvoorbeeld die onafhanklikheidsideaal, die vlagstryd, die Naturellevraagstuk, die taalkwessie en die ekonomiese uitbouing van die land, het die Asiatevraagstuk nooit werklik soveel aandag geniet dat dit "die groter" vraagstukke sou verdring nie. Waar oor die konstitusionele en kulturele geskilpunte somtyds ernstige meningsverskil tussen die twee hoofpartye ontstaan het, was die Asiatevraagstuk nie deur diepgaande partyverskille gekenmerk nie.

Met die 1924-verkiesing het die Asiatevraagstuk weer eens as twispunt tussen die twee hoofpartye na vore getree. Die Paktkandidate vir die Volksraad, bewus van die toenemende onrus onder die Natallers en Transvalers aangaande die Asiate-kwessie, het die Suid-Afrikaanse kiesers teen die steeds groeiende Indiërgetalle in Suid-Afrika gewaarsku. Sprekers soos advokaat Tielman Roos en mnr. Tommy Boydell het uit die opposisiekamp 'n doelgerigte repatriasiebeleid na Indië ten opsigte van Suid-Afrikaanse Indiërs verkondig. Hulle het gewys op die bedreiging wat die Asiate vir die Blanke bevolking inhou weens hul steeds groeiende

247. A.J.H. van der Walt, e.a., op. cit., pp.491-2 en 515.

getalle en indringing in die sakewêreld, en Natallers gewaarsku dat Natal met sy toenemende getal Indiërs 'n "Asiatiese kamp" kon word.[248]

Nieteenstaande die feit dat die S.A. Party in 'n groot mate 'n soortgelyke repatriasiebeleid vir Asiate voorgestaan het,[249] kon hulle tot dusver nie hierdie beleid prakties met groot sukses deurvoer nie. Genl. Smuts het egter daarop gewys dat die Indiërs geweldige eise kon stel indien repatriasie op hulle afgedwing sou word. Hierbenewens kon die Indiese regering hulle weer terugstuur. Sekere bestaande regte van Asiate kon nie summier weggeneem word nie, alhoewel Smuts die spoedige repatriasie van Indiërs as oplossing vir die Suid-Afrikaanse Asiateprobleem voorgehou het. Smuts stel dit duidelik dat die aanwesigheid van Asiate nie slegs tot nadeel van Suid-Afrikaanse stede is nie, maar ook vir die Blanke bevolking vernietigend is.[250]

Wat die Suid-Afrikaanse Asiate veral ontstel het, was die feit dat hulle posisie sedert 1924 aansienlik verswak het. In daardie jaar is Asiate munisipale stemreg ontsê en die wetsontwerp vir Klassewyke, wat vir verpligte handels- en gebiedsegregasie van Asiate in stadsgebiede voorsiening gemaak het, is aan die Parlement voorgelê. Weens die ontbinding van die Parlement is hierdie wetsontwerp tot 1925 teruggehou en weer as die Groepsafbakenings, Immigrasie en Registrasiewetsontwerp ingedien. Hierdeur is vir die segregasie van Natalse Asiate voorsiening gemaak.[251] Op aandrang van die regering van Indië is laasgenoemde

248. Die Burger, 28.4.24. Roos te Potchefstroom; W.K. Hancock, op. cit., p.162; Cape Times, 30.5.24.
249. Jansen-versameling, Lêer 107. Indiese onderkoning aan Uniale Goewerneur-Generaal, 14.3.24.
250. Die Burger, 20.5.24. Smuts te Potchefstroom.
251. "Indian Imbroglio", in Race Relation Journal, Vol. XIV, No. 3, 1947.

wetsontwerp, sowel as die Wetsontwerp Op Verdere Beperking van Asiate in Transvaal teruggetrek.[252] Sodoende is die weg vir uitgerekte samesprekings tussen die Unie- en Indiese regering gebaan.

Genl. Hertzog se oogmerk met die terugtrekking van die Asiatewetgewing in 1925 was klaarblyklik om dit op nie-partypolitieke grondslag te hanteer en die wetsontwerpe oop te stel vir kritiek. The Natal Witness sien die saak ook so in en sê: "If that principle had been adopted by the present and former Governments on all non-party questions much trouble and recrimination would have been saved. But is there any chance that this or any other measure will really be considered in a non-party spirit?"[253]

Sommige Suid-Afrikaners was teen 1925 sterk ten gunste van die repatriasie van Asiate. Op 10 Januarie 1925 skryf ene Jos Ruiters aan genl. Hertzog dat Suid-Afrikaners die Asiate weg gevat het waar God hulle oorspronklik geplaas het, en dat dit hul dure plig is om die Asiate weer na Indië terug te repatrieer. Hy sê onder meer: "It is not a party question, it is an International Catastrophe, 'een internationale Rampe', a fight of life and death to save South Africa, and therefore, it is for us to be up and doing to save the land of our nativity from this horribly and dangerous menace."[254]

Die S.A. Party-gesinde munisipale raad van Durban het gedurende Julie vir die Speaker en L.V. vir Vryheid, E.G. Jansen, van hul besluit aangaande die Asiatevraagstuk in kennis gestel. Hiervolgens glo hulle dat Suid-Afrika slegs rondom 'n konferensietafel

252. Volksraadsdebatte, III, 1925, p.viii.
253. The Natal Witness, 6.8.25. Hoofartikel.
254. Hertzog-versameling, Band 27. Ruiters aan Hertzog, 10.1.25.

van afgevaardigdes van Indië, Brittanje en Suid-Afrika tot 'n oplossing van die Asiatevraagstuk kon kom.[255] Een van die munisipale raadslede, H.H. Kemp, het onder meer verklaar: "It is of the utmost importance that the white race in Natal should not be ousted from Natal by a people less civilised than itself. It is one thing for European Natal to assume responsibilities towards the native races already in Natal. It is quite another to complicate, and to continue to complicate, the difficulties which arise from the inevitable contact between white and black by introducing and allowing to grow into a third racial problem."[256]

Dit was duidelik dat geeneen van die twee groot partye enige aanspreeklikheid vir die Asiateprobleem wou aanvaar nie. Reeds in 1923 het genl. Smuts verklaar dat "Natal in the days of her youth committed a great sin, and she was suffering for it now". In 1924 het dr. Malan die Indiër-kwessie voor die deur van die "Imperiale faktor" gelê, terwyl die Natalse S.A. Party-L.V., J.S. Marwick, sy voorgangers verontskuldig het deur aan te voer dat "in the old days under Crown Colony Government the people had no say in the introduction of Asiatics into Natal".[257]

Die opposisie was kennelik verdeeld oor die Asiatevraagstuk en The Star wys daarop dat die oorgrote meerderheid Asiate nie oortreders in Natal is nie, maar dat hulle daar is "because every inducement was offered to him or to his father or grandfather to come there". Indiërs het in 'n aansienlike mate tot die ekonomiese welvaart van Natal bygedra. Diegene wat daarop aandring dat Asiate uit Suid-Afrika gerepatrieer word "completely ignores the fact that the majority of Indians in Natal are Natal born.

255. Jansen-versameling, Band 107. Durbanse stadsklerk aan Jansen, 10.7.25.
256. Ibid. Memorandum van H.H. Kemp.
257. The Star, 13.1.26. Hoofartikel.

So completely divorced are they from the land of their origin that in many instances they could not tell from which part of India their forebears came." Die regering se voorgenome Klassewetgewing sal ook nie die kompetisie met Asiate verminder nie. "On the contrary it would enormously intensify it and create chaos and friction into the bargain."[258]

Hoewel baie Natallers openlik Asiate-repatriasie na Indië bepleit het, het sommige S.A. Party-aanhangers te kenne gegee dat dit veral die Afrikaanssprekende element binne Natal is wat repatriasie voorstaan. 'n Briefskrywer aan The Star stem nie saam nie: "The average Natalian is an Imperialist. The average Natalian tries to make us believe that it is the Dutch population that want to get rid of the Indian and not he himself. It is only an excuse that the Dutch, on the whole, are eager to get rid of the Indian."[259]

Die feit dat Indië deel van die Britse Ryk gevorm het en as sodanig behoorlik deur die Suid-Afrikaanse regering in hul Asiateprobleme geken moes word, is dikwels deur imperialistiese S.A. Party-ondersteuners beklemtoon. So skryf M.A. Master aan The Star: "It is absurd to say that it does not matter much in South Africa if there is discontent in India. Can one who are concerned for the future of Empire express such an opinion?"[260] Sommige opposisielede het die nakoming van die Smuts-Ghandi-ooreenkoms as absolute vereiste vir enige Suid-Afrikaanse regering gestel. Soos ene "Outspoken" dit stel: "All India is ablaze against the outrageous and short-sighted policy of South Africa, which is out

---

258. Ibid., 6.1.26. Hoofartikel.
259. Ibid., 16.1.26. Brief van E.P. Elliott.
260. Ibid., 7.1.26. Brief van Master.

to repudiate its word of honour."[261]

Op 12 Januarie 1926 berig The Manchester Guardian dat dr. D.F. Malan voorgegee het dat dit onwaarskynlik is dat 'n oplossing vir die Asiatevraagstuk in Suid-Afrika gevind sou word. Die redakteur sê onder meer dat "the measures discriminating against Indians which are now taking shape in South Africa may well cause alarm in our own country. There is reason to believe that between the drastic attitude which inspires Dr. Malan and Mr. Roos, and the anger thereby evoked in India there is a considerable body of opinion in both countries that would welcome a compromise."[262]

Die redakteur van The Friend beskou Ghandi se eis om gelyke regte vir Suid-Afrikaanse Asiate as onmoontlik. Geen regte kon aan Asiate toegesê word nie, indien dit nie ook aan die Nie-Blankes toegestaan kon word nie. Lidmaatskap van die Britse Ryk beteken nie gelyke burgerskap nie. Die redakteur spreek die hoop uit dat die Pakt-regering nie tot enige arbitrasie oor die Asiateprobleem sal instem nie, want "we believe that offence is the strongest defence in a matter of this kind. The European community of the Union does not wish to be offensive to the dignity or to the national pride of the Indian people, but Europeans in this country do say that their first duty is towards themselves, their civilisation and their ideals, and that, come what may, they must be masters in their own house and regulate South Africa according to their own ideas."[263]

Om hierdie S.A. Party-standpunt van The Friend teen die Asiate-

261. Ibid. Brief van "Outspoken".
262. The Manchester Guardian, soos aangehaal in The Friend, 13.1.26.
263. The Friend, 23.1.26. Hoofartikel.

eis om gelyke regte te regverdig, het 'n voormalige luitenant-goewerneur van die Punjab, Sir Michael O'Dwyer, daarop gewys dat ongeveer twee tot drie jaar vantevore nog sowat 50 miljoen Asiate in Indië as "uitvaagsels" en "onaantasbares" verwerp is. Hulle is onder andere staatskole en elementêre menslike regte soos die gebruik van openbare kantore en water ontsê, "for their shadow is supposed to be a source of pollution to the 'twice born'". Daarom beskou The Friend dit as skynheiligheid van Ghandi om saam met ander Asiate-leiers regte vir Asiate in ander dominiums te eis, terwyl hulle dit in hul eie land ontsê word.[264]

Sommige dorpe en gemeenskappe in Transvaal en Natal was vasberade om hul plaaslike Asiateprobleme met beslistheid op te los. So het die munisipaliteit van Balfour in Januarie 1926 besluit om geen handelslisensies aan Asiate te hernu of toe te staan nie. "Turffontein" beweer teenoor The Star dat hy hieroor verheug is. Vervolgens sê hy: "This is the way to deal with the menace that was gnawing at the vitals of South African commerce. Balfour has set an example for other towns to follow. Why grant licences to Asiatics when we are not prepared to grant them to our own South African Natives?"[265]

"Outspoken" van Jagersfontein wys daarop dat die Asiate weens hulle lae lewensstandaard goedere teen veel laer pryse as die Blankes van die hand kon sit. Gevolglik word die Blanke handelaar geleidelik uitgewerk. Die regeringsmaatreëls om Blanke handelaars te beskerm teen Indiërhandelaars deur laasgenoemde te segregeer, word as enigste alternatief vir die bekamping van hierdie

264. Ibid., 2.2.26. Hoofartikel.
265. The Star, 18.1.26. Brief van "Turffontein".

probleem gesien.[266]

Met segregasie impliseer "Outspoken" ook handelsegregasie, soos deur die wetsontwerp vir Klassewyke in die vooruitsig gestel. Ene L.W. Ritch skryf egter aan The Star: "The Class Areas Bill will not drive the South African Indian to India, and the artificial barriers it proposes to erect, must sooner or later prove ineffectual if the Indian possesses the energy that is supposed to make him so dangerous a menace to white commercial and industrial supremacy."[267]

Menings oor die wyse waarop die Suid-Afrikaanse Indiërvraagstuk hanteer moes word, was uiteenlopend van aard. The Star laat hom soos volg oor die wetsontwerp op Klassewyke uit: "The New Asiatic Bill is an outrage on humanity and a disgrace to a country which has given a sort of lead to the world in the establishment of peace through the League of Nations."[268]

In 'n hoofartikel wys The Friend daarop dat die Pakt-regering nie verder in hulle onderhandelings met Indië oor Suid-Afrikaanse Asiate kon gaan as wat tans die geval is nie. Dié blad toon aan hoe dr. Malan reeds gedurende 1925 sy voorgenome Asiatebeweging toegelig het. Hierop het die Indiese regering die hou van 'n konferensie met Suid-Afrika as oplossing vir die Asiatekwessie voorgestel, dog dit is deur Suid-Afrika geweier op die grondslag dat dit 'n suiwer Suid-Afrikaanse aangeleentheid is en dus deur Suid-Afrika alleen opgelos moes word. Suid-Afrika kon dit wel oorweeg indien Indië sou instem om die skema van vrywillige repatriasie van Asiate na Indië meer doeltreffend as die

266. The Friend, 5.2.26. Brief van "Outspoken".
267. The Star, 16.1.26. Brief van Ritch.
268. Ibid., 21.1.26. Hoofartikel.

huidige te maak, iets wat deur die Indiese regering geweier is. Hierop het die Indiese regering 'n deputasie na die Unie gestuur om die Asiate se posisie in Suid-Afrika te kom ontleed. Vanweë die feit dat daar reeds in 1921 'n ondersoekkommissie na die posisie van Asiate in Suid-Afrika aangestel is en 'n nuwe kommissie 'n vertraging sou meebring, is dit nie weer deur die Pakt-regering gedoen nie.[269]

Die regering wou die Indiër-eise sover moontlik bevredig en was bereid dat 'n gekose komitee voor die tweede lesingstadium die Asiatevraagstuk kon ondersoek voor die saak in die Parlement bespreek word. Drie voorwaardes is daaraan gekoppel: Dat die Indiese regering hul bereidwilligheid te kenne gee om van hierdie spesiale geleentheid gebruik te maak; dat die getuienis voor die gekose komitee dié sal wees van die huidige Indiese deputasie in Suid-Afrika; en dat die gekose komitee gevra sal word om op so 'n tydstip verslag te lewer dat die Parlementshuise die voorgestelde wetgewing nog met die huidige sessie kon deurvoer. Die Indiese regering het al hierdie voorwaardes aanvaar.[270]

Die feit dat dr. Malan die Asiatewetgewing voor die tweede lesing na 'n gekose komitee verwys het, het sommige Nasionale Party-lede ontstel. In 'n hoofartikel van 12 Januarie verklaar 'n ontevrede redakteur van Ons Vaderland: "Ons wag noual twintig jaar op 'n oplossing van die kwessie, dit wil sê sedert die tyd toe genl. Smuts ons die oplossing so stellig beloof het onder die eerste Transvaalse Botha-regering."[271] In 'n onderhoud met The Friend het advokaat Pirow, Nasionale Party-L.V. vir Sout-

269. The Friend, 19.2.26. Hoofartikel.
270. Ibid.
271. Ons Vaderland, 12.1.26. Hoofartikel.

pansberg, sy ontevredenheid oor die wending van die Asiatevraagstuk betuig, naamlik dat Indië toegelaat word om sy neus in hul binnelandse sake te steek, in wat Pirow en sy vriende as "oorgawe aan die imperialiste" bestempel het. Dié flater van die Pakt sou beslis hul aansien en status in die buiteland nadelig tref. Die redakteur van The Friend bestempel dit as merkwaardig dat invloedryke lede van die opposisie dieselfde idees as advokaat Pirow daarop nahou. So het die Cape Times, volgens The Friend, onlangs verklaar dat die toegewings die waarde of betekenis van die Wet (die Asiatewetgewing) vernietig. [272]

Die regering se versigtig-huiwerende beleid ten opsigte van die wetsontwerp op Klassewyke het wye reaksie oor Suid-Afrika ontlok en "British Subject" sien die saak so: "The Asiatics are no menace in South Africa any more than the European half-castes in India. The question is certainly an Imperial concern. If it is the wish of the people to see the Indian question be settled once and for all, why need there be any fear of a round table conference?"[273]

Hoewel baie Suid-Afrikaners uit alle politieke partye repatriasie van Suid-Afrikaanse Asiate na Indië voorgestaan het, het daar ook heelwat stemme daarteen opgeklink. In 'n skrywe aan The Star waarsku B. Rubeinstein teen die ekonomiese implikasies wat sodanige repatriasie kon hê. Daar gaan baie stemme teen Asiate op voortspruitend uit jaloesie oor die onregverdige handelskompetisie van die Blanke met die Indiër en Rubeinstein waarsku: "It is not the place of the Government to take sides in what is only a shopkeepers' squabble."[274]

272. The Friend, 23.2.26.
273. The Star, 9.2.26. Brief van "British Subject".
274. Ibid., 10.2.26. Brief van B. Rubenstein.

'n Briefskrywer aan The Star het sy eie besondere siening van die Nasionale Party se oogmerke met die Asiatevraagstuk en stel dit onder meer so: "Nationalists have made the Indian question their football - a political game to gain support of the British in Natal and pave the way towards their goal, i.e., secession from the Empire."[275]

In The Friend van 11 Maart het daar 'n brief van ene Rocco de Villiers verskyn waarin hy die Volksraad se gekose komitee insake Asiate waarsku om die volgende feite in verband met die Indiërs in gedagte te hou: Dat die publiek onbewus is van die aard van onheilspellende invloede wat tans aan die werk is. Die vrees bestaan dat die gekose komitee of die regering sy ore sal uitleen aan die probleme wat Indië of die Imperiale regering aan hul mag voorlê. Die Suid-Afrikaanse pers het by herhaling verklaar dat die Suid-Afrikaanse volk geen inmenging van buite in die Asiateprobleem sal duld nie. Met die volk se steun kan die regering en die parlement dié vraagstuk uit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt benader. Die regering moet onthou dat indien een van hul belangrikste beginsels in hierdie kwessie oorboord gegooi word, 'n gevaarlike presedent geskep sal word - iets wat in die toekoms sal boemerang, en wat hul in die oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk ernstig kan benadeel. 'n Besliste houding en eenstemmigheid van die regering en die parlement oor die Asiatekwessie sal in 'n groot mate die hande van genl. Hertzog en minister Roos sterk wanneer hulle in Oktober die belangrike Rykskonferensie bywoon. Onvoldoende maatreëls sal die Asiateprobleem herhaaldelik weer na vore laat tree en slegs 'n besliste optrede

275. Ibid., 12.2.26. Brief van "Outspoken".

sal verhoed dat daar voortaan voortdurende druk van buite op Suid-Afrika uitgeoefen sal word in soortgelyke sake. Enige swakheid, aarseling of slaafse begeerte om tevrede te stel, sal die verkryging van hoër status 'n blote mite maak,[276] aldus De Villiers.

D.G. Evans van Bloemfontein reageer skerp op De Villiers se brief en sê onder meer: "For commercial reasons alone the remainder of the Empire must heed Indian protest and should it not, with the rest of the Empire, South African trade would suffer. Working for 'South Africa first' does not necessarily mean South Africa only, and all the time. Often we shall find it essential to give support to others before being able to profit."[277]

"Holdfast" reageer ook op De Villiers se brief en bestempel dit as 'n brief wat van velerlei vrese wemel. Asiate-handelaars kan nie sonder Blanke steun lewe nie, en indien Asiate 'n selfstandige nasie is, is daar geen gevaar vir beïnvloeding van buite nie. As die Blanke paraat is, sal hy homself kan handhaaf; indien nie, sal dit vir hom beter wees om te sterwe. Onheilspellende invloede bestaan nie, maar indien dit wel bestaan, is minister D.F. Malan en sy kollegas bo dié beïnvloeding verhewe. Om ander se probleme aan te hoor, behoort nie ons eie probleme te vergroot nie.[278]

In die loop van 1926 was dit egter reeds duidelik dat die Asiate-beleid van die Pakt en dié van die S.A. Party weinig verskil het. Die opposisiepers het hierdie feit beaam. So wys The Friend daarop dat daar 'n algemene begeerte by die volk bestaan

276. The Friend, 11.3.26. Brief van De Villiers.
277. Ibid., 12.3.26. Brief van D.G. Evans.
278. Ibid., 13.3.26. Brief van "Holdfast".

om die Asiate-probleem finaal op te los. Dr. Malan en sy kollegas besef klaarblyklik dat hulle die beste daarin kon slaag deur die feite te aanvaar soos hulle is, en om alle geleentheid aan die Asiate te gee om hul saak te stel. Ondanks dr. Malan se strewe na 'n oplossing, sal hy beslis nie 'n ooreenkoms "koop" deur enige prysgawe van beginsels wat die Suid-Afrikaanse volk nie sal duld nie. "The position will have to be faced as it is, and it is perhaps all to the good that it is a Nationalist Government that has the responsibility of dealing with a situation out of which previously its members made little more than party capital."[279]

The Star het egter van dr. Malan, wat aangevoer het dat die Asiatevraagstuk slegs 'n Suid-Afrikaanse probleem is en as sodanig deur die Unie alleen opgelos moet word, verskil. Dié koerant was van mening dat ook Indië daardeur geraak word en dus in die hantering van die Suid-Afrikaanse Asiatevraagstuk geken moes word.[280]

"Justice" wys die briefskrywer, "Holdfast", daarop dat heelparty Asiatehandelaars Blankes wat aan hulle geld skuld in hul kloue het. Die erns van die saak kan nie verdoesel word deur aan te voer dat Blankes nie Asiate-mededinging hoef te vrees nie. Onvoldoende maatreëls en oorgawe van regeringskant sal beslis as 'n teken van swakheid vertolk word.[281]

Die Asiatevraagstuk self was nie altyd van soveel belang as die ondeliggende partygevoelens wat hierdeur na vore gebring is nie. So het The Friend die Pakt-regering se bereidwilligheid om

279. Ibid. Hoofartikel.
280. The Star, 18.2.26.
281. The Friend, 18.3.26. Brief van "Justice".

sy voorgenome Asiatewetgewing te onttrek en om die saak om die konferensietafel met Indië te bespreek, as 'n groot deurbraak vir Indië bestempel. Die Nasionale Party is gevolglik bereid om 'n beleid ten uitvoer te bring wat hul, indien hulle in die opposisiebanke sou sit, heftig sou kritiseer. "It is a revelation of the insincerity of party politics." Dit beweeg die redakteur om op ander stappe van die Pakt-regering te wys wat hulle, indien 'n S.A.Party-regering dieselfde sou doen, sterk sou teenstaan, byvoorbeeld die Premier se onthulling van die Delvillebos-gedenkteken; die vlae wat met Milner se dood halfmas gehang het; genl. Hertzog se uitlating dat sesessie van die Britse Ryk 'n onnosele stap sou wees; en die feit dat die Premier die Prins van Wallis nie alleen na Suid-Afrika genooi het nie, maar ook 'n sukses van sy besoek gemaak het. Die opposisie het geensins beswaar daarteen dat die Nasionale Party vir hierdie stappe en hul hantering van die Asiatevraagstuk van sowel Indië as imperialiste lof ontvang het nie, maar dan moet die Nasionaliste hul vroeëre opposisie teen die S.A. Party-maatreëls as onregverdig beskou.[282]

Terwyl genl. Hertzog in 1926 die Imperiale Rykskonferensie in Londen bygewoon het, is 'n Suid-Afrikaanse Parlementêre afvaardiging onder leiding van minister F.W. Beyers na Indië. Sowel die Nasionale Party as die S.A. Party en die Arbeidersparty is in die afvaardiging opgeneem. Die oogmerk van dié deputasie was om 'n gunstige klimaat tussen die Suid-Afrikaanse- en Indiese regerings te skep op die vooraand van onderhandelings. Hoewel die lede van die afvaardiging aangevoer het dat hul visie ten

282. Ibid., 27.4.26. Hoofartikel.

opsigte van die Asiate verbreed is en nuwe markte vir Suid-Afrikaanse goedere gevind is, het daar weinig ten opsigte van Asiate in Suid-Afrika met die stuur van dié afvaardiging tereg gekom.[283]

Patric Duncan, lid van die Beyers-deputasie na Indië, het te Parktown onder meer verklaar dat "unless South Africa makes some return for the hospitality shown to us in India it will seriously affect the honour of this Country". Vervolgens wys hy op Suid-Afrikaners se beheptheid met velkleur. "We regard every person with a coloured skin as belonging to a degraded class. We must move with the times ... In South Africa we were so situated that the rise of the coloured peoples was going to affect us. South Africa must move with the times and admit the coloured races to some kind of equality. A nation that failed to move with the times was doomed to perish." Duncan stel dit duidelik dat hy nie rassevermenging voorstaan nie, dog dat Suid-Afrika sy "vrees" vir kleur moes laat vaar.[284]

In April het die Opposisieleier 'n mooi gesindheid ten opsigte van die Asiate-kwessie openbaar deur in die Volksraad te verklaar dat daar vir die opposisie net een weg is om te volg, naamlik om die regering in hul stappe oor die Asiatevraagstuk te steun. Van hulle kant af sou die opposisie geen probleme vir die Pakt veroorsaak nie en genl. Smuts vertrou dat 'n oplossing wel gevind sou word.[285]

Toe dit in die loop van April 1926 begin duidelik word dat Brittanje nie in 'n moontlike konferensie tussen Indië en Suid-Afrika aan die samesprekings wou deel hê nie, het sir Thomas Watt,

283. B. Pachai, The International Aspects of the South African Indian Question, 1860-1971, Kaapstad, 1971, pp.115-6.
284. Rand Daily Mail, 30.4.26.
285. Preller-versameling, Band 154. Knipsel, April 1926.

voormalige Minister van Pos- en Telegraafwese in die Smuts-kabinet, in Londen onder meer die volgende gesê: "To those who say England cannot be a party to a great act of unjustice, I would reply that this matter is to us in South Africa such a vital and fundamental matter that no ethical considerations such as the rights of man and equal opportunities for all non-Europeans will be allowed to stand in the way. It is a question of self-preservation with us."[286]

Die redakteur van The Friend het dr. Malan se voorgenome Indiërwetgewing, gegrond op die standpunt dat die Asiaat 'n vreemdeling in die Unie is, gesteun. Die definitiewe optrede van dr. Malan word verwelkom, want "if the problem is allowed to drift it will assuredly become insoluble - almost as insoluble as the Native question".[287]

Eerwaarde C.F. Andrews, een van Indië se pleitbesorgers vir die Asiate-kongres met Suid-Afrika, het nadruk gelê op die belangrikheid daarvan dat die Suid-Afrikaanse Asiatevraagstuk buite partypolitiek hanteer moes word.[288]

Op 13 Desember 1926 het die Indiër-deputasie vir die konferensie met die Pakt-regering in Suid-Afrika aangekom. Die Rand Daily Mail wys daarop dat die Suid-Afrikaanse afvaardiging slegs deur lede van die regering verteenwoordig sou word, iets wat die redakteur betreur. "The Indian problem is essentially national, and it would be lamentable if it were to be given the least semblance of a political party complexion." Daarom voel die redakteur dat minstens twee prominente opposisieleiers by die Suid-

286. The Star, 31.4.26. Watt te Londen.
287. The Friend, 25.7.25. Hoofartikel.
288. The Natal Witness, 1.10.26.

Afrikaanse afvaardiging betrek moes wees. Hierdeur sou latere konfrontasie uitgeskakel word.[289]

Op die vooraand van die Asiate-konferensie in Kaapstad het die Opposisieleier, genl. Smuts, onder meer verklaar dat die konferensie vir die Asiate om eer en prestige gaan, maar dit dit vir Blanke Suid-Afrika om sy voortbestaan gaan. "And how could national honour and self-preservation, justice and expediency find a common solution on the green tables of diplomacy?"[290]

Die Burger het verklaar dat daar geen groot vraagstuk in Suid-Afrika is waaroor Afrikaans- en Engelssprekendes so eensgesind is as die Asiatevraagstuk nie. "Oor hierdie saak is daar geen partyverskil nie."[291]

Op 17 Desember is die Asiate-konferensie in Kaapstad deur genl. Hertzog geopen. Hy het dit duidelik gestel dat die Asiatevraagstuk as soòanig geen groot probleem was nie, maar gesien teen die agtergrond van die Naturellevraagstuk, is dit wel een. "It is really only those who are closely associated with South Africa who feel how much the whole question of the natives and Indians here is complicated. The whole question of the existence of the white man and his civilisation is complicated by those two factors being here at the same time." Vrywillige repatriasie van Asiate uit Suid-Afrika na Indië is tans sy regering se groot probleem aangesien hulle nie seker is op welke wyse hul dit sal aanpak nie.[292]

Die konferensie het in 'n vriendskaplike gees plaasgevind. Dr.

289. Rand Daily Mail, 13.12.26. Hoofartikel.
290. B. Pachai, op. cit., p.117; J.E. Corbett, A Study of the Capetown Agreement, M.A.-verhandeling, Kaapstad, 1947, p.37.
291. Die Burger, 17.12.26. Hoofartikel.
292. B. Pachai, op. cit., p.118.

Malan het as voorsitter van die konferensie gewag gemaak van hierdie vriendskaplike gees en onder meer gesê: "We recognised that it was as much the problem of the one country as the problem of the other; we recognised that in the solution of this problem there was between us a community of interests, and we viewed this problem and grappled with this problem as a common one between us."[293]

Die belangrikste bepalings van die Kaapstadse Ooreenkoms is soos volg: daar is vir 'n gesubsidieerde emigrasieskema van Asiate uit Suid-Afrika na Indië voorsiening gemaak om sodoende die Asiate in die Unie te verminder; die vrouens en minderjarige kinders van Suid-Afrikaanse Asiate kon na Suid-Afrika kom; en opvoedkundige en ander geleenthede sou vir Indiërs ter plaatse geskep word.[294] Dr. Malan het dit duidelik gestel dat die hoofoogmerk van die Kaapstadse Ooreenkoms was om soveel Asiate as moontlik met die hulp van die Indiese regering na Indië te repatrieer.[295] 'n Vyfjarige ooreenkoms is met die Indiese regering aangegaan om geen wetgewing wat die Suid-Afrikaanse Indiërs raak, deur te voer sonder eers volledige raadpleging met die Indiese regering deur die Agent-Generaal te voer nie.[296]

Uit opposisiegeledere was daar was daar wye reaksie op die Kaapstadse Ooreenkoms. Die Bloemfonteinse blad, The Friend, het die ooreenkoms skerp gekritiseer. Die redakteur het daarop gewys dat beide die S.A. Party-regeringsbeleid insake Indiërs en

293. Government of India, Papers, 1926-27, pp.285-7, soos aangehaal in B. Pachai, op. cit., p.119.
294. Government of India, Papers, 1926-27, p.344, soos aangehaal in B. Pachai, The Emergence of the Question of the South African Indian as an International Issue, Ph.D.-tesis, Universiteit van Natal, 1962, p.274.
295. The Star, 21.2.27; Die Volksblad, 22.2.27.
296. Pamflet. Dr. Malan se Kleurlingbeleid vanaf 1921-1932.

Imperiale regerings deur die Nasionaliste verwerp is. Nou het die situasie verander. "The Pact Government have not only let down those of us who have always stood for the policy of South Africa First and who have urged that South Africa's Native and Coloured populations had prior claims to the Indian, but they have run away from their own declared policy." Die diplomasie en ondervinding van die Indiese regering het 'n klinkende oorwinning behaal. Hieroor sê die redakteur onder meer: "The Indians in South Africa will now be in a considerably stronger position than they were under the South African Party, for the Pact has not only agreed to continue the South African Party method of voluntary and assisted emigration to India, but to extend it, and the Pact have further made admissions in this written Agreement that will yet cost South Africa much trouble."[297]

The Friend maak sy lesers op klousule 2 van die ooreenkoms attent, wat soos volg lui: "The Union Government recognises that Indians domiciled in the Union, who are prepared to conform to Western standards of life, should be enabled to do so." Dit vertolk die blad as 'n erkenning en onderskrywing deur die Pakt van die Rhodes-beginsel van gelyke regte vir almal, en dit slaan die redakteur dronk hoe genl. Hertzog dié klousule met sy segregasiebeleid in verband kan bring. Die redakteur kan nie sien dat die Asiate tot die aanvaarding van Westerse standaarde, met die noodwendige politieke en sosiale gelykheid wat dit uiteindelik sal impliseer, ten koste van "landsburgers" soos die Bantoe en Kleurling aangemoedig kan word nie.[298]

The Friend verwerp die Kaapstadse Ooreenkoms gevolglik om die

297. The Friend, 23.2.27.
298. Ibid.

volgende redes: die Asiate het die Pakt gedwing om hul Asiate-wetgewing te laat vaar; die ooreenkoms versterk die posisie van Asiate in Suid-Afrika; dit is 'n onbillike ooreenkoms teenoor die Suid-Afrikaanse Naturelle en Kleurlinge; die Asiate het nou 'n nuwe afspringplek om te poog om die Vrystaat binne te dring; die ooreenkoms bewys dat die Pakt ondanks al hul eise nie manne van staal is nie "but simply figures, wobbly when pressed, dressed up to stimulate strength".[299]

Die Cape Times was vol lof vir die Kaapstadse Ooreenkoms en voer aan dat die uitstaande kenmerk van die ooreenkoms die blote feit is dat daar wel 'n ooreenkoms bereik is. "In bringing this about the Union Government has done good service to South Africa, to the world, and to the cause of the Empire." Veel meer as 'n oorwinning, naamlik eerbare en vriendskaplike begrip, is bereik. Dit kan die weg tot 'n soortgelyke oplossing van die groter Nie-Blanke vraagstuk baan. Die redakteur verwelkom die aanstelling van 'n Indiese verteenwoordiger in Suid-Afrika en die repatriasie van veral Natalse Asiate wat dit moeilik vind om by die Westerse lewenswyse aan te pas.[300]

Ook The Natal Witness het veel positiewe kritiek op hierdie ooreenkoms uitgespreek. Die redakteur stel dit so: "The Union delegation yielded certain material points; but it took in exchange a number of advantages which may fall under the heading of imponderables, but are none the less substantial for that." Wat Asiate-repatriasie betref, wys die blad daarop dat, met slegs ongeveer 30% van die Asiate wat nie hier gebore is nie en dus vrywilliglik repatrieer kon word, op die lange duur maar weinig

299. Ibid.
300. Cape Times, 22.2.27. Hoofartikel.

Indiërs die land sou verlaat. Kortom sien hy die implikasie van die ooreenkoms soos volg: "On the positive side, education is embraced as the radical remedial policy, with assisted emigration as an auxiliary and palliative. On the negative side, segregation is discarded, at least while the new measures are being given their trial." Dr. Malan en sy kollegas word komplimenteer met die resultate behaal en die gees waarin die samesprekings plaasgevind het.[301]

Die Natal Advertiser was vol lof vir die ooreenkoms en het verklaar dat dit sy eie gevoelens weergee. Die redakteur beweer egter dat die algemene publiek in Natal nie baie gelukkig oor die ooreenkoms voel nie.[302] "Bitterly Disappointed" het aan die Natal Advertiser geskryf dat Natal nou nie meer 'n plek sou wees waar 'n witman sy familie sou kon grootmaak nie, terwyl "Natal Town Council" gewys het op die wetsontwerp op Klassewyke wat tot hul groot teleurstelling deur die regering terug getrek is. Hy vra moedeloos aan Natal waarom hy eintlik besluit het om tot die Unie toe te tree.[303]

Die Afrikaner noem die ooreenkoms in 'n hoofartikel "Oëverblindery oor die Asiatiese Vraagstuk". Hy bestempel dit as 'n teleurstellende dokument vir Natal en sê verder: "Op alle ander vraagstukke mag Natal verdeeld wees. Hier vertoon ons 'n verenigde front en as 'n klein gedeelte van ons pers pro-Asiaties mag skyn, is dit uit blote ekonomiese noodsaaklikheid. Die tyd het aangebreek dat Natal sal opstaan as een man ter verdediging van die regte waarvan die Asiaat ons nie sal berowe nie. Ons het geen twis met Nasionale polietisi nie, maar nie een van hulle sal toe-

301. The Natal Witness, 23.2.27.
302. The Natal Advertiser, soos aangehaal in Die Burger, 28.2.27.
303. Ibid. Briewe van "Bitterly Disappointed" en "Natal Town Council".

gelaat word om die toekoms van Suid-Afrika in gevaar te bring nie."[304]

Die Burger was ontevrede met die houding van die Pietermaritzburgse blad, Die Afrikaner. Hy bestempel die Natalse blad se uitlatings as menslik, maar hoogs ongelukkig, en glo dat sy gevoel met sy verstand op loop gesit het. Dit is ook uiters onvanpas dat die Afrikaner, wat graag wil sien dat Suid-Afrikaanse Asiate na Indië sal gaan, aan hulle vertel dat Indië nie slegs oorvol is nie, maar dat hulle daar "beskou sal word as minderwaardiges en behandel sal word as honde". Die Burger toon duidelik aan dat die Afrikaner foutiewelik beweer dat die uitreiking van handelslisensies aan Asiate nie meer by provinsiale owerhede tuishoort nie.[305] In Natal is intussen 'n vereniging, Jong Suid-Afrika, gestig met die doel om die Asiategevaar daar te bestry.[306]

Genl. Kemp, Minister van Landbou, wys vir Gustav Preller, redakteur van Die Weste, daarop dat sommige Suid-Afrikaners ná die Kaapstadse Ooreenkoms nou onder die wanindruk verkeer dat die Unie nou vir Asiate-immigrasie oopgestel word. Dit moet ook duidelik gestel word dat die regering nie die reg het om die Suid-Afrikaansgebore Asiate na Indië te repatrieer nie. "Buitendien is hierdie ding 'n vriendskaplike ooreenkoms om die medewerking van die Indiese regering te kry om soveel moontlik van die Indiërs uit die land te kry, want daarop draai alles en is ons net so vry as vroeër in geval hierdie ooreenkoms geen sukses is om later andere wetgewing te probeer." Kemp versoek Preller

304. Die Afrikaner, 25.2.27. Hoofartikel.
305. Die Burger, 2.3.27. Hoofartikel.
306. Ibid.

om deur middel van sy blad wanindrukke uit die weg te ruim.[307]

Benewens die Natalse Nasionaliste se reaksie oor die Kaapstadse Ooreenkoms, het die houding van advokaat Oswald Pirow, Nasionale Party-L.V. vir Soutpansberg, die solidariteit van die Nasionale Party benadeel. Pirow het op 18 Maart in 'n brief aan Ons Vaderland onder meer die volgende aangaande die ooreenkoms gesê: "Sou dit nie wenselik wees dat ons Nasionale Party-takke in Transvaal onmiddellik hulle Volksraadslede deur besluite laat weet, wat hulle van genoemde Ooreenkoms denk? As die Ooreenkoms eers gedeeltelik of heeltemal deur wetgewing bekragtig is, sal dit te laat wees vir die publiek om hulle stem te verhef."[308] Dit blyk vir die redakteur van Die Burger dat Pirow N.P.-takke aanmoedig om besluite van afkeuring teen die Kaapstadse Ooreenkoms aan te neem.[309]

H.F.G. Hohls, Nasionale L.P.R. vir Utrecht, skryf op 24 Maart aan advokaat E.G. Jansen dat hy vrees dat die Nasionale Party deur die Asiate-kwessie baie veld wat hulle in die laaste paar jare in Natal gewen het, sou verloor. Baie van sy Engelse vriende in Natal is billik ontstoke oor die Kaapstadse Ooreenkoms en hy wonder of die ooreenkoms nie hersien moes word nie. Hy voel ook jammer dat dr. Malan die nederlaag moes ly dat hy sy Asiatewetsontwerp moes terugtrek nadat hy dit reeds ingedien het, en hy wonder of dit nie beter sou wees as Malan die saak nooit aangepak het nie.[310]

Die repatriasieskema van Asiate na Indië het die kern van die Kaapstadse Ooreenkoms gevorm, en die regering is deur die opposi-

307. Preller-versameling, Band 175. Kemp aan Preller, 18.3.27.
308. Ons Vaderland, 18.3.27. Brief van Pirow.
309. Vgl. Die Burger, 24.3.27. Hoofartikel.
310. Jansen-versameling, Band 2. Hohls aan Jansen, 24.3.27.

siepers heftig gekritiseer dat dié ooreenkoms bepaal het dat Asiate na die eerste jaar en voor die einde van die derde jaar ná hul repatriasie weer na die Unie kon terugkeer. Die opposisie het aangevoer dat hulle intussen kinders in Indië kon verwek en hulle saam met vroue kon terugbring, en sodoende die getalle van Suid-Afrikaanse Indiërs kon aanvul en die Asiatevraagstuk vererger. Hoewel die opposisie dit as 'n lekker vakansie in Indië beskou, verloor hulle volgens Die Burger uit die oog dat sulke gerepatrieerde Asiate wat wou terugkeer, alle repatriasie-onkoste van die Uniale regering aan hulle moes terugbetaal. Dit is reeds 'n ou gebruik dat Suid-Afrikaanse Indiërs weens gebrek aan genoeg Indiër-vrouens in Suid-Afrika reise onderneem het om vrouens in Indië te gaan haal. Kinders onder sestien jaar en gebore uit so 'n huwelik kon ook op hul eie na Suid-Afrika emigreer, maar tans sal sulke seuns net toegelaat word indien hulle van hul moeders vergesel is. Indien die regering sou vind dat dit in die praktyk nie werk nie, staan dit hulle volkome vry om dié stelsel te verander. Die Burger bepleit gevolglik 'n billike kans vir die uitslag van die onderhandelings met Indië.[311]

Die Sentrale Bestuur van die Natalse Nasionale Party het die Kaapstadse Ooreenkoms met huiwering goedgekeur, want "deur die houding wat die Opposisie opneem teenoor alle verstandige stappe deur die Regering geneem, vrees die lede van die Sentrale Bestuur dat, as hul nie hul goedkeuring aan die ooreenkoms heg nie, die Opposisie dit as 'n stok sal gebruik, om die Regering mee te slaan, waar hy, soms onder die grootste moeilikhede, baie uitste-

311. Die Burger, 25.3.27. Hoofartikel.

kende werk doen".[312] Die redakteur van Die Afrikaner, mnr. J.H.J. van As, wys advokaat E.G. Jansen ook daarop dat baie Afrikaners geneig is om mense in wie hulle baie vertroue het, blindelings te volg, selfs waar dit soms gebiedend noodsaaklik is om die saak eers te ondersoek voor 'n mens saamstem. Van As stel dit duidelik dat sy blad die Kaapstadse Ooreenkoms afgekeur het sonder om die regering daaroor aan te val. Hy verantwoord hul stap so: "Hierdie ooreenkoms voel ons, vind by die grootste gros van ons blanke bevolking in Natal, geen byval nie. Dit het by die deel van ons Engelse bevolking wat, nieteenstaande die vlagtwis, by ons wou staan omdat hulle in die Nasionale Regering alleen die middel gesien het om van die Asiatiese gevaar bevry te word, wantroue ook in die Nasionale Regering (insake die Asiate-kwessie) gewek. Ons voel dat wat ons by die rondspringery met die vlag verloor het, ons dubbel met deeglike Asiatiese wetgewing kon teruggewin het."[313]

Dit blyk dus duidelik dat nie slegs binne Nasionale Party-geledere nie, maar ook in die opposisie-kamp onderlinge verdeeldheid ten opsigte van die Asiate-ooreenkoms van 1927 geheers het. Klaarblyklik was veral Natallers ontevrede met die Kaapstadse Ooreenkoms en wou hulle meer daadwerklike optrede van die kant van die Pakt-regering sien. Veral in die Natalse Nasionale Party het die ooreenkoms onenigheid veroorsaak en party-eenheid benadeel. Die Natalse S.A. Party-ondersteuners was baie gegrief dat die Pakt-regering nie sterker standpunt ten opsigte van die repatriasie van Asiate ingeneem het nie en te midde van die bittere vlagstryd het die Asiate-ooreenkoms daartoe bygedra om hulle

312. Jansen-versameling, Band 107. J.H.J. van As aan E.G. Jansen, 4.4.27.
313. Ibid.

te laat voel dat hul deur die Hertzog-regering veronreg word. Dit sou dus noodwendig die pogings van Nasionaliste om meer Engelssprekendes binne die Nasionale Party-kamp te kry, 'n ernstige knou toedien.

Dit was veral Natal, met sy groot Indiër-element, wie se houding ten opsigte van die Kaapstadse Ooreenkoms van belang was. Op 10 Mei het C.F. Clarkson, S.A. Party-L.U.K. in die Natalse Provinsiale Raad 'n mosie teen die ooreenkoms voorgestel wat met 17 stemme teenoor 3 aanvaar is. "It deplored the fact that Natal had not been consulted before the Agreement was finalised and expressed the opinion that the Agreement would not solve the Indian question nor would it give the Europeans any protection against Asiatic encroachment."[314]

In Junie 1927 is die Verdere Voorsieningswetsontwerp vir Immigrasie van en verligting aan Indiërs deur die Volksraad aangeneem. Die Nasionaliste en Sappe het in die bespreking van dié wetsontwerp ten opsigte van die vrye deurgang van Asiate deur alle provinsies verskillende opinies daarop nagehou. Natalse S.A. Party-Volksraadslede het aangevoer dat so 'n bepaling die handelsdruk op Natalse Blankes sou verlig, dog dr. Malan het verklaar dat die weg van Indiërs van Natal na Indië is en nie vanaf Natal na die ander provinsies van die Unie nie.[315] Natal het almeer begin besef dat solank die Pakt-regering of 'n N.P.-regering in die Unie aan bewind is, dit bykans onmoontlik sou wees om bepaalde sienings van Natallers te wettig. Die mislukking van die Natallers om hul beoogde vrye deurgang van Indiërs in

314. Report of the Agent for India in South Africa, 1927, soos aangehaal in B. Pachai, The South African Indian Question, 1860-1971, p.127.
315. Die Burger, 24.6.27. Volksraadsverslag.

Suid-Afrikaanse provinsies te wettig, het die S.A.P.-ondersteuners in Natal opnuut laat besef dat 'n federasie van Suid-Afrikaanse provinsies verkieslik bo 'n Unie was. In 'n gees van magtelose woede en aangevuur deur hul sorgwekkende Asiate-probleem en die regering se latere dreigemente om Provinsiale Rade af te skaf, het 'n devolusiestrewe en hunkering na "Home Rule" by die Natalse ekstremistiese S.A.P.-ondersteuners posgevat.

Die Suid-Afrikaanse handelskommissaris in Amerika, advokaat Eric Louw, skryf op 12 Julie aan advokaat E.G. Jansen dat hy voel dat Suid-Afrika met die Kaapstadse Ooreenkoms "aan die kortste ent geraak het". Vervolgens wys Louw daarop dat die Asiate-wetgewing wat die Pakt teruggetrek het, presies is wat die Indiërs wou hê. "Die vrome beloftes van kooperasie ens., ens., sal hul wel op eg oosterse manier kan ontwyk! Dit lyk vir my baie of die Indiese Probleem maar nog daar is! Ek hoop en bid nou maar net dat Genl. Hertzog se Naturelle Politiek ook nie die weg volg van die Mag en Indiese politiek nie!"[316]

Ondanks redelik algemene optimisme rakende die Asiatevraagstuk sou die repatriasieskema se mislukking uiteindelik ook die Indiër-ooreenkoms van Kaapstad laat misluk. In Julie 1927 het die staatsondersteunde repatriasieskema in werking getree en teen die einde van daardie jaar het 1 655 Indiërs hiervan gebruik gemaak. In 1928 het die totaal tot 3 477 gestyg, terwyl hulle in 1929 tot 1 314 gedaal het.[317] Teen die einde van 1929 was dit vir die Pakt-regering reeds duidelik dat die repatriasie-

316. Jansen-versameling, Band 2. Louw aan Jansen, 12.7.27.
317. M. Palmer, The History of Indians in Natal, Cape Town, 1957, p.105.

skema van Asiate tot mislukking gedoem was. Dit sou uiteraard water op die meule van die opposisie wees, veral in Natal waar die Kaapstadse Ooreenkoms reeds in 1927 as ongewens en ondoeltreffend verwerp is.

Wanneer die Asiatevraagstuk gedurende 1924 tot 1929 ontleed word, kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat dit vir die Nasionale- en Suid-Afrikaanse Party geen werklike groot twispunt, gekenmerk deur rassewrywing en party-onmin, was nie. Dit impliseer nie dat daar nie partyverskille hieroor bestaan het nie, maar wat wel waar is, is dat daar nie soos met belangriker partypolitieke twispunte, soos die vlagstryd en republikeinse ideaal, 'n streng partyverdeling was nie. Daar was veral heelwat Nasionaliste in Natal en Transvaal wat die Pakt-beleid ten opsigte van Asiate sedert 1927 sterk opponeer het. Sulke Nasionaliste is hierdeur nader aan die opposisie gebring, wat grootliks dieselfde idees ten opsigte van Asiate, soos byvoorbeeld 'n sterker en meer suksesvolle repatriasieskema, daarop nagehou het. Die feit dat die Nasionale Party nie altyd as sterk verenigde front kon optree nie, het sy beeld na buite geskaad en die opposisie bevoordeel. Indien Suid-Afrika slegs met 'n Asiateprobleem moes worstel, sou die regering dié vraagstuk veel makliker kon oplos, dog teen die agtergrond van die breë Nie-Blanke vraagstuk was dit 'n feitlik onoorbrugbare probleem.

HOOFSTUK V

DIE EKONOMIESE ONTWIKKELING VAN SUID-AFRIKA, 1924-1929

Teen 1924 was die Smuts-regering seker een van die ongewildste regerings ooit in die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis. Dit kan aan 'n reeks faktore toegeskryf word wat kumulatief meegewerk het om genl. Smuts se regering tot 'n val te bring.[1] Die wêreldwye ekonomiese depressie wat op die Eerste Wêreldoorlog gevolg het, het ook in die Unie sy neerslag gevind, sodat dit deur die Nasionale Party op deurslaggewende wyse voorgehou kon word om hul aanhang te vergroot. Die ekonomiese worstelstryd van die regering en sy onvermoë om hierdie probleem behoorlik te oorbrug weens die gebrek aan die nodige voorsorgmaatreëls na afloop van die oorlog, was die belangrikste enkele faktor wat die Pakt tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty aan bewind sou plaas.

FISKALE BELEID EN SEKONDÊRE NYWERHEDE

Vanaf 1914 tot 1924 was die regering se finansiële beleid deur opportuniste en sorgeloosheid gekenmerk, sodat die finansiële administrasie van die S.A. Party uiters kwesbaar vir kritiek was. Dit sou foutief wees om die ekonomiese depressie bloot aan die ondoeltreffende maatreëls van die regering toe te skryf. Dit kan onder andere ook aan die volgende beperkende omstandighede toegeskryf word, naamlik onproduktiewe oorlogslenings sou die regering ekonomies wurg; landbouprodukte se pryse was laag en wisselvallig; die rollende materiaal op die spoorweë is nie vervang nie; die sekondêre nywerhede was in 'n beginstadium; terwyl die goudbedryf deur abnormale naoorlogse faktore bedreig is.

1. Vgl. Hoofstuk I.

Gevolglik is 'n geweldige las op die Tesourie se skouers geplaas en die regering moes nie alleen spesiale belastings hef om die begroting te laat klop nie, maar is ook genoodsaak om lopende tekorte uit kapitaalfondse te delg.

In 1923 het kolonel Creswell, leier van die Arbeidersparty, en genl. Hertzog onderhandelings gevoer wat op die totstandkoming van die Pakt sou uitloop. Die Pakt het vir die regering groot gevaar ingehou, vanweë die feit dat die bondgenootskap se basis die gemeenskaplike ekonomiese belange van albei flanke van die opposisie was, terwyl hulle hul bowenal op die beskerming van die Blankes se materiële belange in Suid-Afrika sou toespits.

In die geledere van die Smuts-regering was daar reeds in 1923 ontevredenheid oor die gebrek aan 'n doeltreffende nywerheidsbeleid ten einde plaaslike nywerhede teen buitelandse mededinging te beskerm. Majoor E.W. Hunt, S.A. Party-L.V. vir Turffontein, het weens sy verskille met sy party oor die behandeling van die laer grade van die staatsdiens, werkloosheid en die spoorwegmense uit die S.A. Party bedank en tydens die tussenverkiesing in Turffontein as onafhanklike kandidaat dié setel voor die S.A. Party-kandidaat weggeraap.[2]

Ná genl. Smuts se onverwagte verkiesingsaankondiging as uitvloeisel van die S.A. Party-nederlaag by die Wakkerstroom-tussenverkiesing, het Smuts op 23 April sy verkiesingsveldtog in sy eie kiesafdeling, Pretoria-Wes, van stapel gestuur. Uit die S.A. Party-leier se toespraak was dit duidelik dat hy maar té bewus daarvan was dat die ekonomiese insinking sedert 1914 sy party teen die hoof geslinger kon word. Hy het besef dat die opposisie-

2. Die Volksblad, 17.6.74. Artikel deur C.R. Swart.

partye dit tot hulle eie voordeel sou uitbuit. Smuts het op nadelige ekonomiese faktore soos wêreldwye depressie, ineenstorting van pryse, die Randse rewolusie van 1922, droogte, sprinkane en werkloosheid gewys. Ondanks hierdie beperkende faktore het sy regering tog gered wat hulle kon. Hy stel dit duidelik dat die S.A. Party in die woede van die storm en in die Babel van onenigheid en verdoemenis, eenvoudig en streng hul plig doen en met alles tot hulle beskikking die staatskip probeer red. Smuts glo dat sy regering daarin geslaag het, want die ekonomiese posisie van die land verbeter algaande. Die Unie het nie slegs daarin geslaag om die begroting te laat klop en inflasie teen te werk nie, maar die Suid-Afrikaanse pond is reeds meer as die Engelse pond werd.[3]

Genl. Smuts sou die medisynebelasting afskaf, terwyl hy die tabakbelasting sou verlig of ophef. Salarisse in die staatsdiens sou nie verder besnoei word nie. Smuts het dit ook in die vooruitsig gestel om binnekort 'n yster- en staalnywerheid te begin en om elektriese krag deur middel van die Elektrisiteitskommissie uit te brei. Die regering sou sy subsidie aan industrieë verhoog, nuwe markte en afsetgebiede vir die Unie soek, die katoenbedryf verder uitbou, die landbou bevorder en by die Britse markte voorkeur vir Suid-Afrikaanse produkte soos wyn, vrugte, suiker en tabak vind.[4] Genl. Smuts toon aan op welke wyse die opposisie die voorkeurbeleid vir Britse handel teengestaan het en voer aan dat die Nasionale Party-beleid van "Suid-Afrika eerste" eintlik as oogmerk het om die bande met Brittanje op handelsgebied te verbreek. Vir jong nywerhede beoog genl. Smuts

3. The Natal Witness, 25.4.24. Smuts te Pretoria.
4. Times of Natal, 24.4.24. Smuts te Pretoria; E.G. Jansen-versameling, Lêer 70. Knipsel.

'n instelling soortgelyk aan die Landbank, terwyl 'n nuwe staatsdepartement van Handel en Nywerheid deur die regering tot stand gebring sou word.[5]

Genl. Smuts rig 'n ernstige waarskuwing tot die kiesers teen die Pakt. Suid-Afrika moes waak teen so 'n gevaarlike leier soos genl. Hertzog en die volk moes besef dat 'n Pakt-regering ekonomiese herstel en nywerheidsgroei sou strem. Die S.A. Party-leier het die Nasionale Party se verkiesingsbeloftes gekritiseer, waaronder advokaat Roos se voorneme om meer papiergeld met goud as waarborg te druk. Smuts waarsku dat oordrewe omloop van papiergeld Suid-Afrika se buitelandse krediet ernstig sou benadeel. Hoewel Smuts die kiesers verseker het dat hy 'n sterk nywerheidsbeleid voorstaan, het hy nie ten opsigte van tariefbeskerming van Suid-Afrikaanse nywerhede dieselfde kragtige versekering gegee nie. Boonop was Smuts net bereid om onderskeidende beskerming vir dié nywerhede wat by uitstek vir Suid-Afrikaanse omstandighede geskik was, te belowe.[6]

Genl. Hertzog en kolonel Creswell was al sedert 1922 met die Suid-Afrikaanse ekonomiese toestande ontevrede en hul gemeenskaplike begeerte om die land ekonomies op te hef, sou albei partyleiers in 1924 motiveer om alles in die stryd te werp om die teuels van die regering by die Smuts-regering oor te neem. D.W. Krüger beweer tereg aangaande die Pakt: "Although it was apparently based on hatred of a common enemy its real foundation was a common economic interest."[7]

Die poging van genl. Smuts om die Pakt as onbekwaam, en veral

5. The Natal Witness, 25.4.24. Smuts te Pretoria.
6. Ibid.
7. D.W. Krüger, The Age of the Generals, Potchefstroom, 1957, p.131.

onbekwaam in die hantering van ekonomiese sake, voor te hou, is met ontevredenheid en die Nasionale Party- en Arbeiderspartykamp aangehoor. In beginsel het die Pakt reeds oplossings vir die ekonomiese onstabiliteit probeer vind en hul was vas oortuig dat hul beter kon doen as die Smuts-regering. Die volk het begin besef dat die S.A. Party-leier te oordadig was met beloftes waaraan hy geen uitvoering gee nie. Genl. Hertzog en sy geesgenote kon talle sulke voorbeelde op ekonomiese en nywerheidsgebied aanhaal, sodat baie kiesers met wantroue Smuts se talle beloftes aangehoor het. Daar kan nogtans met reg aangevoer word dat die S.A. Party die slagoffers van die naoorlogse depressie was.[8]

E.F.C. Lane, genl. Smuts se privaatsekretaris, wys daarop dat Smuts bekommerd was oor die finansiële uitwerking wat 'n Paktbewindsoorname op die Suid-Afrikaanse ekonomie kon hê. Hy was oortuig dat die ekonomiese herstel van die Unie daardeur aansienlik vertraag sou word omdat dit tot ekonomiese paniek in Suid-Afrika sou lei. Met 'n bewindsoorname sou daar in finansiële kringe aan voornemende beleggers in Suid-Afrika eers 'n aantal vrae gestel word. Wat gaan byvoorbeeld die Pakt se ekonomiese beleid wees? Lane wys ook daarop dat baie mense ontsteld was oor die opposisie se steun vir hoër belastingheffing op myne.[9]

In hul kritiek op die regering het die opposisiepartye veral die ekonomiese insinking voor die deur van die S.A. Party gelê. Die regering is daarvan beskuldig dat hy die geld van die belastingbetaler verkwis en dat hy in gebreke gebly het om die ekonomiese probleme van die Unie daadwerklik aan te pak. Van die belof-

8. Vgl. L. Blackwell, Blackwell Remembers, Kaapstad, 1971, p.51.
9. J.C. Smuts-versameling, Band 200. Lane (namens Smuts) aan Latham, 22.5.24.

tes soos die oplossing van die werkloosheidsvraagstuk en industriële ontwikkeling het daar weinig tereg gekom, terwyl die volk tevrede moes wees met 'n onbehoorlike belastingstelsel.[10]

Die S.A. Party het gevoel dat hul te midde van die naoorlogse depressie goed gevaar het en selfs bo kritiek verhewe was, terwyl die Pakt vasbeslote en oortuig was dat hulle as 'n span beter sou vaar. Die bedanking van J.W. Jagger, Minister van Spoorweë, op grond van die onbevredigende nywerheidsbeleid van Smuts, het verder daartoe bygedra om die regering se ekonomiese beleid in 'n swak lig te stel.[11] Jagger het 'n vryhandelsbeleid voorgestaan en sy gesindheid hieroor is deur die Nasionale Party ten volle uitgebuit. Hulle het naamlik beweer dat daar in S.A. Party-geledere tientalle ander voormalige Unioniste is wat net soos Jagger dink. Met iemand soos Jagger in hul kamp kon die regering nooit eerlik wees nie.[12]

Tielman Roos, leier van die Nasionale Party in Transvaal, het die nywerheids- en segregasiebeleid in verband met mekaar gebring. Hy het die Nasionale Party se progressiewe nywerheidsbeleid en segregasiebeleid as weg voorgehou waarlangs hulle kon verseker dat die Blanke arbeider teen Naturellemededinging beskerm word. Op dié wyse kon hul ook die Smutsiaanse kapitalisme beveg. Hy beweer dat "die enigste saak van belang voor Suid-Afrika die ekonomiese probleem is".[13]

Die S.A. Party was gebelgd oor die feit dat hul opponente hulle ekonomiese verknorsing wat uit die wêreldwye depressie voortge-

10. Volksraadsdebatte, I, 1924, p.872.
11. Vgl. Hoofstuk I.
12. W.K. Hancock, Smuts: The Fields of Force 1919-1950, Cambridge, 1968, p.164.
13. Vgl. Cape Times, 4.6.24. Roos te Potchefstroom.

spruit het, in die verkiesingstryd teen hulle gebruik. Die Pakt, bewus daarvan dat dit die Achilles-hiel van die S.A. Party was, het uit hulle pad gegaan om Smuts se administratiewe beleid, die onbevoegdheid van die regering, die wanadministrasie en die onheilspellende invloede op die regering aan die kiesers voor te hou. Twee ekonomiese ideale is deur die Pakt in die vooruitsig gestel, naamlik die uitskakeling van kapitalistiese beïnvloeding en die beskerming van Blanke arbeid.[14]

Die regering se fiskale beleid is eweneens skerp gekritiseer en die Nasionale Party het beweer dat die S.A. Party nie slegs deur die kapitaliste, monopoliste, mynmagnate en finansiers beïnvloed word nie, maar ook deur hulle regeer word. Nasionale Party-koerante het op 'n bedekte wyse in hul spotprente die spot gedryf met die kapitalistiese oorheersing van die S.A. Party deur middel van 'n gesette sigaarroker, Hoggenheimer, vir wie Smuts maar altyd gedweë gehoorsaam het.[15]

Die regering het uit sy pad gegaan om sy ekonomiese beleid te probeer regverdig, hoewel sy rekord van die verlede hul beslis nie begunstig het nie. Waar die meeste S.A. Party-leiers hulle ekonomiese onvermoë aan die depressie toegeskryf het, was Patric Duncan, S.A. Party-Volksraadslid vir Yeoville, van die weiniges wat hul administratiewe rekord as 'n bewys van groei en ontwikkeling voorgehou het.[16]

Die ekonomiese omstandighede het die Pakt begunstig en Crafford beweer tereg dat Hertzog se brood-en-botter-politiek die kiesers volkome sou bevredig indien Hertzog hiermee hul buike sou vul.

14. C.R. Swart-versameling, Lêer 3/3/1/1/1. Kopie van Hertzog se toespraak te Johannesburg, 4.6.24.
15. Vgl. Die Burger, 30.4.24. Spotprent; Ibid., 21.5.24. Spotprent.
16. Cape Times, 17.4.24. Hoofartikel.

Die volk het beweer dat wanneer genl. Smuts met konings en prinse aangesit het, hulle nie eens die krummels wat van die tafels geval het, ontvang het nie.[17] In Junie 1924 voer The Round Table aan: "The Government which will carry on after the election, whatever its political complexion may be, will have to deal with a financial position much less difficult and embarrassing than that which faced the present Government after the election of 1921."[18]

Met die verkiesing op 17 Junie het die politieke skaal in die guns van die Pakt geswaai, maar tegelykertyd het die skaal van ekonomiese herstel ook saambeweeg om die nuwe regering gevolglik in 'n uiters gunstige posisie te plaas. Die S.A. Party moes gelate toesien hoe hul opponente deur die ekonomiese oplewing begunstig, die bewind oorneem. Dit was dus duidelik dat genl. Smuts sy tyd vir 'n verkiesing verkeerd gekies het, aangesien die tydsomstandighede sy politieke opponente sou begunstig. Soos die ekonoom, M.H. de Kock, tereg opmerk: "The period from the beginning of 1924 till the last quarter of 1929 was one of general and continuous expansion of economic activity in the Union. It represented the longest round of unbroken prosperity experienced by South Africa during the preceding fifty years."[19]

Wat Smuts as die "onheilige alliansie"[20] bestempel het, het egter in vervulling gegaan. Ondanks skeptisisme van die opposisie was die samewerking tussen die Pakt-partye heeltemal natuurlik, want albei wou Blanke belange beveilig en die Blanke arbei-

17. F.S. Crafford, Jan Smuts: 'n biografie, Kaapstad, 1947, p.252.
18. The Round Table, Vol. 55, Junie 1924.
19. M.H. de Kock, The Economic Development of South Africa, Londen, 1936, p.82.
20. A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid, A.L. Geyer en D.W. Krüger, Geskiedenis van Suid-Afrika, Kaapstad, 1965, p.510; F.S. Crafford, op. cit., p.250.

der in sy bevoorregte posisie handhaaf, terwyl hul oortuig was van die noodsaaklikheid van gestimuleerde nywerheidsontwikkeling wat die arbeiders sowel as die boere sou bevoordeel. Hulle gemeenskaplike afkeer van kapitalistiese oorheersing en die oorwegende invloed van die mynbelange wat steeds hul wortels in die buiteland gehad het, het die doeltreffende funksionering van die Pakt begunstig. Soos Stultz dit stel: "The rapid increase in the number of Afrikaners within the urban labour force, especially in the gold mines, provided a growing common interest and drew the two parties together."[21]

Die ekonomiese herlewing is gestimuleer deur die fiskale maatreëls van die regering wat deur 'n beskermingsbeleid die nywerheidsontwikkeling in die hand gewerk het. 'n Nuwe gees van optimisme het te midde van 'n bloeiende handel en ongekende voorspoed ingetree. Die opposisie sou met 'n mate van onvergenoegdheid die gunstige, benydenswaardige posisie van hul opvolgers gadeslaan. Die wyse waarop die Pakt die ekonomiese oplewing aan hul bekwame leiding toegeëien het, het vir hulle die S.A. Party se gramskap op die hals gehaal. Die grootste enkele faktor wat die ekonomiese herstel in die hand gewerk het, was die gunstiger ekonomiese toestand wat oor die hele wêreld ingetree het. Die opposisie kon met 'n mate van reg aanvoer dat dit die regering in 'n begunstigde posisie geplaas het. Die S.A. Party het ná die Eerste Wêreldoorlog met 'n geweldige ekonomiese depressie te kampe gehad, terwyl die Pakt deur 'n ekonomiese oplewing begunstig is. Gevolglik kon die S.A. Party met reg aanvoer dat dit onbillik van die Pakt was om statistiese vergelykings tussen die naoorlogse S.A. Party-

21. Newell M. Stultz, Afrikaner Politics in South Africa, 1934-1948, Londen, 1974, p.14.

bewind en dié van die Pakt in 'n veel gunstiger ekonomiese klimaat te tref.

Reeds met die parlementsitting wat op 25 Julie begin het, was dit duidelik dat die geldelike posisie van die Unie aansienlik verbeter het. Die begroting was uiters bemoedigend, soos The Round Table dit stel: "The new Government have been fortunate in the time of their accession to office, in that they take over at what would appear to be a definite lifting of the cloud of depression which has hung over business since the end of 1920. They will therefore be spared many of the troubles which embarrassed their predecessors, and will be in the enviable position of remitting instead of imposing taxation."[22]

Die jaar 1925 vorm in Suid-Afrika se buitelandse handelspolitiek - soos trouens in nog ander fasette van sy ekonomiese beleid, onder meer sy arbeidsbeleid - 'n soort waterskeiding. As 'n mens die verskil tussen die beleid van ná en dié van voor 1925 in een woord mag tipeer, dan is dit dat 1925 'n doelbewuste gerigtheid na binne toe en 'n oorwoë geheel van maatreëls ter bevordering van die binnelandse ontwikkeling bring. In die partypolitiek vind dié gesindheid en beleid uiting in Hertzog se leuse van "Suid-Afrika eerste". Dit wil nie sê dat vóór 1925 die belange van die binnelandse bedryfslewe nie die regering se aandag geniet het nie. Die teendeel is waar. Daar was al beskerming van landbou, sowel as van industrieë.[23]

Naas die Bantoe en die Kleurlinge was die Afrikaners politiek sowel as ekonomies die mees binnewaarts gerigte bevolkingselement.

22. The Round Table, No. 57, Desember 1924.
23. Vgl. F.J. van Biljon, State Interference in South Africa, Londen, 1939, pp.89 en 114.

Polities het hulle met die Britse Ryk oorhoop gelê en ekonomies het hulle weinig aandeel gehad in die handel en die mynbou. Hoewel die landbou Ryksvoorkeur verkondig het, het baie Afrikaners nie meer in landbou 'n heenkome kon vind nie en gevolglik tot die nywerheidswese toegetree. Die regering se beskermingsbeleid sou nie alleen die Afrikaner-Nasionalis maar ook die Arbeider beskerm, aangesien albei belange gehad het by 'n beskerming van die Blanke werker teen die moontlike mededinging van die laag besoldigde Nie-Blanke.[24]

Met hul ekonomiese ingesteldheid het die Arbeidersparty vertroue in die regering gehad, terwyl die Nasionale Party al hul verwagtinge in Hertzog gestel het. Tekenend van die algemene voorspoed en ekonomiese opbloei was die vyf begrotingsoorskotte sedert 1924. Daardeur is Klasie Havenga, Minister van Finansies, in staat gestel om uitgeputte pensioen- en ander fondse te herstel. Minister C.W. Malan kon in sy departement, Spoorweë, 'n groot vernuwing in die verkeer bewerkstellig en kon in 1925 die rollende materiaal vervang. Die Premier het die beloofde Departement van Arbeid ingestel omdat hy dit as 'n behoefte van die tyd beskou het.

Generaal Smuts het die boere gewaarsku dat hulle geensins onder die Pakt sou vooruitgaan nie omrede die Nasionaliste hierin deur hul Arbeidersbondgenote aan bande gelê sou word. Hy val generaal Kemp aan oor sy bevoorregting van Nasionaliste by aanstellings in die departement Landbou:"You cannot rule a country exclusively for the party and with the support of one party. The cry of the Government is: 'Away with the S.A.P.; we are going

24. Vgl. W.F.J. Steenkamp, Suid-Afrika se buitelandse handelspolitiek in die afgelope veertig jaar, Universiteit van Pretoria, 1966, pp.22-3.

to rule for ourselves, give our friends jobs, and kick out the rest'."[25]

Op die vooraand van die Parlementêre sessie van 1925 ontleed The Natal Witness die komende sitting heel objektief. Die redakteur spreek die hoop uit dat die opposisie nie, soos hulle voorgangers, bloot alle regeringsmaatreëls sou opponeer nie, maar dit wel behoorlik na waarde sou skat alvorens hulle oordeel. Hy glo dat Smuts nie werklik opreg is met sy voorneme om die Nasionaliste "'n kans te gee" nie. "The only chance that General Smuts would give the Nationalists would take the form of a plentiful supply of rope wherewith to hang themselves as Mr. Patric Duncan has so naively admitted."[26]

Baie S.A. Party-ondersteuners het hul ontevredenheid met minister Kemp se hantering van die Departement van Landbou gelug en op 20 Februarie skryf Smuts aan 'n ontevrede boer: "We are simply reaping what we have sown. The Nationalists farmers have handed this country over to a Government which will show them little mercy."[27]

Genl. Smuts was teen Maart 1925 tevrede met die gang van sake. Hy voel dat die Pakt ondanks die ekonomiese groei heelwat probleme ondervind. Die Nasionaliste kon nie hul beloftes ten uitvoer bring nie en die ontevredenheid was besig om onder hul eie volgelinge toe te neem. Hy was van mening dat die regering beter sou doen om stil te sit, eerder as om hul onmoontlike beloftes ten uitvoer te probeer bring. "However, they are not sitting still, and are introducing all sorts of measures which will set

25. Rand Daily Mail, 24.1.25. Smuts te Zeerust.
26. The Natal Witness, 6.2.25. Hoofartikel.
27. Smuts-versameling, Band 203. Smuts aan H.J. Vorster, 20.2.25.

every section against them, and in the end produce a great reaction against them." Die S.A. Party is bereid om rustig die openbare mening teen die Pakt te laat draai. "We are in a hurry, but it is just possible that through their own blunders the Pact may get into difficulties and precipitate a crisis before we desire to take over the reins of Government again."[28]

Die Opposisieleier skryf aan sy voormalige privaatsekretaris, kolonel E.F.C. Lane, dat die Pakt alles in sy guns het - ekonomiese stabiliteit, goeie reëns, die ontdekking van platinum in Transvaal en die geluk aan hulle kant - dog hulle is besig met 'n ekonomiese beleid wat hul ten nadele strek. "Their administration is of purely partisan character, their legislation will frighten away capital, and disturb several of our great industries. Meantime there is not any cordial spirit between the two wings of the Pact, and we can quietly await developments. We are not making heavy opposition yet, as I think it will be a good thing for them to remain in power for some years."[29]

Mnr. W.J. O'Brien, S.A. Party-Volksraadslid vir Pietermaritzburg Suid, was van mening dat die Pakt nou die vurgte van die Smuts-regering se versigtige administratiewe beleid geniet het. Hy wys daarop dat die Nasionaliste nie hul ekonomiese suksesse hieraan en aan die gunstige ekonomiese klimaat toeskryf nie, maar dat hulle glo dat God aan hulle kant is. O'Brien spreek ook sy ontevredenheid uit oor die feit dat die begroting in Afrikaans gelewer is. Hoewel hy voel dat minister Havenga die reg daartoe het, moes hy besef dat weinig lede nie Engels verstaan nie, terwyl 'n groot aantal lede nie Afrikaans verstaan nie.

28. Ibid. Smuts aan Lee Weinthal, 10.3.25.
29. Ibid. Smuts aan Lane, 24.3.25.

O'Brien sê verder: "The main principle of the Budget is the practical abolition of the preference to Great Britain in so far as the present preference is estimated to be £900 000 and this will be reduced to £300 000."[30]

Genl. Smuts het daarop gewys dat hulle soveel kon produseer as moontlik, maar dat genoegsame markte nog steeds die belangrikste bly. Waar Suid-Afrika vir twintig jaar aan Britse goedere voorkeur verleen het en niks terug ontvang het nie, wil die Pakt nou daarmee wegdoen. In Brittanje geniet Suid-Afrika nie alleen 'n ope mark nie, maar ook voorkeurbehandeling. Die regering reageer hierop deur Brittanje 'n klap in die gesig te gee. Hoewel die land ekonomies floreer, het die Pakt die belastings verhoog. Smuts wil van die volk weet wat met só 'n regering in 'n depressietyd sou gebeur. Die Pakt sal homself as die duurste regering ooit in Suid-Afrika bewys. Hy verwys na die 1924-verkiesing en beweer dat sy regering op grond van die medisyne- en tabakbelasting in 1924 geval het.[31]

In Kaapstad het genl. Hertzog verklaar dat sy regering daarop uit is om die Blanke beskawing ten alle koste te handhaaf. Hulle het besluit om 'n beskermingsbeleid ten opsigte van die handel en nywerheid toe te pas. Hy stel dit duidelik dat "the great aim of industrial development was to build up a self-supporting, vigorous population".[32]

Op 30 Junie 1925 het die Unie ná 'n ondersoek deur 'n buitelandse komitee van deskundiges besluit om na die goudstandaard terug te keer.[33] Vanaf 1924 tot 1928 het twintig lande tot die

30. The Natal Witness, 15.4.25. Onderhoud met O'Brien.
31. Cape Times, 20.4.25. Smuts te Worcester.
32. Ibid., 6.2.25. Hertzog te Kaapstad.
33. Vgl. The Round Table, No. 59, Junie 1925.

goudstandaard teruggekeer, waardeur 'n depressiewe uitwerking op die waarde van goud uitgeoefen is. Die nuwe verspreiding van goud sou strukturele veranderinge in die wêreld-ekonomie teweegbring,[34] en sou dus op die lange duur ook Suid-Afrika affekteer. Die opposisie het egter die houding ingeneem dat die terugkeer na die goudstandaard 'n blote uitvoering van 'n S.A. Party-wetsontwerp van 1922 is, waarvolgens besluit is om op 1 Julie 1924 weer daartoe terug te keer. Die twee oorsese finansiers wat in verband hiermee na Suid-Afrika gebring is, het die staat £7 800 gekos "net om die Pakt regering te vertel dat die Smuts-wet reg was". Op hierdie wyse word die landskuld volgens die opposisie verhoog.[35]

Die begroting van 1925 het redelik algemene byval gevind, dog die opposisie was ontevrede dat belastings nie verlaag is nie. Belangrike veranderings in fiskale maatreëls is aangekondig, terwyl provinsiale subsidies nou gebaseer is op 'n bepaalde bedrag per capita van die aantal leerlinge op skool in daardie provinsie. Die surplus van £800 000 het boekdele vir minister Havenga gespreek, soos The Round Table dit stel: "The new Minister has thrown himself with energy into the work of his department, and has succeeded in passing through Parliament during last session an unusual amount of constructive fiscal legislation."[36] Die opposisie was egter nie met die surplus van £800 000 tevrede nie en genl. Smuts sê hieroor: "As ons daardie nege maande die beleid behou het, sou die batige saldo miskien groter gewees het." Hy voeg daaraan toe: "As dit 'n gemors was, dan hoop ek dat die

34. C.G.W. Schuman, The World Depression, South Africa and the Gold Standard, Kaapstad, pp.34-5.
35. Die Volkstem, 23.4.26. Mentz te Potchefstroom.
36. The Round Table, No. 61, Desember 1925.

Ooreenkomsregering vir my ook weer eendag so 'n mooi gemors sal nalaat."[37]

Landbou en ekonomiese sake het voorrang geniet in die besprekings gedurende die laaste Parlementsitting van 1925 en The Farmer's Weekly sê hieroor onder meer: "The discussions, however, have so often assumed a party-political complexion that it has been difficult, and often impossible for a non-political journal like 'The Farmer's Weekly' to take part in them. It is lamentable that this should be the case where the subjects discussed are essentially of an economic character; and it is sincerely to be hoped that in future sessions a definite attempt will be made to deal with farming and related matters, in which a great many members on both sides of the House are closely and personally interested, not as party shuttlecocks but on their merits."[38] Mnr. G.C. van Heerden het ná die Parlementsitting daarop gewys dat die Pakt-regering die Boere se belange verwaarloos deurdat die Arbeiders die Nasionaliste voorskryf wat om te doen.[39]

Genl. Smuts skryf aan 'n Bloemfonteinse vriend, kolonel Dirk van Deventer, dat die Pakt-regering in sy verskillende staatsdepartemente geld "soos water" mors. "As die Regering nie oppas gaat finansies nog hul nek breek." Indien die volk se oë nie nou oopgaan nie, vrees hy dat Australiese sosialisme van die land sal besit neem, sodat armblankes en Afrikaner-arbeiders in die Arbeidersparty 'n heenkome sal vind, "en die enigste diens wat die Nasionale Party sou gedaan het sal wees om 'n sterke Arbeidersparty in die land te vorm wat ons baie sonde en las sal aandoen".[40]

37. Die Burger, 9.9.25. Smuts te De Aar.
38. The Farmer's Weekly, 5.8.25. Redaksioneel.
39. Die Volksblad, 30.10.25. Van Heerden te Springfontein.
40. Smuts-versameling, Band 203. Smuts aan Van Deventer, 11.8.25.

Genl. Smuts het verder beweer dat die Pakt 'n verhoging van die lewensduurte tot gevolg het, en dat daar beslis geen groot nywerheidsgroei onder hulle gesag in Suid-Afrika sou plaasvind nie. Die Pakt-regering probeer steeds meer van hulle mense in die staatsdiens betrek. Soos Smuts dit stel: "don't call that an industry, it is a burden on the taxpayer of the country. That is not developement."[41]

Teen die einde van 1925 skryf 'n nyweraar, Theodore Sonnenberg, aan die S.A. Party-leier: "In common with other parts of our country there exists a strong feeling even among Nationalists that the Labour cum Nationalists Alliance is slowly but surely bringing chaos into the Economic Conditions of the Union. ... The country is tired of the wasteful way Government is being carried on and the way Socialism is undermining the prosperity of our country."[42]

Senator F.S. Malan, voormalige S.A. Party-Minister, het beweer dat die regering swaarder laste op die inwoners van die Unie in die vorm van invoerbelastings gelê het. Die Volksblad wys egter daarop dat die lewensduurte desnieteenstaande nie gestyg het nie. Waar die S.A. Party 'n styging in lewensduurte voorspel het en 'n daling voorgekom het, kan dit as afdoende bewys vir die ongegrondheid van Malan se beweringe aanvaar word.[43]

Die 1926-begroting is baie gunstig ontvang, soos die Natal Witness dit stel: "Whatever storm clouds may be gathering over the financial head of the Pact they are hardly likely to burst as a result of this year's Budget. If the Opposition have, as

41. The Friend, 28.9.25.
42. Smuts-versameling, Band 202. Sonnenberg aan Smuts, 5.11.25.
43. Die Volksblad, 10.12.25. Hoofartikel.

was stated, been straining at the leash in anticipation of it, they must be disappointed; for although Mr. Havenga professed to have cleared the decks for action, it was evidently a delaying action that he had in mind, and he has given no opening for the launching of a general offensive against him. Indeed, if the Opposition feels bound to fight, it will have to be on undividual items, an affair of economic outposts, and not upon the general policy of the Government." In die geheel voel die redakteur dat hul op ekonomiese vlak rede tot optimisme het, dog "the general criticism which we would make on this Budget is that it depends rather too much on prospects of favourable and growing export markets".[44]

Ná minister Havenga se repliek op sy begroting lê dieselfde redakteur ook sy vinger op die Achilles-hiel van die S.A. Party, naamlik die afwesigheid van 'n definitiewe konstruktiewe beleid op grond waarvan dié party weer aan bewind kon kom. Hy verwerp die opposisiebeleid van "giving them enough rope", aangesien dit nie noodwendig sou meebring dat die Pakt hul daarmee sou ophang nie. Suid-Afrika word met moeilike probleme gekonfronteer en dit is alle partye se plig om duidelik te verklaar op welke wyse hul, indien hul die geleentheid daartoe sou hê, hierdie probleme sou oplos. "The Pact ..., whatever may be thought of its solutions, has at least had the courage to evolve and enunciate them." So moes genl. Smuts, indien hy reken dat sy immigrasiebeleid ekonomies voordelig sou wees, die gedetailleerde besonderhede daarvan voor die volk lê.[45]

Die Opposisieleier verwerp die regering se beskermingsbeleid as

44. The Natal Witness, 2.4.26. Hoofartikel.
45. Ibid., 23.4.26. Hoofartikel.

"silly and absurd". Die redakteur van die Natal Witness stel dit dat dit die taak van 'n party is om sy volgelinge op hoogte van sy beleid te hou. Die S.A. Party maak staat op die steun van die "kapitalistiese pers", teenoor die Nasionale Party wat nie alleen in baie nouer voeling met sy pers is nie, maar ook baie beter ingelig is. Indien die S.A. Party nie in 'n politieke wildernis wou beland nie "they must produce a banner and a battle-cry". Ten slotte vermaan hy: "The banner must bear some less dreary device than 'dead rats coucpants', and the battle-cry must be something more inspiring than 'The Pact is doomed'."[46]

Minister Roos het genl. Smuts se kritiek op die begroting skerp gekritiseer. Sulke belaglike aanmerkings sou hy nie van 'n standerd ses-leerling verwag het nie. Genl. Smuts spog dat hy die skuld van die regering van 30 tot 24 miljoen pond verminder het; hy het net eenvoudig £6 miljoen na 'n ander rekening oorgeplaas.[47]

Kolonel H. Mentz, voormalige S.A. Party-minister, het op 20 April te Potchefstroom die regering oor sy beleid van verkwisting aangeval. Die Pakt het die medisyne-belasting verlaag, maar dit dubbel en dwars terug gekry deur belasting op lisensies te verhoog, maatreëls wat die armblankes benadeel. Intussen het die Pakt-bewindhebbers die staatskuld van £208 miljoen (toe die Pakt oorgeneem het) tot £222 miljoen verhoog.[48] Genl. Smuts het die Mentz-toespraak opgevolg met sy bewering dat die huidige regering 'n "fair-weather Government" is, en dat hul nie in moeilike tye sou staande bly nie.[49]

---

46. Ibid.
47. The Star, 26.4.26. Roos te Kaapstad.
48. Die Volkstem, 23.4.26. Mentz te Potchefstroom.
49. Cape Times, 1.5.26. Smuts te Strand.

Sir Ernest Oppenheimer, S.A. Party-Volksraadslid vir Kimberley en bekende mynmagnaat, het by die boere probeer vrees verwek teen die gevolge van die regering se beskermingsbeleid. Die Burger was oortuig dat die boere se posisie nog onbevredigend is, maar dat dit nie in die eerste plek aan die invoerregte te wyte is nie, vir die koste waarvan hy feitlik 'n eweredige voordeel kry. Die grond-oorsaak van die boer se onbenydenswaardige posisie lê vir die redakteur veel eerder in die distribusie-faktor, aangesien die groothandelpryse in die Unie die laagste ter wêreld is, terwyl die kleinhandelpryse bykans die hoogste is.[50]

Die opposisie het gedurende 1926 ook geweldig kapsie gemaak teen die regering se verhoging van Parlementslede se salarisse.[51] Die Weste wys egter daarop dat die opposisie in die Volksraad waar hulle in die minderheid is, 'n "hele liedjie daaroor gesing het, maar in die Senaat, waar hulle in die meerderheid is, en dit kon belet het as hulle wou, daar het hulle almal daarvoor gestem!"[52]

Minister C.W. Malan het 'n skerp aanval op die Smuts-regering se finansiële beleid gemaak en mnr. Burton, destydse Minister van Finansies, oor sy "malle spandeersug" veroordeel. Ten einde die armblankevraagstuk te help oplos, bepleit minister Malan dat welgestelde boere armblankes in hul diens neem. Hy beskou die armblankevraagstuk nie as 'n partysaak nie, maar wel 'n saak waarin elkeen belang het.[53]

Op 2 Julie 1926 het The Guardian 'n lywige uiteensetting van

50. Die Burger, 3.5.26. Hoofartikel.
51. Vgl. Rand Daily Mail, 29.5.26. Parlementêre oorsig.
52. Die Weste, 18.6.26. Hoofartikel.
53. Kroonstad Times, 15.6.26. Malan te Kroonstad.

minister Boydell onder die opskrif "Progress under the Pact" gepubliseer. Daar is aangetoon hoe bankrotskappe vanaf 2 263 in 1923 tot 1 372 in 1925 gedaal het, terwyl die Unie se uitvoerhandel gedurende dieselfde periode met bykans £11 miljoen vermeerder het. Ouderdomspensioene sou spoedig van toepassing wees. Vanaf 1918-1923 was daar onder genl. Smuts 175 verskillende stakings, terwyl die Pakt in twee jaar slegs twee stakings ondervind het, waarvan een dié van buitelandse seemanne was. "This is a record that must be unique, certainly in the history of the British Empire." Gedurende 1925 het die Departement van Arbeid nagenoeg 9 000 persone in diens geneem teenoor ongeveer 4 500 die vorige jaar. Ook in die Spoorwegdiens, Pos- en Telegraafwese en Publieke Werke is meer mense aangestel. Boydell sê oor al die prestasies onder meer: "It has been publicly admitted by leading manufacturers that the Pact Government has done more in two years to stimulate and develop industries in South Africa than had been done in the whole period since Union."[54]

Daar bestaan min twyfel dat die steeds groeiende ekonomie en die Pakt-regering se bekwame en suksesvolle hantering daarvan met lede oë deur die opposisie aanskou is. Genl. Smuts se talryke voorspellings dat die Ooreenkoms-regering binne 'n jaar of twee sou ontbind, het nie in vervulling gegaan nie. Die teendeel was eerder waar, want die Pakt het van krag tot krag gegaan, gedeeltelik en grootliks vanweë die ekonomiese bloeitydperk. Dit het die opposisie wanhopig en bekommerd gemaak, sodat daar uit hul ongeduld 'n gees van onvergenoegdheid en politieke vooroordeel voortgevloei het. Hulle het dikwels probeer aantoon dat slegs die

54. The Guardian, 2.7.26.

ekonomiese opbloei die rede vir 'n suksesvolle nywerheids- en handelsbeleid was. Die regering met sy onvermoeide ywer en inisiatief het weliswaar ook lof verdien en dié eensydige opposisiehouding het tot ontevredenheid in regeringskringe aanleiding gegee. Die opposisie kon andersyds met reg ontevrede voel oor die dikwels onbillike vergelykings van die Hertzog-regering, te midde van 'n bloeiperiode, teenoor die Smuts-regering in 'n periode van ekonomiese depressie. Tot ontevredenheid van die opposisie is die indruk dikwels geskep dat die ekonomiese groei en ontwikkeling sedert 1924 enkel en alleen aan die regeringsverandering ten goede toe te skryf is.

In 'n artikel in De Volkstem het genl. Smuts die ekonomiese samehorigheid van die Afrika-State suid van die ewenaar bepleit. Die Burger het egter in die lig van die Doeane-ooreenkoms met Rhodesië, Hertzog se houding in verband met die bou van 'n spoorweg na Lobito-baai en die Angola-grensreëling, aangevoer dat genl. Hertzog reeds op ekonomiese gebied sy blik noordwaarts gewend het.[55]

Die opposisie se belangrikste kritiek op die regering se finansiële maatreëls was teen hul toenemende uitgawes gemik. Minister Roos het aangevoer dat die uitgawes groter was omrede die regering die "bankrotskappe" van die Smuts-regering in die reine moes bring. Die S.A. Party kla dus omdat die regering hulle skuld betaal. Dit is vir Roos 'n tipiese bewys van die opposisie se onkundige en kortsigtigheid.[56] Roos is deur sy kollega, Tommy Boydell, ondersteun wat die volgende oor die S.A. Party se aanklag van spandabelrigheid teen die regering te sê gehad het:

55. Die Burger, 9.8.26. Hoofartikel.
56. The Star, 19.8.26. Roos te Prince Albert.

"To find out whether a man is a spendthrift, you cannot take only what he spends. You must find out whether he spends the money wisely or unwisely." So het die regering besluit om jaarliks £1 miljoen aan elke provinsiale raad bykomend te verskaf ten einde hul balansstaat te laat klop.[57]

Kolonel H. Mentz het die regering aangeval omrede hy so baie geld op "baantjies vir vriendjies" uitgee. Van die regering se finansiële beloftes het weinig tereg gekom, want die Pakt is nie meer in die opposisie nie, maar wel in die regeringsbanke. Die Nasionaliste praat nou soos Gladstone: "I have not changed, but circumstances have changed."[58]

Vir die Pakt het die jaar 1926 op ekonomiese gebied beslis veel rede tot vreugde gegee. Minister Boydell kon met tevredenheid wys op vroeëre waarskuwings van die S.A. Party dat 'n Pakt-regering weens gebrek aan vertroue geen buitelandse lenings sou kry nie, terwyl meer lenings met beter voorwaardes verkry is. Die Pakt-regering se ekonomiese program is op die beleid van "Suid-Afrika eerste" gebaseer.[59] Minister Roos het op sy beurt beweer dat die vorige regering skuld uit lenings betaal het, terwyl die Pakt-regering uitgawe uit hul inkomste verhaal. Die sogenaamde neseier wat die Smuts-regering aan hulle nagelaat het, het 'n vrot eier in die vorm van 'n tekort van £2 miljoen blyk te wees. Die S.A. Party skryf die sukses van die regering ten onregte aan gunstige tye toe, maar verloor uit die oog dat die regering ook 'n gesonde geldelike beleid het. Die S.A. Party-regering se opvatting van besuiniging was om niemand te betaal

57. Ibid., 11.9.26. Boydell te Malvern.
58. Die Volkstem, 21.10.26. Mentz te Wolhuterskop; The Star, 21.10.26.
59. Rand Daily Mail, 29.10.26. Boydell te Newcastle; Boydell-versameling, Band 14. Knipsel.

nie. Ondanks vergrote landsuitgawes, slaag die Pakt daarin om steeds die inkomste daarmee te laat tred hou. In teenstelling met hul voorgangers, was die Pakt-regering se uitgawes nog nooit groter as hul inkomste nie.[60]

Die opposisie het steeds gepoog om êrens in die Pakt-harnas van ekonomiese stabiliteit deur te dring. In November het die oud-S.A. Party-minister van Finansies, Henry Burton, te Aliwal-Noord die ekonomiese struktuur van die regering skerp aangeval en onder meer gesê: "South Africa was hopelessly over-governed and over-inspected. There was no effort to conserve our resources or to provide for the bad times that were sure to come. A load of debt was being piled up, and taxation was being substantially increased instead of reduced." Aangevuur deur die sosialiste, meng die regering met elke vorm van produktiewe aktiwiteit in, net om daarvan 'n hopelose mislukking te maak. Hy beweer verder: "Sound, economic administration, leading to easier conditions of life, would help these industries more effectually than the sort of wild and indiscriminate protection now indulged in, with its inevitable vicious circle of more wages to meet higher living costs and then more protection, and so on, which was crippling primary industries."[61]

Mnr. C.W. Malan het op 11 Desember genl. Smuts en mnr. Burton se aanvalle op die regering se ekonomiese beleid verwerp. Hy betreur die Opposisieleier se uitlating dat die regering Blankes van die lande wegneem om hul in "wit Kaffers" te verander. Benewens syfers waarmee hy die Unie se ekonomiese groei prakties

60. Die Burger, 18.11.26. Roos te Vryburg en Kuruman; Rand Daily Mail, 18.11.26.
61. Rand Daily Mail, 29.11.26. Burton te Aliwal-Noord.

demonstreer, wys hy ook op die S.A. Party-regering se destydse benadering ten opsigte van die staatskuld. Die S.A. Party het die skuld slegs verminder as 'n surplus beskikbaar was, terwyl die Pakt-regering 'n bepaalde bedrag opsy sit ten einde die staatskuld jaarliks geleidelik te verminder.[62]

Tydens die begrotingsdebat van 1927 het genl. Smuts die begroting om drie redes opponeer. Hy het beswaar teen die styging van openbare uitgawes gemaak, asook teen die belastingdruk op nywerheid en handel en die beperkinge op landbou. Wat die vermeerdering van die uitgawes betref, het die verslag van die Kontroleur en Ouditeur-Generaal Smuts se aanklag teen die regering weerspreek. In 1918-1919 was die vermeerdering in uitgawes 15,1 persent, in 1919-1920 16,9 persent, en 1920-1921 26 persent, terwyl die uitgawes vir die drie jaar onder die Pakt met slegs 2 persent in 1924-1925, 7 persent in 1925-1926 en 4,5 persent in 1926-1927 vermeerder het. Die Burger beskou Smuts se uitlating dat die handel en nywerheid deur die Pakt-regering belemmer word, as Smuts se belaglikste bewering ooit. Die redakteur wys daarop dat daar in die eerste elf maande van 1926 nie minder as 102 fabrieke in Suid-Afrika opgerig is nie. Ook Smuts se bewering van beperkings op landbou word verwerp. Die Burger wys daarop dat daar geen vertakking van die boerdery is wat nie op een of ander tasbare manier begunstig is deur verminderde belasting, beter bemarking, proefplase, uitroeiing van plae, kredietfasiliteite, ensovoorts nie.[63]

In die Volksraad het die opposisie by monde van mnr. Stuttaford ook hul ontevredenheid met die handelskommissaris in die Verenig-

62. G.S. Preller-versameling, Band 141. Knipsel, 12.12.26.
63. Die Burger, 14.4.27. Hoofartikel.

de State van Amerika, advokaat Eric Louw, uitgespreek omrede die uitgawes om hom daar te hou geweldig hoog is en die resultate nul is. Advokaat C.R. Swart, Nasionale Volksraadslid vir Ladybrand, het nie alleen met syfers aangetoon op welke wyse die handel met Amerika en Kanada toegeneem het nie, maar dit ook as baie onbillik van die opposisie beskou om nou die beginsel van 'n handelskommissaris aan te val, terwyl hulle dieselfde saak by die pas afgelope verkiesing voorgestaan het. Vir dr. N.J. van der Merwe, N.P.-Volksraadslid vir Winburg, kom dit voor asof die opposisie slegs buitelandse handel met Brittanje en die Britse Ryk voorstaan. Die opposisie is daarop uit om alle pogings tot handel met lande buite die Britse Ryk met hand en tand te beveg.[64]

In Junie 1927 het die S.A. Party vir advokaat Eric Louw, Suid-Afrika se handelskommissaris in New York, van burokratiese diskriminasie, dogmatisisme en dat hy "doctrinaire" is, beskuldig. Beskuldigings ten spyt, het Louw dit duidelik gestel dat hy aan geen kopers in die Verenigde State van Amerika die name van Suid-Afrikaanse verskaffers van handelsprodukte sou verskaf indien hy nie oor betroubare en bevredigende inligting aangaande laasgenoemde beskik nie. The British and South African Export Gazette steun Louw en die houding wat hy inneem en sê onder meer: "If he does not exercise discrimination in this important matter what will become of his own good name, to say nothing of the reputation of the country he is paid to serve?"[65]

Ná afloop van die parlementsitting skryf genl. Smuts aan 'n vriend in Londen: "We have had a very barren session. The Govern-

64. Ibid., 13.5.27. Volksraadsverslag.
65. The British and South African Export Gazette, Junie 1927.

ment is marching from one blunder to another. It has wasted a good deal of our time with the Diamond Law which is like a hornet's nest."[66]

Op 20 Junie skryf genl. Smuts aan sir Evelyn Wallers, voorsitter van die Kamer van Mynwese, dat die Pakt die goudmynbedryf gedurende 1927 agterweë laat en hul op die diamantnywerheid, wat in 'n hopelose toestand is, toespits. "Beyers has produced a Precious Stones Bill which is full of objectionable provisions and is very unpopular generally, but which we have to swallow because it does in the end give the Government the necessary powers to control the output of the alluvial diggings in the same way as they control the diamond mines."[67]

Smuts was korrek in sy siening dat bogenoemde Wet vir die staat die enigste manier was om die diamantmark te beheer, en deur die Wet op Edelgesteentes is 'n staatsdelwery in Namakwaland gevestig waardeur die staat self daar diamante ontgin en bemark het. In die Senaat, waar die S.A. Party in die meerderheid was, is dié Wet afgekeur. Genl. Smuts het dit duidelik gestel dat sy volgelinge in die Senaat volkome korrek opgetree het deur te weier om dié Wet goed te keur, aangesien die regering die wetsontwerp op baie kort kennisgewing ingedien het.[68]

Die Sunday Times het die Pakt-regering ontstel met sy bewering dat politieke inmenging in die spoorwegadministrasie doeltreffendheid ondermyn en die veiligheid van passasiers aantas. Die aantyging is gemaak dat die regering sodanig op rollende materiaal besnoei het dat die veiligheid van die spoorweë as vervoermedia

66. Smuts-versameling, Band 206. Smuts aan Richardson, 16.6.27.
67. Ibid. Smuts aan Wallers, 20.6.27.
68. Cape Times, 5.8.27. Smuts te Fochville.

nou onder verdenking staan. Volgens die syfers van die spoorweë sedert 1920-1923 het die S.A. Party egter net £514 046 aan rollende materiaal uitgegee, terwyl die Pakt-regering van 1924-1927 nie minder as £6 023 493 hieraan uitgegee het nie. Ondanks 'n jaarlikse uitgawe van £1½ miljoen aan rollende materiaal het die regering nog kans gesien om spoorwegtariewe met £1½ miljoen te verlaag! Die opposisie-aanklag dat die regering met sy beskaafde arbeidsbeleid onbevoegde persone in veiligheidsposisies in die spoorweë aanstel, is deur sir William Hoy, algemene bestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë, ten sterkste ontken. Ook mnr. Havenga, waarnemende Minister van Spoorweë, het politieke inmenging in die spoorweë nadruklik ontken.[69]

Die begroting van 1928 het van drastiese besuinigingsmaatreëls getuig, sodat die opposisie weinig geregverdigde kritiek daarteen kon inbring.[70] Die grondslag van die opposisie-kritiek teen die begroting was egter ten onregte juis teen die geldverkwisting deur die Pakt gemik, soos J.W. Jagger dit stel: "The Government has spent all the money it could get hold of."[71]

Benewens die begroting het die nywerheidsbeskermingsbeleid van die regering ook in 1928 onder skoot gekom. Die S.A. Party-pers het aangevoer dat beskerming vir nywerhede deur middel van invoerregte 'n permanente reëling is, en dat hulle "vir ewig oorlogspryse vir hul skoeisel sal moet betaal", ter wille van 'n inheemse industrie "wat vetgemaak word ten koste van die belastingbetaler". Ons Vaderland het die regeringstandpunt toegelig deur daarop te wys dat beskerming as regeringsbeleid net daarop gemik

69. The South African Nation, 27.8.27.
70. Vgl. Die Burger, 16.2.28. Hoofartikel.
71. The Star, 18.4.28. Volksraadsverslag.

is om 'n bepaalde nywerheid te vestig. Wanneer die regering oortuig is dat die industrie op eie bene kon staan, staak hy sy beskermingsmaatreëls. Die beskerming is ook nie stabiel nie, maar word jaarliks gerek of ingekrimp na gelang van die toestand van die inheemse nywerheid ten opsigte van buitelandse mededinging.[72]

Gedurende Maart het die opposisie in die Volksraad die bewering gemaak dat die Pakt se belastinginkomste in hulle vier jaar van bewind met 28 persent toegeneem het. Minister Havenga het dit egter as foutief verwerp, aangesien dié berekening ook die laaste jaar van die Smuts-bewind insluit toe belastinginkomste met 11 persent gestyg het. Gevolglik het dit in die vier jaar onder minister Havenga met slegs 17 persent toegeneem. The Star wys egter daarop dat die Smuts-regering van spandabelrigheid aangekla is, terwyl hul 16 persent minder as die huidige regering spandeer het.[73]

Die opposisie het telkens van die gunstige tye gewag gemaak waardeur die Pakt in staat gestel word om ekonomies te floreer. The South African Nation het genl. Smuts en sy volgelinge daarop gewys dat daar nog selde of ooit soveel droogte-geteisterde distrikte in Suid-Afrika soos gedurende die afgelope aantal jare was; dat daar in 1924-1925 een van die ergste sprinkaanplae ooit die land geteister het; en dat daar gedurende die Pakt-bewind 'n groot brandsiekte-plaag was wat met enorme koste bestry moes word. Dié mondstuk voeg egter daaraan toe: "But its general economic policy has been so sound that the country showed growing prosperity and Mr. Havenga growing surpluses in spite of the drought,

72. Ons Vaderland, 28.2.28. Hoofartikel.
73. The Star, 19.3.28. Hoofartikel.

locusts and scab. The Government has saved the country from the wasteful expense of industrial unrest. It has given security and confidence to capital, and has triumphed not because of prosperous years, but in spite of downright bad years."[74]

Op die Kaapstadse kongres van die S.A. Party gedurende April 1928 het genl. Smuts landbou en mynbou as die twee belangrikste nywerhede in Suid-Afrika bestempel. 'n Nywerheidsbeleid mag nie dinge vir die landbou of mynbou bemoeilik nie. Hy wou die nywerheidsbeleid sodanig verander dat die primêre produserende nywerhede erkenning geniet, en tegelykertyd industriële ontwikkeling tot 'n maksimum stimuleer. Die huidige nywerheidsontwikkeling is 'n uitvloeisel van die S.A. Party-maatreëls en weinig ontwikkeling het gedurende die afgelope vier jaar plaasgevind. Dit is die Nywerheidsversoeningswet van die S.A. Party wat die posisie van die arbeider beveilig en verseker het dat die nywerheidsratwerk glad verloop. Die Pakt roem op die min stakings in sy bewindstydperk, maar ook dit is aan die Nywerheidsversoeningswet, en dus aan die S.A. Party, te danke. Vrede en ekonomiese suksesse gedurende die afgelope vier jaar is slegs deur die S.A. Party ten grondslag gelê. Die Opposisieleier steun grootliks die nywerheidsbeskermingsbeleid, maar wys daarop dat dit in 'n groot mate die uitvoering van die S.A. Party-beleid was.[75]

Die Burger het heftig hierop reageer en beweer dat die S.A. Party juis vanweë sy swak nywerheidsbeleid in 1924 uit die kussings gelig is. Intussen het die land op ekonomiese gebied ongekende vooruitgang beleef. Smuts se eie volgelinge, volgens Die Burger, besef hul gebrek aan 'n nywerheidsbeleid en by vorige

74. The South African Nation, 24.3.28.
75. Cape Times, 13.4.28. Smuts te Kaapstad. Vgl. Die Burger, 17.4.28. Hoofartikel.

S.A. Party-kongresse het afgevaardigdes reeds daarop aangedring dat hul 'n ekonomiese program moes opstel. Met die onlangse S.A. Party-kongres is daar weer gevoel dat hul met die oog op die naderende verkiesing 'n nywerheidsbeleid vir die S.A. Party moes formuleer. Dit is nie gedoen nie omdat Smuts maar te goed besef dat sy party hieroor te verdeeld is. Die redakteur vra: "Is die S.A. Party se beleid dié van mnr. Jagger wat geen beskerming wil hê nie? Of: is die S.A.P. se opvatting dié van sir Drummond Chaplin dat ons nie die werkers in die land té gelukkig moet maak nie, omdat hulle dan nie vir lae lone sal werk nie?"[76]

Dr. N.J. van der Merwe het daarop geroem dat die regering die laste van die volk steeds verminder en in die proses nie minder as £3¼ miljoen aan inkomste prysgegee het nie. Gedurende die afgelope jaar is daar byvoorbeeld meer as £1½ miljoen aan die delging van die landskuld bestee. Die regering het ook besluit om ouderdomspensioene in te stel, nieteenstaande die feit dat dit die regering byna 'n miljoen pond in die eerste jaar en daarna 'n groot bedrag sou kos.[77]

Beide die Nasionale en die Suid-Afrikaanse Party het besef dat Suid-Afrika sedert 1924 teen 'n geweldige tempo ekonomies gegroei het. Wat egter tot partyverdeling aanleiding gegee het, was die feit dat albei partye beweer het dat die ekonomiese groei 'n uitvloeisel van sy beleid was. Smuts het te kenne gegee dat daar meer vir nywerheidsgroei en -ontwikkeling gedurende die S.A. Party-bewind gedoen is as wat in die afgelope vier jaar deur die Pakt-bewind vermag is. Smuts sê hieroor onder meer: "Nothing is more rediculous or more laughable than to hear the Government,

76. Die Burger, 17.4.28. Hoofartikel.
77. Die Volksblad, 13.9.28. Van der Merwe te Brandfort.

and the Pact generally say that they launched South Africa on an industrial career." Smuts het daaraan toegevoeg dat bykans elke belangrike nywerheid deur die S.A. Party opgerig is. "The foundations were laid by us, the policies were laid by us, the protection was given by us."[78] Die Premier wys egter daarop dat die belangrike nywerhede waarvan Smuts praat òf vir alle praktiese doeleindes insolvent òf in 'n toestand van toenemende agteruitgang was.[79]

Die Opposisieleier het die aantyging dat sy party 'n vryhandelsparty is, verwerp. Hoewel daar binne S.A. Party-geledere twee of drie prominente "vryhandelaars" is, is sy party nie 'n vryhandelsparty nie.[80] Genl. Hertzog het deur kantnotas by 'n koerantknipsel hieroor onder meer soos volg reageer: "I quite believe our difficulty with the S.A.P. - as with General Smuts - however, has never been as to what it is not - but as to what it really is!"[81]

DIE LOONWET

In 1925 is die Loonwet, waarin vir minimum-lone in die nywerheid voorsiening gemaak is, op die wetboek geplaas, terwyl 'n permanente Loonraad geskep is om van tyd tot tyd lone te ondersoek en aanbevelings aan die Minister van Arbeid daaroor te doen. Dié Wet was in opvolging van die Nywerheidsversoeningswet van 1924 waardeur stakings aan bande gelê is. Minister Boydell het aangaande die Loonwet dit duidelik gestel dat "this Bill is designed as

78. Cape Times, 20.2.29. Smuts te Kaapstad.
79. Hertzog-versameling, Band 129. Kantnotas deur Hertzog by knipsel van Cape Times, 20.2.29.
80. Cape Times, 20.2.29. Smuts te Kaapstad.
81. Hertzog-versameling, Band 129. Kantnotas deur Hertzog by knipsel van Cape Times, 20.2.29.

one that will help in raising the status and efficiency of the worker".[82]

Mnr. A.J. Werth, Nasionale L.V. vir Kroonstad, het gedurende Junie die boere gerus gestel dat die Loonwet nie op hulle van toepassing gemaak sou word nie. Hy wys op beloftes van die Paktregering wat reeds aan boere nagekom is: die afskaffing van die medisyne- en tabakbelastings; die keuse wat boere tussen die vee- en kontantbasis gegee is; en aansienlike vermindering en verbetering op die boedelbelasting.[83]

Die Opposisieleier val op 8 September te De Aar die Loonwet en soortgelyke wetgewing aan op grond van die feit dat dit nadelig vir die rus van die land gaan wees. Hy waarsku die regering teen spandabelrigheid nou dat oorvloedige geld die Skatkis instroom, omdat daar in tye van voorspoed 'n neiging is om die uitgawe met gelyke tred te laat aangroei tot die slegte jare weer aanbreek wanneer die snoeimes weer aangewend moet word. Sy eie val die vorige jaar skryf hy alleen daaraan toe dat hy met noodsaaklike besnoeiing duisende vyande gemaak het.[84]

Smuts het die Loonwet ook te Newcastle verdoem en aangevoer dat "the extreme Socialism of the old world has been introduced here, the reckoning will come".[85] Minister Roos se kommentaar hierop was dat enigiemand wat die Loonwet as sosialisties van aard beskou, 'n gek is. Hy het dit duidelik gestel dat woorde hom ontbreek om sy afkeur teenoor Smuts se uitlatinge hieroor sterk genoeg uit te spreek. "If it was the tendency on the part of an

82. The Round Table, No. 61, Desember 1925.
83. Die Burger, 3.7.25. Werth op Villiersdorp.
84. Ibid., 9.9.25. Smuts te De Aar; Vgl. ook Die Volksblad, 30.10.25. Smarttt te Springfontein.
85. The Friend, 28.9.25. Smuts te Newcastle.

industry to milk the consumers of that industry, then it was the duty of the Government to protect those consumers."[86]

Gedurende Oktober verwys genl. Smuts weer na die Loonwet en spreek die vrees uit dat die boer metterwoon ook by dié wet betrek sou word. Die boer word nou al daardeur affekteer deurdat alles wat hy benodig duurder sou word, terwyl sy produktepryse sou daal.[87] Dit is vir Smuts duidelik dat die Nasionale Party deur die Arbeidersparty beïnvloed is om die Loonwet deur te voer. Hy waarsku dat soortgelyke wette wat nie in algemene volksbelang is nie deur die Arbeidersparty op hul Nasionale Party-bondgenote afgedwing sou word.[88]

Die taktiek van die opposisie ten opsigte van die regering se ekonomiese maatreëls was dus daarop gemik om die Arbeidersparty vir die "buitengewone uitgawes" en "gevaarlike ekonomiese eksperimente" soos die Loonwet te blameer. Die Cape Times het op 6 Desember 1926 beweer dat veral die konserwatiewe Nasionaliste erg bekommerd was oor die ekonomiese druk wat hul Arbeidersbondgenote op hul uitgeoefen het. In die proses het die Pakt-regering die mees spandabele regering ooit in die Unie geword. Die taak van die S.A. Party was om nou aan die land te toon op welke onstabiele ekonomiese basis hul regeer word. Dit sou spoedig duidelik word dat die S.A. Party in hierdie opsig die tyd aan hulle kant gehad het. Die redakteur kom tot die gevolgtrekking: "Today we have a Government formed from two political parties which have no single economic principle in common, and which, in all essentials, are as far as the poles asunder in their political

86. Rand Daily Mail, 12.12.25. Roos te Troyeville.
87. Die Volksblad, 30.10.25. Smuts te Brandfort.
88. Ibid.

outlook."[89]

Alfred Cohn, vriend van genl. Smuts, skryf op 21 Desember aan Smuts dat hy glo dat die Opposisieleier alle krediet verdien vir die wyse waarop hy die probleme met nywerheidslone uitgestryk het. Dit is 'n sosialistiese maatreël wat baie mense kon ruïneer. Tog beweer hy onder meer: "There is no doubt that the people rather admire the apparent all-round activity of the Government. The present Ministers would have to be in office for a very much longer spell if our own Government and some of its members in particular are to be vindicated."[90]

Vir die opposisie wou die stof met betrekking tot die Loonwet maar nie gaan lê nie en op die vooraand van die 1929-verkiesing is die saak opnuut opgehaal. In Februarie 1929 het Smuts 'n skerp aanval op die Loonwet gemaak en die Loonraad om drie redes veroordeel: Die Loonwet beskerm nie die halfgeskoolde werker nie en slegs die hoogsgeskoolde arbeider baat daarby; geen persoon wat werklik vertroud is met die nywerheidswese het op die Loonraad sitting nie; en dit lei tot inmenging van die Loonraad in die sake van nywerhede wat bevoeg is om na hul eie sake om te sien.[91]

Die leier van die S.A. Party het aan die hand van die partyverskille oor die Loonwet beweer dat daar geen ekonomiese skeidslyn tussen die partye in Suid-Afrika bestaan nie. Vervolgens het genl. Smuts verklaar: "You sometimes hear the statement made that parties in South Africa should divide along economic lines, that we should drop racial issues, drop the old battle cries and

89. Cape Times, 6.12.26. Hoofartikel.
90. Smuts-versameling, Band 204. Cohn aan Smuts, 21.12.26.
91. Cape Times, 20.2.29. Smuts te Kaapstad.

party cries, and that parties should divide on economic lines - Free Trade and Protection. There is nothing whatever in that advice, for parties will never divide in South Africa on those lines for the simple reason that there is no Free Trade party and there can be no Free Trade party in South Africa." Die surplusse waarmee die Hertzog-regering te koop loop, is afkomstig uit die sakke van die volk. "It simply means more taxation, more money screwed out of the pockets of the people, and the cost of living rising."[92]

In die hitte van die verkiesingstryd van 1929 het die S.A. Party-leier, genl. Smuts, verklaar dat hy die Loonwet sou afskaf indien sy party weer aan bewind sou kom. The Friend het dit met spyt aangehoor, want die redakteur was van mening dat baie S.A. Party-ondersteuners die Loonwet en die meer ervare Loonraad goedkeur. Dit is duidelik dat daar binne die S.A. Party meningsverskille oor die wenslikheid van die Loonwet bestaan. Op Indwe het Smuts verklaar dat daar 'n groot verskil tussen die Loonwet en die Versoeningswet van 1924 is. Die Nywerheidsversoeningswet maak volgens Smuts voorsiening vir die vasstelling van lone deur 'n raad waarop die werkgewers en die werknemers gelykop verteenwoordig is, terwyl die Loonwet vir 'n willekeurige vasstelling van lone deur die Loonraad, wat deur die regering aangestel is, voorsiening maak. Die redakteur van The Friend reken egter dat die twee wette mekaar aanvul en dat die hoofdoel en deug van die Loonwet is dat dit diegene beskerm wat dit die meeste nodig het.[93]

Die S.A. Party het die Loonwet sedert 1925 dus veroordeel op

92. Ibid. Vgl. Hoofstuk 6.
93. The Friend, 16.4.29. Hoofartikel, soos aangehaal in Die Burger, 24.4.29.

grond van die feit dat dit 'n sosialisties-geïnspireerde maatreël was wat deur die Arbeidersparty op die Nasionale Party afgedwing is. Die Pakt het dit op sy beurt as noodsaaklike wetgewing beskou aangesien lone doeltreffend beheer kon word, terwyl die status en doeltreffendheid van die arbeider daardeur verhoog sou word. Kapitalisme kon ook deur die Loonwet bekamp word.

DIE STAKING VAN 1925

'n Ander saak wat in 1925 deur die opposisie opgehaal is om die regering te kritiseer, was die seemanstaking wat eers in Durban en later ook in Kaapstad plaasgevind het. Smuts het aangevoer dat die verrotting van die Suid-Afrikaanse vrugteboere se produkte baie van hierdie boere geldelik ruïneer het. Die staking van die matrose van die Union Castle-redery het wel in 'n Suid-Afrikaanse hawe plaasgevind, maar vanuit Brittanje is 'n beroep op die Pakt-regering gedoen om in te gryp en die staking te onderdruk. Hiertoe was die Pakt nie bereid nie. Hieroor kritiseer Smuts vir Hertzog en verklaar hy onder meer: "The Government was bound under the motto of South Africa First to protect the interests of this country; but, in reply to the request to step in, the Government simply declared its neutrality." Die regering se houding was volgens Smuts daarop gemik om die staking te laat voortduur en die hande van die stakers te sterk. As dit is hoe die regering beoog om sy beleid van "Suid-Afrika eerste" uit te leef, dan moes hulle hul vir baie maer jare onder die Pakt-bewind klaarmaak. Smuts was ook verontwaardig oor minister Roos se uitlating dat Smuts, indien hy nog premier sou wees, die stakers sonder aarseling koelbloedig sou doodskiet.[94]

94. The Star, 30.9.25. Smuts te Pretoria. Vgl. Die Burger, Hoofartikel.

Vir genl. Smuts was dit duidelik dat die regering so saamgestel is dat hul taak as regeerders bykans onmoontlik is. Optrede teen die staking deur Hertzog sou tot sy val gelei het. "The Government is composed of such elements that it cannot act, that it cannot protect the farmers and producers of the country, and the sooner the public recognises the fact that we have a Government here which cannot govern, which cannot protect this country against danger, the better it will be for South Africa."[95] Die Pakt het verkies om neutraal te bly terwyl baie Suid-Afrikaanse seuns hulle hulp vir die laai van die Suid-Afrikaanse produkte aangebied het. 'n Staking wat onder die S.A. Party-regering hoogstens 'n week sou duur, het dus volgens Smuts sewe weke onder die Pakt-regering geduur.[96]

DIE ARMBLANKE- EN WERKLOOSHEIDSVRAAGSTUK

Die ekonomiese insinking wat sedert 1918 in Suid-Afrika plaasgevind het, het 'n groeiende behuisings- en arbeidstekort tot gevolg gehad. Tegelykertyd was Suid-Afrika in die wurggreep van die ergste droogte in vyftig jaar, sodat duisende verarmde en ongeskoolde "armblankes" noodgedwonge uit die plattelandse streke na stede uitgewyk het om daar 'n heenkome te soek. Weens hul rassetrots was hul nie psigologies voorbereid om hande-arbeid - die enigste beroep waarvoor die meeste geskik was - te verrig nie. Die gevolg was dat hierdie persone sonder sukses na die regering vir ekonomiese uitkoms opgesien het.

Die militêre en kragdadige onderdrukking van die Randse staking van 1922 het tot gevolg gehad dat talle Blanke arbeiders die re-

95. Ibid. Vgl. Die Volksblad, 30.10.25. Smuts te Brandfort.
96. The Star, 17.10.25. Smuts te Potchefstroom.

gerende Suid-Afrikaanse Party verlaat het en entoesiastiese ondersteuners van die nuutgevormde Pakt tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty geword het. Newell Stultz beweer onder meer: "The impact of these events was especially great among Afrikaners, who shortly came to believe that they 'had first to gain, and then to maintain, political power or be submerged as an economic group'."[97] Die werkloosheidsvraagstuk en die armblankekwessie was van die belangrikste beweegredes vir die Nasionale Party en die Arbeidersparty om mekaar in 1923 die hand te reik.

Reeds op 5 Februarie 1924 het genl. Hertzog in die Volksraad beweer dat die S.A. Party net maatreëls vir 'n geringe verligting van werkloosheid getref het en in die proses miljoene rand spandeer het. Niks is bereken om die oorsaak van die kwaad te verhelp nie. Daar moet vir Blanke arbeid voorsiening gemaak word en die regering kan nie slegs dit wat ekonomies van belang beskou word in ag neem nie. Die Blanke arbeider moet ook gekonsidereer word.[98]

Dit het spoedig duidelik geword dat slegs 'n sterk regering in staat sou wees om die ekonomiese krisis te oorbrug. E. Saunders, S.A. Party-Volksraadslid vir Natalkus, was ontevrede met sy party se hantering van die werkloosheids- en armblankevraagstuk, en stel dit gedurende Maart 1924 in die Volksraad duidelik dat die S.A. Party nie genoegsame vertroue met sy ekonomiese beleid geniet nie. Solank daar binne S.A. Party-geledere, en selfs binne

97. S. Trapido, "Political Institutions and Afrikaner Social Structure in the Republic of South Africa", in American Political Science Review, LVII, I, Maart 1963, soos aangehaal in Newell Stultz, Afrikaner Politics in South Africa, 1934-1948, Londen, 1974, pp.13-4.
98. Die Volksblad-versameling, Band 1.

die Kabinet, onenigheid oor die werkloosheidsvraagstuk bestaan, is die kanse op 'n oplossing uiters skraal. Die Nasionale Party het die S.A. Party daarvan beskuldig dat hul die Provinsiale Rade ekonomies laat wurg het deur hul subsidies en binnelandse inkomste te besnoei, met die gevolglike ernstige benadeling van die opvoeding. Nywerheidsprobleme is deur middel van geweld opgelos.[99]

Die opposisie het die regering skerp aangeval oor die steeds toenemende armblankevraagstuk en gepaardgaande werkloosheid. Die regering is weens die aanmoediging van goedkoop, onbeskaafde arbeid en hul algemene onvermoë vir die ekonomies-sorgwekkende toestand verantwoordelik gehou. Genl. Hertzog het die dringendheid van die skepping van 'n staatsdepartement van arbeid, in samewerking met ander staatsdepartemente, telkens beklemtoon. In samehang met 'n beleid van beskaafde arbeid, staan Hertzog 'n beleid van snelle segregasie voor.[100]

Ondanks die ekonomiese oplewing het die nood vir die regering met sy bewindsoorname in 1924 dus 'n ander vorm aangeneem, naamlik dié van die "armblankedom". In die knelgreep van die ekonomiese krisis vasgevang, is baie Blankes steeds vanuit die platteland na die stede gedwing om daar 'n heenkome te vind. Die naoorlogse depressie van 1921-1922, wat onder andere die wolpryse tot 'n ongehoorde lae vlak afgedruk het, het verdere werkloosheid meegebring. Swak toegerus en dikwels onbekwaam daartoe, moes hulle met alle rassegroepe kompeteer. Die goedkoper Bantoearbeid is dikwels in die nywerheidswêreld bo hul duurder arbeid

99. Jansen-versameling, Lêer 70. Pamflet. Why the Present Government no longer deserves the support of the Electors.
100. Ibid. Pamflet. Hertzog se toespraak te Smithfield, 3.5.24.

verkies, sodat die regering 'n beleid van "beskaafde arbeid" ten uitvoer wou bring ten einde aan armblankes en 'n steeds groeiende getal werkloses 'n heenkome te bied. Aan die hand hiervan beweer The Round Table: "Despite the fact that the Transvaal continues to produce annually half of the world's total output of gold, South Africa must still be considered a comparatively poor country, if we concern ourselves with the actual material condition of the population."[101]

In die lig hiervan is die Carnegie-kommissie in 1924 benoem ten einde die armblankevraagstuk landswyd met 'n ekonomiese, sielkundige, opvoedkundige, mediese en sosiologiese benadering te ondersoek. Die eerste resultate van die ondersoek sou egter eers in 1932 verskyn.[102]

In 1925 is die Wet op die beheer oor Diamante (Wet no. 39)[103] deur die Parlement aanvaar. Ná die aanname van die tweede lesing van dié wetsontwerp het die Londense kwartaalblad, The Round Table, die partye se siening hiervan toegelig: "By the extreme Labour members it was heralded as the end of capitalism; by the extreme Nationalists as the end of the control of a South African industry by a London syndicate; and by the extreme South African party supporters as an example of Bolshevik expropriation." Die regering het hom weinig aan opposisiekritiek gesteur, aangesien hul begerig was om werkloosheid ten alle koste te bekamp en om onder meer met hierdie Wet te verhoed dat delwers wat op klein skaal funksioneer armblankes word.[104]

101. The Round Table, No. 57, Desember 1924.
102. Vgl. J.F.W. Grosskopf, Die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika: Plattelands-verarming en plaasverlating. Verslag van die Carnegie-Kommissie, Stellenbosch, 1932.
103. Volksraadsdebatte, III, 1925.
104. The Round Table, No. 59, Junie 1925.

Die Pakt-regering se aanspraak dat hul met die Wet op die beheer oor Diamante werkloosheid wou help bekamp, is deur die opposisie verwerp. Genl. Smuts het dié Wet as inmenging in die regte van persone se private eiendom beskou,[105] terwyl mnr. G.C. van Heerden, S.A. Party-Volksraadslid vir Cradock, die mening toegedaan was dat dit vir Suid-Afrika meer kwaad as goed sou inhou.[106]

Tommy Boydell, Minister van Arbeid, het met doelgerigtheid sy nuwe departement hanteer en in Februarie 1925 onder meer verklaar: "In order to prevent the Smuts Government from grinding down and crushing the working classes, the National Party and Labour Party came together and eventually turned the S.A.P. out. We are now holding the bridge against the onslaughts of poverty and profit."[107]

Die Minimumloonwet van die regering, waardeur vir minimum lone vir sekere beroepe voorsiening gemaak is, is ook met werkloosheid in verband gebring. Mnr. G.C. van Heerden het dié Wet in Oktober onder die vergrootglas geplaas en nie net aangevoer dat dit 'n sosialistiese inslag het nie, maar dat dit belangrike gevolge sou hê. "Dit sal halfgekwalifiseerde werkers uitsluit en werkloosheid in die hand werk. As die Nasionale Party alleen regeer het, sou dinge anders gewees het. Hulle staan egter nou onder verpligting."[108]

Boydell het egter die regering se optrede teenoor die volk op arbeidsvlak probeer regverdig deur daarop te wys dat die Pakt se beleid daarop gemik was om dit vir alle ongeskoolde arbeiders

105. The Star, 17.10.25. Smuts te Potchefstroom.
106. Die Volksblad, 30.10.25. Van Heerden te Springfontein.
107. The Star, 8.2.25. Boydell te Edenvale; T. Boydell-versameling, Band 21. Knipsel.
108. Die Volksblad, 30.10.25. Van Heerden te Springfontein.

moontlik te maak om sodanige lone vir ongeskoolde werk te ontvang dat hulle volgens 'n beskaafde standaard kon lewe. "The prosperity of the country can only be measured by the extent to which the total wealth contributes to the happiness and well-being of the largest number of homes."[109]

Gedurende die loop van 1925 het die energieke minister Boydell die werkloosheidsvraagstuk met doelgerigtheid aangepak.[110] Hy het die erns van die situasie sterk ter harte geneem. In die stede het tientalle ontvolkte plattelanders steeds die armblankes se getalle verhoog. C.W. de Kiewiet stel die posisie van baie Afrikaners wat op die platteland gebore is, soos volg: "To be hirelings was bad enough. To have to do work commonly done by natives was offensive."[111]

Boydell het in Junie 1926 die feit beklemtoon dat die armblanke en gepaardgaande werkloosheidsvraagstuk 'n nasionale saak vir die volk is om op te los. Op aandrang van veral die Arbeiderspary het Boydell besluit om werkkolonies op te rig,[112] iets wat nie altyd 'n sukses sou blyk te wees nie.

Die opposisie het steeds Blanke immigrasie as oplossing vir die armblankevraagstuk en die Nie-Blanke kwessie voorgehou. Op 2 Desember het minister Roos daarop gewys dat albei partye van die Pakt dit eens is dat immigrasie wel nodig is ten einde hul groot hulpbronne te help verwerk. Die opposisie was egter korrek in hul bewerings dat die Pakt teen immigrasie is, en wel in dié opsig dat hy eers die binnelandse toestand in orde wou bring

109. The Star, 17.11.25. Onderhoud met Boydell.
110. Vgl. The Natal Mercury, 22.12.25. Onderhoud met Boydell.
111. C.W. de Kiewiet, A History of South Africa. Social and Economic, Londen, 1957, p.216.
112. Diamond Fields Advertiser, 23.6.26. Boydell te Kimberley.

alvorens 'n immigrasieskema aangepak word.[113]

Intussen is spoeldelwerye in 1927 in die omgewing van Lichtenburg ontdek en die werkloosheidsvraagstuk kon verlig word deurdat baie armblankes op dié delwerye 'n tydelike heenkome kon vind. Duisende boere en ander Suid-Afrikaners het daarheen gestroom en tydelike woongeriewe ingerig. Die toestroming na delwerye en stede beweeg minister Boydell om te verklaar: "It is our aim to stop the drift to the towns of people whose place in life is on the land, and likewise to guard against failures among those who have no capacity or adeptability for farming."[114]

Die regering het as gevolg van die stygende diamantproduksie ook die skepping van 'n selfstandige diamantslypnywerheid in 1927 in die vooruitsig gestel, iets waaroor die opposisie ook ernstige bedenkinge gehad het. Die kapitalistiese pers het dié planne met weinig entoesiasme begroet en soveel koue water as moontlik hierop gegooi. The South African Nation sê hieroor onder meer: "There is the shadow of capitalism behind their editorial throne, and the establishment of a cutting industry in the Union may perhaps not fit in altogether in the scheme of things of the capitalist. And then it is but natural that the S.A.P. Press should feel some chagrin that a Pact Government is responsible for yet another fillip to our industrial life." Dié projek sal 'n geweldige ekonomiese stimilus in Suid-Afrika tot gevolg hê, indien dit slaag; daarom is dit vir die regering die moeite werd om die risiko van 'n moontlike mislukking te loop.[115]

Minister Boydell het intussen steeds alles in sy vermoë gedoen

113. The Star, 3.12.26. Roos te Benoni.
114. Sunday Times, 17.7.27. Onderhoud met Boydell.
115. The South African Nation, 17.9.27.

om die werkloosheidsvraagstuk op te los. Hy het gedurende Augustus te Pretoria verklaar dat dié vraagstuk alleen deur noue samewerking tussen die staat, provinsiale owerhede en plaaslike owerhede opgelos kon word.[116]

Majoor P.B. Arbuthnot het in 'n brief aan die Londense Morning Post gedurende Augustus vele van die Natallers se oortuiging gesterk dat baie armlastiges op onbillike wyse op die tuinprovinsie afgelaai word. Arbuthnot beweer dat die regering reeds vir twee en 'n half jaar die laagste klas armblankes op Natal laat toestroom. Die oogmerk is op die oog af die vermindering van werkloosheid, maar volgens Arbuthnot is die eintlike doelstelling van die regering om die mees Britse provinsie se Suid-Afrikaanse Party - Britse stem hiermee teen te werk.[117]

Reeds in 1927 het mense bedenkinge begin opper oor die sukses van Boydell se werkkolonies vir armblankes. C.R. Will, lid van 'n arbeidskolonie, skryf reeds op 20 Januarie aan genl. Smuts dat baie armblankes op Sanddrift en Uitval reeds die arbeidskolonies verlaat het terwyl baie oorweeg om pad te gee. Will sê onder meer dat hy aanvaar dat die oogmerk van Boydell met die skema is om armblankes se omstandighede ekonomies en andersins te verbeter en om by hulle selfrespek te kweek. Armblankes word egter in die werkkolonies soos "wit vuilgoed" behandel en die hoof van hul arbeidskolonie, Bodenstein,[118] dring daarop aan dat hy as "Mynheer" aangespreek word. Benewens die feit dat hy dikwels dreig om van die inwoners van die werkkolonie aan te rand,

116. Natal Advertiser, 15.8.27. Onderhoud met Boydell.
117. Morning Post, 17.8.27. Brief van Arbuthnot, soos aangehaal in Rand Daily Mail, 18.8.27.
118. Bodenstein was minister Kemp se swaer. Hy is eers as sprinkaanbeheerbeampte aangestel, waarna hy as hoof-arbeidsbeampte by die werkkolonie aangestel is.

praat Bodenstein van die arbeiders as "los Hottentots".[119]

Veral sedert Mei 1928 was dit duidelik dat minister Boydell se Doornkop-skema vir armblankes in Natal tot mislukking gedoem was. The Natal Mercury verwyt die regering dat hul nie betyds sodanige projekte laat vaar het nie, alvorens groot bedrae geld daarin gesteek is en die regering sy vingers verbrand het nie. Die Cape Times skryf hieroor onder meer: "The whole business might well serve as an object lesson for students who wish to learn how these affairs should not be conducted. But the most we can hope for is that it will for a time induce some degree of caution in the breasts of Ministers seeking for some spectacular achievement on the lines of their election speeches."[120]

Mnr. T.G. Strachan, Arbeider-L.V. vir Pietermaritzburg Noord, het beweer dat die feit dat die Doornkop-setlaars Afrikaanssprekend was daarvoor verantwoordelik was dat die skema in Natal met soveel teenkanting bejeën is. Die setlaars was nie vir suikerboerdery geskik nie en sekere S.A. Party-lede is vir die mislukking van Doornkop verantwoordelik en nie die regering nie.[121]

Op 27 Julie het die Premier te Harrismith verklaar dat Suid-Afrika die werkloosheidsvraagstuk opgelos het. Van die baie werkloses van 1924 word tans "bykans niks meer gehoor nie".[122] Hoewel die regering daarop aanspraak maak dat hy die armblankevraagstuk opgelos het en 'n toenemende aantal Blankes in spoorwegdiens geneem het, het Smuts daarop gewys dat spoorwegarbeiders met hul karige lone nie 'n behoorlike bestaan kon maak nie. Hy sou veel

---

119. Smuts-versameling, Band 206. Will aan Smuts, 20.1.27.
120. Cape Times, 2.5.28. Hoofartikel.
121. Natal Mercury, 20.7.28. Strachan te Pietermaritzburg.
122. Cape Times, 28.7.28. Hertzog te Harrismith.

eerder sien dat miljoene ponde aan die ontwikkeling van die plattelandse gebiede spandeer word, eerder as wat dit vir nywerheidsontwikkeling aangewend word. Die groot probleem met die Pakt is geleë in sy gebondenheid aan die beleid van die Arbeiders.[123]

Smuts het steeds met die idee volhard dat die sleutel vir die oplossing van die armblankevraagstuk in staatsondersteunde Blanke immigrasie geleë is. Hieroor sê hy in 1929 onder meer: "If we had a larger population in this country we would have larger markets. The problem of 'poor whites' would disappear if the white population was increased. We suffer for our very smallness."[124]

Die Pakt-regering wou dus met sy beskaafde arbeidsbeleid en arbeidskolonies die werkloosheidsprobleem oplos, dog die S.A. Party het volhard met hul idee dat grootskaalse Blanke immigrasie groter werksgeleenthede in die hand sou werk. Benewens terugslae soos die mislukking van die Doornkop-skema vir armblankes in Natal, verdien die Pakt krediet vir sy pogings om dié vraagstuk te bekamp. In 1928 het die regering met die instelling van ouderdomspensioene vir Blankes en Gekleurdes bo die ouderdom van 65 jaar ook die armblankevraagstuk verbeter. Die regering is in die bekamping van werkloosheid begunstig deur die ekonomiese stabiliteit van die land, dog die kritiese benadering van die opposisie teenoor welbedoelde regeringsmaatreëls om dié probleem te bekamp, het onderlinge partywrywing veroorsaak.

DIE YSTER- EN STAALBEDRYFWET, 1928

Vroeg in 1927 was dit reeds duidelik dat die regering se planne vir 'n staatsondersteunde yster- en staalnywerheid die opposisie nie aangestaan het nie. Hoewel Smuts tydens die 1924-verkiesings-

123. Rand Daily Mail, 22.11.28. Smuts te Standerton; Die Volkstem, 22.11.28.
124. Cape Times, 20.2.29. Smuts te Kaapstad.

veldtog sy voorneme om 'n yster- en staalnywerheid te stig, te kenne gegee het, het die S.A. Party dit teen staatsteun aan so 'n onderneming gehad. Steun aan so 'n onderneming sou volgens die Cape Times nie slegs geldverkwistend wees nie, maar sou ook onbillik teenoor die privaat geïnisieerde yster- en staalnywerheid van "Union Corporation" wees. Indien dit sou gebeur dat 'n private onderneming ná jare van uitgawes in kompetisie teenoor 'n staatsondersteunde instansie geplaas word, sou vele buitelandse beleggers skrik en kapitale beleggings in die Unie aansienlik besnoei of onttrek. B.K. Long, redakteur van die Cape Times, waarsku: "State subsidisation of an iron and steel enterprise, in competition with an established private concern, is socialism in action." Alvorens die Nasionale Party sy goedkeuring aan so 'n maatreël heg, moes hulle besef waarop hulle afstuur.[125]

Die regering se voorgenome yster- en staalnywerheid het steeds voorrang geniet, want op 9 Februarie skryf J.S. Smit, Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris in Londen, aan genl. Hertzog dat die Britte die regeringsplanne hieroor kritiseer en selfs skerp aanval. Baie Britte glo dat Hertzog se planne met so 'n nywerheid bloot vir politieke doeleindes aangewend word "to curry favour with local interests at the expense of British Capital". Hulle glo dat die onderneming te ambisieus is en sou skipbreuk ly. Smit reken dat hulle baie teenstand teen so 'n staatsonderneming in Suid-Afrika kon verwag, aangesien die Britse handel grootliks op die yster- en staalindustrie berus.[126]

In die Parlement het genl. Smuts hom ten gunste van 'n privaat

125. Ibid., 17.1.27. Hoofartikel.
126. J.S. Smit-versameling, Band 8. Smit aan Hertzog, 9.2.27.

geïnisieerde yster- en staalnywerheid te Pretoria verklaar, maar "fair play should be given to existing industries" ten einde te verhoed dat hul ekonomies deur dié stap benadeel word. Smuts het gewaarsku dat die geldelike aspek van die onderneming noukeurige aandag moes geniet. Hoewel hy glo dat almal in 'n mate sosialiste is, verskil die partye ten opsigte van die wese van sosialisme. Daar bestaan geen rede waarom die yster- en staalskema in so 'n mate as wat kolonel Creswell verlang, gesosialiseer moet word nie. Staatskontrole op die beoogde basis van die Arbeidersparty en in die hoogs mededingende nywerhede in Suid-Afrika, is gevaarlik. Genl. Smuts verwerp die regering se verweer dat hy as premier deur middel van die Elektrisiteitswet staatskontrole oor elektrisiteit ingestel het, aangesien elektrisiteit 'n monopolie en 'n "nutsdiens" is. Soos Smuts dit stel: "The Electricity Commission is not subjected to competition from great international trusts and cartels."[127]

Die Burger beweer dat die opposisiesprekers mekaar uitstekend oor beginselkwessies weerspreek het. Mnr. J.W. Jagger is blykbaar teen enige staatsondersteuning vir 'n ysternywerheid gekant; sir Drummond Chaplin wil niks met die waarborg-stelsel te doen hê nie, dog hy reken dat die regering met beskermende tariewe en premies moet help; terwyl die premie- of die waarborgstelsel vir genl. Smuts om die ewe is. Daar is dus volgens die redakteur byna net soveel gedragslyne binne die S.A. Party as wat daar sprekers is. Smuts maak beswaar dat die regering vyf van die nege direkteure in 'n staalonderneming sal benoem, dog tydens Smuts se bewind is besluit dat die regering agt uit die elf direkteure van

127. Cape Times, 1.3.27. Hoofartikel.

die Reserwebank sou benoem. Die redakteur het die vertroue uitgespreek dat die opposisie voortaan meer billik en konstruktief in sy kritiek sal wees.[128]

Uit genl. Smuts se briewe blyk dit duidelik dat daar binne die S.A. Party groot verskille aangaande die oprigting van 'n staatsondersteunde yster- en staalnywerheid ontstaan het. C.M. de Vries, 'n S.A. Party-ondersteuner, wat hom vir die oprigting van 'n yster- en staalnywerheid met behulp van staatsteun beywer het, het sy ontevredenheid teenoor Smuts uitgespreek oor die houding van The Cape Argus en Cape Times, wat die opposisie aangeraai het om die wetsontwerp te opponeer. Ook uit senator F.S. Malan se houding blyk dit vir De Vries asof die Senaat op partygrondslag gaan stem en dié wetsontwerp gaan veto. Saam met onder meer mnr. Delfos[129] het De Vries die moontlikheid van so 'n nywerheid ondersoek en tot die oortuiging gekom dat dit vir die staat 'n baie lonende bedryf kon word. Die verslae van die Gemeenskaplike Handelskamer, soos aan die Senaat voorgelê, is op verkeerde syfers gebaseer. De Vries wou van Smuts weet: "Are we as a nation going to continue to allow the parasites of the capitalistic element to run their industry at the expense of the inhabitants of South Africa for the advantage of their shareholders?"[130]

---

128. Die Burger, 1.3.27. Hoofartikel.
129. Delfos was die stigter van die Pretoria Iron Mines Ltd. in 1916. Hy misluk sedert 1920 om buitelandse kapitaal vir sy onderneming te verkry en word meegedeel dat dit tot nadeel van Britse staaluitvoer na Suid-Afrika sou lei. Aan die hand van Duitse staaldeskundiges se aanbevelings, stel hy 'n lywige verslag op waarin hy op die meriete van 'n geïntegreerde yster- en staalbedryf wys. Sedert 1925 het hy onvermoeid gepoog om die Pretoriase Volksraadslede, C.T. de Water en C.W. Giovanetti, asook die regering te oorreed om 'n yster- en staalnywerheid op te rig. Hy was hoofraadgewer vir min. Beyers en min. Creswell met die indiening en voorbereiding van die Yster- en Staalwetsontwerp van 1928.
130. Smuts-versameling, Band 205. De Vries aan Smuts, 20.4.27.

Saam met 'n groot aantal S.A. Party-ondersteuners in Transvaal voel De Vries oortuig dat 'n yster- en staalnywerheid noodsaaklik vir Suid-Afrika is. Dié nywerheid mag nie met private kapitaal tot stand gebring word nie omdat die Britte sterk gekant is teen finansiële instellings en nywerhede wat met hul eie nywerhede in Brittanje kompeteer. Hy waarsku sy leier: "I can assure you that if this Bill is opposed by the S.A. Party as a Party in the Senate, it will be the death knell for the S.A.P. as far as the Transvaal is concerned. We are South Africans first and the Party is only a second consideration."[131]

Die opposisie het reeds met die tweede lesing van die Yster- en Staalbedryfwet daarteen gestem.[132] Genl. Smuts het gewaarsku dat hul met dié Wet die belastingbetalers se geld gaan mors en dat hulle besig is om met 'n saak te dobbel.[133] Op 28 Februarie 1927 het J.W. Jagger uitgeroep dat hul honderde duisende ton ruwe yster en staal kon vervaardig, maar dat die probleem is, waar hulle dit met voordeel gaan verkoop.[134]

Ná die parlementsitting van 1927 skryf genl. Smuts aan 'n Londense vriend dat die regering gepoog het om 'n staatsbeheerde staalnywerheid te Pretoria op sosialistiese grondslag tot stand te bring, maar dat die Senaat daarin geslaag het om die wetsontwerp te verwerp.[135] Dit blyk dus dat die pleidooie van De Vries en Delfos aangaande die yster- en staalbedryf op dowe ore geval het. Dit sou nie alleen vir Smuts in sy eie geledere steun kos

---

131. Ibid.
132. Volksraadsdebatte, 1927, Kol. 1188; Pamflet. Die Feite: Antwoord op krete en stories van die Verenigde Party, I. (Versprei deur die Inligtingsdiens van die Nasionale Party, 1951.)
133. Volksraadsdebatte, 1927, kol. 921-4.
134. Ibid., kol. 934.
135. Smuts-versameling, Band 206. Smuts aan Richardson, 16.6.27.

nie, maar die Pakt-regering het die S.A. Party se houding in verband met die oprigting van 'n staatsbeheerde yster- en staalnywerheid as 'n duidelike bewys voorgehou dat hul politieke opponente partybelange bo landsbelange stel.

Dit het algaande duidelik geblyk dat die Pakt-regering vasbeslote was om, ondanks opposisie-kritiek daarteen, 'n staatsbeheerde yster- en staalnywerheid op te rig. Genl. Hertzog het by die volk voorspraak vir so 'n staatsonderneming gemaak. 'n Suid-Afrikaanse staalnywerheid sou in Suid-Afrika yster en staal teen laer pryse kon verkoop as waarvoor dit êrens ter wêreld verkry kon word. Die S.A. Party het dit nog nooit ontken dat hy weens onderlinge partyverdeling nie in staat was om so 'n nywerheid tot stand te bring nie. Deur die staalnywerheid sou die boere hul draad en ander staalbenodigdhede baie goedkoper kon kry, terwyl baie nuwe bedrywe sou ontstaan wat die werkloosheidsprobleem sou verlig. Hertzog beskou staatsdeelname as noodsaaklik aangesien die Europese beleggers nie die geld vir so 'n nywerheid sou voorskiet nie. Wanneer sosialisme in belang van die volk is, is die Nattes ten gunste van daardie sosialisme. Die Sappe se teenstand teen die staalnywerheid spruit enkel en alleen uit jaloesie voort,[136] aldus genl. Hertzog.

Die herenigingstrewe wat gedurende 1927 weer sterk na vore getree het, het ook op ekonomiese gebied weerklank gevind. In 'n onderhoud met Die Volkstem het minister Roos te kenne gegee dat die S.A. Party alles in sy vermoë doen om die Yster- en Staalwetsontwerp te laat verongeluk. 'n Groot midde-party sou maklik dié soort wetgewing wat belangrik vir die ekonomiese vooruitgang

136. Die Volkstem, 5.8.27. Hertzog te Rouxville.

van Suid-Afrika is, kon deurvoer. Hieroor sê Roos verder: "Ons moeilikheid is dat die mense van buite, wat hul kapitaal wil belê, gewaarsku het dat hulle die kapitaal nie vir altyd bymekaar kan hou as ons nie die wet kan deursit nie, m.a.w. ons word vandag verhinder deur die geveg tussen die twee partye om wetgewing te passeer wat in belang van S.A. is. Die S.A.P. weet dat dit in die landsbelang is, dog bestry dit uit louter partygevoel."[137]

Die Minister van Arbeid het die S.A. Party-bewering dat die regering verswak het in sy vasberadenheid om die Yster- en Staal-wetsontwerp deur te voer en dat hul ter wille van groot beleggings hierin bereid was om sekere beginsels prys te gee, as 'n versinsel verwerp. Hy het die volk gemaan om nie op grond van die sosialistiese inslag van die wetsontwerp, dit summier te verwerp nie. Sosialisme beteken niks meer as die produksie en verspreiding van dit waaraan die volk behoefte het. Dit geskied deur die volk en in belang van die volk, in plaas daarvan dat 'n paar kapitaliste dit doen.[138]

In November 1927 is die yster- en staalwetsontwerp op aandrang van die Senaat met sy S.A. Party-meerderheid na 'n gekose komitee verwys.[139] Dié stap het die regering nie aangestaan nie en was hulle vasbeslote om in 1928 met 'n gesamentlike sitting die wetsontwerp deur die Parlement te loods - iets wat hul dan ook in daardie jaar sou vermag.[140]

Kolonel H. Mentz, S.A. Party-Minister in die Smuts-kabinet, was

137. Ibid., 7.11.27. Onderhoud met Roos, soos aangehaal in Die Burger, 8.11.27.
138. The Star, 6.12.27. Boydell te Olifantsfontein.
139. Vgl. Smuts-versameling, Band 206. Smuts aan sy vrou, 6.11.27.
140. The Round Table, No. 68, Sept. 1927; A.J.H. van der Walt, e.a., op. cit., p.513.

oortuig dat die S.A. Party 'n verkeerde benadering ten opsigte van die yster- en staalwetsontwerp gehad het, terwyl hy ook van mening was dat die opposisie nie die wetgewing insake 'n diamantslypnywerheid moes opponeer nie, maar amendemente hierop moes voorstel.[141] Genl. Smuts waarsku vir Louis Esselen, S.A. Party-sekretaris: "I rather fear that the somewhat impetuous hasty and slap-dash ideas of Mentz may produce more confusion than progress in the Party."[142]

Dit blyk dus dat die S.A. Party die Wet op die Yster- en Staalbedryf opponeer het omdat dit in stryd met Britse belange was, nie winsgewend sou wees nie en te sosialisties van aard was. Hierbenewens sou buitelandse kapitale beleggings ernstig affekteer word. Verder het die S.A. Party geglo dat dit 'n maatreël is wat op inisiatief van die Arbeidersparty deurgevoer is. Waar die S.A. Party die oprigting van 'n staalbedryf in die verkiesingsveldtog van 1924 as beleid aan die kiesers voorgehou het, is hul deur hul opposisie daarteen in 1928 in 'n swak lig gestel. Die indruk is geskep dat hul as opposisie bloot alles opponeer sonder om die meriete van 'n wetsontwerp behoorlik na waarde te skat en aan die hand daarvan te besluit of hul dit sal teenstaan of steun. Die regering was oortuig dat dit in belang van Suid-Afrika was om dié projek met staatsteun van stapel te stuur. Vir hulle was dit 'n uitvoering van die beleid van "Suid-Afrika eerste" en die houding van die opposisie is gesien as bewys dat die S.A. Party partybelange bo landsbelange stel. Die S.A. Party het op sy beurt ook die vrees gekoester dat die regering in sy

141. Vgl. Smuts-versameling, Band 207. Mentz aan Smuts, 6.2.28; Esselen-versameling, Band 1. Smuts aan Esselen, 9.2.28.
142. Esselen-versameling, Band 1. Smuts aan Esselen, 9.2.28.

strewe na ekonomiese selfstandigheid en geleidelike verbreking van bande met die Britse Ryk die Wet op Yster- en Staalbedryf gesteun het.

DIE DUITSE HANDELSVERDRAG EN DIE MOSAMBIEKSE OOREENKOMS

Gedurende 1928 het die Pakt-regering twee verdrae, naamlik die Mosambiekse ooreenkoms en die Duitse handelsverdrag gesluit, waardeur die regering hulle ekonomiese onafhanklikheid in die praktyk demonstreer het. Benewens die feit dat dit sonder die goedkeuring van die Senaat aanvaar is, is daar in die opposisiekamp gevoel dat Britse voorkeurbehandeling hierdeur aangetas is. Veral die Duitse handelsverdrag sou gedurende die algemene verkiesing van 1929 'n ernstige twispunt tussen die twee groot partye word.[143]

Die Duitse handelsverdrag het geen spesifieke handelskonsessies, maar slegs wedersydse handelsvoorkeur behels. Dit is egter in die verdrag duidelik gestel dat die Duitse handelsvoorkeur nie dieselfde voorkeure as dié van die Unie aan Rhodesië, Mosambiek, die drie Britse Protektorate, die Verenigde Koninkryk en die Britse Ryk toestaan nie. Volgens die Anglo-Duitse handelsooreenkoms het die Unie alreeds handelsvoorkeur van Duitsland geniet. Soos die ekonoom, M.H. de Kock, dit stel: "Consequently the treaty between the Union and Germany amounted to no more than an expression of goodwill between the two countries and a manifestation of the Union's newly acquired status as an undependent state within the British Commonwealth of Nations."[144]

Met uniewording het die Nasionale Konvensie die ooreenkoms met

143. Vgl. Hoofstuk 6.
144. M.H. de Kock, op. cit., pp.93-4.

Portugal en Mosambiek gehandhaaf waarvolgens minstens 50% en hoogstens 55% van die Rand se invoergoedere aan die hawe van Lourenco Marques toegesê is, terwyl die res aan die Uniale hawens toegeken is. Weens die groot arbeidsbehoefte in die Suid-Afrikaanse myne is 'n ooreenkoms met Mosambiek gesluit waarkragtens duisende Bantoe jaarliks vir die myne gewerf is. Met die konvensie van 1928 is dié ooreenkoms wat reeds in die 19de-eeu bestaan het dus opnuut bekragtig en ook in 'n mate gewysig. Hiervolgens kon Suid-Afrikaanse myne hoogstens 100 000 Bantoe in Mosambiek werf. Hulle het egter nie permanent in die Unie kon bly nie. Volgens hul arbeidskontrakte kon hul hoogstens twaalf tot agtien maande in Suid-Afrika bly voordat hulle weer na Mosambiek terugkeer. M.H. de Kock wy verder hieroor uit: "The Union and Mozambizue grant each other most-favoured-nation treatment and that certain specified commodities only be admitted into the one or other of the two territories free of import duties, the remainder being subject to the customs duties levied by either territory on the most favoured nation." De Kock bestempel die ooreenkoms as 'n betekenisvolle beleidsverandering, en 'n stap wat voortgevloei het uit die groeiende botsing van belange tussen die twee gebiede se nywerhede en doelstellings.[145]

In November 1928 het genl. Smuts te Standerton die Pakt-regering oor die verandering van die Britse voorkeur in 1925 gekritiseer. Dié verandering het ten nadele van Brittanje geskied. Smuts het dit as 'n dwase beleid veroordeel; 'n beleid waardeur die indruk geskep word dat die regering anti-Britsgesind is. Hy het die Pakt-regering se strewe na ekonomiese selfstandigheid aangeval

145. Ibid., pp.92-3.

en benewens die Duitse handelsverdrag ook die Mosambiekse ooreenkoms veroordeel. Smuts het daarop gewys dat die aantal Mosambiekse mynbantoe in die bestek van vyf jaar van 105 000 tot 80 000 verminder moes word, luidens die Mosambiekse verdrag. Die Pakt beweer dat die Portugese regering nie hieroor wou toegee nie, en Smuts voer aan dat sy party, indien hul aan bewind sou wees, beslis nie so-iets sou toelaat nie. Hy bestempel dit as afkeurenswaardig dat die regering deur middel van die Duitse handelsverdrag die voorkeur na ander lande van wie Suid-Afrika niks in ruil daarvoor ontvang nie, uitbrei. Engeland kan baie maklik die rug op Suid-Afrika draai. Die weiering van die Pakt om van die Ryksbemarkingsraad gebruik te maak, lei daartoe dat hul die raad van deskundiges ontbeer. Dis vir Smuts duidelik dat die Pakt niks te doen wil hê met bevordering van ons belange as dit met Britse hulp moes gebeur nie. Dit alles gee vir hom kleur aan die gesegde dat die Nasionaliste anti-Brits is.[146]

In Februarie 1929 het genl. Smuts beweer dat die Arbeiderspartyskeuring in 'n groot mate aan die feit toegeskryf kon word dat die party vertroue in hul leiers verloor het. Met die bewindsaanvaarding van die Pakt was daar 45 000 ingevoerde arbeiders in Suid-Afrika, terwyl daar tans 105 000 is. Dit het gebeur ondanks die feit dat Creswell en sy geesgenote hulle feitlik lewenslank vir die uitskakeling van arbeiders uit Mosambiek beywer het. "That makes people realise that the Labour Party in power has not been true to its principles and to the causes which it upheld in former years, but has proved untrue to them."[147]

Die regering se weiering om die gewraakte Duitse handelsverdrag

146. Die Volkstem, 22.11.28. Smuts te Standerton.
147. Cape Times, 20.2.29. Smuts te Kaapstad.

aan die Senaat vir goedkeuring voor te lê,[148] het die Natalse voorstanders van 'n eensydige Britse handelsvoorkeurbeleid hewig ontstel. In 'n bitsige hoofartikel waarsku die Natal Mercury op 4 Maart onder meer: "If Nationalism is to be allowed to cry, as it does to-day: 'To Hell with the Senate and the British Preference System', then Englishspeaking South Africans, whose contributions to our common South African nationhood are just as great if not infinitely greater than the contributions of the Little Afrikanders, are at perfect liberty to retort: 'To blazes with the Afrikaans language and the Bonds of the Union!'"[149] In die lig van die Duitse handelsverdrag en die Mosambiekse konvensie beskuldig genl. Smuts die regering dat hy soos Mussolini eiehandig verdrae sluit.[150]

Die Duitse handelsverdrag en Mosambiekse ooreenkoms was vir die Nasionale Party nie alleen 'n noodsaaklike verdrag nie, maar ook 'n bewys van hul ekonomiese selfstandigheid. Gesien teen die agtergrond van die Nasionale Party se "Suid-Afrika-eerste beleid" het hul met die sluiting van dié verdrae slegs die Suid-Afrikaanse belange gedien. Die Pakt het geglo dat die Britse handelsbelange of die Suid-Afrikaanse arbeidsbelange nie deur die verdrae affekteer sou word nie. Teen die agtergrond van hul imperialistiese sentiment was die S.A. Party die mening toegedaan dat slegs Britse- en Rykshandel voorkeurbehandeling moes geniet. Die feit dat dit juis Duitsland was met wie onder andere 'n verdrag gesluit is, het die S.A. Party se ontevredenheid verskerp.

---

148. Vgl. Hoofstuk 6.
149. Natal Mercury, 4.3.29. Hoofartikel, soos aangehaal in Cape Times, 5.3.29.
150. Die Volksblad, 10.4.29. Smuts te Aliwal-Noord.

DIE 1929-VERKIESING

Gedurende die 1929-verkiesing[151] het die ekonomiese beleid van die Pakt-regering weer eens skerp onder die vergrootglas gekom. Die Burger noem genl. Smuts op die vooraand van die algemene verkiesing "die bontspringer". Nadat hy vir vyf jaar lank beskaafde arbeid as uit die bose veroordeel het, verseker Smuts nou die beskaafde arbeiders dat hul nie besorgd hoef te wees nie, aangesien hy gaan probeer om hul posisie nog verder te verbeter. Smuts sou die Loonwet afskaf; tans gaan hy dit wysig. Hy sou die Wet op die Yster- en Staalbedryf verander om dit 'n private onderneming te maak. Soos dié Wet nou staan, sou hy niemand aanmoedig om in die fabriek geld te belê nie; tans sal hy die Wet slegs wysig indien die onderneming nie 'n sukses blyk te wees nie. Wat Nasionaliste verder ontstel het, was genl. Smuts se uitlating dat daar gedurende die Pakt-bewind gereeld spoorwegtekorte was "en alleen hierdie jaar (1929) is daar op die een of ander manier 'n klein batige saldo bymekaar geskraap vir verkiesingsdoeleindes". Die redakteur van Die Burger wys daarop dat daar in 1924-1925, 1925-1926, 1927-1928, sowel as in 1928-1929 surplusse was, terwyl daar slegs in 1926-1927 'n Spoorwegtekort was.[152] Volgens M.H. de Kock het die Pakt-regering tussen 1924 en 1929 'n totale surplus van £6 185 000 kon toon.[153] Ongeregverdigde en vals aantygings aangaande Pakt-oorskotte het die Nasionale Party-ondersteuners ontstem en 'n vyandige gesindheid jeens hul politieke opponente in die hand gewerk.

---

151. Sien Hoofstuk 6.
152. Die Burger, 1.5.29. Hoofartikel.
153. M.H. de Kock, op. cit., p.86.

'n Paar dae voor die verkiesing het J.G. McQuade van die Sun uit amptelike stukke 'n parallel tussen die Smuts- en die Hertzog-regering se ekonomiese statistieke getrek. Hieruit kon die ongekende ekonomiese groei vanaf 1924-1928 - dit waarop die Pakt-sprekers hul beroem het - duidelik afgelei word.[154]

Met die afloop van die 1929-verkiesing in die guns van die Nasionale regering, kon die Pakt met krag en ywer hul aan die ekonomiese opbou van Suid-Afrika wy, dog teen Oktober 1929 was dit reeds duidelik dat daar 'n ekonomiese depressie aan die kom was. Op 17 Oktober het die Premier die volk gewaarsku teen spandabelrigheid en skuld, aangesien hy vrees dat die land 'n moeilike tydperk tegemoet gaan.[155] Die opposisiepers het genl. Hertzog verwyt dat hy en die Minister van Finansies, mnr. Havenga, die volk oor die ekonomiese klimaat in die duister gehou het. Die Rand Daily Mail betreur dit dat die staat nie met besuinigingsmaatreëls die volk tot voorbeeld was nie. "Administrative and other expenditure has increased year after year, but this has been set off by the surpluses out of which the Government has made much political capital in the countryside. Now the public has received a jolt. It should do a great deal of good, and produce real economy at last."[156]

Die Premier se afleidings oor 'n komende ekonomiese depressie was volkome korrek, want Suid-Afrika en die wêreld daar buite het voor 'n tydperk van grootskaalse ekonomiese insinking gestaan. Die eerste bewindstermyn van die Pakt met sy ekonomiese

154. The Sun, 8.6.29, in Jansen-versameling, Band 110. Knipsel.
155. Ons Vaderland, 18.10.29. Hertzog voor Vrystaatse N.P.-kongres; Die Volksblad, 17.10.29. Vgl. Ibid., 7.11.29. Hertzog te Bloemfontein; Ons Vaderland, 7.11.29.
156. Rand Daily Mail, 21.10.29. Hoofartikel.

stabiliteit en voorspoed was iets van die verlede en die partye sou hul met 'n nuwe ekonomiese situasie moes reoriënteer.

SLOTBESKOUING

Wanneer die ekonomiese agtergrond teen die lig van die verhoudingsituasie tussen die S.A. Party en die Nasionale Party in die periode 1924 tot 1929 belig word, staan 'n paar kardinale aspekte duidelik uit: Die S.A. Party het as uitvloeisel van die Eerste Wêreldoorlog 'n verbete stryd teen 'n ekonomiese depressie gevoer, en as sodanig was dit nie binne dié party se vermoë om op ekonomiese gebied werklike hoogte-momente te bereik nie. Benewens die ekonomiese insinking is hul deur stakings en arbeidsonrus gekortwiek. In 1924 word die S.A. Party op dramatiese wyse by die stembus verslaan, juis op 'n tydstip toe die wêreld-ekonomie vinnig besig was om te herstel. Spoedig was dit duidelik dat die Pakt-regering deur tydsomstandighede begunstig sou word en die regering van genl. Hertzog kon die een na die ander ekonomies-stimulerende projekte van stapel stuur. Geen wonder dus dat Smuts deur sommige van sy ondersteuners verkwalik is oor sy uitskryf van 'n vroeë verkiesing nie. Genl. Smuts kon, indien hy nie 'n vroeë verkiesing in 1924 aangekondig het nie, vir ten minste twee jaar nog in die nuwe ekonomiese voorspoed deel. Hy kon selfs moontlik in so 'n gunstige ekonomiese klimaat genoeg steun wen met 'n kragtige ekonomiese beleid om 'n moontlike algemene verkiesing in 1926 in sy guns te beklink.

Gevolglik moes die S.A. Party met lede oë aanskou hoe hulle opvolgers die vrugte van 'n ekonomiese bloeitydperk pluk; hoe buitelandse kapitaal die land binnestroom; hoe werkloosheid verminder word; hoe vyf surplusse deur die Minister van Finansies binne die

bestek van vyf jaar aan die volk voorgelê word. Die Pakt-regering het ekonomies uitgemunt en die bedenkinge wat die S.A. Party ten opsigte van minister Havenga, Minister van Finansies, gehad het, het soos mis voor die son verdwyn. Kritiek vanuit die opposisie-geledere was dus eerstens teen die regering se sogenaamde spandabelrigheid gemik, terwyl hul strewe na ekonomiese onafhanklikheid, soos versinnebeeld in die Duitse handelsverdrag en Mosambiekse ooreenkoms, ook skerp onder die soeklig geplaas is. Die ekonomiese suksesse van die Pakt-regering is toegeskryf aan die feit dat die S.A. Party-regering die fondament vir ekonomiese groei gelê het; dat die Pakt-regering slegs op die gunstige ekonomiese grondslag van sy voorgangers moes voortbou. Surplusse van die Pakt is afgemaak met die argument dat die regering dit uit die sak van die volk geneem het deur hul hoër te belas.

Hoewel begunstig deur die ekonomiese toestand wat sedert 1924 ingetree het, het die geesdriftige Hertzog-kabinet, gesteun deur die ywerige Pakt-Volksraadslede, die taak om Suid-Afrika ekonomies uit te bou met groot sukses aangepak. Hulle was vasberade om die kapitalistiese monopolie, gerugsteun deur die S.A. Party, te verbreek en die posisie van veral die Blanke arbeider te verbeter. Die aantygings van spandabelrigheid teen die Pakt het Nasionaliste en Arbeiders nie aangestaan nie, want Suid-Afrika se groeiende nywerheidspotensiaal en ekonomie het die regering se ekonomiese suksesse onderstreep. Die fondse waaroor die Tesourie beskik het, is vanuit hul oogpunt slegs tot heil van die land as geheel aangewend, terwyl surplusse van doeltreffende besteding getuig het. Die strewe na ekonomiese selfstandigheid

was vir die Pakt-regering 'n logiese uitvloeisel van die Balfour-verklaring van 1926, en die Britse voorkeurbehandeling op handelsgebied is nie in die minste aangeraak nie.

Die opposisie-argument dat die Pakt die vrugte kon pluk van 'n ekonomiese fondament deur die S.A. Party gelê, was slegs in 'n geringe mate waar. Die Pakt-regering het byvoorbeeld die voordele van die Nywerheidsversoeningswet van 1924 gedeel, maar die Pakt kon wel met reg ontevrede voel oor die opposisie-aansprake as sou die S.A. Party die ekonomiese groei in die hand gewerk het. Die belangrikste stimilus vir die vorming van die Pakt was immers die gemeenskaplike ekonomiese ideale wat die Nasionale Party en hul Arbeidersbondgenote daarop nagehou het. Hul doelgerigte ekonomiese beplanning en ingesteldheid was naas die gunstige ekonomiese klimaat die grootste enkele faktor wat Suid-Afrika uit die dieptes van ekonomiese depressie en nywerheidstagnasie tot op 'n vlak van ekonomiese vooruitgang en nywerheidsopbloei gelig het. Hiervoor het hulle uit opposisiegeledere weinig gunstige kommentaar ontvang, en die gebrek aan erkentelikheid vanaf opposisiekant sou die Pakt-regering teleurstel en grief, en as sodanig die partyverhouding tussen die Suid-Afrikaanse Party en die Nasionale Party benadeel.

HOOFSTUK VI

DIE 1929-VERKIESING

Die periode vanaf 1924 tot 1929 was 'n tydperk van voorspoed en vooruitgang vir die Pakt-regering. Benewens die ongekende nywerheidsgroei, het die naoorlogse depressie waarmee die Smuts-regering moes worstel, spoedig gewyk. Gevolglik kon genl. J.B.M. Hertzog se onervare, maar ywerige kabinetslede die ekonomiese heropbou van die Unie met 'n groot mate van sukses aanpak. Die Hertzog-regering het vriend en vyand verras met die wyse waarop staatsdepartemente hanteer en belangrike vraagstukke aangepak is.

Reeds met die tussenverkiesings vanaf 1924-1929 was dit duidelik dat die Pakt die vertroue van die Suid-Afrikaanse kiesers geniet het, maar hierbenewens was dit ook kenbaar dat die verhouding tussen die twee hoofpartye soms veel te wense oorgelaat het. Dit was veral sedert 1926 die geval, want vroeg in 1926 skryf die Minister van Spoorweë en Hawens, C.W. Malan, nog aan sy vrou dat die verhouding tussen die partye sonder twyfel baie verbeter het, selfs op 'n plek soos Bredasdorp, waar die Suid-Afrikaanse Party die botoon gevoer het.[1] Die verhouding tussen die Engels- en Afrikaanssprekende is egter ernstig versteur weens die afskaffing van eretitels, die opsegging van voorkeurtariewe op Britse goedere, die sesessievraagstuk en veral deur die vlagstryd en die Duitse handelsverdrag.

Toe die Volksraad voor die algemene verkiesing van 1929 ontbind is, het die Nasionale Party 63 lede in die Volksraad gehad, teen-

1. C.W. Malan-versameling, Lêer 2. Malan aan sy vrou, 6.2.26.

oor die 54 van die Suid-Afrikaanse Party, 17 van die Arbeidersparty (Creswelliete 11, Councilliete 6) en 'n enkele onafhanklike.[2]

Dit is belangrik om kortliks die aanloop tot die 1929-verkiesing toe te lig: Op die vooraand van die Provinsiale verkiesing van 1927 was genl. J.C. Smuts se partygenote reeds redelik optimisties oor hul kanse by die volgende algemene verkiesing. 'n Ondersteuner, ene C. Smith, laat hom hieroor so teenoor Smuts uit: "I feel that our Party can frame such a terrible indictment of mis-government on the part of the Pact, that the country would take a hand in the matter and a general election at the end of their term would result in an overwhelming victory for the South African Party."[3]

Met die Provinsiale verkiesing van 1927 het dit geblyk dat daar sedert 1924 nie 'n noemenswaardige swaai na die een of ander party was nie. Die Nasionale Party kon slegs 46% van die aantal setels inpalm teenoor die 44,7% van die Suid-Afrikaanse Party en die 7,3% van die Arbeidersparty.[4] Met hierdie verkiesing was dit veral sosialisme, die vlagkwessie, die voorgenome Duitse handelsverdrag, rassehaat, die Kleurvraagstuk en segregasie wat onder skoot gekom het. Die redakteur van Die Burger het op 18 Februarie sy misnoeë uitgespreek oor Natal se veldtog van rassehaat en gewys op die valse bewering van die Suid-Afrikaanse Party, naamlik dat artikel 137 deur die Nasionale Party verbreek is. Die Burger wys ook daarop dat Natal sy oorwinning in hierdie provinsiale verkiesing toeskryf aan die vlagstryd.[5] In Kaapland

2. Die Burger, 17.6.29. Ontleding van Verkiesingsuitslae.
3. J.C. Smuts-versameling, Band 205. C. Smith aan Smuts, 31.12.26.
4. Die Burger, 18.2.27. Politieke berig.
5. Ibid. Hoofartikel.

het die Suid-Afrikaanse Party drie setels van die Arbeiderspar-ty, een van die Nasionale Party en een van die Onafhanklikes verower. Dit het by sommige lede van die opposisie die indruk geskep dat daar 'n swaai weg van die regering was. Ook die feit dat die S.A. Party in Natal twee setels meer verower het, het hierdie party optimisties gestem ten opsigte van 'n volgende al-gemene verkiesing.[6]

Ná hierdie verkiesing skryf genl. Smuts aan Louis Esselen, sy Party-sekretaris en spreek sy tevredenheid met die resultate in Kaapland en Natal uit, maar bestempel die uitslae in Transvaal as alles behalwe bevredigend. Hy waarsku dat die Nasionaliste nog heelwat stoom in hulle enjin het, en dat die party-organi-sasie met harde werk in orde gebring moet word, veral aan die Rand. Hy is oortuig dat hul by 'n volgende algemene verkiesing die nodige entoesiasme vir die Suid-Afrikaanse Party kan opwek.[7]

Aan N. Levi, voormalige redakteur van Die Volkstem, skryf Smuts dat die tyd vir 'n bewindsoorname vir hulle nog nie ryp is nie, "die platteland siet nog nie die gevaar van die Pakt nie, en dinge moet nog verder gaan om hulle te affekteer. Trouens 2½ jaar is nie lang nie".[8] Smuts glo dat daar 'n ommeswaai in die stede plaasgevind het, maar dat daar meer tyd op die platteland nodig is.

'n Kenmerk van die provinsiale verkiesing was die feit dat die Arbeidersparty veral in die Kaapprovinsie en Natal geweldig steun verloor het. Die opwelling van rassegevoel, as gevolg van veral

6. Ibid., 19.2.27.
7. Louis Esselen-versameling, Band 58. Smuts aan Esselen, 21.2.27.
8. J. van der Poel, Selections from the Smuts-Papers, 1919-34, Volume 5, Cambridge, 1973, p.344. (Hierna verwys na Smuts Papers.)

die vlagstryd, het die Arbeiders in die kamp van die Suid-Afrikaanse Party gejaag.

Teen April 1928 kon genl. Smuts vir J.H. Hofmeyr, Transvaalse administrateur, inlig dat die stemming onder die S.A. Party goed is, maar dat die Nasionale Party 'n weersin ontwikkel het in die Pakt-kombinasie. Smuts het dit vir die kiesers ingevryf dat die regering weer as 'n Pakt na die eleksie gaan.[9]

Ná afloop van die vlagstryd in 1928 het die gemoedere onder sommige Hertzog-ondersteuners en Smuts-aanhangers nog hoog geloop. 'n Gespanne verhouding het hieruit gekristalliseer. Die rasseverhouding is ernstig versteur deur die aanvanklike halsstarrige weiering van die ekstremistiese groepe van beide partye om enigsins toe te gee en 'n middeweg te aanvaar as 'n oplossing in die vlaggeskil. Die persorgane het nie veel gedoen om hierdie versteurde verhouding te normaliseer nie. The Star berig in Junie 1928, terwyl verkiesingsgerugte die ronde doen, die volgende: "To the Pact nothing really matters except office. Hence the contortionists evolutions all perform in order to gaze in the same direction on every subject, regardless of the position in which their feet were originally planted."[10] Ene J.G. Myburgh, 'n ondersteuner van die Nasionale Party, skryf 'n brief aan Ons Vaderland, waarin hy waarsku: "As ons weer die Smuts-regering terugkry sal ons almal waterputters en houthakkers word."[11]

Die Leier van die Opposisie was versigtig om onnodig optimisties te wees oor sy party se kanse by die volgende verkiesing. Na afloop van die provinsiale tussenverkiesing by Pretoria-Oos

9. Smuts-versameling, Band 207. Smuts aan Hofmeyr, 23.4.28.
10. The Star, 20.6.28. Hoofartikel.
11. Ons Vaderland, 25.9.28. Brief van J.G. Myburgh.

in 1928 skryf genl. Smuts: "It is not a pleasant thing that the Pact has slightly improved its position in a constituency like that."[12]

Smuts en sy aanhangers het reeds so vroeg as Januarie 1928 'n vervroegde verkiesing verwag. Op die Arbeiderspartykongres van 1 Januarie 1928 het daar verskille tussen kolonel F.H.P. Creswell, die leier, en sy ondersteuners en die sogenaamde National Council (Hoofbestuur) van die party ontstaan. Creswell het naamlik daarop aangedring dat die parlementêre koukus, en nie die National Council nie, die beheer moes uitoefen oor die beleid van die party in die Parlement. Dit sou aanleiding gee tot 'n skeuring in Arbeidersgeledere, sodat genl. Smuts aan Levi skryf: "Die Creswell affaire kan sake tot een breekspeul bring; anders hoor ek is dit nog Hertzog plan (sic!) die eleksie midden van 1929 te hou. Die rusie onder die arbeiders word onheilbaar en kan dinge verspoedig."[13]

Oor sodanige skeuring het Tommy Boydell, Minister van Arbeid en een van die leidende Arbeiderspartylede, ernstig gewaarsku: "It would be a crime against South Africa if anything happened to the Pact, and if the next election was to be fought as a three-cornered contest with the Labour, National and South African parties as the contestants, and it would also be a crime, because that would mean that the South African Party had come back into power."[14]

Smuts was in Mei 1928 nog steeds versigtig-optimisties oor sy party se kanse by die volgende algemene verkiesing, en skryf

12. Esselen-versameling, Band 58. Smuts aan Esselen, 9.2.28.
13. Smuts Papers, V. Smuts aan Levi, 17.1.28.
14. Rand Daily Mail, 13.12.27. Boydell te Olifantsfontein.

aan L.S. Amery, Britse Koloniale Sekretaris, dat, hoewel hul kanse op 'n oorwinning goed lyk, daar nog baie onsekerheid heers ten opsigte van die algemene kieserskorps.[15] Vyf maande later skryf Smuts weer aan Amery en spreek die mening uit dat sy party die verkiesing sal wen as die Arbeidersparty-skeuring voortduur, maar dat hy andersins twyfel of hul die paal sal haal.[16] Met die ontbinding van die Parlement in Februarie 1929 was genl. Smuts oortuig dat sy party die verkiesing sou wen. "His main specific reason for confidence was schism in the Labour Party."[17]

Genl. Smuts het die belangrikheid van goeie kandidate vir sy party deeglik besef. Daarom het hy teen die einde van 1928 alles in die stryd gewerp om die briljante en nog jeugdige Jan Hofmeyr te oorreed om hom vir die 1929-verkiesing vir die kiesafdeling Barberton verkiesbaar te stel. Op 20 November laat weet laasgenoemde egter aan Smuts dat hy op daardie oomblik onwillig is om hom aan die S.A. Party te verbind, omdat hy dink dat daar miskien 'n kans is om die gewenste doel (vereniging) tussen die S.A. Party en die Nasionale Party langs 'n ander weg te bereik.[18]

Die Opposisieleier was egter op die vooraand van die verkiesing nie meer so seker in welke mate die skeuring van die Arbeidersparty hul in die aanstaande verkiesing sou bevoordeel nie, want volgens die getuienis na die uitslag van die provinsiale tussenverkiesing by Germiston, was dit 'n uitgemaakte saak dat Cres-

15. Smuts Papers, V. Smuts aan Amery, 22.5.28.
16. Ibid. Smuts aan Amery, 16.10.28.
17. W.K. Hancock, Smuts, The Fields of Force, 1919-1950, Cambridge, 1968, p.216.
18. Smuts-versameling, Band 207. Hofmeyr aan Smuts, 20.11.28.

welliet, sowel as Councilliet teen die Suid-Afrikaanse Party-kandidaat gestem het.[19]

Die Pakt het alle rede tot tevredenheid gehad weens sy positiewe bydrae tot die stoflike welsyn van die land. Hierdie tydperk van ekonomiese voorspoed het die Hertzog-regering, wat die 1929-verkiesing betref, uitstekend gepas. Indien die verkiesing 'n jaar later sou plaasvind, kon die Pakt-regering maklik op ekonomiese gebied aan die kortste ent getrek het, want die skynwelvaart waarin die wêreld hom sedert 1925 verlustig het, sou op 25 Oktober 1929 skielik tot 'n einde kom, toe die beurs in New York ineengestort het.[20] Werkloosheid, depressie, nywerheidstagnasie en volksprobleme van die dag is sedert 1924 deur die Pakt op daadwerklike wyse aangepak, sodat die naoorlogse toestand algaande verbeter het. Dit sou 'n buitengewone poging van die opposisie moes verg om so 'n regering uit die kussings te lig, en om aan te toon op welke wyse hul in gebreke gebly het om landsbelange doeltreffend te behartig.

Benewens die gunstige faktore waarmee die Pakt die verkiesing kon aanpak, was daar ook sekere aspekte wat die opposisie begunstig het. Selfs binne eie geledere het die skaduwees oor die gryse hoof van Hertzog langer geword. Die republikeinse Nasionaliste het die Balfour-verklaring se omskrywing van die Uniale status tydelik aanvaar, maar het dit nie, soos genl. Hertzog, aanvaar as die verwesenliking van hul einddoel nie. Op 16 November 1928 het die Unie 'n handelsverdrag met Duitsland gesluit, wat veral by die plaaslike Britte groot verontwaardiging veroor-

19. Ibid. Smuts aan Burton, 3.12.28.
20. G.D. Scholtz, Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe, 1888-1940, Johannesburg, 1943, p.183.

saak het. Rassewrywing is hierdeur verder gestimuleer. Op die spoeldelwery het regeringsbeperkings op die produksie van diamante tot groot ontevredenheid aanleiding gegee. Die lojaliteit van die Engelssprekende lede van die Arbeidersparty in stede soos Durban, Oos-Londen en aan die Rand is deur die vlagstryd tot 'n maksimum beproef, en baie van hulle sou nou vir die Suid-Afrikaanse Party stem.

Hierbenewens het 'n groep ekstremistiese arbeiders, gesteun deur 'n redelike blok kommuniste, W.B. Madeley en sy Councilliete ondersteun. "Their position was strengthened by the fact that Tielman Roos, the powerful Transvaal Nationalist Leader, preferred Madeley to Creswell, he having obtained a promise from the other that he and his supporters in Parliament would not endanger the position of the Government to please the South African Party."[21] Hierdie houding van Roos het natuurlik nie die goedkeuring van dr. D.F. Malan, Minister van Binnelandse Sake, wat groot agting vir Creswell gehad het, weggedra nie. Dit het binne Nasionale Partygeledere 'n vete laat ontbrand tussen die noorde en die suide. Dr. Malan, wat hom ook die reg toegeëien het om onnodige uitgawes in die Minister van Finansies, Klasie Havenga, se begroting te kritiseer, het deur sy optrede vir hom die gramskap van Havenga se boesemvriend, die Premier self, op die hals gehaal. Hierdie verdeeldheid binne die Kabinet het na buite bekend geword, sodat die Nasionale Party nie as 'n sterk verenigde front die 1929-verkiesing kon aanpak nie.

Te midde van dié stryd wat hoofsaaklik om die Kleurvraagstuk sou gaan, het die Pakt-regering skynbaar sterk gestaan. Die

21. Oswald Pirow, James Barry Munnik Hertzog, Kaapstad, 1957, p.130.

regering se baie hervormings en sy vele nuwe opbouende maatreëls het die volk laat glo dat Britse imperialisme in Suid-Afrika 'n nekslag toegedien was en dat die Nasionale regering vir goed aan bewind gekom het. Dit het geskyn of aan vreugde en voorspoed geen einde sou kom nie en dat, solank Genl. Hertzog leef en onderwyl hy deur Tielman Roos en dr. Malan ondersteun word, die duisendjarige vrederyk op Suid-Afrika neergedaal het.[22]

Dit was egter in 'n groot mate skyn, want hoewel die Nasionale Party na buite sterk vertoon het, was hul innerlik verdeeld. Nasionale Party-leiers kon dikwels nie die nodige eenstemmigheid bereik oor groot vraagstukke nie, en het verskillende gesigspunte daarop nagehou. Om sake te vererger het die leiers soms ook verskil oor die manier waarop teen die aanvalle van die Suid-Afrikaanse Party opgetree moes word. Daar was veral twee vraagstukke wat die solidariteit van die Nasionale Party aan 'n geweldige toets onderwerp het en wat die groot skeuring van 1933 in die hand gewerk het, naamlik die vlagstryd en die republikeinse ideaal. Vir dr. Malan was 'n eie vlag 'n lewensideaal; vir dr. N.J. van der Merwe was 'n onafhanklike republiek 'n persoonlike strewe. Dié twee groot Afrikaner-figure het 'n onwrikbare wil en begeerte gehad om hul ideale verwesenlik te sien, maar in die proses sou hul in eie geledere opposisie ondervind ten opsigte van die deurvoering daarvan. Dit sou die Nasionale Party noodwendig nadelig beïnvloed - 'n toestand wat deur die opposisie verwelkom en uitgebuit sou word!

Die nominasiestryd het ook vir die Nasionaliste probleme veroorsaak, en Die Burger wys op die baie aspirante in sommige kies-

22. G.D. Scholtz, op. cit., p.55.

afdelings van Transvaal, en die onnodige wrywing en onplesierigheid wat hieruit voortgevloei het. Die redakteur spreek die hoop uit dat die partykongres sal toesien dat "die klein verkiesinkies wat nou in verband met nominasies plaasvind, nie weer sal voorkom nie".[23]

Ondanks al die faktore wat die regering ten nadele gestrek het, kon die Pakt-regering roem op sy gesonde finansies, algemene voorspoed, onafhanklike status, 'n eie vlag en nasionaliteit, 'n suksesvolle taalbeleid, 'n groeiende nywerheid en ekonomie en vier en 'n half jaar van rus, vrede en welvaart. Dus kon hul tog in die lig hiervan die verkiesing met die nodige vertroue tegemoet gaan en aan die kiesers 'n mandaat vra.

Die Suid-Afrikaanse Party aan die ander kant het die verkiesing met steeds groeiende optimisme benader. Die skeuring in Arbeiderspartygeledere was een rede waarom hul so gevoel het. Reeds op 1 Januarie 1929 verklaar Arthur Barlow, Arbeider-L.V.: "Labour has struck its tents, and is now on the march."[24] Barlow en Kentridge het uit die Arbeiderkamp na die Smutskamp oorgeloop. Stedelike kiesers, oorweldigend Engelssprekend, het in voortdurende spanning verkeer in die lig van die opposisiepers se verwysing na sekere regeringsmaatreëls as "duidelike rassisme", as "die eerste stappe na republiekwording", en as "voorbereidingswerk vir sesessie". Baie het in 1924 vir die Arbeiders gestem maar nou was hul gereed om alle Creswelliete - Arbeiders as potensiële "sesessioniste" te brandmerk.[25]

Ten spyte van die Nasionale Party se positiewe benadering is

23. Die Burger, 22.1.29.
24. T. Boydell, My Luck's Still in, Kaapstad, 1948, p.58.
25. O. Pirow, op. cit., pp.129-30.

hul tog gekortwiek deur 'n mate van innerlike verdeeldheid. Binne die geledere van die Pakt-kabinet het die onenigheid wat ontstaan het vir Hertzog hoofbrekens besorg. Roos was dikwels afwesig tydens Kabinetsittings en wanneer hy wel teenwoordig was, het hy 'n afsydige houding openbaar. By geleentheid het Roos onder meer aan advokaat C.R. Swart genoem dat dit nie veel saak maak of hy Kabinetsvergaderings bywoon nie, aangesien Hertzog net na Malan en Havenga luister. Hieruit maak advokaat Swart die gevolgtrekking dat daar "bietjie onaangenaamheid" in die binnekringe van die Kabinet was.[26] Piet Meiring maak die bewering dat Roos elke keer wanneer iets in die Kabinet deur Malan voorgestel is, dit net uit beginsel geopponeer het, bloot om te sien wat die reaksie sou wees.[27]

Roos se optrede en uitlatings wat soms redelik voortvarend en vir sy Premier 'n bron van kommer was, het ook 'n wig tussen Hertzog en Roos ingedryf. Roos se hele politieke loopbaan was inderdaad 'n aaneenskakeling van indiskresies, getemper deur dreigemente dat hy gaan bedank elke keer wat genl. Hertzog hom kortgevat het. Hierdie Kabinetsverskille het wel uitgelek en dit was vir aspirant-ministers binne die Nasionale Party die klinkklare bewys dat die Kabinet sonder hulle verkeerd saamgestel is.[28]

Die feit moet in gedagte gehou word dat die Pakt sedert 1924 op die golf van voorspoed gery het en gevolglik veel meer in 'n posisie was, anders as die Smuts-regering wat met naoorlogse

26. C.R. Swart, Persoonlike onderhoud op band met P.W. Coetzer en J.H. le Roux, Februarie 1974.
27. Piet Meiring, Ons Eerste ses Premiers - 'n persoonlike terugblik, Johannesburg, 1972, p.63.
28. Vgl. Persoonlike onderhoud op band met adv. C.R. Swart deur P.W. Coetzer en J.H. le Roux, Februarie 1974.

depressie moes worstel, om die Unie ekonomies en andersins uit te bou. So was Tommy Boydell later trots op dit wat die Pakt bereik het en verklaar dat hy 'n boek kon skryf oor die goeie dinge wat hul vermag het, dog "incidentally I could also write a book on the good things we didn't do".[29]

Reeds voor die Parlementsitting van 1929 het The Friend die S.A. Party gewaarsku: "Regarding the matter from the lower plane of party tactics, we say that the South African Party would be wrong in believing that opposition to General Hertzog's proposals for mere opposition's sake will help them in the coming election."[30]

Met die Parlementsitting wat die 1929-verkiesing vooraf gegaan het, was dit duidelik dat die Nie-Blanke vraagstuk 'n besondere plek in die propagandastryd van albei hoofpartye sou kry. Aan die einde van Januarie het genl. Smuts 'n wantrouemosie in die regering voorgestel en is vuriglik deur C.J. Krige, oud-Speaker, ondersteun. Krige het 'n beroep op Hertzog gedoen om 'n kommissie buite die Parlement in die vorm van 'n Nasionale Konvensie aan te stel ten einde die Nie-Blanke vraagstuk te ondersoek. Wanneer die Nie-Blanke vraagstuk voor die Volksraad kom, is dit byna onvermydelik dat partypolitiek ingesleep word.[31] Advokaat E.G. Jansen, die Speaker, spreek sy teleurstelling uit, aangesien hy 'n sterker aanval van genl. Smuts verwag het. C.J. Krige se pleidooi bestempel hy as iets wat niks met die hele mosie te doen het nie. Genl. Hertzog was syns insiens ook nie te briljant nie en hy glo hy het te veel tyd spandeer aan Smuts

29. T. Boydell, op. cit., p.45.
30. The Friend, 18.2.29. Hoofartikel.
31. Volksraadsdebatte, XII, Kol. 78-9. Vgl. Die Burger, 1.2.29. Hoofartikel.

se Ermelose toespraak oor die "Great African Dominion". Ná hierdie debat weet Jansen nog nie wat Smuts ontken of erken het nie.[32]

Tydens die sitting het die Arbeider-Councilliete die Creswelliete hewig gekritiseer. Tog stel die Councilliete dit duidelik dat hulle nie ten gunste van 'n regeringsverandering is indien dit sou beteken dat die Suid-Afrikaanse Party weer aan bewind sou kom nie.[33]

Dit was voor die ontbinding van die Parlement reeds duidelik dat gemoedere in die komende algemene verkiesing net soos tydens die vorige, hoog sou loop. Genl. Smuts het reeds in die Volksraad die bewering gemaak dat politiek nie langer in terme van beginselvastheid gevoer word nie, maar in terme van persoonlike haat. Hierdie verlaging van die toon het 'n nadelige invloed op hul openbare lewe en is ook skadelik vir die volkslewe. Hy het nog nooit sulke slegmakery en moddergooiery gesien nie. As dit die eerste skote is wat hul die vorige aand uit die mond van die Eerste Minister gehoor het, dan gril hy om te dink wat die uiteindelike stand van sake in hul land gaan wees.[34]

Nadat G.H. Nicholls en majoor G.R. Richards, twee Natalse S.A. Party-Volksraadslede, gedurende die wantrouemosie in die Parlement vir dr. Malan van troubreuk beskuldig het ten opsigte van die vlaghysing in die noordelike distrikte van Natal, het die Minister van Binnelandse Sake hierop geantwoord. Dr. Malan is egter na veertig minute, toe hy nog nie die beskuldigings behoor-

32. E.G. Jansen-versameling, Lêer 62. Dagboekinskrywing, 29.1.1929.
33. Ibid. Dagboekinskrywing, 30.1.29.
34. W.B. de Villiers-versameling, Lêer 8. Aangehaal uit Volksraadsdebatte, XII, kol. 65, 1929.

lik weerlê het nie, die geleentheid om die Raad verder toe te spreek op voorstel van kolonel W.A. Deane, S.A. Party-Volksraadslid vir Umvoti, misgun. So is geskiedenis gemaak, want dit was die eerste keer in die geskiedenis van die Unie-Parlement dat 'n minister die geleentheid tot 'n verlengde toespraak ontsê is. Sy partygenote het vir Deane blykbaar hieroor gekapittel, want die volgende dag het hy in die Parlement verklaar dat hy as indiwidu so 'n voorstel teen dr. Malan gedoen het en nie namens sy party nie.[35] Die skade was egter reeds gedoen, en sulke optrede, dikwels die gevolg van persoonlike vetes en vooroordele, moes noodwendig op die vooraand van so 'n belangrike verkiesing die partyverhouding versteur het.

Smuts het tydens die Parlementsitting laat blyk dat hy steeds Blanke immigrasie as sleutel tot die oplossing van die Nie-Blanke- sowel as die werkloosheidsvraagstuk beskou, maar geglo dat daar geen oplossing kant en klaar vir die Nie-Blanke kwessie self was nie.[36] Sy volgelinge sou hom met die eleksiestryd napraat in sy beleid van "allow things to develop". Die Cape Times het egter hier verskil en is oortuig dat 'n vertraging van dié vraagstuk nie geduld kan word nie, want hoe langer uitgestel word, des te kleiner sal die eie seggenskap in die uiteindelike oplossing wees. Die Burger is oortuig dat die tyd nooit vir die S.A. Party ryp sal word vir die oplossing van hierdie belangrike vraagstuk nie, want hulle Nie-Blanke beleid, geïnspireer deur die Unioniste, is politieke gelykstelling vir Blank en Swart.[37]

Hoewel Hertzog in 1929 sommige van Smuts se voorstelle in pri-

35. Jansen-versameling, Lêer 62. Dagboekaantekeninge, 12.2.29.
36. Die Burger, 20.2.29. Politieke berig.
37. Ibid., 14.2.29. Hoofartikel.

vate gesprekke aanvaar het, kon die Premier nie 'n twee-derde meerderheid vir sy voorgenome Naturellewette in die Volksraad verkry nie. Gemoedere het hoog geloop en genl. Hertzog het daarop gewys dat "Suid-Afrika in 'n Kafferoseaan sou verdrink as die Smuts-beleid aanvaar word". Genl. Smuts het dit as afstootlike taal afgemaak en die regering daarvan beskuldig dat hul nie die Nie-Blanke vraagstuk wou oplos nie, maar vir verkiesingsdoeleindes wou gebruik. Hy stel 'n Nasionale Konvensie as oplossing voor.[38] Naturelle moes in die onderhandelings geken word,[39] en op daardie stadium moes hulle hul daarvan weerhou om die huidige Wette deur die Parlement te jaag.[40]

Met die Parlementsitting was dit dus reeds duidelik dat 'n oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk bykans onmoontlik was. Genl. Hertzog wou hê sy Naturellewette moes die basis vorm vir 'n oplossing, terwyl Smuts wou hê dat sy Nasionale Konvensie die beginpunt moes wees waarlangs die Nie-Blanke probleem opgelos word. Elkeen het besef dat indien sy oplossing aanvaar word hy in die komende eleksie politieke munt daaruit kon slaan.

Nadat genl. Hertzog se voorgenome Naturellewette nie deurgevoer is nie, skryf genl. Smuts aan kolonel H. Mentz, voormalige S.A. Party-minister: "The Nats feel very sick over the bungle into which they have got over the Native question. They never anticipated that we would vote against them clause by clause and make them vote for them clause by clause. They now think that we have laid a trap for them and that Hertzog has bungled the affair."[41] Hy vervolg: "We are certainly on a good wicket and

38. Volksraadsdebatte, 11 en 12.2.29, kol. 655-6.
39. Die Burger, 19.2.29. Hoofartikel.
40. The Friend, 20.2.29. Hoofartikel.
41. Hier verwys Smuts na Hertzog se mislukte poging om 'n tweederde meerderheid te kry vir sy Naturellewette.

I doubt whether they will be able to make any capital out of this most dangerous issue."[42]

Hier het Smuts die bal egter hopeloos misgeslaan, want die Nie-Blanke vraagstuk was die vernaamste enkele propagandamiddel wat vir die Nasionale Party in die 1929-verkiesing die deurslag sou gee, en Smuts se Ermelo-toespraak is in die besonder op effektiewe wyse uitgebuit. Spotprenttekenaars van Nasionale koerante[43] het hierdie tema met groot sukses aangegryp. Een van die mees effektiewe spotprente was dié van Die Burger 'n week voor die verkiesing. Dit toon 'n bejaarde S.A. Party-ondersteuner wat met afkeur na 'n plakkaat, oënskynlik deur die S.A. Party opgerig, kyk, "S tem vir die S wart A frika P arty".[44] Die regering het die slagspreuk aangehef: "'n Stem vir Smuts is 'n stem vir Swart; 'n Stem vir Hertzog is 'n stem vir Wit. Stem wit vir 'n witmansland!"[45] Dit sou uiteindelik doeltreffende propaganda blyk te wees.

Die uitslag van die Provinsiale verkiesing te Potchefstroom was intussen 'n groot teleurstelling vir die S.A. Party. Hulle het gemeen dat hulle dié setel sou wen, maar hoewel dit met 'n kleiner meerderheid was, het die Nasionale Party-kandidaat dit tog gemaak. Vir advokaat Jansen was dit duidelik dat die werklik Afrikaanse volk niks met Smuts te doen wou hê nie. Vir die destydse Speaker was dit 'n tragedie dat 'n wêreldberoemde man soos Smuts deur sy eie volk verwerp word.[46]

---

42. Smuts Papers, V. Smuts aan Mentz, 6.3.29.
43. Vgl. Ons Vaderland, 8.3.29 en 21.3.29; Die Burger, 23.1.29, 30.1.29, 6.2.29, 17.2.29.
44. Die Burger, 5.6.29. Spotprent.
45. W.K. Hancock, op. cit., p.219.
46. Jansen-versameling, Lêer 62. Dagboekaantekeninge, 2.2.29.

Genl. Smuts was klaarblyklik nie veel deur die Potchefstroom-uitslag gepla nie. Hy skryf aan C.P. Crewe, voormalige S.A. Party-Volksraadslid, dat die Pakt-regering 'n groot surplus sal hê en sal voortgaan om die spoorwegwerkers en staatsdiensamptenare se stemme te koop. Potchefstroom was syns insiens eenvoudig gekoop.[47]

Reeds met dié tussenverkiesing was dit duidelik dat rassehaat in die komende algemene verkiesing opgewek sou word. Na afloop van die Potchefstroom-tussenverkiesing is die beskuldiging dat rassehaat as propagandamiddel gebruik is oor en weer geslinger. The People's Weekly blameer Die Weste vir die rasistiese inslag van die tussenverkiesing. Ds. M.L. Fick, Nasionale Party-L.V. vir Potchefstroom, word daarvan beskuldig dat hy rasisme help aanblaas het, soos wat predikante wat die preekstoel vir die politiek verruil het, geneig is om te doen.[48] Mnr. W.J. Barnard, die S.A. Party-kandidaat, het ná die verkiesing Die Weste, plaaslike Nasionale koerant, beskuldig dat hy rassehaat aangewakker het. Dié koerant verweer hom egter deur te beweer dat hul nie teen Engelse Afrikaners gekant is nie, maar teen die Engelse in Suid-Afrika wat nog 'n "home" oorsee het. Vir propagandadoeleindes het die S.A. Party alle kritiek teen die Jingoes en oud-Unioniste as synde teen alle Engelssprekendes voorgestel. Hiervan het die plaaslik jingo-blaadjies goed gebruik gemaak en die gevoelens van die Engelssprekendes opgesweep, sodat hulle byna eenparig vir die S.A. Party-kandidaat gestem het.[49]

Die Burger se redakteur glo dat die uitslag[50] net soos dié van

47. Smuts Papers, V. Smuts aan Crewe, 15.2.29.
48. The People's Weekly, 8.2.29. Hoofartikel.
49. Ibid., 2.2.29. Politieke berig.
50. Die N.P.-kandidaat, A.J. Alberts, het dié setel met 'n meerderheid van 31 stemme verower.

die tussenverkiesing in die kiesafdeling Waterberg waar die Nasionale meerderheid met 300 toegeneem het, bewys dat die Nasionale Party steeds sterker word op die platteland. Die uitslag bewys verder dat die sukses van die Nasionale Party by die volgende algemene verkiesing verseker is indien daar doeltreffend georganiseer word.[51]

Met hierdie oefenlopies en die Parlementsitting agter die rug het albei hoofpartye hul visier op 12 Junie gestel. Genl. Smuts het twee redes aangevoer waarom die regering die 1929-verkiesing nie eerder uitgeskryf het nie: Hulle wou die Arbeiders die kans gee om hul onderlinge skeuring te heel en die regering self wou die kans hê om die Nie-Blanke vraagstuk in die politiek te sleep.[52] Die amptelike verkiesingstryd sou op 1 Mei 'n aanvang neem, maar die veldtog sou egter heelwat vroeër van stapel gestuur word deur die onderskeie partye. So het genls. Hertzog en Smuts reeds op 18 en 30 April onderskeidelik hul veldtogte met verkiesingstoesprake begin.

Die verkiesingstoespraak waarmee genl. Hertzog sy veldtog ingelui het, het hy op 18 April op gebruiklike wyse in sy kiesafdeling te Smithfield gehou. Dit was eintlik ook die verkiesingsprogram van die Nasionale Party. Die grondtoon van sy toespraak was daarop gerig dat Suid-Afrika 'n Witmansland moes bly en dat dit alleen kan gebeur as die Naturellevraagstuk onverwyld aangepak word. Hy het gewys op die noodsaaklikheid van 'n goeie verhouding tussen Blank en Nie-Blank, en aangevoer dat genl. Smuts se onlangse Ermelo-toespraak lynreg in stryd hiermee is. Hy doen 'n beroep op die volk om Suid-Afrika van die gevaar van Swart

51. Die Burger, 1.2.29. Politieke berig.
52. Die Volksblad, 10.4.29. Smuts te Aliwal-Noord.

oorheersing te red.[53]

Die Generaal het verder 'n oorsig gegee van die haglike toestand waaronder die land verkeer het toe sy regering in 1924 aan bewind gekom het en hul eie beleid verdedig. Tekorte is in oorskotte verander nieteenstaande die feit dat die belastings met twee miljoen rand per jaar verminder is. Die S.A. Party-Unionistiese samesmelting was al op sigself, wat die destydse S.A. Party-regering betref, 'n erkenning van hul onmag. Bewus hiervan, kon die Unioniste hul oorhaal om die Naturelle-arbeid op die spoorweë in te stel ten koste van die beskaafde arbeidsbeleid - 'n beleid wat werkloosheid in die hand gewerk het.

Genl. Hertzog bestempel Smuts se destydse besluit tot 'n vroeë eleksie in 1924 as 'n wanhoopsdaad waartoe die Smuts-regering gedryf was deur die toestand van volslae onmag waarin hulle deur inwendige verdeeldheid verval het - 'n erkenning deur Smuts van die absolute mislukking van sy nuwe S.A. Party-Unionistiese kombinasie.

Dit was vir die Premier belangrik om te kon verklaar dat geen vraagstuk wat hy in die verkiesingsprogram van sy party in 1924 aangestip het, nie getrou aangepak en, met die enkele uitsondering van die Nie-Blanke vraagstuk, nie met die grootste sorg afgehandel is nie.

Die beleid van "niks-doen" en "laat-maar-loop" van die Smuts-regering is vervang deur 'n beleid van durf en doen. 'n Beskermingsbeleid is toegepas met die gevolglike heilsame herlewing van hul nywerhede, en dit in weerwil van teenstand van die Suid-

53. Die Burger, 19.4.29. Hertzog te Smithfield.

Afrikaanse Party. Finansies is op 'n gesonde grondslag gebring en hul kon roem op die verklaring van hul nasionale onafhanklikheid, die daarstelling van die landsvlag, die sluiting van die Mosambiek-verdrag en die beperking van die invoer van slagvee van Rhodesië - alles vraagstukke wat onder die Smuts-regering tevergeefs op 'n oplossing gewag het.

Die Premier laat, soos sy partygenote in die latere verkiesingstryd, veel klem val op die Unionistiese invloed op die Suid-Afrikaanse Party en hoe dit laasgenoemde se beleid ten grondslag lê. Dit was altyd die Unionistiese beleid wat seëvierend te voorskyn getree het en uiteindelik as die beleid van die Suid-Afrikaanse Party aanvaar is. Dit was die geval met die vlag, die onafhanklikheid en die Nie-Blanke vraagstuk, en dit is tans weer die geval met hul poging om Blanke Suid-Afrika in 'n "Kafferstaat" te laat verdwyn. Die S.A. Party is blykbaar verslind deur die Unioniste wat vyandiggesind is teenoor alles wat 'n ware Suid-Afrikaanse nasionale stempel dra.

Genl. Smuts se voorneme van die oomblik om, sodra sy party weer aan bewind kom, die Loonwet af te skaf, word deur genl. Hertzog veroordeel omdat dit nywerheidsonrus en geweld in die hand sal werk en die volk weer sal blootstel aan die uitbuiting van gewetenlose werkgewers.[54] Besproeiingswerke sal in die toekoms baie aandag geniet. Hertzog spreek sy ontsteltenis uit oor die S.A. Party-lede se onlangse steun in die Volksraad vir die beginsel van gelykheid met die Bantoe. Die S.A. Party-ondersteuners in die Kaapprovinsie is bereid om aan Gekleurdes stemreg te gee, bloot op grond van die politieke voordeel wat dit vir hulle sal

54. Vgl. Hoofstuk 5.

inhou. Genl. Smuts se Ermelo-toespraak bestempel hy as 'n skok vir Suid-Afrika. Die masker is egter daardeur voldoende gelig om hul te oortuig dat die leiers van die S.A. Party, genl. Smuts inkluis, 'n beleid volg wat noodwendig moet eindig in die "neerstorting van Suid-Afrika as 'n Blankemansland".[55]

Die Premier kon daaraan toevoeg dat Suid-Afrika deur vooruitgang gekenmerk word.[56] The Friend lewer gunstige kommentaar op die Smithfield-toespraak: "Generally, his speech is a welcome evidence that we are getting away from the old controversies and concentrating upon questions of internal policy ... This is a notable advance in the political development of South Africa." Dog, dit impliseer nie dat politieke verskille sal verdwyn nie. Die Pakt kon in 1924 maai waar die S.A. Party gesaai het, dog die regeringsverandering was wel tot voordeel van die land. "It is in this way that the change of Government four years ago was beneficial, for General Hertzog could carry out and has actually carried out South African Party policies which, if he had been in Opposition, he would have unrelentingly opposed."[57]

Genl. Smuts kom na aanleiding van Hertzog se toespraak tot die gevolgtrekking dat Hertzog se verkiesingsveldtog op twee aanklagte teen hulle gebaseer is, naamlik dat die S.A. Party vermomde oud-Unioniste is, en tweedens, dat hul Negrofiliste is wat Suid-Afrika in die afgrond wil sleep. Albei aanklagte beskou Smuts as rassesette wat maar te duidelik bewys dat hul in 1929 steeds

55. Die Burger, 19.4.29. Hertzog te Smithfield; Jansen-versameling, Lêer 21. Knipsel; J.G. Strijdom-versameling, Band 156. Knipsel; Ons Vaderland, 19.4.29. Hertzog te Smithfield; The African Sun, 20.4.29. National Party's Victory Programme.
56. The African Sun, 20.4.29. The National Party's Victory Programme.
57. The Friend, 19.4.29. Hoofartikel.

met vuur speel.[58]

Smuts is oortuig dat sy oorwinning oor Hertzog se Naturelle-beleid tydens die afgelope Parlementêre sitting een van sy take is wat hy die beste volvoer het. Daaroor bestaan daar egter verskil van opinie en Suid-Afrika beroep hom nou op diepgewortelde voorkeure wat in gevaarlike aktiewe optrede omskep kan word. Dit is 'n ellendige toestand wanneer 'n verkiesing tussen Blankes geveg word oor anti-Naturelle voorkeure. Smuts hoop dat Hertzog sal faal in sy poging om die publiek te mislei, en die volk in 'n Naturellekrisis te dompel. Indien hul die verkiesing sou wen, sal die Nasionale Party net soos die Arbeidersparty versplinter en tot niet gaan.[59]

Aan die Gilletts skryf genl. Smuts op 1 Mei: "He (Hertzog) speaks like a tired man, with no freshness and much irritation. Poor man, and no wonder, as he too is but made of nerves."[60]

Die Premier se Smithfield-toespraak, sowel as dié van die Opposisieleier twaalf dae later, was die eintlike inleiding tot die felle stryd wat sou volg. Hierdie toesprake het nie alleen hul ondersteuners opgeroep tot die stryd nie, maar die inhoud daarvan het andermaal die ou rassegevoel opgewek waardeur hul volgelinge sodanig geprikkel en aangevuur is dat die partyverhouding daardeur aansienlik sou verswak.

Twaalf dae na Hertzog se Smithfield-toespraak het genl. Smuts sy eie verkiesingsveldtog te Pretoria geopen. Hy bestempel die Premier se Smithfield-toespraak as 'n toespraak wat meer spreek

58. Smuts Papers, V. Smuts se verkiesingstoespraak te Pretoria, 30.4.29. Afskrif met korreksies deur Smuts.
59. Smuts-versameling, Band 209. Smuts aan Gilletts, 22.4.29.
60. Ibid. Smuts aan Gilletts, 1.5.29.

van verwaandheid en spoggery as wat dit van werklike konstruktiewe staatsmanskap getuig. Hertzog herhaal gemeenplase wat hul die afgelope vyf jaar ad nauseam van hom gehoor het. Smuts betreur die Premier se persoonlike verwysings na sy opponente. Geen wyse man sal op sodanige wyse veragting en beledigings aan sy opponente toevoeg nie.[61]

Hy verwys na die feit dat Ons Vaderland hom reeds die opvolger van Dingaan noem, en 'n baie gevaarliker vyand as wat die Bantoepotentaat ooit was. Hierdie soort skeldtaal noem hul politiek, 'n metode wat hy nie sal navolg nie. Ongeag groot verskille, respekteer hy Hertzog in sy persoonlike en amptelike hoedanigheid. Sulke metodes van slegsêery en belediging in politieke veldtogte hoort tot die verlede. Hy wil die stryd slegs op 'n skoon manier wen.

Die staatsdiens word al meer gedegradeer tot 'n blote partymasjien. Ministers het hul openlike voorkeur ten gunste van die aanstelling van Nasionaliste in die staatsdiens te kenne gegee. Die Smuts-staatsdiens was verhewe bo sulke dinge. Hulle het 'n tradisie gehandhaaf van 'n skoon en onpartydige staatsdiens. Hy spreek sy afkeur uit oor die regering se spoorwegomsendbrief insake beskaafde arbeid.

Hertzog se aanklagte dat hul 'n oud-Unioniste party en pro-Naturelle negrofiliste is, verwerp Smuts as rasisties, onwaar, gevaarlik en beledigend teenoor sy volgelinge wat vroeër lede van die Unionisteparty was. Van Hertzog se toespraak lei hy af dat die Unioniste en Bantoe die vyande van Suid-Afrika is. Die oud-Unioniste verteenwoordig 'n groot aantal Engelssprekendes en

61. Smuts Papers, V. Smuts se verkiesingstoespraak te Pretoria, 30.4.29. Afskrif met korreksies deur Smuts.

word steeds as vreemde avonturiers beskou. Ondanks 'n lewe van toegewyde liefde en diens aan sy land, word J.W. Jagger nog nie as 'n Suid-Afrikaner beskou nie. Sulke rasistiese beledigings en smaad is die Premier van die land onwaardig. In sir Thomas Smartt het hul een van die edelste en beste Suid-Afrikaners verloor wat die land ooit opgelewer het.[62]

Die Nasionaliste bewys dat hulle sedert Hertzog se De Wildt-toespraak van 1912 nog niks geleer of vergeet het nie. Die groot sonde wat hom nou toegereken word, is die feit dat hy in 1920 sy Engelse medeburgers op 'n basis van gelyke kameraadskaplikheid genooi het om by die Suid-Afrikaanse Party aan te sluit. Sedertdien is hul voortdurend daaroor verwyt. Hierdeur is rasisme in die politiek 'n knou toegedien. Hulle Suid-Afrikanerisme is wyd genoeg om alle rasse op 'n gelyke grondslag in te sluit.

Nou dat die Nasionaliste se oorlogs- en sesessiebeleid finaal misluk het, pluk die Pakt-regering die vrugte van die S.A. Party-arbeid, en openbaar 'n gees van grootpratery wat hul beslis tot oneer strek. Gedurende die naoorlogse jare van 'n wêreldwye depressie is die S.A. Party se pogings om dit te oorbrug, verydel sodat alles in die stryd gewerp moes word om die landsake in orde te hou.

Die Pakt-spoorwegbegroting getuig van tekorte en dit is slegs hierdie jaar wat hul met moeite 'n klein surplus vir verkiesingsdoeleindes kon bymekaarskraap - iets wat nie aan ekonomiese en nywerheidsgroei te danke is nie, maar suiwer geluk is. Diamante is byvoorbeeld by Lichtenburg en Namakwaland ontdek. Generaal Kemp deurreis die land met sy "feëverhaal" dat belasting deur

62. Smartt is op 17 April 1929 oorlede.

die Pakt met £6 miljoen verminder is, terwyl dit inderdaad met meer as £5 miljoen vermeerder het.

Vervolgens wy die Generaal uit oor die Nie-Blanke vraagstuk,[63] waarna hy ten slotte sy party se verkiesingsprogram, saamgevat in agtien punte, skets.[64]

Hierna kon die volk lustig herkou aan die twee belangrike leierstoesprake en tot 'n somtotaal kom, terwyl hul Volksraadslede kon voortbou op die woorde en strewes van hul partyleiers. Dit was egter nie altyd vir almal verkiesingsprogramme en partybeginsels wat die swaarste geweeg het in die bepaling van partykeuse nie. Die Cape Times plaas die twee leiers teenoor mekaar. "In vergelyking met genl. Smuts is genl. Hertzog nietig. Hy is eng van gedagte en trots op die beperkings van sy eie vernuf. Hy draal in die ingang tot die tempel van kennis, waarin genl. Smuts rondstap met die gang van 'n erkende meester."[65] Die Burger lewer hierop kommentaar en sê dat dit eienaardig is dat genl. Smuts toe hy in 1921 met 'n omskrewe status in sy sak na Londen is hy "uit die tempel van kennis met leë hande moes terugkeer, terwyl die 'nietige' genl. Hertzog toe hy net maar by die ingang van die tempel gekom het, met die status van volkome gelykheid na Suid-Afrika teruggekeer het ..."[66]

Laat ons aan die hand van die voorafgaande die propagandastryd in oënskou neem: Die belangrikste enkele saak wat in hierdie verkiesingstryd aandag sou geniet was die Nie-Blanke vraagstuk. Geen wonder dus dat die historikus, W.K. Hancock, praat van die "Black

63. Sien by propagandastryd.
64. Smuts Papers, V. Smuts se verkiesingstoespraak te Pretoria, 30.4.29. Afskrif met korreksies deur Smuts.
65. Cape Times, 15.5.29. Hoofartikel.
66. Die Burger, 16.5.29. Wat die kiesers behoort te weet.

Peril election"[67] nie. Sedert 1926 het genl. Hertzog in gebreke gebly om 'n twee-derde meerderheid, soos deur die Grondwet vereis, vir sy voorgenome Naturellewetgewing in die Parlement te verkry.

Genl. Smuts wou ten alle koste verhoed dat die Kleurvraagstuk by die verkiesing ingesleep word. In Februarie 1928 laat blyk Smuts dit in briewe aan sy vrou[68] en aan hul vriende in Brittanje, die Gilletts. Met die Nasionale Party se voorneme om die huidige stelsel te verander, vrees hy 'n algemene verkiesing hieroor.[69]

Met die 1929-verkiesing op hande laat Smuts egter vir Crewe verstaan dat hy nie meer lugtig is vir die Nie-Blanke vraagstuk as propagandamiddel nie, aangesien die Noorde nie baie geesdriftig is oor die Premier se voorstelle om Nie-Blankes verteenwoordiging in die Parlement te gee nie.[70]

Op 3 Desember 1928 het 'n Gesamentlike Volksraadskommissie nog die Naturellewette van Hertzog bespreek en verdaag met die veronderstelling om hul samesprekings in Januarie voort te sit. Tydens die S.A. Party-kongres vroeg in Januarie 1929 het hulle hul ten opsigte van die Nie-Blanke vraagstuk ten gunste verklaar van "respecting of existing rights". Dit vertolk genl. Hertzog as erkenning dat die Party ten gunste is van die behoud van Kleurlingstemreg in die Kaapprovinsie. The Friend reageer skerp hierop: "The Native problem ought not to be made a weapon in Party warfare. But that does not mean that any particular party

67. W.K. Hancock, op. cit., p.217.
68. Smuts-versameling, Band 207. Smuts aan sy vrou, 15.2.28.
69. Ibid. Smuts aan Gilletts, 18.2.28.
70. Smuts Papers, V. Smuts aan Crewe, 15.2.29.

must support what it dislikes in order to obtain unanimity."[71] Tog sou dit wenslik gewees het vir Smuts om, in die lig van die Party se aandeel in die Gesamentlike Kommissie, hom nie in hul kongres hieroor uit te laat nie.

Smuts se groot flater aangaande die Nie-Blanke vraagstuk was sy toespraak van 17 Januarie te Ermelo. Dié toespraak in die Rhodes-tradisie het menige Suid-Afrikaanse Blanke wat sy land as Witmansland beskou het ontsettend geskok. Die Opposisieleier het in sy toespraak samewerking met die Afrika-state ten noorde van die Unie bepleit, om later 'n groot federasie van Britse state te vorm. Hoewel Smuts met die Parlementsitting sekere bewerings aangaande sy toespraak ontken het,[72] was die kwaad reeds gedaan. Regeringsprekers en -pers sou munt slaan uit dié toespraak van Genl. Smuts.

Na aanleiding van Smuts se Ermelo-toespraak het die drie provinsiale Nasionale Party-leiers, Hertzog, Roos en Malan, hul bekende "Swart Manifes" opgestel en versprei. Hierin verdoem hulle Smuts as "the man who puts himself forward as the apostle of a black Kaffir state ... extending from the Cape to Egypt".[73] Die Blanke het die reg om te weet waartoe Suid-Afrika bestem is - tot 'n Witmansland of tot 'n Kafferdom?[74]

Die Burger het op effektiewe wyse 'n tabel publiseer ter illustrasie van die samestelling van die verskillende bevolkings wat by so 'n federasie van Smuts betrek sal word. So is die oormag

71. The Friend, 7.1.29. Hoofartikel. Vgl. ook Die Burger, 5.1.29. Politieke berig.
72. Cape Times, 18.1.29; Vgl. ook Jansen-versameling, Lêer 62. Dagboekinskrywing, 12.2.29.
73. Cape Times, 29.1.29, soos aangehaal deur W.K. Hancock, op. cit., p.218.
74. Strijdom-versameling, Band 147. Knipsel, 28.1.29.

van die Gekleurdes onder die kiesers se aandag gebring.[75]

Die Ermelo-toespraak, tiperend van Smuts se gewone holistiese Pan-Afrikaanse uitinge, moes nooit op daardie tydstip gehou gewees het nie. Smuts het nie sy tyd reg gekies nie; sy verlede was nie genoegsaam om die valsheid van sommige aanklagte teen hom te weerlê nie; hy het die komende algemene verkiesing uit die oog verloor en hy het nie voldoende rekening gehou met veral die meer konserwatiewe plattelandse element se reaksie daarop nie. Die Nasionale Party se vertolking van die toespraak, soms hopeloos verdraai, sou deur die stede en dorpe versprei word en selfs tot die mees afgeleë plase deurdring. Die Witman, meestal gevoelig oor die kwessie van kleur, moes aanhoor dat Smuts gelyke politieke regte vir almal verlang en dat voortgesette bestaan of Blanke ondergang op die spel was.[76]

Die opposisie was hoogs verontwaardig oor die inhoud van die Nasionaliste se "Swart Manifes". Hierdeur is die bitterheid en heftigheid van die verkiesing geweldig aangeblaas. Veral genl. Smuts het sy hande vol gehad om die ekstremiste in sy party so in toom te hou dat hy darem nog kon staatmaak op 'n plattelandse gevolg om die deurslag te gee. Genl. Smuts het homself verdedig deur aan te voer dat die verslag van sy Ermelo-toespraak in Die Volkstem en die Cape Times nie 'n woordelike nie, maar 'n vrye opname was. Smuts verklaar verder dat dit treurig is om te dink dat die Nasionale Party in Suid-Afrika so bankrot aan beleid en staatsmanswysheid is dat hy sy toevlug tot sulke kwaadverwekkende en beledigende middele moet neem. Die Swart Manifes is deur die

75. Die Burger, 21.1.29. Vgl. Jansen-versameling, Lêer 110. Knipsel.
76. F.S. Crafford, op. cit., p.279.

Nasionale Party opgestel ten einde sy leiers in staat te stel om met die verkiesing aan die kiesers iets voor te lê waardeur hul weer aan bewind geplaas kan word. Die Nasionale Party besef dat die land meer as genoeg van hulle "met al hulle draaie" gehad het.[77]

Die Burger spreek sy verbasing uit oor die feit dat Smuts nou sy eie pers kapittel oor hul foutiewe beriggewing van sy Ermelo-toespraak. Genl. Smuts "staan betrap op 'n lompe en skandelike poging om van die gevolge van sy toespraak weg te hardloop ..."[78]

The Friend bestempel in 'n hoofartikel die aantygings van die Swart Manifes as 'n misrabele politieke onwaarheid. Nasionaliste vergeet dat rasse- en ontwikkelingsprobleme verhewe is bo partypolitiek. "Their present attempts to make party capital by a gross political libel of General Smuts and the South African Party is a party political effort that for baseness and recklessness is without parallel in South African political history."[79]

Soms het woorde by die opposisiepers ontbreek om hul met genoeg veragting teen die Swart Manifes uit te spreek, soos die woorde van die redakteur van The People's Weekly getuig: "The three authors descend to the very slime of gutter politics, for even an intelligent child can see through the deliberate and intentional misinterpretation."[80]

Vir eerwaarde W.W. Rider, S.A. Party-Volksraadslid vir Oos-Lon-

77. Die Burger, 30.1.29. Politieke berig.
78. Ibid. Hoofartikel.
79. The Friend, 30.1.29. Hoofartikel.
80. The People's Weekly, 1.2.29. Hoofartikel.

den Stad, was dit onbegryplik dat Hertzog 'n Swart Dominium kon vrees as Holland in die Ooste oor 51 miljoen mense kon regeer met slegs 200 000 Blankes, terwyl 'n handjievol Britte in Indië oor meer as 300 miljoen Asiate die septer swaai.[81] 'n Gebelgde redakteur van Die Burger is ontevrede dat 'n Swart Dominium vir hulle voorgehou word as 'n tweede Java of Indië - 'n voorbeeld en ideaal vir die Afrikanervolk. Daarop moet die lye en swye van die Voortrekkers uitloop.[82]

Gedurende Maart stel 14 persone, waaronder J.W. Jagger, S.A. Party-L.V. vir Kaapstad Sentraal, en H. Burton, voormalige S.A. Party-L.V. en minister, die sogenaamde Kaapstadse S.A. Party-manifes op waarin hulle onder meer sê: "Om volle burgerregte van beskaafde Bantoe-manne te onthou, sou 'n uitdaging wees aan al die nie-blanke rasse van Afrika."[83] Dié manifes sou in die verkiesing die S.A. Party beslis ten nadele beïnvloed. 'n Dag na die verskyning van die manifes skryf die Cape Times reeds dat dit miskien beter sou gewees het om dit tot na die algemene verkiesing terug te gehou het.[84]

Dit was duidelik dat veral die Nasionale Party-persorgane daarop uit was om die meer konserwatiewe S.A. Party-ondersteuners veral deur middel van die Nie-Blanke vraagstuk oor te haal na die Nasionale Party. Nasionaliste het hier die klem laat val op die Unionistiese beïnvloeding van die Suid-Afrikaanse Party.

F.S. Malan, voormalige S.A. Party-L.V. en minister, het op

---

81. Die Burger, 8.2.29. Hoofartikel.
82. Ibid.
83. Ibid., 15.5.29. Hoofartikel. Vgl. ook Ibid., 19.3.29. Hoofartikel; Die Volkstem, 18.3.29. Verklaring; The Star, 18.3.29. Verklaring.
84. Die Burger, 22.3.29. Hoofartikel.

Malmesbury verklaar dat hy van mening is dat daar geen kleurlyn in die kiesreg behoort te wees nie.[85] Die Nasionale Party het dit vertolk as bewys van die Suid-Afrikaanse Party se Unionistiese inslag, want hul wou niks doen wat hul ideaal van absolute gelykstelling sou bemoeilik nie.

Ons Vaderland het elke dag die name van persone gepubliseer wat die Suid-Afrikaanse Party verlaat het en by die Nasionale Party aangesluit het as gevolg van Smuts se houding in verband met die Nie-Blanke vraagstuk. So het Die Burger byvoorbeeld kiesers gewaarsku teen Smuts se beleid van onderhandeling met die Bantoe: "Die witman met die hoed in hand voor die naturel, waar hy nogal seker is van 'n afjak - dit is die skandelike vernederende posisie waarin die aanname van die S.A.P. se konvensievoorstel Suid-Afrika sal doen beland."[86]

Vir Blanke voortbestaan was die Premier se oplossing die mees aanvaarbare hoewel die opposisiepers uit sy pad gegaan het om die teendeel te bewys. So beweer die redakteur van The Friend: "The South African Party no less than the Nationalists will strive to keep the Union for White civilisation."[87]

Blankes was ook verontrus oor Smuts en sy geesgenote se uitlatings aangaande gelyke regte vir almal. Sowel advokaat C.W.A. Coulter, S.A. Party-L.V. vir Kaapstad Tuine, as genl. Smuts verklaar onomwonde dat die S.A. Party vir die beginsel van gelyke regte vir persone met gelyke bekwaamheid staan. Die Burger kom tot die slotsom dat die Unioniste se oorwinning binne die S.A. Party hierdeur kompleet is.[88] Desnieteenstaande ontken The Friend

85. Ons Land, 6.4.29; Cape Times, 5.4.29; Cape Argus, 5.4.29; Die Burger, 5.4.29.
86. Die Burger, 17.4.29. Hoofartikel.
87. The Friend, 19.4.29. Hoofartikel.
88. Die Burger, 30.4.29. Hoofartikel.

dat sy party ten gunste van gelyke stemreg vir Blank en Swart is.[89]

Smuts se Ermelo-toespraak met sy Rhodes-inslag het in die verkiesingsveldtog die Opposisieleier soos 'n spook agtervolg, sodat die flater 'n verleentheid geword het. Nadat Smuts op Barkly-Oos aangevoer het dat hy genl. Botha se segregasiebeleid laat vaar het, ontken hy dit 'n maand later en 'n maand voor die verkiesing in die wete dat hy van die Botha-aanhangers se steun kon inboet. Genl. Smuts ontken nou ook dat sy Party gelyke regte vir Wit en Swart verlang.[90]

Dit was hierdie bontspringery van genl. Smuts en sy gebrek aan 'n definitiewe beleidsrigting wat selfs binne sy eie geledere kritiek ontlok het. Dit sou die Generaal heelwat stemme kos.

Die redakteur van Die Burger verwerp Smuts se beleid van staatsondersteunde immigrasie as oplossing vir die Nie-Blanke vraagstuk. Dit is bloot 'n middel om die S.A. Party in staat te stel om die gelykstellingsbeginsel en algemene Nie-Blanke stemreg in die hele Unie in te stel.[91]

Te midde van die haarklowery en toutrekkery oor die Nie-Blanke vraagstuk, vertolk H.E.K. Anderson, S.A. Party-L.V. vir Kliprivier, baie Suid-Afrikaners se gevoelens hieroor as hy sê: "It was a scandalous position for the two dominating races to be indulging in a fierce dog-fight over the Natives of this country while they sat in their millions watching the spectacle."[92]

89. The Friend, 1.5.29. Hoofartikel.
90. Ibid., 6.5.29. Vgl. Ibid., 7.5.29. Politieke berig.
91. Die Burger, 10.5.29. Hoofartikel. Vgl. Ons Vaderland, 16.5.29. Hoofartikel.
92. The Friend, 9.5.29. Anderson te Van Reenen.

Genl. Hertzog was bereid om aan die drie noordelike provinsies twee Blanke senatore deur Bantoe verkies, toe te sê. Genl. Smuts bestempel so-iets as 'n gevaar vir die Blanke beskawing.[93] Smuts se partygenote het egter in hul Kaapstadse Manifes verklaar dat dit 'n uitdaging sou wees aan al die Nie-Blanke rasse van Afrika indien volle burgerregte van Bantoe-manne onthou word.[94] Ter ondersteuning hiervan kon die Diamond Fields Advertiser berig dat albei plaaslike S.A. Party-kandidate en hul kollegas in naburige kiesafdelings die beginsel van gelyke regte steun.[95]

Sowel Smuts as Patric Duncan, S.A. Party-lid vir Yeoville, het beweer dat die Nasionale Party weens gebrek aan werklike propagandamiddels en partyverskille deur Tielman Roos se toedoen die Nie-Blanke vraagstuk aangegryp het.[96]

Persoonlike aanvalle op die Premier het nie uitgebly nie. The People's Weekly bestempel Hertzog as "almost hysterical in his disregard for facts in his attacks on his opponents".[97] The Cape Argus beskuldig die Premier van kranksinnigheid en vir dr. Malan van afpersingsdreigemente ten einde stemme te werf.[98]

Genl. Smuts kritiseer die Nasionaliste oor hul hantering van die Nie-Blanke vraagstuk, want "instead of dealing with it in a rational and impartial manner the Nationalist Party held it up as a 'Black spook' and used it as a scare to stampede the country".[99] Die Nasionale Party-leier waarsku nog dieselfde dag

93. Die Burger, 14.5.29. Hoofartikel. Vgl. Ibid., 21.5.29. Hoofartikel.
94. Ibid., 15.5.29. Hoofartikel.
95. The Diamond Fields Advertiser, 16.5.29.
96. The Friend, 25.5.29. Vgl. Ibid., 30.5.29.
97. The People's Weekly, 17.5.29. Hoofartikel.
98. Cape Argus, 30 5.29. Hoofartikel.
99. The Friend, 7.6.29. Smuts te Strand.

dat die S.A. Party die Unie 'n Kafferrepubliek wil maak.[100]

Dr. James Rose-Innes, voormalige politikus en afgetrede hoofregter, vat die rede vir die S.A. Party-nederlaag by die stembus mooi saam as hy daarop wys dat 'n Nasionale Konvensie agter geslote deure die volk die reg tot deelname ontneem. Genl. Hertzog en sy volgelinge deurreis die land en gebruik argumente wat hul kan verantwoord. "Normally one would expect Opposition speakers also to tour the country and to reply to these arguments and to put before the electors the weighty consideration in favour of the retention of the Cape Franchise. But nothing of the kind is being done."[101]

Die Opposisieleier het kiesers aangeraai om nie oor die Nie-Blanke vraagstuk te stem nie, "which is merely a red herring drawn across the rail". Die volk moes besluit of hul die Pakt vir 'n verdere vyf jaar wou hê, want "a solution for the Native question is to be sought along non-party lines which will secure the assent of the Natives themselves and, while maintaining the dominance of the European civilisation, will prevent an irreparable breach between Black and White in this sub-Continent."[102]

Die opposisie het dus die Hertzog-beleid van segregasie as onprakties, onwenslik en onmoontlik verwerp, terwyl die S.A. Party-beleid van "allow things to develop" vir die Nasionaliste gerig was op die Unionisties-geïnspireerde gelykstellingsbeleid. Vir tyd en wyl moes die voorgestelde Nasionale Konvensie die bevolking sus. Elke party was oortuig dat die betrekking van die Nie-Blanke vraagstuk by die verkiesing en die gepaardgaande aggressie,

100. Ibid., 8.6.29. Hertzog te Victoria-Wes.
101. Ibid., 10.6.29. Brief van Rose-Innes.
102. Ibid., 11.6.29. Smuts se verkiesingsoproep.

aan die ander party toegedig moes word, sodat persoonlike aanvalle, rassevervreemding en partywrywing nie sou uitbly nie.

Die gewraakte Duitse handelsverdrag van 1928 en die Mosambiek-ooreenkoms is veral deur die opposisie as propagandamiddels teen die regering aangegryp. In Januarie 1929 skryf A.F. Cohn aan Smuts: " ... We will have to deal rather delicately with the matter because ... no less than six of our seats are dependant on the Germans ..."[103]

Veral na die vlagstryd het die Natalse pro-Britte se vasberadenheid toegeneem om nie oorweldig te word deur die stygende getty van wat hulle beskou het as anti-Britse sesessionistiese nasionalisme nie. Teen 1929 - op die vooraand van 'n nuwe verkiesing en gekonfronteer met 'n Duitse handelsverdrag - het die Natalse jingo-groep andermaal hul stemme laat hoor. Benewens die behoud van die Imperiale verbintenis het hulle 'n losser verbintenis met die res van die Unie met groter gesag aan die provinsies begeer. Met die verkiesing op hande het die rassegevoel hoog geloop "and for a time Natal became far more British than Great Britain".[104]

Die Nasionale Party se strewe na ekonomiese onafhanklikheid, gemanifesteer in die Duitse handelsverdrag, het Engelsgesinde lede van die S.A. Party ontstem. Hulle het hul imperialistiese oogmerke bedreig gevoel, waardeur rassegevoel en partywrywing aangewakker is. Dit gee daartoe aanleiding dat die pro-Duitse Nasionale Party-aanhangers in 'n direkte konfliksituasie teenoor die pro-Britse S.A. Party-ondersteuners geplaas is. Namate die verkiesingstryd in heftigheid toegeneem het, het die S.A.

103. Smuts-versameling, Band 208. Cohn aan Smuts, 4.1.29. Die setels waarna hier verwys word, is die Randse setels.
104. Round Table, Vol. 84, Julie 1931.

Party-strewe na Britse voorkeur en die Nasionale Party se pro-Duitse sentimente al sterker tot openbaring gekom.

Reeds met die Parlementsitting was dit duidelik dat die opposisie die Duitse traktaat in 'n ernstige lig beskou. Advokaat E.G. Jansen betreur die stommiteit van die opstellers van die handelsverdrag deur hul bewoording van artikel 26 waardeur bepaal is dat die traktaat goedgekeur sal word deur die bevoegde wetgewende gesag van die kontrakterende partye. Vir die gewone man beteken dit die Koning, Senaat en Volksraad. Die Senaat het die verdrag afgekeur en die Natalse Smuts-ondersteuners kon dit uitbuit en aan die kiesers voorhou as 'n verbreking van die konstitusie.[105]

The Natal Mercury val dan ook op 27 Februarie die regering hieroor aan: "If the Act of Union is no longer to be binding on the Nationalists - then it is infinitely better that the honest alternative of a dissolution of the Union should be faced at once by the English-speaking districts of Natal."[106] Dit lei tot 'n polemiek in dié koerant aangaande die wenslikheid tot sesessie. Terselfdertyd het The Natal Mercury sedert Maart 1929 die groot pleitbesorger van "Home Rule" (selfregering) of devolusie (groter magte aan die provinsiale rade) geword - maar egter binne die raamwerk van Unie.

Die Natalse sessionistiese devolusiebeweging wat teen Maart 1929 momentum begin kry het, het in die res van die Unie nie ongemerk verby gegaan nie. Smuts-ondersteuners se pro-Britse sen-

105. Jansen-versameling, Lêer 62. Dagboekinskrywings, 8 en 27.3.29.
106. Natal Mercury, 27.2.29, soos aangehaal by A.J. Fick, Die Ontstaan van die Dominiumparty van Suid-Afrika, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1972.

timente is opnuut geprikkel deur die pleidooi vir nouer Britse bande en die gepaardgaande hekel aan die verslapping van ekonomiese bande met die Imperiale regering. Teenoor die Britse imperialis het die Afrikaner-republikanis met sy inherente vryheidstrewe gestaan. Republikeinse regeringsondersteuners se onafhanklikheidstrewe is opnuut wakker geroep, en die Natalse gees van aanhanklikheid aan Brittanje het hul vasberadenheid om volkome onafhanklik te wees, laat toeneem. Hoewel die opvatting wat vroeg in 1929 in Natal aangaande devolusie en afskeiding uitgespreek is slegs individuele, persoonlike gedagtes was wat in geen definitiewe "beleid" verwerk is nie, het dit op die vooraand van die 1929-verkiesing die rassegevoel by Smuts- en Hertzogondersteuners aangeblaas, sodat beide partye die verkiesing in 'n gees van vasberadenheid en ongenaakbaarheid tegemoet gegaan het.

In hierdie lig verklaar genl. Smuts dat die Duitse handelsverdrag nie gesluit is om Suid-Afrika se belange te dien nie, maar om die plattelandse Hertzog-volgelinge te wys dat Hertzog nog "teen die Ryk kan staan". Hiermee wil die regering aantoon dat hul onafhanklik is.[107] The People's Weekly is nog krasser in sy kritiek as hy waarsku dat die "residual inflammation may grow to gangrene of the Empire. The fruit of the Nationalist policy is not sour; it stinks. It wants burning or burying."[108]

Nadat die Duitse handelsverdrag met 'n meerderheid van slegs vier stemme na afloop van die derde lesing na die Senaat is, skryf genl. Smuts aan Amery: "The people of South Africa will have learnt their lesson and the incubus of the Treaty may not

107. Die Burger, 20.2.29. Politieke berig.
108. The People's Weekly, 25.1.29. Hoofartikel.

be finally and permanently fixed upon them."[109]

George Hay, L.V. vir Pretoria-Wes, verwerp dr. N.J. van der Merwe se bewering dat daar vooroordeel teen die sluit van dié verdrag is omdat dit 'n Duitse verdrag is, as belaglik. Tog beweer hy - en dit is hier waar Hay sy ware kleure wys - dat, met die oorlog in gedagte, Duitsland die laaste land is waaraan sulke voorregte behoort gegee te word.[110] Dit is 'n duidelike bewys dat die Engelsgesindes in die Unie nog 'n antipatie teenoor die Duitsers gehad het, en dat juis die feit dat dit 'n Duitse verdrag was, hul imperialistiese sentimente des te meer wakker gemaak het.

Dr. D.G. Conradie, Nasionale L.V. vir Bethlehem, beweer dan ook dat die Nasionale Party nie alleen teen onkunde en kapitaal stry nie, "maar ook teen 'n Rykskompleks waar die argumente gevoer uit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt, geen inslag kan vind nie".[111]

Vir die Nasionaalgesinde Afrikaner was so 'n pro-Britse houding nie alleen ondenkbaar nie, maar ook anti-Suid-Afrikaans. Dit was vir hulle moeilik om sulke persone as mede-Suid-Afrikaners te aanvaar en om hul gemoedere in toom te hou as Britse belange voor landsbelange gestel word. Die Britsgeoriënteerde Suid-Afrikaner, Engels- en Afrikaanssprekend, het op sy beurt weer soveel waarde aan die Britse bande en -konneksie geheg dat enigiets wat net moontlik 'n skaduwee oor hierdie vir hulle byna heilige verbintenis kon laat val, deur hulle verwerp is. Daarom was die Duitse handelsverdrag, wat vir die Nasionale Party-on-

109. Smuts-versameling, Band 209. Smuts aan Amery, 6.3.29.
110. Die Burger, 28.2.29.
111. Ibid., 5.3.29. Hoofartikel.

dersteuner simbolies van sy ekonomiese selfstandigheid was, vir die Britsgesinde S.A. Party-aanhanger sinoniem met die Nasionale Party se sesessiestrewe en 'n gepaardgaande voortdurende poging om bande met Brittanje steeds losser te maak. Gevolglik is rassegevoelens opgewek en het 'n verhoudingsituasie tussen die twee hoofpartye ontplooi wat niks goeds vir die naderende verkiesing voorspel het nie.

So beskuldig Die Burger die Suid-Afrikaanse Party dat hul die Duitse handelsverdrag gebruik om rassedrifte op te sweep teen die regering. "Die kreet wees lojaal aan Brittanje is aangevul deur die kreet wees lojaal aan die konstitusie."[112]

Vanaf regeringskant het hul ten opsigte van die Duitse verdrag probeer aantoon dat genl. Smuts uit twee monde praat. In 1923 het die Opposisieleier byvoorbeeld volgens die Cape Times verklaar dat hul "in die onmiddellike toekoms afsetgebiede sal moet vind vir die enorme surplus van al die ware wat hul in die Unie produseer".[113] Ses jaar later bestempel dieselfde genl. Smuts die Duitse handelsverdrag as "'n verkragting van Suid-Afrika se handelsbelange" en "'n traktaat wat spruit uit haat en nyd teenoor die Brit". Die redakteur van Die Burger skryf dit toe aan die feit dat die Sap-Smuts die Unionis-Smuts geword het.[114] Die Burger stel dit verder uidelik dat die regeringstandpunt aangaande die verdrag, naamlik dat die Britse mark vir die Unie baie beteken, maar dat hy hom nie van die res van die wêreld durf afsonder nie, deur 'n gesaghebbende liggaam soos die Ekonomiese Rykskomitee onderskryf word.[115] Dieselfde redakteur wys ook daarop,

112. Ibid., 2.3.29. Politieke berig.
113. Ibid., 23.1.29 en 28.1.29. Hoofartikels; Ons Vaderland, 18.5.29. Hoofartikel; Jansen-versameling, Lêer 71. Knipsels.
114. Die Burger, 23.1.29 en 28.1.29. Hoofartikels.
115. Ibid., 26.2.29. Hoofartikel.

dat toe die bepalings van die verdrag vir die eerste keer openbaar gemaak is dit in Brittanje sonder die geringste opskudding aanvaar is. Dit was eers nadat genl. Smuts met sy "klap-in-die-gesig"-storie die "sein" gegee het dat die S.A. Party-agitasie in die Unie en in Brittanje momentum gekry het.[116]

Die opposisiepers het alles in die werk gestel om die onverstandigheid en onwenslikheid van die Duitse verdrag aan die volk te openbaar. So verklaar The Friend onder meer: "Great Britain is a Free Trade Country, but no one of the Dominions is." Die redakteur beskou die verdrag nie as in die beste belang van Suid-Afrika nie, aangesien dit ou wonde sal oopvlek. In Brittanje sal dit pynlike verbasing ontlok op 'n tydstip wanneer markte vir Suid-Afrikaanse produkte daar ontwikkel word. Aangesien Brittanje dit as 'n onvriendelike daad sal beskou, moet dit noodwendig 'n invloed op hul Britse markte hê. Dit gaan nie daarom dat dit 'n "Duitse" verdrag is nie, maar die feit dat aan 'n vreemde land dieselfde toekomstige handelsvoorwaardes as dié van Brittanje gegee word. Hy sluit af: "This German treaty may be regarded as the culminating effort of a series of pinpricks by which the Pact Government - and Labour must take its full responsibility in the matter - has set itself out to irritate the British people both in South Africa and oversea."[117] Dieselfde redakteur openbaar 'n dag later 'n ander aspek van die opposisie se ontevredenheid met dié verdrag - iets wat die kern van hul beswaar daarteen saamvat. Hy gee toe dat die Unie grondwetlik en ekonomies alle reg het om handelsooreenkomste met ander lande te sluit, maar "it was a most tact-

116. Ibid., 11.3.29. Hoofartikel.
117. The Friend, 28.1.29. Hoofartikel.

less action to lead off with Germany".[118]

Op dieselfde dag beweer die redakteur van Die Burger dat indien 'n mens met die opposisie oor hierdie verdrag wil argumenteer jy goed in die vlug moet kan skiet, aangesien hul nie vir 'n enkele minuut op een plek stilstaan nie. Soms beweer die opposisie dat die verdrag nie Suid-Afrika se belange dien nie, terwyl andere dit weer aanval omdat dit eng Suid-Afrikaans is en nie ook Imperiale belange in ag neem nie.[119]

Die opposisie het ook beweer dat die regering die Duitse handelsverdrag nie vir goedkeuring aan die Senaat wou voorlê nie omdat hul besef het dat dié Huis dit sou verwerp - iets wat die regering in 'n uiters moeilike posisie teenoor Duitsland sou plaas.[120] Op 21 Maart maak Nicholls namens genl. Smuts in Durban die aankondiging dat indien hul die bewind sou oorneem hul die Duitse verdrag sou laat vaar en die beginsel van Ryksvoorkeur tot sy maksimum sou handhaaf.[121] Genl. Smuts beweer dat die regering net met die Duitse verdrag wou afwys by die ander nasies,[122] en dat 'n stem vir die Nasionale Party 'n stem vir die Duitse verdrag is in die vyandige veldtog teen alles wat Brits is.[123]

Die Premier maak egter die stelling dat die Opposisieleier gekant is teen hierdie verdrag bloot omdat baie Engelssprekendes die beginsels van die Nasionale Party huldig, en Smuts dus hul rassegevoel probeer opwek teen 'n verdrag waardeur Engeland in

118. Ibid., 28.2.29. Hoofartikel.
119. Die Burger, 28.2.29. Hoofartikel.
120. The Friend, 28.1.29. Hoofartikel.
121. Ibid., 22.3.29. Politieke berig. Vgl. Die Burger, 26.3.29. Hoofartikel.
122. Die Burger, 10.4.29. Politieke berig.
123. Ibid., 7.5.29. Hoofartikel.

werklikheid geen voorregte prysgegee het nie.[124] Reeds na afloop van die Parlementsitting het genl. Hertzog beweer dat een ding tydens die sitting ten opsigte van die Naturellevraagstuk en die Duitse verdrag baie duidelik geword het, naamlik die diepgewortelde verskil in sentiment sowel as in opvatting tussen die Nasionaalgesinde en die jingo-Unionistiese deel van die Suid-Afrikaanse Party. Hy glo dat hierdie kombinasie binne die S.A. Party nie kan voortbestaan nie en dat 'n hergroepering kom.[125]

Gesaghebbende pro-Britse persorgane spreek hul in hierdie tyd uit ten gunste van die uitbreiding van Uniale handel, en versterk aldus die saak van die regering vir die Duitse verdrag. The Round Table laat hom so hieroor uit: "Die onseker basis waarop die uitvoerhandel van Suid-Afrika na Duitsland sedert 1 September 1926 was, is op sigself 'n volledige regverdiging van die huidige poging om 'n meer standhoudende handelsooreenkoms aan te gaan."[126] Die invloedryke Engelse skeepsvaartblad, Fairplay, wys die dominiums daarop dat handelsooreenkomste met lande soos Duitsland absoluut noodsaaklik geword het.[127] Selfs die Rykskemarkingsraad beveel aan dat lande soos Suid-Afrika en Australië die afset van lemoenvrugte na die Europese vasteland en lande soos Duitsland en Frankryk moet uitbrei.[128]

C.W.A. Coulter beweer voor sy eie kiesers dat die Duitse verdrag 'n regstreekse belofte aan Duitsland bevat dat wat regeringsbestellings betref, die Suid-Afrikaanse regering nie Britse standaarde sal aanvaar nie. Suid-Afrika sal verhinder word om

124. Ibid., 20.4.29. Politieke berig.
125. Ibid., 29.3.29. Onderhoud met genl. Hertzog.
126. The Round Table, Vol. 74, Maart 1929.
127. Die Burger, 20 en 22.5.29. Hoofartikels.
128. Daily Despatch, 17.5.29; The Friend, 21.5.29; Die Burger, 20.5.29. Hoofartikel; Ibid., 31.5.29.

toekomstige voorkeur aan Brittanje toe te staan sonder dat Duitsland ipso facto dieselfde voorkeur kry.[129] Genl. Smuts bring 'n groter wig tussen die twee hoofpartye deur te beweer dat die Pakt-regering met dié verdrag gehandel het soos 'n bobbejaan wat 'n horlosie uitmekaar haal. Hy bestempel die Duitse handelsverdrag as die toppunt van politieke kranksinnigheid en selfmoord, aangesien die sleutel tot ons toekomstige markte verbeur is.[130]

Sy pers het die Opposisieleier nagepraat en rassegevoelens aangewakker ten einde pro-Britse sentiment op te wek. The People's Weekly het lustig meegedoen: "Every man who voted for the German Treaty took the first step towards severance of the Union from the British Empire ..." Die regering stel nie alleen die Britse Ryk teleur nie, maar is ook besig om Duitsland te bluf, aangesien kolonel Creswell aan 'n vriend hieroor geskryf het dat dit net "a bit of window-dressing" was.[131] Ongeveer 'n week voor die verkiesing waarsku genl. Smuts die kiesers: "You cannot play fast and loose with your friends. The Treaty was going to do incalculable harm to South Africas growing export trade."[132]

Op die vooraand van die verkiesing openbaar Die Burger vir oulaas 'n belangrike feit, naamlik dat Duitsland in 1928 nie minder as 22 persent van ons uitvoer gekoop het nie. Nieteenstaande dit is die Suid-Afrikaanse Party bereid om die Duitse verdrag te laat vaar as hulle aan bewind kom.[133]

Die Pakt het hom dus veral daarop toegespits om die noodsaaklik-

129. Die Burger, 23.5.29. Coulter te Kaapstad-Tuine.
130. The Friend, 29.5.29. Smuts te Heidelberg. Vgl. ook Die Burger, 29.5.29. Smuts te Heidelberg.
131. The People's Weekly, 31.5.29. Hoofartikel.
132. The Friend, 7.6.29. Smuts te Strand.
133. Die Burger, 11.6.29. Wat die kiesers behoort te weet.

heid van die Duitse verdrag te bewys, terwyl hul ook gepoog het om die oorheersende Unionistiese invloed binne opposisiegeledere oop te vlek in die lig van genl. Smuts se vroeëre opvattings aangaande buitelandse handel. Die opposisie het hom toegespits op die Nasionale Party se drang na ekonomiese selfstandigheid as stimilus tot die verdrag, terwyl hul ook die kiesers probeer bangpraat het deur daarop te wys dat dit die begin is van 'n doelbewuste beweging weg van die Britse Ryk. Hulle het ook die sinloosheid van so 'n verdrag aan die kiesers voorgehou en in die proses rassedrifte opgewek. Wanordelike vergaderings en onverantwoordelike uitlatings het gevolglik nie uitgebly nie. Die Nasionale Party-ondersteuner was vasberade om die realiteit van sy ekonomiese selfstandigheid in die praktyk te demonstreer; die S.A. Party-ondersteuner was ewe gedetermineerd om enigiets wat sy Imperiale verbintenis bedreig of mag skaad met hand en tand te beveg. Hierdie twee wyduiteenlopende pole kon nie bymekaar uitgebring word nie en partywrywing moes noodwendig volg.

Benewens die Duitse Handelsverdrag het daar ook groot meningsverskil tussen die twee hoofpartye bestaan aangaande die wenslikheid van die sluit van die Mosambiekse Ooreenkoms met die Portugese. Die S.A. Party wou nie vreemde arbeiders in ons poorte hê nie en het gereken dat eie arbeid voorkeur moes geniet en dat hulle deur sodanige verdrag benadeel sou word, terwyl die regering gevoel het dat Mosambiekse arbeiders 'n positiewe bydrae kon lewer in die groei en ontwikkeling van die land - iets waarby almal in die Unie sou baat. Die Minister van Spoorweë en Hawens, minister C.W. Malan, het veral kwaai onder S.A. Party-kritiek deurgeloop. Genl. Smuts het aangevoer dat minister Malan deur die

Portugese onthaal vir hom in Lissabon op loop gesit is, met die gevolg dat "'n verdrag wat die ondergang van die mynbedryf beteken, sover dit naturelle-arbeid betref, gesluit is".[134]

Bo en behalwe die Duitse Handelsverdrag is die rassegevoel gedurende en voor die werklike propagandastryd ook aangewakker deur die beoogde staatsondersteunde immigrasie; 'n paar stuiptrekkings van die vlagstryd, bevoorregting by aanstellings en die beoogde afskaffing van Provinsiale Rade.

Reeds so vroeg as 9 Januarie 1929 het die Transvaalse administrateur, J.H. Hofmeyr, wie se termyn byna verstreke was, verklaar dat die volgende ses maande 'n tydperk van groot probleme en gevaar vir Suid-Afrika gaan wees. Die gevaar sentreer vir hom nie rondom die vraagstukke van die eleksieveldtog nie, maar in die gees waarin die verkiesingstryd plaasvind. Hy spreek die hoop uit dat rasse-eenheid spoedig in Suid-Afrika 'n werklikheid sal word.[135]

So verklaar J.H. Nicholson, L.P.R. vir Congella, in Durban voor 'n vergadering van die Sons of England dat die Duitse handelsverdrag bloot gesluit is met die doel om Brittanje te ontstem. Dit is die resultaat van 'n onheilige ooreenkoms tussen 'n deel van die Arbeidersparty en die Nasionaliste en is gebore uit haat vir Groot-Brittanje. Hy is ten gunste van tweetaligheid. "Let them have it, for we know that the English language and literature will endure for ever."[136]

Die rassegevoel is ook aangewakker deur Smuts en die ander S.A. Party-Volksraadslede se uitlatings aangaande die reservering van

134. Ibid., 29.5.29. Smuts te Heidelberg.
135. The African World, 9.1.29.
136. Jansen-versameling, Lêer 71. Knipsel, s.d.

poste vir Afrikaanssprekendes en vriende in die staatsdiens. Genl. Smuts is ten gunste van 'n "skoon" staatsdiens en bestempel die aanstellingsbeleid van die regering as nie "broadminded" nie. Die redakteur van Die Burger wys egter daarop dat die regering gedurende 1924 tot 1928 3 152 Engelssprekendes teenoor 3 097 Hollandssprekendes in sy diens aangestel het. Gedurende die laaste vier jaar van genl. Smuts se bewind was die benoemings in die staatsdiens 3 071 Engelssprekendes teenoor slegs 1 760 Hollandssprekendes. Die staatsdiens was dus vir 80 persent Engelssprekend, en dit is die "skoon" gedragslyn waarna genl. Smuts wil terugkeer,[137] aldus die redakteur.

Die beweerde begunstiging van Afrikaanssprekendes en ondersteuners van die regering by aanstellings is dikwels gedurende die eleksiestryd voor die deur van die Pakt-regering gelê. Genl. Smuts skryf aan 'n S.A. Party-ondersteuner wat kla dat 'n getroue amptenaar summier uit die diens geskop is omrede hy 'n S.A. Party-lid is dat dit "die politiek van die Goevernement op die oomblik is, of soos hul in die Huis sê, hul soek 'Jobs for Pals'".[138] "A Dutch South African" skryf aan The Friend hieroor: "We object to the smelling-out business in the Service to find out the political feelings of the men, and to find an excuse for their retirement, or shifting to other spheres."[139]

Die regering se tweetaligheidsbeleid het ook by Engelssprekende amptenare groot ontevredenheid veroorsaak. Eentalige amptenare was genoodsaak om vir bevorderingsdoeleindes hulself in die ander landstaal te bekwaam. Daar was 'n byna patetiese geskarrel

137. Die Burger, 6.6.29. Hoofartikel.
138. Smuts-versameling, Band 202. Smuts aan J. de Clerq, 27.2.25.
139. The Friend, 26.4.29. Brief van "A Dutch South African".

onder Engelssprekende amptenare om die nodige kwalifikasies vir promosie te bekom. Afrikaanssprekendes was in 'n groter mate tweetalig en sou hieruit groter voordeel trek. Dit het dus gebeur dat Afrikaanssprekende amptenare dikwels voor meer senior Engelssprekende amptenare bevorder is - iets wat in Engelstalige- en S.A. Party-kringe tot groot ontevredenheid aanleiding gegee het.

'n Ander S.A. Party-lid wys genl. Smuts ook op die regering se skepping van baantjies vir boeties, en vertolk die gevoelens van baie van sy partygenote en Engelssprekende vriende as hy onder meer beweer: "You will find we are controlled by the most incompetent creatures that ever formed a government in a community of white people."[140] Die regering kon hom egter verweer deur te wys op die werklike aantal Engelssprekendes en Afrikaanssprekendes wat in sy regimé aangestel is, dog die partyverband van die persone is nie aangetoon nie. Gevolglik moet ons aanvaar dat die enkele klagtes in briewe aan genl. Smuts en voorbeelde in nuusblaaie van S.A. Party-lede wat ontslaan is of nie in aanmerking geneem is vir poste nie, wel gegrond en voldoende rede tot klagte was. Dit was egter enkele gevalle en dit was nie 'n vaste beleid of algemene prosedure om regeringsondersteuners by aanstellings te bevoordeel nie. Daardie enkele gevalle van begunstiging was egter voldoende prikkel tot ontevredenheid en partywrywing. In die woorde van Stuart Helps, latere leier van die Natalse Devolusiebeweging: "It is these bilingual aspirations that have brought all our troubles upon us in the Union."[141]

Die redakteur van Die Burger spreek sy verontwaardiging uit

140. Smuts-versameling, Band 205. Smith aan Smuts, 31.12.26.
141. Natal Mercury, 23.4.29. Brief van Stuart Helps.

oor die S.A. Party se gesanik oor tweetaligheid, en wys daarop dat tweetaligheid vir hulle beteken dat almal wat Afrikaans ken ook Engels moet ken, maar nie in die minste die omgekeerde nie - iets wat hy toeskryf aan die Unionistiese invloed wat die Suid-Afrikaanse Party deurstraal. Hy maak beswaar teen die aanstelling van eentalige skoolhoofde, en die feit dat die Kaaplandse Provinsiale Raad dit toelaat sonder om 'n vinger te verroer.[142]

Wat die regeringsondersteuners voor en met dié verkiesing billik ontstoke gemaak het, was die minagtende en verkleinerende verwysing na Afrikaans. Sowel opposisiesprekers as -koerante het hul hieraan skuldig gemaak en gevolglik die Afrikanertrots gekrenk en 'n ongekende rassegevoel opgewek. So verklaar die redakteur van The People's Weekly dat die resultaat van die tweetaligheidsbeleid is dat Hollandssprekende kinders in stede eentalig word, terwyl die Engelssprekende kinders tweetalig word. Hy voer aan dat dit geredelik erken sal word dat Afrikaans op kulturele gebied maar 'n ondergeskikte waarde het teenoor Engels. Sy grammatikaallose en grammatikaal verbuiginglose struktuur, tesame met sy behoefte aan kulturele, literêre werke, skakel dié taal uit vir die opleiding van studente. Wat oorspronklikheid en skoonheid betref, voldoen dit nie eers aan die vereistes van 'n eenvoudige boer nie. Dit moet nog eers gesien word of die N.G. Kerk bereid sal wees om sy Nederlandse Bybel vir die vertaalde Afrikaanse weergawe te verruil. Al die Afrikaanssprekende skoliere besef, hoewel min die moed het om dit te erken, dat Afrikaans maar net 'n trae vorm van Nederlands is. Die Afrikaans

142. Die Burger, 5.4.29. Hoofartikel.

wat die Engelssprekendes vandag met groot moeite aanleer, is vir die Engelse goed genoeg vir besigheidsdoeleindes en as spreektaal, wat al is waarvoor hul dit benodig, maar die vraag is of dit aan die hoër geestelike, intellektuele en literêre behoeftes van die Afrikaanssprekendes voldoen. Afrikaans is as amptelike taal erken bloot om Engels te beveg, maar die resultaat daarvan was dat Engels absoluut onmisbaar gemaak is. Hollands was 'n waardige alternatiewe taal, het die redakteur gemeen.[143]

Op 9 April wys dr. D.F. Malan, Minister van Binnelandse Sake, kiesers in Kimberley daarop dat daar tans 'n goeie verstandhouding tussen die twee rasse heers omdat struikelblokke in die pad van samewerking, soos die vlag- en statuskwessie, nou uit die weg geruim is.[144]

Desnieteenstaande was dit duidelik dat die twee hoofpartye en die twee hoofrassegroepe nog in vele opsigte verdeeld was juis omdat veral hul sentimente so verskillend van elkaar was. Dit noop 'n Bloemfonteinse geestelike, biskop Walter Carey, om in die lig van die naderende verkiesing 'n beroep op sy Engelssprekende rasgenote te doen om alle agterdog te laat vaar en opregte bereidwilligheid te toon om die Afrikaner te verstaan, sy taal te waardeer en sy kultuur te help bevorder, naas, maar in aanvulling van sy eie kultuur. Dan hoef hulle nie bang te wees dat die Afrikaner hulle sal mislei en probeer uitoorlê nie.[145]

Hierdie welbedoelde oproep het vanuit albei rasse- en partygroepe baie gunstige kommentaar ontlok. R.C. Streeten skryf

143. The People's Weekly, 19.4.29. Hoofartikel.
144. Die Burger, 10.4.29. Malan te Kimberley.
145. Ibid., 22.4.29. Carey se oproep.

aan The Friend: "The manifesto has been published at a most opportune time ... Let us hope it may be the means of persuading us all to shun like the plague any attempt to obtain a momentary party advantage by introducing racialism into the elections by such cries as 'Vote British'."[146] Die Rand Daily Mail reageer ook gunstig hierop as hy beweer dat die Britte die eis vir handhawing van die spesiale kultuur, taal en tradisies van die Afrikaanssprekendes aanvaar het en hul kinders aanmoedig om Afrikaans te leer. Die brief van Carey sal vir hul in hierdie opsig as aansporing dien, maar die politieke leiers moet egter almal saamwerk. Hoewel daar altyd verskille sal wees moet hulle vry wees van rassekleur.[147] Sulke uitlatings inspireer 'n briefskrywer aan The Friend as hy sê: "Both races are gradually evolving higher types of individual character, and to this evolution I look for the future harmony of the races."[148]

Dr. J.D. Kestell, groot Afrikaner kerk- en kultuurleier, verheug hom oor die gunstige reaksie op Carey se oproep, maar wys daarop dat daar ook ander stemme opgegaan het. Biskop Carey se optrede is nie alleen veroordeel nie, maar sy voorstelle is in 'n enkele geval in bitter woorde verwerp - iets wat dien as bewys vir die dringende noodsaaklikheid van sy oproep. Hy vervolg: "There is still a lot of misunderstanding with regard to the mental state of the Dutch-speaking South Africans ... The tragedy of the history of South Africa is that the two White races have lived next to one another for more than a century and have not understood each other properly."[149] Carey wys sy Engelssprekende

146. The Friend, 23.4.24. Brief van R.C. Streeten.
147. Rand Daily Mail, 23.4.29. Hoofartikel.
148. The Friend, 1.5.29. Brief van "Scottish South African".
149. Ibid., 30.4.29. Brief van Kestell.

vriende op 15 Mei op Hertzog se woorde te Barberton dat die tyd toe rassevooroordele die groot instrumente was waarmee verkiesings geveg is tot die verlede behoort.[150]

"Peaceful", 'n Engelssprekende wat vyftig jaar in Suid-Afrika woonagtig was, dring egter tot die kern van die probleem deur in sy skrywe aan The Friend: "It is no use to appeal to the people while racialism is rampant in the Press, Pulpit and Parliament. The people are ripe; the leaders are not."[151]

Vir briefskrywers soos Vere Stent, voormalige redakteur van die Pretoria News, en "A Dutch South African" was die oproep van Carey op die drumpel van die 1929-verkiesing noodsaaklik, dog blykbaar onsuksesvol en alleen 'n bron van rasse-ontevredenheid en onmin. Stent, rasis en fanatiese imperialis, het die vuur van rassehaat deur sy onverantwoordelike uitlatings hoog aangeblaas. Hy sê onder meer: "The men we fear, and, I am afraid, almost hate, are fanatics like Dr. Malan, political shufflers like the Prime Minister, quondam mutineers-in-arms like Kemp." Hy matig hom selfs aan om Carey daarop te wys dat hy vir sy Nasionaliste-vriende bloot 'n vreemde avonturier is, en raai hom ten slotte aan: "You were sent to call sinners, not the righteous, to repentence."[152] Dit is opvallend met welke groot letters en prominente plek dié brief in The Friend geplaas is. Stent se geesgenoot, "A Dutch South African", wys daarop dat dr. Carey nie sy brief vir verkiesingsdoeleindes geskryf het nie, maar dat hy sal vind dat die Nasionale Party dit met groot vrug in die verkiesing sal gebruik. Die Engelssprekendes sal

150. Ibid., 16.5.29. Brief van Carey.
151. Ibid., 24.4.29. Brief van "Peaceful".
152. Ibid., 25.4.29. Brief van Vere Stent. Vgl. ook Ibid., 26.4.29. Hoofartikel.

eenvoudig in die lig van Carey se oproep uitgewys word as die onversoenlikes.[153] Dit is interessant om daarop te wys dat geen sodanige geval in die loop van die verkiesingstryd opgespoor kon word nie. 'n Nasionale Party-ondersteuner wys daarop dat dit hierdie tipe in Suid-Afrika is wat die saadjies van rasisme saai en hoe gouer hulle soort uitgedien kan word, hoe gouer sal Afrikaans- en Engelssprekendes bymekaar kan kom en elkander verstaan.[154] In die lig hiervan is dit begryplik dat 'n man soos Stent ook gunstige kommentaar ontvang het. So skryf 'n briefskrywer aan The Friend dat hy met elke woord van Stent saamstem. "We do not want maudlin sentiment to-day, but hard solid facts, and if we are to have peace at all, let us have 'peace with honour'."[155] Vir hom het vrede 'n prys gehad, en van sy kant af weier hy om inskiklik of toegeeflik te wees. Die Britse imperialis se eer mag nie aangetas word nie! Dit is van die allergrootste belang - nie rassevrede nie!

Ene D.R. de Wet, 'n ondersteuner van geen party, bestempel 'n persoon soos "A Dutch South African" as iemand wat onbillike, onware argumente teen 'n ander party sal aanvoer bloot vir die materiële voordeel wat sy eie party daaruit kan maak. De Wet noem A.C. Doyle se aanmerkings oor die Vrouemonument en Vere Stent se brief van 13 April in The Friend as voorbeelde waar Afrikaanssprekendes se gevoelens seergemaak is. Hy wys daarop dat biskop Carey se oproep alreeds vir eleksiedoeleindes gebruik is, want "A Dutch South African" sluit sy brief af met: "If we return this party (Suid-Afrikaanse Party) to power ... we shall

153. Ibid., 26.4.29. Brief van "A Dutch South African".
154. Ibid., 27.4.29. Brief van "A Nationalist supporter of the Bishop's Manifests".
155. Ibid. Brief van "1900 volunteer". Vergelyk ook Ibid. Brief van "One of the Bishop's flock".

have the desire so earnestly expressed by bishop Carey." Aldus doen hy wat hy bevrees is ander sal doen; hy maak verkiesingspropaganda vir die Suid-Afrikaanse Party.[156]

Die Cape Times en The Cape Argus het die biskop sowel as die Nasionale Party oor hul steun vir dié oproep aangeval, en aangevoer dat die taalkwessie in 1910 reeds opgelos is, en dat die Engelssprekendes as sodanig onskuldig is. Hieroor sê die redakteur van Die Burger onder meer dat hierdie nuusblaaie konsekwent elke pogings opponeer om in die praktyk reg te laat geskied aan die taal van ook die Afrikaanssprekende S.A. Party-aanhanger, en nooit 'n enkele woord gebruik om hul Engels-eentalige lesers aan te spoor om Afrikaans te leer nie. Die negatiewe reaksie van sommige opposisiekoerante op Carey se oproep skryf hy toe aan die feit dat hul besef dat dié ideaal die verdwyning van rassehaat sal beteken - en dan sterf hul 'n politieke hongerdood.[157]

Dit is onbegryplik dat dit so dikwels S.A. Party-Afrikaanssprekendes was wat die felste kritiek teen Afrikaans uitgespreek het. In 'n brief aan Ons Land skryf sir Robert Kotze, Smutsondersteuner, dat die groot verskil tussen die S.A. Party en die Nasionaliste geleë is in die uitspraak dat 'n mens slegs 'n goeie Suid-Afrikaner of 'n ware Afrikaner kan wees as jy anti-Engels is.[158]

Oproerige vergaderings as resultaat van die opgewekte rassegevoel is by tye gehou. Op 15 Mei het 'n vergadering van die

156. Ibid., 29.4.29. Brief van D.R. de Wet. Vgl. ook Ibid. Brief van J.W. Loubser.
157. Die Burger, 26.4.29. Hoofartikel. Vgl. ook Ibid. D.F. Malan te Laïngsburg.
158. Ons Land, 6.5.29. Brief van Sir Robert Kotze.

Premier in Fochville ontaard in 'n geveg met fietskettings en stokke. Hierna het die S.A. Party-ondersteuners die vergadering verlaat en hul eie vergadering gehou.[159] Ook genl. Smuts en sy ondersteuners moes deurloop, sodat advokaat Leslie Blackwell, S.A. Party-L.V. vir Bezuidenhout, dit op 7 Junie nodig ag om kiesers daarop te wys dat "all Nationalists are not hooligans, but I am beginning to believe that all hooligans are Nationals". In sy vyftien jaar van politieke ervaring het hy nog nooit sulke verkiesingstaktiek soos dié teengekom nie. Minister Boydell het blykbaar sy vriende goed geken toe hy beweer het dat hierdie die vuilste verkiesing gaan wees wat ooit geveg is.[160]

Te midde van gevoelens, insluitende sy eie, wat soms hoog geloop het weens rasse-sentimente, het genl. Hertzog tog rasse-eenheid en -harmonie nagestreef, soos sy uitlatings te Groetvlei op 24 Mei getuig. Hertzog het die hoop uitgespreek dat baie S.A. Party-ondersteuners by die vergadering aanwesig is. Hy vertrou dat 'n baie goeie gesindheid tussen die twee hoofpartye bestaan en vergelyk die twee partye met twee ploeë waarmee dieselfde land geploeg word. Hoewel die een van oos na wes getrek mag word en die ander van noord na suid, verrig albei 'n konstruktiewe en belangrike taak in die ontwikkeling van die land.[161]

Die rasseharmonie waarna talle opregte Suid-Afrikaners so intens gestrewe het, is veral deur die persorgane van albei hoofpartye bemoeilik. So verskyn daar 'n paar dae voor die verkiesing 'n spotprent van twee mediese amptenare wat voor 'n gestig

159. The Friend, 16.5.29. Hertzog te Fochville.
160. Ibid., 8.6.29. Blackwell te Pretoria.
161. Ibid., 25.5.29. Hertzog te Groetvlei.

met hoë mure en swaar hekke staan. Een maak die opmerking dat indien hulle alle afwykendes agter slot en grendel by hulle sou hê, hul oplaas 'n verstandige wêreld sal hê, waarop die jonger een antwoord dat dit wel so is, maar dat hy wonder wie dan hul salarisse sal betaal.[162] Sulke beledigende uitbeeldings het party- en rassegevoelens in veral die latere fase van die eleksie geweldig aangeblaas en oproerige vergaderings in die hand gewerk.

Ongeveer 'n maand voor die verkiesing slaan J.S. Marwick, S.A. Party-Volksraadslid vir Illovo, na minister Boydell op 'n verhoog in Durban en pandemonium bars los. Marwick voer later aan dat Boydell volgehou het om hom 'n lafaard te noem, waarop hy hom vererg het.[163] Geen wonder dat Smuts twee dae later aan die Gilletts skryf: "Politics do bring the seamy side of human nature to the surface. The underdogs in our character get a chance in politics and raise their horrid little heads, and make us realise that we are yet far off the holistic sublimation which is our goal."[164]

In dié verkiesing was die wending wat die Arbeider-onenigheid sou neem ook van uiterste belang, nie alleen vir hul Nasionale Party-bondgenote nie, maar ook vir die Suid-Afrikaanse Party. Reeds vroeg in Januarie 1929 het die Premier hom bereid verklaar om met die Creswelliete saam te werk en hul weer in sy Kabinet op te neem. "Dat aan samewerking met die National Council-seksie van die Arbeiders in die omstandighede nie gedink kan word nie moet 'n ieder duidelik wees na die verklarings wat gemaak,

---

162. Ibid. Spotprent.
163. Ibid., 7.5.29. Boydell te Durban.
164. Smuts-versameling, Band 209. Smuts aan Gilletts, 8.5.29.

die besluite wat geneem en die program wat aanvaar is deur die lede van die National Council."[165]

Na afloop van die Creswell-groep se vergadering in Bloemfontein en dié van die Hoofbestuur te Johannesburg staan twee dinge duidelik uit: Die ooreenkoms met die Arbeidersparty duur voort, maar onder die ooreenkoms met die Arbeiders moet voortaan suiwer en alleen verstaan word die ooreenkoms met kolonel Creswell en sy ondersteuners. Ten tweede is die ooreenkoms met die National Council tot niet. Vir die Suid-Afrikaanse Party was die verloop van albei kongresse teleurstellend. Sy hoop is verydel dat die National Council die regeringskandidate sal bestry en aldus in die S.A. Party se hande sou speel.

Die sogenaamde McKay-komitee se pogings om die twee Arbeidersgroepe met mekaar te versoen, het misluk. Reeds teen die einde van Februarie was dit duidelik dat die vervreemding tussen die Councilliete en die Nasionale Party al groter word, want hul het toe besluit om die Nasionale Party-setels in Pretoria te betwis. Dit lei tot Hertzog se oproep van 'n maand later waarin hy sy party vra om nie die Councilliete te steun nie, maar slegs die Creswell-groep Creswell het dit opgevolg deur 'n beroep op alle Arbeiders te doen om die Creswelliete te steun.

Dit het daartoe gelei dat baie S.A. Party-ondersteuners geglo het dat hul party se aandele geweldig gestyg het. Dit ly egter geen twyfel dat baie Nasionale Party-volgelinge uiters teleurgesteld was met die Councilliete se houding nie.[166]

Op 1 April vergader die bestuur van die Arbeidersparty te

---

165. Die Burger, 7.1.29. Hoofartikel; The Friend, 5.1.29. Politieke berig.
166. Die Burger, 21.3.29. Politieke berig.

Johannesburg en doen 'n dringende beroep op alle Arbeiderslede om hul volste steun aan die Pakt-kandidate te gee. John Christie, leier van die Hoofbestuursgroep van die Arbeidersparty, antwoord 'n dag later dat die Councilliete tot samewerking en hereniging bereid is, en dat sy groep alleen setels sal bestry waar dit goeie beleid is om dit te doen en nie omdat 'n Creswelliet of enige ander besondere kandidaat in die veld is nie.[167] Die Premier was nogtans oortuig dat hul geen steun van die Councilliete kon verwag nie en op 17 April is die reëlings vir die verdeling van die Randse setels tussen die Nasionale Party en slegs die Creswelliete gefinaliseer. Op 29 April het die Hoofbestuur van die Arbeidersparty aangekondig dat hul besluit het om die setels van Creswell, H.W. Sampson en G. Brown (almal Creswelliete) met Councilliete-kandidate te betwis. Geen vergelyk kon ook tussen dié twee groepe in Zoutrivier en Woodstock getref word nie.[168]

Die skeuring in Arbeidersgeledere het aan die opposisie 'n gulde geleentheid verskaf om teen die Pakt te velde te trek, en as sodanig uit te vaar teen die beginsellose, verskeurde, sosialistiese Arbeiders in bondgenootskap met 'n maglustige, gewetenlose Nasionale Party. Leslie Blackwell laat hom so hieroor uit: "In order to keep office they (the Labour Party) swallowed their principles over and over again and they certainly have the most elastic stomach I have ever heard of. There is no longer any Labour Party left in South Africa; all that is left is a decreasing wing of the National Party. The Red Flag is not even pale pink now; it has been washed down until it is a dirty white."

---

167. Ibid., 2 en 3.4.29. Politieke berigte.
168. Vgl. Ibid., 9.4.29, 18.4.29, 30.4.29 en 11.5.29. Politieke berigte.

Die redakteur van The Star borduur hierop voort: "The deciding influence to-day is not programmes, but portfolios. The fight is largely between those who have them and those who think they ought to have them. There are no principles in Labour politics at present - only personalities."[169]

Veral in Natal en aan die Witwatersrand het die gevoelens hoog geloop en soms selfs handuit geruk. In Greyville, setel van die Arbeider-Minister, Tommy Boydell, is die geesdrif van die Suid-Afrikaanse Party geweldig gestimuleer deur hul leiers en pers in Natal. Twee dae voor die verkiesing publiseer The Natal Advertiser 'n hoofartikel onder die opskrif "Mr. T. Boydell - Nationalist?" Kiesers word opgeroep om in Greyville hul stemme uit te bring. "It is the one place in the Province where the electors have an opportunity to endorse or denounce the Cabinet policy of General Hertzog and his associates."[170]

Gedurende en voor die werklike propagandastryd het die kwessie van staatsondersteunde immigrasie heelwat meningsverskil tussen die twee hoofpartye veroorsaak. So vroeg as 5 Januarie berig Die Burger dat genl. Hertzog glo dat die motief agter staatsondersteunde immigrasie in werklikheid is om alles wat Nasionaal of Suid-Afrikaans is uit die weg te ruim.[171]

Die regering wou die werkloosheidsvraagstuk met nywerheidsbevordering en landnedersetting oplos, terwyl die opposisie staatsondersteunde immigrasie as oplossing voorgehou het. Volgens genl. Smuts se pleidooi van 19 April 1926 in die Volksraad moes die staat jaarliks R2 miljoen opsy sit vir immigrasie. Ondanks

169. The Star, 6.5.29. Hoofartikel.
170. The Natal Advertiser, 10.6.29. Hoofartikel.
171. Die Burger, 5.1.29.

die feit dat genl. Botha hom sedert 1916 teen staatsondersteunde immigrasie uitgespreek het,[172] het die Suid-Afrikaanse Party dit in 1929 as een van die punte in hul verkiesingsprogram aanvaar. Op 30 April 1929 verklaar genl. Smuts te Pretoria dat staatsondersteunde immigrasie die verklaarde politiek van die Suid-Afrikaanse Party is sedert 1911. Hy is ten gunste van 'n ooreenkoms met die Britse regering onder die immigrasieskema, waardeur hul samewerking finansieel en andersins verkry sal word.[173] Nasionale Party-leiers en -koerante het daarop gewys dat die beleid van staatsondersteunde immigrasie van oudsher die verklaarde politiek van die Unioniste was. Immigrante wat op dié manier na die Unie kom is in elk geval 'n potensiële armblanke.[174]

Nasionaliste het in verset gekom teen die idee om R2 miljoen per jaar aan "armlastige vreemdelinge" te gee. Generaal Kemp, Minister van Landbou, beweer: "The last thing the Pact would do was to rob the people of this country for the benefit of the foreigner."[175] Die Suid-Afrikaanse Party het dus die klem laat val op die oplossing wat immigrante vir die werkloosheids- en Naturellevraagstuk sou inhou, terwyl die regering hul eie armblankes se finansiële verlies as gevolg van sodanige beleid en die geweldige uitgawes wat dit vir die land en sy belastingbetalers sou meebring as kritiek daarteen ingebring het.

Hierbenewens het die moontlike afskaffing van Provinsiale Rade ook teen 1929 sterk op die voorgrond getree. Dit impliseer nie

---

172. Rand Daily Mail, 20.2.17; Ons Land, 20.1.17; The Star, 27 en 28.10.16.
173. Die Volkstem, 1.5.29; Ons Vaderland, 17.5.29. Hoofartikel.
174. Ons Vaderland, 17.5.29. Hoofartikel.
175. The Friend, 2.5.29. Kemp te Turffontein.

dat die provinsiale kwessie eie aan 1929 was nie. Dit was weliswaar 'n probleem inherent aan die Unie-grondwet deurdat die verhouding tussen die sentrale regering en die provinsies nie met uniewording duidelik afgebaken is nie en die kwessie van toe af saamgesleep is. Dit was ook nie 'n vraagstuk eie aan die Pakt-bewind nie. Die Smuts-regering van die vroeë twintigerjare was doelbewus daarop uit om deur middel van die inkorting van subsidies 'n besparing in provinsiale administrasies af te forseer. "The resulting outcry against 'starvation' of provincial services and against the accompanying threat of increased provincial taxation was one of the main causes of the late Government's fall."[176]

Die Pakt het hom in 1924 met 'n belofte verbind teen enige radikale hantering van die provinsiale stelsel en ten gunste van verhoogde provinsiale subsidies. Die vrug hiervan was die Provinsiale Subsidiewet van 1925, waardeur subsidie-toekennings aan provinsies gemaak sou word op grond van skoolbywoning. Hieroor is later vele klagtes uit alle oorde ontvang en die ontoereikenheid van die provinsiale stelsels het tot baie kritiek aanleiding gegee. Teen 1928 was daar aanduidings dat die regering 'n radikale wysiging van die hele stelsel, en selfs die algehele afskaffing van Provinsiale Rade, oorweeg. Geen party het dit egter voor 1928 'n saak van praktiese politiek gemaak nie en N.C. Havenga, Minister van Finansies, was die eerste om hom op besliste wyse teen Provinsiale Rade uit te laat.[177] Die gevolgtrekking is gemaak dat die sentrale regering die gesag sou oorneem en dat Provinsiale Rade sou verdwyn. Op 26 Maart 1929 stel

176. Round Table, No. 61, Des. 1925.
177. Ibid., No. 73, Des. 1928.

mnr. J.C. Rae, onafhanklike lid vir Albanie in die Kaaplandse Provinsiale Raad, voor dat die Unie-regering versoek word om Provinsiale Rade af te skaf omdat dit "die mees onpopulêre wetgewende liggaam in die land is". Dit sal geldbesparend en ook meer doeltreffend wees.[178]

Die moontlikheid dat Provinsiale Rade wel afgeskaf kan word, het soos twintig jaar vantevore dadelik die Natallers die skrik op die lyf gejaag. Gevolglik het opposisiesprekers en die -pers gedurende die verkiesingstryd die kiesers voortdurend gewaarsku teen so 'n moontlikheid. Uit vrees dat 'n Pakt-regering wel daartoe kan oorgaan, het baie kiesers besluit om nie die regering te steun nie.

Ook die nywerhede, arbeid, lone en finansies het gedurende die propagandastryd onder skoot gekom. Die Nasionaliste het met vrug daarop gewys dat genl. Smuts gedurende die verkiesingstryd te kenne gee dat hy ten gunste van die yster- en staalbedryf in Suid-Afrika is, ondanks die feit dat hy tydens die beoogde destydse wetgewing hieroor dit op uiters onpatriotiese wyse opponeer het.

Betreffende arbeid was dit veral die regering se sogenaamde beskaafde arbeidsbeleid wat skerp onder die soeklig geplaas is. Veral in Kaapland waar die Kleurlingstem vir albei hoofpartye van uiterste belang sou wees, het hierdie saak veel aandag geniet. So het mnr. Stuttaford, S.A. Party-L.V. vir Nuweland, die Kaapse Kleurlinge meegedeel dat die Pakt-regering 'n klasseregering is wat alleen vir die Blankes sorg en niks vir die Kleurlinge doen nie. Genl. Hertzog het namens die Nasionale

178. Die Burger, 27.3.29.

Party hierop reageer en aangetoon dat hul beskaafde arbeidsbeleid die beskaafde Blanke en Kleurling bo die Bantoe bevoordeel. Teenoor 4 294 Kleurlinge in die diens van die spoorweë in 1924 was daar teen 1928 reeds 7 031 aldaar werksaam.[179] Die Kleurling S.A. Party-L.P.R., dr. A. Abdurahman, het die Kleurslagboomwet veroordeel as "een van die slegste dinge wat ooit tot stand gekom het in ons land", en as 'n "hoogs kwaadaardige stuk wetgewing". Die Burger het egter daarop gewys dat hierdie wetgewing S.A. Party van oorsprong was en dat die S.A. Party-ondersteuners by monde van F.S. Malan op 12 Mei 1914 geweier het om die afskaffing daarvan in oorweging te neem.[180] Die argumente van die opposisie teen die beskaafde arbeidsbeleid waarmee die regering van die dag volhard het, moes noodwendig Kleurlingkiesers beweeg het om in 'n veel groter mate die Suid-Afrikaanse Party as die Nasionale Party te steun. Nasionale Party-ondersteuners was gebelgd dat die Smuts-aanhangers wat vroeër beskaafde arbeid gesteun het nou ter wille van verkiesingsgewin dit opponeer het.

Die Loonwet is veral deur die S.A. Party as propagandamiddel gebruik ten einde arbeiders in hul geledere te probeer lok. Genl. Smuts het met nadruk verklaar dat hy dié Wet sal verander as hy aan bewind kom. Beter beskerming sal aan halfgeskoolde arbeiders verleen word, werkgewers en werknemers sal op die Loonraad verteenwoordig word en daar sal geen bemoeiing met goed georganiseerde nywerhede wees nie. Later swaai Smuts om en sê dat die Loonwet gehandhaaf sal word, maar dat dit beperk sal wees tot georganiseerde nywerhede waar hongerlone betaal

179. Ibid., 4.1.29. Hoofartikel.
180. Ibid., 23.5.29. Wat die kiesers behoort te weet.

word.[181] The Friend, wat die Loonwet gesteun het, waarsku sy leier dat hy S.A. Party-stemme sal verloor as hy hom teen die Wet uitspreek. Die handelswêreld en ryk magnate was teen die Wet gekant en het Smuts in 'n hoek gedryf. Met die meeste S.A. Party-ondersteuners ten gunste van die Loonwet kon hy aanvanklik sy party met die politieke spel dat hy vir en teen die Wet is, sus. "Die groothandelaar en die mynmagnaat is die skaduwees agter die Saptroon wat die Sapleiers in die oor blaas wat hulle moet doen", en gevolglik het die Generaal hom teen die Loonwet uitgespreek.[182] Hieroor het die S.A. Party-aanhangers hul egter ook weerspreek want senator H.G. Stuart verklaar op 'n S.A. Party-vergadering dat hy hoofsaaklik teen die Loonwet en die beskermingsbeleid van die regering is omdat daardeur onnodige hoë lone en werk verskaf word aan Kleurlinge en "Koelies" in die Kaapprovinsie.[183]

Ondanks die uiters gunstige finansiële posisie waarmee die regering die verkiesing kon aandurf, het die opposisie sonder veel sukses ook hierop kritiek gelewer. Patric Duncan vertel aan kiesers dat die regering belasting verminder het, maar nie genoegsaam nie.[184] Die regering kon met trots aan die land en sy kiesers bekend maak dat 'n dooie landskuld van £66 638 000 in 1924 deur die huidige regering tot £38 000 000 verminder is.[185] Dit kon die opposisie egter op sy eie besondere manier opklaar: "The Pact had overtaxed the people, thus accounting for the surplusses. This over-taxation had become a curse to the people

181. Ibid., 20.2.29 en 4.5.29. Politieke berigte; Die Volksblad, 4.5.29. Hoofartikel.
182. Die Burger, 26.4.29. Hoofartikel.
183. Ibid., 7.6.29. Stuart te Kuruman.
184. The Friend, 25.5.29. Duncan te Steynsburg.
185. Die Burger, 6.6.29.

and hung round their neck like a millstone." Op Aliwal-Noord ontken genl. Hertzog dit ten sterkste en wys daarop dat belastings in werklikheid verminder is en geen kapitaal onttrek is nie. Daar was 'n groot invloei van kapitaal in Suid-Afrika.[186] Die feitelike posisie was egter dat die landsfinansies kerngesond was danksy nywerheidsbeskerming, wêreldwye ekonomiese stabiliteit, 'n ekonomiese oplewing in die Unie en die doeltreffende hantering van die landsfinansies deur minister Havenga. Hierdie feite sou tot die kiesers spreek op 12 Junie en gevolglik het die baie dun argumente vanaf opposisiekant op dowe ore geval.

Die opposisie was oor die algemeen redelik optimisties oor hul kanse in die komende verkiesing. Dié optimisme is grootliks deur die opposisiepers aangewakker en in so 'n mate gestimuleer dat baie opposisielede eerlik oortuig was dat hul die regering uit die saal sou lig. So vroeg as 7 Desember 1928 het The People's Weekly die uitslag reeds "wetenskaplik" probeer bepaal. Met die komende verkiesing sou dertien nuwe lede by die Volksraad gevoeg word, en "the Opposition then will only need to wrest 13 seats from their Opponents to bring about a position of stalemate". Die huidige regeringsmeerderheid - die Speaker en die voorsitter van die komitees uitgesluit - was slegs 26. Van die dertien nuwe setels verwag die S.A. Party om agt te wen teenoor sy opponente se vyf. Die Arbeiders kan volgens die redakteur nie meer as ses setels inpalm nie. Hy kom tot die slotsom: "It seems to us to be a very safe prophesy that the Pact cannot go back to power."[187] Dié koerant het vroeër reeds verwys na 'n ander rede waarom die regering 'n verdiende neder-

186. The Friend, 29.5.29. Smuts te Heidelberg; Ibid. Hertzog te Aliwal-Noord.
187. The People's Weekly, 7.12.28. Hoofartikel.

laag sal ly, naamlik die feit dat duisende kiesers aangevuur is deur die verraad teenoor die Ryk insake die vlagkwessie en die regering se oorsese handelskontrakte.[188]

Generaal Smuts is vroeg in 1929 dieselfde mening toegedaan, en hy openbaar aan E.F.C. Lane, sy voormalige sekretaris, dat dit werklik begin lyk asof hul weer aan bewind sal kom.[189] Daar het die laaste paar maande 'n groot verandering in die openbare mening gekom en hul sal weer die teuels oorneem.[190] Benewens die Arbeidertwis en die vlagoplossing, het ook die Duitse handelsverdrag, die moontlike afskaffing van Provinsiale Rade, die republikeinse strewe van die Nasionaliste, die mislukking van die Doornkop-nedersetting vir armblankes en die begunstiging van regeringsondersteuners in enkele aanstellings die opposisie valse moed gegee. Tog bly genl. Smuts teen Maart 1929 nugter in sy benadering: "Politics like a battle is a matter of ups and downs, and you never really can tell until the very end. Many a victory is won the last ten minutes of the fight. But judging on probabilities, our chances seems good and improving."[191] Teen die einde van daardie maand skryf hy egter aan Esselen op partyvlak dat Hertzog niks nuuts sê nie omdat hy weet dat hy verslaan is.[192] The Natal Advertiser glo egter dat geen party 'n werkende meerderheid sal verkry nie en dat die uitslag 'n vingerwysing sal wees van wat kort daarna gaan gebeur.[193]

Die London Times wys in 'n hoofartikel op 'n kraak in die Suid-

188. Ibid., 19.10.28. Hoofartikel.
189. Smuts-versameling, Band 209. Smuts aan Lane, 22.1.29.
190. Die Burger, 16.1.29. Smuts te Bethal.
191. Smuts-versameling, Band 209. Smuts aan Martin, 7.3.29.
192. Esselen-versameling, Band 58. Smuts aan Esselen, 25.3.29.
193. The Natal Advertiser, soos aangehaal in Die Burger, 4.4.29.

Afrikaanse Party, en raak aldus een van die kernprobleme aan waarmee dié party moes worstel. Die redakteur wys naamlik op die feit dat genl. Hertzog sedert sy bewindsoorname nie gekonfronteer is met 'n baie lewendige of gevaarlike opposisie nie. Die nodige geesdrif en doeltreffende organisasie het dikwels ontbreek. Hoewel Smuts baie lewe in sy party ingepomp het, het die party verskeie leidende figure verloor en is daar 'n daadwerklike behoefte aan jonger manne.[194]

Op 13 Mei kon 'n optimistiese genl. Smuts vir Lane opnuut inlig dat die posisie vir die S.A. Party baie goed lyk, en indien genl. Hertzog nie daarin sou slaag om die land die skrik op die lyf te jaag met sy "swart gevaar" nie, sal die S.A. Party beslis die botoon voer. Smuts beweer dat die grootste gedeelte van die Rand sy party steun en dat hul sowel die Kaap as Natal sal verower. Sy mense maak staat op 'n goeie werkende meerderheid, maar hieroor voel hy gladnie so seker nie.[195] Nege dae later voeg hy daaraan toe dat indien vergaderings en ontvangste as aanduidings vir die uitslag vertolk kan word, hul reeds die Nasionaliste verslaan het.[196] 'n Week voor die verkiesing beweer Smuts nog steeds dat dit lyk asof hul gaan wen.[197]

Die Cape deel Smuts se sienswyse dat die S.A. Party met 'n klein meerderheid die paal sal haal. Dié koerant wys op die "bekveldstem" buite Natal wat bloot vir die Nasionale Party stem omdat hul meen dat die Nasionaliste anti-Brits is. Baie Britsgesindes het die vorige verkiesing vir die Pakt gestem, maar nou gaan hul

194. London Times, 16.5.29. Hoofartikel, soos aangehaal in The Friend, 17.5.29.
195. Smuts-versameling, Band 209. Smuts aan Lane, 13.5.29.
196. Ibid. Smuts aan mej. Richardson, 22.5.29.
197. Ibid. Smuts aan Gilletts, 5.6.29.

vir die S.A.Party stem. 'n Hergroepering van partye is dus 'n baie sterk moontlikheid.[198]

N. Levi, voormalige redakteur van Die Volkstem, verklaar in 'n onderhoud met The Pretoria News dat hoewel die S.A. Party sterk is in Kaapland en iets te wen het deur die Arbeidertwis, hy nie kan sien hoe die Nasionale Party-sterkte kan verminder in vergelyking met die 1924-verkiesing nie. Die vooruitsig van ontslae te raak van die Kafferstem weeg swaar by hulle.[199] Die redakteur van die Cape Times berig twee dae voor die verkiesing dat daar 'n moontlikheid van 'n politieke slagting van die Nasionale Party is soos Suid-Afrika nog nooit tevore gesien het nie. Die S.A. Party gaan na die stembus met alle aanduidings van oorwinnings op sy baniere en met baie beter vooruitsigte as in 1924. Hy sluit af: "Die S.A. Party behoort te wen, en, tensy ons ons baie groot misgis, sal hy met 'n meerderheid wen wat sy teenstanders met verbasing en ontsteltenis sal slaan."[200]

Dit verstom 'n mens werklik dat die S.A. Party nieteenstaande die Pakt-regering se uiters suksesvolle bewindstydperk nogtans soveel optimisme kon openbaar. Hierdie geloof in 'n oorwinning setel miskien veral in die skeuring in Arbeidersgeledere waaraan nie slegs S.A. Party-lede nie, maar ook Nasionale Party-ondersteuners oordrewe waarde geheg het. So skryf advokaat E.G. Jansen in sy dagboek dat die regering se kanse om 'n meerderheid te verkry twyfelagtig is weens die breuk in die Arbeidersparty.[201] Hierbenewens het die S.A. Party ook geweldig staatgemaak op die persoon van Smuts om die deurslag te gee in die verkiesing. Hulle

198. Cape, s.d., aangehaal in Die Burger, 31.5.29.
199. Die Burger, 6.6.29.
200. Cape Times, 10.6.29. Hoofartikel.
201. Jansen-versameling, Lêer 62. Dagboekinskrywing 8.3.29.

het in die waan verkeer dat meer mense hul bewondering vir die Opposisieleier deel.

In 'n persgesprek met Die Burger wys advokaat J.H. Conradie, organiserende sekretaris van die Nasionale Party in Kaapland, op die feit dat hul nie nou soos in 1924 voorgehou kan word as paaiboelies indien hul aan bewind sou kom nie, aangesien hul dade die teendeel spreek. Hy glo dat die Arbeidertwis die Pakt-meerderheid kan affekteer en dat die Arbeiders nie hul posisie sal kan handhaaf nie, maar dat die Nasionale Party sy posisie op die platteland deurgaans sal versterk. Onderlinge geskille onder Nasionaliste sal verdwyn wanneer kiesafdelings op die spel is.[202] Genl. Hertzog stel dit duidelik dat die volk sy bes moet doen om die "Nasionale Regering 'n onafhanklike meerderheid te besorg, maar dat dit enigsins optimisties sou wees om dit reeds by hierdie verkiesing te verwag."[203] Sy geesgenoot, Klasie Havenga, grond sy optimisme op dit wat die Pakt oor die afgelope vyf jaar kon vermag in teenstelling met die S.A. Party-bewind.[204]

Oordrewe optimisme en bedekte onsekerheid was die uitstaande kenmerk by die twee hoofpartye in die pylvak van die verkiesingswedloop. The Friend se spesiale korrespondent in Kaapstad vertolk die openbare gevoel in partygeledere baie goed as hy sê: "Both the Nationalists and South African Party men show amazing confidence in their ability to carry their candidates to success. Whenever one party or the other is uncertain about its chances, it bravely hides its doubts and the great game of reciprocal bluff goes on. What is probably nearer the mark is that there

202. Die Burger, 18.3.29. Persgesprek met Conradie.
203. Ibid., 25.3.29. Toespraak van Hertzog.
204. Ibid., 9.4.29. Havenga te Bloemfontein.

is a vast uncertainty in the majority of the Cape constituencies, just as there probably is in the majority of the Transvaal constituencies."[205]

Tekenend van dié optimisme was Die Burger se uitlating dat etlike setels in Natal deur die Nasionale Party verower sal word.[206] Die organiserende sekretaris van die Nasionale Party in Transvaal meen dat hulle 70 tot 80 setels gaan verower - iets waarvan hul so seker is dat hulle alreeds hul aanstaande kabinet saamgestel het.[207] In persgesprekke van Die Burger met organiserende sekretarisse van die Nasionale Party in al vier provinsies blyk hul mees konserwatiewe berekenings aangaande die uitslag soos volg te wees:

Kaapland	.....	25
Transvaal	.....	32
Vrystaat	.....	17
Natal	.....	2
T O T A A L	.....	76

Hul voeg daaraan toe dat die meerderheid selfs meer kan wees en meer as 80 Nasionaliste in die nuwe Volksraad dus glad nie onwaarskynlik is nie.[208]

Die redakteur van The People's Weekly kon ondanks oënskynlike optimisme met reg beweer: "We miss on all sides the note of cocksureness in those who are attempting to forecast the result." Hy voorsien nog 'n algemene verkiesing in die nabye toekoms.[209]

Ene William Harcourt, 'n siviele ingenieur, het die spyker op

205. The Friend, 27.5.29.
206. Die Burger, 21.5.29.
207. Ibid., 1.6.29. Onderhoud te Pretoria, 31.5.29.
208. Ibid., 8.6.29.
209. The People's Weekly, 5.4.29. Hoofartikel.

die kop geslaan met sy bewering dat die voorspelling van 'n politieke profeet inderdaad 'n hopelose berekening is. Die enigste saak waaroor daar vooraf met dié verkiesing algemene instemming verkry is, is die feit dat die Arbeidersparty prestige en aansien ingeboet het.

Die 1929-verkiesing was inderwaarheid 'n verbete stryd tussen twee partye wat albei bitter graag die bewind wou voer ten einde dit wat vir hulle noodsaaklik was ten uitvoer te bring. Alles is in die werk gestel om kiesers na hul kant oor te haal en valse voorspooksels is dikwels ten koste van hul politieke opponente gemaak. Soos so dikwels die geval is met 'n algemene verkiesing, was die allesoorheersende faktor die strewe na politieke mag.

Die redakteur van The People's Weekly laat hom 'n paar dae voor die verkiesing soos volg oor die verloop van die eleksiestryd uit: "The electors on the whole are sick to death of a political battle in which men of all parties realise that there is a maximum of humbugging. The bluffing which is going on throughout the whole country is nauseating to blunt, honest men. The Nasionalists are, of course, the archoffenders, for their 'black' cry is the biggest bluff of all. Hypocrisy is rampant on every platform."[210] Helaas, hieraan het nie slegs Nasionale Party-lede nie, maar ook S.A. Party-ondersteuners eweveel skuld gehad. Die skuiwe in hierdie politieke skaakspel is dikwels ongesiens en ongemagtig gedoen. Skaakmat was 12 Junie en dit was die belangrikste enkele faktor wat die spel sedert en voor die amptelike verkiesingsveldtog oorheers het. Wen ten alle koste was die strydkreet van albei partye!

210. Ibid., 7.6.29. Hoofartikel.

Op die vooraand van die verkiesing het partyleiers hul vir oulaas op kiesers om steun beroep. Die Premier wys daarop dat die "arme" Nasionale Party hul in die 1924-verkiesing net kon bepaal by dit wat hul belowe het om te doen, maar nou kon hul roem op dit wat hul vermag het. By dieselfde geleentheid voer kolonel Creswell aan dat die Pakt daarin geslaag het om die rasse- en taalgrense van misverstand wat arbeiders dag na dag verdeel het, uit die weg te ruim. Ook John Christie, leier van die Councilliete, vra Arbeider-ondersteuners om teen die Suid-Afrikaanse Party te stem. Sedert 1924 het industriële vrede, groei en vooruitgang ingetree. Vir genl. Smuts dui alles op 'n nederlaag vir die Pakt. Weens die Arbeiderspartyskeuring sal kiesers wat vir die Arbeidersparty stem hul stemme vermors. "A vote for the Nationalists will only mean the further destruction and prostitution of the Labour Party and the ideals for which it has professed to stand in the past."[211]

Nieteenstaande die feit dat genl. Smuts dié eleksieveldtog weens die ergste wanordelikhede ooit by vergaderings verdoem het (iets waarvoor hy die Nasionale Party alleen blameer);[212] wys Die Burger daarop dat die sterkste indruk wat 'n mens van die verkiesingsdag en die paar voorafgaande dae gekry het, is dat 'n verkiesing waarby die gevoel so kalm bly as by hierdie een baie meer van 'n bindende as 'n skeurende faktor in die samelewing is.[213]

In Natal was dit op stemdag reeds duidelik dat die Arbeiders, Tommy Boydell en T.G. Strachan, as vlagverraaiers beskou word en

211. The Friend, 11.6.29. Verkiesingsoproepe.
212. Ibid. Smuts se verkiesingsoproep.
213. Die Burger, 13.6.29.

dat die S.A. Party hemel en aarde sou beweeg om hul uit hul setels te lig.

Die finale uitslag was soos volg (uitslag van 1924 tussen hakies):

	Nasionale Party	S.A.P.	Arbeiders	Onafhanklikes
Kaapland	25 (20)	31 (28)	0 (2)	1 (1)
Transvaal	34 (26)	14 (13)	7 (11)	0 (0)
Vrystaat	17 (16)	0 (0)	1 (1)	0 (0)
Natal	1 (1)	16 (13)	0 (3)	0 (0)
T O T A A L	77*(63)	61 (54)	8 (17)	1 (1)

* Die setel, Graaff-Reinet, is weens die afsterwe van mnr. I.P. van Heerden nie bygereken nie.

Die aantal stemme wat die verskillende partye op hul verenig het, was:

	N.P.	S.A.P.	Arbeiders (Creswelliete	Arbeiders (Hoofbestuursgroep)	Ander	Naturellekiesers
Kaapland	60 067	86 532	7 579	877	8 953	16 481
Natal	4 610	20 085	2 331	3 044	938	-
Transvaal	52 360	55 325	11 060	6 600	183	-
Vrystaat	26 231	9 063	1 380	443	-	-
TOTAAL	143 268	170 996	22 350	10 964	10 074	16 481

Die winste (+) en verliese (-) van die partye was die volgende:

214. Staatskoerant, 22.2.29.

	Nasionale Party	S.A. Party	Arbeiders-party
Kaapland	+ 5	+3	-2
Transvaal	+ 8	+1	-4
Vrystaat	+ 1	-	-
Natal	-	-	-3
T O T A A L	+14	+4	-9

215

Die winse op partye was soos volg:

	N.P.	S.A.P.	Cres-wel-liete	Coun-cil-liete	Onaf-hank-likes
Nasionaliste		2			
Sappe	6			1	
Creswelliete	1	5			
Councilliete	1	2	1		
Onafhanklikes					
Nuwe Setel	9	4			

216

Een van die besondere kenmerke van die algemene verkiesing van 1929 was die swak vertoning deur die Arbeidersparty in teenstelling met die vorige verkiesing. Tien lede van die Madeley-groep het hul R100-deposito's verbeur. Hiermee het die Arbeiders van die land eintlik self die National Council-groep gerepudieer. Die Councilliete kon net drie setels verower (in Transvaal), terwyl die Creswelliete benewens vier Transvaalse setels ook een setel in die Vrystaat kon inpalm.

R. Stuart, sekretaris van die Federasie van Arbeidersunies in

215. Die Burger, 15.6.29. Uitslae van die verkiesing. Vgl. ook The Friend, 17.6.29. Verkiesingsuitslae.
216. The Friend, 15.6.29. Verkiesingsuitslae.

die Kaapprovinsie, werp lig op faktore wat benewens onderlinge verdeeldheid tussen Arbeiders, hul party ten nadele beïnvloed het. Aan Boydell skryf hy: "All the peninsula seats have been lost, due to the coloured and native vote, Freestone's loss was due to colour, in the one booth 699 coloured votes were recorded and Freestone had 103, in the other booth 400 coloured voted but how much he had of that we do not know, had it been a white constituency we should have had an easy win." Hy betreur die feit dat hul verliese toegeskryf kan word aan die skeuring in Arbeidersgeledere, die Vlag, die Duitse handelsverdrag en die geloof onder Gekleurdes dat die Pakt hul stemreg hul gaan ontneem.[217] Ralph Close, S.A. Party-kandidaat in die Kaapse Skiereiland, noem ook nog as rede tot die Arbeidersnederlae die behandeling in die staatsdiens en uitstekende organisasie van hul party in dié gebied. Desnieteenstaande het die Arbeiders veel beter aan die Rand gevaar as wat die geval in byvoorbeeld die Kaapse Skiereiland was. Dit skryf Close toe aan die swak organisasie in die Noorde in teenstelling met dié by hulle in die Suide.[218]

Nog 'n kenmerk van die verkiesing was die pragtige vertoning wat die jonger strydkragte in die Nasionale Party gemaak het, iets waardeur die Nasionale Party se toekomstige krag ontwikkel is. Hier het die S.A. Party tekortgeskiet en met die daadwerklike, aktiewe hulp van jong manne soos J.H. Hofmeyr kon hul beter vertoon het.

In vergeleke met die 1924-verkiesing was die aantal stemme wat in stedelike kiesafdelings uitgebring is besonder hoog. In die

217. T. Boydell-versameling, Band 20. Stuart aan Boydell, 13.6.29.
218. Smuts-versameling, Band 208. Close aan Smuts, 26.6.29.

stedelike kiesafdeling, Johannesburg-Noord, waar mnr. J. Duthie, 'n Creswelliet, met een stem deur 'n S.A. Party-kandidaat verslaan is, is 10 gevalle van beweerde impersonasie deur 'n kiesbeampte onder die aandag van die polisie gebring, en alles het daarop gedui dat 'n hofsaak sou plaasvind.

Die Burger het aangetoon dat die S.A. Party vier-vyfdes van sy setels gekry het waar opsweping van die Engelse rassegevoelens nog 'n doeltreffende wapen is (Kaaplandse kusstede en Natal) en waar die Bantoe en Kleurlinge hom 'n meerderheid bo die Blankes besorg.[219] Terselfdertyd bepleit die redakteur meer daadwerklike aandag van die kant van die Nasionale Party aan sy stedelike kiesafdelings, waarheen al hoe meer Afrikaners toestroom.[220] Hy glo dat die verkiesing die Nasionale Party vier lesse geleer het:

(i) Die S.A. Party is as Parlementêre party slegs deur die jingo- en die Gekleurde stem van ondergang gered.

(ii) Daar is nog te veel Blanke kiesers op die platteland wat hul deur die S.A. Party laat mislei.

(iii) Heelwat haakplekke in hul organisasie moet reg gestel word.

(iv) Ten slotte groei Nasionalisme in so 'n mate dat selfs die Cape Times daarna as 'n siekte verwys.

Die redakteur maak ook die gevolgtrekking dat die stedelike S.A. Party-ondersteuner in die Kaapprovinsie vir minstens 61% uit Bantoe en Kleurlinge bestaan, aangesien ongeveer 90% Gekleurdes die S.A. Party sou steun uit die ongeveer 15 920 wat gestem het. Hieruit lei hy af dat ongeveer 14 328 van die 27 188 stedelike S.A. Party-stemme dié van Gekleurdes is.[221]

---

219. Die Burger, 14.6.29. Hoofartikel.
220. Ibid., 17.6.29. Hoofartikel.
221. Ibid., 18.6.29. Hoofartikel.

Dwarsdeur die verkiesingsveldtog het die Nasionale Party en Die Burger gehamer op die Unionistiese inslag van die S.A. Party. Hierdeur wou hul twyfelaars oorhaal na die kant van die Nasionaliste. Voor 'n gehoor te Pretoria het genl. Smuts hierop kommentaar gelewer: "We have been called a 'Unionist Party', with the bitter racial sting which that taunt is meant to imply, and which, no doubt, has had a great effect in these elections, and we shall hear more of that taunt in the future."[222] Nadat die uitslae bekend was, skets Die Burger die samestelling van die opposisie in die Volksraad soos volg:

	'Oud-Unioniste'	'Ou S.A.P.'	'Twyfelagtiges'
Kaapland	32	5	3
Transvaal	7	5	2
Natal	15	0	1
T O T A A L	45	10	6
Totaal 1924	41	13	-

Die uitslag van die verkiesing toon dus onweerlegbaar aan dat die oud-Unioniste element sy oorheersende meerderheid nog versterk het en dat nieteenstaande die feit dat die opposisie sewe setels meer gekry het, die oorspronklike S.A. Party-element agteruitgegaan en verswak het.[223]

Die uitslag was inderdaad vir 'n optimistiese en hoopvolle Suid-Afrikaanse Party 'n geweldige slag. Die opposisiepers het talryke verskonings vir die nederlaag opgedis. So probeer die Cape Times hul leed versag deur die stelling te maak dat die

222. The Friend, 18.6.29. Smuts te Pretoria.
223. Die Burger, 18.6.29.

Nasionale Party na die volk gegaan het met die hoop op 'n volmag in verband met hul Naturellebeleid maar Suid-Afrika as geheel geweier het om hul die mandaat te gee. Tog voeg hy daaraan toe "that it would be craven to refuse the fact that the South African Party has suffered a very severe defeat in the country districts". Dit was 'n direkte resultaat van die anti-Naturelle-agitasie van genl. Hertzog en sy ministers. Waar Hertzog baie goed ondersteun is deur sy ministers, het genl. Smuts feitlik 'n eenmanstryd gestry. J.H. Hofmeyr word verkwalik dat hy nie aktief tot die stryd toegetree het nie.[224] Jan Hofmeyr antwoord die Cape Times en stel dit duidelik dat sy deelname aan die stryd baie min, indien werklik iets, sou bydra om die verskil tussen die S.A. Party-minderheid van 26 en 'n S.A. Party-meerderheid aan te vul. "Die gebruik om 'n swartskaap te vind gaan terug na die begin van die mensdom. Dit is 'n baie natuurlike ding om te doen ..."[225]

The People's Weekly maak die gevolgtrekking dat die uitslag 'n bewys is dat die Nasionale Party nie rasisme laat vaar het nie. Die verloop van die stemming in Natal en die Vrystaat was 'n duidelike bewys dat Suid-Afrika nog op rassegrondslag verdeeld is. S.A. Party-organisasie word ook veroordeel en bestempel as 'n mees betreurenswaardige saak.[226]

Ons Land soek die oorsaak vir hul nederlaag elders. Dit is geleë in die feit dat die meerderheid van die Afrikaanssprekende kiesers genl. Smuts nie kan vergewe omdat hy en genl. Botha vir Engeland in die Eerste Wêreldoorlog gehelp het nie. Dit is

224. Cape Times, 14.6.29. Hoofartikel.
225. Die Burger, 17.6.29.
226. The People's Weekly, 28.6.29. Hoofartikel.

hul sonde, 'n onvergeeflike flater in die oë van die Nasionale Party en dit is die rede vir die nederlaag van die Suid-Afrikaanse Party. Ander faktore soos 'n moontlike swart Suid-Afrika was maar net ondergeskikte metodes om hul doel te bereik, en in die proses het die platteland hul gewilliglik deur hul sentimentele gevoelens laat meevoer, meen die redakteur.[227]

The Friend glo dat die geheim van die Nasionale Party se sukses gesoek moet word in die ideaal en die praktyk van die Suid-Afrikaanse nasieskap. Die mislukking van die Suid-Afrikaanse Party op die platteland is geleë in die feit dat hul nasionalisme met agterdog bejeën word, terwyl die stedelike dele hul ekonomiese beleid nie gunstig beskou in vergelyking met dié van die Nasionale Party nie. Indien die S.A. Party die toenemende verlamming van hom gaan afwerp, sal dit op hierdie belangrike vraagstukke 'n ondubbelsinnige standpunt moet inneem.[228]

In Bloemfontein het 'n mismoedige redakteur van The People's Weekly beweer: "It is only by the vagaries of the delimitation of seats, that General Hertzog has been returned to power ..."[229]

Die Cape Argus spreek die gedagte uit dat die Nasionaliste nou weet dat genl. Smuts reg was. Hulle moet die Nie-Blanke vraagstuk laat vaar of die oplossing soek in die rigting wat genl. Smuts aangegee het.[230] Dié naarstigtelike soeke na redes vir hul nederlaag was 'n natuurlike menslike reaksie by die Suid-Afrikaanse Party. Dit op sigself het nie tot veel werklike onmin tussen die twee hoofpartye gelei nie, maar dit was koerante soos Die Volkstem wat met die uitdeel van klappe na die Nasionale

227. Ons Land, 23.6.29, soos aangehaal in The Friend, 24.6.29.
228. The Friend, 14.6.29, soos aangehaal in Die Burger, 15.6.29. Vgl. ook Die Burger, 20.6.29. Hoofartikel.
229. The People's Weekly, 21.6.29. Hoofartikel.
230. Cape Argus, soos aangehaal in Die Burger, 15.6.29.

Party nie alleen vir hulle die misnoeë van Nasionaliste op die hals gehaal het nie, maar ook die onderlinge verhouding tussen die partye geknou het. Die redakteur beweer naamlik dat Standerton en Ermelo aangetoon het dat dit onmoontlik is om die dele van die platteland waar daar meer intelligente mense is, vrees in te boesem. Ongelukkig is dié klas mense egter in die minderheid, en solank as die S.A. Party hom op mense beroep wat vir hulself dink moet hy terugslae verwag. Hierbenewens gee hy aan die hand dat die Suid-Afrikaanse Party in die toekoms meer aandag aan die keuse van hul kandidate moet bestee.[231]

Die Cape Times gooi lustig saam met modder deur in 'n hoofartikel te sê dat die uitslag van die verkiesing hul respek laat daal vir die "gesonde verstand", en dat "onkunde die hoofsom van Nasionalisme is".[232] 'n Teleurgestelde majoor G.B. van Zyl, leier van die S.A. Party in die Kaapse Skiereiland, gaan selfs verder en beweer dat die uitslag van die verkiesing 'n teken is dat die mense hul sinne verloor het. Hierop reageer die redakteur van Die Burger skerp en beweer dat indien 'n persoon nie gewillig is om 'n soort "vermuileselende wese" te word wat sy eie land en volk verloën (sic.) nie, dan geniet hy niks as minagting van diegene wat roem op 'n soort "broader vision" wat hulle in staat stel om met die een oog teen Tafelberg vas te staar en met die ander oorsee te loer.[233]

Die opposisiepers het aangevoer dat die armblankes van Potchefstroom meegedeel is dat hul deur Bantoe vervang sou word indien

231. Die Volkstem, soos aangehaal in Die Burger, 17.6.29; The People's Weekly, 14.6.29. Hoofartikel.
232. Cape Times, soos aangehaal in Die Burger, 21.6.29. Hoofartikel.
233. Die Burger, 21.6.29. Hoofartikel.

hul vir die Suid-Afrikaanse Party sou stem. Dié mense is daarop gewys dat stemming nie geheim was nie, en dit inspireer die redakteur van The People's Weekly tot die stelling dat dit meer eerbaar is om skoon te veg en te verloor as om mag te verkry deur sulke oneerlike politieke taktiek.[234]

The Friend ontleed die uitslag baie realisties: "The satisfaction of Cape South African Party men in making a clean sweep in the Peninsula in the general election is set off by the jubilation of the Nationalists in conquering Paarl, and Stellenbosch. A Nationalist wedge has been driven into the very boundaries of the traditional South African Party stronghold."[235]

Die ou plattelandse kiesafdelings van Bethal, Lydenburg, Cradock, Swellendam, Colesberg, Stellenbosch en die Paarl, asook die nuwe plattelandse kiesafdelings van Prieska, Willowmore, Vereeniging, Carolina, Swartruggens, Potgietersrus en Kuruman het die skaal in die guns van die regering geswaai, en gevolglik ook die uitslag van die hele verkiesing in 'n groot mate in die hand gewerk. Die regering het al hierdie setels ingepalm, maar die totale meerderheid in al veertien kiesafdelings was 'n skamele 5 134 stemme!

In 'n brief aan The Friend verklaar ene G.R. Theron dié verskynsel deur daarop te wys dat die sesessiestrewe en die bangmaakstories in verband met die Nie-Blanke vraagstuk in die 1924- en die 1929-verkiesing onderskeidelik meer inslag op die platteland gevind het aangesien Afrikaanssprekendes daar oorheersend is. Die ongegronde vrees vir 'n swart Suid-Afrika het hier meer indruk gemaak omrede slegs eensydige literatuur meestal in omloop

234. The People's Weekly, 21.6.29. Hoofartikel.
235. The Friend, 17.6.29. Verkiesingsuitslae.

was, in teenstelling met die groter sentra waar dié eleksiekreet behandel is met die minagting wat dit verdien.[236]

Die S.A. Party het nou daarop aangedring dat die Grondwet verander moes word sodat hul party wat die meeste stemme op hom verenig het, tot sy reg kon kom. Hul bestempel dit as onbillik en onregverdig dat die Grondwet 'n laer kwota vir plattelandse as vir stedelike setels bepaal. Die redakteur van Die Burger wys daarop dat die S.A. Party se verkiesingskreet juis was: Staan by die Grondwet! Hy wonder of dit net van toepassing is as dit vir die S.A. Party voordelig is, en kom tot die slotsom dat die S.A. Party-ondersteuners self die oorsaak van hulle nederlaag is.[237]

Die Nasionale Party-koerante in teenstelling hiermee, het gejubel oor die uitslag en het dit vertolk as 'n mosie van volle vertroue in genl. Hertzog se Nie-Blanke beleid. Vir hulle sal die stryd eindig wanneer daar algehele segregasie van Wit en Swart is. Die oplossing van dié vraagstuk word as die belangrikste taak vir die toekomstige Hertzog-regering voorgehou. Die Suid-Afrikaanse Party moet begryp dat Hertzog 'n mandaat van die volk gekry het. Gelyke regte vir Wit en Swart is gevolglik ook vir ten minste vyf jaar geen praktiese politiek nie.[238] Volgens dr. D.F. Malan was daar drie beginsels wat hul oorwinning verseker het en waaraan hul bly vashou. Die beginsels van "Suid-Afrika Eerste", absolute gelyke regte vir beide rasse en die beginsel van Suid-Afrika vir die volk van Suid-Afrika (dit wil sê nie vir die enkeling of vir sekere mense wat nie weet wat om met

236. Ibid., 24.6.29. Brief van G.R. Theron, Virginia.
237. Die Burger, 24.6.29. Hoofartikel.
238. Ons Vaderland, 14.6.29. Hoofartikel; Die Burger, 15.6.29. Hoofartikel.

hulle geld te maak nie, maar vir die volk).[239]

Opposisiekoerante, op hul beurt, het klem gelê op die feit dat die Nie-Blanke vraagstuk definitief laat vaar moes word, aangesien die Nasionale Party selfs met 'n gerekonstrueerde Senaat nie 'n twee-derde meerderheid sou verkry nie. Die Premier sou heelwaarskynlik weer poog om deur middel van nie-politieke onderhandelings, wat Hertzog as noodsaaklik bestempel het, 'n oplossing te verkry. Genl. Hertzog sou moontlik ook probeer om sy doel te bereik deur te torring aan die Grondwet.[240]

Daar bestaan min twyfel dat die finale uitslag alle partye verbluf laat staan het. Die algemene verwagting was dat nie meer as drie Arbeiders die paal sou haal nie, en dat die party wat sou wen nie 'n groter meerderheid as drie of vier oor die ander hoofparty sou hê nie. 'n Hergroepering van partye en die skepping van 'n sentrale party sou in so 'n geval 'n werklikheid geword het, dit wil sê 'n party bestaande uit die meer gematigde elemente uit albei hoofpartye. Daarom kon J.H. Hofmeyr, voorstander van so 'n hergroepering, die uitslag kalm sit en afwag. Minister Grobler kon dan ook in 'n onderhoud met Die Burger tereg verklaar dat die oorwinning die beweging vir 'n Sentrale Party die bodem ingeslaan het.[241]

Perskommentaar in Londen het veral gehandel oor die effek wat die uitslag van die verkiesing enersyds op die Nie-Blanke vraagstuk sou hê, en tweedens hoe dit Britse bande met Suid-Afrika sou affekteer. So bestempel The New Statesman die uitslag as "a victory for General Hertzog and negrophobia". Genl. Hertzog sal

239. Die Burger, 21.6.29. Malan te Kaapstad.
240. Ons Land en Cape Argus, soos aangehaal in The Friend, 17.6.29.
241. Die Burger, 15.6.29.

nie voortgaan met sy program van Nie-Blanke onderdrukking nie.[242] The Nation glo dat die verkiesing die politieke kloof en skeiding tussen die partye meer bepaald rasisties gemaak het - iets wat aangeblaas is deur die Duitse Handelsverdrag.[243] Vir die Daily Mail skyn dit asof partyregering in Suid-Afrika inmekaar begin tuimel sodra ernstige vraagstukke soos die Nie-Blanke kwessie opgelos moet word. 'n Nasionale Party oorwinning aksentueer waarskynlik die begeerte om bande tussen Suid-Afrika en die Britse Ryk te verswak. Dit lyk asof genl. Hertzog goeie bedoelings het, maar nie die druk vanuit sy party se binnekringe kon weerstaan nie.[244] Die Daily News betreur dit dat 'n staatsman soos genl. Smuts weer die nederlaag moes ly, aangesien dit nie alleen 'n verlies vir sy volk beteken nie, maar ook sy uitsluiting uit internasionale kringe waarin hy alreeds sy spore gemaak het.[245] Eric Louw beklemtoon dit dat die uitslag vir die Britse pers 'n baie groot teleurstelling was, en dat hy nie 'n enkele blad gesien het wat 'n simpatieke houding ingeneem het nie. Hulle het die hoop gekoester dat die Suid-Afrikaanse Party die oorwinning sou behaal. Koerante het gewag gemaak van Hertzog se "klein meerderheid van slegs agt of nege", maar die feit verswyg dat dit 'n volstrekte meerderheid was waaroor hul tevore nie beskik het nie. Joernaliste het toe 'n nuwe weg ingeslaan en aangekondig dat die hele eleksie op rassegrondslag beslis is en as 'n tweede ekskuus met hul "Town vs Country"-storie vorendag gekom.[246]

242. The New Statesman, 21.6.29, soos aangehaal in The Friend, 22.6.29.
243. The Nation, 21.6.29, soos aangehaal in The Friend, 22.6.29.
244. Daily Mail, 14.6.29, soos aangehaal in Die Burger, 15.6.29. Vgl. The Friend, 15.6.29.
245. Daily News, soos aangehaal in Die Burger, 17.6.29.
246. Eric-Louw-versameling, Lêer 81. Louw aan Hertzog, 7.7.29.

The London Times beweer dat die sukses van die Nasionale Party, wat die handelsverdrag met Duitsland gesluit het, uit die aard van die saak vir Duitsland tevredenheid verskaf. Terselfdertyd spreek hy die mening uit dat dit 'n swak skakel in die politieke werk, begin deur genl. Botha en voortgesit deur genl. Smuts sal wees, indien, soos dit ná die eleksie lyk, die tweedrag tussen die twee groot partye sou ontaard in 'n breuk tussen Engelssprekendes en Afrikaanssprekendes. Die Duitse koerant, Kölnische Zeitung, stel soos The Friend dit aanhaal, dit duidelik: "The appeal of the ertswhile Boer, later British General, Smuts, fell on deaf ear. For the South African anglophiles, and for England herself, it is a setback, because it shows that the movement for independence is making headway."[247] Wat die Nie-Blanke vraagstuk betref, voer die Manchester Guardian aan dat die vooruitsigte op 'n skikking maar bra donker lyk. Hul hoop dat genl. Hertzog sal huiwer alvorens hy verder 'n pad betree wat alleen tot ellende kan lei.[248]

Die onsimpatieke houding van die Britse pers teenoor die Nasionale Party is deur die Hertzog-ondersteuners vertolk as die gevoel van die Britse volk, en dit sou 'n verdere wig tussen die republikeins- en nasionaalvoelende element binne die Nasionale Party en Brittanje indrywe. Dit moes noodwendig ook verhoudinge vertroebel het tussen die oorgrote meerderheid Nasionale Party-aanhangers vir wie die belange van Suid-Afrika allesoorkoepelend was en die Smuts-ondersteuners as pro-Britse imperialiste wat Suid-Afrika se belange gedurig wou koppel aan dié van Brittanje.

---

247. The London Times en Kölnische Zeitung, soos aangehaal in The Friend, 18.6.29.
248. Manchester Guardian, soos aangehaal in The Friend, 18.6.29.

Dit is jammer dat dit juis moes gebeur op 'n tydstip toe die anti-Britse gevoel onder die Nasionale Party besig was om te kwyn. 'n Vooraanstaande lid van die S.A. Party wat by die Nasionale Party aangesluit het, C.W.H. Kohler, het verskeie vergaderings in die Westelike Provinsie toegespreek, maar nêrens 'n anti-Britse gevoel teengekom nie. Syns insiens het die houding van die Nasionale Party in dié verband verbreed en vinnig baie meer liberaal geword. In die hele Westelike Provinsie en Noord-Transvaal het hy nêrens 'n werklike begeerte tot sesessie van die Ryk teengekom nie. Baie Nasionaliste het prontuit aan hom verklaar dat indien dit sou gebeur hul die Nasionale Party sou verlaat.[249]

The People's Weekly beweer dat 'n land altyd die regering sal kry wat hul verdien, en "if the facts have decreed that we ... are to have Pact rule then by our crass stupidity as a people we will have deserved the infliction".[250]

Aan woorde soos hierdie het die seëvierende Nasionaliste hul nie veel gesteur nie. Tog maan dr. D.F. Malan die Nasionale Party om nie tevrede te wees nie, hoewel die toekoms aan hulle kant is.

Nasionalisme en imperialisme is deur die uitslag van die verkiesing andermaal op die voorgrond gebring. Die redakteur van die Natal Mercury het aangevoer dat die verkiesingsuitslag bewys het dat Natal nog rotsvas staan in die verdediging van Imperiale ideale en Britse belange. Gevolglik moes genl. Smuts aan sy imperiale koukus bewys lewer van sy Unionistiese leierskenmerke en

249. Cape Times, 23.6.29. Onderhoud met C.W.H. Kohler, soos aangehaal in The Friend, 24.6.29.
250. The People's Weekly, 14.6.29. Hoofartikel.

het op 14 Junie te Irene verklaar dat nasionalisme 'n siekte is waaraan die land ly. Dit is soos masels en skarlakenkoors; dit sprei maar moet sy verloop neem - en dan is daar genesing.[251] In 'n hoofartikel verklaar The People's Weekly dat Krugerisme in die Unie onder die benaming van nasionalisme herlewe, nadat met behulp van die stembriefie daardie oorhand verkry is wat met die geweer verloor is. Dit hoort nie so nie, want geeneen van die twee belangrikste Blanke groepe is goed genoeg om oor die ander te heers nie.[252] Die Cape Times het lustig hierop voortborduur en aangevoer dat nasionalisme in Suid-Afrika vir isolasie staan, afsondering van die res van die wêreld, weiering om nuwe bloed die land te laat inkom.[253] Hieroor is die redakteur van Die Burger billik ontstoke, en hy beweer dat nasionalisme in die oë van die Unionis eng is omdat hy die hele wêreld raaksien en nie Brittanje alleen nie! Dié verkiesing het die S.A. Party "gesuiwer van die Sappe". In die Volksraad het dit feitlik 'n skoon Unionisteparty geword. Hy sluit af met die bewering dat oorlog nou openlik teen nasionalisme verklaar is en dat elkeen nou weet waar hy staan.[254]

C. Louis Leipoldt, digter en S.A. Party-ondersteuner, probeer objektief oordeel aangaande die verkiesing, en voer aan dat hulle in die Suid-Afrikaanse Party hul beginsels nie so toegepas het dat dit die egte nasionalisme, waarop elke volk trots behoort te wees, aangemoedig en versterk het nie. Dit, en dit alleen, is die oorsaak van hul nederlaag.[255]

---

251. Natal Mercury, soos aangehaal in Die Burger, 20.6.29. Hoofartikel.
252. The People's Weekly, 5.7.29. Hoofartikel.
253. Cape Times, soos aangehaal in Die Burger, 20.6.29. Hoofartikel.
254. Die Burger, 20.6.29. Hoofartikel.
255. Ons Vaderland, 16.7.29. Artikel van C. Louis Leipoldt.

Uit die verkiesing was dit duidelik dat rassewrywing allermins verdwyn het. Die rassewrywing het nie soseer tot uiting gekom tussen die twee rassegroepe onderling nie, as wat dit hom openbaar het in die Nasionale Party-ondersteuner, wat sinoniem was met die begrip van Afrikaner-Nasionalisme, teenoor die S.A. Party-aanhanger, wat vereenselwig is met die begrip van imperialistiese, pro-Britse jingoïsme nie. Die rassegevoelens van albei groepe het eintlik rondom hierdie begrippe sentreer, en 'n afwyking van dit wat elk as die korrekte koers beskou het, het sentiment ontlok wat dikwels met hewige emosies gepaard gegaan het.

Selfs Britse koerante verwys na dié rassegevoel. The London Observer verklaar onder meer: "The polls have retracted the old party frontiers more clearly than ever. The line of cleavage is racial and belongs to the past. No responsible leader wants to keep race-feeling alive, but the electorate, evidently, is not ready."[256] Die Sunday Times glo dat die Nasionale Party se sukses waarskynlik grootliks toegeskryf kan word aan hul oproep tot rassevooroordeel.[257] Dit lei daartoe dat biskop Karney skryf: "It is clear that among the ranks and files there is not the desire for racial unity that South Africa needs."[258] In Pretoria het genl. Smuts op 17 Junie verklaar dat dit geen doel dien om die feit te verswyg dat rasse-eenheid 'n ernstige knou toegedien is nie. Daar kan maar net gelet word op die aanhang van die partye om te sien in welke mate terugbeweeg is op die ou pad van die tweestroom-beleid.[259]

256. The London Observer, soos aangehaal in The Friend, 18.6.29.
257. Sunday Times, soos aangehaal in The Friend, 18.6.29.
258. The People's Weekly, 5.7.29. Hoofartikel.
259. The Friend, 18.6.29. Smuts te Pretoria; Die Burger, 18.6.29. Smuts te Pretoria.

Aan 'n mede-Afrikaner en politieke kollega skryf Smuts vier dae later dat die rasseverdeling opnuut merkbaar is, en dat die toestand onder die Afrikanervolk onrusbarend is.[260] Joël Krige spreek teenoor genl. Smuts sy kommer uit oor die feit dat die getal Afrikaanssprekende S.A. Party-lede tot 'n minimum daal, soos die onrusbarende afname in hul aantal plattelandse setels ook dui.[261]

Die Bloemfonteinse biskop, Walter Carey, se beroep op die twee hoofrassegroepe in Suid-Afrika om die strydbyl te begrawe en rassewrywing uit te skakel, is in sekere kringe van albei groepe baie gunstig ontvang. Die kommentaar van die redakteur van The People's Weekly hierop is egter 'n goeie aanduiding van die gebrek aan vertroue tussen die twee hooftaal- en hoofpartygroepe: "If Bishop Carey had but half the knowledge of our politicians that many among the older hands could teach him, he would advise no business between parties, except on terms of spot cash, or if that is unobtainable, such next best security as the circumstances may admit of. That, of course, may prove a poor substitute if good faith is wanting by either party. The difficulty in South Africa is not that of getting an agreement in race matters, but getting it honoured."[262]

Genl. Smuts, wat beslis op 'n oorwinning gereken het, het sy nederlaag probeer verklaar. Hulle het hul nie gewend tot metodes van wanorde nie; hulle het nie met valse bewerings mislei nie; hulle het oral 'n beroep op die menslike rede in plaas van die gevoel gedoen; op gesonde verstand eerder as snode vrees.

260. Smuts Papers, V. Smuts aan F.S. Malan, 21.6.29.
261. Smuts-versameling, Band 208. Krige aan Smuts, 16.6.29.
262. The People's Weekly, 5.7.29. Hoofartikel.

Dit is waarom hulle verloor het. Aan Margaret Gillett skryf Smuts dat dit 'n eleksiestelsel is wat sy party geklop het.[263] Teenoor Crewe praat Smuts sy hart uit: "We have lost the fight but have saved our soul, aye the soul of South Africa. Hertzog has stampeded the people into racialism with his black bogey, and has an awful responsibility before history."[264]

Op 18 Junie was die voorlopige en uiteindelike Kabinet van genl. Hertzog bekend en het soos volg daar uitgesien:

J.B.M. Hertzog - Eerste Minister en Minister van Buitelandse Sake
D.F. Malan - Minister van Binnelandse Sake, Volksgesondheid en Onderwys
P.G.W. Grobler - Minister van Lande
N.C. Havenga - Minister van Finansies
C.W. Malan - Minister van Spoorweë en Hawens
F.W. Beyers - Minister van Mynwese en Nywerheid
J.C.G. Kemp - Minister van Landbou
F.H.P. Creswell - Minister van Verdediging
O. Pirow - Minister van Justisie
H.W. Sampson - Minister van Poswese en Telegrafie
E.G. Jansen - Minister van Naturellesake.

Met Roos en Boydell van die politieke toneel, was dit dus na vyf jaar slegs advokate Jansen en Pirow wat as nuwelinge in die Kabinet opgeneem is.

Die Burger het die uittrede van Tielman Roos betreur, maar was vol lof vir die opname van advokaat E.G. Jansen. Selfs die oppposisiekoerante het hul blydskap en tevredenheid uitgespreek oor die insluiting van advokaat Jansen in die Kabinet.[265] Die Volkstem beweer dat hul Jansen se aanstelling as Speaker sou gesteun

263. Smuts Papers, V. Smuts aan M.C. Gillett, 19.6.29.
264. Ibid. Smuts aan Crewe, 19.6.29.
265. Die Burger, 19.6.29. Hoofartikel.

het selfs indien die Suid-Afrikaanse Party die verkiesing sou wen.[266] Ook The Friend is in hul skik met Jansen se aanstelling.[267] Sy benoeming tot Minister van Naturellesake kan dui op 'n beleidsverandering by genl. Hertzog. "It is more than possible that Mr. Jansen's appointment as Minister of Native Affairs is the way out for General Hertzog from a difficult and almost untenable position."[268] Die Londense Saturday Review is van mening dat Jansen se aanstelling 'n behandeling van die Nie-Blanke vraagstuk sonder partystryd moontlik sal maak en dus 'n dreigende gevaar sal afwend.[269] Ons Vaderland ontken op sy beurt dat die Premier sy rug op die Naturellewetsontwerpe gedraai het deur Jansen se aanstelling as Minister van Naturellesake. Hertzog sal sy segregasiebeleid voortsit en hul is ingelig "dat die verandering spesiaal gemaak is om genl. Hertzog in die geleentheid te stel om meer aandag en tyd aan die Naturellevraagstuk en sy segregasie-beleid te gee".[270]

Hierbenewens spreek Die Burger sy blydskap uit oor Creswell en Sampson se opname in die Kabinet, want anders sou die Kabinet suiwer uit Afrikaanssprekendes bestaan het - iets wat rassehaters in die geleentheid sou stel om rassegevoelens op te sweep. Ook sou die stedelike bevolking dan geen regstreekse verteenwoordiging in die Kabinet hê nie. Die redakteur wys daarop dat Creswell opnuut getoon het dat hy landsbelange bo partybelange stel; daarom gaan hul saam die verantwoordelikheid van die landsbestuur

266. Die Volkstem, 19.6.29. Hoofartikel, soos aangehaal in Die Burger, 20.6.29.
267. The Friend, 18.6.29. Mening oor kabinet.
268. Ibid., 21.6.29. Hoofartikel.
269. Saturday Review, 21.6.29, soos aangehaal in Die Burger, 22.6.29. Perskommentaar op Hertzog-kabinet.
270. Ons Vaderland, 20.6.29. Hoofartikel.

dra.[271] Ons Vaderland sien die twee Arbeider-ministers nie juis as verteenwoordigers van die Arbeider-element nie, maar meer in die besonder verteenwoordigend van die nywerheidseksie van die bevolking.[272] Hierdie insluiting van Arbeiderslede in die Hertzog-kabinet het die opposisiepers lustig aan die praat gesit. Hulle bestempel dit as die prys wat genl. Hertzog moes betaal vir die Arbeidersteun gedurende die verkiesing. Die Premier sou ondankbaar en kortsigtig gewees het as hy die Arbeiderministers uitgesluit het uit sy Kabinet. Vir alle praktiese doeleindes beskou hulle dié Kabinet as verteenwoordigend van slegs een seksie van die Suid-Afrikaanse volk, aangesien nòg Creswell, nòg Sampson daarop aanspraak kon maak dat hul verteenwoordigend van Engelssprekende Suid-Afrika is. Hul opname word as blote "vensterversiering" afgemaak.[273] Die feit dat hul as verteenwoordigers van Engelssprekendes beskou word, word deur die Cape Times as weersinwekkend bestempel.[274]

Arthur Barlow, Arbeider-L.V. vir Bloemfontein, voel dat die swakheid van die Kabinet dalk geleë is in die Arbeider-ministers. Kolonel Creswell het nooit uitgeblink in administrasie nie en Sampson is bloot 'n middelmatigheid. Hy voorspel dat 'n breuk miskien tussen dr. Malan en advokaat Pirow, wat nie groot liefde vir mekaar het nie, kon kom. Pirow se simpatie lê soos dié van Roos ook by die National Council-groep van die Arbeiders.[275] Ralph Close wys genl. Smuts daarop dat die aanstelling van twee Creswelliete as ministers vir hom insiggewend is, en op moeilik-

271. Die Burger, 19.6.29. Hoofartikel.
272. Ons Vaderland, 18.6.29. Hoofartikel.
273. Die Volkstem, 19.6.29, soos aangehaal in The Friend, 21.6.29. Hoofartikel.
274. Cape Times, 20.6.29. Hoofartikel.
275. Rand Daily Mail, 22.6.29. Artikel van A.G. Barlow.

heid in die Pakt dui. Dit dui op genl. Hertzog se swak posisie waarin hy hom in sy eie party bevind; anders sou hy nie sulke klein steun gekoop het vir so 'n groot prys nie.[276]

Die opposisiekoerante het ook weinig kritiek op Oswald Pirow uitgespreek. Die redakteur van die Cape Times bestempel hom as 'n knap man, 'n man van die wêreld, 'n realis.[277]

Die opposisiepers het Roos se afwesigheid in die Kabinet om verskillende redes betreur. Hulle voel jammer daaroor omrede die dr. Malan-element daardeur versterk sal word. Genl. Hertzog, 'n weifelende leier, sal swakker as ooit daaraan toe wees en sal homself nie kan handhaaf teen die sterk en dominerende persoonlikheid van die Minister van Binnelandse Sake nie. Roos was een van die min Kabinetslede wat mense daartoe kon bring om Suid-Afrikaans in plaas van rasisties te dink. Hertzog se kabelgramme aan Roos om hom te oorreed om tot die politiek terug te keer word as bluf bestempel, en die opposisiepers is dit eens dat die Premier verheug is oor Roos se uittrede, aangesien hy genl. Hertzog dikwels hoofbrekens besorg het.[278]

So is aan die Pakt-regering die geleentheid tot 'n tweede ampstermyn gegun. Vir die afgesloofde Opposisieleier, wat met sy hoopvolle verwagting deur die uitslag ontnugter is, het dit weer eens meegebring dat hy hom moes aanpas by onverwagte omstandighede. Dit kon Smuts wel op die oog af met groot sukses doen en na buite het dié politieke veteraan oënskynlik ongesteurd

---

276. Smuts-versameling, Band 208. Close aan Smuts, 26.6.29.
277. Cape Times, 20.6.29. Hoofartikel.
278. The Friend, 21.6.29. Hoofartikel; Ibid., 20.6.29. Kommentaar op kabinet; Ibid., 19.6.29. Hoofartikel.

voorgekom. Slegs sy werklike persoonlike vriende was bewus van wat die Opposisieleier in hierdie dae deurgemaak het.

Aan sy Britse vriend, A.B. Gillett, skryf Smuts: "The native peril stampeded the simple-minded and so in a cause of self defence they voted against me. God forgive Hertzog on whose conscience there must be a heavy burden. But he has a curious mentality and probably thinks he has saved white South Africa from my machinations to turn it Black." Hy voeg daaraan toe: "You advise me to leave politics. I wish I could, but the way is not yet clear."[279]

'n Week later skryf hy weer aan die Gilletts dat hy sat is vir politiek, veral vir hul politiek met sy rasistiese inslag - iets wat deur Hertzog en sy span steeds uitgebuit word. Hy spreek sy diepste teleurstelling uit dat hul weer in Suid-Afrika 'n atmosfeer soortgelyk aan dié wat op die Anglo-Boereoorlog gevolg het, ondervind, en dit net ter wille van partypolitiek.[280]

Oor sy eie posisie sou Smuts spoedig duidelikheid verkry en besluit om te volhard in sy taak as Leier van die Opposisie. Hierin is hy deur sy kollegas en vriende bemoedig. Patrick Duncan maan hom om hul lojale volgelinge in die land bymekaar te hou totdat die reaksie op 'n paar verdere jare van wanregering sy tol sal eis.[281] John Martin is oortuig dat die huidige posisie nie 'n permanente vonnis oor hul party uitgespreek het nie.[282] Sir Ernest Oppenheimer, S.A. Party-Volksraadslid vir Kimberley, probeer ook sy leier optimisties stem: "The developments in other

279. Smuts-versameling, Band 209. Smuts aan Gillett, 19.6.29.
280. Ibid. Smuts aan Gilletts, 26.6.29.
281. Ibid., Band 208. Duncan aan Smuts, 14.6.29.
282. Ibid. Martin aan Smuts, 18.6.29.

parts of Africa are colossal and surely a Government that follows a policy which makes it difficult for its citizens to take a part in these developments cannot indefinitely retain the confidence of the people."[283] 'n S.A. Party-ondersteuner wys genl. Smuts op die noodsaaklikheid van die totstandkoming van 'n S.A. Party-Afrikaanse dagblad ten einde met koerante soos Die Burger op gelyke voet mee te ding. Op die platteland veral lees baie Afrikaners net die Afrikaanse nuusblaaie en kry aldus 'n verwronge beeld van politieke sake. Dit verklaar ook grootliks hul swak vertoning op die platteland.[284]

So het die Nasionale Party triomfeer en 'n nuwe politieke en ekonomiese fase betree. Met Roos uit die prentjie, het dit gelyk asof daar groter harmonie en eensgesindheid in die Pakt-kabinet sou wees. Dit sou spoedig blyk 'n illusie te wees.

Die Suid-Afrikaanse Party was in 1929 vas onder die indruk dat hul weer die teuels van die regering sou oorneem, of dan ten minste veel nader daaraan sou kom as wat die geval op 12 Junie werklik was. Die uitslag het die Party tot in sy fondamente geskud, en met dié werklikheid voor oë, sou die S.A. Party met vasberade erns alles in die stryd werp om die wiel aan te draai sodat die speek weer vir hulle bo sou kom. Hierdie vasberadenheid van die opposisie moes dan ook op die lange duur tot konfrontasie met hul Nasionale Party-opponente lei. S.A. Partylede het hulle begin afvra of hul werklik dié stabiele regering uit die kussings sou kon lig, en die wete dat dit moeilik sou wees het hul onrustig, prikkelbaar en emosioneel gestem.

---

283. Ibid. Oppenheimer aan Smuts, 16.6.29.
284. Ibid., Band 209. Townsend aan Smuts, 31.7.29.

Die Arbeidersparty het 'n onbenullige faktor geword. As dit nie vir hul twee Kabinetsministers was nie, sou hul invloed feitlik nie eers kenbaar gewees het nie. Hulle onderlinge verdeeldheid en gebrek aan dryfkrag het hul ernstig benadeel. Creswell se posisie sou algaande verswak, en sy party- en leierskapsprobleme sou die beeld van die Nasionale Party na buite ook laat kwyn. Die twee Arbeider-Ministers, Creswell en Sampson, was 'n erfenis van die tyd waarmee Hertzog en sy party maar moes saamleef, en die Arbeiders se kwynende posisie was water op die meule van die opposisie. John Christie, leier van die Councilliete, het wel na die verkiesingsuitslag verklaar dat sy party onder geen omstandighede die S.A. Party sal steun nie, maar wel vir generaal Hertzog omdat onthou word dat hulle in die verlede in die eerste plek die nywerheidslui verteenwoordig, maar in die praktyk sou dit nie altyd gebeur nie. Christie het hom ook teen Arbeidersverteenwoordiging in die Kabinet van Generaal Hertzog uitgespreek.[285] Joël Krige wys Smuts daarop dat indien die Nasionale Party genoeg verstand het om van die Pakt ontslae te raak, dit nie die S.A. Party se moeilikhede sal verminder nie, maar vermeerder.[286]

Die feit dat die Nasionale Party weer met redelike gemak aan bewind van landsake geplaas is, het 'n sekere element onder die Engelssprekende lede van die S.A. Party begin ontstel. Faktore soos die verkryging van 'n Unievlag, die Duitse handelsverdrag, bevoordeling by aanstellings in die staatsdiens, die moontlike afskaffing van Provinsiale Rade, die strewe na 'n onafhanklike republiek, ensovoorts, het hul bedreig laat voel. Hulle het

285. Die Burger, 15.6.29.
286. Smuts-versameling, Band 208. Krige aan Smuts, 16.6.29.

hulself begin afvra: Langs watter weg en in hoe 'n mate sou hul pro-Britse sentimente tot hul reg kom? Sou hul ooit weer daarin slaag om aan bewind te kom? Kan en sal genl. Smuts hul belange na behore behartig? Vrese soos hierdie het veral Engelssprekendes in Natal geforseer om in die rigting van devolusie en sesessie te dink. Genl. Smuts is gevolglik met 'n Devolusioniste-element binne sy eie party gekonfronteer. Onder leiding van Heaton Nicholls, S.A. Party-L.V. vir Zoeloeland, sou die Devolusioniste, bevrees vir Afrikaner-oorheersing, geleidelik al sterker vir afskeiding van die Unie begin agiteer. Die Devolusioniste se houding was in stryd met die opvattings van Smuts, wat 'n sterk voorstander van 'n Unie was. Feit is dat die opposisie uit uiteenlopende elemente bestaan het wat slegs deur Smuts se bekwame leiding bymekaar gehou is. Benewens die Natalse Devolusioniste was daar 'n pro-Britse groep in die hawestede en Johannesburg, 'n kapitalistiese groep, die nasleepsel van die ou Randse mynmagnate, Kaapse liberaliste, en ou Botha-aanhangers, veral op die Transvaalse platteland. Ná die algemene verkiesing van 1929 het Smuts reeds begin besef dat sy S.A. Party-beleid en sy persoon nie die hart van die volk kon aanraak nie. Waar die Britsgesinde Afrikaanssprekende 'n byna fanatiese bewondering vir Smuts gehad het, het die Afrikaner-Nasionalis die Opposisieleier met agterdog bejeën.

Binne Nasionale Party-geledere was genl. Hertzog in 'n feitlik soortgelyke posisie as Smuts ten opsigte van onderlinge partyverdeeldheid. Die oortuigde republikeine soos ds. L.P. Vorster en dr. N.J. van der Merwe het met krag 'n republiek bepleit. Hulle het hul so sterk uitgelaat oor 'n republiek dat Hertzog

dit nodig geag het om die republikeine te vermaan om versigtig te wees met hul uitlatings. Hertzog het klaarblyklik nie hul sienswyse gedeel nie. Die replublikeine het alles in die werk gestel om die wysiging van artikel 4[287] herroep te kry, dog sonder sukses. Die republikeine was potensieel 'n gevaar vir Hertzog se leierskapsposisie en het klaarblyklik onbewustelik tot die verswakking van die N.P.-leier se posisie bygedra.

Op 10 Desember 1930 het Hertzog te Pretoria 'n versoenings-beleid met die S.A. Party as aanvaarbaar vir die Nasionale Party bestempel, mits dit nie op 'n basis van eensydige opoffering sou geskied nie.[288] Die saad vir koalisie tussen die twee groot Suid-Afrikaanse politieke partye is dus reeds in 1929 en 1930 gesaai, en wel in die vorm van verdeeldheid in albei partye, terwyl die deurslaggewende faktor vir koalisie in die depressie wat Suid-Afrika sedert 1929 ekonomies laat wurg het, geleë is.

Met die Pakt andermaal aan bewind, het die Premier hom ten doel gestel om die Nie-Blanke vraagstuk langs die weg van segregasie op te los, en nou sou dit sy voorneme wees om hom ernstig aan dié taak te wy - 'n doelstelling wat hy egter nie sonder steun van ten minste 'n deel van die opposisie sou kon verwesenlik nie. Gevolglik sou hy sy opponente meer taktvol en versigtig moes benader ten einde hul "sag te maak". Dit het die verhoudingsituasie tussen die twee hoofpartye voordelig beïnvloed. Hertzog se taak sou egter bemoeilik word weens die rassekloof tussen die twee partye wat na en tydens die verkiesing vergroot is.

Tog was daar vele Suid-Afrikaners wat soos biskop Carey 'n

---

287. Sien Hoofstuk 3.
288. C.M. van den Heever, Generaal J.B.M. Hertzog, Johannesburg, 1944, pp.590-1.

innige strewe na rassevrede en politieke rus in die Unie gehad het. Reeds in April het die Natal Advertiser voorspel dat die ekstremiste se tyd verby is, en dat die volk 'n neiging toon om die beste wat in die party is te sif en te probeer om hulle in 'n nuwe party te beliggaam.[289]

Veral voor die verkiesing het baie stemme vir 'n hergroepering van partye opgegaan. 'n Paar dae voor die verkiesing het dr. N.J. van der Merwe nog vyf voorwaardes vir 'n koalisie met die Suid-Afrikaanse Party gestel: Dat die S.A. Party die ou Unionistiese Nie-Blanke beleid sal laat vaar; dat hulle sal ophou om staatsondersteunde immigrasie te bepleit; dat Afrikaans- en Engelssprekendes, veral in die staatsdiens op 'n grondslag van absolute gelykheid behandel sal word; dat die S.A. Party nie langer die kapitalisme sal verteenwoordig nie, aangesien dit in stryd is met die breë belange van die mens as geheel; en dat hul volkome genees is van die kroonkolonie-kompleks.[290]

Verskeie faktore wat verdeeldheid tussen die twee hoofpartye veroorsaak het, is teen 1929 uit die weg geruim. Die republikeinse vraagstuk is as gevolg van die wysiging van artikel 4 vir baie meer mense aanvaarbaar gemaak. Voor die verkiesing het Stuart Franklin reeds aan genl. Smuts geskryf: "The fact that the Government is evidently determined to make use of its Native Bills as an Election Cry and that the Opposition is compelled to make use inter alia of the German Treaty in appealing to the People, illustrate the point that Hofmeyr and other have been making that the present Political Divisions are merely traditional and provisional."[291]

289. Natal Advertiser, soos aangehaal in Die Burger, 4.4.29.
290. The Friend, 8.6.29. Van der Merwe te Brandfort.
291. Smuts-versameling, Band 208. Franklin aan Smuts, 28.2.29.

Teen die helfte van April 1929 skryf J.H. Hofmeyr aan genl. Smuts dat dit vir hom duidelik is dat wat ookal met die eleksie plaasvind, die tyd wel sal aanbreek wanneer daar nouere samewerking sal moet kom tussen die S.A. Party en die Nasionale Party. Met die oog hierop sal dit miskien van belang wees dat daar iemand van S.A. Party-kant is wat nie aan die stryd deelgeneem het nie.[292]

Met die onverwagte goeie meerderheid wat die Nasionale Party behaal het, is die ideaal van vereniging tussen die twee partye tydelik verpletter. Tog was dit 'n ideaal wat by gematigdes in albei kampe bly voortleef het. Dit was dikwels slegs kleiner sentimentele oorwegings wat ondersteuners van 'n party binne hul party gehou het. Soos ene T.J. Stander van Mowbray dit stel: "Die vernaamste faktor egter wat vandag hierdie twee teenstrydige elemente, naamlik die wat die Unionistiese beginsels huldig en die seksie wat nog by die ou S.A.P.-beginsels staan bymekaar hou en verhoed dat laasgenoemde seksie by die Nasionale Party aansluit, is 'n gemeenskaplike vooroordeel teenoor die Nasionale Party, gegrond hoofsaaklik op 'n oordrewe verskil tussen die gevoelens van die Nasionale en S.A. Party teenoor die Britse Ryk, en alles wat Brits is in die algemeen."[293]

Nou, ná twee beslissende nederlae, was die Suid-Afrikaanse Party vasberade om uit die as van vernedering op te staan, om hul as party te konsolideer en weer eens aan die roer te staan in die vaarwaters van die Unie. Die dringende behoefte aan jong leiers sou lei tot die toetrede van manne soos die begaafde Jan Hofmeyr in Johannesburg-Noord. In dié opsig was die Nasionale

292. Ibid. Hofmeyr aan Smuts, 11.4.29.
293. Die Burger, 7.5.29. Brief van T.J. Stander.

Party in 'n gunstiger posisie met uitstaande jong leiers soos C.R. Swart, F.C. Erasmus, Oswald Pirow, S.P. le Roux, J.G. Strijdom en andere.

Iets waaroor veral die Nasionale Party verwyt is na afloop van dié verkiesing was die wanordelike vergaderings. Die redakteur van The People's Weekly voer aan dat geen S.A. Party-gehoor ooit 'n vergadering ontwrig of beheer het as dit deur 'n ander party belê is nie. "Such conduct is not only unfair but is a lamentable breach of good manners and the decencies of public life." Vergaderings wat die Suid-Afrikaanse Party georganiseer het, is deur betaalde huurlinge van die Nasionale Party bygewoon wie se hoofdoel was om te verhoed dat hul opponente hoorbaar is. Genl. Hertzog word verkwalik dat hy nie sy invloed gebruik het om sodanige optrede onmiddellik in die kiem te smoor nie.[294] Die Suid-Afrikaanse Party was egter net so skuldig aan politieke boewery op vergaderings as wat die geval met die Pakt was. Na afloop van die rampspoedige vergadering van 6 Mei in Durban waartydens Marwick vir Boydell te lyf gegaan het, het die Rand Daily Mail se redakteur 'n hoofartikel onder die opskrif "Hooliganism not all on one side" geplaas. Hierin betreur hul die optrede van Marwick en wys daarop dat hy nie in staat is om die regering vir iets positiefs krediet te gee nie. Marwick glo dat die regering se motiewe korrup is en dat hul altyd verkeerd is.[295]

Benewens 'n vergrote meerderheid in die Volksraad was die Nasionale Party ook nou in die gunstige posisie dat hul voortaan in 'n gerekonstrueerde Senaat ook die hef in die hande sou hê.

294. The People's Weekly, 14.6.29. Hoofartikel.
295. Rand Daily Mail, 8.5.29. Hoofartikel.

Pakt-wetgewing sou dus nie meer deur die opposisie vertraag kon word nie. Hierdeur sou wrywing tussen die twee partye ook verminder word, sodat 'n hergroepering makliker binne bereik was, terwyl die voorstanders van sodanige gedagte steeds hiervoor 'n agterdeur bly oophou het. Indien die "mooi" ideaal dan nou nie verwesenlik sou kon word nie, sou hulle hul met die woorde van ene P. Krone van Kroonstad vereenselwig: "In the critical time ahead of the Government, may the Opposition always be in a generous mood by assisting the Government instead of hampering it. Every fair-minded member of Parliament holds a brief for his country and not his Party."[296]

296. The Friend, 24.6.29. Brief van P. Krone.

S L O T

Dit ly geen twyfel dat die eerste bewindstermyn van die Pakt-regering 'n tydperk van besondere belang in die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis was nie. Velerlei faktore het daartoe meegewerk om dié Pakt-bewindstydperk so 'n belangrike aanskyn te gee.

In die 1924-verkiesing het die eerste politieke bewindsverandering in die Unie van Suid-Afrika werklikheid geword. Die blote feit dat die Nasionale Party saam met hul Arbeidersbondgenote die Suid-Afrikaanse Party uit die kussings gelig het, het 'n nuwe verhoudingsituasie tussen die twee hoofpartye in die hand gewerk. Beide die twee groot Suid-Afrikaanse politieke partye moes hul ten opsigte van die nuwe politieke situasie reoriënteer. Die S.A. Party moes die feit aanvaar dat hulle nou die amptelike opposisie was en as sodanig in die minderheid in die Volksraad sou wees, terwyl die Nasionale Party eensklaps nuwe status as regering van die land sou kry. Die Nasionale Party het dus nie meer nodig gehad om slegs te teoretiseer nie, maar kon ook gemeenskaplike Nasionale Party-ideale verwerklik en praktiese politiek maak.

Die nuwe posisie van krag waarmee die Nasionale Party kon optree, het die S.A. Party ontstel en hul gebondenheid aan die Britse Ryk en Brittanje 'n steeds dringender noodsaaklikheid gemaak. Die amptelike erkenning van Afrikaans; die indiening van die Vlag- en Nasionaliteitswetsontwerp; die Nasionale Party se standpunt vir die oplossing van die Nie-Blanke vraagstuk deur middel van 'n segregasiebeleid; die moontlike implikasies van

die Balfour-verklaring; die sluiting van die Duitse handelsverdrag in 1928; en die gevreesde, waarskynlike afskaffing van Provinsiale Rade het daartoe meegewerk om 'n bepaalde element in die S.A. Party-geledere verslae en ontnugter te maak. Vir die S.A. Party is dié stappe van die Pakt-regering as 'n sessiebeweging, 'n beweging weg van die Britse Ryk, gesien.

Tog het die S.A. Party bly hoop en bly glo dat die volgende verkiesing die Pakt-bewind sou beëindig. Die uitslae van die 1929-verkiesing was egter 'n groot ontnugtering vir die S.A. Party, want die Pakt is nie net weer aan bewind geplaas nie, maar het ook met 'n meerderheid van 17 setels bo die S.A. Party veel sterker as in 1924 uit die stryd getree. Waar die rasse- en partyverhouding gedurende 1924-1929 deur veral die vlagstryd, die strewe na groter staatkundige onafhanklikheid, die Duitse handelsverdrag en die moontlike afskaffing van Provinsiale Rade tot 'n hoogtepunt gevoer is, is die S.A. Party se hoop op bewindsoorname in 1929 verydel. Die moontlikheid om verdere Nasionale Party-aspirasies langs dié weg 'n nekslag toe te dien, het met die uitslag van dié verkiesing skielik nie meer so moontlik geblyk nie.

Dit was veral in Natal met sy Britse inslag waar die Engelssprekende aanhangers van die Suid-Afrikaanse Party hul sedert 1929 almeer deur die Afrikaanssprekende Nasionale Party-volgelinge bedreig gevoel het. In die geledere van die Natalse S.A. Party-ondersteuners het stemme vir devolusie en afskeiding van die res van die Unie gevolglik sterk begin opgaan. Hulle het die vrees begin koester dat die Nasionale Party gekom het om te bly.

Aan die begin van die tweede bewindstermyn van die Pakt het omstandighede Engelsgesinde S.A. Party-lede onrustig gestem. Tielman Roos, wat sedert die vlagskikking in toenemende mate rasseversoening en harmonie tussen die twee hoofpartye probeer bewerkstellig het, het sedert die 1929-verkiesing weens gesondheidsredes tydelik van die politieke toneel verdwyn. Die kalmerende invloed wat Roos op sommige S.A. Party-ondersteuners gehad het, is deur Roos se uittrede grootliks ongedaan gemaak.

Hoewel die Arbeidersparty reeds teen 1928 in twee geskeur en as party weinig invloed meer gehad het, het genl. Hertzog tog nog van die Creswelliete in 1929 in sy Kabinet opgeneem. Dit het beslis die S.A. Party tot 'n reorganisering van partye minder geneë gemaak vanweë die diepe afkeur wat hul teenoor die Arbeidersparty veral weens hul aandeel in die vlagstryd en die Duitse handelsverdrag gehad het. Indien die Nasionale Party in 1929 nie 'n Pakt-regering met die Arbeidersparty tot stand gebring het nie en op eie sterkte die regering gevorm het, sou die kanse op 'n moontlike reorganisasie van partye of hereniging klaarblyklik aansienlik groter gewees het.

Vanaf 1924 tot 1929 het die Pakt-regering van krag tot krag gegaan. Teen 1929 het dit egter duidelik geword dat die ekonomiese bloeitydperk eintlik van korte duur was, aangesien Suid-Afrika, soos die res van die wêreld, in die knelgreep van 'n ekonomiese depressie vasgevang is. Dit sou die ekonomiese probleme van die dag baie sterker as vroeër op die voorgrond dwing. Rondom die oplossing van die ekonomiese probleme sou nuwe en ernstige twispunte tussen die Suid-Afrikaanse- en die Nasionale Party na vore tree en partyverhoudinge beïnvloed. Die Nasionale Party en sy

bondgenote was net nie by magte om die snelle ekonomiese insinking te verhoed nie. Dikwels moes die Nasionale Party ook op grond van sy onvermoë tot die bekamping van ekonomiese vraagstukke, van sy gewildheid inboet.

Die republikeinse kwessie het vanaf 1929 algaande sterker op die voorgrond getree en onderlinge verdeeldheid binne die Nasionale Party aan die hand gewerk. Dit sou in 1930 op die stigting van die Republikeinse Bond uitloop, 'n stap wat die Natallers se vrees vir 'n verslapping of verbreking van die bande met Brittanje en die Britse Ryk verhoog het. Die verskerpte republikeinse agitasie het dus as stimulus vir die Natalse Devolusiebeweging van Nicholls en sy geesgenote gedien.

Gedurende die eerste bewindstermyn van die Pakt is deure vir die toekoms geopen en die sade vir latere koalisie tussen die Suid-Afrikaanse- en Nasionale Party reeds gesaai. Die skikking van 'n belangrike partypolitieke twispunt soos die daarstel van 'n eie nasionale vlag vir Suid-Afrika, het baie Suid-Afrikaners onder die besef gebring dat die kloof tussen die Nasionale Party en die S.A. Party nie werklik onoorbrugbaar was nie. Genls. Hertzog en Smuts se optrede het die feit bevestig dat hulle ook op ander belangrike terreine kon saamwerk.

'n Praktiese oplossing vir die Naturellevraagstuk is vir die eerste keer in 1925 ter tafel gelê en vanweë die feit dat artikel 35 verskans was, moes genl. Hertzog versoening met sy politieke opponente probeer bewerkstellig ten einde sy Naturellebeleid te kon deurvoer. Om die rede sou genl. Hertzog self ná 1929 hom steeds daarvoor beywer om versoening met die S.A. Party te bewerkstellig. Slegs met die steun van sy politieke opponen-

te sou hy sy segregasiebeleid in sy volle konsekwensies kon deurvoer.

Vir die Afrikaanssprekende ondersteuner van die Nasionale Party het die Pakt-bewind van 1924 tot 1929 veel vreugde ingehou en belangrike mylpale tot verwesenliking gebring. Sy eie taal is amptelik erken; sy onafhanklikheidstrewe is in 1926 in 'n belangrike mate deur die Balfour-verklaring eerbiedig en erken; vanaf 1927 het 'n eie nasionale vlag tot oor die verste uithoeke van Suid-Afrika gewapper; en deur middel van die Duitse-handelsverdrag en die Mosambiekse ooreenkoms het die Nasionale Party ook sy ekonomiese onafhanklikheid gedemonstreer.

Die Afrikaner-Nasionalis was teen 1929 nie alleen ryper aan ervaring ten opsigte van die landsadministrasie nie, maar konfrontasies met die S.A. Party en die suksesvolle hantering van sodanige konfrontasies het die ondersteuner van die Nasionale Party 'n groter mate van selfvertroue gegee. Hoewel die ondersteuner van die Nasionale Party hom nog deur die Engelssprekende S.A. Party-ondersteuner bedreig gevoel het, het hy in 'n toenemende mate besef dat hy met vrug sy ideale langs dié van die S.A. Party-aanhanger kon uitleef en met sukses kon deurvoer.

Wanneer die politieke stryd tussen die Nasionale- en Suid-Afrikaanse Party gedurende 1924 tot 1929 in oënskou geneem word, blyk dit duidelik dat die hoofskeidslyn tussen dié twee partye in hul rasseverskille en -sentimente geleë was. Die neiging om op rassegrondslag te verdeel spruit voort uit die Nasionale Party se nasionalistiese Suid-Afrikaanse sentiment, terwyl die S.A. Party in wese imperialisties en Britsgesind was. Juis hierdie verskil het die probleme van die Suid-Afrikaanse partye ten

grondslag gelê. Die S.A. Party, en veral sy Natalse ondersteuners, was oortuig dat die Nasionale Party deur sy strewe na Afrikaner-oorheersing geïnspireer word. Die Nasionale Party was op sy beurt van mening dat die S.A. Party 'n verdeelde lojaliteit teenoor sy land gehad het en Britse voorkeur bo Suid-Afrikaanse voorkeur gestel het. Waar die Suid-Afrikaanse Party gevoel het dat hul opponente geleidelik besig was om Britse bande losser te maak, was die Nasionale Party die mening toegedaan dat hul politieke teenstanders in gebreke gebly het om die "Suid-Afrika eerste-beleid" in die praktyk ten uitvoer te bring. Die twee partye was nie in staat om hul van hul party se rassegrondslag los te maak nie en die partyverhouding tussen die twee groot Suid-Afrikaanse partye is grootliks deur hul rasse-sentimente en rasse-voorkeure bepaal. Soos die redakteur van The Natal Witness dit stel: "Where politics are complicated - and cursed - by racial difficulties as in South Africa the inherent evils of the party system are accentuated, because the tendency is to divide on racial lines."[1]

1. The Natal Witness, 6.8.25. Hoofartikel.

BIBLIOGRAFIE EN BRONNELYS

I. ARGIVALE BRONNE

A. Ongepubliseerde bronne

Instituut vir Eietydse Geskiedenis, U.O.V.S., Bloemfontein:

P.V. 12 : G.F.H. Bekker-versameling
P.V. 3 : L. Blackwell-versameling
P.V. 39 : W.B. de Villiers-versameling
P.V. 38 : J.H.O. du Plessis-versameling
P.V. 144 : T.F. Hurly-versameling
P.V. 94 : E.G. Jansen-versameling
P.V. 157 : M.M. Jansen-versameling
P.V. 42 : A.H. Jonker-versameling
P.V. 4 : E.H. Louw-versameling
P.V. 90 : C.W. Malan-versameling
P.V. 34 : M.P.A. Malan-versameling
P.V. 16 : D.J. Mostert-versameling
P.V. 18 : C.R. Swart-versameling
P.V. 36 : A.C.A. van Rooy-versameling
P.V. 22 : Die Volksblad-versameling.

Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad:

Aanwins A.C.C. 583 : F.S. Malan-versameling.

Sentrale Argiefbewaarplek, Pretoria:

Aanwins A75 : T. Boydell-versameling
Aanwins A3 : F.H.P. Creswell-versameling
Aanwins A58 : L. Esselen-versameling
Aanwins A32 : J.B.M. Hertzog-versameling
Aanwins A878 : J.S. Smit-versameling
Aanwins A1 : J.C. Smuts-versameling
Aanwins A2 : J.G. Strijdom-versameling.

Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria:

Aanwins 787 : G.S. Preller-versameling.

Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein:

Aanwins 110 : N.J. van der Merwe-versameling.

B. Gepubliseerde Bronne

a) Amptelik:

Debates of the House of Assembly of the Union of South Africa as reported in the Cape Times, 1923.

Unie van Suid-Afrika. Buitengewone Staatskoerant, 27.7.1923, 27.6.1924 en 22.2.1929.

Unie van Suid-Afrika. Debatte van die Senaat, 1924-1929.

Unie van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad, 1924-1929.

b) Nie-amptelik:

Hancock, W.K. en Van der Poel, Jean (reds.), Selections from the Smuts Papers, Vol. V, Cambridge, University Press, 1966 en 1973.

II. PERIODIEKE PUBLIKASIES

A. Koerante:

Die Afrikaner, 1927
Die Burger, 1921-1924, 1957
The Cape Argus, 1925-1929
Cape Times, 1924-1929
Dagblad, 1926
The Daily Despatch, 1929
Diamond Fields Advertiser, 1926-1929
The Eastern Province Herald, 1926
Forward, 1926
The Friend, 1923-1933
The Guardian, 1924-1926
Kroonstad Times, 1926
Natal Advertiser, 1925-1929
The Natal Mercury, 1925-1929
The Natal Witness, 1924-1928
Ons Koerant, 1927
Ons Land, 1917 en 1929
Ons Vaderland, 1924-1929
The People's Weekly, 1923-1929
The Pretoria News, 1925-1926
Rand Daily Mail, 1917 en 1924-1929
The Star, 1916 en 1923-1929
The Sunday Times, 1924 en 1927
Times of Natal, 1924
Umteteli wa Bantu, 1925
Die Volksblad, 1924-1933
De Volkstem, 1915 en 1919 en 1923-1925
Die Volkstem, 1926-1929
Die Weste, 1926.

B. Tydskrifte:

American Historical Review, Nr. 2, January 1956
The British and South African Export Gazette, Junie 1927
The Economist, 1928
The Farmer's Weekly, Augustus 1925
Hertzog-Annale, Desember 1953-Desember 1967

Journal of Commonwealth Studies, I, No. 3, November 1962
Kommando, Maart 1953
Race Relation Journal, No. 3, 1947
The Round Table, Vol. 50-97, Maart 1923-Desember 1934
South Africa, Oktober 1929
The South African Nation, 1924-1928
Die Taalgenoot, Mei 1957 en Augustus 1967
Zuid-Afrika, 1927.

III. GEPUBLISEERDE WERKE

Albertyn, C.F. (red.), Ensiklopedie van die Wêreld, Deel I. (Stellenbosch, 1971.)

Barlow, A.G., Almost in Confidence. (Kaapstad, 1952.)

Barlow, A.G., That we may tread safely. (Kaapstad, 1960.)

Blackwell, L., African Occasions; reminiscences of thirty years of Bar, Bench and politics in South Africa. (London, 1938.)

Blackwell, L., Blackwell Remembers. (Cape Town, 1971.)

Botha, J.H., Unie-Finansies. 'n Kritiese ontleding. (Kaapstad, 1936.)

Boydell, T., My Luck was in, with spotlights on general Smuts. (Cape Town, 1948.)

Boydell, T., My luck's still in; with more spotlights on general Smuts. (Cape Town, 1948.)

Calphin, G.H., There are no South Africans. (London, 1941.)

Cloete, B., Die Lewe van Senator F.S. Malan - President van die Senaat. (Johannesburg, 1946.)

Crafford, F.S., Jan Smuts : 'n biografie. (Kaapstad, 1947.)

Creswell, M., An epoch of the political history of South Africa in the life of Frederick Hugh Page Creswell. (Cape Town, 1956.)

Cronje, G., Afrika sonder die Asiaat; die blywende oplossing van Suid-Afrika se Asiatevraagstuk. (Johannesburg, 1946.)

Dawson, E.B. en Robertson, T.C. (reds.), Greater South Africa. Plans for a Better World: The Speeches of General J.C. Smuts. (Johannesburg, 1940.)

De Kiewiet, C.W., A History of South Africa, social and economic. (Oxford, 1941.)

De Kock, M.H., The Economic Development of South Africa. (London, 1936.)

Evans, I.C., Native policy in Southern Africa : an outline. (Cambridge, 1934.)

Geyser, O. en Marais, A.H. (reds.), Die Nasionale Party. Agtergrond, stigting en konsolidasie, Deel I. (Kaapstad, 1975.)

Goosen, D.P. (red.), Die Triomf van Nasionalisme in Suid-Afrika (1910-1953), insluitende 'n volksalbum van nasionale kampvegters in die Algemene Verkiesingstryd, 1953. (Johannesburg, 1953.)

Grosskopf, J.F.W., Die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika: Plattelands-verarming en plaasverlating. Verslag van die Carnegie-Kommissie. (Stellenbosch, 1932.)

Hancock, W.K., Smuts: The fields of force, 1919-1950. (Cambridge, 1968.)

Hancock, W.K., Smuts: the sanguine years 1870-1919. (Cambridge, 1962.)

Hellman, E. (red.), Handbook on Race Relations. (London, 1949.)

Kemp, J.C.G., Die Pad van die veroweraar. (Kaapstad, 1946.)

Kentridge, M., I recall; memoirs of Morris Kentridge. (Johannesburg, 1959.)

Keppel-Jones, A., South Africa : a short history. (London, 1966.)

Krüger, D.W., The Age of the generals : a short political history of the Union of South Africa, 1910-1948. (Johannesburg, 1958.)

Krüger, D.W., The Making of a Nation : a history of the Union of South Africa, 1910-1961. (Johannesburg, 1969.)

Krüger, D.W. (ed.), South African parties and policies 1910-1960; a select source book. (Cape Town, 1960.)

MacDonald, T., Jan Hofmeyr; heir to Smuts. (London, 1948.)

MaCrone, J.J., South African Struggle. (Pretoria, s.d.)

Malan, D.F., Afrikaner-volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen. (Kaapstad, 1961.)

Malan, D.F., Glo in u volk. D.F. Malan as redenaar 1908-1954. Samestelling en inleiding deur J.J.J. Scholtz en S.W. Pienaar. (Kaapstad, 1964.)

Malan, M.P.A., Die Nasionale Party van Suid-Afrika : sy stryd en sy prestasies 1914-1964. (Pretoria, 1964.)

Malan, M.P.A., en Van Rensburg, M.C., Verkiesingsuitslae 1910-1943 : met volledige naamlys van Volksraadslede vanaf 1910. (Bloemfontein, 1943.)

Marais, J.S., The Cape Coloured People 1652-1937. (Johannesburg, 1968.)

Meiring, P., Ons eerste ses premiers. (Kaapstad, 1972.)

Meiring, P., Tien politieke leiers; manne na aan ons premiers. (Kaapstad, 1973.)

Millin, S.G., General Smuts. (London, 1936.)

Mulder, C.P. (red.), Die Eerste skof van die Nasionale Party in Transvaal, 1914-1964. (Johannesburg, 1964.)

Muller, C.F.J., Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis. (Kaapstad, 1970.)

Neame, L.E., General Hertzog, Prime Minister of the Union of South Africa since 1924. (London, 1938.)

Nicholls, G.H., South Africa in my time. (London, 1967.)

Pachai, B., The International Aspects of the South African Indian Question 1860-1961. (Kaapstad, 1971.)

Palmer, M., The History of the Indians in Natal. (Cape Town, 1957.)

Parlementêre Register, 1910-1961. Uitgegee deur die Volksraad. (Kaapstad, 1970.)

Paton, A., Hofmeyr. (London, 1971.)

Pirow, O., James Barry Munnik Hertzog. (Cape Town, 1957.)

Reitz, H., en Oost, H. (reds.), Die Nasionale Boek : 'n Geskiedenis van die ontstaan en Groei van die Nasionale Party van Suid-Afrika. (Johannesburg, 1931.)

Rhoodie, D.O., Suid-Afrika : van koloniale onderhorigheid tot soewereine onafhanklikheid. (Johannesburg, 1974.)

Scholtz, G.D., Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe, 1888-1940. (Johannesburg, 1944.)

Scholtz, G.D., 'n Swart Suid-Afrika? (Kaapstad, 1964.)

Schumann, C.G.W., The World Depression, South Africa and the Gold Standard. (Kaapstad, s.d.)

South African Newspapers available on Microfilm. Published by The State Library. (Pretoria, 1975.)

Streak, M., The Afrikaner as viewed by the English, 1795-1854. (Kaapstad, 1974.)

Stultz, N., Afrikaner Politics in South Africa, 1934-1948. (Los Angeles, 1974.)

Van Biljon, F.J., State interference in South Africa. (London, 1939.)

Van den Heever, C.M., Generaal J.B.M. Hertzog. (Johannesburg, 1944.)

Van der Walt, A.J.H.; Wiid, J.A.; Geyer, A.L.; Krüger, D.W. (reds.), Geskiedenis van Suid-Afrika. (Kaapstad, 1971.)

Van der Walt, N.G.S., Die Republikeinse strewe. Dryfvere en probleme binne die Suid-Afrikaanse partypolitiek, 1902-1961. (Potchefstroom, 1969.)

Van Jaarsveld, F.A., Van Van Riebeeck tot Verwoerd, 1652-1966. (Johannesburg, 1971.)

Van Jaarsveld, F.A., en Scholtz, G.D. (reds.), Die Republiek van Suid-Afrika : agtergrond, ontstaan en toekoms. (Johannesburg, 1966.)

Van Rooyen, J.J., Die Nasionale Party : sy opkoms en oorwinning - Kaapland se aandeel. (Kaapstad, 1956.)

Van Schoor, M.C.E., en Van Rooyen, J.J., Republieke en Republikeine. (Kaapstad, 1960.)

Walker, E.A., A History of Southern Africa. (London, 1957.)

IV. GEPUBLISEERDE EN ONGEPUBLISEERDE VERHANDELINGE EN PROEFSKRIFTE

Brits, J.P., Die Totstandkoming van die Paktregering van 1924. (M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1971.)

Coetzee, D.J.J., Die Geskiedenis van die Nasionale Party, 1914-1921. (M.A.-verhandeling, U.O.V.S., Bloemfontein, 1967.)

Corbett, J.E., A Study of the Capetown Agreement. (M.A.-verhandeling, Universiteit van Kaapstad, Kaapstad, 1947.)

Fick, A.J., Die Ontstaan van die Dominiumparty van Suid-Afrika. (M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1972.)

Human, F.J., Die Totstandkoming van die Unievlag. (M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1960.)

Jonck, L.M., Afrikaner-Republikanisme. (M.A.-verhandeling, U.O.V.S., Bloemfontein, 1955.)

Kriek, D.J., Generaal J.B.M. Hertzog se opvattings oor die verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes na Uniewording. (D.Phil., Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1971.)

Lewis, R.A., A Study of Some Aspects of the Poor White Problem in South Africa. (M.A.-verhandeling, Universiteit van Rhodes, Grahamstad, 1973.)

Marais, C., Die Nasionale Opposisie, 1921-1924. (M.A.-verhandeling, U.O.V.S., Bloemfontein, 1970.)

Pachai, B., The Emergence of the South African Indian as an International Issue. (Ph.D., University of Natal, Durban, 1962.)

Van der Schyff, P.F., Die Unioniste Party in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1910-1921. (M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1964.)

Van der Schyff, P.F., Eric H. Louw in die Suid-Afrikaanse Politiek tot 1948. (D.Litt., P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1974.)

Van Heerden, F.J., Die Randse Staking van 1922. (M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1965.)

Vickers, B.C., Natal and the Provincial Councils, 1929-1932. (M.A., University of Natal, Durban, 1970.)

V. ARTIKELS

Davenport, T.R.H., Nationalism and Concilliation : The Bourassa-Hertzog Posture", in Hertzog-Annale, Nr. 16, Desember 1963.

Davenport, T.R.H., "The Triumph of Colonel Stallard : The Transformation of the Natives (Urban Areas) Act between 1923 and 1937", in Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, Nr. 2, November 1970.

De Wet Nel, M.D.C., "Generaal J.B.M. Hertzog : beslaggewer van die Bantoe-beleid van die Republiek van Suid-Afrika", in Hertzog-Annale, Nr. 15, Desember 1962.

Duncan Hall, H., "The Genesis of the Balfour declarations of 1926", in the Journal of Commonwealth Studies, Vol. I, No. 3, November 1962.

Eiselen, W.W.M., "Generaal Hertzog se Bantoebeleid en die uitbouing daarvan deur sy opvolgers", in Hertzog-Annale, Nr. 20, Desember 1967.

"Indian Imbroglio", in Race Relations Journal, Vol. XIV, Nr. 3, 1947.

Kapp, P., "Ons Nasie se Grondbrief", in Die Taalgenoot, Augustus 1967.

Kettley, G.M., "Toesprake van Generaal Hertzog in die Parlement - 'n volledige indeks", in Hertzog-Annale, Nr. 20, Desember 1967.

Krüger, C.M., "Die ontstaan en waarde van Yskor vir die Republiek van Suid-Afrika", in Hertzog-Annale, Nr. 16, Desember 1963.

Krüger, D.W., Genl. Hertzog en die Arbeidersparty 1923-1930", in Hertzog-Annale, Nr. 20, Desember 1967.

Lovell, C.R., "Afrikaner Nationalism and Apartheid", in American Historical Review, Vol. LXI, Nr. 2, January, 1956.

McQuade, J.G., "How South Africa got its National Flag" in Reitz, H., en Oost, H., Die Nasionale Boek : 'n Geskiedenis van die ontstaan en Groei van die Nasionale Party van Suid-Afrika, Johannesburg, Nasionale Boekmaatskappy, 1931.

Nelson, W., "It began with Hertzog - 20 000 Miners strike", in The Star, 26.6.58.

Nelson, W., "A Nationalist Cabinet - Hertzog keeps his promises to the Labour Party", in The Star, 27.6.58.

Nelson, W., "Gold Standard Crisis", in The Star, 30.6.58.

Pelzer, A.N., "De Wildt-toespraak van Generaal Hertzog in die lig van latere gebeure", in Hertzog-Annale, Nr. 14, Desember 1961.

Pirow, O., "Genl. Hertzog as Staatsman", in Hertzog-Annale, 2de Jaargang, November 1953.

Scholtz, G.D., "Genl. Hertzog en die Internasionale Politiek", in Hertzog-Annale, Nr. 7, Desember 1954.

Swart, C.R., "Die Groot Baklei van 1924", in Die Volksblad, 17 Junie 1974.

Swart, C.R., "Die goue dag toe Afrikaans erken is", in Die Volksblad, 7 November 1974.

Swart, C.R., "Kleur laat Smuts val in '24 se Groot Baklei", in Die Volksblad, 1 November 1974.

Steinmeyer, J., "Die Geskiedenis en Betekenis van die Suid-Afrikaanse Vlag", in Kommando, Maart 1953.

"Toespraak van Generaal Hertzog op Smithfield, 13.11.25", in Hertzog-Annale, Nr. 16, Desember 1963.

Van As, B.S., "Enkele beskouings oor die Naturellebeleid van generaal J.B.M. Hertzog" in Hertzog-Annale, Nr. 9, Desember 1956.

Van As, B.S., "Aanvullende opmerkings by 'Enkele beskouings oor die Naturellebeleid van wyle Generaal J.B.M. Hertzog'", in Hertzog-Annale, Nr. 11, Desember 1958.

Van Schoor, M.C.E., "Jou Vlag, Suid-Afrika", in Die Taalgenoot, Mei 1957.

VI. PAMFLETTE

Afrikaners en Engelse in Suid-Afrika. 'n Beroep op die Engelse seksie deur Walter Carey, Biskop van Bloemfontein, uitgegee deur die Nasionale Pers Bpk., Bloemfontein.

Besluite van die Rykskonferensie van 1926 betreffende Inter-Imperiale Verhoudings, gedruk deur die Cape Times Bpk., 1928.

Binnelandse Sake : Gemengde huwelike.

Botha, P.R., Gesantskapsreg en die Onafhanklikheid van Suid-Afrika, herdruk uit "Ons Vaderland", 30 November 1926 en versprei deur die Noordelike Drukpers-Maatskappy, Pretoria, 1926.

Britse Holisme of Suid-Afrikaanse Nasionalisme?

Cilliers, A.C., Generaal Hertzog en Hereniging, Stellenbosch, Pro-Ecclesia-Drukkery, 1940.

Cilliers, A.C., Studies in Braïlle for those who will not see, Stellenbosch, 1942.

Coertze, L.I., Die Ware politieke probleem vandag. 'n Antwoord aan prof. A.C. Cilliers, Johannesburg, Voortrekkerpers, 1941.

Coetzee, J.A., Soewereiniteit in Suid-Afrika, Pretoria, V. en R. Drukkery, 1955.

Die Feite : Antwoorde op krete en stories van die Verenigde Party, I, versprei deur die Inligtingsdiens van die Nasionale Party, 1951.

Die Herenigde Party se beleid? Volgens sy leier, Dr. D.F. Malan, uitgegee deur die Verenigde Party.

Die Kleurlingstemreg en die Grondwet, uitgegee deur die Bond vir Burgerregte.

Die Ooreenkoms tussen Nasionaliste en Arbeiders : Verlede en Hede, uitgegee deur die Nasionale Party van Kaapprovinsie, 1924.

Die Volk moet kies. Uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Party, 1924.

Die Vrug van Volkseenheid - Gaan jy daarop verder bou?, uitgegee deur die V.S.A.N.P.

Dr. Malan en die Kleurlinge, oorgeneem uit die "Baanbreker", 11.3.38.

Dr. Malan se Kleurlingbeleid vanaf 1921-1932, uitgegee deur die Unie-Volkspers.

Erasmus, F.C., Die Verskil. 'n Paar van die punte. Die Nasionale Party en die Verenigde Party, uitgegee deur die Nasionale Pers Bpk.

Genl. Hertzog se Bolmakiesie, uitgegee deur die Federale Raad van die Nasionale Party.

Gesuiwerde Bewerings weerlê, saamgestel en uitgegee in opdrag van die V.S.A.N.P.

Golding, G.J., The Coloured Man speaks - the entrenched clauses.

Haywood, J.J., Buitelandse Sake IV.

Haywood, J.J., Grondverskaffing aan Naturelle : Die twee beleide.

Haywood, J.J., Naturellesake : Segregasie-wetsontwerp.

Haywood, J.J., Nasionale Party Kongres 1928. Wysigings in die Konstitusie.

Havenga, N.C., So het Suid-Afrika sy vryheid verwerf, oorgedruk uit "Die Vaderland", 2.7.1949 deur A.P.B., Johannesburg.

Hertzog, J.B.M., Racial Feeling and its Abuse, reprint from "The South African Nation". Published by the National Party, Cape Province and printed by Nationale Pers Bpk., Kaapstad.

Hertzog se toespraak te Smithfield, 4.5.1924.

Jansen, E.G., Why the present Government no longer deserves the support of the Electors, uitgegee deur die Nasionale Party van Natal, 1924.

Kok, J.J., Die "Gesuiwerde" Nasionaliste en die Kleurling-vraagstuk.

Kok, J.J., Fondse van Nasionale Party. Aansoek om bevel teen Hoofbestuur van Hand gewys. Suid-Afrika en Reg van Afskeiding. Mening van Regter oor ons Grondwetlike Posisie. Geen verskil tussen Nuwe en Ou Program nie.

Krisis. Wat werklik op die spel is, uitgereik deur Die Verdedigers van die Grondwet, 1952.

Loock, J.H., Is Dr. Malan 'n eerlike republikein?, uitgegee deur die Kaaplandse Hoofkantoor van die V.S.A.N.P.

Nasionalisme bring Oorwinning. Hoe die Nasionale Partye die Afrikanerdom steeds gelei het op die Pad van Suid-Afrika, opgestel en uitgegee deur M.D.C. de W. Nel en gedruk deur Voortrekkerpers Bpk., Johannesburg.

"Not a Secession Party?" The Nationalists' "Real Task". As described by Mr. Roos.

Ontmoet die Nasionale Party-leidraad tot Gesuiwerde Nasionalisme.

Outstanding speeches delivered in the House of Assembly on the Flag Bill.

Secession - The leading documents, published by the "Cape Times", Junie 1924.

Smuts, J.C., Memorandum oor die Regering se Naturelle en Kleurlinge Wetsontwerpe, gepubliseer en uitgegee deur die Hoofkantoor van die Suidafrikaanse Party, 1926.

Sons of England. Patriotic and Benevolent Society. What it is! and What it stands for!, published by authority of the Grand Lodge of Africa.

Stallard, C.F.; Coulter, C.W.A., and Marwick, J.S., Status Act of the Union Act, 1934. Its origin, meaning and effect, versprei deur die "Daily Despatch".

Stallard, C.F.; Coulter, C.W.A., and Marwick, J.S., The Status Bills - their meaning - and effect - , gedruk en versprei deur "The Natal Mercury".

Statuut van Westminister, 1931, uittreksel gemaak en versprei deur die Inligtingsdiens van die Nasionale Party, Kaapstad.

Steyn, H.J., Die Status van die Unie getoets aan die beginsels van Suid-Afrikaanse Nasionalisme, Potchefstroom, 1929.

The Dominions and Foreign Policy, reprinted from "The Times".

The Empire Group of South Africa. Constitution, Durban, Hamlet and Hodge, 1926.

"The Sons of South Africa". A Movement for the United Greater South Africa, published by Clyde Printing Works, Kaapstad, 1946.

Thrash, W.E., What the Status Act really means. Reprint from the "Natal Witness", July, 1934.

Toesprake gelewer by die offisiële ontplooiing van die vlae van die Unie.

Visser, T.C., Die Republikeinse ideaal. Ons afkoms en geskiedenis en die republikeinse leer, versprei deur A.H. Koopmans, Pretoria.

Voorgestelde inlywing van Suid-Rhodesië, uitgegee deur die Nasionale Party van die Kaapprovinsie, 1922.

Wat het die Nasionale Party met die Arbeiders te doen? In een sin het ons niks met hulle te doen nie. In 'n ander sin het ons alles met hulle te doen, uitgegee deur die Federale Raad van die Nasionale Party, Kaapstad, 1923.

Wat Smelter-Pers Wegsteek.

VII. ONDERHOUD

Persoonlike onderhoud met dr. C.R. Swart deur P.W. Coetzer en J.H. le Roux namens I.N.E.G., Februarie 1974.

U.O.V.S.—U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK-LIBRARY